Regsperspektiewe op gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring in die bekamping van wildmisdaad in Suid-Afrika

I Snyman

orcid.org/ 0000-0002-7388-0411

Proefskrif aanvaar ter nakoming vir die graad *Doktor Legum in Regte* in *Perspektiewe op die Reg* aan die Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof Willemien du Plessis

Medepromotor: Prof Elmien du Plessis

Gradeplegtigheid: Mei 2021

Studentenommer: 21641935

Vir Pam

(1957-2019)

Miskien moet jy die diere vra om jou te leer, die voëls daarbo om jou te vertel, of praat met die aarde dat dit jou leer en met die visse in die see dat hulle dit vir jou sê. Wie van hulle weet nie almal dat die hand van die Here alles gemaak het nie? Hy het al wat lewe, in sy mag, die asem van elke mens.

Job 12:7-10

ERKENNINGS

Om jou één eie taal tot nut te gebruik, is 'n groter kuns as om sewe vreemde tale by te leer.

~ CJ Langenhoven

Hierdie proefskrif is my liefdesverklaring aan en minuskule bydrae tot Afrikaans.
Mag die taal van my hart en verstand nog eeue lank as akademiese taal voortleef.

Sonder die ondersteuning, kundigheid en professionele bystand van verskeie sleutelpersone en -instansies sou ek nie hierdie proefskrif kon voltooi nie. Graag betuig ek hiermee my innige dank aan die volgende persone en instansies wat 'n direkte óf indirekte aandeel in die voltooiing van hierdie proefskrif gehad het.

Aan my twee buitengewoon bekwame en briljante promotors, **proff Willemien du Plessis** en **Elmien du Plessis** – dankie dat ek, soos soveel studente voor my, die voorreg en geleentheid kon hê om by julle te leer. Jul kennis, aanmoediging, geduld en uitsonderlike studieleiding is die geheime bestanddele wat die suksesvolle voltooiing van die proefskrif verseker het. Ek sal altyd jul lof as akademici besing.

Die **Nasionale Navorsingstigting**, die **Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns**, die **Noordwes-Universiteit se Nagraadse Beursskema** en die **Noordwes-Universiteit se Fakulteit Regte** vir finansiële steun wat aan my toegestaan is ter voltooiing van hierdie navorsing. Die menings en gevolgtrekkings in hierdie proefskrif, is dié van die outeur en reflekteer geensins die menings van die vermelde instansies nie.

Die vriendelike personeel van die **Ferdinand Postma-Biblioteek**, **Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)** en in die besonder **Christine Bronkhorst** vir haar hulpvaardigheid met die naslaan van akademiese tekste en bronne – op dié gebied moet haar gelyke nog gevind word. **Zine Sapula** se opleiding en hulp met die gebruik en programmering van EndNote spesifiek vir nagraadse studente verbonde aan die Noordwes-Universiteit se Fakulteit Regte was ook onontbeerlik.

Die administratiewe personeel van die Noordwes-Universiteit se Nagraadse Kantoor en Fakulteit Regte– veral **Sonia Turkstra** en **Randy Kakudji** vir deurlopende administratiewe steun met onder meer die jaarlikse registrasie en finale indiening van die proefskrif.

Dr Stefan van Zyl, my vriend met die skerp oog en onberispelike taalvermoë, vir die keurige teksredigering van die proefskrif. Dit is altyd 'n voorreg om my skryfwerk aan jou te oorhandig. Dankie dit jy dit met dieselfde oordeelkundigheid as ek benader.

Lanita van Niekerk, die mees begaafde grafiese ontwerper wat ek ken, vir die ontwerp van die visuele voorstellings wat in die proefskrif gebruik word om komplekse konsepte uit te beeld. Ek is so dankbaar dat jy ook op dié manier saam met my in die oomblik kon deel.

Philip Bothma vir jou hulp met die astronomiese taak om die proefskrif se bibliografie finaal na te gaan en met die tegniese versorging van die dokument; maar bowenal vir jou onvervangbare kameraadskap, goedhartigheid en onwrikbare ondersteuning. Ek is lief vir jou hier tussen die longe!

Biandri Joubert, dit is voorwaar skaars om 'n vriendin soos jy te hê. Altyd dieselfde, altyd getrou. Ek is so dankbaar dat jy al die pad van Zimbabwe af Potchefstroom toe gekom het sodat ons saam ons LLB-, LLM- en LLD-grade kon voltooi. Ek waardeer die ligte luim van ons vriendskap en dat ek altyd in uitdagende tye daarop kan staatmaak.

Te danke aan die liefde en besonderse vriendskap van **Marilize de Beer**, **Piet, Heidi en Miki Snyman**, **Bok en Nelie Jordaan**, **dr Tamrin Veldsman**, **René Pelser**, **adv Marietjie van Aswegen**, **dr Elna de Waal**, **Delicia Bezuidenhout**, **Annelize du Plessis**, **Helen Smit** en **Jan en Linda Nysschen** was my juk met tye ligter. Dankie dat julle tydens die afhandeling van die proefskrif 'n klankbord vir my was. Ek is veel aan julle verskuldig.

Aan my ouers, **Jan en Greta Snyman**, julle sterkte was my sterkte. Laurika Rauch sing: "Met jou sikspens in my hande sal ek 'n wêreld koop. Met jou sole aan my voete sal ek deur 'n vuur kan loop." Dankie dat julle uit die staanspoor uit onderneem het

om dié uitdagende pad enduit saam met my te stap. Dankie dat julle ook al die geleenthede en middele tot my beskikking gestel het om tot só ver in my akademiese loopbaan te kon vorder. My sukses is jul sukses.

Hierdie studie reflekteer die Suid-Afrikaanse regsposisie tot op

30 April 2020[1]

[1] Relevante inligting gepubliseer ná 30 April 2020, is bygewerk.

OPSOMMING

Wildmisdaad is ’n kontemporêre biodiversiteitsbedreiging van antroposentriese oorsprong wat kommerwekkende vlakke van biodiversiteitsverlies veroorsaak. Sodanige misdaad verteenwoordig ’n uiters gefragmenteerde omgewingsvraagstuk wat vanuit meerdimensionele, transnasionale, kruissektorale en interdissiplinêre perspektiewe benader kan word. Vanweë die nadelige impak wat wildmisdaad op die voortbestaan van biodiversiteit uitoefen, verleen internasionale, nasionale en streeksbeleidmakers voorrang aan die kwessie op omgewingsagendas. Teenstrydig hiermee bestaan daar tans geen klinkklare definisie, toonaangewende internasionale verdrag of ’n aanbevole bekampingstrategie waarvolgens lande die beste praktyk kan vasstel om wildmisdaad op nasionale bodem te bekamp nie. Te midde van vele tekortkominge en onsekerheid, word lande aangemoedig om in die tussentyd bestaande verbandhoudende regsinstrumente, maatreëls en hulpbronne ten volle te benut om wildmisdaad te bekamp en nie die potensiaal wat innoverende alternatiewe oplossings inhou te misken nie.

Gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring word as ’n alternatiewe oplossing voorgestel om wildmisdaad op voetsoolvlak te bekamp aangesien dit ’n buigsame bestuursbenadering verteenwoordig waar gemeenskappe bemagtig word om in samewerking met die regering aan biodiversiteitsbestuur deel te neem. Die rol van gemeenskappe in natuurbewaring word al meer op positiewe manier beskryf en kenners erken dat gemeenskappe se teenwoordigheid op voetsoolvlak en hul tradisionele kennis van die omgewing tot voordeel van die formulering van praktiese, koste-effektiewe en innoverende alternatiewe oplossings tot natuurbewaring kan strek. Ten spyte van voorstelle en oproepe van dié aard, ontbreek daar tans duidelike internasionale riglyne of ’n voorgestelde regsraamwerk vir die sinvolle implementering en operasionalisering van inisiatiewe wat gemeenskappe by die bekamping van wildmisdaad betrek.

Vanweë Suid-Afrika se ryk biodiversiteit, kom wildmisdaad daagliks hier voor. Suid-Afrika hanteer die bekamping van wildmisdaad ingevolge die land se nasionale omgewingsregraamwerk, wat hoofsaaklik op bepalings van die *National Environmental Management Act* 107 van 1998; die *National Environmental Management: Biodiversity*

Act 10 van 2004; die *National Environmental Management: Protected Areas Act* 57 van 2003; verbandhoudende regulasies; provinsiale wetgewing; en munisipale verordeninge berus. Die Suid-Afrikaanse omgewingsregraamwerk volg hoofsaaklik bevel- en beheermaatreëls om wetgewende bepalings af te dwing en die nakoming daarvan te bewerkstellig. Tans word gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring nie uitdruklik as 'n alternatiewe oplossing tot die bekamping van wildmisdaad in Suid-Afrikaanse reguleringsmaatreëls erken, aanbeveel of definieer nie. Dit blyk egter dat Suid-Afrika oor 'n aantal regsbepalings en doelwitte beskik wat verspreid in verskeie wetgewing, regulasies, strategieë en beleide voorkom en onder verskeie regeringsdepartemente verdeel is, wat die deelname van gemeenskappe aan biodiversiteitsbestuur onderskraag en as beginpunt gebruik kan word.

Gevolglik is die oorkoepelende primêre doelwit van die studie om te bepaal hoe gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring as 'n alternatiewe oplossing kan bydra tot die versterking van bestaande reguleringsmaatreëls wat Suid-Afrika tans gebruik om wildmisdaad te bekamp.

Sleutelwoorde: alternatiewe oplossing, biodiversiteitsbestuur, biodiversiteitsverlies, gemeenskapsdeelname, gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring, natuurbewaring, onregmatige handel in wildspesies, samewerkende bestuur, Suid-Afrika, wildmisdaad, wildstropery

ABSTRACT

Wildlife crime is a contemporary biodiversity threat of anthropocentric origin that causes perturbing levels of biodiversity loss. This crime represents an extremely fragmented environmental issue that can be approached from multidimensional, transnational, cross-sectoral and interdisciplinary perspectives. Due to the detrimental impact of wildlife crime on the continued survival of biodiversity, international, national and regional policymakers give it priority on environmental agendas. Contrary to this, no clear definition, international convention or combat strategy exists whereby countries can determine best practice to fight wildlife crime on national level. Amid various shortcomings and uncertainties, countries are encouraged to use existing related legal instruments, measures and resources to combat wildlife crime in the meantime and to not underestimate the potential of alternative solutions.

Community-based conservation is proposed as an alternative solution to combat wildlife crime at grassroots level as it represents a flexible management approach where communities are empowered to participate in biodiversity management in partnership with the government. The role of communities participating in conservation is increasingly viewed in a more favourable light and experts acknowledge that communities' presence at grassroots level and their traditional knowledge are beneficial for the formulation of practical, cost-effective and innovative alternative solutions to conservation. Despite proposals and recommendations of this nature, clear international guidelines or a legal framework for meaningful implementation and operationalisation that involve communities in the combatting of wildlife crime is lacking.

As a result of the abundant biodiversity in South Africa, wildlife crime occurs on a daily basis. South Africa addresses the combatting of wildlife crime within the national environmental law framework that comprises provisions in the *National Environmental Management Act* 107 of 1998; the *National Environmental Management: Biodiversity Act* 10 of 2004; the *National Environmental Management: Protected Areas Act* 57 of 2003; related regulations; provincial legislation; and local bylaws. The South African environmental law framework mainly uses command and control measures to enforce legal provisions and ensure compliance. At present, community-based conservation is

not explicitly recognised, recommended or described in regulatory measures as an alternative solution to the fight against wildlife crime in South Africa. However, it appears that South Africa has a number of legal provisions and objectives, scattered throughout various laws, regulations, strategies and policies, divided among different government departments that supports the participation of communities in biodiversity management. These legal devices can be used as a starting point.

Consequently, the overarching primary objective of this study is to determine how community-based conservation, as an alternative solution, can contribute to the strengthening of existing regulatory measures that South Africa is currently using to combat wildlife crime.

Key words: alternative solution, biodiversity loss, biodiversity management, co-management, conservation, community-based conservation, community participation, illegal wildlife trade, South Africa, wildlife crime, wildlife poaching

INHOUDSOPGAWE

ERKENNINGS ..... **iii**

OPSOMMING ..... **vii**

ABSTRACT ..... **ix**

LYS VAN AFKORTINGS ..... **xix**

LYS VAN FIGURE ..... **xx**

LYS VAN TABELLE ..... **xxi**

HOOFSTUK 1 ..... **1**

Inleiding **1**

1.1 Agtergrond en probleemstelling ***1***

1.1.1 Globale biodiversiteitsverlies *1*

1.1.2 Wildmisdaad *5*

1.1.3 Gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring as alternatiewe oplossing *10*

1.1.4 Die Suid-Afrikaanse posisie *14*

1.2 Navorsingsvraag ***18***

1.3 Doelwitte van die studie ***18***

1.4 Navorsingsmetodologie en struktuur van die proefskrif ***19***

HOOFSTUK 2 ..... **21**

Teoretiese vertrekpunte: wildmisdaad **21**

2.1 Kontekstualisering en agtergrond ***21***

2.2 'n Konseptuele definisie van die begrip "wildmisdaad" .. 22

2.3 Verskillende vlakke van handelinge wat deel uitmaak van wildmisdaad..... 38

2.3.1 Vlak 1: Stroop van wildspesies 40

2.3.2 Vlak 2: Vervoer van en handel in wildspesies 50

2.3.3 Vlak 3: Verwerking van wildspesies tot neweprodukte 55

2.3.4 Vlak 4: Verspreiding en verkoop van wildspesies en neweprodukte aan 'n koper 57

2.4 Voorstelle vir die ontwikkeling en implementering van nasionale wetgewing om wildmisdaad te bekamp 59

2.5 Dryffaktore van wildmisdaad 76

2.6 Negatiewe gevolge van wildmisdaad..... 84

2.6.1 Negatiewe gevolge op die omgewing..... 85

2.6.2 Negatiewe gevolge op sosio-ekonomiese ontwikkeling..... 87

2.6.3 Negatiewe gevolge ten opsigte van transnasionale sekuriteitsoorwegings: georganiseerde misdaad en terroristegroepe 90

2.7 Bestaande reguleringsmaatreëls en ander voorgestelde alternatiewe oplossings om wildmisdaad te bekamp 95

2.8 Samevatting..... 116

HOOFSTUK 3 120

Regsperspektiewe op gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring as 'n alternatiewe oplossing vir wildmisdaad..... 120

3.1 Kontekstualisering en agtergrond..... 120

3.2 ‘n Historiese oorsig oor die ontwikkeling van bestuursbenaderings binne natuurbewaring in Afrika . 122

3.2.1 Fort-natuurbewaringsmodel 124

3.2.2 ‘n Nuwe paradigma binne die natuurbewaringskader: gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring.....133

3.3 Gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring: ‘n teoretiese ontleding..... 169

3.3.1 Inleidende opmerkings 169

3.3.2 Definisies en interpretasies van "gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring" en verwante begrippe 170

3.3.2.1 Die begrip "gemeenskap".....175

3.3.2.2 Die begrip "-gebaseerd".....180

3.3.2.3 Die begrip "natuurbewaring".....181

3.3.2.4 ’n Nadere beskouing van die begrip "gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring" 193

3.3.3 ‘n Tipologiese klassifikasie van verskillende vorme van gemeenskapsdeelname in gemeenskapsgebaseerde natuurbewaringsinisiatiewe.....196

3.3.4 Riglyne vir die implementering van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring.....217

3.4 Gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring as ‘n alternatiewe oplossing vir die bekamping van wildmisdaad..... 229

3.4.1 Die oordrag van magte en verantwoordelikhede aan die gemeenskap om aan die bekamping van wildmisdaad deel te neem.....230

3.4.2 Die oordrag en erkenning van regte in eiendom aan die gemeenskap om aan die bekamping van wildmisdaad deel te neem.....240

3.4.3 Bied voordele aan die gemeenskap in ruil vir hul deelname aan die bekamping van wildmisdaad.....246

3.4.4 Vestig natuurbewaring as 'n winsgewende alternatiewe vorm van grondgebruik wat voordele vir die gemeenskap inhou en prioritisering verlang.....248

3.5 Samevatting..... 250

HOOFSTUK 4 262

Bekamping van wildmisdaad in Suid-Afrika: 'n regsontleding..... 262

4.1 Kontekstualisering en agtergrond..... 262

4.2 Biodiversiteitsbestuur: die Suid-Afrikaanse regskonteks 264

4.3 'n Konseptuele definisie van die begrip "wildmisdaad" binne die Suid-Afrikaanse konteks..... 279

4.4 Bestaande reguleringsmaatreëls in die bekamping van wildmisdaad in Suid-Afrika..... 289

4.4.1 Vlak 1.....289

4.4.1.1 Regulering van die stroop van gelyste inheemse wildspesies op nasionale vlak 289

4.4.1.2 Regulering van die stroop van inheemse wildspesies op provinsiale vlak 299

4.4.2 Vlak 2.....305

4.4.2.1 Regulering van die vervoer van en handel in gelyste inheemse wildspesies op nasionale vlak 305

4.4.2.2 Regulering van die vervoer van en handel in inheemse wildspesies op provinsiale vlak.....311

4.4.3 Vlak 3.....312

4.4.3.1 Regulering van die verwerking van gelyste inheemse wildspesies tot verhandelbare neweprodukte op nasionale vlak 313

4.4.3.2 Regulering van die verwerking van inheemse wildspesies tot verhandelbare neweprodukte op provinsiale vlak.....314

4.4.4 Vlak 4.....315

4.4.4.1 Regulering van die verspreiding en verkoop van gelyste inheemse wildspesies of hul neweprodukte op nasionale vlak.....315

4.4.4.2 Regulering van die verspreiding en verkoop van inheemse wildspesies of hul neweprodukte op provinsiale vlak.....315

4.5 Tekortkominge van die bestaande reguleringsmaatreëls in die bekamping van wildmisdaad in Suid-Afrika..... 316

4.5.1 Algemeen 316

4.5.2 Tekortkominge van die reguleringsmaatreëls wat wildmisdaad op vlak 1 reguleer 319

4.5.3 Tekortkominge van die reguleringsmaatreëls wat wildmisdaad op vlak 2 reguleer 321

4.5.4 Tekortkominge van die reguleringsmaatreëls wat wildmisdaad op vlak 3 reguleer 325

4.5.5 Tekortkominge van die reguleringsmaatreëls wat wildmisdaad op vlak 4 reguleer 325

4.6 Gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring as alternatiewe oplossing vir die bekamping van wildmisdaad in Suid-Afrika 326

4.6.1 Grondliggende denkbeelde en die erkenning van alternatiewe oplossings, soos gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring, om omgewingskwessies (onder andere wildmisdaad) te hanteer....329

4.6.2 Die erkenning van die begrippe "gemeenskap" en "gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring".....332

4.6.3 Die konsep van gemeenskapsdeelname.....334

4.6.4 Samewerkende bestuur 336

4.6.5 Die sluiting van samewerkende ooreenkomste 342

4.6.6 Die totstandkoming van gemeenskapspolisieforums om wildmisdaad te bekamp 347

4.6.7 Die uitdruklike erkenning van gemeenskappe se regte in wildspesies en die ontwikkeling van 'n aparte permitstelsel vir gemeenskappe.....349

4.7 Samevatting..... 354

HOOFSTUK 5 362

Samevatting, bevindings en aanbevelings..... 362

5.1 Samevatting..... 362

5.1.1 Navorsingsvraag en primêre doelwit van die studie 362

5.1.2 Teoretiese grondslag vir wildmisdaad 362

5.1.3 Bestaande reguleringsmaatreëls en voorgestelde alternatiewe oplossings om wildmisdaad te bekamp 367

5.1.4 Die Suid-Afrikaanse posisie 377

5.2 Bevindings 383

5.3 Aanbevelings 384

5.3.1 Internasionale vlak 385

5.3.2 Nasionale vlak.....387

AANHANGSEL A: Creighton se elementêre kontinuum van gemeenskapsdeelname in die besluitnemingsproses ... 391

AANHANGSEL B: Picolotti se vier basiese modaliteite van gemeenskapsdeelname 392

AANHANGSEL C: Arnstein se leer van gemeenskapsdeelname..... 393

AANHANGSEL D: Pimbert en Pretty se tipologiese voorstelling van gemeenskapsdeelname 394

AANHANGSEL E: White se tipologie: soorte, funksies en uiteenlopende belange in gemeenskapsdeelname 395

BIBLIOGRAFIE 396

***Literatuur* 396**

***Regspraak* 547**

***Wetgewing* 548**

Internasionale instrumente **..... 551**

Staatspublikasies **..... 555**

Internetbronne **..... 557**

Ander publikasies **..... 578**

LYS VAN AFKORTINGS

CAMPFIRE	*(Zimbabwe's) Communal Areas Management Program for Indigenous Resources*
CBNRM	*Community Based Natural Resource Management*
CITES	*Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora* (1973)
ECA	*Wet op Omgewingsbewaring* 73 van 1989 (*Environmental Conservation Act* 73 van 1989)
ICDP	*Integrated Community Development Programme*
IDS	*Institute of Development Studies*
LUR	Lid van die uitvoerende raad
NEMA	*National Environmental Management Act* 107 van 1998
NEMBA	*National Environmental Management: Biodiversity Act* 10 van 2004
NEMPAA	*National Environmental Management: Protected Areas Act* 57 van 2003
NVG	Nasionale Vervolgingsgesag
PLoS	*Public Library of Science*
SADC	Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (*Southern African Development Community*)
SANBI	Suid-Afrikaanse Nasionale Biodiversiteitsinstituut
SANParke	Suid-Afrikaanse Nasionale Parke
SAPD	Suid-Afrikaanse Polisiediens
SAW	Suid-Afrikaanse Weermag

LYS VAN FIGURE

Figuur 1: Visuele voorstelling van die begrip "omgewingskade"..... 26

Figuur 2: Visuele voorstelling van die samehang en aaneenskakeling van die begrippe "omgewingskade" en "omgewingsmisdaad"..... 28

Figuur 3: Visuele voorstelling van die samehang en aaneenskakeling van die begrippe "omgewingskade", "omgewingsmisdaad" en "wildmisdaad"..... 37

Figuur 4: Skematiese voorstelling van voorstelle vir die ontwikkeling en implementering van nasionale wetgewing om wildmisdaad te bekamp..... 75

Figuur 5: Uitbreiding op ’n breë konseptuele definisie van wildmisdaad 83

Figuur 6: Uitbreiding op ’n breë konseptuele definisie van wildmisdaad 94

Figuur 7: Kernkomponente van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring....137

Figuur 8: Samewerkende bestuur as die optimale vlak van gemeenskapsdeelname binne gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring 215

LYS VAN TABELLE

Tabel 1: Voorgestelde redes waarom handelinge wat deel uitmaak van wildmisdaad onregmatig kan wees 62

Tabel 2: Die CITES se voorwaardes vir internasionale handel in gelyste spesies 100

Tabel 3: Onderskeid tussen basiese eiendomsregstelsels 150

Tabel 4: "Bondels" regte waaroor verskillende houers beskik 153

Tabel 5: Kontrasterende bestuursbenaderings in natuurbewaring 167

Tabel 6: Ontwikkeling en totstandkoming van ’n afsonderlike permit- en lisensiestelsel vir gemeenskappe om wildspesies vir voedsel en tradisionele, kulturele, religieuse of ander gebruike te jag 243

HOOFSTUK 1
Inleiding

1.1 Agtergrond en probleemstelling

1.1.1 Globale biodiversiteitsverlies

Die *United Nations Environment Programme*[2] maak die volgende onrusbarende stelling rakende die hedendaagse welstand van biodiversiteit in die sesde, mees onlangse, *Global Environmental Outlook*-verslag:[3]

> Biodiversity is in crisis. There is well-established evidence indicating an irrevocable and continuing decline of genetic and species diversity, and degradation of ecosystems at local and global scales. Scientists are increasingly concerned that, if anthropogenic pressures on biodiversity continue unabated, we risk precipitating a sixth mass extinction event in Earth history, with profound impacts on human health and equity.

Op grond van goed gevestigde wetenskaplike kennis maak die *United Nations Environmental Programme* die bevinding dat biodiversiteit in 'n krisis verkeer. Biodiversiteit gaan met rasse skrede tot so 'n mate verlore[4] – dat wetenskaplikes voorspel dat biodiversiteit in die toekoms nie oor die nodige kapasiteit sal beskik om die mensdom te onderhou nie.[5] Die Wêreldgesondheidsorganisasie[6] beklemtoon dat biodiversiteit[7] die kernvereiste vir menslike voortbestaan is en dat

---

2 United Nations Environment Programme *Global Environmental Outlook 6: Healthy Planet Healthy People* 142. Die Engelse titels van internasionale organisasies, konvensies en protokolle word in die proefskrif gebruik omdat dit so in die algemene omgangstaal bekend staan. Soortgelyk word die Engelse titels van wetgewing ook gebruik.

3 Die *Global Environmental Outlook* is 'n reeks wetenskaplik-gebaseerde periodieke verslae wat oor die toestand van die omgewing handel. Die verslae word deur die *United Nations Environmental Program* saamgestel en uitgereik en tot dusver is ses verslae, onderskeidelik in 1997, 1999, 2002, 2007, 2012 en 2019, uitgereik.

4 Die *Living Planet Index* bevind dat daar wêreldwyd tussen 1970 en 2014 'n algehele afname van 60% in wildspesiebevolkings was. Sien World Wide Fund for Nature en Zoological Society of London 2018 http://bit.ly/2Y9jJjo; World Wide Fund for Nature *Living Planet Report 2018: Aiming Higher* 90. Sien ook verder in die algemeen Paterson "Biological Diversity" 530-534; Butchart ea 2010 *Science* 1164.

5 Sien ook in die algemeen Carrington 2018 https://bit.ly/2z0vdhL. Sien 2.1 van die proefskrif.

6 Wêreldgesondheidsorganisasie *Connecting Global Priorities: Biodiversity and Human Health* 28-43.

7 Artikel 2 van die *Convention on Biological Diversity* (1992) definieer die term "biodiversiteit" ("biological diversity") as "the variability among living organisms from all sources including, inter alia, terrestrial, marine and other aquatic ecosystems and the ecological complexes of which they are part; this includes diversity within species, between species and of ecosystems."

biodiversiteitshulpbronne[8] mense van die nodige lewensmiddele voorsien om op aarde te leef.[9] Daarsonder is die voortbestaan van enige lewe op aarde nie moontlik nie.[10]

Sommige kenners meen dat die deurlopende tempo van biodiversiteitsverlies daarop dui dat die aarde reeds die sesde massa-uitwissing van wildspesies meemaak.[11] Die vorige vyf massa-uitwissings van wildspesies word aan buitengewone natuur- en klimaatsverskynings toegeskryf,[12] terwyl die primêre dryfveer van die sesde massa-wissing menslike oorbevolking en volgehoue bevolkingsgroei, versnelde tegnologiese vooruitgang en oormatige menslike verbruik van biodiversiteit blyk te wees.[13]

---

8 Artikel 2 van die *Convention on Biological Diversity* (1992) definieer die term "biodiversiteitshulpbronne" ("biological resources") as "genetic resources, organisms or parts thereof, populations, or any other biotic component of ecosystems with actual or potential use or value for humanity."

9 Panjabi 2014 *Georgia Journal of International and Comparative Law* 3 maak in hierdie verband die volgende stelling: "Plants, insects, birds and animals have been routinely driven to extinction. Additionally, the growing human population has left little room for other species, particularly large animals to live normally in habitats suitable for their lifestyle. Regrettably, it can be seen that far from being its stewards, we humans have become the worst predators that planet Earth has ever suffered. What makes this conclusion all the more compelling is the realization that the numerous species are interlinked in a web of biodiversity that enables all life to flourish together or not to survive at all. When we destroy any species, we weaken the web of life for all others, including ourselves."

10 Wêreldgesondheidsorganisasie *Connecting Global Priorities: Biodiversity and Human Health* 28-43.

11 Ceballos ea 2015 *Science Advances* 3 stel dat indien die aarde inderdaad tans die sesde massa-uitwissing van wildspesies meemaak, daar vasgestel moet word of die hedendaagse uitwissingskoerse die koerse van die vorige vyf massa-uitwissings oorskry. Sien ook in die algemeen Ceballos, Ehrlich en Dirzo 2017 *Proceedings of the National Academy of Sciences* 6089; Thomas 2017 http://bit.ly/2EJS9TM; Kotzé "Transboundary Environmental Governance of Biodiversity in the Anthropocene" 12-33; Kotzé 2014 *Journal of Energy and Natural Resources Law* 121-156; Ceballos, Ehrlich en Raven 2020 *Proceedings of the National Academy of Sciences* 1-7.

12 World Wide Fund for Nature *Living Planet Report 2016: Risk and Resilience in a New Era* 10; Dohmeier 2017 http://bit.ly/2F32ub2; Pariona 2017 http://bit.ly/2BXrphH. 'n Massa-uitwissing bring mee dat meer as 70% van spesies binne 'n kort periode verlore gaan. Die eerste massa-uitwissing het ongeveer 445 miljoen jaar gelede plaasgevind in die Laat-Ordovisiese tydperk vanweë vastelandverskuiwings gevolg deur 'n Ystydperk waartydens die seevlakke met 100 meter gedaal het en nagenoeg 70% van alle spesies uitgewis is. Die tweede massa-uitwissing het ongeveer 380 miljoen jaar gelede plaasgevind tydens die Laat-Devoniese tydperk as gevolg van vulkaniese uitbarstings gevolg deur klimaatsverandering wat byna 70% van alle spesies uitgewis het. Die derde massa-uitwissing, wat sterk verbintenisse met vulkaniese uitbarstings toon, het ongeveer 262 miljoen jaar gelede plaasgevind in die Laat-Permiese tydperk en bykans 95% van alle spesies is uitgewis. Die vierde massa-uitwissing het ongeveer 200 miljoen jaar gelede plaasgevind in die Laat-Triasiese tydperk klaarblyklik vanweë vulkaniese uitbarstings wat sowat 75% van alle spesies uitgewis het. Die vyfde massa-uitwissing het ongeveer 65 miljoen jaar gelede plaasgevind in die Laat-Kryttydperk waartydens 'n massiewe asteroïede die aarde getref en die dinosourusse en ammoniete uitgewis het.

13 Carrington 2017 http://bit.ly/2EF0KXU; Vaughn 2015 http://bit.ly/2sxxCN5; McKie 2014 http://bit.ly/2BZ0JNq; Waters ea 2016 *Science* 2; Ehrlich 2017 http://bit.ly/2BZwTIr.

Crutzen en Stoermer[14] het reeds in 2000 aangedui dat die toenemende druk op biodiversiteit om aan mense se veelvoudige moderne behoeftes te voldoen, moontlik tot 'n natuurlike oorgang van die geologiese tydperke vanaf die Holoseen-tydperk na die Antroposeen-tydperk kan lei. Die Holoseen-tydperk, wat ongeveer 11 000 jaar gelede ná afloop van die Pleistoseen-tydperk ontstaan het, is bekend as 'n stabiele geologiese tydperk waartydens die menslike beskawing ontwikkel en floreer het, en die aarde terselfdertyd oor die kapasiteit beskik het om hierdie ontwikkeling te handhaaf en natuurlik daarvan te herstel.[15] Die Antroposeen-tydperk, aan die anderkant, word gekenmerk deur deurtastende menslike veranderings aan biodiversiteit teen 'n ongeëwenaarde pas binne 'n beperkte hoeveelheid tyd waar die aarde nie oor die kapasiteit beskik om natuurlik daarvan te herstel nie.[16]

Ten einde die stabiliteit van die Holoseen-tydperk, waarin die mensdom binne veilige perke met biodiversiteit kan handel, te handhaaf, stel Rockström ea[17] 'n raamwerk vir planetêre grense voor. Volgens Rockström ea[18] se teorie, sal 'n oorskryding van die nege planetêre grense se veilige bedryfslimiete nadelige of selfs potensieel rampspoedige gevolge vir die mensdom inhou. Rockström ea[19] stel dat drie van die nege planetêre grense, waaronder die tempo van biodiversiteitsverlies, se bedryfslimiete reeds oorskry is.[20] Hierdie oorskryding is te wyte aan menslike misbruik en oorbenutting van biodiversiteit; habitatvernietiging, -agteruitgang en -adaptasie; die verspreiding van uitheemse fauna en flora; besoedeling; siektebesmetting; en klimaatsverandering.[21] Kontemporêre biodiversiteitsbedreigings van antroposentriese

---

14 Crutzen en Stoermer 2000 *Global Change Newsletter* 17-18. Sien verder Crutzen 2002 *Nature* 23; Crutzen "The "Anthropocene"" 13-14; Crutzen 2006 *Paths of Discovery* 200-201.

15 Rockström ea 2009 *Nature* 472.

16 Waters ea 2016 *Science* 1; World Wide Fund for Nature *Living Planet Report 2016: Risk and Resilience in a New Era* 10.

17 Rockström ea 2009 *Nature* 472; Rockström ea 2009 *Ecology and Society* (hierdie is 'n elektroniese joernaalartikel sonder bladsynommers).

18 Rockström ea 2009 *Nature* 472; Rockström ea 2009 *Ecology and Society* (hierdie is 'n elektroniese joernaalartikel sonder bladsynommers).

19 Rockström ea 2009 *Nature* 473.

20 Die ander twee planetêre grense wat reeds oorskry is, is klimaatsverandering en menslike inmenging met die stikstofsiklus. Intussen het Steffen ea 2015 *Science* 736 bevind dat die bedryfslimiete van vier van die nege planetêre grense, naamlik klimaatsverandering, biosfeerintegriteit, biogeochemiese vloei en landstelsel verandering, reeds oorskry is.

21 United Nations Environment Programme *Global Environmental Outlook 6: Healthy Planet Healthy People* 142; Ceballos, Ehrlich en Dirzo 2017 *Proceedings of the National Academy of Sciences* 6090; Haenlein en Smith "Introduction" 1; Kingsford ea 2009 *Conservation Biology* 834; Hobbs en

oorsprong, wat dringende aandag en oplossings verlang, word uitgesonder en kan by die voorgenoemde lys bygevoeg word, naamlik die vervaardiging van elektrisiteit, plastiekbesoedeling (in besonder die verspreiding van mikroplastiek in die oseane) en wildmisdaad.[22]

'n Breë spektrum regsinstrumente en beleidsdokumente is met die verloop van tyd ontwikkel om verskeie aspekte van biodiversiteitsverlies te hanteer en te remedieer.[23] Volgens die *United Nations Environment Programme*[24] is die werking en invloed van biodiversiteitsbeleide op internasionale, nasionale en streeksvlak sigbaar, maar tot dusver was dit onvoldoende om wêreldwye biodiversiteitsverliese af te weer of te vertraag. In 'n daadwerklike poging om biodiversiteitsverlies te staak, is die *Strategic Plan for Biodiversity* (2011-2020), insluitende die *Aichi Biodiversity Targets,* onder die beskerming en ondersteuning van die lidlande van die *Convention on Biological Diversity* (1992) opgeteken.[25] Die middeltermynevaluasie van die bereiking van die *Aichi Biodiversity Targets* reflekteer dat lande nie op koers is om alle teikens teen die einde van 2020 te bereik nie.[26] In sommige gevalle[27] is geen beduidende vordering gemaak nie, óf het die toestande verder verswak en is daar nóg verder van die

---

Mooney 1998 *Conservation Biology* 272; Van As ea *Die Verhaal van Lewe en die Omgewing: 'n Afrika-perspektief* 43-46; McKie 2014 http://bit.ly/2BZ0JNq.

22 United Nations Environment Programme *Global Environmental Outlook 6: Healthy Planet Healthy People* 142. Sien in die algemeen United Nations Environment Programme *UNEP Frontiers 2016 Report: Emerging Issues of Environmental Concern* 32-41; United Nations Environment Programme *Annual Report 2018: Putting the Environment at the Heart of People's Lives* vir 'n uiteensetting van die internasionale aksie wat teen plastiekbesoedeling geneem is.

23 Gillespie *Conservation, Biodiversity and International Law* 1. Uitgesoekte voorbeelde van die primêre internasionale biodiversiteitsverwante verdrae sluit in die *Convention on Biological Diversity* (1992); *Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora* (1973); *Convention on the Conservation of Migratory Species of Wild Animals* (1979); *The International Treaty on Plant Genetic Resources for Food and Agriculture* (2001); *Convention on Wetlands* (1971); *World Heritage Convention* (1972); *International Plant Protection Convention* (1951); *Straddling Fish Stocks Agreement* (1995); *United Nations Framework Convention on Climate Change* (1992).

24 United Nations Environment Programme *Global Environmental Outlook 6: Healthy Planet Healthy People* 143.

25 Decision X/2 "The Strategic Plan for Biodiversity 2011-2020 and the Aichi Biodiversity Targets" 10th Meeting of the Conference of the Parties to the Convention on Biological Diversity (2010) http://bit.ly/2rLx7vX.

26 Secretariat of the Convention on Biological Diversity *Global Biodiversity Outlook 4: A Mid-Term Assessment of Progress Towards the Implementation of the Strategic Plan for Biodiversity 2011-2020* 10.

27 Verwys bv. na aspekte van teiken 5 (habitatvernietiging), teiken 12 (uitsterwing van bedreigde wildspesies) en teiken 14 (die bevordering van vroue en kwesbare gemeenskappe se belange in ekostelselrestourasie).

oorspronklike teiken wegbeweeg.[28]Die *Sustainable Development Goals Report* van 2019 dra dieselfde bekommernisse oor en bepaal dat biodiversiteitsverlies onmiddellike optrede en fel ingryping verlang.[29] Die voorgenoemde verslag rapporteer, spesifiek met betrekking tot die bereiking van doelwit 15 van die *Sustainable Development Goals*,[30] onder andere dat: biodiversiteitsverliese teen so 'n pas versnel dat 'n onomkeerbare punt binnekort bereik gaan word; die uitsterwingspeil van wildspesies na raming met 'n verdere 10% in die laaste 25 jaar verswak het; 8% van alle wildspesies wat aan die mens bekend is reeds uitgesterf het; en dat 22% die risiko loop om in die nabye toekoms uit te sterf.[31] Weens wetenskaplik statistiese bevindings soos die voorgenoemde, benadruk die uitgangspunt van die *United Nations Environment Programme*[32] dat "[t]here is an urgent need to bolster current policy responses" en dat alternatiewe oplossings ondersoek moet word.

1.1.2 Wildmisdaad

Hoewel daar tans grootskaalse bekommernis oor die bekamping van uiteenlopende biodiversiteitsbedreigings (soos hier bo genoem) heers, fokus hierdie proefskrif slegs op die bekamping van wildmisdaad. Naas onregmatige dwelmhandel, wapenhandel, handel in nagemaakte goedere en mensehandel, word wildmisdaad as een van die mees winsgewende georganiseerde misdade ter wêreld bestempel.[33] Wildmisdaad is

---

28 Secretariat of the Convention on Biological Diversity *Global Biodiversity Outlook 4: A Mid-Term Assessment of Progress Towards the Implementation of the Strategic Plan for Biodiversity 2011-2020* 18-22.

29 United Nations *Sustainable Development Goals Report 2019* 52.

30 Doelwit 15 van die *Sustainable Development Goals* lui soos volg: "Protect, restore and promote sustainable use of terrestrial ecosystems, sustainably manage forests, combat desertification, and halt and reverse land degradation and halt biodiversity loss."

31 United Nations *Sustainable Development Goals Report 2019* 52.

32 United Nations Environment Programme *Global Environmental Outlook 6: Healthy Planet Healthy People* 143.

33 Resolution 17.6 "Prohibiting, preventing, detecting and countering corruption, which facilitates activities conducted in violation of the Convention" 17th Meeting of the Conference of the Parties of CITES (2016) http://bit.ly/2DEw1I1; Fedotov en Scanlon 2013 http://bit.ly/2BvX1Kf; Mellgard 2013 http://on.cfr.org/2BtAPQW; United Nations Office on Drugs and Crime 2014 http://bit.ly/2F3XBOZ, Roe ea *The Elephant in the Room: Sustainable Use in the Illegal Wildlife Trade Debate* 1; United Nations Environment Programme 2013 http://bit.ly/2o1Gmqp; Sellar 2010 *Freedom From Fear Magazine* 22; Clarke en Babic "Wildlife Trafficking Trends in sub-Saharan Africa" 58-59.

'n wêreldwye neiging[34] wat verreikende bedreigings vir internasionale ontwikkeling en sekuriteit inhou.[35] Talle rolspelers, insluitend bestaansjagters en komplekse, gesofistikeerde misdaadnetwerke, is by die pleging van wildmisdaad betrokke.[36] Bedrywighede van georganiseerde dwelm- en wapenmisdaadsindikate raak ook soms vervleg met dié van wildmisdaad.[37] Volgens Nelleman[38] mag sodanige wildmisdaad selfs tot die ontstaan van terrorisme en internasionale konflik bydra. Daarbenewens word verwante ernstige misdade met wildmisdaad geassosieer.[39] Dié verwante ernstige misdade sluit onder meer korrupsie, belastingontduiking, geldwassery, bedrog en die wanbetaling van regeringsgelde in.[40] Die transnasionale aard van wildmisdaad skep uiteenlopende uitdagings rakende wettoepassing vir die betrokke regerings en daarom is samewerkende ooreenkomste van kardinale belang.[41]

Sosio-ekonomiese wanbalanse binne die samelewing, asook gevestigde kulturele en religieuse gebruike en gewoontes, veroorsaak dat uiteenlopende klasse van mense, ryk en arm, wildmisdaad om verskillende redes pleeg.[42] Bestaansjagters kan daarin geïnteresseerd wees om wildspesies vir basiese behoeftebevrediging of die uitlewing van kulturele gewoontes te jag, terwyl ryk individue vanuit Asiatiese kulture wildspesies wil bekom vir tradisionele medisyne of om hul rykdom ten toon te stel.[43]

---

34 United Nations Office on Drugs and Crime *The Globalisation of Crime: A Transnational Organised Crime Threat Assessment* 17.

35 Nelleman ea (reds) *The Rise of Environmental Crime: A Growing Threat to Natural Resources Peace, Development and Security* 7.

36 Van Uhm *The Illegal Wildlife Trade: Inside the World of Poachers, Smugglers and Traders* 56-57; White *Transnational Environmental Crime: Toward an Eco-Global Criminology* 53; Nurse *Policing Wildlife: Perspectives on the Enforcement of Wildlife Legislation* 13; TRAFFIC *What is Driving the Wildlife Trade?* 4.

37 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 58, 147; Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 5.

38 Nelleman ea (reds) *The Environmental Crime Crisis: Threats to Sustainable Development from Illegal Exploitation and Trade in Wildlife and Forest Resources* 14, 17.

39 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 35.

40 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 35.

41 Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 143; Nurse *Policing Wildlife: Perspectives on the Enforcement of Wildlife Legislation* 61; Van Uhm *The Illegal Wildlife Trade: Inside the World of Poachers, Smugglers and Traders* 61.

42 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 143.

43 Duffy en St John *Poverty, Poaching and Trafficking: What are the Links?* 3; Davies 2002 *Conservation Biology* 588; Robinson en Bennett 2002 *Oryx* 332; Rowcliffe 2002 *Oryx* 331; Nelleman ea (reds) *The Environmental Crime Crisis: Threats to Sustainable Development from Illegal Exploitation and Trade in Wildlife and Forest Resources* 24; Broad, Mulliken en Roe "The Nature and Extent of Legal and Illegal Trade in Wildlife" 3; Hübschle 2017 *South African Crime*

Wildmisdaad toon jaarliks groter opbrengste.[44] Verskeie internasionale statistieke en opnames bevestig dat die geskatte waarde van wildmisdaad 7 tot 30 miljard Amerikaanse dollar per jaar beloop.[45] Vanweë die klandestiene aard van wildmisdaad,[46] is vooraanstaande internasionale omgewingsorganisasies en -skrywers van mening dat dit 'n byna onbegonne taak is om die jaarlikse omvang van hierdie handelinge te bepaal en die waarde akkuraat te kwantifiseer.[47] Volgens die *Organisation for Economic Co-operation and Development*[48] bestaan daar tans geen betroubare

Quarterly 63; Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 36.

44 United Nations Environment Programme 2013 http://bit.ly/2o1Gmqp.

45 Die Wêreldbank *Illegal Logging, Fishing, and Wildlife Trade: The Costs and How to Combat It* 15, 18-19; World Wide Fund for Nature en Dalberg Global Development Advisors *Fighting Illicit Wildlife Trafficking: A Consultation with Governments* 10; Nelleman ea (reds) *The Rise of Environmental Crime: A Growing Threat to Natural Resources Peace, Development and Security* 20, 41; Wyler en Sheikh *International Illegal trade in Wildlife: Threats and U.S. Policy 2008* 2; Wyler en Sheikh *International Illegal Trade in Wildlife: Threats and U.S. Policy 2013* 1; Organisation for Economic Co-Operation and Development *Illegal Trade in Environmentally Sensitive Goods* 37; Nelleman ea (reds) *The Environmental Crime Crisis: Threats to Sustainable Development from Illegal Exploitation and Trade in Wildlife and Forest Resources* 23; Nelleman en Internasionale Kriminele Polisie (reds) *Green Carbon, Black Trade: Illegal Logging, Tax Fraud and Laundering in the Worlds Tropical Forests* 15; Asia Pacific Group on Money Laundering en United Nations Office on Drugs and Crime *Enhancing the Detection, Investigation and Disruption of Illicit Financial Flows from Wildlife Crime* 11;Haken *Transnational Crime in the Developing World* 11; Engler en Parry-Jones *Opportunity or Threat: The Role of the European Union in Global Wildlife Trade* 9-10; May *Transnational Crime and the Developing World* 53; Colombo 2003 http://bit.ly/2Eq5pNQ; Environmental Investigation Agency *Time for Action: End the Criminality and Corruption Fuelling Wildlife Crime* 3; Polner en Moell "Interagency Collaboration and Combatting Wildlife Crime" 59, Scanlon en Farroway "Organisational Consortiums: The International Consortium on Combatting Wildlife Crime (ICCWC)" 78; Havocscope 2017 http://bit.ly/2Cl4TLi; Zoï Environment Network en GRID-Arendal *Environmental Crimes* 5; Environmental Investigation Agency *The Role of Corruption in Wildlife and Forest Crime* 1;Lawson en Vines *Global Impacts of the Illegal Wildlife Trade* 7;United Nations Office on Drugs and Crime 2014 http://bit.ly/2F3XBOZ; Environmental Investigation Agency *In Cold Blood: Combatting Organised Wildlife Crime* 5; Martini *Wildlife Crime and Corruption* 2; Fedotov en Scanlon 2013 http://bit.ly/2BvX1Kf.

46 Duffy "The Illegal Wildlife Trade in Global Perspective" 110.

47 Wyler en Sheikh *International Illegal trade in Wildlife: Threats and U.S. Policy 2008* 2; Nelleman ea (reds) *The Rise of Environmental Crime: A Growing Threat to Natural Resources Peace, Development and Security* 39; Nelleman ea (reds) *The Environmental Crime Crisis: Threats to Sustainable Development from Illegal Exploitation and Trade in Wildlife and Forest Resources* 23; Sas-Rolfes ea 2019 *Annual Review of Environment and Resources* 204; United Nations Office on Drugs and Crime *World Wildlife Crime Report: Trafficking in Protected Species* 13-19, 21; Duffy "The Illegal Wildlife Trade in Global Perspective" 109-110, 114-115; Organisation for Economic Co-Operation and Development *Illegal Trade in Environmentally Sensitive Goods* 37; United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 169.

48 Organisation for Economic Co-Operation and Development *Illegal Trade in Environmentally Sensitive Goods* 37.

statistieke aangaande wildmisdaad nie en moet belanghebbendes, vir die oomblik, by "ekstrapolasie, temporêre skattinge en deskundige opinies" volstaan.[49]

'n Wye verskeidenheid wildspesies, beide lewend en dood, insluitend hul neweprodukte, word vir talle uiteenlopende gebruike by wildmisdaad betrek.[50] Die omvang van hierdie uitbuiting dryf sommige wildspesies tot op die punt van uitsterwing.[51] Volgens die waarnemings van die *United Nations Office on Drugs and Crime*[52] behels wildmisdaad in die algemeen

> [...] the taking, trading (supplying, selling or trafficking), importing, exporting, processing, possessing, obtaining and consumption of wild fauna […] in contravention of national or international law […] a complex phenomenon with many layers and dimensions. [Wildlife crime] often result from the interplay of a multitude of factors — cultural, economic, social and environmental — and can involve a wide variety of actors. Thus, to achieve an effective response, [wildlife crime] need to be addressed via a coordinated and multisectoral approach. This complexity makes it challenging for governments and international organisations to identify the strengths and weaknesses of and gaps in existing legislative, administrative, enforcement, judicial and preventive systems. The causes, components and consequences of [wildlife crime] vary among countries, regions and societies around the world. There is no "one size fits all" solution to this issue. In formulating effective countermeasures, it is important that local patterns of [wildlife crime] and the concerns of local communities be recognised and integrated into policy and legislation […] Complicating the situation further is the fact that the international community lacks a common understanding and a universally accepted definition of [wildlife crime]. To date, there is no universal strategy acceptable to all nations to prevent and suppress [wildlife crime]. Despite a prolific production of bibliographical material, there is not enough available expertise on this phenomenon, and studies based on systematic empirical analysis are still scarce.

Die *United Nations Office on Drugs and Crime* poog om hierdie buitengewone kompleksiteit en meerdimensionaliteit van wildmisdaad vas te vang. Vanuit die gegewe beskrywing, kan sekere kenmerke van wildmisdaad gedistilleer word, naamlik:

---

49 Sien ook Sas-Rolfes ea 2019 *Annual Review of Environment and Resources* 204-205; United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 169; Duffy "The Illegal Wildlife Trade in Global Perspective" 110; United Nations Office on Drugs and Crime *World Wildlife Crime Report: Trafficking in Protected Species* 21.

50 Nelleman ea (reds) *The Environmental Crime Crisis: Threats to Sustainable Development from Illegal Exploitation and Trade in Wildlife and Forest Resources* 7; Scheffers ea 2019 *Science* 71-76; White *Transnational Environmental Crime: Toward an Eco-Global Criminology* 55. Na beraming is meer as 7 000 spesies fauna en flora die slagoffers van wildmisdaad wat oor meer as 120 lande versprei is. Sien United Nations *Sustainable Development Goals Report 2019* 52.

51 World Wide Fund for Nature *Living Planet Report 2020: Bending the Curve of Biodiversity Loss* 20-21.

52 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 1, 2 en 4.

(a) wildmisdaad is nie een misdaad nie, maar eerder 'n reeks handelinge wat deur verskillende rolspelers uitgevoer word; (b) wildmisdaad ontbreek tans 'n universele definisie asook 'n internasionale bekampingstrategie; (c) daar word tans swaar op nasionale wetgewing, afdwingingsmaatreëls, die regsprekende gesag en administratiewe stelsels gesteun om wildmisdaad te bekamp; (d) wildmisdaad ontstaan vanweë die onderlinge wisselwerking tussen ekonomiese, maatskaplike, omgewings- en kulturele dryffaktore en veroorsaak uiteenlopende nadelige gevolge; en (e) die voorkoms van wildmisdaadwissel tussen lande en vereis dienooreenkomstig innoverende oplossings met holistiese kenmerke.

White[53] is van mening dat die negatiewe impak van wildmisdaad op biodiversiteit tans so enorm is dat die realiteit daarvan inderdaad onvermydelik geword het en dat dit daadwerklike optrede vanuit verskeie oorde verlang.[54] Vanweë die nadelige impak wat wildmisdaad op die voortbestaan van biodiversiteit uitoefen, verleen internasionale, nasionale en streekswetstoepassers voorrang aan die kwessie op omgewingsagendas.[55] Teenstrydig hiermee bestaan daar tans geen toonaangewende internasionale verdrag of 'n aanbevole bekampingsstrategie waarvolgens lande die beste praktyk kan vasstel om wildmisdaad te bekamp nie.[56] Die *Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora* (1973) (hierna die CITES) is tans steeds die enigste verbandhoudende internasionale verdrag waarop lande hulself kan beroep in 'n poging om wildmisdaad te bekamp.[57] In wese is die CITES nie 'n internasionale omgewingsverdrag nie, maar 'n internasionale handelsverdrag wat beste praktyk vir lidlande neerlê om internasionale handel in uitgesonderde bedreigde spesies te reguleer.[58] Onderwyl word daar staatgemaak op

---

53 White *Crimes Against Nature: Environmental Criminology and Ecological Justice* 5.

54 Sien in die algemeen Díaz ea *Summary for Policymakers of the Global Assessment Report on Biodiversity and Ecosystem Services of the Intergovernmental Science-Policy Platform on Biodiversity and Ecosystem Services*; United Nations Environment Programme *Global Environmental Outlook 6: Healthy Planet Healthy People* 151-152.

55 United Nations Environment Programme *Annual Report 2014* 27.

56 Scanlon 2019 http://bit.ly/34DfT5H; Secretary-General of the General Assembly of the United Nations *Tackling Illicit Trafficking in Wildlife: Report of the Secretary-General* 3; United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 14, 23.

57 Wandesforde-Smith 2016 *Journal of International Wildlife Law and Policy* 368.

58 Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora 2019 http://bit.ly/2polmOb.

individuele lande om wetgewing te ontwikkel, gereedheidsplanne in werking te stel en innoverende alternatiewe oplossings te ontwikkel om wildmisdaad op nasionale bodem te bekamp.[59] Gevolglik, vanweë die omvang van dié mandaat, misluk baie lande in hul pogings om wildmisdaad te bekamp en verskil lande se wetgewing in 'n groot mate van mekaar wat tot transnasionale kompleksiteit en oneffektiwiteit lei.[60] Kenners meen dat die leemte in die internasionale regsraamwerk en verwante onsekerheid moontlik te wyte is aan die feit dat 'n universele definisie van "wildmisdaad" ontbreek.[61] Sover vasgestel kon word, bestaan daar tans geen definisie of verbandhoudende begrip van "wildmisdaad" in enige internasionale verdrag of verbandhoudende internasionale beleid met betrekking tot die bewaring van biodiversiteit te nie.[62] Dit is problematies aangesien 'n definisie konseptuele begrensing aan die begrip kon bied.[63]

1.1.3 Gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring as alternatiewe oplossing

Die *United Nations Environment Programme*[64] en die Wêreldbank[65] benadruk dat bestaande verdrae, ooreenkomste, strategieë, planne, wetgewing en regulasies wat tot die bekamping van wildmisdaad op internasionale sowel as nasionale vlak, kan bydra, ten volle benut, dringend in werking gestel en streng toegepas moet word. Vanweë die wesenlike tekortkominge in die internasionale regsraamwerk, word beleidmakers en navorsers vanuit uiteenlopende dissiplines aangemoedig om alternatiewe oplossings vir die bekamping van wildmisdaad te ontwikkel en voorstelle in hierdie verband te maak.[66]

---

59 Secretary-General of the General Assembly of the United Nations *Tackling Illicit Trafficking in Wildlife: Report of the Secretary-General* 3; United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 14, 23; Scanlon 2019 http://bit.ly/34DfT5H; United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 1-2.

60 United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 1.

61 Sas-Rolfes ea 2019 *Annual Review of Environment and Resources* 204; United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 34.

62 United Nations Office on Drugs and Crime *World Wildlife Crime Report: Trafficking in Protected Species* 23.

63 Nelleman ea (reds) *The Environmental Crime Crisis: Threats to Sustainable Development from Illegal Exploitation and Trade in Wildlife and Forest Resources* 17; Venter ea *Regsnavorsing: Metode en Publikasie* 74.

64 United Nations Environment Programme *Annual Report 2014* 25.

65 Die Wêreldbank *Tools and Resources to Combat Illegal Wildlife Trade* 3.

66 Die Wêreldbank *Tools and Resources to Combat Illegal Wildlife Trade* 3.

Een moontlike alternatiewe oplossing wat kenners binne die breë konteks van die bovermelde biodiversiteitsverliese voorstel, is om biodiversiteitsbestuur te desentraliseer deur gemeenskappe te bemagtig om, in samewerking met die regering en ander belanghebbendes, aan natuurbewaring deel te neem.[67] Die onderstaande of soortgelyke voorstelle kom byvoorbeeld toenemend na vore, naamlik dat

> [a]t a local scale indigenous people and local communities play a key role in protecting biodiversity[…] [Indigenous people and local communities] can offer bottom-up, self-driven, cost-effective and innovative solutions, and have potential to be scaled up and inform national and international practice. Such solutions provide a practical governance approach as an alternative to top-down policy-setting.[68]

Die deelname van gemeenskappe aan natuurbewaring, word al meer op 'n positiewe manier beskryf en kenners erken dat gemeenskappe se teenwoordigheid op voetsoolvlak en hul tradisionele kennis van die omgewing tot voordeel van die formulering van praktiese, koste-effektiewe en innoverende alternatiewe oplossings tot natuurbewaringsprobleme kan bydra.[69] Sedert die vroegste tye maak gemeenskappe op die omgewing staat om hulle van die nodige natuurlike hulpbronne te voorsien vir die bevrediging van hul basiese behoeftes en die handhawing van hul lewensbestaan.[70] Sommige gemeenskappe is steeds afhanklik van die omgewing en daarom is die volhoubare verbruik en bewaring van biodiversiteit in belang van hierdie gemeenskappe se welstand.[71] Tang en Zhao[72] argumenteer dat gemeenskappe wat nader aan die omgewing lewe beter gelokaliseerde oplossings vir omgewingskwessies

---

67 Sien ook bv. die *African Elephant Summit* (2013); die *London Conference on the Illegal Wildlife Trade: Declaration* (2014); die *Kasane Conference on the Illegal Wildlife Trade: Statement* (2015); die *International Conference on Illegal Exploitation and Illicit Trade in Wild Flora and Fauna in Africa: Brazzaville Declaration* (2015); *Southern African Development Community Law Enforcement and Anti-Poaching Strategy 2016-2021* (2015).

68 United Nations Environment Programme *Global Environmental Outlook 6: Healthy Planet Healthy People* 143.

69 World Conservation Union, World Commission on Protected Areas en World Wide Fund For Nature *Principles and Guidelines on Indigenous and Traditional Peoples and Protected Areas* 5; Armitage 2005 *Environmental Management* 704; Thakadu 2005 *Natural Resources Forum* 201; Ghai *Conservation, Livelihood and Democracy: Social Dynamics of Environmental Changes in Africa* 16; Berkes 2007 *Proceedings of the National Academy of Sciences of the United States of America* 15188.

70 Nelson "Introduction: The Politics of Natural Resource Governance in Africa" 3.

71 Tang en Zhao 2011 *Journal of Environmental Assessment Policy and Management* 408.

72 Tang en Zhao 2011 *Journal of Environmental Assessment Policy and Management* 408.

kan bied.[73] Elliott en Sumba[74] meen dat indien gemeenskappe beter gelokaliseerde oplossings vir omgewingskwessies kan bied, hulle in die mees gunstige posisie gesetel is om aan biodiversiteitsbestuur deel te neem en natuurbewaring te bewerkstellig. Die voorgenoemde voorstel is opmerklik, aangesien bestuursbenaderings ten opsigte van natuurbewaring merendeels deur regeringsgesentreerde bestuur oorheers word en daarom beperkte ruimte vir gemeenskapsdeelname laat. De Loë[75] meen dat 'n paradigmaskuif nodig is om te erken dat 'n regering nie die enigste bewaarder van die omgewing is nie en dat die deelname en kennis van ander rolspelers (onder andere gemeenskappe) vereis word om gesamentlik die omgewing te bewaar en te bestuur.[76]

Voorstelle soortgelyk aan die voorgenoemde kom in gesprekke aangaande alternatiewe oplossings vir die bekamping van wildmisdaad voor. Kenners meld byvoorbeeld dat gemeenskappe die eerste verdedigingslinie teen wildstropers is;[77] dat gemeenskappe wat aanliggend tot wildspesies woon die beste kans het om sodanige spesies teen wildstropers te beskerm;[78] en dat gemeenskappe die sleutel hou om wildmisdaad betyds op voetsoolvlak te staak.[79] Internasionale omgewingsorganisasies doen toenemend 'n beroep op lande en belanghebbendes om gemeenskappe by die bekamping van wildmisdaad te betrek.[80] Hierdie organisasies moedig regerings aan om vennootskappe met gemeenskappe te smee en om aktief regsontwikkeling te bewerkstellig wat gemeenskappe bemagtig om aan biodiversiteitsbestuur deel te neem en wildmisdaad te bekamp.[81]

---

73 Sien verder Lowenhaupt-Tsing, Brosius en Zerner 1999 *Ambio* 197.

74 Elliott en Sumba *Conservation Enterprise: What Works, Where and for Whom?* 3.

75 De Loë ea *From Government to Governance: A State-of-the-Art Review of Environmental Governance* iii.

76 Sien in die algemeen Reed en Bruyneel 2010 *Progress in Human Geography* 646-653.

77 Ndlovu "Communities and Wildlife Crime: What are the Linkages? Case Studies" 5.

78 Challender en MacMillan 2014 *Conservation Letters* 488.

79 Biegus en Bueger 2017 *South African Crime Quarterly* 35.

80 Sien bv. die *African Elephant Summit* (2013); die *London Conference on the Illegal Wildlife Trade: Declaration* (2014); die *Kasane Conference on the Illegal Wildlife Trade: Statement* (2015); die *International Conference on Illegal Exploitation and Illicit Trade in Wild Flora and Fauna in Africa: Brazzaville Declaration* (2015); *Southern African Development Community Law Enforcement and Anti-Poaching Strategy 2016-2021* (2015).

81 Sien bv. die *African Elephant Summit* (2013); die *London Conference on the Illegal Wildlife Trade: Declaration* (2014); die *Kasane Conference on the Illegal Wildlife Trade: Statement* (2015); die *International Conference on Illegal Exploitation and Illicit Trade in Wild Flora and Fauna in Africa:*

Ten spyte van die voorstelle en oproepe van dié aard, ontbreek daar tans duidelike internasionale riglyne of 'n voorgestelde raamwerk vir die sinvolle implementering en operasionalisering van inisiatiewe wat gemeenskappe by die bekamping van wildmisdaad betrek,[82] wat ernstige konseptuele en tegniese struikelblokke mag teweegbring.[83] Volgens Roe en Booker[84] kan 'n benadering genaamd "gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring" 'n beginpunt voorsien om te bepaal wat dit behels wanneer kenners voorstel dat gemeenskappe aan die bewaring van biodiversiteit moet deelneem en hoe gemeenskappe aan die bekamping van wildmisdaad kan deelneem. In die mees basiese sin verteenwoordig gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring 'n benadering waar die regering sekere regte, magte en verantwoordelikhede in biodiversiteitsbestuur en natuurbewaring aan gemeenskappe oordra.[85] In ruil vir die gemeenskap se deelname, bied die regering verskillende voordele aan die gemeenskap as beloning.[86] Gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring beskik boonop oor die potensiaal om terselfdertyd die doelwitte van natuurbewaring (of in dié geval, die bekamping van wildmisdaad) én sosio-ekonomiese ontwikkeling te verwesenlik.[87]

Brazzaville Declaration (2015); *Southern African Development Community Law Enforcement and Anti-Poaching Strategy 2016-2021* (2015).

82 Biggs ea 2016 *Conservation Biology* 6.

83 Roe en Booker 2019 *Conservation Science and Practice* 2.

84 Roe en Booker 2019 *Conservation Science and Practice* 7-9.

85 Hulme en Murphree 1999 *Journal of International Development* 278-280; Kellert ea 2000 *Society and Natural Resources* 706; Armitage 2005 *Environmental Management* 704; Child en Barnes 2010 *Environmental Conservation* 284; Hackel 1999 *Conservation Biology* 727.

86 Hulme en Murphree 1999 *Journal of International Development* 278-280; Kellert ea 2000 *Society and Natural Resources* 706; Armitage 2005 *Environmental Management* 704; Child en Barnes 2010 *Environmental Conservation* 284; Hackel 1999 *Conservation Biology* 727.

87 Berkes 2004 *Conservation Biology* 621.

1.1.4 Die Suid-Afrikaanse posisie

Suid-Afrika is ryk aan biodiversiteit en talle "charismatiese wildspesies"[88] kom hier voor. Dienooreenkomstig is die beskerming van biodiversiteit teen menslike misbruik tans 'n uiters aktuele tema in Suid-Afrika[89] want wildmisdaad kom daagliks hier voor.[90]

Verskeie Suid-Afrikaanse wildspesies is 'n teiken vir wildmisdaad, maar veral die stropery van renosters en olifante wek toenemend kommer. Volgens die *Save the Rhino*-organisasie (hierna *Save the Rhino*)[91] en die Suid-Afrikaanse Departement van Omgewingsake, Bosbou en Visserye (hierna die Departement van Omgewingsake)[92] is daar tussen 2007 tot 2019 ongeveer 8 500 renosters in Suid-Afrika vir hul horings gestroop. Sedert 2014 het dié syfers geleidelik begin daal, maar volgens *Save the Rhino*[93] is daar steeds geen rede vir optimisme nie. Volgens die *International Union for Conservation of Nature*[94] is die hedendaagse aanvraag na ivoor hoër as ooit tevore. Olifantstropery word as die vernaamste oorsaak van die huidige afname in olifantgetalle beskou, gevolg deur die verwoesting van olifante se natuurlike habitat.[95] Asiatiese kulture assosieer renosterhoring met tradisionele genesing en bestempel dit

---

88 Charismatiese wildspesies verwys na wildspesies met ikoniese of simboliese waarde wat vanweë dié waardes vir baie mense bekend en esteties aantreklik is. Volgens Albert, Luque en Courchamp 2018 *PLoS ONE* 7 sluit ander beskrywende eienskappe van charismatiese wildspesies in: "rare, endangered, beautiful, cute, impressive, and dangerous." Hulle identifiseer die twintig mees charismatiese wildspesies ter wêreld, waarvan meer as die helfte in Afrika voorkom, naamlik: leeus, olifante, kameelperde, jagluiperds, luiperds, gorillas, sjimpansees, sebras, seekoeie, witdoodshaaie, krokodille, dolfyne, renosters en blouwalvisse. Vergelyk ook met Ducarme, Luque en Courchamp 2013 *BioSciences Master Reviews* 1-8.

89 South African National Biodiversity Institute *National Biodiversity Assessment 2018: The status of South Africa's Ecosystems and Biodiversity* 1, 80; AK 1095 in SK 18163 van 28 Julie 1997 (*White Paper on the Conservation and Sustainable Use of South Africa's Biological Diversity*, (1997); *Draft National Integrated Strategy to Combat Wildlife Trafficking* (2017) 17-19.

90 *Draft National Integrated Strategy to Combat Wildlife Trafficking* (2017) 17-19; Nelleman ea (reds) *The Environmental Crime Crisis: Threats to Sustainable Development from Illegal Exploitation and Trade in Wildlife and Forest Resources* 7.

91 Save the Rhino 2020 http://bit.ly/2o44VSC.

92 Departement van Omgewingsake 2020 https://bit.ly/2KVir6R.

93 Save the Rhino 2020 http://bit.ly/2o44VSC.

94 International Union for Conservation of Nature 2016 http://bit.ly/2HhtEfc.

95 Thouless ea *African Elephant Status Report: An Update from the African Elephant Database* 175.

as ’n mediese noodsaaklikheid,[96] terwyl die ivoor van olifanttande ’n statussimbool is wat op wysheid, gesag, luuksheid en rykdom dui.[97]

Die ietermago word as die "most trafficked mammal" ter wêreld geag.[98] Die *Nature Species Survival Commission* van die *International Union for Conservation* se *Pangolin Specialist Group*[99] beraam dat daar sedert 2012 beslag gelê is op meer as 20 000 kilogram onwettige ietermagohuidskubbe in Afrika, Europa en Asië.[100] Die aanvraag na ietermagohuidskubbe kom veral vanaf Sjina en Viëtnam waar hierdie spesie se vleis as ’n delikatesse en die huidskubbe as ’n bestanddeel in tradisionele medisyne beskou word, maar mense in Afrika gebruik dit ook as ’n voedselbron.[101]

Tussen 2005 tot 2015 het Suid-Afrika ’n geraamde 4 296 leeukarkaste wettiglik uitgevoer.[102] Kenners[103] meen dat die wettige uitvoer van leeubene, -kloue, -tande, en

---

96 Orenstein *Ivory, Horn and Blood: Behind the Elephant and Rhinoceros Poaching Crisis* 38; Becker 2012 http://bit.ly/1T42Rof. Asiatiese kulture, soos byvoorbeeld die Sjinese, glo dat renosterhoring, indien dit tot ’n medisyne verwerk is, ’n seksstimulant is. Wetenskaplike bewyse toon egter dat renosterhoring geen medisinale en gesondheidsvoordele vir die mens inhou nie. Renosterhorings bestaan uit keratien, dieselfde proteïen waaruit hare en vingernaels bestaan.

97 Orenstein *Ivory, Horn and Blood: Behind the Elephant and Rhinoceros Poaching Crisis* 31.

98 Daar bestaan agt ietermagospesies. Die Kaap-ietermago (ook bekend as die "Temminck’s ground pangolin") kom in Suid-Afrika voor. Ietermagospesies wat in ander Afrika-lande voorkom sluit in die "giant ground pangolin", die "white-bellied pangolin" ook bekend as die "tree pangolin" en die "black-bellied pangolin ook bekend as die "long-tailed pangolin". Sien in die algemeen Sutter 2014 https://cnn.it/36jc3lT.

99 International Union for Conservation of Nature Species Survival Commission Pangolin Specialist Group 2016 http://bit.ly/2EsrW8E; International Union for Conservation of Nature 2016 http://bit.ly/2GgPL3J.

100 Sien in die algemeen die omvattende bydraes betreffende die onwettige handel in ietermagohuidskubbe in Heinrich ea *The Global Trafficking of Pangolins: A Comprehensive Summary of Seizures and Trafficking Routes from 2010–2015*; Wildlife Justice Commission *Scaling Up: The Rapid Growth in the Industrial Scale Trafficking of Pangolin Scales*.

101 Boakye ea 2015 *PLoS ONE* 1; Challender ea 2016 *TRAFFIC Bulletin* 19; International Union for Conservation, Nature Species Survival Commission en Pangolin Specialist Group 2017 http://bit.ly/2CkMqhX; Wildlife Justice Commission *Scaling Up: The Rapid Growth in the Industrial Scale Trafficking of Pangolin Scales* 14-22.

102 Afrika-leeus is onder aanhangsel 2 van die *Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora* (1973) gelys, wat bepaal dat ’n sekere aantal leeus wettig vir kommersiële handel in aanmerking kom.

103 Environmental Investigation Agency *The Lion’s Share: South Africa’s Trade Exacerbates Demand for Tiger Parts and Derivatives* 2; International Union for Conservation of Nature 2015 http://bit.ly/2GgSpXv.

-skedels die aanvraag na ander katspesies (onder andere tiere, luiperds, jagluiperds en rooikatte) verhoog en die onwettige handel in tiere laat toeneem.[104]

Volgens *BirdLife International*[105] en die *International Union for Conservation of Nature*[106] is sewe van Afrika se 11 aasvoëlspesies kritiek bedreig. Die *African Wildlife Foundation*[107] bepaal dat aasvoëls deur wildstropers gestroop word omdat hul teenwoordigheid op die aanwesigheid van ander wildspesies se karkaste dui en sodoende wildstropers se ligging en aktiwiteite verklap. In sommige gevalle sterf aasvoëls nadat hulle aan die vergiftigde karkaste van ander wildspesies gevreet het.[108]

Verskeie ander wildspesies in Suid-Afrika is ook 'n teiken van wildmisdaad, onder andere die sebra,[109] kameelperd,[110] jagluiperd,[111] verskeie reptielspesies[112] en primate.[113] Nelleman[114] stel dat wildmisdaad onomkeerbare gevolge vir die voortbestaan van sodanige wildspesies inhou en dat 'n dringende veelvlakkige oplossing benodig word.

Suid-Afrika hanteer die bekamping van wildmisdaad ingevolge die land se nasionale omgewingsregraamwerk, wat hoofsaaklik op bepalings van die *National Environmental Management Act* 107 van 1998 (hierna die NEMA), die *National Environmental Management: Biodiversity Act* 10 van 2004 (hierna die NEMBA); die *National Environmental Management: Protected Areas Act* 57 van 2003 (hierna die NEMPAA), verbandhoudende regulasies, provinsiale wetgewing en munisipale verordeninge berus. Die Suid-Afrikaanse omgewingsregraamwerk gebruik hoofsaaklik bevel- en

---

104 Environmental Investigation Agency *The Lion's Share: South Africa's Trade Exacerbates Demand for Tiger Parts and Derivatives* 2. Sommige verbruikers van tierneweprodukte gebruik soms onwetend die neweprodukte van ander katspesies.

105 BirdLife International 2015 http://bit.ly/2BwyLHB.

106 International Union for Conservation of Nature 2015 http://bit.ly/2BXO1OQ.

107 African Wildlife Foundation 2017 http://bit.ly/2EsjudH.

108 McCall 2015 http://bit.ly/2CmRKRI.

109 Lee 2015 http://bit.ly/2o5Z4w8.

110 Actman 2016 http://bit.ly/2svQTi7; McGrath 2016 http://bbc.in/2Equnsh; African Wildlife Foundation 2017 http://bit.ly/2F3Usi9.

111 Petri 2016 http://bit.ly/2Gf7WXV.

112 Herbig "The Illegal Reptile Trade as a Form of Conservation Crime: A South African Criminological Investigation" 111-114.

113 Pan African Sanctuary Alliance 2017 http://bit.ly/2CnDxnB; Kinver 2008 https://bbc.in/2IXvOGk.

114 Nelleman ea (reds) *The Environmental Crime Crisis: Threats to Sustainable Development from Illegal Exploitation and Trade in Wildlife and Forest Resources* 10.

beheermaatreëls om wetgewende bepalings af te dwing en die nakoming daarvan te bewerkstellig.[115] Sodanige bevel- en beheermaatreëls behels die streng beheer van handelinge deur 'n owerheid waar oortredings tot vervolging in terme van straf- of administratiefreg kan lei.[116] In sommige gevalle misluk bevel- en beheermaatreëls egter daarin om die gewenste resultate te bewerkstellig[117] en daarom soek beleidmakers voortdurend na alternatiewe maniere om omgewingswetgewing af te dwing.[118]

Gemeenskappe se deelname aan natuurbewaringsinisiatiewe blyk selfs in Suid-Afrika 'n lewensvatbare alternatief vir tradisionele bevel- en beheermaatreëls te wees. Tydens 'n internasionale simposium te Muldersdrift in 2015 het die voormalige Suid-Afrikaanse minister van omgewingsake, wyle Edna Molewa,[119] erken dat "die langtermynoorlewing van biodiversiteit van die betrokkenheid van plaaslike gemeenskappe afhang." Tans beskik Suid-Afrika nie oor een algemeen omvattende wetgewende raamwerk wat die deelname van gemeenskappe aan natuurbewaringsinisiatiewe reguleer nie. Dit blyk egter dat Suid-Afrika oor 'n aantal regsbepalings en doelwitte beskik wat verspreid in verskeie wetgewing, regulasies, strategieë en beleide voorkom en onder verskeie regeringsdepartemente verdeel is, wat die deelname van gemeenskappe aan biodiversiteitsbestuur onderskraag.[120] 'n Teoretiese ondersoek na gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring word benodig om sekere onsekerhede ten opsigte van sodanige benadering uit te klaar en om aanbevelings te ontsluit oor hoe gemeenskappe aan die bekamping van wildmisdaad kan deelneem.[121]

---

115 Craigie, Snijman en Fourie "Dissecting Environmental Compliance and Enforcement" 52.
116 Kidd *Environmental Law* 269.
117 Glazewski, Snijman en Plit "Compliance with and Enforcement of Environmental Laws" par 26.9.1.
118 Lehmann "Voluntary Compliance Measures" 269; Craigie, Snijman en Fourie "Dissecting Environmental Compliance and Enforcement" 58.
119 Molewa "Communities and Wildlife Crime: What are the Linkages? Case Studies" 5.
120 Sien bv. Departement van Omgewingsake en Toerisme *Laws, Policies, International Agreements and Departmental Guidelines that Support Community Based Natural Resource Management Type Programmes in South Africa* 2.
121 Sien 1.1.3 van die proefskrif.

1.2 Navorsingsvraag

Die navorsingsvraag van hierdie studie lui soos volg:

Hoe kan gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring as 'n alternatiewe oplossing bydra tot die versterking van die bestaande reguleringsmaatreëls wat tans wildmisdaad in Suid-Afrika bekamp?

1.3 Doelwitte van die studie

Die primêre doelwit van die studie is om te bepaal hoe gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring as 'n alternatiewe oplossing kan bydra tot die versterking van bestaande reguleringsmaatreëls wat Suid-Afrika tans gebruik om wildmisdaad te bekamp. Ten einde die primêre doelwit te kan bereik, word die volgende sekondêre doelwitte vir die studie gestel:

a) om 'n teoretiese grondslag vir wildmisdaad te ontwikkel volgens 'n logiese teoretiese struktuur;[122]

b) om bestaande reguleringsmaatreëls en voorgestelde alternatiewe oplossings om wildmisdaad te bekamp te identifiseer en te bespreek;[123]

c) om 'n regsperspektief van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring te vorm deur 'n kritiese teoretiese ondersoek te onderneem na wat dié benadering behels en hoe om dit te implementeer;[124]

d) om te bepaal hoe en op welke maniere gemeenskappe op 'n sinvolle wyse aan die bekamping van wildmisdaad kan deelneem deur voorstelle vir die implementering en operasionalisering van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring in hierdie verband te maak;[125]

---

122 Sien hoofstuk 2 van die proefskrif.
123 Sien hoofstuk 2 van die proefskrif.
124 Sien hoofstuk 3 van die proefskrif.
125 Sien hoofstuk 3 van die proefskrif.

e) om reguleringsmaatreëls waaroor Suid-Afrika tans beskik om wildmisdaad te bekamp te identifiseer, ontleed en krities te bespreek;[126]

f) om sekere bestaande Suid-Afrikaanse regsbepalings óf doelstellings wat met die deelname van gemeenskappe aan biodiversiteitsbestuur en natuurbewaring verband hou te identifiseer;[127] en

g) om aanbevelings te maak ten opsigte van die maniere waarop gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring kan bydra tot die versterking van bestaande reguleringsmaatreëls wat Suid-Afrika tans gebruik om wildmisdaad te bekamp.[128]

1.4 Navorsingsmetodologie en struktuur van die proefskrif

Hierdie studie berus op 'n literatuuroorsig gekombineer met dogmatiese navorsingsmetodes.[129] 'n Studie van relevante primêre bronne, naamlik internasionale verdrae en beleide; Afrika-streeksprotokolle en -strategieë; en Suid-Afrikaanse wetgewing en regspraak, word onderneem. Hierdie bronne word deur sekondêre bronne in die vorm van handboeke, bydraes in versamelwerke, akademiese joernaalartikels, konferensiebydraes, proefskrifte en verhandelinge, staatspublikasies, internet- en ander elektroniese hulpbronne ondersteun.[130]

Benewens hoofstuk 1 bestaan die proefskrif uit vier verdere hoofstukke:

In hoofstuk 2 word 'n teoretiese grondslag vir wildmisdaad volgens 'n logiese teoretiese struktuur ontwikkel, 'n ten einde 'n holistiese interpretasie van die omvang van die probleem te vorm. Bestaande reguleringsmaatreëls en alternatiewe oplossings om wildmisdaad te bekamp word ook in hoofstuk 2 geïdentifiseer en krities bespreek.

---

126 Sien hoofstuk 4 van die proefskrif.
127 Sien hoofstuk 4 van die proefskrif.
128 Sien hoofstuk 5 van die proefskrif.
129 Sien in die algemeen die bydraes oor navorsingsmetodologie in regstudies in Venter ea *Regsnavorsing: Metode en Publikasie*; Venter *Legal Research: Purpose, Planning and Publication*; Fisher *Legal Reasoning in Environmental Law: A Study of Structure, Form and Language*.
130 In die geval van internet- en ander elektroniese hulpbronne is die funksionaliteit en geldigheid van die verwysings na internetadresse (anders gestel: "uniform resource locators" of "URLs") kort voor indiening van die proefskrif getoets.

Die doel van hoofstuk 3 is om ’n regsperspektief van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring te formuleer deur ’n teoretiese ondersoek in te stel na wat die benadering behels en om konteks aan kenners se aanbevelings ten opsigte van gemeenskappe se deelname aan wildmisdaadbekamping te gee. Ná afloop van sodanige ondersoek, word moontlike voorstelle vir die sinvolle implementering en operasionalisering van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring as ’n alternatiewe oplossing vir die bekamping van wildmisdaad bespreek.

In hoofstuk 4 van die proefskrif word eerstens die bestaande reguleringsmaatreëls wat Suid-Afrika tans inspan om wildmisdaad te bekamp, geïdentifiseer, ontleed en krities bespreek. Tweedens word sekere Suid-Afrikaanse regsbepalings óf doelstellings wat met die deelname van gemeenskappe aan biodiversiteitsbestuur en natuurbewaring verband hou geïdentifiseer wat die implementering daarvan, as ’n alternatiewe oplossing vir die bekamping van wildmisdaad, kan onderskraag.

Hoofstuk 5 bevat ’n samevatting van die voorafgaande hoofstukke, asook ’n gevolgtrekking en aanbevelings ter beantwoording van die proefskrif se oorhoofse navorsingsvraag.

HOOFSTUK 2

Teoretiese vertrekpunte: wildmisdaad

2.1 Kontekstualisering en agtergrond

In hoofstuk 1 is aangedui dat globale biodiversiteitsverlies kommerwekkend is en dringende ingryping verlang.[131] Wildmisdaad is as een van die biodiversiteitsbedreigings uitgesonder wat biodiversiteitsverlies veroorsaak.[132] Uit die agtergrond en probleemstelling wat in hoofstuk 1 vervat is, wil dit voorkom of wildmisdaad 'n buitengewoon gekompliseerde omgewingskwessie daarstel wat kenmerke van meerdimensionaliteit toon.[133] Daar bestaan wesenlike leemtes in die internasionale regsraamwerk wat wildmisdaad hanteer en riglyne vir beste praktyk, waarvolgens lande nasionale wetgewing kan ontwikkel om wildmisdaad op nasionale bodem te bekamp, ontbreek.[134] Die voorgenoemde leemtes mag moontlik toegeskryf word aan 'n tekort aan 'n universele definisie van "wildmisdaad" wat konseptuele begrensing aan die begrip kon bied.[135]

Gevolglik is die doel van hoofstuk 2 van die proefskrif tweeledig, naamlik om:

(a) 'n teoretiese grondslag vir wildmisdaad te ontwikkel volgens 'n logiese teoretiese struktuur;[136] en

(b) bestaande reguleringsmaatreëls en alternatiewe oplossings om wildmisdaad te bekamp, te identifiseer en te bespreek.[137]

---

131 Sien 1.1.1 van die proefskrif.
132 Sien 1.1.1 en 1.1.2 van die proefskrif.
133 Sien 1.1.2 van die proefskrif.
134 Sien 1.1.2 en 1.1.3 van die proefskrif.
135 Sien 1.1.2 van die proefskrif.
136 Higgins "Crime Theory and Environmental Criminology: An Introductory Comparison" 32 skryf dat "...a well-crafted and fully developed theory reflects real-world situations, feelings, experiences and behaviour. [Therefore] theory provides an opportunity to make sense out of observable facts that may seem unrelated to one another at first glance." Sien 1.3 van die proefskrif.
137 Sas-Rolfes ea 2019 *Annual Review of Environment and Resources* 207 stel dat "if the underlying processes and dynamics are properly understood, policymakers and practitioners are more likely to design and implement effective interventions." Sien 1.3 van die proefskrif.

Ten einde die hierdie doelwitte te bereik, word die volgende aspekte vervolgens in hoofstuk 2 in oënskou geneem, naamlik:

(a) ’n konseptuele definisie van die begrip "wildmisdaad";

(b) die verskillende vlakke van handelinge wat deel uitmaak van wildmisdaad;

(c) voorstelle vir die ontwikkeling en implementering van nasionale wetgewing om wildmisdaad te bekamp;

(d) die dryffaktore van wildmisdaad;

(e) die negatiewe gevolge van wildmisdaad; en

(f) bestaande reguleringsmaatreëls en ander voorgestelde alternatiewe oplossings om wildmisdaad te bekamp.

Vervolgens word ’n konseptuele definisie van die begrip "wildmisdaad" vir die doeleindes van hierdie proefskrif nagespeur.

2.2 ’n Konseptuele definisie van die begrip "wildmisdaad"

Soos reeds gestel,[138] wil dit voorkom of daar nie ’n klinkklare definisie vir die begrip "wildmisdaad" bestaan nie.[139] Internasionale verdrae of verbandhoudende beleide wat handel oor die bewaring van biodiversiteit bevat nie ’n konseptuele definisie, of selfs ’n verbandhoudende begrip, van "wildmisdaad" nie.[140] Gevolglik word konseptuele teenstrydighede en onreëlmatighede in die literatuur gevind.[141]

Salafsky ea[142] argumenteer dat die formulering van ’n definisie van "wildmisdaad" aan belanghebbendes ’n beginpunt bied om meningsvolle gesprekke oor ’n spesifieke

138 Sien 1.1.2 van die proefskrif.
139 Vasquez "Compliance and Enforcement Mechanisms of CITES" 66; Scanlon 2019 http://bit.ly/34DfT5H.
140 United Nations Office on Drugs and Crime *World Wildlife Crime Report: Trafficking in Protected Species* 23.
141 Bricknell *Environmental Crime in Australia* 2.
142 Salafsky ea 2008 *Conservation Biology* 898.

onderwerp te voer en dat die afwesigheid van ’n definisie tot wanbegrip kan lei.[143] Solank daar soveel onsekerheid oor die definisie van "wildmisdaad" heers, meen kenners soos Clifford en Edwards[144] dat ’n wye benadering tydens konseptualisering gevolg moet word wat ’n platform vir konstruktiewe en insiggewende medewerking tussen kenners daarstel. Die begrippe "omgewingskade", "omgewingsmisdaad" en "wildmisdaad" word in dié bespreking in oënskou geneem en die samehang en aaneenskakeling van die begrippe word uitgewys. Die doel van die bespreking is derhalwe om ’n konseptuele definisie van "wildmisdaad" vir die doeleindes van hierdie proefskrif te vorm wat as ’n beginpunt vir bespreking kan dien.

Studies oor wildmisdaad word binne die veld van groen kriminologie gesitueer[145] met die begrip "omgewingskade"[146] as sentrale vertrekpunt wat aan die begrippe

---

143 Venter ea *Regsnavorsing: Metode en Publikasie* 74 beskryf ’n definisie as ’n gedagtekonstruksie, of die optekening van ’n mening, ’n bevinding, of ’n uitspraak aangaande ’n vasgestelde begrip om sodoende konseptuele begrensing aan die begrip te verleen. Sien ook Bricknell *Environmental Crime in Australia* 2.

144 Die kontemporêre doel om ’n definisie te formuleer volgens Clifford en Edwards "Identifying Harm and Defining Crime: Exploring the Criminalization of Environmental Issues" 100 " is not to create a dichotomous definition to outline what is or is not an [wildlife crime], but rather to build a dynamic gathering place between definitions and disciplines by highlighting connection points for inviting and enhancing constructive collaboration."

145 Die veld van groen-kriminologie (anders gestel: omgewingkriminologie of eko-kriminologie) behels die bestudering van omgewingswetgewing en -regulasies deur kriminoloë. Die interdissiplinêre dissipline beskryf verskeie onderliggende teorieë wat oor temas handel wat met verskillende soorte omgewingsmisdade verband hou. Betekenisvolle bydraes en uitgangspunte kan vanuit groen-kriminologie ontleen word om konseptuele definisies te vorm, hoewel die dissipline ook uitdagings by die formulering van geskikte terminologie en dienooreenkomstige definisies ervaar. Akademici is voortdurend met die ontwikkeling van die interdissiplinêre veld van groen-kriminologie besig. Groen-kriminologie bied alternatiewe benaderings en oplossings om onder andere wildmisdaad te bekamp. Interessante argumente en diverse perspektiewe kan binne hierdie veld van kriminologie gevind word wat moontlik tot voordeel van hierdie proefskrif kon spruit. Desnieteenstaande bied hierdie proefskrif nie die platform vir ’n uitgebreide teoretiese bespreking aangaande die aard, inhoud en denkwyses van groen-kriminoloë nie. Vir verdere studies aangaande groen-kriminologie raadpleeg: Clifford *Environmental Crime: Enforcement, Policy and Social Responsibility*; Clifford en Edwards (reds) *Environmental Crime*; Edwards, Edwards en Fields (reds) *Environmental Crime and Criminality: Theoretical and Practical Issues*; Situ en Emmons *Environmental Crime: The Criminal Justice System's Role in Protecting the Environment*; White *Crimes Against Nature: Environmental Criminology and Ecological Justice*; White (red) *Environmental Crime: A Reader*; White *Environmental Harm: An Eco-Justice Perspective*; White (red) *Global Environment Harm: Criminological Perspectives*; Lynch en Stretesky "The Meaning of Green: Contrasting Criminological Perspectives".

146 Anders gestel: "environmental harm".

"omgewingsgeregtigheid",[147] "ekologiese-geregtigheid"[148] en "spesie-geregtigheid" gekoppel word.[149] Volgens Heckenberg[150] kan "omgewingskade" gedefinieer word as die agteruitgang en verwoesting van ekostelsels te wyte aan misbruik en swak bestuur, soos byvoorbeeld die strooi van afval, onbeplande stedelike uitbreiding, roekelose ontbossing, onverantwoordelike visserypraktyke, oliestortings en oorlogskade. Omgewingskade kan byvoorbeeld teweegbring dat die habitat en voedselbronne van talle wildspesies deur roekelose ontbossing verwoes word wat tot die onderdrukking van wildspesies se natuurlike herstelvermoë kan lei.[151] Heckenberg[152] gaan verder deur te stel dat "omgewingskade" 'n verwarrende begrip kan wees, aangesien die sogenaamde "skade" beide regmatige sowel as onregmatige handelinge óf versuim insluit. Aan die een kant kan omgewingskade dus formeel in

---

147 Hierdie begrip verwys na die verspreiding van natuurlike hulpbronne tussen gemeenskappe binne spesifieke geografiese gebiede asook die negatiewe impak wat sosiale en ekonomiese praktyke op hierdie gemeenskappe uitoefen. Heckenberg "Studying Environmental Crime: Key Words, Acronyms and Sources of Information" 13; Lynch en Stretesky "The Meaning of Green: Contrasting Criminological Perspectives" 93-94; Lynch en Stretesky 2003 *Theoretical Criminology* 227; Higgins "Crime Theory and Environmental Criminology: An Introductory Comparison" 41; Takemura "The Criticality of Global Environmental Crime and the Response of Chaos Criminology" 217; White *Environmental Harm: An Eco-Justice Perspective* 43 White *Crimes Against Nature: Environmental Criminology and Ecological Justice* 15-18.

148 Hierdie begrip verwys na bekommernisse oor die algehele welstand en gesondheid van die natuurlike biosfeer insluitende die fauna en flora wat daarin woon in die lig van die intrinsieke waarde wat daaraan geheg word. Heckenberg "Studying Environmental Crime: Key Words, Acronyms and Sources of Information" 11; White 2003 *Theoretical Criminology* 494; White "Environmental Issues and the Criminological Imagination" 73; White *Environmental Harm: An Eco-Justice Perspective* 75-76; White *Crimes Against Nature: Environmental Criminology and Ecological Justice* 18-19.

149 Hierdie begrip verwys na die insluiting van diereregte binne omgewingskade. Daar word hiervolgens geargumenteer dat diere nie aan die mens ondergeskik is nie en dat beide mens en dier oor regte beskik vanweë beide se vermoë om fisiese en (moontlik) emosionele gevoelens te beleef. Heckenberg "Studying Environmental Crime: Key Words, Acronyms and Sources of Information" 15; White *Environmental Harm: An Eco-Justice Perspective* 111; Clifford en Edwards "Identifying Harm and Defining Crime: Exploring the Criminalization of Environmental Issues" 118-119; Wellsmith "The Applicability of Crime Prevention to Problems of Environmental Harm: A Consideration of Illicit Trade in Endangered Species" 134; White *Crimes Against Nature: Environmental Criminology and Ecological Justice* 20-23.

150 Heckenberg "Studying Environmental Crime: Key Words, Acronyms and Sources of Information" 12.

151 Carrabine ea *Criminology: A Sociological Introduction* 389-396; White *Crimes Against Nature: Environmental Criminology and Ecological Justice* 90-91; Boekhout van Solinge "Equatorial Deforestation as a Harmful Practice and a Criminological Issue" 30-31. Michalowski en McDowell "International Environmental Issues" 337. Sien ook White *Environmental Harm: An Eco-Justice Perspective* 18 vir 'n bespreking rakende die omgewingskade wat oorloë teweegbring.

152 Heckenberg "Studying Environmental Crime: Key Words, Acronyms and Sources of Information" 12.

wetgewing gedefinieer, onregmatig verklaar of gereguleer word.[153] Aan die ander kant kan omgewingskade vanweë die individu se innerlike gewaarwording of vanweë gemeenskapsopvattings as afkeurenswaardig beskou word, selfs al is die betrokke vorm van omgewingskade regmatig of nie in wetgewing as 'n vorm van omgewingskade geïdentifiseer word nie.[154] Bricknell[155] sluit by die vorige verduideliking van Heckenberg aan, deur te noem dat skrywers soms foutiewelik die begrippe "omgewingskade" en "omgewingsmisdaad" as sinonieme gebruik. Bricknell[156] dui aan dat "omgewingsmisdaad" wyd of eng gedefinieer kan word. Die wye definisie van "omgewingsmisdaad" bepaal dat alle omgewingskade 'n omgewingsmisdaad daarstel,[157] terwyl die eng definisie slegs onregmatige handelinge insluit wat vir strafregtelike vervolging in terme van omgewingswetgewing vatbaar is.[158] Korsell[159] definieer hierdie konseptuele uitdaging soos volg:

> [...] environmental crime faces a major problem […] The majority of environmental [harms] are legal and take place with the consent of society. It is not until environmental [harm] involves breaches of rules and permits that the question of crime can arise.

Volgens Korsell[160] is omgewingskade nie in alle gevalle vanselfsprekend 'n omgewingsmisdaad nie. Sommige handelinge wat moontlik skadelik vir die omgewing kan wees, is binne perke regmatig. Eers nadat die bepalings of toelatings van 'n handelsverbod, regulasie of 'n permit oorskry word, kan daar sprake wees van 'n omgewingsmisdaad en kan daar strafregtelik teenoor die oortreder opgetree word. Clifford en Edwards[161] stel dat indien 'n spesifieke handeling wat tot omgewingskade lei, nie in omgewingswetgewing gedefinieer is nie, is daar geen misdaad gepleeg nie.

---

153 Heckenberg "Studying Environmental Crime: Key Words, Acronyms and Sources of Information" 12.

154 Heckenberg "Studying Environmental Crime: Key Words, Acronyms and Sources of Information" 12; Sas-Rolfes ea 2019 *Annual Review of Environment and Resources* 204.

155 Bricknell *Environmental Crime in Australia* xi.

156 Bricknell *Environmental Crime in Australia* xi.

157 Sien ook White *Transnational Environmental Crime: Toward an Eco-Global Criminology* 4.

158 Bricknell *Environmental Crime in Australia* xi.

159 Korsell 2001 *Journal of Scandinavian Studies in Criminology and Crime Prevention* 133.

160 Korsell 2001 *Journal of Scandinavian Studies in Criminology and Crime Prevention* 133.

161 Clifford en Edwards "Identifying Harm and Defining Crime: Exploring the Criminalization of Environmental Issues" 104.

Voorts sou die gebruik van die benaming "omgewingsmisdaad" binne hierdie verband foutief wees, al is daar steeds omgewingskade.

Visueel kan die begrip "omgewingskade" soos verstaan vanuit groen kriminologie soos volg voorgestel word:



Figuur 1: Visuele voorstelling van die begrip "omgewingskade"

Die standpunte van groen kriminoloë word deur internasionale liggame uitgebrei. Die *Organisation for Economic Co-operation and Development*[162] definieer "omgewingsmisdaad" as

> [the] deliberate evasion of environmental laws and regulations by individuals and companies in the pursuit of personal financial benefit, where the impacts are transboundary or global […]

Hierdie definisie bepaal dat omgewingsmisdaad vanuit die doelbewuste oortreding van omgewingswetgewing en -regulasies ontstaan en dat die gevolge daarvan transnasionaal of selfs internasionaal uitkring. Dié perspektief beliggaam omvangryke

---

[162] Organisation for Economic Co-Operation and Development *Illegal Trade in Environmentally Sensitive Goods* 14.

kompleksiteite met betrekking tot skaal, omvang en inhoud aangesien die internasionale omgewingsregraamwerk byvoorbeeld in meer as 270 multilaterale omgewingsooreenkomste opgeneem is.[163] Die *Organisation for Economic Co-Operation and Development,*[164] die Internasionale Kriminele Polisie (hierna Interpol) en die *United Nations Environment Programme*[165] identifiseer vyf kernomgewingsmisdaad-areas,[166] naamlik

(a) onregmatige houtkappery en ontbossing (anders gestel: woudmisdaad);
(b) onregmatige, ongerapporteerde en ongereguleerde visserye (anders gestel: visserye misdaad of maritieme misdaad);
(c) onregmatige mynbou en mineraalontginning;
(d) onregmatige storting van en handel in gevaarlike en giftige afval asook osoon afbrekende stowwe; en
(e) die stroop van en onregmatige handel in wildspesies (anders gestel: wildmisdaad).[167]

Gevolglik kan Figuur 1 soos volg uitgebrei word:

---

163 White *Transnational Environmental Crime: Toward an Eco-Global Criminology* 5; Forni 2010 *Freedom From Fear Magazine* 34.

164 Organisation for Economic Co-Operation and Development *Illegal Trade in Environmentally Sensitive Goods* 14.

165 Internasionale Kriminele Polisie en United Nations Environment Programme *Strategic Report: Environment, Peace and Security: A Convergence of Threats* 11.

166 Sien ook Nelleman ea (reds) *The Environmental Crime Crisis: Threats to Sustainable Development from Illegal Exploitation and Trade in Wildlife and Forest Resources* 13. Die beraamde gesamentlike waarde van hierdie misdade beloop ongeveer 91 tot 259 miljard Amerikaanse dollar per jaar en neem deurlopend toe. Sien Zoï Environment Network en GRID-Arendal *Environmental Crimes* 2.

167 Die omgewingsmisdaad-areas geniet internasionale prioriteit en word na verwys in internasionale verdrae en beleide. Sien bv. (onder meer) *Convention on Biological Diversity* (1992); *Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora* (1973); *African Convention on the Conservation of Nature and Natural Resources* (2003); *SADC Protocol on Wildlife Conservation and Law Enforcement* (1999); *Convention on the Control of Transboundary Movements of Hazardous Wastes and their Disposal* (1989); *United Nations Food and Agricultural Organisation Code of Conduct for Responsible Fisheries* (1995); *Convention on the Ban of the Import into Africa and the Control of Transboundary Movement and Management of Hazardous Wastes within Africa* (1991); *Convention on the Conservation of Migratory Species of Wild Animals* (1979).



Figuur 2: Visuele voorstelling van die samehang en aaneenskakeling van die begrippe "omgewingskade" en "omgewingsmisdaad"

Hierdie proefskrif fokus op die omgewingsmisdaad-area van wildmisdaad. Die *International Consortium on Combatting Wildlife Crime*[168] definieer die begrip "wildmisdaad" aan die hand van die afsonderlike begrippe "wild" en "misdaad". Die

---

168 Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora 2017 http://bit.ly/1KXNGoY. Die *International Consortium on Combatting Wildlife Crime*, gestig in 2010, is 'n gesamentlike poging van die *Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora* se sekretariaat, die Internasionale Kriminele Polisiekommissie, die *United Nations Office on Drugs and Crime*, die Wêreldbank en die *World Customs Organisation* om aan internasionale, regionale, subregionale en nasionale wettoepassingsagentskappe bystand te bied om onregmatige aktiwiteite ten aansien van wildspesies te bekamp. Sien Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora 2017 http://bit.ly/2F4LbGG.

International Consortium on Combatting Wildlife Crime[169] definieer "wild" as alle fauna en flora, waar "fauna" gedefinieer is as alle diere, insluitende voëls en visse, en "flora" as alle plante. Glavovic[170] bepaal dat die term "wild" 'n eng interpretasie binne 'n regskonteks vereis. Volgens Glavovic[171] moet drie aspekte vasgestel word, naamlik (i) of plante en diere saam geklassifiseer kan word; (ii) of voëls, visse, reptiele en insekte as diere geklassifiseer kan word; (iii) en wat die betekenis van "wild" is. Hierdie aspekte word van naderby beskou.

Afsonderlike taalkundige, wetenskaplike en regsklassifikasies van plante en diere bestaan.[172] Taalkundige klassifikasies word in die definisies van woorde in woordeboeke gevind. Blykens die *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*[173] word "dier" gedefinieer as 'n "[l]ewende wese (behalwe [die] mens) hoër as die plant." Die definisie klassifiseer mense, diere en plante volgens afsonderlike groeperings. Die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*[174] (hierna die HAT) definieer "dier" as 'n

> [l]ewende wese wat nie tot die planteryk behoort nie, dus kan voel en beweeg, in die wydste sin toegepas op soogdiere, voëls, reptiele, insekte.

Volgens die HAT[175] sluit "diere" soogdiere, voëls, reptiele en insekte in, maar dié interpretasie kan ook varieer. Die *Cambridge Advanced Learner's Dictionary*[176] definieer "animal" as "something that lives and moves but is not a human, bird, fish, or insect." Met ander woorde, die vorige definisie beperk diere uitsluitlik tot soogdiere en moontlik reptiele, hoewel reptiele nie in die definisie ingesluit is nie. Die *Concise Oxford English Dictionary*[177] definieer "animal" as "a mammal, as opposed to a bird, reptile, fish or insect." Soortgelyk aan die vorige definisie, beperk die definisie ook diere tot soogdiere. Die afwisselende konteks waarin daar binne 'n taalkundige

---

169 Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora 2017 http://bit.ly/1KXNGoY.
170 Glavovic 1988 *South African Law Journal* 520.
171 Glavovic 1988 *South African Law Journal* 520.
172 Sien in die algemeen aangaande dié tema die omvattende bydrae in Snijders *Shifting Species In South Africa: Wildlife Policy, Rural Consequences*.
173 Labuschagne en Eksteen *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* 194.
174 Odendal en Gouws (reds) *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* 163.
175 Odendal en Gouws (reds) *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* 163.
176 McIntosh (red) *Cambridge Advanced Learner's Dictionary* 53.
177 Soanes en Stevenson (reds) *Concise Oxford English Dictionary* 51.

klassifikasie na diere verwys word, bepaal watter spesies vir ’n spesifieke gesprek tersaaklik is.

Wetenskaplike klassifikasies word deur wetenskaplikes gebruik om spesies binne spesifieke rykdomme te klassifiseer.[178] Somtyds oorvleuel ’n taalkundige klassifikasie met dié van ’n wetenskaplike klassifikasie waar dit in ’n vakkundige woordeboek vervat is. *A Dictionary of Science*[179] definieer "animal" as "[a]ny member of the kingdom *Animalia*..."[180] Volgens beide die HAT[181] en *A Dictionary of Science*[182] is ’n "plant" ’n lewende organisme wat in die grond (óf in water, óf in ander plante) met wortels geanker en deel van die ryk *Plantae* is.[183] Volgens ’n (basiese) wetenskaplike klassifikasie, maak diere dus deel uit van die afsonderlike rykdom *Animalia* en plante van die afsonderlike rykdom *Plantae*.[184]

Regsklassifikasies van diere en plante is opgeneem in, onder andere, die *International Union for Conservation of Nature* se Rooi Datalys en dienooreenkomstig die Rooi Databoeke,[185] die bylae tot die CITES, die bylae tot die *Convention on the Conservation*

---

178 Glazewski "Wild Animals, Forests and Plants" par 14.1.3.1. Beide plante en diere word wetenskaplik volgens ’n hoofgroep, klas, orde, familie, genus en spesie geklassifiseer en binomiaal benoem.

179 Daintith en Martin (reds) *A Dictionary of Science* 43.

180 Volgens wetenskaplike klassifikasie omvat die ryk *Animalia* alle veelsellige organismes wat vanuit embrio's ontwikkel het en nie in staat is om self voedsel te produseer nie, maar eerder van ander organismes of organiese materiaal lewe; dus soogdiere, voëls, reptiele en insekte. Soogdiere word volgens die ryk *Mammalia* gegroepeer en hierdie spesies deel gesamentlike eienskappe. Hierdie spesies voer hul kleintjies melk wat van melkkliere afkomstig is, hulle is (in die meeste gevalle) met pels bedek, warmbloedig en beskik oor ’n vergrote breinkapasiteit en sintuie. Hoewel die ryk *Mammalia* oor ’n komplekse biologiese indeling beskik, word drie basiese groepe van mekaar onderskei, naamlik eierlêende soogdiere (*Monotremata*), bv. die eendbekdier en mierystervark; buideldiere (*Marsupialia*), bv. die kangaroe en koala; en plasentale soogdiere (*Placentalia*) waarvan die meeste spesies deel is (agtien subgroepe word hier van mekaar onderskei). Soogdiere word gevind in diverse habitats. Die meerderheid soogdiere is landdiere, sommiges leef beide op land en in water (bv. otters, bewers, robbe en seekoeie) en sekere spesies is aan die oseane gebonde (bv. walvisse, dolfyne en lamantyne). Sien in die algemeen Kemp *The Origin and Evolution of Mammals* 8; Food and Agriculture Organization of the United Nations *Marine Mammals of the World* 1; Lubbe ea (reds) *Wêreldspektrum Volume 26* 36-39; McCudden ea (reds) *Britannica Student Encyclopedia Volume 8* 35-38; Armstrong, Jones en Wilson 2017 http://bit.ly/2F3TmTF; Mora ea 2011 *PLoS Biology*

181 Odendal en Gouws (reds) *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* 869.

182 Daintith en Martin (reds) *A Dictionary of Science* 635.

183 Sien ook Allaby (red) *A Dictionary of Plant Sciences* 346. Plante, anders as diere, beskik oor plantselwande, is onbeweeglik en toon stadige reaksie op eksterne stimulus.

184 ’n Uitgebreide bespreking van die wetenskaplike klassifikasie van plante en diere val buite die bestek van hierdie proefskrif.

185 Binne die internasionale gemeenskap is die IUCN se Rooi Datalys en Rooi Databoeke ’n waardevolle bewaringsmeganisme, maar formele regstatus word nie binne Suid-Afrikaanse wetgewing daaraan

of Migratory Species of Wild Animals (1979), die regulasies van die NEMBA[186],[187] provinsiale wetgewing[188] en plaaslike ordonnansies.[189] Hierdie regsklassifikasies behels die klassifikasie van spesies volgens hul vlak van weerloosheid of bedreigde status in die omgewing.[190] Die doel van hierdie regsklassifikasie deur die wetgewende gesag, in oorleg met wetenskaplikes en omgewingsbewaarders, is om die afname in spesiegetalle teen te werk en die optimale funksionering van ekostelsels te handhaaf.[191] 'n Regsklassifikasie van plante en diere dien dus 'n bewaringsdoel deur spesies te klassifiseer in oorleg met hul status in die omgewing.

Glavovic[192] se derde aspek is daarop gemik om te bepaal wat "wild" beteken. Die HAT[193] definieer "wild" as "[i]n die *natuurstaat*, *ongetem*, nie mak nie: [w]ilde diere."[194] *A*

---

verleen nie. Sommige aspekte daarvan is in provinsiale ordinansies herkenbaar. Kirby *A Comparative Study of the Enforcement of Environmental Law with Regard to the Conservation of Fauna and Flora in the RSA* 21 bepaal dat die IUCN Rooi Datalys en Rooi Databoeke die potensiële invloed van ontwikkeling op die welstand van plante en diere kan evalueer en aandui. Ideaal gesproke moet nasionale wetgewing die IUCN Rooi Datalys en Rooi Databoeke inkorporeer. Sien Glazewski "Wild Animals, Forests and Plants" par 14.1.3.2; Van As ea *Die Verhaal van Lewe en die Omgewing: 'n Afrika-perspektief* 414-415. Vir meer inligting oor die IUCN se Rooi Datalys en Rooi Databoeke raadpleeg die International Union for Conservation of Nature 2017 http://bit.ly/2HdopNv.

186 Sien in hierdie verband a56 van die *National Environmental Management: Biodiversity Act* 10 van 2004.

187 Sien bv. GK R151 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Lists of Critically Endangered, Endangered, Vulnerable and Protected Species*); GK R1187 in SK 30568 van 14 Desember 2007 (*Amendment of Critically Endangered, Endangered, Vulnerable and Protected Species List*).

188 Sien bv. die *Provincial Parks Board Act (Eastern Cape)* 12 van 2003; die *Eastern Cape Parks and Tourism Agency Act* 2 van 2010; die *Eastern Cape Parks and Tourism Agency Bill,* 2018; die *Northern Cape Nature Conservation Act* 9 van 2009; die *Mpumalanga Tourism and Parks Agency Act* 5 van 2005; die *Mpumalanga Nature Conservation Act* 10 van 1998; die *Mpumalanga Parks Board Act* 6 van 1995; die *Limpopo Environmental Management Act* 7 van 2003; die *Limpopo Tourism and Parks Board Act* 8van 2001; die *KwaZulu-Natal Nature Conservation Management Act* 9 van 1997.

189 Die provinsiale wetgewing moet in oorleg met die ordinansies van die vorige Suid-Afrikaanse regime gelees word. Sien bv. die *KwaZulu-Natal Nature Conservation Act* 29 van 1992; die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)* 8 van 1969; die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)* 12 van 1983; die *Nature Conservation Ordinance (Natal)* 15 van 1973; die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)* 19 van 1974; die *Transkei Environmental Conservation Decree* 9 van 1992; die *Nature Conservation Act (Ciskei)* 10 van 1987; die *Protected Areas Act (Bophuthatswana)* 24 van 1987; die *Bophuthatswana Nature Conservation Act* 3 van 1973. Sien in die algemeen Du Plessis 1995 *South African Journal of Environmental Law and Policy* 28-33; Paterson "Biodiversity" 729; Paterson "Biological Diversity" 545-547.

190 Sien a1 en 56 van die *National Environmental Management: Biodiversity Act* 10 van 2004. Sien verder Glazewski "Wild Animals, Forests and Plants" par 14.1.3.1.

191 Glazewski "Wild Animals, Forests and Plants" par 14.1.3.1.

192 Glavovic 1988 *South African Law Journal* 520.

193 Odendal en Gouws (reds) *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* 1393.

194 Eie beklemtoning.

Dictionary of Plant Sciences[195] definieer "wildlife" as "[a]ny *undomesticated* organisms […] restricted to wild animals, excluding plants."[196] 'n Kerneienskap word deur beide definisies uitgelig, naamlik dat diere "wild" is indien hulle tradisioneel ongetem is. Glavovic[197] vereis dat daar 'n verdere onderskeid getref word tussen wilde diere en huisdiere.[198] Van der Merwe en Rabie[199] bepaal dat dié onderskeid moontlik deur die opvattings van 'n spesifieke gemeenskap voorgeskryf word.[200] 'n Olifant kan byvoorbeeld in Indië as 'n huisdier (of anders gestel: 'n pakdier) beskou word, maar in Afrika word dit as 'n gevaarlike wilde dier beskou. Volgens Wyatt[201] is huisdiere[202] en vee[203] nie wilde diere nie, maar stel dat dieretuindiere, sirkusdiere[204] en diere by gespesialiseerde teelboerderye[205] inderdaad wilde diere is. Hoewel sirkusdiere byvoorbeeld in die meeste gevalle in aanhouding geteel word en deur kondisionering getem word, stem die natuurlike eienskappe, behoeftes en drange ooreen met dieselfde soort diere wat in die natuurstaat voorkom.[206] Dus bly sirkusdiere, ongeag dat hulle getem is, wilde diere.[207] In die breedste sin, verwys "wild" na diere wat in die natuurstaat voorkom, tradisioneel ongetem is, op grond van sekere kenmerke van huisdiere onderskei kan word en volgens gemeenskapsopvattings as 'n wilde dier geklassifiseer word. Vir die doeleindes van hierdie proefskrif word die term "wildspesie" deurlopend gebruik en verwys dit na alle tradisioneel ongetemde soogdiere (spesifiek landdiere), insluitend voëls en reptiele.[208]

---

195 Allaby (red) *A Dictionary of Plant Sciences* 474.
196 Eie beklemtoning.
197 Glavovic 1988 *South African Law Journal* 520.
198 Huisdiere sluit troeteldiere of selfs pakdiere in.
199 Van der Merwe en Rabie 1974 *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* 38.
200 Sien verder in hierdie verband die opmerkings van Nurse *Policing Wildlife: Perspectives on the Enforcement of Wildlife Legislation* 15.
201 Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 2.
202 Bv. honde, huiskatte, papegaaie en hamsters.
203 Bv. beeste, boerbokke, skape, hoenders en varke.
204 Bv. tiere en olifante.
205 Bv. leeuboerderye.
206 Iossa, Soulsbury en Harris 2009 *Animal Welfare* 136.
207 Harris, Iossa en Soulsbury *A Review of the Welfare of Wild Animals in Circuses* 6-7.
208 Die inkorporasie van plante, visse (insluitende maritieme soogdiere soos bv. dolfyne) en insekte val buite die bestek van hierdie proefskrif. Misdade wat fokus op dié spesies bied geleentheid vir verdere navorsing. Hierdie studie is egter beperk tot soogdiere (spesifiek landdiere), insluitende voëls en reptiele.

Die *International Consortium on Combatting Wildlife Crime*[209] beskou "misdaad" as handelinge wat in teenstelling met die bepalings van nasionale omgewingswetgewing en verbandhoudende regulasies is. Die Internasionale Kriminele Polisie[210] brei hierdie definisie verder uit deur te bepaal dat "misdaad" ook na die oortreding van bepalings van internasionale omgewingsverdrae kan verwys. Sas-Rolfes ea[211] wys daarop dat die oortredings meestal met die kommersiële uitbuiting van wildspesies verband hou. White[212] voeg by dat die aard, strekking en betekenis van "misdaad" in die meeste gevalle diep in die nasionale strafregtelike beginsels van 'n betrokke land gewortel is en dat die inhoud van die beginsels nooit staties is nie, maar eerder deurlopend deur politieke skommelinge, morele oorwegings, individuele outonomie en gemeenskapswelstand beïnvloed word. Die *International Consortium on Combatting Wildlife Crime*[213] het nie die afsonderlike definisies van "wild" en "misdaad" met mekaar vereenselwig nie en dus nie 'n koherente definisie vir die term "wildmisdaad" geformuleer nie.

Wyatt[214] beskryf "wildmisdaad" soos volg:

> [Wildlife crime is a] multi-stage […] operation which encompasses numerous activities […][215] [A] complete process […][216] [Wildlife crime is an [i]ntricate web with many commonalities, yet incredibly diverse in its structure […] occurring on a significant worldwide scale that is threatening the survival of numerous species around the globe.[217]

---

209 Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora 2017 http://bit.ly/1KXNGoY.

210 Internasionale Kriminele Polisie *Environmental Crime Programme: Strategic Plan 2009-2010* 4; Internasionale Kriminele Polisie *Environmental Crime Programme: Strategic Plan 2011-2013* 5.

211 Sas-Rolfes ea 2019 *Annual Review of Environment and Resources* 203.

212 White *Transnational Environmental Crime: Toward an Eco-Global Criminology* 4-5.

213 Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora 2017 http://bit.ly/1KXNGoY.

214 Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 2.

215 Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 2.

216 Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 6.

217 Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 7.

Volgens Wyatt[218] is wildmisdaad 'n veelvlakkige proses met 'n komplekse organisatoriese struktuur wat uit verskillende handelinge bestaan.[219] Wyatt[220] onderskei voorts tussen vier verskillende vlakke handelinge wat deel uitmaak van wildmisdaad. Sodanige handelinge sluit in:

Vlak 1: Stroop van wildspesies;
Vlak 2: Vervoer van en handel in wildspesies;
Vlak 3: Verwerking van wildspesies tot neweprodukte; en
Vlak 4: Distribusie en verkoop van wildspesies en neweprodukte aan 'n koper.[221]

Van Uhm[222] steun dié benadering deur daarop te wys dat die verskillende handelinge op 'n kontinuum geplaas kan word. Die spesifieke handelinge is identifiseerbaar, maar die reeks of volgorde waarin dit plaasvind varieer deurlopend, wat die vervolging van oortreders kan kompliseer.[223] Die uiterste punte van die kontinuum, of anders gestel die begin- en die eindpunt, is, volgens Van Uhm,[224] wel bepaalbaar. Die *United Nations Office on Drugs and Crime*[225] brei hierdie argument uit met verwysing na beide wildmisdaad sowel as woudmisdaad:

---

218 Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 2, 6-7.

219 Sien ook Biggs ea 2016 *Conservation Biology* 2; Sas-Rolfes ea 2019 *Annual Review of Environment and Resources* 203; United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 18.

220 Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 2.

221 Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 3-5. Vergelyk ook in hierdie verband Van Uhm *The Illegal Wildlife Trade: Inside the World of Poachers, Smugglers and Traders* 57 en United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 39-44 vir verdere uiteensettings van handelinge wat deel vorm van wildmisdaad.

222 Van Uhm *The Illegal Wildlife Trade: Inside the World of Poachers, Smugglers and Traders* 57.

223 Van Uhm *The Illegal Wildlife Trade: Inside the World of Poachers, Smugglers and Traders* 57.

224 Van Uhm *The Illegal Wildlife Trade: Inside the World of Poachers, Smugglers and Traders* 57.

225 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 34. Die United Nations Office on Drugs and Crime is 'n wêreldleier in die bekamping van dwelmhandel, georganiseerde misdaad, korrupsie en terrorisme. Omdat die omvang van hierdie probleme dikwels lande se kapasitiet om dit selfstandig te konfronteer oorskry, bied die *United Nations Office on Drugs and Crime* aan lande praktiese hulp en bystand aan en moedig transnasionale benaderings tot samewerkende aksie tussen lande aan. Wildmisdaad, weens die raakpunte wat dit met georganiseerde misdaad toon, word as een van die *United Nations Office on Drugs and Crime* se normatiewe prioriteitsareas geklassifiseer. Sien United Nations Office on Drugs and Crime 2020 https://bit.ly/36i2xgZ.

> Wildlife and forest crime comprises a myriad of diverse and sometimes overlapping offences from illegal logging and hunting, processing, exporting and importing, trafficking, supplying, to receiving, possessing and consuming wild fauna and flora. It also covers associated offences, such as document fraud (including fraudulent marking and stamping), money-laundering, tax evasion and corruption […] To combat wildlife and forest crime effectively, it is important to identify and define all possible offences and to enforce appropriate penalties for the complete array of offences. Identifying the many offences that constitute or contribute to wildlife and forest crime goes some way in defining the phenomenon and in articulating what wildlife and forest crime is, and – just as importantly – what it is not.

Die *United Nations Office on Drugs and Crime*[226] bepaal dat die verskillende handelinge wat deel uitmaak van wildmisdaad kan oorvleuel en dat dit nie noodwendig binne 'n spesifieke volgorde plaasvind nie.[227] Hierdie definisie dui verder aan dat wildmisdaad ook met ander misdade soos dokumentbedrog, geldwassery, belastingontduiking en

---

226 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 34.

227 Die oorgang van een handeling na 'n volgende is deur kundiges en akademici volgens verskillende benaderings ontleed en beskryf. Sien bv. Aucoin en Donnenfeld *Guns, Poison and Horns: Organised Wildlife Crime in Southern Africa* 2; Lemieux "Policing Poaching and Protecting Pachyderms: Lessons Learned from Africa's Elephants" 185-188; Lin 2005 *Singapore Year Book of International Law and Contributors* 198; McMullan en Perrier "Lobster Poaching and the Ironies of Law Enforcement" 418-420; Herbig "The Illegal Reptile Trade as a Form of Conservation Crime: A South African Criminological Investigation" 119-124; Shepherd en Magnus *Nowhere to Hide: The Trade in Sumatran Tiger* 40; Zimmerman 2003 *Vanderbilt Journal of Transnational Law* 1668; International Fund for Animal Welfare *Criminal Nature: The Global Security Implications of the Illegal Wildlife Trade 2013* 16;Felbab-Brown *The Disappearing Act: The Illicit Trade in Wildlife in Asia* 9-12; Pires en Moreto 2011 *European Journal on Criminal Policy and Research* 104; Hayman en Brack *International Environmental Crime: The Nature and Control of Environmental Black Markets Workshop Report* 7-9; World Wide Fund for Nature en Dalberg Global Development Advisors *Fighting Illicit Wildlife Trafficking: A Consultation with Governments* 11;Asia Pacific Group on Money Laundering en United Nations Office on Drugs and Crime *Enhancing the Detection, Investigation and Disruption of Illicit Financial Flows from Wildlife Crime* 13; Broad, Mulliken en Roe "The Nature and Extent of Legal and Illegal Trade in Wildlife" 15; Pires en Moreto 2015 http://bit.ly/2Cf6Ay6; Weru *Wildlife Protection and Trafficking Assessment in Kenya* 20; Van Uhm *The Illegal Wildlife Trade: Inside the World of Poachers, Smugglers and Traders* 57; Internasionale Kriminele Polisie en United Nations Environment Programme *Strategic Report: Environment, Peace and Security: A Convergence of Threats* 60; Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 3-6; Sellar 2013 http://bit.ly/2HPbW2y; Vira, Ewing en Miller *Out of Africa: Mapping the Global Trade in Illicit Elephant Ivory* 14; Moreto en Lemieux 2015 *European Journal on Criminal Policy and Research* 303-320; Pires en Clarke 2012 *Journal of Research in Crime and Delinquency* 122-146; United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 34-36; United States Agency for International Development ea *Illegal Wildlife Trade: Leadership by the Transportation and Logistics Sector* 2; Schneider 2008 *Journal of Contemporary Criminal Justice* 279; Wiersema 2017 *Journal of International Wildlife Law and Policy* 220.

korrupsie verband hou.[228] Luidens die *United Nations Office on Drugs and Crime*[229] is die identifisering van alle moontlike betrokke handelinge, sowel as die identifisering van die bogenoemde verwante misdade, deurslaggewend om wildmisdaad beter konseptueel te definieer.

'n Konseptuele definisie aan die hand van bepaalde handelinge kan moontlik die taak om te bepaal wat wildmisdaad is (of nie is nie) vergemaklik en beleidmakers en toepassingsagentskappe binne 'n beter posisie plaas om wildmisdaad op verskillende vlakke te bekamp en gepaste sanksies en boetes aan oortreders op te lê.[230] Bricknell[231] argumenteer dat indien die handelinge wat deel uitmaak van die onderskeie omgewingsmisdaad-areas (onder andere wildmisdaad) bekend is, die bestaande en potensiële omgewingskade ook met groter akkuraatheid voorspel en aangespreek kan word.

Gevolglik kan Figuur 2 soos volg uitgebrei word:

---

228 Tydens die G20 Leiersberaad gedurende Junie 2017 is die *High Level Principles on Combatting Corruption Related to Illegal Trade in Wildlife and Wildlife Products* aangeneem. Regerings het tydens die geleentheid die dringendheid beklemtoon om die verbintenisse tussen korrupsie en wildmisdaad te bespreek. Korrupsie is geïdentifiseer as 'n kernkatalisator van wildmisdaad. Die beginsels dien as 'n verwysingsraamwerk vir lande wat daarna streef om korrupsie wat verbind is met wildmisdaad te bekamp. Daar is vier hoofbeginsels geïdentifiseer wat deur subbeginsels uitgebrei word, naamlik: (i) die versterking van regsraamwerke; (ii) voorkomingsmaatreëls; (iii) effektiewe ondersoek- en vervolgingsprosedures en -sanksies; en (iv) assessering van vordering. Sien die aanhangsel van die *G20 Leaders' Declaration: Shaping an Interconnected World* (2017). Sien ook in die algemeen World Wide Fund For Nature, TRAFFIC en U4 Anti-Corruption Resource Centre *Wildlife Crime and Corruption: Options for Moving Forward*. (Die G20 is 'n internasionale forum van 19 lande se regerings (onder andere Suid-Afrika) insluitende die Europese Unie. Die G20 is in 1999 gestig met die doel om beleid rakende die bevordering van internasionale finansiële stabiliteit te bespreek. Die G20 het egter hul agenda sedert 2008 uitgebrei en hanteer nou 'n breër spektrum internasionale kwessies.)

229 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 34.

230 Sien bv. die definisie van "wildmisdaad" deur die United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 2 naamlik "the taking, trading (supplying, selling or trafficking), importing, exporting, processing, possessing, obtaining and consumption of wild fauna and flora […] in contravention of national or international law." 'n Soortgelyke definisie word onder "restricted activity" in a1 van die *National Environmental Management: Biodiversity Act* gevind.

231 Bricknell *Environmental Crime in Australia* 2.



Figuur 3: Visuele voorstelling van die samehang en aaneenskakeling van die begrippe "omgewingskade", "omgewingsmisdaad" en "wildmisdaad"

Figure 1, 2 en 3 stel die samehang en aaneenskakeling van die begrippe "omgewingskade", "omgewingsmisdaad" en "wildmisdaad" visueel voor. Die visuele voorstellings en besprekings dui aan dat een begrip se definisie binne die definisies van ander begrippe gevorm word. Daar word dus bevind dat die begrippe "omgewingskade", "omgewingsmisdaad" en "wildmisdaad" inderwaarheid begrippe is wat in mekaar genestel is. Vanuit hierdie perspektief blyk dit dat kenners eerder op

die uitbreiding van 'n breë konseptuele definisie moet fokus as om te poog om 'n klinkklare definisie van "wildmisdaad" te formuleer.

"Wildmisdaad", vir die doeleindes van hierdie proefskrif, kan dus voorlopig beskou word as:

(a) 'n area van omgewingsmisdaad;
(b) wat omgewingskade veroorsaak;
(c) uit verskillende vlakke van handelinge en verwante misdade bestaan; en
(d) wat deur internasionale verdrae en nasionale wetgewing gereguleer word of onregmatig verklaar word.

Vervolgens word die bogenoemde vlakke van handelinge wat deel uitmaak van wildmisdaad afsonderlik oorweeg en bespreek.

2.3 Verskillende vlakke van handelinge wat deel uitmaak van wildmisdaad

Die vorige bespreking wat oor 'n konseptuele definisie van "wildmisdaad" handel, het bevind dat verskillende handelinge, asook verwante misdade, deel uitmaak van wildmisdaad en dat die handelinge nie te alle tye in 'n vasgestelde volgorde plaasvind nie.[232] Vier vlakke van handelinge wat deel uitmaak van wildmisdaad is geïdentifiseer, naamlik:

Vlak 1: Stroop van wildspesies;
Vlak 2: Vervoer van en handel in wildspesies;
Vlak 3: Verwerking van wildspesies tot neweprodukte; en
Vlak 4: Distribusie en verkoop van wildspesies en neweprodukte aan 'n koper.[233]

Verwante misdade soos dokumentbedrog, geldwassery, belastingontduiking en korrupsie kom daarbenewens binne al vier vlakke voor.[234] Die handelinge word tussen

---

232 Sien 2.2 van die proefskrif.
233 Sien 2.2 van die proefskrif. Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 3-5. Vergelyk ook in hierdie verband Van Uhm *The Illegal Wildlife Trade: Inside the World of Poachers, Smugglers and Traders* 57 vir 'n verdere uiteensetting van handelinge wat deel uitmaak van wildmisdaad.
234 Sien 2.2 van die proefskrif.

die land van oorsprong (van die wildspesies), verskillende transito-punte en eindbestemmings versprei wat uitdagings vir toepassingsagentskappe skep.[235] Die vier vlakke van handelinge wat deel uitmaak van wildmisdaad betrek etlike rolspelers, individue en tussenpersone.[236] Neumann en Hirsch[237] bepaal dat

> [t]he structure of relationships between collectors, middlemen, traders and wholesalers can be highly complex, involving various elements of exploitation, risk, cooperation, collusion and resistance. The character of these relationships can shift through time, from locale to locale, and at different points along the chain.

Volgens die vorige aanhaling is die onderlinge verbintenisse tussen die rolspelers gekompliseerd en word dit deur vele fasette beïnvloed. Wittig[238] stel dit anders deur te stel dat daar ingewikkelde vertikale, sowel as horisontale, wisselwerking tussen die verskillende rolspelers plaasvind. Die rolspelers benader die omstandighede waarin wildmisdaad plaasvind pragmaties, hulle is aanpasbaar en wysig hul werkswyses, stroopmetodes, teikenmarkte, handelroetes en selfs teikenspesies volgens die veranderende omstandighede.[239]

In die volgende afdelings word elke vlak van handelinge kortliks teoreties beskryf en bespreek.[240] Die besprekings word ook met die verskillende rolspelers en verwante misdade onder elke vlak in verband gebring.[241]

---

235 Sas-Rolfes ea 2019 *Annual Review of Environment and Resources* 203 beskryf dié posisie soos volg: "Activities along so-called trade chains, from harvest to end use, are seldom universally classified as completely illegal, especially when such activities cross jurisdictional boundaries. For example, it may be illegal to harvest a particular species from one location, but not from another… Alternatively, trade in a product may be legal within certain countries but become illegal once it crosses an international border… Furthermore, harvesting and trade may be illegal in most source countries, but consumption may remain legal in critical consumer countries." Sien ook United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 34.

236 Broad, Mulliken en Roe "The Nature and Extent of Legal and Illegal Trade in Wildlife" 15; Sas-Rolfes ea 2019 *Annual Review of Environment and Resources* 206-207; Moneron, Armstrong en Newton *The People Beyond the Poaching: Interviews with Convicted Offenders in South Africa* 10-12.

237 Neumann en Hirsch *Commercialisation of Non-Timber Forest Products: Review and Analysis of Research* 64.

238 Wittig "Poaching, Wildlife Trafficking and Organised Crime" 94.

239 Broad, Mulliken en Roe "The Nature and Extent of Legal and Illegal Trade in Wildlife" 4; Moneron, Okes en Rademeyer *Pendants, Power and Pathways* 10.

240 Sien 2.3.1 tot 2.3.4 van die proefskrif.

241 Sien 2.3.1 tot 2.3.4 van die proefskrif.

2.3.1 Vlak 1: Stroop van wildspesies

Die eerste vlak van handelinge behels die stroop van wildspesies. Hübschle[242] verduidelik hoe die stroop van wildspesies van die jag van wildspesies onderskei word:

> Scholars face several dilemmas when writing about poachers and the act of poaching. The distinction between poaching and hunting, for example, is riddled with normative claims about moral and legal boundaries. Poaching is defined as 'the illegal shooting, trapping or taking of game or fish from private or public property' […] whereas hunting is socially and legally sanctioned in many jurisdictions. The definition of poaching refers to property rights, which are frequently contested when it comes to protected areas and private land […] Changes in legal definitions may render a formerly legal activity, such as subsistence hunting or the collection of medicinal plants, a criminal act […] Such legal changes may undermine cultural practices and survival strategies.

Die skrywer voorsien dat kundiges kontekstuele dilemmas in die definisie van wildstropery kan teëkom. Die fyn onderskeid tussen die stroop van wildspesies en die jag van wildspesies word deur beide morele beginsels en regsnorme gerig. Volgens die skrywer verwys die stroop van wildspesies na verskillende onregmatige handelinge teenoor wildspesies, wat binne die grense van privaat of publieke eiendom voorkom,[243] ten einde dié wildspesies lewend of dood uit hul habitat of 'n afgesperde gebied te neem.[244] Hierdie onregmatige handelinge vind hoofsaaklik op voetsoolvlak in die

---

242 Hübschle 2017 *Current Sociology* 430.

243 Regeringseiendom (of anders gestel: staatseiendom) bestaan uit grond of ander bates waaroor die regering alleen eienaarskap oor beskik (bv. paaie, dorpspleine, biblioteke en nasionale parke). Soms word na regeringseiendom verwys as "publieke eiendom". Hoewel daar na dié eiendom verwys word as "publieke eiendom", beteken dit nie dat alle landsburgers (lede van die publiek) vrylik toegang tot of gebruik van die grond of ander bates kan geniet nie. Daar word byvoorbeeld sekere beperkings geplaas op die toegang tot en verbruik van natuurlike hulpbronne in nasionale parke of op die gebruik van hulpbronne in 'n biblioteek. Sien Du Plessis *Borkowski's Textbook on Roman Law* 156-158; Nicholas *An Introduction to Roman Law* 130-131; Van Zyl *Geskiedenis en Beginsels van die Romeinse Privaatreg* 121-123, 148; Thomas, van der Merwe en Stoop *Historiese Grondslae van die Suid-Afrikaanse Privaatreg* 156-157, 193-194; Badenhorst, Pienaar en Mostert *Silberberg and Schoeman's The Law of Property* 25-30, 32-33; Hayes 2019 https://bit.ly/3bsSkRj.

244 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 39; Sellar *The UN's Lone Ranger: Combatting International Wildlife Crime* 16. In sommige gevalle word 'n wildspesie deur wildstropers gestroop om slegs 'n spesifieke ledemaat of orgaan te bekom waarna die karkas van die wildspesie agtergelaat word. Renosters word byvoorbeeld in meeste gevalle gestroop met die doel om hul horings te bekom, en die karkas dien geen ander doel vir die wildstroper nie. Somtyds behels wildstropery die deurlopende versameling of oes van wildspesies uit hul natuurlike omgewing gedurende 'n spesifieke seisoen of tydperk. Sien Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 3. In dié gevalle word wildspesies meestal met voedsel gelok en in nette of vanghokke vasgekeer waarna hulle lewend na 'n aanhoudings- of verwerkingsfasiliteit geneem word. Wildspesies se kleintjies en eiers word veral geteiken aangesien die kleintjies maklik gevang en eiers maklik vervoer kan word. Sien Van Uhm *The Illegal Wildlife Trade: Inside the World of Poachers, Smugglers and Traders* 173-174;

wildspesies se land van oorsprong plaas.[245] Die jag van wildspesies verwys óók na handelinge om wildspesies te vang of te dood, maar dié handelinge word sosiaal en regtens geoorloof.[246] Die onregmatigheid van die stroop van wildspesies bring verskeie kwessies betreffende regte in eiendom na vore en kan selfs gemeenskappe se handelinge beperk of verbied om daaglikse voedsel en medisinale plante te bekom of om hul tradisionele, kulturele of religieuse gebruike en gewoontes uit te leef.[247]

Wildspesies wat ten prooi van wildmisdaad val, word deur verskillende wildstropers, naamlik bestaansjagters, georganiseerde misdaadgroepe[248] en professionele jagters geteiken en in baie gevalle aan onregmatige markte verskaf.[249] Sommige wildstropers werk geïsoleerd op 'n primitiewe wyse,[250] terwyl ander wildstropers op 'n gespesialiseerde wyse funksioneer.[251] Elkeen van dié rolspelers se bedrywighede kan druk op biodiversiteit plaas.[252] Indien regmatige en onregmatige handelinge en bedrywighede vermeng raak, skep dit groot uitdagings vir regerings om wildmisdaad

---

Nelleman, Redmond en Refisch (reds) *The Last Stand of the Gorilla – Environmental Crime and Conflict in the Congo Basin* 54; Moulton en Sanderson *Wildlife Issues in a Changing World* 239; Dingfei 2014 http://bit.ly/2FQHFzd. Papegaaie, reptiele en primate word vernaam versamel en lewend uit hul natuurlike omgewing geneem vir die eksotiese troeteldierbedryf. Sien Moulton en Sanderson *Wildlife Issues in a Changing World* 235; United Nations Office on Drugs and Crime *Environmental Crime: The Trafficking of Wildlife and Timber* 1. Sommige groot kat- en beerspesies word lewend uit hul omgewing geneem om te gebruik in sirkusse. Sien Internasionale Kriminele Polisie en United Nations Environment Programme *Strategic Report: Environment, Peace and Security: A Convergence of Threats* 42-43. Daar is bevind dat die oes van wildspesies toeneem wanneer die wildspesie 'n spesifieke kenmerk toon, soos byvoorbeeld gedurende winter (vir winterpelse), in die seisoen wanneer wildspesies eiers lê, in tye wanneer kleintjies gebore word; in voëlspesies se broeityd of wanneer dit migrasieseisoen is. Sien Kirby ea 2008 *Bird Conservation International* 49.

245 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 35.

246 Hübschle 2017 *Current Sociology* 430.

247 Hübschle 2017 *Current Sociology* 430. Sien 3.2.2 van die proefskrif.

248 Anders gestel: "organized criminal group". Georganiseerde misdaadgroepe se betrokkenheid en belang in wildmisdaad word toenemend deur wêreldleiers en ander kenners erken. Sien die *Declaration of the London Conference on the Illegal Wildlife Trade* (2018) waar 80 lande, insluitende Suid-Afrika, wildmisdaad as 'n ernstige misdaad erken waarby georganiseerde misdaadgroepe betrokke is. Georganiseerde misdaadgroepe kan lede op elke vlak van wildmisdaad as verteenwoordigers hê wat verskillende handelinge namens die groep verrig. Sien verder 2.3.2 – 2.3.4 en 2.6.2 -2.6.3 van die proefskrif.

249 Asia Pacific Group on Money Laundering en United Nations Office on Drugs and Crime *Enhancing the Detection, Investigation and Disruption of Illicit Financial Flows from Wildlife Crime* 13.

250 Bv. bestaansjagters.

251 Bv. georganiseerde misdagroepe en professionele jagters. Sien Van Uhm *The Illegal Wildlife Trade: Inside the World of Poachers, Smugglers and Traders* 57.

252 Dutton ea "Tackling Unsustainable Wildlife Trade" 74.

te bekamp.[253] Die stroopmetode, werkswyse en toerusting wat deur die wildstropers gebruik word, word deur die soort teikenwildspesie, die wildstroper se vlak van organisering en die betrokke doel van die wildspesie bepaal.[254] Vervolgens word die verskillende wildstropers se bydrae tot wildmisdaad oorsigtelik oorweeg.

Talle bestaansjagters wat in die land van oorsprong (van die wildspesies) woonagtig is, maak op die stroop van wildspesies staat om bosvleis ("bush meat") aan hul huishoudings vir voedsel te voorsien.[255] Buiten die huishoudelike gebruik van bosvleis as voedsel, gebruik bestaansjagters bosvleis as 'n handelsartikel of ruilmiddel om ander kommoditeite te bekom of bied hul vaardighede vir ander wildstropers aan in

---

253 Regmatige handelinge word deur wetgewing veroorloof en gereguleer, terwyl onregmatige handelinge meestal op die onvolhoubare uitbuiting van bewaarde of bedreigde wildspesies berus, met die doel om onregmatige kommersiële markte van dié wildspesies en hul neweprodukte te voorsien. Sien Muth en Bowe 1998 *Society and Natural Resources* 11; Tensen 2016 *Global Ecology and Conservation* 286-298; Challender, Harrop en MacMillan 2015 *Global Ecology and Conservation* 144; Falck *Farmers Weekly* 38-40; Damania en Bulte 2007 *Ecological Economics* 462.United Nations Office on Drugs and Crime *World Wildlife Crime Report: Trafficking in Protected Species* 17; Moulton en Sanderson *Wildlife Issues in a Changing World* 244-245. Onderlinge infiltrasie van regmatige en onregmatige markte kan byvoorbeeld plaasvind indien internasionale regulering ontbreek (indien die betrokke wildspesie byvoorbeeld nie in terme van CITES gelys is nie); indien nasionale handel in die wildspesie geoorloof is; indien wildspesies wat in aanhouding geteel is gebruik word om wildspesies van 'n ander oorsprong te verdoesel; indien verskillende wildspesies en subspesies moeilik onderskeidbaar is; of indien vervalste of onjuiste dokumentasie gebruik word. Die verbintenis tussen "geblikte" wildspesies (ook bekend as "put-and-take hunting") en georganiseerde misdaad dien as voorbeeld. Dutton ea "Tackling Unsustainable Wildlife Trade" 84 asook Gratwicke ea 2008 *Conservation Biology* 222 bepaal dat wildspesies wat in aanhouding geteel word nie van wildspesies wat elders deur wildstropers gestroop is onderskei kan word nie. Dit lei daartoe dat regmatige en onregmatige handelinge vermeng raak en dat die regmatige "geblikte" wildspesies in baie gevalle as 'n rookskerm vir die handel in gestroopte wildspesies dien en dienooreenkomstig onregmatige markte van wildspesies voorsien. Sien ook Sas-Rolfes ea 2019 *Annual Review of Environment and Resources* 207.

254 Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 3; Van Uhm *The Illegal Wildlife Trade: Inside the World of Poachers, Smugglers and Traders* 57.

255 Pearce 2005 *Conservation in Practice* 117 bepaal dat bosvleis 80% van Afrika-gemeenskappe se proteïeninname uitmaak en dat gemeenskappe selfs swaarder daarop steun in tye van voedselskaarste en droogtes. Sien Van Uhm *The Illegal Wildlife Trade: Inside the World of Poachers, Smugglers and Traders* 57; Lindsey ea 2011 *Oryx* 84, 88; Lindsey ea 2013 *Biological Conservation* 87; Barnett *Food for Thought: The Utilisation of Wild Meat in Eastern and Southern Africa* 21, 24. Van Vliet 2015 http://bit.ly/2BNws3n; Davies ea "Hunting and Trapping in Gola Forests, South-Eastern Sierra Leone: Bushmeat from Farm, Fallow and Forest" 15; Bowen-Jones, Brown en Robinson 2003 *Area* 391; International Union of Forest Research Organisations *Glossary of Wildlife Management Terms and Definitions* 7-8; *Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora: Bushmeat as a Trade and Wildlife Management Issue* (2000) 1; Bair-Brake ea 2014 *Zoonoses and Public Health* 97.

ruil vir 'n inkomste.[256] Milner-Gulland[257] bestempel die bosvleisbedryf as 'n natuurbewaringskrisis aangesien spesifieke wildspesies wat onder plaaslike gemeenskappe (asook ander verbruikers) gesog is, teen 'n onvolhoubare tempo gestroop word en selfs op die punt van uitsterwing staan.[258] Bestaansjagters se stroopmetode is meestal primitief, dog doeltreffend.[259] Phelps, Biggs en Webb[260] bepaal dat sommige bestaansjagters opportunisties is en wildspesies op 'n meevaller-basis stroop as die geleentheidsig voordoen en die wildspesie op 'n gegewe tydstip beskikbaar is. Mens-wildspesie-konflik dra ook tot dié natuurbewaringkrisis by.[261] In sommige gevalle veroorsaak mens-wildspesie-konflik dat gemeenskappe, en veral

---

256 Eves "The Bushmeat Trade in Africa: Conflict, Consensus, and Collaboration" 143; Bowen-Jones, Brown en Robinson 2003 *Area* 391; Nasi ea *Conservation and Use of Wildlife-Based Resources: The Bushmeat Crisis* 13; Knapp 2018 http://bit.ly/38QSb8G; Knapp 2012 *Tropical Conservation Science* 435-437.

257 Milner-Gulland "Developing a Framework for Assessing the Sustainability of Bushmeat Hunting" 295.

258 Ling, Kümpel en Albrechtsen 2002 *Oryx* 330; Bowen-Jones, Brown en Robinson 2003 *Area* 390; White *Transnational Environmental Crime: Toward an Eco-Global Criminology* 55. Sien Nelleman ea (reds) *The Environmental Crime Crisis: Threats to Sustainable Development from Illegal Exploitation and Trade in Wildlife and Forest Resources* 24 (wat op die werk van Redmond ea *Recipes for Survival: Controlling the Bushmeat Trade* 25-43 uitbrei) vir 'n gedetailleerde visuele voorstelling van die onderliggende sosio-ekonomiese faktore wat tot die onregmatige handel in bosvleis bydra. Duffy en St John *Poverty, Poaching and Trafficking: What are the Links?* 2 stel dat die stroop van wildspesies vir bosvleis progressief van 'n kleinskaalse informele bedryf in 'n grootskaalse kommersiële bedryf ontluik wat ander wildstropers en verbruikers lok en nie meer deur kontinentale grense ingeperk word nie. Volgens Lindsey ea 2013 *Biological Conservation* 87-88 bestaan daar globaal 'n verhoogde vraag na bosvleis en stel dat "[s]uch demand is driving increased commercialisation of [the bushmeat] trade, greater numbers of hunters, erosion of traditional hunting seasons and taboos (which meant that certain species were spared in some areas and that some cultures eschewed hunting), and the adoption of more effective hunting techniques, placing unprecedented pressure on wildlife populations." Groot hoeveelhede bosvleis word jaarliks na Europa en die Verenigde State van Amerika uitgevoer wat verder op die toenemende kommersialisering van die bosvleisbedryf dui. Sien in hierdie verband Chaber ea 2012 *Conservation Letters* 321, Bair-Brake ea 2014 *Zoonoses and Public Health* 98; Goldman 2007 http://abcn.ws/2EX1ojB. Die ware omvang en skaal daarvan is egter nog onbepaald. Sien World Association of Zoos and Aquariums *Building a Future for Wildlife: The World Zoo and Aquarium Conservation Strategy* 67, Bowen-Jones en Pendry 1999 *Oryx* 233; Barnett *Food for Thought: The Utilisation of Wild Meat in Eastern and Southern Africa* 20. Milner-Gulland ea 2003 *Trends in Ecology and Evolution* 352 bepaal egter dat die term "wildsvleis" in stede van "bosvleis" gebruik moet word. In die algemeen word bosvleis met onvolhoubare vlakke van bestaansjag geassosieer (waar plaaslike gemeenskapslede wildspesie vir voedsel stroop), terwyl daar jaarliks op 'n kommersiële vlak met verskeie ander wildspesies onregmatig handel gedryf word vir die gebruik van hul vleis. Hierdie bevinding is in ooreenstemming met die besluit van die *International Union for Conservation of Nature: The Unsustainable Commercial Trade in Wild Meat* (2000) dat die term "wildsvleis" meer universeel gepas is vir gesprekke van dié aard.

259 Van Uhm *The Illegal Wildlife Trade: Inside the World of Poachers, Smugglers and Traders* 57.

260 Phelps, Biggs en Webb 2016 *Frontiers in Ecology and the Environment* 4.

261 Conrad 2012 *Tropical Conservation Science* 250-251.

bestaansboere wildspesies wat 'n gevaar vir hulle persoonlike sekuriteit, eiendom, gewasse en vee inhou, doodmaak.[262] Volgens Saif en MacMillian[263] is bestaansjagters besonder vertroud met die omgewing waar die wildspesies natuurlik voorkom, wat aan hulle 'n voorsprong bo ander wildstropers gee.[264] Bestaansjagters, meestal aangrensend tot bewaringsgebiede, se omgewingskennis en opportunisme maak dit besonder aanloklik vir georganiseerde misdaadgroepe om hulle by georganiseerde misdaad te betrek.[265]

Georganiseerde misdaadgroepe is meestal geïnteresseerd in die ekonomiese voordeel wat wildmisdaad inhou en fokus op die grootskaalse stroop van wildspesies vir 'n

---

262 Verwys in hierdie verband na die voorbeeld van mens-wildspesie-konflik tussen bestaansboere en olifante in Botswana in Bearak 2019 https://wapo.st/2FyWRTi. (Ook bekend as ongediertes (*vermin*) of skadeveroorsakende diere (*damage-causing animals*).) Sien Hodkinson ea *Predators and Farmers* 4; Muth en Bowe 1998 *Society and Natural Resources* 17. Hierdie soort konflik kom voor indien die "behoeftes en gedrag van wildspesies 'n negatiewe impak op mense se bestaansdoelwitte het of indien dié bestaansdoelwitte wildspesies se behoeftes negatief beïnvloed." International Union for Conservation of Nature *Benefits Beyond Boundaries: Proceedings of the 5th IUCN World Parks Congress* 185; Cape Nature *Grondeienaarsgids: Konflik Tussen die Mens en Wilde Diere* 1. AK 749 in SK 40412 van 10 November 2016 (*Norms and Standards for the Management of Damage-Causing Animals in South Africa*) definieer 'n "skadeveroorsakende wildspesie" as een dier of 'n groep diere wat in stryd met menslike aktiwiteite kom en aansienlike skade aan vee, plantasies, gewasse of ander eiendom veroorsaak of menslike lewe bedreig. Lamarque ea *Human-Wildlife Conflict in Africa: Causes, Consequences and Management Strategies* 1 sonder sekere wildspesies uit, naamlik "the larger herbivores (elephants, buffalo and hippopotamus), large mammalian carnivores (lions, leopards, cheetahs, spotted hyenas and wild dogs), and crocodiles are traditionally seen as the animals representing the greatest threat to humans and responsible for the majority of human-wildlife conflicts." Mens-wildspesie-konflik hou katastrofiese gevolge vir mense en wildspesies in, byvoorbeeld lewensverliese en 'n verdere afname in die getalle van bedreigde, kwesbare of beskermde wildspesies. Sien Lamarque ea *Human-Wildlife Conflict in Africa: Causes, Consequences and Management Strategies* 5-7. Sien bv. GK R151 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Lists of Critically Endangered, Endangered, Vulnerable and Protected Species*). Die Afrika-wildehond is as 'n bedreigde wildspesie gelys. Die jagluiperd, luiperd en leeu is as kwesbare wildspesies gelys. Die Nylkrokodil, Afrika-olifant, gevlekte hiëna en bruin hiëna (ook bekend as die Kaapse hiëna of die strandjut) is as beskermde wildspesies gelys. Sien ook bv. Branco ea 2019 *Conservation Letters* 1-8 waar kontemporêre tegnologiese metodes in samewerking met gemeenskapsgebaseerde inisiatiewe gebruik word om mens-wildspesie-konflik ten opsigte van bewaringsgebiede te bekamp.

263 Saif en MacMillan "Poaching, Trade, and Consumption of Tiger Parts in the Bangladesh Sundarbans" 19.

264 Conrad 2012 *Tropical Conservation Science* 250 voeg by dat bestaansjagters meestal onseker is oor watter regte in eiendom hulle beskik. Die onsekerheid lei daartoe dat wildspesies op publieke grond gestroop word, omdat bestaansjagters onder die indruk is dat dié wildspesies aan geen eiendomsreg onderhewig is nie. Sien die bespreking aangaande gemenegoed in 3.2.2 van die proefskrif.

265 Phelps, Biggs en Webb 2016 *Frontiers in Ecology and the Environment* 4; Haas en Ferreira 2016 *PLoS ONE* 1.

spesifieke doel of neweproduk.[266] Deur bestaansjagters van beter toerusting te voorsien en hul verbeterde tegnieke aan te leer, stel dit georganiseerde misdaadgroepe in staat om hul onregmatige bedrywighede op voetsoolvlak uit te brei en 'n wyer verskeidenheid wildspesies op 'n groter skaal te stroop.[267] In dié geval word stropery deur die lede van georganiseerde misdaadgroepe gefasiliteer[268] terwyl bestaansjagters (of selfs ander gemeenskapslede) dit op voetsoolvlak uitvoer in ruil vir 'n beskeie besoldiging.[269]

Volgens Cadman[270] word draadstrikke meestal in Suid-Afrika gebruik om wildspesies te stroop, gevolg deur die gebruik van vuurwapens.[271] Draadstrikke is relatief goedkoop aangesien die materiale waarvan dit gemaak word vrylik beskikbaar is.[272]

---

266 Muth en Bowe 1998 *Society and Natural Resources* 14; Cooney *Commercial and Sustainable Use of Wildlife -Suggestions to Improve Conservation, Land Management and Rural Economies* vi; Brymer 1991 *Anthropologica* 179.

267 Internasionale Kriminele Polisie en United Nations Environment Programme *Strategic Report: Environment, Peace and Security: A Convergence of Threats* 59.

268 Die georganiseerde misdaadgroep verskaf byvoorbeeld die nodige toerusting en wapens aan die bestaansjagters om die wildstropery van wildspesies uit te voer.

269 Abernethy ea 2013 *Philosophical Transactions of the Royal Society* 3; Van Vliet ea "Meat from the Wild: Extractive uses of Wildlife and Alternatives for Sustainability" 234-235; Stiles 2011 *Pachyderm* 33.

270 Cadman *Consuming Wild Life: The Illegal Exploitation of Wild Animals In South Africa, Zimbabwe and Zambia* 13.

271 Draadstrikke kan gebruik word om verskeie spesies, wat varieer in grootte, te vang wat moontlik 'n rede is waarom dit so 'n gesogte stroopmetode onder wildstropers is. Sien ook Noss 1998 *Conservation Biology* 391; Noss "Cable Snares and Nets in the Central African Republic" 286; Everatt, Kokes en Lopez Pereira 2019 *Biodiversity and Conservation* 4099.

272 Lindsey ea 2011 *Oryx* 108. Enige draad of kabels soos binddraad, doringdraad, telefoondraad, elektriese kabels en selfs nylontou word gebruik om draadstrikke te maak. Wildstropers maak 'n skuiflus van draad en knoop dit vas aan 'n boom in die omgewing waar die teikenwildspesie algemeen voorkom. Die wildspesie se poot of kop raak in die skuiflus verstrik. Die dier word vir die wildstropers vasgekeer om lewend te neem, dood te skiet (met 'n vuurwapen), dood te kap (met 'n panga) of dood te slaan (met stokke). Harris 2013 http://bit.ly/2BZqI7w; Food and Agriculture Organisation of the United Nations *Illegal Hunting and the Bush-Meat Trade in Savanna Africa: Drivers, Impacts and Solutions to Address the Problem* 20; Lindsey ea 2011 *Oryx* 96.; Hofer ea "The Impact of Game Meat Hunting on Target and Non-Target Species in the Serengeti" 124. Owerhede van bewaringsgebiede en nasionale parke moet daarteen waak dat grensdrade nie deur wildstropers gebruik word om draadstrikke te maak nie. Masinga 2018 http://bit.ly/2ETSOTo doen verslag dat die Kruger Nasionale Park sedert 2016 noemenswaardige sukses met 'n gemeenskapsgebaseerde grensdraadmoniteringsinisiatief behaal. Die gebruik van draadstrikke is 'n willekeurige stroopmetode, aangesien die draadstrik enige wildspesie, afgesien van die teikenwildspesie, in 'n spesifieke gebied kan vang. Noss 1998 *Conservation Biology* 391 asook Noss 1998 *Environmental Conservation* 228 meen dat draadstrikke 'n vermorsende stroopmetode is, aangesien sommige verstrikte wildspesies nooit deurwildstropers geapporteer word nie en ander wildspesies (anders as die teikenwildspesie) noodlottig as 'n byvangs in die draadstrikke verstrik kan raak. Sien verder Food and Agriculture Organisation of the United Nations *Illegal Hunting and*

Ander stroopmetodes wat wildstropers gebruik is valkuile,[273] jaghonde,[274] slagysters,[275] pyle en boë, spiese[276] gif[277] en gomlokvalle.[278] Sommige wildstropers gebruik ook gesofistikeerde toerusting soos swaar kaliber ammunisie, militêre wapens, knaldempers, nagsigtoerusting en verdowingspyle in kombinasie met georganiseerde militêre taktieke en lugwaarnemings by wyse van helikopters.[279] Hierdie benadering

---

the Bush-Meat Trade in Savanna Africa: Drivers, Impacts and Solutions to Address the Problem 20; Phelps, Biggs en Webb 2016 *Frontiers in Ecology and the Environment* 5.

273 Wildstropers grou valkuile in die grond en bedek dit met plantegroei om wildspesies vas te keer. Die teikenwildspesies word deur die wildstropers in die rigting van die valkuil gejaag of gelok, waarna die wildspesies in die valkuil val. Sien The Encyclopedia of Earth 2007 http://bit.ly/2EKa0tw; Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 3; Lindsey en Bento *Illegal Hunting and the Bushmeat Trade in Central Mozambique* 61.

274 Die jaghonde word grotendeels gebruik om die wildspesies te verskrik en in die rigting van strikke, valkuile of nette te jaag. Sien Lindsey ea 2011 *Oryx* 96; Lindsey ea 2011 *Oryx* 87; Jackmann 2008 *Biological Conservation* 1911; Food and Agriculture Organisation of the United Nations *Illegal Hunting and the Bush-Meat Trade in Savanna Africa: Drivers, Impacts and Solutions to Address the Problem* 21; Cadman *Consuming Wild Life: The Illegal Exploitation of Wild Animals In South Africa, Zimbabwe and Zambia* 13.

275 'n Slagyster (anders gestel: "gin trap") is 'n meganiese ystertoestel met skerp saagagtige veergedrewe kake wat gebruik word om wildspesies te vang. Sien Cadman *Consuming Wild Life: The Illegal Exploitation of Wild Animals In South Africa, Zimbabwe and Zambia* 14; Lindsey en Bento *Illegal Hunting and the Bushmeat Trade in Central Mozambique* 18-19; Westcott 2017 http://bit.ly/2EuO5Y4; Landmark Foundation 2017 http://bit.ly/2GfLqOe.

276 Meer tradisionele jagmetodes soos die gebruik van 'n pyl en boog en spiese word steeds deur wildstropers gebruik. Die pyle, boë, en spiese word van natuurlike materiale gemaak en by tye doop die wildstropers die punte van die pyle en spiese in gif. Sien Cuevas 2017 https://bit.ly/3nFp52q; The Encyclopedia of Earth 2007 http://bit.ly/2EKa0tw.

277 Somtyds maak wildstropers van gif gebruik om wildspesies te stroop, byvoorbeeld die vergiftiging van watergate. Gif is relatief goedkoop en besonder effektief vir die stroop van wildspesies omdat dit regmatig deur wildstropers bekom kan word en 'n geruislose manier is om wildspesies te stroop. Die gebruik van gif om wildspesies mee te stroop het fatale gevolge op ekostelsels, aangesien talle aasvreters, wat aan die vergiftigde karkas vreet, ook in die proses doodgaan. Aasvreters sluit onder andere aasvoëls, hiënas, jakkalse, uile, arende, valke en kraaie in. Sien Food and Agriculture Organisation of the United Nations *Illegal Hunting and the Bush-Meat Trade in Savanna Africa: Drivers, Impacts and Solutions to Address the Problem* 21; Ogada 2014 https://bit.ly/3nE4A6m; Ogada 2014 *Annals of the New York Academy of Sciences* 1-20; Ogada, Botha en Shaw 2015 *Oryx* 1-4; Internasionale Kriminele Polisie en United Nations Environment Programme *Strategic Report: Environment, Peace and Security: A Convergence of Threats* 41,70; Patrick *The Herald* 4; Everatt, Kokes en Lopez Pereira 2019 *Biodiversity and Conservation* 4099.

278 Lokvalle wat met gom besmeer is (in sommige gevalle smeer wildstropers gom aan boomtakke), is 'n algemene stroopmetode vir wildstropers wat voëlspesies teiken. Ook bekend as voëllym. Sien Vidal 2015 http://bit.ly/2C07KgU.

279 Carlson, Wright en Dönges "In the Line of Fire: Elephant and Rhino Poaching in Africa" 7, 18; Lindsey en Bento *Illegal Hunting and the Bushmeat Trade in Central Mozambique* 19; Internasionale Kriminele Polisie en United Nations Environment Programme *Strategic Report: Environment, Peace and Security: A Convergence of Threats* 42; The Economist 2010 http://econ.st/2o29pKb; Wyler en Sheikh *International Illegal Trade in Wildlife: Threats and U.S. Policy 2013* 9; Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 3. Verskeie vuurwapens en ammunisie word vir dié doel ingespan, onder andere outomatiese militêre gewere (byvoorbeeld die AK-47 en die Vektor R4), haelgewere, voorlaaiers

stel wildstropers in staat om verskeie groter wildspesies, soos olifante, renosters, buffels en leeus op 'n georganiseerde wyse te stroop, hetsy te voet, per voertuig of vanuit die lug met helikopters.[280]

Trofeejag[281] is die jag van wildspesies wat oor spesifieke voorkoms-eienskappe beskik deur professionele jagters.[282] Die professionele jagter wil gewoonlik die wildspesie se karkas, of dele daarvan, as 'n jagtrofee bekom as deel van 'n groter jagversameling of

---

('n outydse geweer wat aan die voorkant van die loop gelaai word), jaggewere, handwapens, handgranate en pylgewere. Verdowingspyle word gebruik om wildspesies tydelik te bedwelm en bewusteloos te maak sodat die wildstropers byvoorbeeld slegs 'n renoster se horing of 'n olifant se tande kan afsaag.

280 Opongo *Regional Report on the Nexus Between Poaching and Proliferation of Illicit Small Arms and Light Weapons* 3; The Economist 2010 http://econ.st/2o29pKb.

281 Staan ook soms as "sportjag" bekend.

282 Trofeejag is 'n regmatige, hoogs winsgewende toerisme-aktiwiteit wat gedryf word deur professionele jagters se drang om 'n spesifieke jagtrofee (selfs kritiek bedreigde, bedreigde, kwesbare en beskermde wildspesies) met hoë estetiese waarde te bekom. Die regering kan toestemming aan professionele jagters verleen om spesifieke wildspesies te jag deur middel van die uitreiking van jagpermitte, jagkonsessies en jaglisensies. ('n Spesiale jagpermit vir wildspesies wat op CITES Bylaag I of II gelys is, óf 'n bedreigde- of bewaardespesiejagpermit (anders gestel: 'n *threatened or protected species* (TOPS)-jagpermit) vir die jag van wildspesies wat onder die TOPS-regulasies gelys is, word in meeste gevalle benodig.) Trofeejagekspedisies vind onder die toesig van jaguitrusters (anders gestel: "hunting outfitter"), 'n ervare buitelewe- en jaggids wat professionele jagters op georganiseerde jagtoere begelei), omgewingsagentskappe, 'n beskermde gebied se owerhede, inheemse of plaaslike gemeenskapsliggame (in die geval van kommunale grond) of privaat grondeienaars, plaas. Die professionele jagters kan internasionale besoekers insluit wat gewoonlik 'n fooi aan 'n jaguitruster vir 'n jagervaring van 'n spesifieke wildspesie betaal. Dit is 'n groot bedryf waaruit menige rolspelers voordeel geniet, onder andere die regering, konsessiehouer (jaguitruster), ekspedisieorganiseerder; reisagentskap, die ekspedisiegids en ondersteuningsgidse (bv. spoorsnyers). Suid-Afrika beskik oor een van die grootste trofeejagbedrywe ter wêreld gemeet aan die hoeveelheid jaguitrusters, getal besoekende jagters, aantal wildspesies gejag en die inkomste wat daaruit gegenereer is. Die International Fund for Animal Welfare *Killing for Trophies: An Analysis of Global Trophy Hunting Trade* 44-45 bevestig dié bevinding deur te stel dat Suid-Afrika sedert 2004 die voorste uitvoerder van jagtrofees is. Van die mees gesogte inheemse wildspesies in hierdie verband sluit onder andere die Afrika-leeu, rooikat, bobbejaan, Afrika-olifant, Nylkrokodil, luiperd, suidelike witrenoster, Afrika-buffel en seekoei in. Nietemin is dit moeilik om te bepaal presies hoeveel wildspesies vir die trofeejagbedryf gejag word, aangesien die *Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora* (1973) se databasis rekord hou van die aantal jagtrofees wat in- en uitgevoer word in stede van die aantal wildspesies wat gejag is. Sien in die algemeen International Union for Conservation of Nature Protected Area Programme *Big Game Hunting in West Africa: What is its Contribution to Conservation* 26-27; Lindsey, Roulet en Romañach 2007 *Biological Conservation* 457; International Fund for Animal Welfare *Killing for Trophies: An Analysis of Global Trophy Hunting Trade* 44-45; Humane Society International en The Humane Society of the United States *Trophy Hunting by the Numbers: The United States' Role in global Trophy Hunting* 5; Macdonald *Report on Lion Conservation with Particular Respect to the Issue of Trophy Hunting* 11; Barnett en Patterson *Sport Hunting in the Southern African Development Community (SADC) Region: An Overview* 2; Cooney ea 2017 *Unasylva* 4; Van Vliet ea "Meat from the Wild: Extractive uses of Wildlife and Alternatives for Sustainability" 231; International Union for Conservation of Nature *Informing Decisions on Trophy Hunting* 3.

om uit te stal as 'n herinnering aan die jagervaring.[283] Professionele jagters beskou hulself as naturaliste en omgewingsbewaarders wat deur verantwoordelike handelinge en regmatige optrede 'n belangrike rol in kontemporêre natuurbewaring speel.[284]

---

283 International Fund for Animal Welfare *Killing for Trophies: An Analysis of Global Trophy Hunting Trade* 6, 46; International Union for Conservation of Nature *Informing Decisions on Trophy Hunting* 1; Humane Society International en The Humane Society of the United States *Trophy Hunting by the Numbers: The United States' Role in global Trophy Hunting* 2. Jagtrofees is gewoonlik die horings, tande, kop, kloue en huide (velle of pelse) van die dier wat die jagter hou as 'n aandenking van die jagervaring. Professionele jagters maak dikwels van taksidermie gebruik om die dierhuide kunsmatig in 'n natuurlike posisie te bewaar. Trofeejag moet van die jag van "geblikte" wildspesies onderskei word. Die jag van "geblikte" wildspesies verwys na die jag van wildspesies wat in aanhouding geteel word en binne onnatuurlike omstandighede gejag word waar die jagter die voorrang geniet. Ander verskille tussen die jag van "geblikte" leeus en wilde leeus is (a) "geblikte" leeus het laer pryse; (b) die jagter is van 'n trofee gewaarborg, aangesien die leeu in 'n kleiner afgebakende gebied voorkom; (c) "geblikte" leeus lewer fisiek groter trofees as wilde leeus; en (d) "geblikte" leeus se pelse is esteties-gesproke minder geskend (in vergelyking met dié van wilde leeus). Suid-Afrika het in die afgelope paar jaar wêreldwye bekendheid verwerf vir die groot aantal leeus wat in aanhouding geteel word. Volgens die *African Lion Biodiversity Plan,* sien AK 351 in SK 38706 van 17 April 2015 is daar ongeveer 200 leeutelingfasiliteite in Suid-Afrika wat tans 'n geskatte aantal van 6 000 tot 8 000 leeus aanhou. Sien in die algemeen EMS Foundation en Ban Animal Trading *The Extinction Business: South Africa's Lion Bone Trade*. "Geblikte" leeujag word verbind met onetiese jagmetodes soos die jag van 'n leeu onder die invloed van 'n verdowingsmiddel; deur uitlokking met buit; deur die leeu vas te keer teen grensdrade; deur die leeu in 'n afgebakende gebied te jag; en deur die leeu te jag vanuit 'n motorvoertuig of helikopter. Die African Lion Working Group 2016 http://bit.ly/2FgKA4y ag nie die bedrywighede van die geblikte leeuhandel industrie as 'n lewensvatbare bewaringsinisiatief nie en bepaal dat leeus wat in hierdie omstandighede aangehou word geen tasbare bewaringsvoordele wilde leeus inhou nie. (Die *African Lion Working Group* is 'n geaffilieerde van die *Cat Specialist Group* en die *Conservation Breeding Specialist Group* onder die gesamentlike leiding van die *International Union for the Conservation of Nature* en die *Species Survival Commission*. Die organisasie streef na die bevordering van omvattende bewaringsstrategieë vir wilde Afrika-leeus wat berus op klinkklare wetenskaplike feite.) Volgens *Application of the IUCN Sustainable Use Policy to Sustainable Consumptive Use of Wildlife and Recreational Hunting in Southern Africa* (2004) is die *International Union for the Conservation of Nature* in sterk teenkanting met alle vorme van geblikte jag afgesien van die soort wildspesie wat daarby betrokke is. Sien ook Verdoorn *Farmer's Weekly* 6 wat by die standpunt van die *African Lion Working Group* aansluit deur te bepaal dat: "[b]reeders portray these animals as part of the species' conservation, yet conservationists do not consider them to be of any value for the survival of the species. They do not contribute to the maintenance of genetic exchange, territorial dispute and defence, ecological processes of predator-prey balancing, or proliferation of the species. Claims that captive-bred lions contribute to conservation are simply polished propaganda to justify a socially unacceptable practice." Sien in die algemeen Departement van Omgewingsake 2015 http://bit.ly/2EwoD4r; Lindsey ea 2012 *South African Journal of Wildlife Research* 18; Morgan 2015 *Environmental Management* 24-25; Humane Society International en The Humane Society of the United States *Trophy Hunting by the Numbers: The United States' Role in global Trophy Hunting* 5; Nowak 2016 http://bit.ly/2EtIzVH;

284 Die voorstaanders van trofeejag voer aan dat trofeejag 'n mindere invloed op biodiversiteitsgetalle het, aangesien jagkwotas konserwatief beraam en wildspesies selektief op grond van geslag, ouderdom en geenpoele gejag word. Verdere argumente ten gunste van trofeejag sluit onder andere in dat trofeejagekspedisies in verafgeleë areas plaasvind met beperkte infrastruktuur waar ander vorme van ekotoerisme nie prakties uitvoerbaar is nie. Professionele jagters maak 'n groot indirekte finansiële bydrae tot omgewingsbewaring deur middel van die betaling van permit- en lisensiefooie en spesiale belasting. Trofeejag bied winsgewende ekonomiese regverdiging vir privaat en kommunale grondgebruik in stede van tradisionele landbougebruike. Dit kan moontlike

Trofeejag is egter ook ’n kontroversiële bedryf wat heelwat kritiek van teenstanders uitlok betreffende die moontlike etiese aspekte en biodiversiteitimpakte daarvan.[285]

voordele vir plaaslike gemeenskappe inhou, onder andere die generering van huishoudelike inkomstes, voedsel, werkskepping en sosio-ekonomiese opheffing. Sien in die algemeen Paterniti *National Geographic* 81; Howard 2015 http://bit.ly/2FfXlfM; Dallas Safari Club 2015 http://bit.ly/2CxX457; Leader-Williams "Conservation and Hunting: Friends or Foes?" 11-12; Jackson "An International Perspective on Trophy Hunting" 9; Lindsey ea 2006 *Conservation Biology* 2; Roe, Leader-Williams en Dalal-Clayton *Take Only Photographs, Leave Only Footprints: The Environmental Impacts of Wildlife Tourism* 37; Mahoney "Recreational Hunting and Sustainable Wildlife Use in North America" 274-275; Van Vliet ea "Meat from the Wild: Extractive uses of Wildlife and Alternatives for Sustainability" 232; International Union for Conservation of Nature *Informing Decisions on Trophy Hunting* 2; Biggs 2015 http://bit.ly/2EG2Vat.

285 Leader-Williams "Conservation and Hunting: Friends or Foes?" 13 is van mening dat die teenstaanders van trofeejag se uitgangspunte gevestig en onbuigsaam is (ten spyte van wetenskaplike feite en moontlike omgewingsvoordele) en dat hulle trofeejag as "anakronisties, onnodig en moreel onaanvaarbaar" beskou. Teenstaanders meen dat trofeejag ’n invloed op biologiese volhoubaarheid, demografie en genetiese variasie kan hê. Hulle stel vrae oor aanvaarde jagpraktyke, diereregte en die welstand van diere. Gedurende 2015 het die jag van Cecil die leeu net buite die grense van die Hwange Nasionale Park in Zimbabwe tot publieke woede en verontwaardiging gelei veral onder teenstaanders van trofeejag. Teenstaanders stel die vraag hoe internasionale verdrae en regerings kan toelaat dat die jag van ’n bedreigde wildspesie steeds regmatig kan plaasvind? Die leeu is gelok met buit tot buite die nasionale park se grense, met ’n pyl en boog geskiet gevolg deur ’n skoot met hoë kaliber jaggeweer. Die leeu was ten tyde van die insident deel van die Universiteit van Oxford se navorsingspan genaamd die *Wildlife Conservation Research Unit* se navorsingprojek wat van satellietsporingtegnologie gebruik gemaak het. Die jagters het ’n onsuksesvolle poging aangewend om die leeu se sporingstoestel te verwyder. Zimbabwe Nasionale Parke het bevestig dat beide die jaguitruster sowel as die grondeienaar nie oor die nodige jaglisensies en -permitte beskik het ten tyde van die jag nie en gevolglik aanspreeklik is vir die onregmatige aktiwiteite daaraan verbonde. Wiersema 2016 *University of Pennsylvania Asian Law Review* 67 bepaal dat die geval van Cecil die leeu aan kenners en beleidmakers gedemonstreer het dat trofeejag komplekse argumente uitlok, wat te alle tye binne konteks en met groot omsigtigheid benader moet word. Sien verder in hierdie verband Flynn 2019 http://bit.ly/32hmLDN; Kassam en Glenza 2015 http://bit.ly/2HvKpDj; Howard 2015 http://bit.ly/2ojL41L; Capecchi en Rogers 2015 https://nyti.ms/2yHOT6F; Actman 2018 https://on.natgeo.com/31lixuI; Mkono 2018 http://bit.ly/2yFq4bB. Sien in die algemeen Dellinger 2016 *Columbia Journal of Environmental Law* 395-470; Festa-Bianchet en Lee "Guns, Sheep, and Genes: When and Why Trophy Hunting May Be a Selective Pressure" 95-96; Milner-Gulland, Bunnefeld en Proaktor "The Science of Sustainable Hunting" 78-79; Dickson "The Ethics of Recreational Hunting" 60-64; Leader-Williams "Conservation and Hunting: Friends or Foes?" 12-13; Hart 2015 http://bbc.in/2F3gYro; Flocken 2018 http://cnn.it/2Bwm9AB; Carus 2009 http://bit.ly/2BwlNKh; International Union for Conservation of Nature *Informing Decisions on Trophy Hunting* 2; Cooney ea 2017 *Unasylva* 3. In *Jacobs Safaris CC v Bloodlions NPC and Others* (7187/2019P) [2020] ZAKZPHC 31 par 1 maak die hof die volgende verbandhoudende opmerking: "[t]he hunting of animals is always likely to be a controversial subject. It has however developed into a multimillion rand industry. Hunting stands in contrast to the conservation of wildlife, although some hunters argue that, properly managed, hunting contributes to conservation by strengthening the gene pool of groups of wild animals by culling the aged and infirm. The views expressed either for, or against, hunting are often as varied as the persons who express them. Many, possibly most, hunters however favour controlled, fair chase hunting, and condemn 'canned hunting' as a vile activity." Vir ’n evaluering van beide die positiewe sowel as die negatiewe impak van trofeejag op natuurbewaring in Afrika sien Lindsey, Roulet en Romañach 2007 *Biological Conservation* 461-466.

Volgens teenstaanders is die Afrika-trofeejagbedryf egter ontvanklik vir wanbestuur en onregmatige administratiewe optrede.[286]

Nadat die wildspesie op voetsoolvlak gestroop is, word die opeenvolgende vlakke van handelinge aan onbestendigheid en verdere kompleksiteit, wat nie aan 'n spesifieke gebied of volgorde gebind is nie, gekenmerk. Die tweede vlak van handelinge behels die vervoer van en handel in wildspesies.

2.3.2 Vlak 2: Vervoer van en handel in wildspesies

Die tweede vlak van handelinge behels die vervoer van wildspesies na verskillende punte en die dienooreenkomstige onregmatige handel daarin.[287] Talle rolspelers wat die rol van tussenpersone en logistieke fasiliteerders vervul, is by hierdie vlak van handelinge betrokke en onderneem diverse en oorvleuelende funksies.[288]

Die werkswyses van die tussenpersone en logistieke fasiliteerders verander voortdurend en hulle is besonder vernuftig in die uitvoering van hul funksies[289] wat in die algemeen die insameling, berging, versteking en plaaslike, transnasionale en

---

286 Brummett 2017 *African Journal of Rhetoric* 214-219; International Union for Conservation of Nature *Informing Decisions on Trophy Hunting* 1, 4. In sommige gevalle buit georganiseerde misdaadgroepe dié skuiwergate van trofeejag ook uit en gebruik dit as 'n front om wildspesies vir onregmatige markte te verkry. Georganiseerde misdaadgroepe doen hulself byvoorbeeld as professionele jagters voor om die jagtrofees vir onregmatige markte te bekom. In 2011 het 'n georganiseerde misdaadgroep van Suid-Oos Asië prostitute gehuur om hulself as professionele jagters in 'n trofeejagekspedisie na witrenosters in Suid-Afrika voor te doen. Die vroue is gehuur om jagpermitbeperkings te ontduik. Sien in hierdie verband Rademeyer 2011 http://bit.ly/2EqNgvq; Ward 2013 http://dailym.ai/2HsxGWW; Gettleman 2011 http://nyti.ms/2F0ZuMd; Rademeyer *Killing for Profit: Exposing the Illegal Rhino Horn Trade* 100; Hübschle 2014 *Trends in Organised Crime* 47.

287 Van Uhm *The Illegal Wildlife Trade: Inside the World of Poachers, Smugglers and Traders* 57. Holmes *Advanced Introduction to Organised Crime* 12 tref 'n onderskeid tussen die smokkel met wildspesies en die onregmatige handel in wildspesies. Hoewel die terme verbandhoudend is, is dit konseptueel verwyderd van mekaar. "Smokkel" verwys na die onregmatige vervoer en distribusie van wildspesies, terwyl "onregmatige handel" na die onregmatige koop en verkoop van wildspesies verwys.

288 Van Uhm *The Illegal Wildlife Trade: Inside the World of Poachers, Smugglers and Traders* 57; Internasionale Kriminele Polisie en United Nations Environment Programme *Strategic Report: Environment, Peace and Security: A Convergence of Threats* 60; Warchol 2004 *Criminal Justice Studies* 65; Phelps, Biggs en Webb 2016 *Frontiers in Ecology and the Environment* 6; Cook, Roberts en Lowther *The International Wildlife Trade and Organised Crime: A Review of the Evidence and the Role of the UK*19.

289 Moneron, Okes en Rademeyer *Pendants, Power and Pathways* 10.

internasionale vervoer van wildspesies en hulle neweprodukte insluit.[290] Tussenpersone kan verdere veelvuldige funksies verrig: hulle hou toesig oor die operasionele logistiek deur toegang tot toerusting, wapens, inligting, ontsnaproetes, stoorfasiliteite en finansiering te bewerkstellig.[291] Voorts benodig hulle die dienste van 'n aantal wildstropers om te verseker dat daar voldoende hoeveelhede of vasgestelde soorte wildspesies en hul neweprodukte beskikbaar is.[292] Tussenpersone is gewoonlik in verbinding met 'n plaaslike logistieke fasiliteerder wat verantwoordelik is vir die vervoer van die gestroopte wildspesies hetsy na 'n volgende tussenpersoon, stoorfasiliteit, grenspos, vliegtuigloods of verwerkingsaanleg.[293]

Die tussenpersone en logistieke fasiliteerders maak van verskeie verbloemingsmetodes gebruik om die wildspesies en hul neweprodukte in transito weg te steek.[294] Liddick[295] bepaal dat slegs die grootte van die besending en die tussenpersoon of logistieke fasiliteerder se eie vindingrykheid die oneindige moontlikhede van verbloemingsmetodes inperk.[296] Afhangende of die wildspesies lewend of dood in transito is, varieer die verbloemingsmetode en die soort vervoer wat gebruik word.[297] Wyatt[298] meen dat die vervoer van lewendige wildspesies met groter risiko en moeite gepaard gaan. Moulton en Sanderson[299] bepaal verder dat verskeie lewendige wildspesies in transito omkom en dat dit die verspreiding van

---

290 Roe ea *Making a Killing or Making a Living? Wildlife Trade, Trade Controls and Rural Livelihoods* 18; Broad, Mulliken en Roe "The Nature and Extent of Legal and Illegal Trade in Wildlife" 16; Phelps, Biggs en Webb 2016 *Frontiers in Ecology and the Environment* 6.

291 Weru *Wildlife Protection and Trafficking Assessment in Kenya* 19.

292 Roe ea *Making a Killing or Making a Living? Wildlife Trade, Trade Controls and Rural Livelihoods* 18; Broad, Mulliken en Roe "The Nature and Extent of Legal and Illegal Trade in Wildlife" 15.

293 Phelps, Biggs en Webb 2016 *Frontiers in Ecology and the Environment* 4,

294 Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 5.

295 Liddick *Crimes Against Nature: Illegal Industries and the Global Environment* 44.

296 Sien ook Moneron, Okes en Rademeyer *Pendants, Power and Pathways* 10.

297 Van Uhm *The Illegal Wildlife Trade: Inside the World of Poachers, Smugglers and Traders* 177. Tussenpersone of logistieke fasiliteerders dien byvoorbeeld 'n kinderslaapmiddel aan lewendige makaak-ape in transito toe.

298 Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 5.

299 Moulton en Sanderson *Wildlife Issues in a Changing World* 239.

soönotiese siektes[300] en ander gesondheidsgevare inhou.[301] Die verbloemingsmetodes wat tussenpersone en logistieke fasiliteerders gebruik, behels, onder andere, geheime kompartemente; om die wildspesie of neweproduk tussen ander items of wildspesies te versteek; om die neweproduk se voorkoms te manipuleer; om neweprodukte aan 'n mens se liggaam vas te bind; en om dit in handbagasie weg te steek.[302]

Die *United States Agency for International Development* ea[303] het bevind dat, afhangende van die grootte van die individuele wildspesie, neweprodukte of besending, dat verskeie lug- en seevaarttransportmiddele in die onregmatige

---

300 Soönotiese siektes is siektes wat tussen mens en dier kan versprei. Sien hieroor bv. Can, D'Cruze en Macdonald 2019 *Global Ecology and Conservation* 1-2; Chomel, Belotto en Meslin 2007 *Emerging Infectious Diseases* 6-11; Bekker, Hoffman en Jooste 2012 *Onderstepoort Journal of Veterinary Research* 1-12; Pavlin, Schloegel en Daszak 2009 *Emerging Infectious Diseases* 1721-1726.

301 Sien ook Gooch *Shoot on Sight* 27; Stiles ea *Stolen Apes: The Illicit Trade in Chimpanzees, Gorillas, Bonobos and Orangutans* 33. Verwys ook na 2.6.1 van hierdie proefskrif.

302 Sellar 2013 http://bit.ly/2HPbW2y; Weru *Wildlife Protection and Trafficking Assessment in Kenya* 20; United States Agency for International Development ea *Illegal Wildlife Trade: Leadership by the Transportation and Logistics Sector* 3; Liddick *Crimes Against Nature: Illegal Industries and the Global Environment* 44-45; Internasionale Kriminele Polisie en United Nations Environment Programme *Strategic Report: Environment, Peace and Security: A Convergence of Threats* 41-46; Bricknell *Environmental Crime in Australia* 56; Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 5; Moneron, Okes en Rademeyer *Pendants, Power and Pathways* 10; United Nations Office on Drugs and Crime *The Globalisation of Crime: A Transnational Organised Crime Threat Assessment* 153; Van Uhm *The Illegal Wildlife Trade: Inside the World of Poachers, Smugglers and Traders* 178; United Nations Office on Drugs and Crime *Environmental Crime: The Trafficking of Wildlife and Timber* 2; Rosen en Smith 2010 *EcoHealth* 27; Alacs en Georges 2008 *Australian Journal of Forensic Sciences* 153; Downie 2009 http://bit.ly/2HQSmmF; Malkin 2009 http://bit.ly/2HTnAtq; Blake 2010 http://bit.ly/2HUVqhB; Hooper 2007 http://bit.ly/2GTUWY3; MacKinnon 2010 http://bit.ly/2F65P8F; Longbottom 2011 http://dailym.ai/3kXwCYG; Bonello 2006 http://wwf.to/2HWsKom; World Wide Fund for Nature 2013 http://wwf.to/2CRsOSI; Awford 2015 http://dailym.ai/36YDTm3; Shange 2020 https://bit.ly/2OJkNaW. Interessante voorbeelde van verbloemingsmetodes sluit in om die neweprodukte binne harpuisbeeldhoukuns te giet; om die neweprodukte tussen 'n velling en motorband te versteek; om stinkende reuke (verbandhoudend tot die verrotting en ontbinding van dooie wildspesies) te verbloem deur die karkaste of neweprodukte van wildspesies tussen ander handelsartikels (of grondstowwe) met skerp reuke weg te steek, bv. in koffiebone of tabak; om neweprodukte (bv. tande, kloue, sterte en pelse) as kunsmatige handvlytitems voor te doen; deur neweprodukte wederregtelik verkeerd te etiketteer, bv. om *Shahtoosh*-sjaals (gespin van die wol van bedreigde Tibettaanse-wildsbokke) as kasjmier-sjaals te etiketteer; om 'n onderbaadjie met wattevulsel te watteer en wildspesies se eiers daarin te versteek; om lewendige voëls in koerantpapier toe te draai of in plastiekbottels te stop; deur ietermago's in draad of plastiek toe te draai en lewendig te vries en as ander gevriesde bederfbare produkte voor te doen; om huide (velle en pelse) om vroue se heupe te draai en onder hul rokke of sari's te verbloem; om bejaardes te gebruik as muile (aangesien hulle minder vatbaar is vir noukeurige ondersoeke by grensposte en doeanes); om renosterhorings valslik te etiketteer as besendings fyn kunswerke; en om ivoor in doodskiste weg te steek.

303 United States Agency for International Development ea *Illegal Wildlife Trade: Leadership by the Transportation and Logistics Sector* 3.

transnasionale en internasionale handel gebruik word.[304] Wat nasionale vervoer van wildspesies en hul neweprodukte betref gebruik logistieke fasiliteerders onder andere diplomatieke motors, ambulanse, lykswaens, vullisverwyderingtrokke en voertuie met vervalste weermag- of regeringsnommerplate.[305] In sommige gevalle word daar selfs sonder skroom van koerierdienste gebruik gemaak om wildspesies en hul neweprodukte aan 'n volgende rolspeler of verbruiker te besorg.[306]

Die rolspelers pleeg verwante ernstige misdade om hulle in staat te stel om wildmisdaad te pleeg.[307] Sodanige ernstige misdade sluit onder andere korrupsie, dokumentbedrog, geldwassery, belastingontduiking en niebetaling van regeringsfooie in.[308] Samespanning, omkopery en korrupsie tussen die rolspelers en wildbewaarders, regeringsamptenare of grenspos- of doeanebeamptes vergemaklik die onregmatige transnasionale en internasionale vervoer van wildspesies en hul neweprodukte.[309] Prosedurele en regulatoriese skuiwergate word uitgebuit, die inligting rakende die wildspesies se oorsprong en klassifikasie word op handelsdokumentasie of -permitte valslik verklaar, outentieke handelsdokumentasie of -permitte word deur middel van omkopery en korrupsie bekom of alternatiewelik word die nodige handelsdokumentasie of -permitte vervals of hergebruik.[310] Die rolspelers maak

---

304 Phelps, Biggs en Webb 2016 *Frontiers in Ecology and the Environment* 4 kategoriseer lug- en seevaartmaatskappye as onskuldige derde partye wat meestal onwetend tot onregmatige handelinge ten aansien van wildspesies bydra. Passasierlugrederye word meestal gebruik om klein wildspesies en neweprodukte van geringe gewig, soos bv. seekoeitande, skilpaaie, klein primate en gekerfde ivoorbeeldjies, onregmatig in handbagasie of vasgemaak aan 'n passasier se liggaam te vervoer. Lugvragdraers of lugkoerierdienste word meestal gebruik om groter onregmatige besendings lewendige wildspesies of neweprodukte, bv. renosterhorings, ietermago's, huide (velle of pelse) en leeukarkaste, te vervoer. Houerskepe word gebruik vir die vervoer van groot onregmatige besendings met 'n swaar gewig, bv. rou ivoor, renosterhorings en ietermagohuidskubbe. Sien in die algemeen Utermohlen *Runway to Extinction: Wildlife Trafficking in the Air Transport Sector* waar die onlosmaaklike raakpunte tussen lugvaart en wildmisdaad uitgelig word.

305 Liddick *Crimes Against Nature: Illegal Industries and the Global Environment* 45.

306 Sien in die algemeen die bydrae van Carrillo-Páez "Wildlife Trafficking by Parcel Service: A National Problem that Threatens Biodiversity" 115-125.

307 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 46.

308 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 46-57.

309 United States Agency for International Development ea *Illegal Wildlife Trade: Leadership by the Transportation and Logistics Sector* 1; World Wide Fund For Nature, TRAFFIC en U4 Anti-Corruption Resource Centre *Wildlife Crime and Corruption: Options for Moving Forward* 4.

310 Liddick *Crimes Against Nature: Illegal Industries and the Global Environment* 44; World Wide Fund For Nature, TRAFFIC en U4 Anti-Corruption Resource Centre *Wildlife Crime and Corruption: Options for Moving Forward* 4.

meestal staat op wildbewaarders, regeringsamptenare en grenspos- of doeanebeamptes se ongeërgde houding, algemene goedgelowigheid en wetenskaplike onkunde (om wildspesies en hul neweprodukte korrek te identifiseer).[311]

Die aktiwiteite van ander onregmatige bedrywe kan op hierdie vlak met wildmisdaad vervleg raak.[312] Volgens Zimmerman[313] is ander georganiseerde misdaadgroepe progressief op die uitkyk vir geleenthede om hul aktiwiteite te diversifiseer.[314] Grenspos- of doeanebeamptes ontdek byvoorbeeld toenemend gekombineerde onregmatige besendings bestaande uit dwelms en wildspesies en hul neweprodukte.[315]

Die meerderheid handelinge op hierdie vlak vind in die sogenaamde "onderwêreld van misdaad" plaas.[316] Die handelswyses en metodes van die rolspelers word deurlopend

---

311 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 54; Kazmar 2000 *University of California Davis Journal of International Law and Policy* 108. Webster 1997 http://nyti.ms/2tkQI9M verwys na 'n onderhoud met Striegler en sê dat "a padded vest studded with 40 eggs from Australia's endangered black palm cockatoo, each worth at least $10,000, is far easier to smuggle than an equal-valued cache of cocaine, simply because customs officials aren't looking for cockatoo eggs."

312 Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 5; Aucoin en Donnenfeld *Guns, Poison and Horns: Organised Wildlife Crime in Southern Africa* 5; Internasionale Kriminele Polisie en United Nations Environment Programme *Strategic Report: Environment, Peace and Security: A Convergence of Threats* 62; Van Uhm *The Illegal Wildlife Trade: Inside the World of Poachers, Smugglers and Traders* 109.

313 Zimmerman 2003 *Vanderbilt Journal of Transnational Law* 1669-1671.

314 Sien ook Nelleman ea (reds) *The Rise of Environmental Crime: A Growing Threat to Natural Resources Peace, Development and Security* 76. Wildmisdaad bied in baie gevalle die ideale omstandighede, aangesien georganiseerde misdaadgroepe wildmisdaad as 'n laerisiko-misdaad bestempel, wat gekombineer is met hoë opbrengste en 'n geringe waarskynlikheid om daarvoor aangekeer te word. Sien ook 2.5 van die proefskrif. Sien verder Nelleman ea (reds) *The Environmental Crime Crisis: Threats to Sustainable Development from Illegal Exploitation and Trade in Wildlife and Forest Resources* 18; Kazmar 2000 *University of California Davis Journal of International Law and Policy* 108-109; United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 3; Bearder 2018 http://bit.ly/2oMUsfs; Internasionale Kriminele Polisie en United Nations Environment Programme *Strategic Report: Environment, Peace and Security: A Convergence of Threats* 59.

315 Cook, Roberts en Lowther *The International Wildlife Trade and Organised Crime: A Review of the Evidence and the Role of the UK* 14; Rosenberg 2009 http://reut.rs/2FVyyOo; Gooch *Shoot on Sight* 34, Wyler en Sheikh *International Illegal trade in Wildlife: Threats and U.S. Policy 2008* 18; Duffy "The Illegal Wildlife Trade in Global Perspective" 114. In 'n opspraakwekkende geval is daar in 1993 op Miami se internasionale lughawe op ongeveer 36 kilogram kokaïen beslag gelê wat chirurgies in luislange versteek was. Sien in hierdie verband *Report of the Secretary-General: Progress Made in the Implementation of Economic and Social Council Resolution 2001/12 on Illicit Trafficking in Protected Species of Wild Fauna and Flora* (2002) 6; Hoser 1994 *The Herptile* 169-172. 'n Verdere voorbeeld van sodanige gekombineerde besendings is die konfiskering van olifanttande (rou ivoor) wat met hasjisj-dwelms opgestop is. Hasjisj is 'n Oosterse dwelmmiddel wat van die daggaplant vervaardig word. Sien Wyler en Sheikh *International Illegal trade in Wildlife: Threats and U.S. Policy 2008* 18.

316 Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 5.

aangepas en die meerderheid daarvan het steeds nie aan die lig gekom nie.[317] Lavorgna[318] maak die stelling dat die onregmatige handel in wildspesies in wese ’n "transito-misdaad" is, wat gevolglik Van Uhm[319] se standpunt bevestig dat die handelinge op hierdie vlak voortdurend aangepas word en by herhaling op alle vlakke wat op die handelinge op vlak 1 volg plaasvind.[320]

’n Land kan byvoorbeeld nasionale handel in wildspesies toelaat, terwyl internasionale handel in die betrokke wildspesies verbied word.[321] Die rolspelers kan hierdie en ander soortgelyke regulatoriese skuiwergate wat deur ’n diskrepansie tussen internasionale handelverbiedinge (soos gestel deur die CITES)[322] en nasionale handelsregulasies geskep word, tot hul voordeel gebruik.[323]

Die derde vlak van handelinge behels die verwerking van wildspesies tot neweprodukte.

2.3.3 Vlak 3: Verwerking van wildspesies tot neweprodukte

Hierdie vlak van handelinge behels die verwerking van wildspesies tot verhandelbare neweprodukte.[324] Moreto en Lemieux[325] bepaal dat verwerking na die "verandering, verfyning of omvorming [van ’n wildspesie] se uiterlike vorm of regstatus" verwys.[326] Die handelinge van verwerking maak gevolglik in baie gevalle die wildspesies se

---

317 Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 5.

318 Lavorgna 2014 *Crime Science* 1.

319 Van Uhm *The Illegal Wildlife Trade: Inside the World of Poachers, Smugglers and Traders* 57-58.

320 Vlak 1 handelinge verwys na die stroop van wildspesies. Sien 2.3.1 van die proefskrif. Ter illustrasie hiervan verwys Moneron, Okes en Rademeyer *Pendants, Power and Pathways* 12 na ’n onderhoud met kolonel Johan Jooste (nasionale bevelvoerder van die Bedreigde Spesie Afdeling van die Suid-Afrikaanse Direktoraat vir Prioriteitsmisdaadondersoeke) wat bepaal dat die metodes van georganiseerde misdaadgroepe wat onregmatig met renosterhorings handeldryf onlangs verander het. Hulle verkies om nie meer die heel renosterhorings onregmatig na ander lande uit te voer nie – in stede daarvan sny hulle die renosterhorings in skywe op of kerf hulle dit in ronde kraalvorme. Die renosterhorings word dan in hierdie verwerkte vorm verbloem en onregmatig uitgevoer.

321 Wiersema 2016 *University of Pennsylvania Asian Law Review* 77. Sien ook Sas-Rolfes ea 2019 *Annual Review of Environment and Resources* 203.

322 ’n Bespreking rakende dié internasionale verdrag se werking volg in 2.7 van die proefskrif.

323 Sien 2.5 van die proefskrif.

324 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 40; Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 5.

325 Moreto en Lemieux 2015 *European Journal on Criminal Policy and Research* 311.

326 In hierdie beskrywing verwys "uiterlike vorm" na die wildspesie se fisieke kenmerke of ledemate, terwyl "regstatus" daarna verwys of die wildspesie vanuit ’n regmatige of onregmatige oorsprong spruit. Sien Moreto en Lemieux 2015 *European Journal on Criminal Policy and Research* 311.

uiterlike kenmerke sowel as hulle regstatus vir owerheidsbeamptes moeilik identifiseerbaar.[327]

Verwerkers, as die hoof rolspelers op hierdie vlak, beskik dikwels oor spesialisvaardighede, -kennis, -toerusting en infrastruktuur om wildspesies volgens spesifieke voorskrifte en prosedures tot neweprodukte te verwerk.[328] Vanweë die skaal en sigbaarheid van die infrastruktuur van verwerkingsaanlegte (of fabrieke), blyk dit dat sekere onregmatige bedrywighede soms onder die dekmantel van regmatige bedrywighede plaasvind.[329] Volgens Wyatt[330] sal die openlike oprigting en bestuur van 'n onregmatige verwerkingsaanleg so blatant wees dat verwerkers openlik onregmatige bedrywighede by wyse van vervalste permitte, dopmaatskappye en korrupsie sal kan uitvoer.

Die land van oorsprong waar die wildspesie gestroop is, kan van die bestemming waar die wildspesie verwerk word, asook van die eindbestemming, verskil.[331] Binne die vlak

---

327 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 35; Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 6. Bv. olifante word in Afrika gestroop vir hulle tande. Die olifant-ivoor word onregmatig na die Midde-Ooste uitgevoer waar dit in verskillende produkte gekerf en gepoleer word. Die heruitvoer van olifant-ivoor-produkte na verspreiders of kopers in ander lande vind dan plaas. Daar bestaan 'n geleentheid om verwerkte olifant-ivoor onder valse voorwendsels as mammoet-ivoorprodukte uit te voer. Die handel in mammoet-ivoor is (vir tyd-en-wyl) regmatig, en op die oog af lyk dit identies aan olifant-ivoor. Sien Actman 2016 http://bit.ly/2FmwZI9; Campbell 2019 https://bit.ly/3daurgT. In hierdie voorbeeld, volgens die voorgenoemde beskrywing deur Moreto en Lemieux 2015 *European Journal on Criminal Policy and Research* 311, het die verwerking van olifant-ivoor die uiterlike kenmerke van olifanttande verander. Verder, deur die olifant-ivoor onder valse voorwendsels as mammoet-ivoorprodukte uit te voer, is die afkoms en regstatus van die ivoor vir owerheidsbeamptes moeilik identifiseerbaar. 'n Verdere skuiwergat is die toelaatbare regmatige handel in sogenaamde "antieke ivoor". Die *Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora* (1973) plaas nie 'n verbod op die internasionale handel in "antieke ivoor" wat dateer voor die aanname van die verdrag nie. Kenners meen dat die owerhede nie oor die kennis beskik om die ouderdom van ivoor op die oog af te skat nie en dat handelaars dié onkunde van owerhede uitbuit om nuwer ivoor onregmatig te verkoop. Sien in hierdie verband Cruise 2019 http://bit.ly/2TR0qu1.

328 Pires en Moreto 2015 http://bit.ly/2Cf6Ay6; Vira, Ewing en Miller *Out of Africa: Mapping the Global Trade in Illicit Elephant Ivory* 48-51; Phelps, Biggs en Webb 2016 *Frontiers in Ecology and the Environment* 6; Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 5-6, 24. Die verwerking van wildspesies sluit verskeie handelinge in, byvoorbeeld die kerf van ivoorbeelde, die maal van renosterhorings tot 'n poeier, die behandeling van huide met looistof om leer en pelse te vervaardig, die taksidermie van wildspesies se karkaste en die droog of rook van vleis om verrotting te voorkom.

329 Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 24.

330 Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 24.

331 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 35; Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 6; Actman 2016

van handelinge kan die heruitvoer van neweprodukte aan tussenpersone 'n geleentheid bied om regmatige en onregmatige neweprodukte te meng ten einde regmatige markte te infiltreer.[332] Die *World Wide Fund for Nature*[333] bepaal dat die verwerking van wildspesies, net soos die vervoer van en handel in wildspesies, nie aan 'n spesifieke vlak gebonde is nie en gevolglik tydens enige vlak na die stroop van die wildspesies kan plaasvind.[334] Die vierde vlak van handelinge behels die verspreiding en verkoop van wildspesies en neweprodukte aan 'n koper.

2.3.4 Vlak 4: Verspreiding en verkoop van wildspesies en neweprodukte aan 'n koper

Die finale vlak van handelinge behels die verspreiding en verkoop van lewendige wildspesies of hul neweprodukte aan 'n koper of selfs 'n volgende verspreider.[335] Kopers voer uiteenlopende redes aan hoekom hulle onregmatige kommoditeite aankoop.[336] Die neweprodukte kan ook aan 'n volgende verspreider gelewer word wat dit op 'n markplein of op die internet as te koop aanbied.[337]

---

http://bit.ly/2FmwZI9; Moreto en Lemieux 2015 *European Journal on Criminal Policy and Research* 311.

332 Liddick *Crimes Against Nature: Illegal Industries and the Global Environment* 45.

333 World Wide Fund for Nature en Dalberg Global Development Advisors *Fighting Illicit Wildlife Trafficking: A Consultation with Governments* 11.

334 Sien ook Asia Pacific Group on Money Laundering en United Nations Office on Drugs and Crime *Enhancing the Detection, Investigation and Disruption of Illicit Financial Flows from Wildlife Crime* 13.

335 Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 6.

336 Phelps, Biggs en Webb 2016 *Frontiers in Ecology and the Environment* 4, 6; United Nations Office on Drugs and Crime *World Wildlife Crime Report: Trafficking in Protected Species* 74; Cook, Roberts en Lowther *The International Wildlife Trade and Organised Crime: A Review of the Evidence and the Role of the UK* 17; World Wide Fund for Nature en Dalberg Global Development Advisors *Fighting Illicit Wildlife Trafficking: A Consultation with Governments* 12; May *Transnational Crime and the Developing World* 54; Felbab-Brown *The Disappearing Act: The Illicit Trade in Wildlife in Asia* 7-8; Ammann 2018 http://bit.ly/2wFW9BS. Sommige kopers is versamelaars van eksotiese, bedreigde of bewaarde wildspesies. In hierdie geval stel die koper in 'n lewendige wildspesie belang as 'n eksotiese troeteldier of om sy/haar privaat dieretuin aan te vul. 'n Koper kan andersins 'n versamelaar van wildtrofees vanweë die ornamentele waarde daarvan wees. Die koper kan ook 'n verbruiker van tradisionele medisyne wees of vanweë kulturele gebruike of religieuse oortuigings sekere neweprodukte van wildspesies in die uitoefening daarvan benodig. In ander gevalle mag die koper se gebruik van die neweprodukte bloot eienaardig wees of aan die gewoontes van 'n moderne leefstyl verbind wees. Sien ook 2.5 van die proefskrif.

337 Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 6.

Hedendaags is die internet 'n wêreldwye mark vir die koop en verkoop van enige denkbare goedere en dienste.[338] Die internet het 'n kontemporêre handelsmedium geword wat gunstige geleenthede vir kopers en verkopers van wildspesies en hul neweprodukte skep.[339] Die internet stel misdadigers van wildmisdaad in staat om wetsoortreding op 'n buitengewoon gerieflike manier te bewerkstellig.[340] Lavorgna[341] stel dit anders deur die koop en verkoop van wildspesies en hul neweprodukte deur middel van die internet as 'n soort eietydse gemengde mark[342] te klassifiseer, aangesien outydse onregmatige handelsmetodes met die moderne aanslag van die internet gekombineer word.[343] Lavorgna[344] illustreer die gebruik van die internet op alle vlakke van wildmisdaad en stel dienooreenkomstig vas dat die internet deesdae op alle vlakke as 'n fasiliteerder en hulpmiddel dien. Aanlynplatforms, soos virtuele markte[345] of sosiale media,[346] vestig markte vir die koop en verkoop van wildspesies en hul neweprodukte wat 24 uur van die dag vir besigheid beskikbaar is.[347] Internettransaksies van dié aard word meestal aan twee kenmerke uitgeken, naamlik (1) die anonimiteit van die koper en verkoper en (2) die lae vlak van regulering en regskontrole oor die transaksies.[348] Die voorgenoemde twee kenmerke, gekombineer

---

338 Smith (red) *Internet Law and Regulation* 773.

339 International Fund for Animal Welfare *Killing with Keystrokes: An Investigation of the Illegal Wildlife Trade on the World Wide Web* 15; Warchol 2004 *Criminal Justice Studies* 70. Sien ook in die algemeen Wingard en Pascual *Catch Me If You Can: Legal Challenges to Illicit Wildlife Trafficking Over the Internet*; Demeau, Vargas en Jeffrey 2019 *Revista Criminalidad* 101-112.

340 International Fund for Animal Welfare *Wanted - Dead or Alive: Exposing Online Wildlife Trade* 5.

341 Lavorgna 2014 *Crime Science* 10; Lavorgna 2015 *European Journal on Criminal Policy and Research* 354, 363.

342 Anders gestel: "hybrid market".

343 In sommige gevalle kan 'n verkoper die transaksie deur middel van 'n internetplatform inisieer, waarna die transaksie deur middel van outydse handelsmetodes voltrek word. Die partye kan ooreenkom om daarna per telefoon, e-pos of faks te kommunikeer of 'n persoonlike ontmoeting reël. Volgens die International Fund for Animal Welfare *Killing with Keystrokes: An Investigation of the Illegal Wildlife Trade on the World Wide Web* 15 bied die koop en verkoop van wildspesies en hul neweprodukte deur middel van die internet vele moontlikhede aan onregmatige handelaars om wetgewende bepalings en regulasies te ontduik. Voorbeelde sluit in vervalste of geen sertifikate; ongereguleerde versendings; transaksies kan vinniger voltrek word; die betrokke partye se ligging kan in die meeste gevalle nie vasgestel word nie; die partye tot die transaksie se identiteite is anoniem; die wildspesies en hul neweprodukte kan onder verkillende sleutelwoorde en terselfdertyd op verskillende platforms bemark word.

344 Lavorgna 2014 *Crime Science* 4-6.

345 Voorbeelde van virtuele markte is te vinde op die volgende webtuistes: www.ebay.com, www.gumtree.co.za, www.olx.co.za en www.bidorbuy.co.za.

346 Voorbeelde van sosialemediaplatforms is te vinde op die volgende webtuistes: www.facebook.com, www.instagram.com en www.twitter.com.

347 International Fund for Animal Welfare *Out of Africa: Byting Down on Wildlife Cybercrime* 2.

348 International Fund for Animal Welfare *Elephants on the High Street* 17.

met jurisdiksionele uitdagings (aangesien die kopers en verkopers hulself in uiteenlopende geografiese gebiede bevind), bring veelvuldige nuwe komplikasies vir regsowerhede mee.[349] Die *International Fund for Animal Welfare*[350] meen dat dit van noodsaaklike belang is dat regerings, beleidmakers, wetstoepassers asook aanlyn platforms nie die impak van die internet op die toename in wildmisdaad geringag nie.

2.4 Voorstelle vir die ontwikkeling en implementering van nasionale wetgewing om wildmisdaad te bekamp

Die bespreking in die vorige vier afdelings dra by tot die breër konseptuele definisie van wildmisdaad.[351] Die bespreking wys op die kompleksiteite en onbestendigheid binne elke vlak van handelinge, naamlik die verskillende rolle wat rolspelers aanneem; die dinamiese aard van die handelinge; die betrokkenheid van georganiseerde misdaadgroepe; die manier waarop die handelinge oor verskillende gebiede versprei is; die bydrae van tegnologie soos byvoorbeeld gesofistikeerde toerusting en die internet; en die manier waarop verwante misdade die proses fasiliteer.

Soos reeds genoem[352] rus die onus tans op individuele lande om nasionale wetgewing in plek te stel om wildmisdaad te bekamp weens internasionale beleidstekortkominge.[353] Volgens die *United Nations Office on Drugs and Crime*[354] noodsaak die genoemde samehoping van handelinge, uiteenlopende rolspelers en verwante misdade 'n omvattende en gekoördineerde nasionale regsrespons wat onnodige duplisering, kompleksiteit en burokrasie vermy.[355] Lande word aangemoedig

---

349 Beardsley 2006 *University of California Journal of Environmental Law and Policy* 7-8; International Fund for Animal Welfare *Caught in the Web: Wildlife Trade on the Internet* 7.

350 International Fund for Animal Welfare *Wanted - Dead or Alive: Exposing Online Wildlife Trade* 5.

351 Die bespreking in 2.2 van die proefskrif het bevind dat kenners eerder op die uitbreiding van 'n breë konseptuele definisie moet fokus, as om te poog om 'n klinkklare definisie van "wildmisdaad" te formuleer. Sien 2.3.1 tot 2.3.4 van die proefskrif.

352 Sien 1.1 en 2.1 van die proefskrif.

353 Sien ook 2.7 van die proefskrif vir 'n bespreking van bestaande reguleringsmaatreëls en ander voorgestelde alternatiewe oplossings om wildmisdaad te bekamp.

354 United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 18; United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 23.

355 Sien 2.3.1 tot 2.3.4 van die proefskrif. Contreras-Hermosilla *Law Compliance in the Forestry Sector: An overview* 16 maak die volgende opmerking aangaande die kerneienskappe van wetgewing wat woudmisdade bekamp: "[l]aws that are too complex and difficult to understand, require complicated and expensive procedures or abrupt reorientation of institutional or social behaviour, run the risk of becoming unenforceable, irrelevant, and open opportunities for corruption and other illegal activities." Woudmisdaad en wildmisdaad beskik oor vele gedeelde kenmerke, wat die vorige

om in hierdie verband wetgewing met die nodige eenvoud en deursigtigheid te formuleer sodat dit vir wetstoepassers en enige ander belanghebbendes maklik verstaanbaar is, terwyl dit terselfdertyd die kompleksiteit van wildmisdaad na vore bring.[356]

Die *United Nations Office on Drugs and Crime*[857] neem die voortou om lande te adviseer en by te staan in die ontwikkeling en implementering van wetgewing om wildmisdaad op nasionale bodem te bekamp. Die *United Nations Office on Drugs and Crime*[858] het nuttige kontrolelyste, aanbevelings en voorbeelde ontwikkel wat lande as 'n riglyn kan gebruik en aanpas om nasionale wetgewing optimaal vir dié doel te formuleer. Die onderstaande bespreking bevat vervolgens 'n bondige verwerkte weergawe van die *United Nations Office on Drugs and Crime*[859] se kontrolelyste en aanbevelings, aangesien dit 'n betroubare maatstaf daarstel wat lande kan raadpleeg om nuwe wetgewing te formuleer, maar ook om bestaande wetgewing se trefkrag te meet en tekortkominge vas te stel.[360]

In die algemeen, as 'n breë standaard en beginpunt, vind die *United Nations Office on Drugs and Crime*[861] dat biodiversiteitsbestuur en die bekamping van wildmisdaad op grond van duidelike reëls betreffende die volgende aspekte funksioneer: (a) eiendom oor of regte in wilde diere;[362] (b) die aanwysing van regeringsagentskappe as

---

aanhaling van toepassing kan maak op wetgewing wat geratifiseer is om wildmisdaad te bekamp. Sien ook in die algemeen United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* wat die raakpunte tussen woudmisdaad en wildmisdaad beklemtoon.

356 United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 5.

357 Sien in die algemeen United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit*; United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime*.

358 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 4-8; United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 2.

359 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 4-8; United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 2.

360 Die *United Nations Office on Drugs and Crime* het omvattende bydraes in hierdie verband gemaak, maar 'n meer volledige weergawe van hul aanbevelings val buite die bestek van hierdie proefskrif.

361 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 25.

362 Sien verder United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 9 bied die volgende uitbreiding op hierdie aspek: "[t]enure refers to the relationship between people – whether individually, in groups, or through the State – and land, flora and fauna, whether legally or customarily defined. When drafting provisions relating to the protection and management of wildlife, States must consider how their jurisdiction deals with issues of tenure, including rights to use and control wildlife, the transferability of those rights, and associated

administratiewe, wetenskaplike, toesighoudende en toepassingsowerhede; (c) gebiede of areas waar die jag van wildspesies onderskeidelik toelaatbaar is of verbied word; (d) permit-, en lisensiestelselstelsels wat vir die toekenning, hernuwing en kansellasie van verskillende soorte verbandhoudende permitte of sertifikate voorsiening maak; (e) die regulering van nasionale en internasionale handel in wildspesies en hulle neweprodukte; en (f) oortredings en strafoplegging. Die aard, inhoud en kernelemente van die voorgenoemde aspekte sal van land tot land verskil en klemverskuiwings ondergaan.[363]

Die *United Nations Office on Drugs and Crime*[364] stel voor dat nasionale wetgewing duidelik weerspieël dat die bovermelde vier vlakke van handelinge wat deel uitmaak van wildmisdaad as gevolg van verskillende redes onregmatig kan wees. Die onderstaande tabel bevat 'n samevatting van voorgestelde redes waarom die verskillende handelinge wat deel uitmaak van wildmisdaad onder meer onregmatig kan wees.

responsibilities, obligations and restraints. In some jurisdictions, wildlife may be considered *res nullius* – that is, belonging to nobody. In other systems, the State may own the wildlife or local and indigenous people may hold wildlife under community management. The legal status of wildlife also may depend on the legal status of the land or forest on or in which it is located. These matters may have a significant influence on how wildlife legislation should be drafted, including both substantive offences and procedural provisions relating to matters such as compensation for acts of wildlife crime. Two types of tenure rights are relevant for the purposes of these provisions. The first is rights granted by a competent authority through a permit, certificate or other like instrument. The second is rights recognised by the law of a State without the need for a permit, certificate or other like instrument."

363 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 25.

364 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 39.

Tabel 1: Voorgestelde redes waarom handelinge wat deel uitmaak van wildmisdaad onregmatig kan wees[365]

Vlak 1: Die stroop van wildspesies kan onregmatig wees indien:	**Vlak 2: Die vervoer van en handel in wildspesies kan onregmatig wees indien:**	**Vlak 3: Die verwerking van wildspesies tot neweprodukte kan onregmatig wees indien:**	**Vlak 4: Die verspreiding en verkoop van wildspesies kan onregmatig wees indien:**
(a) bedreigde, kwesbare, beskermde of ander uitgesonderde wildspesies gestroop word; (b) verbode wapens, jagmetodes of -toestelle gebruik word om wildspesies te stroop; (c) 'n vasgestelde kwota oorskry word; (d) die wildspesie buite die toelaatbare seisoen of tydperk gestroop word; (e) die wildspesie buite toelaatbare grense gestroop word; (f) die wildspesie binne 'n bewaringsgebied gestroop word;	(a) 'n wildspesie wat op 'n onregmatige wyse bekom is, binnelands vervoer word; (b) 'n wildspesie sonder die nodige permit of ander dokumentasie binnelands (of onregmatig oor provinsiale grense) vervoer word; (c) 'n wildspesie op 'n onjuiste, onhigiëniese of wreedaardige wyse, hetsy binnelands of internasionaal, vervoer word; (d) die soort wildspesies op die vervoer- of handelspermit verkeerd geklassifiseer is; (e) die volume wildspesies van 'n besending verkeerdelik aangedui is; (f) 'n permithouer vals inligting aangaande die ware	(a) wildspesies en neweprodukte wat onregmatig bekom is, verwerk word; (b) verwerking plaasvind sonder ondersteunende dokumentasie wat die oorsprong van die wildspesies en neweprodukte verifieer; (c) verbode produkte en goedere van wildspesies en neweprodukte vervaardig word; (d) 'n verwerkingsfasiliteit sonder die nodige permit of lisensie bedryf word; en (e) 'n party sonder die nodige permit of lisensie in besit van 'n wildspesie is.	(a) 'n bedreigde, kwesbare, beskermde of ander uitgesonderde wildspesie wat onregmatig bekom is, te koop aangebied word; (b) 'n bedreigde, kwesbare, beskermde of ander uitgesonderde wildspesie sonder die nodige permit of lisensie te koop aangebied word; (c) 'n verkoper 'n koper mislei oor die onregmatige oorsprong van die wildspesie of neweproduk; (d) 'n koper 'n wildspesie of neweprodukte wat onregmatig bekom is, koop, aanhou of verbruik; en

365 Die tabel is saamgestel uit die voorstelle in United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 39-44.

Vlak 1: Die stroop van wildspesies kan onregmatig wees indien:	**Vlak 2: Die vervoer van en handel in wildspesies kan onregmatig wees indien:**	**Vlak 3: Die verwerking van wildspesies tot neweprodukte kan onregmatig wees indien:**	**Vlak 4: Die verspreiding en verkoop van wildspesies kan onregmatig wees indien:**
(g) 'n wildspesie se eiers uit die nes verwyder word of die wildspesies se kleintjies gevang word; en (h) 'n wildspesie sonder 'n permit of met 'n vervalste permit gejag word.	oorsprong van wildspesies verstrek; (g) die wildspesies met 'n foutiewe of vervalste permit vervoer of verhandel word; (h) 'n wildspesie buite die toelaatbare grens, soos deur 'n permit bepaal, vervoer word; (i) daar 'n handelsverbod in plek is; (j) ingevoerde wildspesies nie korrek aan die land se owerhede verklaar is nie; (k) daar met 'n wildspesie in teenstelling met internasionale handelsbeperkings of nasionale handelsregulasies handel gedryf word; en (l) 'n party sonder die nodige permit of lisensie in besit van 'n wildspesie is.		(e) 'n party sonder die nodige permit of lisensie in besit van 'n wildspesie is.

Om die hierdie voorstelle in nasionale wetgewing te volvoer en te bekragtig, maak die *United Nations Office on Drugs and Crime*[366] eerstens die aanbeveling dat lande se wetgewing duidelike beskrywings van verskillende soorte eiendomsregte oor of regte in wilde diere insluit en tweedens dat lande 'n formele permit- of lisensiestelsel implementeer waar 'n persoon verskillende regte oor wilde diere kan bekom[367] en waarvolgens die regering spesifieke handelinge teenoor wildspesies kan verbied of reguleer. Die *United Nations Office on Drugs and Crime*[368] beklemtoon dat beleidmakers in die proses besondere aandag aan die belange en regte van gemeenskappe moet skenk, sodat gemeenskappe in 'n posisie is om hul daaglikse behoeftes te bevredig en tradisionele, kulturele en religieuse gewoontes uit te leef sonder om bestaansjagters aan wildmisdaad skuldig te maak.[369] Verdere afsonderlike permit- en lisensiestelselstelsels moet ingestel word om die bedrywighede van die professionele trofeejagbedryf en gevange teelfasiliteite te monitor, aangesien die vermenging van wildspesies wat regmatig uit die voorgenoemde twee bedrywe spruit met die wat onregmatig uit hulle natuurlike habitat gestroop is, groot uitdagings vir regeringsagentskappe skep.[370]

Ten einde kontekstuele detail aan die voorgenoemde voorgestelde wetgewende bepalings te verleen, kan lande vier afsonderlike lyste saamstel wat wildspesies,

---

366 United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 9.

367 Ingevolge 'n permit, lisensie of 'n soortgelyke regsinstrument kan sekere regte ingevolge 'n wet erken en aan 'n permithouer toegeken word om 'n spesifieke handeling, onder bepaalde omstandighede, volgens 'n vasgestelde wyse of binne 'n gegewe tyd teenoor 'n wildspesie uit te voer. United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 9-10.

368 United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 23-24; United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 2-4.

369 Sien 3.4 van die proefskrif.

370 Sien 2.3.1 van die proefskrif. Sien Muth en Bowe 1998 *Society and Natural Resources* 11; Tensen 2016 *Global Ecology and Conservation* 286-298; Challender, Harrop en MacMillan 2015 *Global Ecology and Conservation* 144; Falck *Farmers Weekly* 38-40; Damania en Bulte 2007 *Ecological Economics* 462.United Nations Office on Drugs and Crime *World Wildlife Crime Report: Trafficking in Protected Species* 17; Moulton en Sanderson *Wildlife Issues in a Changing World* 244-245; Dutton ea "Tackling Unsustainable Wildlife Trade" 84; Gratwicke ea 2008 *Conservation Biology* 222; Sas-Rolfes ea 2019 *Annual Review of Environment and Resources* 207.

wapens en jagmetodes, "restricted activities" en spesifieke areas of gebiede uitsonder.[371]

Die eerste lys kan uitgesonderde wildspesies bevat en hulle gekategoriseer in groepe wat verskillende vlakke van nasionale wetgewende beskerming kan verlang.[372] Die samestelling van dié lys kan op 'n land se selfstandige evaluasie van die betrokke wildspesies gebaseer wees, of 'n land kan deur bestaande wetenskaplik gegronde internasionale lyste, soos die bylae tot die CITES, die bylae tot die *Convention on the Conservation of Migratory Species of Wild Animals* (1979) en die *International Union for Conservation of Nature* se Rooi Datalys en Rooi Databoeke[373] in die samestelling van 'n nasionale lys gelei word.[374] Ingevolge die voorbeelde wat die voorgenoemde internasionale lyste bied,[375] kategoriseer lande in die algemeen wildspesies onder die volgende vier kategorieë: (a) kritiek bedreigde wildspesies;[376] (b) bedreigde wildspesies;[377] (c) kwesbare wildspesies[378] en (d) bewaarde wildspesies.[379] Die lys behoort 'n wildspesie se wetenskaplike benaming sowel as die volksbenaming te bevat.[380] Die wetenskaplike benaming word deur kundiges gebruik om wildspesies (en subspesies) akkuraat te identifiseer, terwyl die volksnaam die lys meer toeganklik maak vir die publiek, enige belanghebbendes en die uitvoerende en regsprekende

---

371 Volgens die United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 5, 18-19. word die keuse van dié lyste se geskikte formaat aan elke afsonderlike land oorgelaat.

372 United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 5.

373 Die *International Union for Conservation of Nature* Rooi Datalys en Rooi Databoeke is nie 'n regsinstrument nie, dit is eerder 'n wetenskaplike assessering van wildspesies se bewaringstatus en die vlak van beskerming wat hulle verlang. Vir meer inligting oor die *International Union for Conservation of Nature* Rooi Datalys en Rooi Databoeke verwys na International Union for Conservation of Nature 2017 http://bit.ly/2HdopNv.

374 United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 6.

375 Sien die bylae van die *Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora* (1973); *Convention on the Conservation of Migratory Species of Wild Animals* (1979); International Union for Conservation of Nature 2017 http://bit.ly/2HdopNv (die *International Union for Conservation of Nature* Rooi Datalys en Rooi Databoeke).

376 'n Wildspesie wat 'n buitengewone hoë risiko loop om in die onmiddellike toekoms in die natuur uit te sterf.

377 'n Wildspesie wat 'n hoë risiko loop om in die nabye toekoms in die natuur uit te sterf.

378 'n Wildspesie wat 'n buitengewone hoë risiko loop om in die natuur bedreig te word.

379 'n Wildspesie wat weens nasionale belang, nasionale regulering verlang om te verseker dat dié wildspesies op 'n ekologies volhoubare wyse bestuur word.

380 United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 6.

gesag van 'n land.[381] Lande moet verseker dat die interpretasie van dié lys, asook enige verbandhoudende definisies of wetgewende bepalings, wyd genoeg geformuleer is om lewende, sowel as dooie, wildspesies en enige neweprodukte in te sluit.[382]

Die tweede lys kan "restricted activities" of "prohibited activities" vermeld.[383] Dié lys kan 'n omvattende versameling van handelinge bevat, wat oor alle vlakke van handelinge wat deel uitmaak van wildmisdaad strek,[384] waar die uitvoering daarvan streng teenoor die genoemde gelyste wildspesies gereguleer of verbied word.[385] Die *United Nations Office on Drugs and Crime*[886] gebruik die volgende modelbepaling as 'n voorbeeld:

> Any person who [with the requisite mental state] shoots, takes, hunts, captures, kills, injures, harvests, gathers, collects, cuts, chops off, uproots or destroys a specimen of a species included in [insert relevant schedule(s)]: (a) without lawful authority or a [insert relevant terminology for permits, certificates etc.] granted by [insert competent authority]; or (a) contravening the conditions of said [insert relevant terminology for permits, certificates etc.]; commits an offence.[387]

Soos die voorbeeld aandui, kan die lys se bewoording beskrywend van aard wees en 'n opeenhoping van verskillende handelinge, wat oor die vier vlakke versprei is, bevat. 'n Persoon wat 'n "restricted activity" of 'n "prohibited activity" teenoor 'n gelyste wildspesie sonder 'n permit of lisensie uitvoer, pleeg 'n misdaad. Voorskrifte en beskrywings betreffende kwotas en jagseisoene kan ook by die lys ingesluit word.[388]

---

381 United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 6.

382 United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 19.

383 United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 18-19.

384 Sien 2.3.1 tot 2.3.4 van die proefskrif.

385 United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 18-19.

386 United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 19.

387 Eie beklemtoning.

388 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 35, 39; United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 6, 9-10.

Die derde lys kan wapens, jagmetodes of -toestelle wat verbied word of waarvan die gebruik daarvan deur wetgewing gereguleer moet word lys en beskryf.[389] Hierdie wapens en jagmetodes of -toestelle mag ingevolge die land se diskresie om uiteenlopende redes verbode wees of regulasie verlang, byvoorbeeld weens die wreedaardige, oordadige of willekeurige aard daarvan.[390] Wetgewing behoort duidelik uiteen te sit watter wapens, jagmetodes of -toestelle sonder uitsondering verbode is, asook watter wapens, jagmetodes of -toestelle deur middel van 'n permit of lisensiestelselstelsel gereguleer word en onder vasgestelde omstandighede deur 'n permithouer gebruik kan word.[391] 'n Land kan selfs 'n verbod op die vervaardiging en verkoop van verbode wapens, jagmetodes of -toestelle plaas, of alternatiewelik tradisionele jagmetodes uitsluit.[392] Daar word verder aanbeveel dat dié wetgewende bepalings met ander wetgewing, wat die gebruik van vuurwapens in 'n land reguleer, moet strook.[393] Ruimte kan in die lys en verwante wetgewing geskep word waar lande die gebruik van tuisvervaardigde jagtoestelle reguleer of verbied.[394] Die lys van verbode of gereguleerde wapens, jagmetodes of -toestelle sal in die meeste gevalle met die bogenoemde lyste van wildspesies in verband gebring word.[395] Die gebruik van een soort wapen, jagmetode of -toestel mag byvoorbeeld toelaatbaar wees om sekere wildspesies te jag, terwyl dit vir ander verbode is.[396]

Die vierde lys kan kategorieë van bewaringsgebiede onderskei.[397] Hierdie onderskeid tussen verskillende bewaringsgebiede kan lande help om gebiede of areas te

---

389 United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 5.

390 United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 7. Sien bv. die bostaande bespreking aangaande die gebruik van draadstrikke.

391 United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 7.

392 United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 7.

393 United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 7, 20.

394 United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 7.

395 United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 7.

396 United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 7.

397 United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 5.

identifiseer en klassifiseer waar die jag van wildspesies onder spesifieke omstandighede toelaatbaar is, of andersins verbied word.[398] Lande kan uit eie inisiatief handel met die onderskeid en klassifikasie van bewaringsgebiede. Die *International Union for the Conservation of Nature*[399] se kategorieë van bewaringsgebiede, as 'n gevestigde internasionale standaard, kan moontlik aan lande leiding bied. Die voorgestelde ses kategorieë is: (kategorie I(a)) streng natuurreservaat; (kategorie I(b)) wildernisarea; (kategorie II) nasionale park; (kategorie III) natuurlike monument/verskynsel; (kategorie IV) habitat/wildspesie bestuursarea; (kategorie V) beskermde landskap/seegesig; (kategorie VI) bewaringsgebied met volhoubare verbruik van natuurlike hulpbronne.[400] Lande kan die lys van bewaringsgebiede inspan om konteks te gee aan wetgewende bepalings aangaande toegangsbeheer tot bewaringsgebiede, die gebruik van wapens binne bewaringsgebiede en die regulering van "restricted activities" binne bewaringsgebiede.[401] Verder kan lande uitbrei op die konsep om buffersones rondom bewaringsgebiede te proklameer om bykomende beskerming teen menslike misbruik en ontwikkeling aan die biodiversiteit in die bewaringsgebied te verleen.[402]

Lande moet die inkonsekwente aard van wildmisdaad te alle tye voor oë hou en die wetgewing en bogenoemde drie lyste deurlopend bywerk en wysig om by die

---

398 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 39. Dudley *Guidelines for Applying Protected Area Management Categories* 2 bied verdere agtergrondmotivering vir die nasionale klassifikasie van bewaringsgebiede in hierdie verband, naamlik "[p]rotected areas are essential for biodiversity conservation. They are the cornerstones of virtually all national and international conservation strategies, set aside to maintain functioning natural ecosystems, to act as refuges for species and to maintain ecological processes that cannot survive in most intensely managed landscapes and seascapes […] Today they are often the only hope we have of stopping many threatened or endemic species from becoming extinct. Such places also have direct human benefits… Many protected areas are also essential for vulnerable human societies and conserve places of value such as sacred natural sites. Although many protected areas are set up by governments, others are increasingly established by local communities, indigenous peoples, environmental charities, private individuals, companies and others."

399 Sien in die algemeen Dudley *Guidelines for Applying Protected Area Management Categories* 7-23.

400 Sien in die algemeen Dudley *Guidelines for Applying Protected Area Management Categories* 7-23. Sien 3.2.1 van die proefskrif.

401 United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 22.

402 United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 8-9.

veranderende omstandighede aan te pas.[403] Die *United Nations Office on Drugs and Crime*[404] beveel aan dat 'n bevoegde owerheid (of owerhede) aangestel moet word om: (a) die inhoud van die voorgenoemde lyste in ooreenstemming met hedendaagse omstandighede by te werk; (b) die uitreiking, hernuwing en kansellasie van verskillende soorte permitte of sertifikate te behartig; en (c) potensiële wildmisdade te ondersoek en wetgewing af te dwing.

Die regulering van vlak 2 handelinge kan moontlik as gevolg van teenstrydighede tussen die bepalings van nasionale en internasionale beleid gekompliseer word.[405] Sekere reëls kan op nasionale bodem vir die vervoer en handel in sekere wildspesies geld, terwyl ander lande en die CITES ander reëls vir die internasionale vervoer van en handel in bedreigde spesies voorskryf.[406] Die CITES is 'n internasionale handelsverdrag wat die internasionale handel in bedreigde wildspesies reguleer.[407] Daar word van die lidlande verwag om die verdrag se bepalings, asook die bylae met gelyste bedreigde wildspesies, in nasionale wetgewing te ratifiseer ten einde kontekstuele detail aan die voorgenoemde voorgestelde wetgewende bepalings te verleen.[408] Lande kan ook, volgens hul unieke omstandighede, strenger beskerming aan sekere wildspesies bied as wat die CITES bied.[409] Ingevolge die land se eie diskresie, kan dié bylae by die genoemde lys van wildspesies ingesluit word wat

---

403 United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 9.

404 United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 9.

405 Wiersema 2016 *University of Pennsylvania Asian Law Review* 77. Sien ook Sas-Rolfes ea 2019 *Annual Review of Environment and Resources* 203.

406 Wiersema 2016 *University of Pennsylvania Asian Law Review* 77. Sien ook Sas-Rolfes ea 2019 *Annual Review of Environment and Resources* 203. Sien 2.7 van die proefskrif vir 'n dieper bespreking aangaande die *Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora* (1973).

407 Sien 2.7 van die proefskrif vir 'n dieper bespreking aangaande die *Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora* (1973).

408 Sien Tabel 2 van die proefskrif. United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 27-31, 42.

409 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 42.

nasionale wetgewende beskerming verlang, óf 'n afsonderlike lys kan vir die doel saamgestel word.[410]

Die *United Nations Office on Drugs and Crime*[411] maak verder die voorstel dat lande, waar moontlik, hul algemene in- en uitvoerwetgewing belyn met die wetgewing wat die vorige voorstelle bevat. 'n Land se in- en uitvoerwetgewing bevat normaalweg 'n uitgebreide kontrolestelsel wat die in- en uitvoer van verbode goedere (smokkelgoedere) by 'n land se grensposte en doeane monitor.[412] Die wetgewing fokus op die onderskepping van 'n wye reeks verbode goedere[413] en maak ook in die meeste gevalle voorsiening vir gevestigde kwarantynprosedures en siekte- en plaagbeheer.[414] Ten einde goeie samewerking tussen regeringsdepartemente in hierdie verband te verseker, kan 'n memorandum van verstandhouding tussen die regeringsdepartemente aangegaan word.[415]

Die vorige besprekings dui oorsigtelik aan hoe 'n beduidende gedeelte van wildmisdaad deur middel van verwante ernstige misdade soos dokumentbedrog, omkopery, samespanning, korrupsie, geldwassery, belastingontduiking en die aflê van misleidende of vals verklarings, gepleeg word.[416] Die *United Nations Office on Drugs and Crime*[417] moedig lande aan om die bekamping van dié misdade op dieselfde wyse as die onregmatige stroop, vervoer, handel, verwerking en verspreiding van wildspesies te prioritiseer deur wetgewing te ontwikkel wat onder meer die volgende handelinge kriminaliseer en vervolg: (a) die vervalsing, verwydering of verandering van amptelike regeringsdokumente, -seëls en merke; (b) diefstal van blanko regeringsdokumente; (c) verskaffing van vals inligting, verklarings en ander

---

410 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 27-31, 42; United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 6.

411 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 42.

412 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 42.

413 Voorbeelde sluit onder meer wapens, dwelms, alkohol, tabakprodukte, ontplofbare stowwe, pornografie asook fauna en flora in.

414 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 42.

415 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 99-101.

416 Sien bv. 2.3.2 van die proefskrif. Sien ook in die algemeen United Nations Office on Drugs and Crime *World Wildlife Crime Report: Trafficking in Protected Species* 19-23; United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 46-57; United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 23-32.

417 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 46-57.

wanvoorstellings aan regeringsamptenare; (d) oortreding van permit- en lisensievoorwaardes; (e) vervalsing van amptelike rekords; (f) oordrag of verberging van eiendom wetende dat sodanige eiendom die opbrengs van 'n wildmisdaad is; (g) betaling van omkoopgeld aan regeringsamptenare; en (h) afpersing van regeringsamptenare.

Die *United Nations Convention against Corruption* (2005) bevat 'n omvattende reeks aanbevelings vir lande om verskeie oortredings wat met korrupsie verband hou meer doeltreffend te bekamp en oortreders strafregtelik te vervolg. Die *United Nations Office on Drugs and Crime*[418] stel voor dat lande die bepalings en aanbevelings van die verdrag in nasionale wetgewing ratifiseer en in werking stel ten einde verwante ernstige misdade wat gebruik word om wildmisdaad te pleeg, te bekamp. Regeringsamptenare wat binne die konteks van wildmisdaad by die pleging van hierdie ernstige misdade betrokke is, moet aan die pen ry en deur die regering vervolg word. Aanbevelings vir die bekamping van onder meer die volgende oortredings is in dié verdrag ingesluit, naamlik: omkoop van regeringsamptenare;[419] omkoop van buitelandse amptenare en amptenare van openbare internasionale organisasies;[420] geldverduistering, wanbesteding van regeringsfondse of -eiendom deur 'n regeringsamptenaar;[421] misbruik van invloed;[422] misbruik van regeringsfunksies;[423] ongeoorloofde verryking;[424] omkopery in die privaat sektor;[425] verduistering van eiendom in die privaat sektor;[426] geldwassery uit die opbrengs van misdaad;[427] verduistering;[428] en dwarsboming van die gereg.[429]

---

418 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 18-19; United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 3.
419 Artikel 15 van die *United Nations Convention Against Corruption* (2005).
420 Artikel 16 van die *United Nations Convention Against Corruption* (2005).
421 Artikel 17 van die *United Nations Convention Against Corruption* (2005).
422 Artikel 18 van die *United Nations Convention Against Corruption* (2005).
423 Artikel 19 van die *United Nations Convention Against Corruption* (2005).
424 Artikel 20 van die *United Nations Convention Against Corruption* (2005).
425 Artikel 21 van die *United Nations Convention Against Corruption* (2005).
426 Artikel 22 van die *United Nations Convention Against Corruption* (2005).
427 Artikel 23 van die *United Nations Convention Against Corruption* (2005).
428 Artikel 24 van die *United Nations Convention Against Corruption* (2005).
429 Artikel 25 van die *United Nations Convention Against Corruption* (2005).

Georganiseerde misdaadgroepe se bedrywighede is op 'n direkte sowel as indirekte wyse by die uitvoering van wildmisdade betrokke.[430] Hoewel die *Convention Against Transnational Organised Crime* (2003) nie spesifiek na wildmisdaad in die verdrag se teks verwys nie, het die verdrag 'n breë trefwydte wat vier spesifieke misdade kriminaliseer, naamlik: die deelname aan 'n georganiseerde misdaadgroep,[431] geldwassery,[432] korrupsie[433] en dwarsboming van die gereg[434]. Ingevolge die *United Nations Convention Against Transnational Organised Crime* (2003) is 'n "georganiseerde misdaadgroep" (a) 'n gestruktureerde groep van drie of meer persone; (b) wat vir 'n sekere tydperk bestaan; en (c) saamspan om een of meer ernstige misdade te pleeg; (d) wat ten doel stel om direkte of indirekte finansiële of ander materiële voordeel daaruit te put.[435] Die verdrag definieer 'n "ernstige misdaad" as 'n misdaad wat met minstens vier jaar tronkstraf of 'n meer ernstige straf strafbaar is.[436] Die *United Nations Office on Drugs and Crime*[437] verduidelik dat indien die oortreders van wildmisdaad aan die bogenoemde kriteria van 'n "georganiseerde misdaadgroep" voldoen, en indien lande geskikte strawwe op nasionale vlak aan oortreders van wildmisdaad toeken, sal wildmisdaad as 'n "ernstige misdaad" ingevolge die *United Nations Convention Against Transnational Organised Crime* (2003) gelees kan word. Weens die toenemende betrokkenheid van georganiseerde misdaadgroepe by wildmisdaad (op alle vlakke) en die transnasionale aard van wildmisdaad, maan die *United Nations Office on Drugs and Crime*[438] en die *United*

---

430 Sien 2.3.1 – 2.3.4 van die proefskrif. Sien ook United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 58-59.

431 Artikel 5 van die *United Nations Convention Against Transnational Organised Crime* (2003).

432 Artikel 6 van die *United Nations Convention Against Transnational Organised Crime* (2003).

433 Artikel 8 van die *United Nations Convention Against Transnational Organised Crime* (2003).

434 Artikel 23 van die *United Nations Convention Against Transnational Organised Crime* (2003).

435 Artikel 2(a) van die *United Nations Convention Against Transnational Organised Crime* (2003).

436 Artikel 2(b) van die *United Nations Convention Against Transnational Organised Crime* (2003).

437 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 17, 58-59.

438 Volgens die United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 17 "[s]ince both the perpetration and the effects of wildlife and forest offences are often transnational in nature, and given the frequent involvement of organized criminal groups in these undertakings, there is considerable potential for invoking the Convention against Transnational Organized Crime in a legal response to the cross-border aspects of wildlife and forest offences."

Nations General Assembly[439] lande om die bepalings van die *Convention Against Transnational Organised Crime* (2003) in nasionale wetgewing te ratifiseer.[440]

Die belang van die internet as 'n moderne handelsmedium om wildspesies internasionaal te verkoop, is in die voorafgaande besprekings onder vlak 4 uitgelig.[441] Daar bestaan nie tans 'n internasionale beleid wat handel oor die moderne beginsels en meganismes om wildmisdaad via die internet effektief te reguleer nie, maar daar is wel internasionale samewerking of pogings om die kwessie te hanteer.[442] Tydens die 17de CITES-konferensie is 'n aantal besluite oor die aangeleentheid geneem, waartydens die samewerking van die partye versoek is om hulp in die ontwikkeling van beste praktyke ter bekamping van dié moderne kwessie te bied.[443] Regerings is aangemoedig om nasionale wetgewing te ontwikkel wat die unieke uitdagings wat die internet in hierdie verband stel die hoof bied.[444] Die samewerking van aanlyn platforms, om hulle tot streng interne beleid aangaande wildmisdaad te verbind, word as onmisbaar in die bekamping van wildmisdaad beskou.[445]

---

439 Die *United Nations General Assembly* is oortuig dat "the United Nations Convention against Transnational Organized Crime will constitute an effective tool and the necessary legal framework for international cooperation in combating, inter alia, such criminal activities as money-laundering, corruption, illicit trafficking in endangered species of wild flora and fauna, offences against cultural heritage and the growing links between transnational organized crime and terrorist crimes..." Sien Resolution 55/25 "United Nations Convention against Transnational Organized Crime" 55th Session of the General Assembly of the United Nations (2001) https://bit.ly/2LNG55G.

440 Sien ook in die algemeen die bespreking in White *Transnational Environmental Crime: Toward an Eco-Global Criminology* 1-18, 52-70.

441 Sien 2.3.4 van die proefskrif.

442 International Fund for Animal Welfare *Caught in the Web: Wildlife Trade on the Internet* ii.

443 *Decisions of the Conference of the Parties to CITES in Effect After its 17th Meeting* (Beslissings 17.92 - 17.97 en 15.57 aangaande die Bekamping van Wildspesie-kubermisdaad).

444 International Fund for Animal Welfare *Wanted - Dead or Alive: Exposing Online Wildlife Trade* 5.

445 Die *Global Coalition to End Wildlife Trafficking Online* is gedurende 2017 deur die *World Wildlife Fund*, *International Fund for Animal Welfare* en TRAFFIC in samewerking met verskeie aanlyn platforms onderneem. Sien Bale 2018 http://bit.ly/2HqMuQ0. Die aanlyn platforms wat deel uitmaak van die koalisie onderneem om die kwessie op verskillende vlakke te hanteer. 'n Beginpunt is om streng interne beleide aangaande die koop en verkoop van wildspesies en hul neweprodukte te ontwikkel en te implementeer. Sien World Wide Fund for Nature, International Fund for Animal Welfare en TRAFFIC *Wildlife-Friendly Online Trade 2017: A Harmonised Policy for e-Commerce and Social Media Companies* 2. Koalisie-inisieerders (*World Wildlife Fund*, *International Fund for Animal Welfare* en TRAFFIC) onderneem om die deelnemende aanlyn platforms by te staan in die ontwikkeling van algoritmes wat berus op die moderne tegnologiebeginsels van "*machine learning*" om outomaties enige verdagte of verbandhoudende sleutelwoorde in advertensies te identifiseer en uit te lig. Die werknemers van aanlyn platforms sal verdere opleiding ontvang om aanlyn advertensies vir die koop en verkoop van wildspesies en hul neweprodukte individueel te evalueer.

Die *United Nations Office on Drugs and Crime*[446] voeg by dat aspekte soos die vraag na wildspesies en die uiteenlopende menslike gebruike van wildspesies se neweprodukte tans onvoldoende nagevors is en gevolglik die regulasie en afdwinging deur toepassingsagentskappe op vlak 4 van handelinge kompliseer.[447]

Vervolgens kan die bogenoemde aanbevelings van die *United Nations Office on Drugs and Crime* soos volg visueel voorgestel word:

446 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 44.

447 Sien 2.5 van die proefskrif. Sien in hierdie verband in die algemeen die kwessies en aanbevelings soos geïdentifiseer in Vu *Reducing Demand for Illegal Wildlife Products – Is There Any Way Forward?* 3.



Figuur 4: Skematiese voorstelling van voorstelle vir die ontwikkeling en implementering van nasionale wetgewing om wildmisdaad te bekamp

Dié handelinge word deur uiteenlopende faktore gedryf wat in die volgende afdeling bespreek word.

2.5 Dryffaktore van wildmisdaad

Daar is 'n aantal faktore wat wildmisdaad dryf.[448] Die noodsaaklikheid om die dryffaktore van wildmisdaad te bepaal, word soos volg deur die *Organisation for Economic Co-Operation and Development*[449] gestel:

> Clearly, it is important to understand what drives this trade, and the circumstances under which it thrives, in order to develop effective policies to counter it.

Hierdie aanhaling verwys na die toestande waaronder wildmisdaad floreer. Gevolglik word die verskillende faktore wat wildmisdaad dryf, bepaal, aangesien die ontwikkeling van wetgewing en beleid om wildmisdaad te bekamp direk met die dryffaktore verband hou. Vervolgens word primêre sowel as sekondêre dryffaktore van wildmisdaad uitgelig en kortliks bespreek.

Die eerste primêre dryffaktor is suiwer ekonomies van aard, aangesien die meeste rolspelers geïnteresseerd is in die direkte finansiële voordeel wat hulle vir hul deelname aan wildmisdaad kan ontvang.[450] Volgens TRAFFIC[451] wissel rolspelers se direkte finansiële voordeel tussen sporadiese inkomste, bestendige inkomste of grootskaalse inkomste.

Die tweede primêre dryffaktor is in die ekonomiese teorie van vraag en aanbod geleë. Rolspelers identifiseer gewoonlik 'n tekort in die aanbod vir seldsame en eksotiese wildspesies (of selfs bedreigde en bewaarde wildspesies) en vul die vraag aan teen hoë pryse met wildspesies wat onregmatig bekom is.[452] Die koopprys word as 'n

---

448 Die dryffaktore is die motivering vir of die toestande wat individue aanspoor om spesifieke handelinge te onderneem of om bepaalde gedrag te openbaar. TRAFFIC *What's Driving the Wildlife Trade?* vi; Organisation for Economic Co-Operation and Development *Illegal Trade in Environmentally Sensitive Goods* 26; Nelleman ea *Elephants in the Dust: The African Elephant Crisis* 40.

449 Organisation for Economic Co-Operation and Development *Illegal Trade in Environmentally Sensitive Goods* 26.

450 Broad, Mulliken en Roe "The Nature and Extent of Legal and Illegal Trade in Wildlife" 17; Bricknell *Environmental Crime in Australia* 5-6. Grabosky 2003 *International Annals of Criminology* 237 sluit hierby aan en bepaal dat hebsug en onkunde verdere fundamentele faktore is wat wildmisdaad dryf. Die skrywer bepaal dat "hebsug" na rolspelers se onversadigbare begeerte om direkte finansiële voordeel te bekom verwys, terwyl "onkunde" na rolspelers se tekort aan inligting en bewustheid aangaande die negatiewe impak wat wildmisdaad op biodiversiteit uitoefen, verwys.

451 TRAFFIC *What's Driving the Wildlife Trade?* ix, 59.

452 Organisation for Economic Co-Operation and Development *Illegal Trade in Environmentally Sensitive Goods* 26, 28. Daarmee saam vermy rolspelers om enige regulatoriese kostes en

ekonomiese dryffaktor beklemtoon vernaam in gevalle waar die vraag na spesifieke wildspesies en hul neweprodukte toeneem en die aanbod daarvan tekortskiet.[453] Wildspesies en hul neweprodukte wat deur middel van wildmisdaad bekom word, kan hoër monetêre opbrengste behaal in vergelyking met wildspesies wat vanuit regmatige markte spruit.[454] Die volgehoue vraag na wildspesies stimuleer dus 'n toename in wildmisdaad asook 'n toename in die monetêre opbrengste wat met wildmisdaad verbind word.[455] In dié geval word regmatige markte vir die koop en verkoop van wildspesies sodoende aan die instroming van wildspesies wat onregmatig bekom is, blootgestel of alternatiewelik word nuwe onregmatige markte geskep.[456] Anders gestel: wildspesies wat regmatig sowel as onregmatig bekom is, versterk die mark.

Die derde primêre dryffaktor van wildmisdaad is die regulatoriese skuiwergate[457] wat met die bekamping en voorkoming van wildmisdaad verband hou.[458] Vanweë die skuiwergate beskou rolspelers wildmisdaad as 'n laerisiko-misdaad, wat met hoë opbrengste en 'n geringe waarskynlikheid om daarvoor aangekeer te word, gekombineer is.[459] Wildmisdaad word deur gevalle gedryf waar die nodige

---

permitfooie te betaal. Daar is bevind dat rolspelers verkies om wildbewaarders, regeringsamptenare en grenspos- of doeanebeamptes om te koop in stede daarvan om die regulatoriese kostes en permitfooie te vereffen. Sien Brack 2002 *Global Environmental Change* 144; Brack "Combatting International Environmental Crime" 486; Brack "Combatting International Environmental Crime" 336.

453 Organisation for Economic Co-Operation and Development *Illegal Trade in Environmentally Sensitive Goods* 29; TRAFFIC *What's Driving the Wildlife Trade?* 61. Sien ook 2.7 van die proefskrif.

454 Organisation for Economic Co-Operation and Development *Illegal Trade in Environmentally Sensitive Goods* 26; Brack 2002 *Global Environmental Change* 144; Brack "Combatting International Environmental Crime" 486; Brack "Combatting International Environmental Crime" 336; Hayman en Brack *International Environmental Crime: The Nature and Control of Environmental Black Markets Background Paper* 5.

455 Organisation for Economic Co-Operation and Development *Illegal Trade in Environmentally Sensitive Goods* 29; Nelleman ea (reds) *The Rise of Environmental Crime: A Growing Threat to Natural Resources Peace, Development and Security* 75. Sien ook 2.7 van die proefskrif.

456 United Nations Office on Drugs and Crime *World Wildlife Crime Report: Trafficking in Protected Species* 16. Sien ook 2.7 van die proefskrif.

457 Anders gestel: "enforcement loopholes".

458 Hayman en Brack *International Environmental Crime: The Nature and Control of Environmental Black Markets Background Paper* 5; Brack "Illegal Trade in Natural Resources" 115; Brack "Combatting International Environmental Crime" 486; Brack 2002 *Global Environmental Change* 144; Organisation for Economic Co-Operation and Development *Illegal Trade in Environmentally Sensitive Goods* 32-34.

459 Nelleman ea (reds) *The Environmental Crime Crisis: Threats to Sustainable Development from Illegal Exploitation and Trade in Wildlife and Forest Resources* 18; Kazmar 2000 *University of California Davis Journal of International Law and Policy* 108-109; United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 3; Bearder 2018 http://bit.ly/2oMUsfs;

regulatoriese kontrole ontbreek of in gevalle waar regulasies mettertyd uitgedien of onprakties geword het.[460] Dié skuiwergate sluit onder meer in:[461]

(a) onbetroubare, beïnvloedbare en korrupte staatsinstellings en -beamptes;
(b) onduidelike en variërende nasionale wetgewende bepalings;
(c) polities-gedrewe ontwikkeling en hersiening van wetgewing;
(d) wisselende vlakke van nasionale ratifisering van die CITES;
(e) onduidelike klassifikasie van bedreigde, kritiek bedreigde, kwesbare en beskermde wildspesies;
(f) 'n tekort aan die nodige wetenskaplike en tegniese kennis onder wildbewaarders, regeringsamptenare en grenspos- of doeanebeamptes om wildspesies en hul neweprodukte uit te ken;
(g) 'n gebrek aan bekwame toepassingsbeamptes, finansiële en ander hulpbronne en infrastruktuur;
(h) hoë kostes verbonde aan die nakoming van wetgewing en regulasies;
(i) onvoldoende vervolgingskapasiteit; en
(j) relatiewe lae sanksies in vergelyking met die sanksies van ander misdade.

Aldus Smith en Walpole[462] kom die bogenoemde skuiwergate meer algemeen in ontwikkelende lande ryk aan biodiversiteit voor. Korrupsie kom toenemend as gevolg van lae regeringsalarisse, swak toerekeningsvatbaarheid onder regeringsbeamptes, gebrekkige regeringsinstellings en politieke motiverings en -ingryping voor.[463] Die

---

Zimmerman 2003 *Vanderbilt Journal of Transnational Law* 1669-1671; Internasionale Kriminele Polisie en United Nations Environment Programme *Strategic Report: Environment, Peace and Security: A Convergence of Threats* 59.

460 Hayman en Brack *International Environmental Crime: The Nature and Control of Environmental Black Markets Background Paper* 5; Brack "Illegal Trade in Natural Resources" 115; Brack "Combatting International Environmental Crime" 486; Brack 2002 *Global Environmental Change* 144; Organisation for Economic Co-Operation and Development *Illegal Trade in Environmentally Sensitive Goods* 32-34.

461 Hayman en Brack *International Environmental Crime: The Nature and Control of Environmental Black Markets Background Paper* 5; Brack "Illegal Trade in Natural Resources" 115; Brack "Combatting International Environmental Crime" 486; Brack 2002 *Global Environmental Change* 144; Organisation for Economic Co-Operation and Development *Illegal Trade in Environmentally Sensitive Goods* 32-34; Weru *Wildlife Protection and Trafficking Assessment in Kenya* 16.

462 Smith en Walpole 2005 *Oryx* 252.

463 Sien 2.2; 2.3.2 en 2.3.3 van die proefskrif. World Wide Fund For Nature, TRAFFIC en U4 Anti-Corruption Resource Centre *Wildlife Crime and Corruption: Options for Moving Forward* 4; Kaufmann 1997 *Foreign Policy* 116; Laurance 2004 *Trends in Ecology and Evolution* 399; Smith ea 2003 *Nature* 67.

United Nations Office on Drugs and Crime[464] stel dat die bekamping van skuiwergate nie slegs deur die opskerping van regulatoriese, toepassings- en wetgewende beleid sal geskied nie, maar ook deur verdere oorweging van die verbandhoudende sosiale, politieke, ekonomiese, ekologiese en kulturele uitdagings.

Sekondêre dryffaktore wat sosio-ekonomies, kultureel en religieus van aard kan wees, kom ook voor.[465] Duffy en St John[466] verklaar dat

> [t]he decision to poach [wildlife] or not is decided by an individual, but is shaped by the social, political and economic context in which that individual finds themselves.

Volgens die bogenoemde stelling deur Duffy en St John[467] beïnvloed die sosiale, politieke en ekonomiese milieu waarin gemeenskappe hulself bevind die individu se keuse om wildmisdaad te pleeg. Beide armoede sowel as rykdom word as dryffaktore van wildmisdaad gereken.[468]

Armoede, hongersnood en werkloosheid noop bestaansjagters om alternatiewe maniere van broodwinning te ondersoek en die pleeg van wildmisdaad blyk finansiële voordeel vir hulle in te hou.[469] Soos voorheen uitgelig,[470] verteenwoordig bestaansjag 'n alternatiewe, toeganklike, aanloklike en lonende opsie vir gemarginaliseerde en hulpbehoewende plaaslike gemeenskappe in die stryd teen beide armoede en hongersnood.[471] Anders gestel is die stroop van wildspesies vir heelwat plaaslike gemeenskapslede beide 'n bron van voedsel sowel as inkomste.[472] Sommige bestaansjagters, vernaam werklose enkellopende jong mans, pleeg wildmisdaad om

---

464 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit*

465 Broad, Mulliken en Roe "The Nature and Extent of Legal and Illegal Trade in Wildlife" 17.

466 Duffy en St John *Poverty, Poaching and Trafficking: What are the Links?* 3.

467 Duffy en St John *Poverty, Poaching and Trafficking: What are the Links?* 3.

468 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 143.

469 Davies 2002 *Conservation Biology* 588; Robinson en Bennett 2002 *Oryx* 332; Rowcliffe 2002 *Oryx* 331; Nelleman ea (reds) *The Environmental Crime Crisis: Threats to Sustainable Development from Illegal Exploitation and Trade in Wildlife and Forest Resources* 24; Broad, Mulliken en Roe "The Nature and Extent of Legal and Illegal Trade in Wildlife" 3; Hübschle 2017 *South African Crime Quarterly* 63.

470 Sien 2.3.1 van die proefskrif vir 'n bondige bespreking rakende bestaansjagters en die bosvleisbedryf.

471 TRAFFIC *What's Driving the Wildlife Trade?* 58; Internasionale Kriminele Polisie en United Nations Environment Programme *Strategic Report: Environment, Peace and Security: A Convergence of Threats* 59; Knapp 2012 *Tropical Conservation Science* 435-437.

472 Mainka en Trivedi *Links Between Biodiversity, Conservation, Livelihoods and Food Security* 12; Wyatt "The Uncharismatic and Unorganised Side to Wildlife Smuggling" 134-136.

die status van 'n welvarende en vooraanstaande lid van die gemeenskap te handhaaf.[473] In die meeste gevalle beskou bestaansjagters die stroop van wildspesies as regmatig vanweë die gemeenskap se tradisionele gewoontes, kulturele gebruike of religieuse oortuigings, hoewel die handelinge inderwaarheid in terme van wetgewing onregmatig is.[474] Weens dié oortuigings stroop bestaansjagters soms onwetend bedreigde, kwesbare of beskermde wildspesies en maak van onregmatige stroopmetodes, werkswyses en toerusting gebruik.[475] Terwyl armoede talle individue aanspoor om wildspesies te stroop om 'n beter lewenskwaliteit te handhaaf, meen Duffy en St John[476] dat bestaansjagters (of enige ander wildstroper) nie aan onregmatige bedrywighede sal deelneem in ruil vir 'n inkomste indien daar nie 'n volgehoue vraag deur welgestelde individue na wildspesies en hul neweprodukte bestaan nie.[477]

Rykdom en welvaartgroei in die vorm van 'n toename in besteebare inkomste, vernaam onder Asiatiese verbruikers, dryf grootliks die groei in vraag na wildspesies en hul neweprodukte.[478] Die gevolg is dat 'n groter groep verbruikers toegang tot luukse kommoditeite kan geniet.[479] Hughes[480] stel dit soos volg:

> Global biodiversity loss doesn't just result from the destruction of habitats, or even hunting species for meat. A huge number of species are threatened by trade – both alive as pets or exhibits, or dead for use in medicines.

Die vraag na wildspesies en hul neweprodukte is op 'n aantal gebruike gebaseer wat varieer tussen kulturele en religieuse benodighede tot luukse artikels wat dui op

---

473 Haas en Ferreira 2018 *Ecological Applications* 490; Massé ea 2017 *South African Crime Quarterly* 24-25.

474 Biggs ea 2016 *Conservation Biology* 6; Brymer 1991 *Anthropologica* 181.

475 Eves "The Bushmeat Trade in Africa: Conflict, Consensus, and Collaboration" 143.

476 Duffy en St John *Poverty, Poaching and Trafficking: What are the Links?* 3.

477 Sien ook Duffy *Nature Crime: How We're Getting Conservation Wrong* 168; TRAFFIC *What's Driving the Wildlife Trade?* 59; Stiles *Elephant Meat Trade in Central Africa: Summary Report* 15, 34, 60.

478 Robinson en Bennett 2002 *Oryx* 332; Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 36. Verwys in die algemeen na die omvattende verslag EMS Foundation en Ban Animal Trading *Breaking Point: Uncovering South Africa's Shameful Live Wildlife Trade with China* wat die verbintenisse tussen Sjina en wildmisdaad in Suid-Afrika beklemtoon.

479 TRAFFIC *What's Driving the Wildlife Trade?* 62; Mainka en Trivedi *Links Between Biodiversity, Conservation, Livelihoods and Food Security* 41.

480 Hughes 2017 http://bit.ly/2FGELRy.

status, rykdom en moderne weelde.[481] Die gebruike waarop die vraag na wildspesies en hul neweprodukte gebaseer is, word elk as 'n afsonderlike dryffaktor beskou en sluit onder andere tradisionele medisyne en gebruike;[482] uitheemse delikatesses (eksotiese vleis);[483] ornamente, sierade, snuisterye, kunsvlytitems en juwele;[484] mode items van leer, pelse en wol;[485] jagtrofees;[486] eksotiese troeteldiere;[487] sirkusse;[488]

---

481 Broad, Mulliken en Roe "The Nature and Extent of Legal and Illegal Trade in Wildlife" 10-11; Roe ea *Making a Killing or Making a Living? Wildlife Trade, Trade Controls and Rural Livelihoods* 15-16; World Wide Fund for Nature en Dalberg Global Development Advisors *Fighting Illicit Wildlife Trafficking: A Consultation with Governments* 12.

482 Die gebruik van tradisionele medisyne is diep in kulturele gebruike en religieuse oortuigings van beide Asiatiese sowel as Suid-Afrikaanse bevolkingsgroepe verskans. Tradisionele medisyne word gebruik vir die genesing van kwale, voorkoming van allerhande gesondheidstoestande en vir simboliese doeleindes soos om onderlinge menslike verhoudings te verbeter; om goeie geluk te behaal; om aanslae van vyande af te weer; om aan die verbruiker dapperheid te verleen; om bose geeste uit te dryf en om kinders se intelligensie te verbeter. Verskeie wildspesies se neweprodukte word as bestanddele daarin gebruik, bv. renosterhorings, tier- en leeubene, seekoeisterte, olifantslurpe, -pote en -velle en Afrika-ietermagohuidskubbe. Wat tradisionele gebruike betref, word luiperds byvoorbeeld as 'n totem deur die Zoeloes geag. Luiperdhuide word tydens die Zoeloes se tradisionele seremonies as 'n deel van hul tradisionele drag aangetrek. Sien in die algemeen Wyatt "The Uncharismatic and Unorganised Side to Wildlife Smuggling" 132-134.

483 Sommige wildspesies se vleis word beskou as delikatesses wat teen hoë pryse in restaurante voorberei en te koop aangebied word bv. 'n groot verskeidenheid bosvleis, die vleis van ietermago's, krokodille, skilpaaie, olifante en primate.

484 Hierdie items word meestal met ryk individue geassosieer wat dit as kosbare geskenke aanbied as 'n simbool van prestige en hul finansiële vermoë, kulturele veelseggendheid, sosiale status of politieke verbindings. Oningeligte toeriste koop in sommige gevalle van hierdie items as aandenkings.

485 Daar bestaan 'n vraag na klerasie wat van eksotiese leer, pelse, wol en vere vervaardig is. Die modebedryf gebruik groot hoeveelhede leer, pelse, wol en vere wat onregmatig van verskeie reptiele, soogdiere, wildsbokke en voëls bekom is, om handsakke, skoene, sjaals, kledingstowwe en ander bykomstighede te vervaardig. Sien in die algemeen Wyatt "The Uncharismatic and Unorganised Side to Wildlife Smuggling" 136-139.

486 Sien 2.3.1 van die proefskrif vir 'n bondige bespreking van trofeejag.

487 'n Groot verskeidenheid reptiele, skilpaaie, primate, papegaaie en groot katspesies word jaarliks wêreldwyd onregmatig as eksotiese troeteldiere verkoop. Moorhouse ea 2017 *Conservation Letters* 342 bepaal deur voornemende eienaars met inligting rakende eksotiese troeteldiere se spesifieke behoeftes, die verspreiding van soönotiese siektes en moontlike onregmatige oorsprong te verskaf, kan die vraag na eksotiese troeteldiere potensieel met 40% daal. Sien ook bv. Wyatt "The Uncharismatic and Unorganised Side to Wildlife Smuggling" 130-132; Actman 2019 https://on.natgeo.com/2Rduzno; Fobar 2019 https://on.natgeo.com/2V2mNO7; World Animal Protection *Exploiting Africa's Wildlife – The 'Big 5' and 'Little 5'* 6-10; Bale 2020 https://on.natgeo.com/3bLS4f0; United Nations Environment Programme *UNEP Frontiers 2016 Report: Emerging Issues of Environmental Concern* 64-71.

488 Sirkusse gebruik lank reeds olifante, groot katspesies en primate in vertonings. Talle van hierdie wildspesies is op onregmatige wyse bekom. Sommige van hierdie wildspesies word aan wrede praktyke blootgestel, soos bv. die verwydering van kloue en tande. Sien bv. Neme 2016 https://on.natgeo.com/2tQAc2k; Iossa, Soulsbury en Harris 2009 *Animal Welfare* 129-140. (Daar het egter 'n internasionale neiging ontstaan om eerder sirkusse aan te bied wat van geen diere in vertonings gebruik maak nie.)

privaat dieretuine en wildspesieversamelings[489] in.[490] Die *United Nations Office on Drugs and Crime*[491] bepaal dat die regmatige markte vir die bogenoemde gebruike gekniehalter word deur die aanbod van wildspesies wat onregmatig bekom is. Party wildspesies en hul neweprodukte het so 'n hoë status en skaarsheid bereik dat die prys daarvan onvergelykbaar met die praktiese gebruik daarvan geword het.[492] Die waarde van sekere wildspesies en hul neweprodukte is op die hoogste moontlike prys wat verbruikers daarvoor sal betaal gebaseer, eerder as op die hedendaagse konjunktuur.[493]

Die waarneming word gemaak dat die sekondêre dryffaktore direk met die primêre dryffaktore verband hou. Solank wildmisdaad groot finansiële voordeel inhou, daar 'n geringe moontlikheid bestaan om daarvoor aangekeer te word, die regulatoriese

---

489 Privaat dieretuine en wildspesieversamelings, wat oor versamelings van eksotiese, bedreigde, kwesbare of beskermde wildspesies beskik, blyk 'n moderne stokperdjie vir invloedryke en welvarende individue te wees.

490 Broad, Mulliken en Roe "The Nature and Extent of Legal and Illegal Trade in Wildlife" 11; World Wide Fund for Nature en Dalberg Global Development Advisors *Fighting Illicit Wildlife Trafficking: A Consultation with Governments* 12; Herbig en Griffiths 2016 *Acta Criminologica* 130-131; Felbab-Brown *The Disappearing Act: The Illicit Trade in Wildlife in Asia* 7-8; Pires en Moreto 2015 http://bit.ly/2Cf6Ay6; Cook, Roberts en Lowther *The International Wildlife Trade and Organised Crime: A Review of the Evidence and the Role of the UK* 9; Phelps, Biggs en Webb 2016 *Frontiers in Ecology and the Environment* 6; Pires en Moreto 2011 *European Journal on Criminal Policy and Research* 109, 111; Gossmann 2012 https://bit.ly/3pQhrEd; Wyler en Sheikh "International Illegal Trade in Wildlife: Threats and U.S. Policy" 4; Van Uhm *The Illegal Wildlife Trade: Inside the World of Poachers, Smugglers and Traders* 197; Warchol, Zupan en Clack 2003 *International Criminal Justice Review* 3-4; Graham-Rowe 2011 *Nature* 101-103; Duffy ea 2016 *Conservation Biology* 15; Whiting, Williams en Habbitts "Animals Traded for Traditional Medicine at the Faraday Market in South Africa: Species Diversity and Conservation Implications" 421-424; Challender, Waterman en Baillie *Scaling Up Pangolin Conservation* 15; Garric 2013 http://bit.ly/2GxkgUu; Jha 2007 http://bit.ly/2Iwnrwb; Grigoryan 2014 http://bit.ly/2IutGRj; Sollund 2011 *Crime, Law and Social Change* 443-444; Hughes 2017 http://bit.ly/2FGELRy; Moulton en Sanderson *Wildlife Issues in a Changing World* 88-89; United Nations Office on Drugs and Crime *World Wildlife Crime Report: Trafficking in Protected Species* 41, 49, 65, 74; Bush, Baker en Macdonald 2014 *Conservation Biology* 663-664; Baker ea 2013 *BioScience* 930; Environmental Investigation Agency *High Profit/Low Risk: Reversing the Wildlife Crime Equation* 11; May *Transnational Crime and the Developing World* 55; Fuller ea 2017 *Journal of Applied Animal Welfare Science* 1-2; Wyatt "The Uncharismatic and Unorganised Side to Wildlife Smuggling" 130-139.

491 United Nations Office on Drugs and Crime *World Wildlife Crime Report: Trafficking in Protected Species* 32.

492 United Nations Office on Drugs and Crime *World Wildlife Crime Report: Trafficking in Protected Species* 41.

493 United Nations Office on Drugs and Crime *World Wildlife Crime Report: Trafficking in Protected Species* 41.

skuiwergate nie hanteer word nie en daar 'n volgehoue vraag na wildspesies en hul neweprodukte bestaan, sal wildmisdaad aanhou floreer.[494]

Gevolglik kan Figuur 3 soos volg bygewerk word:



Figuur 5: Uitbreiding op 'n breë konseptuele definisie van wildmisdaad

Die voorlopige konseptuele definisie van "wildmisdaad" wat in 2.2 van die proefskrif geformuleer is, kan soos volg uitgebrei word:

494 Vergelyk ook die dryffaktore wat in die bogenoemde gedeelte bespreek is met Esmail ea 2020 *Conservation Letters* 5-7.

Wildmisdaad is

(a) 'n area van omgewingsmisdaad;

(b) wat omgewingskade veroorsaak;

(c) uit verskillende vlakke van handelinge en verwante ernstige misdade bestaan;

(d) wat deur internasionale verdrae en nasionale wetgewing gereguleer of onregmatig verklaar word; en wat

(e) vanweë verskeie dryffaktore ontstaan.

Die uitwerking van wildmisdaad loop op 'n uiteenlopende aantal negatiewe gevolge uit, wat dienooreenkomstig in die volgende afdelings bespreek word.

2.6 Negatiewe gevolge van wildmisdaad

Die *Organisation for Economic Co-operation and Development*[495] bepaal dat

> The externalities or societal costs of [wildlife crime] are not always obvious or are not always fully quantified [...] [However] [w]hen devising strategies to counter [wildlife crime], close attention needs to be paid to the diversity of impacts [...]

Die negatiewe gevolge van wildmisdaad word nie te alle tye ooglopend of akkuraat gekwantifiseer nie.[496] Volgens die bogenoemde aanhaling is die vasstelling van die gevolge van wildmisdaad van kardinale belang vir die formulering van wetgewing en beleid om wildmisdaad te bekamp. Die negatiewe gevolge van wildmisdaad hou met kruissektorale aspekte soos die omgewing, sosio-ekonomiese ontwikkeling en transnasionale sekuriteitsoorwegings verband.[497] Vervolgens word daar kortliks op elkeen van dié gevolge uitgebrei.

---

495 Organisation for Economic Co-Operation and Development *Illegal Trade in Environmentally Sensitive Goods* 36;

496 Die Organisation for Economic Co-Operation and Development *Illegal Trade in Environmentally Sensitive Goods* 37 beklemtoon verder dat daar tans geen betroubare statistieke en data bestaan oor die ware omvang en trefwydte van omgewingsmisdaad en die verwante omgewingsmisdaad-areas (sien 1.1.2 en 2.2 van die proefskrif) nie. Indien daar statistieke en data van dié aard beskikbaar sou wees, sou beleidmakers met groter gemak meer effektiewe oplossings kon formuleer.

497 Organisation for Economic Co-Operation and Development *Illegal Trade in Environmentally Sensitive Goods* 36; Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 39.

2.6.1 Negatiewe gevolge op die omgewing

Wildmisdaad is een van die grootste bedreigings vir biodiversiteit naas habitatvernietiging en die vervuiling van indringerspesies.[498] Die negatiewe gevolg wat die mees voor die hand liggend is, is die drastiese afname in wildspesiegetalle of in uiterste gevalle die uitsterwing van wildspesies.[499] Volgens Wright[500] hou die afname in wildspesiegetalle en die uitsterwing van wildspesies langdurige of selfs permanente gevolge vir biodiversiteit in.[501] Die rehabilitasie van wildspesiegetalle kan 'n onbepaalde tydperk neem, indien dit wel vir rehabilitasie ontvanklik is.[502]

Die drastiese afname van sommige wildspesiegetalle hou vandaar verdere bedreigings vir die funksionering van ekostelsels in.[503] Van As ea[504] bepaal soos volg:

> Die kompleksiteit van eko[stelsels] en die wisselwerking tussen spesies wat eko[stelsels] onderhou, is baie sensitief vir versteuring. Indien een spesie verwyder word, het dit onvermydelike implikasies vir ander spesies.

'n Verandering in wildspesiegetalle kan wanbalanse in ekostelsels veroorsaak.[505] Wanbalanse manifesteer in die versteuring van ekologiese prosesse wat deur kernwildspesies[506] onderhou word.[507] 'n Afname in roofdiere (byvoorbeeld leeus, wildehonde en luiperds) kan veroorsaak dat prooipopulasies (byvoorbeeld wildsbokke) drasties toeneem wat om die beurt oorbeweiding tot gevolg sal hê.[508] Die teenoorgestelde is ook waar: indien prooipopulasies se getalle drasties binne 'n

---

498 Van As ea *Die Verhaal van Lewe en die Omgewing: 'n Afrika-perspektief* 43-46; Broad, Mulliken en Roe "The Nature and Extent of Legal and Illegal Trade in Wildlife" 4. Sien ook 1.1 van die proefskrif.

499 Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 39.

500 Wright 2011 *Trends in Organised Crime* 339; United Nations Environment Programme *Analysis of the Environmental Impacts of Illegal Trade in Wildlife* 2.

501 Sien ook Felbab-Brown *The Disappearing Act: The Illicit Trade in Wildlife in Asia* 6.

502 Wright 2011 *Trends in Organised Crime* 339; World Wide Fund for Nature en Dalberg Global Development Advisors *Fighting Illicit Wildlife Trafficking: A Consultation with Governments* 19.

503 Organisation for Economic Co-Operation and Development *Illegal Trade in Environmentally Sensitive Goods* 42.

504 Van As ea *Die Verhaal van Lewe en die Omgewing: 'n Afrika-perspektief* 43.

505 Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 39.

506 Anders gestel: "*keystone species*". Kernwildspesies speel 'n kritieke rol in die handhawing van balans in 'n ekostelsel, bv. die handhawing van ander spesies se getalle en saadverspreiding.

507 Van Vliet ea "Meat from the Wild: Extractive uses of Wildlife and Alternatives for Sustainability" 240.

508 Van Vliet ea "Meat from the Wild: Extractive uses of Wildlife and Alternatives for Sustainability" 240.

ekostelsel daal, ontstaan daar leemtes binne voedselkettings.[509] 'n Verandering in olifantgetalle sal byvoorbeeld 'n verandering in die saadverspreiding binne 'n ekostelsel tot gevolg hê.[510] Gekompromitteerde ekostelsels is meer kwesbaar vir die invloed van eksterne risiko's en beskik oor 'n lae aanpasbaarheidsvermoë, wat derhalwe tot die totale ineenstorting van 'n ekostelsel kan lei.[511]

Wildmisdaad kan ook 'n kanaal wees waardeur uitheemse en indringerwildspesies aan inheemse ekostelsels bekendgestel word.[512] Uitheemse en indringerwildspesies is in baie gevalle maklik aanpasbaar en meer gehard as inheemse wildspesies wat gevolglik deeglike beleidsbeplanning en -implementering op voetsoolvlak vereis om dié wildspesies uit te roei.[513] Eksotiese troeteldiere kan byvoorbeeld deur onbekwame eienaars in die natuur vrygelaat en sodoende indringerwildspesies word.[514]

'n Verdere gevolg wat die omgewing negatief beïnvloed en deur wildmisdaad gefasiliteer kan word en ook met ernstige sosio-ekonomiese gevolge verband hou, is die verspreiding van soönotiese siektes oor kontinentale en landsgrense.[515] Soönotiese siektes is aansteeklike siektes wat vanaf 'n wildspesie tot 'n mens (óf selfs ander wildspesies (óf vee) óf van mens-tot-mens) oorgedra kan word en verreikende gevolge

---

509 United Nations Environment Programme *Analysis of the Environmental Impacts of Illegal Trade in Wildlife* 29.

510 Van Vliet ea "Meat from the Wild: Extractive uses of Wildlife and Alternatives for Sustainability" 240.

511 Organisation for Economic Co-Operation and Development *Illegal Trade in Environmentally Sensitive Goods* 43; Felbab-Brown *The Disappearing Act: The Illicit Trade in Wildlife in Asia* 6.

512 Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 41; World Wide Fund for Nature en Dalberg Global Development Advisors *Fighting Illicit Wildlife Trafficking: A Consultation with Governments* 19.

513 Harvey ea *Burmese Pythons in South Florida: Scientific Support for Invasive Species Management* 2; Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 42; Wyler en Sheikh *International Illegal trade in Wildlife: Threats and U.S. Policy 2008* 12; Wyler en Sheikh "International Illegal Trade in Wildlife: Threats and U.S. Policy" 11.

514 Harvey ea *Burmese Pythons in South Florida: Scientific Support for Invasive Species Management* 1.

515 World Wide Fund for Nature en Dalberg Global Development Advisors *Fighting Illicit Wildlife Trafficking: A Consultation with Governments* 19; Smith ea 2012 *PLoS ONE* 1; Gómez en Aguirre 2008 *Animal Biodiversity and Emerging Diseases* 16; United Nations Environment Programme *Analysis of the Environmental Impacts of Illegal Trade in Wildlife* 24; Wyler en Sheikh *International Illegal trade in Wildlife: Threats and U.S. Policy 2008* 13; Wyler en Sheikh "International Illegal Trade in Wildlife: Threats and U.S. Policy" 12; Can, D'Cruze en Macdonald 2019 *Global Ecology and Conservation* 1-2, 14-15.

vir die welstand van die mens en ander inheemse wildspesies inhou.[516] Bestaansjagters is byvoorbeeld ook in gevaar om verskeie soönotiese siektes gedurende die jag en vleisverwerkingsproses op te doen.[517]

2.6.2 Negatiewe gevolge op sosio-ekonomiese ontwikkeling

Die onomkeerbare uitdunning van wildspesiegetalle deur middel van wildmisdaad, veral in ontwikkelende lande ryk aan biodiversiteit, het 'n direkte negatiewe impak op dié lande se ekonomiese vooruitgang.[518] Indien wildspesiegetalle tot so 'n mate afneem dat regmatige handel daarmee onuitvoerbaar is en ekotoerisme byvoorbeeld misluk, kan dit ongekende ekonomiese verliese en agteruitgang vir ontwikkelende lande veroorsaak.[519] Ontwikkelende lande is ekonomies meer vatbaar vir die negatiewe

---

516 Bengis ea 2004 *Scientific and Technical Review of the Office International des Epizooties* 498. Voorbeelde van siektes wat tussen wildspesies en die mens of na ander wildspesies oordraagbaar is, is koronavirusse, ernstige akute respiratoriese sindroom, hartwatersiekte, die influensa-virus en pokke. Kwarantynprosedures, gekombineer met gesondheidsinspeksies, reguleer die regmatige in- en uitvoere van wildspesies, maar ongereguleerde, onregmatige in- en uitvoere en die menslike verbruik (eet) van wildspesies hou dreigende gevare van soönotiese siekteverspreiding in. Sien verder Karesh ea 2007 *Journal of Wildlife Diseases* 55; Chomel, Belotto en Meslin 2007 *Emerging Infectious Diseases* 6; Akella en Allan *Dismantling Wildlife Crime: Executive Summary* 4; Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 43. Meer onlangs, sedert die einde van 2019, is die internasionale uitbreking en verspreiding van 'n koronavirus genaamd COVID-19 (*Corona Virus Disease* 2019) tot 'n internasionale pandemie deur die Wêreldgesondheidsorganisasie verklaar. COVID-19 het vermoedelik deur die menslike verbruik (eet) van wildspesies onder mense begin versprei. Weens die erns en ongeëwenaarde internasionale impak van COVID-19, het kenners begin om dringende versoeke te rig dat die menslike verbruik (eet) van wildspesies verbied moet word. Sien Du Toit 2020 https://bit.ly/34wXSXl; Boyle 2020 https://bit.ly/2yX6V8h; Settele ea 2020 https://bit.ly/2zCseMR. Sou die menslike verbruik (eet) van wildspesies verbied word, bestaan die moontlikheid dat onregmatige markte kan ontstaan om die wildspesies te bekom. Sien die verduideliking rakende verbiedinge in 2.7 van die proefskrif. Vir meer inligting aangaande die internasionale COVID-19 pandemie sien Mira-Salama 2020 https://bit.ly/340mdVg; Broad *Wildlife Trade, COVID-19 and Zoonotic Disease Risks*; Weston 2020 https://bit.ly/2W2E5wB; Wildlife Justice Commission *Rapid Assessment of the Impact of COVID-19 on Wildlife Trafficking*; United Nations Environment Programme en International Livestock Research Institute *Preventing the Next Pandemic: Zoonotic Diseases and How to Break the Chain of Transmission*; United Nations Environment Programme *UNEP Frontiers 2016 Report: Emerging Issues of Environmental Concern* 18-27. In ekstreme gevalle kan soönotiese siektes as wapens in terreuraanvalle gebruik word, indien terroriste opsetlik geïnfekteerde wildspesies aan 'n land, wat 'n slagoffer van terrorisme is, bekendstel. Sien Wyler en Sheikh *International Illegal trade in Wildlife: Threats and U.S. Policy 2008* 15; Wyler en Sheikh "International Illegal Trade in Wildlife: Threats and U.S. Policy" 13.

517 Kilonzo, Stopka en Chomel "Illegal Animal and (Bush) Meat Trade Associated Risk of Spread of Viral Infections" 181; Smith, Acevedo-Whitehouse en Pedersen 2009 *Animal Conservation* 5.

518 World Wide Fund for Nature en Dalberg Global Development Advisors *Fighting Illicit Wildlife Trafficking: A Consultation with Governments* 17.

519 Felbab-Brown *The Disappearing Act: The Illicit Trade in Wildlife in Asia* 6; Haken *Transnational Crime in the Developing World* 13.

gevolge van wildmisdaad aangesien hulle afhanklik is van die opbrengste wat deur wildspesies gegenereer kan word.[520]

Verder gaan ontwikkelende lande dikwels onder politieke onstabiliteit, korrupsie, swak omgewingsbestuur en kragtelose toepassing van omgewingswetgewing gebuk, wat die perfekte omstandighede vir misdadigers daarstel om wildmisdaad te pleeg.[521] Aucoin en Donnenfeld[522] beskryf wildmisdaad as een van die duurste hedendaagse sekuriteitskwessies in Suider-Afrika wat op verskillende maniere lande se ekonomiese inisiatiewe bedreig en verreikende gevolge inhou.[523] Die bedreigings hou verband met beide die verlies aan toekomstige opbrengste sowel as verhoogde regeringsbesteding.[524] Wildmisdaad ondermyn regeringsinisiatiewe en finansiële beleggings wat op die bewaring van bedreigde, kwesbare en beskermde wildspesies en beskermde gebiede gemik is.[525]

'n Verdere ekonomiese impak is die marginale regeringsuitgawes wat aan die salarisse van regeringsbeamptes, gespesialiseerde toerusting en opleiding spandeer word om wildmisdaad te bekamp.[526] Hoë uitgawes word deur regerings aangegaan ten opsigte van die versorging, rehabilitasie, aanhouding en kwarantynprosedures van lewendige wildspesies en die beveiliging van voorraadstapels[527] wat by grensposte, hawens en doeanes gekonfiskeer is.[528] Wildmisdaad veroorsaak 'n verdere verlies aan

---

520 Organisation for Economic Co-Operation and Development *Illegal Trade in Environmentally Sensitive Goods* 38; Warchol 2004 *Criminal Justice Studies* 59; Warchol, Zupan en Clack 2003 *International Criminal Justice Review* 5; World Wide Fund for Nature en Dalberg Global Development Advisors *Fighting Illicit Wildlife Trafficking: A Consultation with Governments* 18.

521 Sien 2.5 van die proefskrif. Organisation for Economic Co-Operation and Development *Illegal Trade in Environmentally Sensitive Goods* 38; Warchol 2004 *Criminal Justice Studies* 59; Warchol, Zupan en Clack 2003 *International Criminal Justice Review* 5; World Wide Fund for Nature en Dalberg Global Development Advisors *Fighting Illicit Wildlife Trafficking: A Consultation with Governments* 18.

522 Aucoin en Donnenfeld *Guns, Poison and Horns: Organised Wildlife Crime in Southern Africa* 2.

523 Sien verder 2.6.3 van die proefskrif rakende die negatiewe gevolge van wildmisdaad wat met transnasionale sekuriteitsoorwegings verband hou.

524 Organisation for Economic Co-Operation and Development *Illegal Trade in Environmentally Sensitive Goods* 38.

525 Organisation for Economic Co-Operation and Development *Illegal Trade in Environmentally Sensitive Goods* 39.

526 Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 45.

527 Anders gestel: "stockpiles" van onder andere olifanttande (ivoor), renosterhorings en leeu- of tierbene.

528 Wyatt "The Local Context of Transnational Wildlife Trafficking: The Heathrow Animal Reception Centre"118.

regeringsinkomste vanweë die wanbetaling van belastings en fooie.[529] Weens plaaslike individue se betrokkenheid as bestaansjagters of stropers, baat die gemeenskap waarskynlik tot 'n mate by 'n deel van die verlore regeringsinkomste, maar die teendeel is dat die regering dan oor beperkte finansiële kapasiteit beskik om in plaaslike ontwikkeling, werkskepping en armoedeverligting te belê.[530]

Wildmisdaad hou disproporsionele sosio-ekonomiese gevolge vir die maatskaplike welstand van plaaslike gemeenskappe in.[531] Eerstens het die afname in wildspesies en die dienooreenkomstige agteruitgang van ekostelsels 'n direkte impak op gemarginaliseerde gemeenskappe se vermoë om in hul daaglikse basiese behoeftes te voorsien.[532] Tweedens kan die afname of verdwyning van ikoniese wildspesies as gevolg van onregmatige handelinge ten aansien van wildspesies, deurtastende verliese vir gevestigde gemeenskapsgebaseerde natuurbewaringsinisiatiewe binne 'n spesifieke gebied veroorsaak.[533] Die verliese affekteer gewoonlik die vooruitgang van ekotoerisme en die mate van finansiële en sosio-ekonomiese voordele wat gemeenskappe vir hul deelname toekom.[534] Derdens raak bestaansjagters self op voetsoolvlak by die stropery van wildspesies vir internasionale handel betrokke.[535] Dit

---

529 Organisation for Economic Co-Operation and Development *Illegal Trade in Environmentally Sensitive Goods* 38.

530 Organisation for Economic Co-Operation and Development *Illegal Trade in Environmentally Sensitive Goods* 38.

531 Organisation for Economic Co-Operation and Development *Illegal Trade in Environmentally Sensitive Goods* 45.

532 Soos voorheen uitgelig is bosvleis 'n belangrike bron van proteïene sowel as 'n vorm van inkomste vir behoeftige gemeenskappe, sien 2.3.1 van die proefskrif. Wildmisdaad kan bosvleisskaarstes veroorsaak en dié gemeenskappe se vermoë om voedsel sowel as 'n basiese inkomste deur bosvleisverkope te bekom, belemmer. In die geval van bosvleisskaarstes is gemeenskappe genoodsaak om ander vleis aan te koop of om hul eie vee te slag wat verdere finansiële implikasies vir hulle inhou. In baie gevalle beskou gemeenskappe hul vee as bates wat finansiële voordele kan inbring, indien hulle genoodsaak word om die vee vir persoonlike gebruik te slag ly hulle inderwaarheid 'n groot finansiële verlies. Sien Duffy en Humphreys "Poaching, Wildlife Trafficking and Human Security" 23; Organisation for Economic Co-Operation and Development *Illegal Trade in Environmentally Sensitive Goods* 41, 45; Broad, Mulliken en Roe "The Nature and Extent of Legal and Illegal Trade in Wildlife" 5; Barnett *Food for Thought: The Utilisation of Wild Meat in Eastern and Southern Africa* 21, 24.

533 Duffy en Humphreys "Poaching, Wildlife Trafficking and Human Security" 23.

534 Duffy en Humphreys "Poaching, Wildlife Trafficking and Human Security" 23, 25; Organisation for Economic Co-Operation and Development *Illegal Trade in Environmentally Sensitive Goods* 41; Haken *Transnational Crime in the Developing World* 13.

535 Sien 2.3.1 en 2.5 van die proefskrif. Organisation for Economic Co-Operation and Development *Illegal Trade in Environmentally Sensitive Goods* 45; Abernethy ea 2013 *Philosophical Transactions of the Royal Society* 3; Van Vliet ea "Meat from the Wild: Extractive uses of Wildlife and Alternatives for Sustainability" 234-235; Stiles 2011 *Pachyderm* 33.

stel arm bestaansjagters, wat in baie gevalle die rol van broodwinner vervul, in gevaar om fisieke leed op te doen en strafregtelik vervolg te word.[536] Die beskeie besoldiging wat bestaansjagters in ruil vir hulle deelname aan wildmisdaad ontvang, weeg gewoonlik nie teen die voorgenoemde gevare op nie.[537]

2.6.3 Negatiewe gevolge ten opsigte van transnasionale sekuriteitsoorwegings: georganiseerde misdaad en terroristegroepe

Inisiatiewe daarop gemik om wildmisdaad te bekamp spruit tradisioneel vanuit die ernstige krisis wat biodiversiteit tans in verkeer,[538] nietemin is dit lank reeds nie meer 'n uitsluitlike kwessie vir natuurbewaring nie, maar ook 'n transnasionale sekuriteitskwessie.[539] Biegus en Bueger[540] beklemtoon dat indien wildmisdaad as beide 'n omgewings- en transnasionale sekuriteitskwessie beskou word, geen land se geïsoleerde pogings sal slaag om dit te bekamp nie en dat goed gekoördineerde, samewerkende pogings tussen lande ontwikkel moet word. Wildmisdaad word toenemend deur georganiseerde misdaadgroepe[541] en terroristegroepe gedomineer met die doel om finansiële voordeel daaruit te verkry.[542] Wildspesies word meestal nie in isolasie verhandel nie, maar is dikwels deel van 'n groter misdaadnetwerk wat

---

536 Organisation for Economic Co-Operation and Development *Illegal Trade in Environmentally Sensitive Goods* 45.

537 Environmental Investigation Agency *Upholding the Law: The Challenge of Effective Enforcement* 6.

538 Sien bv. Purvis 2019 http://bit.ly/33PKhtk.

539 International Fund for Animal Welfare *Criminal Nature: The Global Security Implications of the Illegal Wildlife Trade 2008* 16; Wyler en Sheikh "International Illegal Trade in Wildlife: Threats and U.S. Policy" 15.

540 Biegus en Bueger 2017 *South African Crime Quarterly* 29.

541 Sien ook in hierdie verband 2.3.1 tot 2.3.4 en 2.5 van die proefskrif waar na georganiseerde misdaadgroepe se rol in wildmisdaad verwys word. Artikel 2 van die *United Nations Convention Against Transnational Organised Crime* (2003) definieer 'n "georganiseerde misdaadgroep" as 'n gestruktureerde groep bestaande uit drie of meer lede, wat vir 'n bepaalde tyd bestaan en saamsnoer met die doel om een of meer ernstige misdade of oortredings te pleeg om sodoende direkte of indirekte finansiële of ander materiële voordele te bekom. A 2 definieer 'n "gestruktureerde groep" as 'n groep wat nie lukraak saamgestel is om 'n misdaad te pleeg nie. Die groepslede hoef nie oor formele rolle, deurlopende lidmaatskap of 'n duidelike groepstruktuur te beskik nie. 'n "Ernstige misdaad" word in a 2 gedefinieer as 'n misdryf wat strafbaar is met 'n vryheidbeperking van minstens vier jaar of 'n meer ernstige straf.

542 Georganiseerde misdaadgroepe en terroristegroepe se klandestiene ondernemings genereer onbepaalbare vlakke van ongedokumenteerde en onopspoorbare inkomstes. Sien 2.5 van die proefskrif. International Fund for Animal Welfare *Criminal Nature: The Global Security Implications of the Illegal Wildlife Trade 2008* 1; Holden *By Hook or by Crook: A Reference Manual on Illegal Wildlife Trade and Prosecutions in the United Kingdom* 2.

onregmatige dwelm-, wapen- en mensehandel fasiliteer.[543] Georganiseerde misdaadgroepe en terroristegroepe se ervaring, netwerkdinamika, hulpbronne en misdaadkennis, gekombineer met die laerisiko- en hoëwins-profiel van wildmisdaad, maak dit 'n aanloklike opsie om fondse te bekom.[544] Gastrow[545] se waarneming van georganiseerde misdaadgroepe se sekuriteitsimpakte op regerings is soos volg:

> The impact that [organised criminal groups] has on the state and its institutions is like slow biological warfare or radiation. It is hard to tell how much danger the state and its institutions are in at any given time. The poison or the effects of radiation accumulate and the impact may be delayed. The infrastructure and the appearance of the institutions appear to remain intact, but there is a slow degeneration until it becomes clear that they have become so contaminated that they are no longer functional and unable to enforce their rules.

Volgens hierdie waarneming bedreig georganiseerde misdaadgroepe nie regerings deur ideologiese agendas en konfrontasie nie, maar eerder deur middel van die omkoop van regeringsbeamptes en deur middel van korrupsie ten einde die regerings van binne af te infiltreer en te ondermyn.[546] Soos voorheen uitgelig,[547] maak die rolspelers binne die onderskeie vlakke van wildmisdaad op omkopery, korrupsie en verbloemingsmetodes staat om onregmatige handelinge uit te voer. Die pleeg van hierdie ernstige misdade deur georganiseerde misdaadgroepe kan dui op 'n ernstige vergryp op 'n land se nasionale sekuriteit, waarna regerings genoodsaak mag wees om buitengewone wetgewende en veiligheidsmaatreëls in te stel om die regering se gesag te herstel.[548] In die mees ekstreme gevalle, kan regerings wat nie oor die institusionele kapasiteit beskik om die aanslae van georganiseerde misdaadgroepe teen te staan nie, die gevaar loop om 'n slagoffer van staatskaping te word,[549] maar

---

543 Sien ook 2.3.2 van die proefskrif. Die Wêreldbank *Going, Going, Gone: The Illegal Trade in Wildlife in East and Southeast Asia* 5; Secretary-General of the General Assembly of the United Nations *Tackling Illicit Trafficking in Wildlife: Report of the Secretary-General* 5; Shelley en Kinnard "The Convergence of Trade in Illicit Rhino Horn and Elephant Ivory with Other Forms of Criminality" 122-124.

544 International Fund for Animal Welfare *Criminal Nature: The Global Security Implications of the Illegal Wildlife Trade 2008* 4.

545 Gastrow *Termites at Work: Transnational Organized Crime and State Erosion in Kenya* 8.

546 Gastrow *Termites at Work: Transnational Organized Crime and State Erosion in Kenya* 1; Holmes *Advanced Introduction to Organised Crime* 7-8; McConnell 2017 http://bit.ly/2I3F59G; Fedotov en Scanlon 2016 http://bit.ly/2I3GAVm.

547 Sien 2.3.2 en 2.5 van die proefskrif.

548 United Nations Office on Drugs and Crime *Crime and Instability: Case Studies of Transnational Threats* 2. Sien ook Wittig "Poaching, Wildlife Trafficking and Organised Crime" 91.

549 Gastrow *Termites at Work: Transnational Organized Crime and State Erosion in Kenya* 1.

die *United Nations Office on Drugs and Crime*[550] bepaal egter dat georganiseerde misdaadgroepe gewoonlik nie streef na die omverwerping van regerings nie.

Terroristegroepe, aan die ander kant, se dade van terreur word direk met die verwesenliking van politieke of godsdienstige ideologieë verbind deur die gebruik van skrikaanjaende taktieke.[551] Sodanige groepe is toenemend by wildmisdaad betrokke[552] en terroristegroepe by name *Al-Shabaab*, die *Lord's Resistance Army* en die *Janjaweed* se bedrywighede is al in die verlede met die grootskaalse stropery van olifante (vir ivoor) en renosters (vir renosterhorings) in Afrika verbind.[553] Terroristegroepe se hulpbronne, ammunisie en toerusting, gekombineer met hul skrikaanjaende teenwoordigheid en taktieke, stel hulle in staat om in wildspesies in verafgeleë gebiede wat nie vir ander bereikbaar is nie te bereik en te stroop.[554] Die *International Fund for Animal Welfare*[555] beskou terroristegroepe se oënskynlike vrye toegang tot en besit van militêre wapens as kommerwekkend en gevolglik as 'n groot risiko vir globale sekuriteit. Hoewel sommige kenners beweer dat terroristegroepe die opbrengste van ivoor en renosterhorings gebruik om terreuraanvalle en ander bedrywighede te finansier,[556] bepaal Haenlein, Maguire en Somerville[557] dat die ware omvang van die betrokke finansiering nie akkuraat vasgestel kan word nie. Die finansiering kan selfs

---

550 United Nations Office on Drugs and Crime *Crime and Instability: Case Studies of Transnational Threats* 2.

551 United States of America Department of Defense *Dictionary of Military and Associated Terms* 241.

552 Secretary-General of the General Assembly of the United Nations *Tackling Illicit Trafficking in Wildlife: Report of the Secretary-General*; Haenlein, Maguire en Somerville "Poaching, Wildlife Trafficking and Terrorism" 58; Maguire en Haenlein *An Illusion of Complicity Terrorism and the Illegal Ivory Trade in East Africa* 1-2.

553 Crosta en Sutherland *The White Gold of Jihad: Al-Shabaab and the Illegal Ivory Trade* 11; Nelleman ea (reds) *The Environmental Crime Crisis: Threats to Sustainable Development from Illegal Exploitation and Trade in Wildlife and Forest Resources* 8; Agger en Hutson *Kony's Ivory: How Elephant Poaching in Congo Helps Support the Lord's Resistance Army* 1-15; Christy 2015 https://on.natgeo.com/2L7ZYUu.

554 International Fund for Animal Welfare *Criminal Nature: The Global Security Implications of the Illegal Wildlife Trade 2008* 9.

555 International Fund for Animal Welfare *Criminal Nature: The Global Security Implications of the Illegal Wildlife Trade 2008* 14.

556 *United Nations Security Council Resolution S/RES/2195* (2014); Wyler en Sheikh *International Illegal trade in Wildlife: Threats and U.S. Policy 2008* 17; Wyler en Sheikh "International Illegal Trade in Wildlife: Threats and U.S. Policy" 15; Wyatt *Wildlife Trafficking: A Deconstruction of the Crime, the Victims and the Offenders* 55-57; Internasionale Kriminele Polisie en United Nations Environment Programme *Strategic Report: Environment, Peace and Security: A Convergence of Threats* 65.

557 Haenlein, Maguire en Somerville "Poaching, Wildlife Trafficking and Terrorism" 58;

onbeduidend wees, aangesien die terroristegroepe in baie gevalle in gebiede teenwoordig is waar olifant- en renosterpopulasies, vanweë dekadeslange konflik, drasties uitgedun is.[558] Nietemin, in die lig van die finansiële winsgewendheid van wildmisdaad, gekombineer met terroristegroepe se teenwoordigheid in Afrika en hulle behoefte aan finansiering vir hul bedrywighede, kan terroristegroepe se betrokkenheid by wildmisdaad nie geringgeskat word nie.[559]

Wiersema[560] bepaal dat regsgeleerdes lank reeds gewoond is om die insette van ander kenners in te win om gesamentlik probleme op te los. In hierdie verband kan die afleiding gemaak word dat die negatiewe gevolge wat uit wildmisdaad spruit kruissektorale uitdagings skep wat die gesamentlike insette van verskillende kenners benodig om beter gekoördineerde oplossings te vind.

Gevolglik kan Figuur 5 soos volg bygewerk word:

558 United Nations Office on Drugs and Crime *World Wildlife Crime Report: Trafficking in Protected Species* 19-20.

559 Haenlein, Maguire en Somerville "Poaching, Wildlife Trafficking and Terrorism" 63.

560 Wiersema 2017 *Journal of International Wildlife Law and Policy* 224.



Figuur 6: Uitbreiding op 'n breë konseptuele definisie van wildmisdaad

Die voorlopige konseptuele definisie van "wildmisdaad" kan soos volg uitgebrei word:

Wildmisdaad is (a) 'n area van omgewingsmisdaad; (b) wat omgewingskade veroorsaak; en (c) uit verskillende vlakke van handelinge en verwante ernstige misdade bestaan; (d) wat deur internasionale verdrae en nasionale wetgewing gereguleer of onregmatig verklaar word; en wat (e) vanweë verskeie dryffaktore ontstaan; en (f) uiteenlopende negatiewe gevolge inhou.

Die volgende bespreking handel oor bestaande reguleringsmaatreëls en ander voorgestelde alternatiewe oplossings om wildmisdaad te bekamp.

2.7 Bestaande reguleringsmaatreëls en ander voorgestelde alternatiewe oplossings om wildmisdaad te bekamp

Daar bestaan tans geen omvattende internasionale verdrag, geformuleerde beginsels, verwagtinge, regsraamwerke of bekampingsstrategie wat eksklusief oor wildmisdaad en die bekamping daarvan handel nie en gevolglik word die taak aan elke individuele land oorgelaat om nasionale wetgewing aan te neem wat die betrokke land se biodiversiteit teen wildmisdaad bewaar.[561] Hierdie leemte binne die internasionale reguleringsraamwerk het die gefragmenteerde ontwikkeling van regsinstrumente,

---

[561] Secretary-General of the General Assembly of the United Nations *Tackling Illicit Trafficking in Wildlife: Report of the Secretary-General* 3; United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 14. Sien ook in hierdie verband die onlangse werk van die voormalige CITES-sekretaris-generaal: Scanlon 2019 http://bit.ly/34DfT5H waar hy die vraag vra of daar 'n behoefte is aan een omvattende verdrag wat oor wildmisdaad handel. Scanlon gee 'n rowwe aanduiding wat binne die bestek van so 'n omvattende verdrag sal val, naamlik: "An international agreement[xv] on wildlife crime could deal with all aspects of wildlife crime in a coordinated way. This could include, obliging countries to criminalise certain wildlife crimes, enhancing cooperation across international borders, including the exchange of information, training and technical assistance, providing a common agreed definition of wildlife crime that addresses illegal harvesting, poaching and illicit trafficking, and assisting CITES Parties to enforce its provisions through the criminal justice system. It could apply to CITES-listed species as well as species that are being illegally exploited by transnational organised criminals but are not yet listed under CITES." Die beantwoording van die vraag of daar wel 'n behoefte aan so 'n verdrag bestaan val buite die bestek van hierdie proefskrif en toekomstige navorsing oor sodanige regsraamwerk word aangemoedig. Sien 2.4 van die proefskrif vir 'n verkorte weergawe van die *United Nations Office on Drugs and Crime* se voorstelle rakende die ontwikkeling van nasionale wetgewing om wildmisdaad te bekamp.

reguleringsmaatreëls en alternatiewe oplossings tot gevolg en verhinder die vervolging van talle oortreders.[562] Die afwesigheid van riglyne in hierdie verband kan moontlik 'n resultaat wees van die *fait accompli* dat wildmisdaad 'n hedendaagse "brandende kwessie"[563] skep.[564]

Volgens die Wêreldbank is[565]

> [t]he response to [wildlife crime] […] multifaceted. It involves multiple national actors and agencies, numerous intergovernmental organizations and national and international nongovernmental organizations, across borders and jurisdictions. There are frequent calls for more targeted action and better coordination and cooperation. However, a dislocation between political will and practical engagement at a national level is often apparent. Understanding and utilizing available tools and resources, as well as recognizing the potential for innovation and new methods, is crucial to effectively disrupt and dismantle the criminal networks that profit [from wildlife crime].

Die bekamping van wildmisdaad is 'n saak van dringendheid wat binne die internasionale sowel as nasionale biodiversiteitsarena as 'n hoëvlak prioriteit geklassifiseer word.[566] Daar bestaan egter vele praktiese en politieke struikelblokke in die strewe na verbeterde koördinering van bestaande reguleringsmaatreëls en die vorming van samewerkende verbintenisse tussen lande. Nogtans arbei verskeie belanghebbendes onverpoos voort om innoverende alternatiewe oplossings en interdissiplinêre benaderings te vind om wildmisdaad te bekamp.[567] In hierdie verband bepaal die Wêreldbank[568] dat bestaande regsinstrumente, maatreëls en hulpbronne ten volle benut moet word om wildmisdaad te bekamp, maar dat die potensiaal wat innoverende alternatiewe oplossings inhou nie misken moet word nie. Gevolglik, sê

---

562 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 14.

563 Anders gestel: 'n "wicked problem". Rittel en Webber 1973 *Policy Sciences* 160-167.

564 Willemsen en Watson "A Transdisciplinary Approach to Wildlife Crime Prevention" 256-257. Volgens Rittel en Webber 1973 *Policy Sciences* 160-167 is die basiese kenmerke van 'n "brandende kwessie" soos volg: (a) daar bestaan nie 'n klinkklare definisie van 'n brandende kwessie nie; (b) dit ontstaan vanweë die samekoms van unieke faktore; (c) dit beskik oor geen onmiddellike oplossing nie; (d) dit beskik oor geen definitiewe eindpunt nie; en (e) die uitslag van 'n moontlike oplossing vir 'n brandende kwessie kan nie voorspel word nie.

565 Die Wêreldbank *Tools and Resources to Combat Illegal Wildlife Trade* 3.

566 Cooney ea 2016 *Conservation Letters* 367. Sien ook 1.1 van die proefskrif.

567 Bowman 2013 *Review of European Community and International Environmental Law* 228-229 beklemtoon dat "[t]his ongoing controversy certainly requires to be taken seriously, for it is clear that we find ourselves at a critical moment in history in terms of our relationship with the planet that is our home." Sien ook Sas-Rolfes ea 2019 *Annual Review of Environment and Resources* 207.

568 Die Wêreldbank *Tools and Resources to Combat Illegal Wildlife Trade* 3.

die Wêreldbank,[569] tydens die soektog na balans tussen bestaande reguleringsmaatreëls en innoverende alternatiewe oplossings, lok die bekamping van wildmisdaad verskillende reaksies uit en kan uiteenlopende argumente aangevoer en standpunte ingeneem word. Hierna word kontemporêre argumente en standpunte rakende bestaande reguleringsmaatreëls sowel as moontlike innoverende alternatiewe oplossings vlugtig onder die loep geneem.

Die CITES is tans steeds die enigste bestaande internasionale verdrag waarop lande hulself kan beroep in 'n poging om wildmisdaad te bekamp.[570] Die primêre mikpunt van die CITES, hoewel dit nie uitdruklik só in die verdrag verwoord is nie,[571] is om biodiversiteit teen oormatige menslike verbruik, spesifiek weens internasionale handel, te bewaar.[572] Die CITES is nie 'n selfuitvoerende verdrag nie en dienooreenkomstig

---

569 Die Wêreldbank *Tools and Resources to Combat Illegal Wildlife Trade* 3.

570 Wandesforde-Smith 2016 *Journal of International Wildlife Law and Policy* 368.

571 Reeve 2006 *International Affairs* 881.

572 Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora 2019 http://bit.ly/2polmOb. Artikel 4(3) van die *Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora* (1973) laat dié mikpunt tot 'n mate deurskemer. Die CITES se Visieverklaring vir 2008 tot 2020 vermeld uitdruklik die doelwit van CITES. Dit lui soos volg: "[c]onserve biodiversity and contribute to its sustainable use by ensuring that no species of wild fauna or flora becomes or remains subject to unsustainable exploitation through international trade, thereby contributing to the significant reduction of the rate of biodiversity loss and making a significant contribution towards achieving the relevant Aichi Biodiversity Targets." Sien Resolution 16.3 "CITES Strategic Vision: 2008-2020" 16th Meeting of the Conference of the Parties of CITES (2013) http://bit.ly/35hWmHG. Die aanhef van die CITES is geformuleer te midde van 'n globale ontwaking van omgewingsbewustheid. Die aanhef erken reeds in 1973 die dringendheid om internasionale handel in fauna en flora te reguleer en dat onderlinge internasionale samewerking 'n kernkomponent in die uitvoering van die verdrag se reguleringsmaatreëls is. Sien die aanhef van die *Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora* (1973); United Nations Environment Programme en Ministry of Natural Resources and Environment: Department of Legal Affairs (Vietnam) *International Environmental Law: Multilateral Environmental Agreements* 27; Hepworth 1998 *Journal of International Wildlife Law and Policy* 412. Meer onlangs bevind die United Nations Environment Programme *Global Environmental Outlook 6: Healthy Planet Healthy People* 324 dat bestaande maatreëls om biodiversiteit te bewaar steeds in die algemeen onvoldoende vir dié doel is. Bedreigings vir biodiversiteit se voortbestaan sluit die volgende in: misbruik en oormatige verbruik van biodiversiteit (bv. wildmisdaad en onder andere internasionale handel), habitatvernietiging en -verlies, 'n toename in landboubedrywighede, die verspreiding van uitheemse en indringerspesies, besoedeling, siektebesmetting en klimaatsverandering. Sien in hierdie verband United Nations Environment Programme *Global Environmental Outlook 6: Healthy Planet Healthy People* 146-152; Ceballos, Ehrlich en Dirzo 2017 *Proceedings of the National Academy of Sciences* 6090; Haenlein en Smith "Introduction" 1; Kingsford ea 2009 *Conservation Biology* 834; Hobbs en Mooney 1998 *Conservation Biology* 272; Van As ea *Die Verhaal van Lewe en die Omgewing: 'n Afrika-perspektief* 43-46; McKie 2014 http://bit.ly/2BZ0JNq. Reeve *Policing International Trade in Endangered Species: The CITES Treaty and Compliance* 82 stel dat CITES beide 'n omgewings- sowel as 'n handelsverdrag is wat poog om mededingende aspekte van dié regsvelde met mekaar te versoen.

word daar van lidlande verwag om die bepalings van CITES nasionaal in wetgewing te ratifiseer[573] deur middel van die implementering van 'n permit- en sertifikaatstelsel,[574] die ontwikkeling van voorgeskrewe reguleringsmaatreëls,[575] die vasstelling van nasionale strafmaatreëls vir oortreders (meestal in die vorm van boetes en tronkstraf)[576] en die aanwysing van beide 'n wetenskaplike owerheid[577] sowel as 'n

---

Sien verder in die algemeen Bowman, Davies en Redgwell *Lyster's International Wildlife Law* 650-671 waar die internasionale handel in wildspesies as 'n kruissektorale kwessie bespreek word.

573 Hoewel lidlande hulself vrywilliglik tot die verdrag verbind, word 'n mandaat op hulle geplaas om die nodige stappe te doen om die inhoud en bepalings van CITES in nasionale wetgewing te ratifiseer. Sien Artikel 8 van die *Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora* (1973). Die CITES verskil van ander multilaterale omgewingsooreenkomste in die sin dat die teks van die verdrag nie voorsiening maak vir 'n artikel wat maatreëls neerlê om te verseker dat lidlande aan die vereistes voldoen wat die CITES stel nie. In pleks daarvan het 'n sekondêre stelsel van maatreëls ontwikkel by wyse van die CITES se resolusies en besluite wat geneem word tydens die Konferensie van die Partye wat maatreëls neerlê om lidlande te noop om te voldoen aan die vereistes wat die CITES stel. Sien Reeve 2006 *International Affairs* 882.

574 Artikels 3-6 van die *Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora* (1973).

575 Artikel 8 van die *Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora* (1973). Die voorgeskrewe reguleringsmaatreëls hou verband met die ontwikkeling van 'n straf- en stelselboetestelsel; prosedures tydens die konfiskering van wildspesies en hul neweprodukte; rekordhouding; en die voorlê van periodieke verslae aan die sekretaris.

576 Artikel 8(1)(a) van die *Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora* (1973). Daar bestaan tans geen voorgeskrewe standaard vir boetes en sanksies nie en gevolglik varieer die mate van strafoplegging aansienlik tussen lidlande. Sien Bowman, Davies en Redgwell *Lyster's International Wildlife Law* 527-528 vir voorbeelde.

577 Die wetenskaplike owerheid is met die taak belas om die bestuursowerheid te adviseer of die internasionale handel in wildspesies hul oorlewing in die natuur nadelig kan beïnvloed. Om dít vas te stel, steun die wetenskaplike owerheid op wetenskaplik-gebaseerde bevindinge in belang van die wildspesie se voortbestaan (anders gestel: "scientifically based non-detriment findings"). Vir 'n voorbeeld van hierdie tipe bevindinge sien AK 19 in SK 41393 van 23 Januarie 2018 (*Non-detriment Finding Assessment of Panthera Leo (African Lion)*). Die wetenskaplike owerheid moet ook vasstel of die beoogde ontvanger van die wildspesies toegerus is om hulle te huisves en te versorg. In die geval van uitvoere van wildspesies wat in Bylaag 2 gelys is, behoort die wetenskaplike owerheid die uitvoerpermitte wat toegestaan is en die uitvoere wat wel plaasvind te monitor. Indien die wetenskaplike owerheid in dié proses vind dat sodanige uitvoere beperk moet word om die wildspesie se rol in natuurlike ekostelselstelsels te handhaaf, moet die wetenskaplike owerheid die bestuursowerheid adviseer oor die nodige stappe wat geïmplementeer moet word om die toestaan van uitvoerpermitte te beperk. Sien bv. aa 3(2)(a), 3(3)(a)-(b), 3(5)(a), 4(2)(a), 4(3), 4(6)(a), en 9 van die *Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora* (1973). Ander verantwoordelikhede van die wetenskaplike owerheid sluit onder meer in: algemene raadgewing oor wetenskaplike kennis aan die bestuursowerheid; minimum standaarde vir 'n gevange telingsfasiliteit (anders gestel: "captive breeding facility"); wetenskaplik-gebaseerde bevindinge in belang van die wildspesie se voortbestaan vir die doel om voorstelle in te dien (en ander lande se voorstelle te beoordeel) rakende die wysiging van die CITES bylae; identifisering van wildspesies; raadgewing met betrekking tot die wegdoen van gekonfiskeerde wildspesies en ander neweprodukte. Sien Resolution 10.3 "Designation and role of the Scientific Authorities" 10th Meeting of the Conference of the Parties of CITES (1997) https://bit.ly/35Vv9hr; Resolution 16.7 " Non-detriment findings" 16th Meeting of the Conference of the Parties of CITES (2013) https://bit.ly/2URCIPU; Resolution 17.8 " Disposal of illegally traded and confiscated specimens of

bestuursowerheid.[578] Die voorgenoemde is daarop gemik om verskillende vlakke van beskerming aan spesifieke wildspesies te bied wat op die drie bylae van die CITES gelys is.[579] Internasionale handel in wildspesies wat in dié drie bylae gelys is, word nie vrylik toegelaat nie – mits bepaalde voorwaardes van die CITES nagekom word.[580] Onregmatige handel in wildspesies vind plaas indien dié voorwaardes nie nagekom word nie.[581] Hierna word die basiese voorwaardes van die CITES vir internasionale handel in spesies (beide fauna en flora) wat op Bylaag 1 tot 3 van die CITES gelys is in tabelvorm weergee.[582]

CITES-listed species " 17th Meeting of the Conference of the Parties of CITES (2016) http://bit.ly/2ND2kwN.

578 Die bestuursowerheid is hoofsaaklik verantwoordelik vir die uitreiking, aanvaarding en kontrole van permitte en sertifikate in oorleg met die voorwaardes in die CITES. Ander verantwoordelikhede van die bestuursowerheid sluit onder meer in: merk van wildspesies en ander neweprodukte vir uitkenningsdoeleindes; vrystelling van die nakoming van die CITES voorwaardes; versorging en berging van gekonfiskeerde wildspesies en ander neweprodukte; kommunikasie met die sekretariaat en ander lidlande. Sien bv. aa 3(2)(b)-(d), 3(3)(c), 4(2)(b)-(c), 5(2)(a)-(b), 6(7), en 8(4)(b) van die *Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora* (1973). Resolution 18.6 "Designation and role of Management Authorities" 18th Meeting of the Conference of the Parties of CITES (2019) http://bit.ly/2NXrkzf.

579 Artikel 2 van die *Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora* (1973).

580 Artikel 2(4) van die *Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora* (1973). Die betrokke lande se wetenskaplike owerheid en bestuursowerheid speel 'n belangrike rol om te bepaal of die bepaalde voorwaardes nagekom is al dan nie. Sien in hierdie verband a 9 van die *Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora* (1973).

581 Reeve *Policing International Trade in Endangered Species: The CITES Treaty and Compliance* 50. Sien ook 2.3.2 van die proefskrif.

582 Vir die doeleindes van hierdie proefskrif, naamlik om die basiese werking van die CITES te begryp, bevat die tabel slegs die voorwaardes wat nagekom moet word vir die uitreik van invoer- en uitvoerpermitte vir internasionale handel in spesies wat in die onderskeie bylae gelys is. Die verdrag bevat egter addisionele voorwaardes wat nagekom moet word vir 'n heruitvoersertifikaat en vir gevalle van bekendstelling van marienespesies vanuit die see (anders gestel: "introduction from the sea"). Sien bv. in verband met die voorgenoemde twee gevalle aa 3(4), 3(5), 4(5), 4(6) van die *Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora* (1973); Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora 2019 http://bit.ly/332iZyo. Vir bondige opsommings van die werking van die CITES sien ook United Nations Environment Programme en Ministry of Natural Resources and Environment: Department of Legal Affairs (Vietnam) *International Environmental Law: Multilateral Environmental Agreements* 38-40; Wijnstekers *The Evolution of CITES* 47-48.

Tabel 2: Die CITES se voorwaardes vir internasionale handel in gelyste spesies

Bylaag nommer	**Klassifikasie van wildspesies**[583]	**Soort regulering**	**Kontrolelys van voorwaardes vir die uitreik van 'n uitvoerpermit**	**Kontrolelys van voorwaardes vir die uitreik van 'n invoerpermit**
1	Die wildspesies word met uitsterwing bedreig.[584]	Onderworpe aan buitengewoon streng regulering.[585] Internasionale handel word slegs in uitsonderlike gevalle toegestaan.[586]	Die voortbestaan van die wildspesie word nie bedreig nie.[587] Die wildspesie is nie in stryd met die bepalings van die land se omgewingswette bekom nie.[588] Die wildspesie word op 'n wyse vervoer wat die risiko van besering en wrede behandeling minimaliseer.[589] Die invoerpermit vir die spesie is reeds toegestaan.[590]	Die voortbestaan van die wildspesie word nie bedreig nie.[591] Die beoogde ontvanger van die wildspesies is toegerus om hulle te huisves en te versorg.[592] Die wildspesie mag nie vir kommersiële doeleindes aangewend word nie.[593]
2	Die gelyste wildspesies word nie tans met uitsterwing bedreig nie, maar kan in die toekoms daardeur bedreig word.[594]	Onderworpe aan streng regulering[595] of mag onder effektiewe beheer geplaas word.[596]	Die voortbestaan van die wildspesie word nie bedreig nie.[597] Die wildspesie is nie in stryd met die bepalings van die land se omgewingswette bekom nie.[598] Die wildspesie word op 'n wyse vervoer wat die risiko van besering en wrede behandeling minimaliseer.[599]	Bewys is gelewer van 'n uitvoerpermit of 'n heruitvoer-sertifikaat wat reeds toegestaan is.[600]
3	Die wildspesies word geïdentifiseer en uitgesonder as bewaringswaardig deur die betrokke land.[601]	Onderworpe aan regulering binne betrokke land se jurisdiksie.[602] Wetenskaplik-gebaseerde bevindinge word nie gebruik om wildspesies te lys nie. Benodig steun van ander lande.	Die wildspesie is nie in stryd met die bepalings van die land se omgewingswette bekom nie.[603] Die wildspesie word op 'n wyse vervoer wat die risiko van besering en wrede behandeling minimaliseer.[604]	'n Sertifikaat van oorsprong.[605] 'n Uitvoerpermit wat reeds toegestaan is.[606]

583 Die klassifikasie van die spesies geskied volgens die spesie se vlak van weerloosheid of bedreigde status vanweë internasionale handel. Die status word vasgestel deur wetenskaplik-gebaseerde bevindinge in belang van die wildspesie se voortbestaan (anders gestel: " scientifically based non-detriment findings"). Sien Wiersema 2017 *Journal of International Wildlife Law and Policy* 209.

584 Sien a 2(1) van die CITES. Daar is na raming 669 spesies en vyf subspesies fauna asook 334 en vier subspesies flora in Bylaag 1 gelys. Die syfers is slegs beramings aangesien daar geen volledige lys van fauna- en floraspesies bestaan nie. Sien Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora 2018 http://bit.ly/2oX6Ahh.

585 Sien a 2(1) van die CITES.

586 Sien a 2(1) van die CITES. Reeve 2006 *International Affairs* 881 beskryf Bylaag 1 as 'n sogenaamde "swartlys" van spesies. 'n Verbod word geplaas op internasionale handel vir kommersiële doeleindes op spesies wat in Bylaag 1 gelys is. Volgens Resolution 5.10 "Definition of 'primarily commercial purposes'" 5th Meeting of the Conference of the Parties of CITES (1985) http://bit.ly/37kd5Mn word 'n aktiwiteit as "kommersieel" bestempel indien "its purpose is to obtain economic benefit (whether in cash or otherwise), and is directed toward resale, exchange, provision of a service or any other form of economic use or benefit." Sekere uitsonderings word toegestaan vir sogenaamde "non-commercial" doeleindes. Voorbeelde sluit onder meer in: privaat, persoonlike en huishoudelike gebruiksitems (sien a 7(3) van die CITES); die leen, skenk of uitruil van spesies tussen wetenskaplikes vir wetenskaplike doeleindes of die biomediese industrie (sien a 7(6) van die CITES); gedroogte en gebalsemde spesies wat deel uitmaak van museumuitstallings (sien a 7(6) van die CITES); regerings of nieregeringsorganisasies kan spesies invoer vir opvoedings- en opleidingsdoeleindes (sien bogenoemde Resolution 5.10); 'n reisende sirkus, menagerie of ander uitstallings (sien a 7(7) van die CITES); spesies bestem vir teelprogramme (sien a7(4)-(5) asook Resolution 10.16 "Specimens of animal species bred in captivity" 10th Meeting of the Conference of the Parties of CITES (1997) http://bit.ly/35eHVnN); en invoere deur professionele handelaars (sien bogenoemde Resolution 5.10).

587 Artikel 3(2)(a) van die CITES.

588 Artikel 3(2)(b) van die CITES.

589 Artikel 3(2)(c) van die CITES.

590 Artikel 3(2)(d) van die CITES.

591 Artikel 3(3)(a) van die CITES.

592 Artikel 3(3)(b) van die CITES.

593 Artikel 3(3)(c) van die CITES.

594 Artikel 2(2)(a) van die CITES. Die meeste fauna- en floraspesies is in Bylaag 2 gelys en die lys verander voortdurend. Daar is na raming 4 952 spesies en 12 subspesies fauna asook 29 644 spesies (insluitend 93 populasies) flora in Bylaag 2 gelys. Sien Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora 2018 http://bit.ly/2oX6Ahh. Reeve 2006 *International Affairs* 881 beskryf Bylaag 2 as 'n sogenaamde "voorsorglys" of "gryslys" van spesies wat onder streng regulering en ingevolge sekere voorwaardes vir kommersiële doeleindes internasionaal verhandel mag word.

595 Artikel 2(a) van die CITES.

596 Artikel 2(b) van die CITES.

597 Artikel 4(2)(a) van die CITES.

598 Artikel 4(2)(b) van die CITES.

599 Artikel 4(2)(c) van die CITES.

600 Artikel 4(4) van die CITES.

601 Artikel 2(3) van die CITES. Die land benodig in dié geval ander lande se bystand om die gelyste fauna- en floraspesies te bewaar. Daar is na raming 190 spesies en 14 subspesies fauna asook 12 spesies en 1 variëteit (insluitend 1 populasie) flora in Bylaag 3 gelys. Sien Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora 2018 http://bit.ly/2oX6Ahh.

602 Artikel 2(3) van die CITES.

603 Artikel 5(2)(a) van die CITES.

604 Artikel 5(2)(b) van die CITES.

605 Artikel 5(3) van die CITES.

606 Artikel 5(3) van die CITES.

Kort nadat die CITES in werking getree het, is dit as die 'Magna Carta Libertatum' van wildspesies beskou.[607] Vandaar is die CITES as een van die bekendste internasionale verdrae ter wêreld beskryf,[608] maar sedertdien is die CITES ook skerp gekritiseer.[609] Die CITES se vermoë as 'n internasionale verdrag om wildmisdaad op 'n nasionale vlak

---

607 Layne 1973 *Audubon* 99.

608 Huxley "CITES: The Vision" 3.

609 'n Lys met sommige punte van kritiek (onder andere) teen die CITES word kortliks hier gelys. (a) Daar bestaan 'n gebrek aan voldoende ratifisering en implementering van die CITES op 'n nasionale sowel as regionale vlak. Volgens Vasquez "Compliance and Enforcement Mechanisms of CITES" 65 "[c]urrently, a majority of parties rely on their general wildlife legislation, and sometimes on customs legislation or foreign trade legislation, to control trade in specimens of CITES-listed species. The use of such legislation can give rise to a variety of enforcement problems. Existing sector-based legislation is rarely suited to the specific requirements of the convention." Die ontwikkeling van nasionale wetgewing vir die implementering van die CITES is van kardinale belang om te verseker dat die handel in gelyste spesies regmatig, volhoubaar en naspeurbaar is. Hoewel die bepalings van die CITES bindend is vir lidlande, is die bepalings nie selfuitvoerend nie. Dit beteken dat die CITES nie volledig nasionaal afgedwing kan word indien daar nie spesifieke wetgewende maatreëls vir dié doel ontwikkel word nie. Met ander woorde kan die CITES slegs voldoende funksioneer deur die implementering van nasionale wetgewing. Die *National Legislation Project* is die toonaangewende maatstaf wat die minimumstandaarde vir die implementering van die CITES en nasionale wetgewing neerlê. Lidlande se nasionale wetgewing word hiervolgens geëvalueer en in drie kategorieë geplaas. (b) Lidlande versamel data op 'n ongereelde en onreëlmatige wyse wat ook onvolledige en ondeurlopende verslaggewing tot gevolg het. (c) Daar is 'n gebrek aan voldoende doeane- en grensbeheer. Die doeane- en grensbeamptes is ontoereikend opgelei, swak toegerus om hul pligte uit te voer en word soms met 'n beskeie besoldiging vergoed. (d) Bestaande skuiwergate, veral verbandhoudend tot die permit- en sertifikaatstelsel, skep ruimte vir die ontstaan van korrupsie en ander verwante misdade. Wat moontlik kan bydra tot dié punt van kritiek is dat die sekretariaat nie roetine permitkontroles uitvoer nie. (Sien ook 2.3.2 van die proefskrif.) (e) Swak koördinasie en kommunikasie tussen die bestuursowerhede, wetenskaplike owerhede, die sekretariaat en ander komitees. (f) Die CITES maak geen voorsiening vir riglyne aangaande boete- of strafoplegging nie. (g) Lidlande is ongenoegsaam toegerus om na gekonfiskeerde wildspesies om te sien. Die kostes van versorging of om die wildspesie na die land van oorsprong terug te besorg is ook 'n knelpunt. Die CITES het boonop geen beheer oor die welsyn van wildspesies wat internasionaal verhandel word nie. Dié tekort aan beheer is 'n beduidende teenvoeter van die mikpunt van die CITES. Sien Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora 2019 http://bit.ly/2OLjwj1; Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora 2019 http://bit.ly/2KSLXuu; Resolution 8.4 " National laws for implementation of the Convention " 16th Meeting of the Conference of the Parties of CITES (2013) http://bit.ly/2DcTm3l; Reeve *Policing International Trade in Endangered Species: The CITES Treaty and Compliance* 458, 463-467; Yeater "Enforcement and the CITES National Legislation Project" 11-13; Challender, Harrop en MacMillan 2015 *Global Ecology and Conservation* 139-142; Reeve 2006 *International Affairs* 892-895; Bowman, Davies en Redgwell *Lyster's International Wildlife Law* 525-531.

te bekamp, word ook bevraagteken.[610] Meer onlangs maak Wandesforde-Smith[611] die volgende opmerking:

> […] although much of the controversy about the best way to deal with illegal wildlife trade implicates CITES […] apart from CITES there is no other international environmental law that can be invoked to counteract species loss from wildlife crime, and that is a large part of the reason why, despite its limitations, CITES continues to get so much attention.

Wandesforde-Smith se opmerking lei tot die vraag of die CITES werklik geskik is om alle aspekte van wildmisdaad te bekamp, óf het die CITES met verloop van tyd dié hoë agting verwerf bloot omdat dit die enigste bestaande verdrag in die internasionale arsenaal is wat deur lande ingespan kan word om één wesenlike aspek van wildmisdaad, naamlik onregmatige handel in wildspesies, tot 'n mate te bekamp?[612] Scanlon,[613] voormalige sekretaris-generaal van die CITES, beklemtoon dat die CITES meestal deur kritici misinterpreteer word. Die CITES is in wese 'n internasionale handelsverdrag en 'n "comprehensive legally binding regime for tackling wildlife crime is beyond the scope of CITES."[614] Scanlon[615] sê verder dat die CITES se mandaat reeds tot op die uiterste verbreed is in 'n poging om lidlande in 'n posisie te plaas om mekaar wedersyds te ondersteun in die bekamping van één aspek van wildmisdaad, naamlik onregmatige internasionale handel in wildspesies.[616] Gesien vanuit dié perspektief is

---

610 Sien in die algemeen die voorbeelde van Favre 1993 *Natural Resources Journal*; Martin "When CITES Works and When It Does Not" 29-37; Gehring en Ruffing 2008 *Global Environmental Politics*; Bowman 2013 *Review of European Community and International Environmental Law*; Wiersema 2017 *Journal of International Wildlife Law and Policy*; Couzens 2013 *Review of European Community and International Environmental Law*; Aikman 2003 *International Forestry Review*; Braun 2000 *Fordham Environmental Law Journal*; Challender en MacMillan 2014 *Conservation Letters*.

611 Wandesforde-Smith 2016 *Journal of International Wildlife Law and Policy* 368.

612 Soos reeds bevind in 2.2 en 2.3 van die proefskrif, is daar verskillende handelinge, asook verwante misdade, wat deel uitmaak van wildmisdaad en dat onregmatige handel in wildspesies maar een van dié vele handelinge is. Sien ook 2.3.2 van die proefskrif.

613 Scanlon 2019 http://bit.ly/34DfT5H.

614 Scanlon 2019 http://bit.ly/34DfT5H.

615 Scanlon 2019 http://bit.ly/34DfT5H; Scanlon 2020 https://bit.ly/3h7HMt7.

616 Ander skrywers wys ander tekortkominge van die CITES uit wat daarop dui dat CITES nooit ontwikkel was om wildmisdaad in die geheel te bekamp nie, naamlik: (a) a 1 van die CITES definieer nie "wildmisdaad" nie, identifiseer geen handelinge wat 'n wildmisdaad daarstel nie en maak geen voorsiening vir voorgestelde boetes en sanksies om oortreders te straf nie; (b) die CITES hanteer nie die onderliggende dryffaktore van wildmisdaad nie. Sien 2.5 van die proefskrif vir 'n bespreking rakende die dryffaktore van wildmisdaad; (c) die CITES bied slegs beskerming aan gelyste wildspesies, terwyl wildmisdaad veel wyer strek en talle ander spesies ook raak; (d) daar bestaan onvoldoende bewyse dat CITES effektief is in die handhawing of herstel van dalende wildspesiegetalle; (e) die CITES oefen geen beheer oor binnelande handel in wildspesies uit nie,

die CITES inderwaarheid 'n "agreement of remarkable scope and power"[617] en 'n "remarkably potent tool"[618] wat die spreekwoordelike 'juk' met betrekking tot die bekamping van wildmisdaad opgeneem het te midde van internasionale regulatoriese tekortkominge.

Vanweë kritiek teen die CITES, asook die internasionale regulatoriese tekortkominge met betrekking tot die bekamping van wildmisdaad, het twee betreklik bekende argumente ontstaan. Eerstens argumenteer sommige belanghebbendes dat alle internasionale handel in wildspesies en hul neweprodukte toegelaat moet word en regmatig moet wees.[619] Tweedens argumenteer 'n ander groep belanghebbendes dat strenger handelsverbiedinge die beste oplossing is.[620]

Die eerste argument is gewoonlik op die kenmerke van 'n vryemarkstelsel gebaseer.[621] Daar word geargumenteer dat indien die aanbod in wildspesies en hul neweprodukte verhoog, sal die prys daarvan verlaag en wildmisdaad dienooreenkomstig afneem, aangesien die wildspesies en hul neweprodukte vrylik en regmatig beskikbaar sal wees

ondanks die feit dat binnelandse handel internasionale negatiewe gevolge kan inhou; en (f) die CITES skep 'n raamwerk vir die totstandkoming van 'n administratiewe en wetenskaplike owerheid, maar nie 'n afdwingingsowerheid nie. Sien in hierdie verband Challender, Harrop en MacMillan 2015 *Global Ecology and Conservation* 140; Reeve *Policing International Trade in Endangered Species: The CITES Treaty and Compliance* 50; Scanlon 2020 https://bit.ly/3h7HMt7; Nuwer *Poached: Inside the Dark World of Wildlife Trafficking* Hoofstuk 7 (hierdie is 'n elektroniese boek sonder bladsynommers).

617 United Nations Office on Drugs and Crime *World Wildlife Crime Report: Trafficking in Protected Species* 23.

618 Huxley "CITES: The Vision" 3.

619 Dié argument spruit veral vanuit gesprekke wat handel oor ikoniese wildspesies, soos renosters, olifante en tiere. Sien bv. die argumente in Oberem 2019 http://bit.ly/2OXnrKY; Morgan 2017 http://bit.ly/353PApq. Die implikasie van die argument is dus dat die CITES in geheel herroep moet word.

620 Die implikasie van die argument is dus dat die bepalings van die CITES verskerp moet word en strenger toegepas moet word om sodoende alle handel in wildspesies op te skort en te verbied.

621 'n Vryemerkstelsel is 'n selfregulerende stelsel waar die pryse van goedere en dienste deur middel van vraag en aanbod bepaal word. Wiersema 2016 *University of Pennsylvania Asian Law Review* 79 verwys in hierdie verband na "perfectly competitive markets".

en dit nie meer so winsgewend sal wees om wildmisdaad te pleeg nie.[622] Wiersema[623] waarsku dat dié argument meestal op foutiewe aannames en spekulasie gebaseer is.[624] Aannames van hierdie aard kan ernstige toekomstige gevare inhou,[625] naamlik:

(a) ’n Vryemarkstelsel kan juis in sommige gevalle vanweë die prysverlaging die vraag na (voorheen verbode, skaars of duur) goedere stimuleer, aangesien dit dan binne die finansiële bereik van ’n groter groep verbruikers is.[626]
(b) Indien bedreigde wildspesies en hul neweprodukte skielik vrylik beskikbaar is, word die stigma wat daaraan verbonde was om dit te besit en te gebruik gelig wat ook die vraag daarna kan verhoog.[627]
(c) Sou die vraag na wildspesies en hul neweprodukte aangevul word deur wildspesies wat in aanhouding geteel word, kan sommige verbruikers steeds die vraag na "wilde" wildspesies (wat in hul natuurlike omgewing gestroop is) en hul neweprodukte stimuleer.[628] In dié geval sal daar bloot dubbele markte[629] vir wildspesies en hul neweprodukte ontstaan wat beide van ’n regmatige sowel as ’n onregmatige oorsprong spruit en wildmisdaad sal steeds voorkom.[630]
(d) Onregmatige markte van wildspesies en hul neweprodukte sal nie verdwyn nie, maar eerder die tekorte binne regmatige markte aanvul.[631]

---

622 Wiersema 2016 *University of Pennsylvania Asian Law Review* 78; Wiersema 2015 *Michigan Journal of International Law* 242. Sien bv. die argumente van Sas-Rolfes *Who Will Save the Wild Tiger?* 10 ("[w]hile legal trade could make it easier for illegal traders to operate, a legal supply could bring down the average market price of tiger products"); Biggs ea 2013 *Science* 1038 ("legal trade could simultaneously supply horns, fund rhino protection, and provide an incentive for their sustainable use and long-term survival").

623 Wiersema 2016 *University of Pennsylvania Asian Law Review* 79; Wiersema 2015 *Michigan Journal of International Law* 239; Wiersema 2013 *Review of European Community and International Environmental Law* 239.

624 Sien verder in die algemeen Crookes en Blignaut 2015 *Journal for Nature Conservation* 11-18.

625 Sien ook bv. Wilson-Spath 2019 http://bit.ly/38iCs1y.

626 Wiersema 2016 *University of Pennsylvania Asian Law Review* 83-84.

627 Wiersema 2016 *University of Pennsylvania Asian Law Review* 83.

628 Die verbruiker kan moontlik glo dat die "wilde" wildspesie se neweprodukte kragtiger is vir die betrokke doel waarvoor dit aangewend word. Kulturele en religieuse oortuigings kan ook in hierdie verband ’n rol speel.

629 Anders gestel: "dual markets".

630 Wiersema 2016 *University of Pennsylvania Asian Law Review* 80-81.

631 Wiersema 2016 *University of Pennsylvania Asian Law Review* 82.

Wat die tweede argument betref, is die sukses van handelsverbiedinge nie in alle gevalle onweerlegbaar nie,[632] aangesien dit gewoonlik aan te veel skuiwergate, uitsonderings en onsekerheid onderworpe is, byvoorbeeld:[633]

(a) Daar bestaan in meeste gevalle 'n diskrepansie tussen internasionale handelverbiedinge en nasionale handelsbepalings (byvoorbeeld die regmatige nasionale handel in wildspesies en hul neweprodukte wat in Bylaag 1 van die CITES gelys is).[634]

(b) die indruk word geskep dat hoewel 'n handelsverbod ingestel is, daar tog sekere kanale is waardeur die wildspesies en hul neweprodukte verkrygbaar is, of alternatiewelik dat handel in sommige gevalle goed vir 'n betrokke wildspesie kan wees:[635]

    (i) Byvoorbeeld gedurende tydperke waar die verbod op internasionale handel tydelik opgeskort word en internasionale handel in ivoor toegelaat word.

    (ii) Uitsonderings wat byvoorbeeld toegestaan word vir die uitreik van handelspermitte vir die doeleindes van trofeejag.

(c) Handelsverbiedings kan die sanksies verbonde aan die pleeg van wildmisdaad verhoog, wat wildmisdaad moontlik kan laat afneem.[636]

(d) Die vraag na wildspesies waarop 'n handelsverbod geplaas is, kan toeneem omdat die verbod op handel 'n tekort aan aanbod veroorsaak, wat aanleiding kan

---

632 Sas-Rolfes *Who Will Save the Wild Tiger?* 8 stel dat "the value of trade bans are inconclusive" en dat "trade bans require considerable resources and effort"; Conrad 2012 *Tropical Conservation Science* 246 wys op die teenstrydighede en onsekerhede van handelsverbiedings, naamlik: "[t]rade bans can work… they can provide breathing space for species in sudden and immediate danger, so that the drivers of trade can be identified and remedial actions implemented", maar ook aan die teenkant "a trade ban may have the unintended effect of increasing, rather than decreasing, illegal trade, thereby accelerating the decline of the species in the wild."

633 Wiersema 2016 *University of Pennsylvania Asian Law Review* 73 verwys na 'n sogenaamde "incomplete ban" en stel dat die "ban is incomplete because there are exceptions." Sien ook in die algemeen Rivalan ea 2007 *Nature* 529-530; Conrad 2012 *Tropical Conservation Science* 245-254; Santos, Satchabut en Vigo Trauco 2001 *Applied Biodiversity Perspective Series* 1-15; Cooney en Jepson 2006 *Oryx* 18-23.

634 Wiersema 2016 *University of Pennsylvania Asian Law Review* 77. Sien bv. Nicolson 2017 http://bit.ly/2OXACf8 aangaande die renosterhoringveiling wat gedurende 2017 in Suid-Afrika gehou is. Sien ook Sas-Rolfes ea 2019 *Annual Review of Environment and Resources* 203.

635 Wiersema 2016 *University of Pennsylvania Asian Law Review* 74.

636 Sas-Rolfes *Who Will Save the Wild Tiger?* 8.

gee tot 'n verhoging van die kommersiële waarde daarvan en tot hoër vlakke van wildmisdaad kan lei.[637]

Beide argumente[638] word as riskante eksperimente bestempel wat gepaard gaan met onsekerheid en kompleksiteit, aangesien biodiversiteit in so 'n krisis verkeer dat daar geen ruimte vir eksperimentering en mislukkings is nie.[639] Wiersema[640] beklemtoon in hierdie verband dat die internasionaal erkende voorsorgbeginsel[641] in tye van onsekerheid toepassing moet vind en dat gesaghebbendes tydens die proses van besluitneming, regulering, data-insameling, die lys van wildspesies op die CITES se bylae en bestuur met omsigtigheid moet optree.[642]

Juis vanweë regulatoriese tekortkominge, onsekerheid en kompleksiteit, voer Wiersema[643] verder aan dat 'n konseptuele klemverskuiwing in die bekamping van wildmisdaad 'n nuwe dimensie vir belanghebbendes kan bewerkstellig. Wiersema[644] verduidelik dat die eerste konseptuele klemverskuiwing behels dat die CITES nie *ex cathedra*, of hiërargies hoër, teenoor ander regionale en nasionale wetgewing en reguleringsmaatreëls wat poog om wildmisdaad te bekamp en te bestuur, geplaas word nie. Wiersema[645] stel dat belanghebbendes op 'n dwaalspoor gebring is om te glo dat wildmisdaad 'n stryd is wat slegs op die internasionale front van onregmatige

---

637 Sas-Rolfes *Who Will Save the Wild Tiger?* 8; Biggs ea 2013 *Science* 1038. Sommige skrywers vind dat die vraag na sekere wildspesies en hul neweprodukte onbuigsaam is. Met ander woorde, die vraag na die wildspesie en hul neweprodukte sal nie afneem weens 'n prysverhoging nie, aangesien die verbruiker se behoefte daarna nie verander het nie. Sien bv. Milner-Gulland 1993 *Environmental and Resource Economics* 91.

638 Naamlik die wettiging van alle handel in wildspesies of handelsverbiedings.

639 Wiersema 2013 *Review of European Community and International Environmental Law* 249. Sien in die algemeen Wiersema 2016 *University of Pennsylvania Asian Law Review*; Wiersema 2015 *Michigan Journal of International Law*; Zille en Bell 2020 https://bit.ly/33apT8y.

640 Wiersema 2015 *Michigan Journal of International Law* 423.

641 Anders gestel: "precautionary principle". Beginsel 15 van die *Declaration on Environment and Development* (1992) lui soos volg: "In order to protect the environment, the precautionary approach shall be widely applied by States according to their capabilities. Where there are threats of serious or irreversible damage, lack of full scientific certainty shall not be used as a reason for postponing cost-effective measures to prevent environmental degradation." Die beginsel, ten spyte van die relatiewe eenvoud, lok eindelose debatte uit. 'n Volledige bespreking val buite die bestek van hierdie proefskrif. Sien in hierdie verband Gillespie *Conservation, Biodiversity and International Law* 464-472.

642 Sien ook in die algemeen Dickson 1999 *Natural Resources Journal* 211-228.

643 Wiersema 2017 *Journal of International Wildlife Law and Policy* 215-216.

644 Wiersema 2017 *Journal of International Wildlife Law and Policy* 215-216.

645 Wiersema 2017 *Journal of International Wildlife Law and Policy* 224-225.

handel in wildspesies beveg moet word. Wandesforde-Smith[646] onderskraag dié voorgestelde klemverskuiwing deur te bepaal dat daar meer aandag aan die ontwikkeling en uitbreiding van nasionale pogings geskenk moet word om wildmisdaad te bekamp. Die onderskeie handelinge wat deel uitmaak van wildmisdaad strek egter oor lands- en kontinentale grense,[647] wat klem op die belang van samewerkende verbintenisse onder lande asook koördinasie van internasionale, regionale en nasionale wetgewing en reguleringsmaatreëls plaas. Volgens dié beskouing word die CITES en enige ander bestaande verbandhoudende (regionale en nasionale) reguleringsmaatreëls as skakels van 'n ketting beskou, waar al die skakels gelykwaardig tot die algehele sterkte van die ketting bydra.[648] Hierdie beskouing toon dan dat die CITES binne 'n spesifieke konteks tersaaklik is, dat die CITES se reguleringsmaatreëls wel ontoereikend is om alle aspekte van wildmisdaad te hanteer, maar dat die CITES nie om dié rede geheel irrelevant is nie.

Die tweede klemverskuiwing behels dat belanghebbendes wildmisdaad binne 'n breër holistiese perspektief moet sien. Hiervolgens word daar van belanghebbendes verwag om hul fokus te verplaas van die bekamping van 'n enkele aspek van wildmisdaad, byvoorbeeld die fokus op die CITES en onwettige handel in wildspesies,[649] na die bekamping van alle moontlike handelinge, betrokke rolspelers, dryffaktore en negatiewe gevolge wat deel uitmaak van wildmisdaad.[650] Bowman,[651] wat ook 'n breër

---

646 Volgens Wandesforde-Smith 2016 *Journal of International Wildlife Law and Policy* 369 "[t]he real power of wildlife law to protect iconic species under threat, such as elephants, rhinos, leopards, and lions, among others, lies with domestic law, domestic police and rangers, domestic prosecutors, domestic courts, and domestic conservation bureaucracies, none of which make any significant appearance in the newly burgeoning literature on transnational environmental crime."

647 Sien 2.3 van die proefskrif.

648 Wiersema 2017 *Journal of International Wildlife Law and Policy* 215-216.

649 Vanuit die perspektief van internasionale handelsreg sluit Offor 2020 *Transnational Environmental Law* 262 by dié argument aan deur te stel dat "if animals are to be protected effectively, we must begin to debate the trade and animal welfare interface within the context of global animal law, maintaining a radical openness of mind at every step."

650 Wiersema 2017 *Journal of International Wildlife Law and Policy* 221-225 verwys hier na die sogenaamde "whole chain of supply" of die "whole chain approach". Hierdie proefskrif volg reeds dié voorgestelde breër holistiese perspektief. Sien 2.3.1 tot 2.3.4 van die proefskrif waar die verskillende vlakke van handelinge en betrokke rolspelers wat deel uitmaak van wildmisdaad bespreek is. Sien 2.5 van die proefskrif waar die dryffaktore van wildmisdaad bespreek is. Sien 2.6.1 tot 2.6.3 van die proefskrif waar die negatiewe gevolge wat uit wildmisdaad spruit bespreek is.

651 Bowman 2013 *Review of European Community and International Environmental Law* 228.

interdissiplinêre benadering aanmoedig, waarsku teen kortsigtigheid en dat 'n wanbegrip van die totale omvang van wildmisdaad kontemporêre beleidmaking nog verder kan inhibeer. Bowman[652] erken ook dat regsontwikkeling 'n tydrowende proses is, maar dat 'n pluralistiese benadering steeds die beste vooruitsig op rasionele vooruitgang op die langtermyn bied. Wiersema[653] voorspel dat die resultaat wat die klemverskuiwing sal oplewer, 'n kombinasie van formele regsinstrumente (in die vorm van wetgewing en reguleringsmaatreëls) asook alternatiewe oplossings kan insluit.

Die stelselmatige ontwikkeling van 'n breër holistiese perspektief rakende die bekamping van wildmisdaad is vanuit verskillende verwikkelinge sigbaar, naamlik:[654]

(a) 'n groot aantal verbandhoudende kwasiregsinstrumente in die vorm van verdrae, verklarings, strategieë, ooreenkomste, doelwitte, konferensies, resolusies, beginsels vir beste praktyk, strategiese hulpbronne, tegniese riglyne wat oor die afgelope jare deur organisasies en lande ontwikkel is;[655]

---

652 Bowman 2013 *Review of European Community and International Environmental Law* 238.

653 Wiersema 2017 *Journal of International Wildlife Law and Policy* 224.

654 Bv. volgens Wiersema 2017 *Journal of International Wildlife Law and Policy* 225 "[w]hat we find is that efforts are being made at all levels of governance, by multiple actors, along multiple points of the chain of supply." Sien ook die voorstelle van Rosen en Smith 2010 *EcoHealth* 29-30. 'n Volledige ontleding en ondersoek na die rol en omvang van al die verwikkelinge in die bekamping van wildmisdaad val buite die bestek van hierdie proefskrif. Sodanige verwikkelinge bied verdere toekomstige navorsingsmoontlikhede vir studente of postdoktorale studies.

655 Regerings verbind hulself tot verskeie inisiatiewe om aktief wildmisdaad te bekamp en onderneem meestal om strenger nasionale regsraamwerke te implementeer, regionale samewerkende ooreenkomste te smee, bewusmakingsveldtogte te loods en verbintenisse met gemeenskappe op voetsoolvlak te smee. Voorbeelde van internasionale verdrae, verklarings, strategieë, ooreenkomste en doelwitte sluit onder meer in die *London Conference on the Illegal Wildlife Trade: Declaration* (2018); *London Conference on the Illegal Wildlife Trade: Declaration Annex* (2018); *Hanoi Statement on Illegal Wildlife Trade* (2016); *Kasane Conference on the Illegal Wildlife Trade: Statement* (2015); *International Conference on Illegal Exploitation and Illicit Trade in Wild Flora and Fauna in Africa: Brazzaville Declaration* (2015); *London Conference on the Illegal Wildlife Trade: Declaration* (2014); Resolution 69/314 " Tackling illicit trafficking in wildlife" 69th Session of the General Assembly of the United Nations (2015) http://bit.ly/2qqwJ8N; Resolution 71/326 " Tackling illicit trafficking in wildlife" 71st Session of the General Assembly of the United Nations (2017) http://bit.ly/33JUCXd; doelwit 15 (met spesifieke verwysing na die bewaring van landelike ekostelsels en die bekamping van biodiversiteitsverliese vanweë wildmisdaad en habitatvernietiging) van die Resolution 70/1 " Transforming our world: The 2030 Agenda for Sustainable Development" 70th Session of the General Assembly of the United Nations (2015) http://bit.ly/2OUvMj7; Díaz ea *Summary for Policymakers of the Global Assessment Report on Biodiversity and Ecosystem Services of the Intergovernmental Science-Policy Platform on Biodiversity and Ecosystem Services* (ook bekend as die nuutste IPBES-verslag (2019)); *African Elephant Summit* (2013); *African Strategy on Combatting Illegal Exploitation and Illegal Trade in Wild Fauna and Flora in Africa* (2015); *Southern African Development Community Law Enforcement and Anti-Poaching Strategy 2016-2021* (2015); United Nations Office on Drugs and

(b) verskeie navorsingsprojekte wat binne dié terrein onderneem word en tot toekomstige verbeterde probleemformulering en oplossings kan lei;[656]

(c) omvangryke finansiële en ander steun wat deur regerings, privaat donateurs, nieregeringsorganisasies en hooggeplaastes beskikbaar gestel word om wildmisdaad te bekamp;[657]

(d) vele wildspesies geniet beskerming ingevolge die CITES en die IUCN Rooi Datalys, (die lyste word deurlopend hersien);[658]

Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime*; United Nations office on Drugs and Crime *Guidelines on Methods and Procedures for Ivory Sampling and Laboratory Analysis*; International Conservation Caucus Foundation *Wildlife Crime Checklist*; United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit*; International Consortium om Combatting Wildlife Crime *Indicator Framework for Combating Wildlife and Forest Crime*.

656 Sien bv. in die algemeen Rillig ea 2015 *Frontiers in Ecology and Evolution* 1-4.

657 South African National Biodiversity Institute *National Biodiversity Assessment 2018: The status of South Africa's Ecosystems and Biodiversity* 76. Challender en MacMillan 2014 *Conservation Letters* 485 moedig aan dat "international funds should be increasingly directed toward a broader range of interventions in a multifaceted approach that directly address the drivers of [wildlife crime]." Hier volg slegs 'n paar voorbeelde. Sien bv. die bedrywighede en bydraes van *United for Wildlife*. Dié organisasie, onder leiding van die Hertog en Hertogin van Cambridge in samewerking met *The Royal Foundation* van die Britse Koningshuis, snoer verbintenisse tussen natuurbewaringsorganisasies, regerings en wêreldkorporasies om gesamentlik finansiële en ander bydraes te lewer om wildmisdaad te bekamp. Sien Save the Rhino 2014 http://bit.ly/2J5xzOt; The Royal Household 2018 http://bit.ly/2J1868L; United for Wildlife 2019 http://bit.ly/2Mtwp1v vir 'n opsomming van hulle bedrywighede. Sien ook bv. die groot hoeveelheid bestaande projekte van die samewerkende inisiatief, die *Wildlife Crime Initiative,* tussen twee internasionaal erkende nieregeringsorganisasies naamlik TRAFFIC en die *World Wide Fund for Nature*. Hulle maak onder meer bydraes in die vorm van navorsing, data-insameling, opleiding, inligtingverspreiding, monitering en koalisievorming in 'n poging om wildmisdaad te bekamp. Sien in die algemeen die *Wildlife Crime Initiative* se mees onlangse verslag: Parry-Jones en Allan *Tackling Wildlife Crime: Annual Review 2018*. In reaksie op die internasionale oproep tot aksie om wildmisdaad te bekamp het die Wêreldbank in samewerking met *The Global Environment Facility* gedurende 2015 die *Global Wildlife Program* gestig. Dié program, waaraan daar voorlopig 131 miljoen Amerikaanse dollar bewillig is, beoog om 'n verdere 704 miljoen Amerikaanse dollar in te samel om wildmisdaad deur middel van 'n groot aantal nasionale sowel as internasionale projekte in Afrika en Asië te bekamp. Sien Die Wêreldbank 2019 http://bit.ly/31IkiSl vir 'n vlugtige blik op die program se oogmerke, ondernemings en verbintenisse. Aangesien volledige inligting betreffende finansiële steun deur internasionale donateurbefondsing om wildmisdaad te bekamp nie geredelik beskikbaar is nie, het die Wêreldbank gedurende die Januarie 2010 tot Junie 2016 diepgaande navorsing onderneem om die beraamde waarde van befondsing gedurende die tydperk vas te stel. Die navorsing toon aan dat daar meer as 1,3 miljard Amerikaanse dollar gedurende die tydperk deur verskillende donateurs bewillig is in 'n poging om wildmisdaad te bekamp. Die grootste deel van die befondsing is aan nasionale regerings toegewys, gevolg deur befondsing aan internasionale nieregeringsorganisasies, interregeringsorganisasies, onafhanklike navorsers en navorsingsgroepe. Daar is bevind dat die befondsing meestal aan bewaringsgebiede se bestuur, wetstoepassing, intelligensie-operasies, transnasionale koördinering tussen buurlande, volhoubare menslike verbruik van biodiversiteit, ontwikkeling van beleid en wetgewing, navorsing en bewusmaking toegeken word. Die Wêreldbank *Analysis of International Funding to Tackle Illegal Wildlife Trade* xi bevat 'n opsomming van dié navorsing se hoofbevindinge.

658 Daar is by benadering ongeveer 5 800 wildspesies (fauna) en 30 000 plantspesies (flora) in die onderskeie drie bylae van CITES gelys wat teen internasionale handel beskerming geniet. Sien

(e) verskeie kommunikasieplatforms, databasisse, rekenaarprogrammatuur, selfoontoepassings en *in situ* geografiese inligtingstelsels wat ontwikkel word en waar inligting en rekords oor wildmisdaad, regmatige en onregmatige handel, konfiskasies en vervolgings onder lande gedeel kan word;[659]

(f) addisionele onderrig en opleiding en toegang tot nuwerwetse tegnologiese hulpbronne wat aan doeanebeamptes, wildbewaarders, staatsaanklaers en regters beskikbaar gestel word;[660]

(g) toenemende aandag wat aan die ontwikkeling van "demand reduction strategies" geskenk word;[661]

(h) die ontwikkeling van modelle om georganiseerde misdaadgroepe asook ander wildstropers se aktiwiteite te voorspel, onderskep en ontwrig, bied waardevolle kontemporêre insig spesifiek in die bekamping van renosterstropery – 'n model wat oor die potensiaal beskik om breër toepassing te geniet.[662]

Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora 2018 http://bit.ly/2oX6Ahh. Tydens 'n omvattende ontleding van die IUCN Rooi Datalys en Rooi Databoeke het Maxwell ea 2016 *Nature* 144 bevind dat 6 241 gelyste wild-, plant-, en mariene spesies direk deur oormatige menslike verbruik benadeel word.

659 Voorbeelde sluit in die Wêreld Handelsorganisasie se Customs Enforcement Network Communication System en die ENVIRONET-kommunikasienetwerk; die CITES se Online Discussion Forum, Trade Database, Elephant Trade Information System en die Monitoring the Illegal Killing of Elephants-databasis; die Internasionale Kriminele Polisie se ECO-Message-stelsel, die I-24/7-netwerk en die I-Link Data Exchange; die European Union Trade in Wildlife Information Exchange; die Africa-TWIX-databasis; die EU TWIX-databasis; die Universiteit van Pretoria se RHODIS renoster-DNA-databasis; en die United Nations Office on Drugs and Crime se World WISE Database. Vir meer inligting rakende die doel van die databasisse en stelsels sien Die Wêreldbank Tools and Resources to Combat Illegal Wildlife Trade 25-29. Sien ook in die algemeen die bydrae van Haas en Ferreira 2015 *Security Informatics* 1-14 waar dié navorsers die gebruik van sosialenetwerkontleding in die ontwrigting van georganiseerde misdaadgroepe wat by wildmisdaad betrokke is, naspeur. Sien verder Boyle 2020 https://bit.ly/2Wk3y3u.

660 Wiersema 2017 *Journal of International Wildlife Law and Policy* 217-218. Voorbeelde sluit in die Wildlife Alert-toepassing; die WildScan-toepassing; die *Wildlife Conservation Society* se *Online Identification Guide*; die *Barcode of Wildlife Project; Ivory ID; United Nations office on Drugs and Crime Guidelines on Methods and Procedures for Ivory Sampling and Laboratory Analysis*; die CITES Virtual College; die *Green Customs Guide*; die *International Ranger Federation* se *Training Guidelines for Field Rangers*; die United Nations Office on Drugs and Crime se E-Learning platform; die *International Consortium on Combatting Wildlife Crime* se *Wildlife Crime and Anti-Money Laundering Training Program*; en die *WildlifeDirect* se regsprogram https://wildlifedirect.org/legal-program-3/. Vir meer inligting rakende addisionele onderrig en opleiding en toegang tot nuwerwetse tegnologiese hulpbronne sien Die Wêreldbank *Tools and Resources to Combat Illegal Wildlife Trade* 25-29.

661 Sien bv. die aanlyn platform, soos ontwikkel deur die samewerking van verskillende nieregeringsorganisasies, belanghebbendes en akademici, naamlik die *Wildlife Consumer Behaviour Change Toolkit* https://www.changewildlifeconsumers.org/.

662 Sien bv. Haas en Ferreira 2016 *PLoS ONE* 1-26; Haas en Ferreira 2018 *Police Practice and Research* 61-82.

(i) die voorstelle en ondersoeke na die lewensvatbaarheid van alternatiewe invalshoeke soos byvoorbeeld die gebruik van 'n militêre-benadering tot natuurbewaring.[663]

Die meerderheid van die genoemde verwikkelinge kan binne twee breë kategorieë geklassifiseer word, naamlik: (a) die verbetering van wetstoepassing en strafregtelike vervolging; en (b) "demand reduction"-strategieë.[664] Kenners bepaal egter dat 'n derde kategorie, naamlik die deelname van gemeenskappe op voetsoolvlak om wildmisdaad te bekamp, ook bestaan, maar tans laer prioriteit teenoor die ander twee kategorieë geniet.[665] 'n Moontlike rede hiervoor is die oorwegende voorkeur wat wêreldwyd aan strafregtelike maatreëls (of anders gestel: "command and control"-maatreëls) in die bekamping van wildmisdaad gegee word.[666]

Die kritieke rol van gemeenskappe in die bekamping van wildmisdaad word toenemend deur kenners, akademici en beleidmakers benadruk. Volgens dr. Dave Cooper, 'n bekroonde veearts van *Ezemvelo KwaZulu-Natal Wildlife*, bestaan daar tans baie moontlikhede om wildmisdaad te bekamp, maar dat die beste oplossings op voetsoolvlak gevind kan word.[667] In 'n ondersoek na die verband tussen die roetine-

---

663 Ook bekend as 'n "shoot-to-kill"-beleid of "groen militarisering" met verwysing na die gebruik van militêre en paramilitêre personeel, taktieke, wapenuitrusting, tegnologie en gemeenskapslede as veldwagters in die najaging van natuurbewaringsdoelwitte. Sien in die algemeen Mogomotsi en Madigele 2017 *South African Crime Quarterly* 51-59; Michel *Militarization of Conservation*; Duffy 2014 *International Affairs* 819-834; Somerville 2018 http://bit.ly/36qqEIU; Lunstrum 2014 *Annals of the Association of American Geographers* 816-832; Lunstrum 2015 *Conservation and Society* 356-369; Duffy ea 2015 *Environmental Conservation* 345–348; Duffy 2016 *Geoforum* 238-248; Massé ea 2017 *South African Crime Quarterly* 19-27; Massé, Lunstrum en Holterman 2017 *Critical Military Studies* 201-221.

664 Roe ea *The Elephant in the Room: Sustainable Use in the Illegal Wildlife Trade Debate* 2; Biggs ea *Engaging Local Communities in Tackling Illegal Wildlife Trade: Can A 'Theory Of Change' Help?* 7; Roe ea *Engaging Communities to Combat Illegal Wildlife Trade: A Theory of Change* 1; Biggs ea 2016 *Conservation Biology* 6.

665 Roe ea *The Elephant in the Room: Sustainable Use in the Illegal Wildlife Trade Debate* 2; Biggs ea *Engaging Local Communities in Tackling Illegal Wildlife Trade: Can A 'Theory Of Change' Help?* 7; Roe ea *Engaging Communities to Combat Illegal Wildlife Trade: A Theory of Change* 1; Biggs ea 2016 *Conservation Biology* 6.

666 Roe ea *The Elephant in the Room: Sustainable Use in the Illegal Wildlife Trade Debate* 2; Biggs ea *Engaging Local Communities in Tackling Illegal Wildlife Trade: Can A 'Theory Of Change' Help?* 7; Roe ea *Engaging Communities to Combat Illegal Wildlife Trade: A Theory of Change* 1; Biggs ea 2016 *Conservation Biology* 6.

667 Sien Phillips *Farmer's Weekly* 34 vir die volledige onderhoud met dr. Dave Cooper.

aktiwiteitsteorie[668] en wildmisdaad, bied Herbig en Warchol,[669] die volgende analogie aangaande die rol van gemeenskappe in die bekamping van wildmisdaad:

> The last segment of the Routine Activities Theory is the absence of capable guardians. The motivation to commit a car theft […] occurs when controls are weak or absent. When temptations are high and controls are low, a motivated car thief can strike more easily with the reduced probability of being caught. A capable guardian is not necessarily a formal agent (e.g. police officer or security guard), but anyone who can serve as a reminder that someone is watching who may be able to identify the offender. This may include for example peering citizens, building superintendents, parking lot attendants, store owners or other physical deterrents such as a fence or security systems. Since most vehicles are stolen while unattended, it is understandable that thieves can strike quickly and leave without a trace. This applies *mutatis mutandis* to wildlife.

Volgens hierdie bogenoemde analogie deur Herbig en Warchol, het wildmisdaad 'n groter kans om plaas te vind indien daar swak kontrole op voetsoolvlak is. Swak kontrole verhoog die versoeking van 'n oortreder om byvoorbeeld 'n wildspesie te stroop, aangesien daar 'n skraal moontlikheid bestaan om daarvoor aangekeer te word. Die blote teenwoordigheid van 'n bekwame waarnemer of bewaarder[670] kan die oortreder ontmoedig en afskrik, aangesien daar dan 'n groter kans bestaan om die oortreder te identifiseer. Hiervolgens kan die lede van 'n gemeenskap as bekwame waarnemers of bewaarders van wildspesies optree. Challender en MacMillan[671] bepaal dat "local communities living in the vicinity of high-value species offer the best chance of conserving them." Parry-Jones en Allan[672] moedig 'n kopskuif in natuurbewaring aan waar gemeenskappe as die sogenaamde "verdedigers van wildspesies" optree. Biegus en Bueger[673] sê dat dit toenemend duideliker word dat gemeenskappe een van die sleutels tot die suksesvolle bekamping van wildstropery is. Biggs ea[674] bepaal dat gemeenskappe ideaal geplaas (en soms noodgedwonge genoop)[675] is om wildmisdaad

---

668 Volgens die roetine-aktiwiteitsteorie is misdaad opportunisties en dinamies van aard. Die teorie suggereer dat misdaad meer waarskynlik sal voorkom indien drie kenmerke in 'n spesifieke situasie waarneembaar is: (i) die teenwoordigheid van 'n gemotiveerde oortreder; (2) die teenwoordigheid van 'n geskikte teiken (of slagoffer); en (3) die afwesigheid van 'n bekwame waarnemer of bewaarder (anders gestel: "capable guardian").

669 Herbig en Warchol 2011 *Acta Criminologica* 5.

670 Anders gestel: 'n "capable guardian".

671 Challender en MacMillan 2014 *Conservation Letters* 488.

672 Parry-Jones en Allan *Tackling Wildlife Crime: Annual Review 2018* 3.

673 Biegus en Bueger 2017 *South African Crime Quarterly* 35.

674 Biggs ea 2016 *Conservation Biology* 6.

675 Sien die besprekings aangaande gemarginaliseerde en hulpbehoewende bestaansjagters in 2.3.1 en 2.5 van die proefskrif.

te pleeg, maar dat die teenoorgestelde ook waar mag wees – dat gemeenskappe ideaal geplaas is om wildmisdaad op voetsoolvlak te identifiseer, aan te meld en te voorkom. Roe ea,[676] wat gemeenskappe as die sogenaamde "overlooked first line of defence for wildlife" beskou, stel dat 'n klimaat van goeie bestuur, insiggewende beleidmaking en sterk vennootskappe met gemeenskappe die beste uitkoms in die bekamping van wildmisdaad bied.[677] Biggs ea[678] is van mening dat om gemeenskappe oor te haal tot deelname aan die bekamping van wildmisdaad, word verder verlang dat die gevolge (of kostes) om wildmisdaad te pleeg (byvoorbeeld lewensgevaar en tronkstraf), beklemtoon moet word en dat straf van so aard moet wees dat die voordele om aan gemeenskapsgebaseerde natuurbewaringsinisiatiewe deel te neem, aanloklik is en groter voordeel as die pleging van wildmisdaad moet inhou.

Tydens 2013 by die *African Elephant Summit* is die deelname van gemeenskappe in die bewaring van olifante as 'n dringende maatreël benadruk.[679]Die *London Conference on the Illegal Wildlife Trade* bevorder die ontwikkeling van innoverende vennootskappe met gemeenskappe ten gunste van natuurbewaring.[680] Die ontwikkeling van kennis en beste praktyk om gemeenskappe by die bekamping van wildmisdaad te betrek, word in die *Kasane Statement* aangemoedig.[681] Die *Brazzaville Declaration* moedig lidlande aan om die regte van gemeenskappe om deel te neem aan die bestuur van wildspesies te erken en sodoende gemeenskappe se kapasiteit en

---

676 Roe ea *Local Communities: The Overlooked First Line of Defence for Wildlife* (hierdie 'n elektroniese verslag het geen bladsynommers nie).

677 Sien ook die soortgelyke aanbevelings in Eppel ea "Final Panel Discussion" 22-24.

678 Biggs ea 2016 *Conservation Biology* 8.

679 *African Elephant Summit* (2013) "[e]ngage communities living with elephants as active partners in their conservation by supporting community efforts to advance their rights and capacity to manage and benefit from wildlife and wilderness."

680 *London Conference on the Illegal Wildlife Trade: Declaration* (2014) "[i]ncrease capacity of local communities to pursue sustainable livelihood opportunities and eradicate poverty by (inter alia) promoting innovative partnerships for conserving wildlife through shared management responsibilities such as community conservancies, public-private partnerships, sustainable tourism, revenue-sharing agreements and other income sources such as sustainable agriculture."

681 *Kasane Conference on the Illegal Wildlife Trade: Statement* (2015) "…develop knowledge, expertise and best practice in practical experience of involving local people in managing wildlife resources, and in action to tackle the illegal wildlife trade" en "[s]upport work by countries and intergovernmental organisations, as well as nongovernmental organisations, that seeks to identify the situations where, and the mechanisms by which, actions at the local level, including with community groups, can reduce the illegal wildlife trade."

vermoë te verhoog om wildmisdaad te bekamp.[682] Die *Southern African Development Community Law Enforcement and Anti-Poaching Strategy* (2015) benadruk die kritieke belang van regsontwikkeling om gemeenskappe by die bestuur van wildspesies te betrek en wys daarop dat goeie bestuur, sterk leierskap, verantwoordbaarheid en toerekeningsvatbaarheid die kernelemente daarvan vorm.[683] In 2016 vra die *United Nations Environment Assembly of the United Nations Environment Programme* vir 'n ontleding van internasionale beste praktyke om gemeenskappe in die bestuur van wildspesies te betrek ten einde die onvolhoubare verbruik van natuurlike hulpbronne sowel as wildmisdaad te reguleer en te bekamp.[684] In reaksie op dié opdrag is die *International Union for the Conservation of Nature* en die *International Institute for Environment and Development* die taak opgelê om 'n verslag saam te stel. Die verslag bevat geen internasionale beste praktyke nie, maar wel 'n uiteensetting van agt algemene punte van aksie om gemeenskappe se posisie in die bekamping van onvolhoubare verbruik van natuurlike hulpbronne sowel as wildmisdaad te versterk.[685]

Ten spyte van die voorstelle, verwagtinge en oproepe van dié aard, ontbreek daar tans duidelike internasionale riglyne of 'n voorgestelde raamwerk vir die sinvolle implementering en operasionalisering van inisiatiewe wat gemeenskappe in die bekamping van wildmisdaad betrek.[686] Die voorgenoemde leemte skep 'n ernstige konseptuele en tegniese struikelblok om gemeenskappe effektief by die bekamping van wildmisdaad op voetsoolvlak te betrek.[687] Volgens Roe en Booker[688] voorsien 'n benadering genaamd "gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring" 'n diverse platform

---

682 *International Conference on Illegal Exploitation and Illicit Trade in Wild Flora and Fauna in Africa: Brazzaville Declaration* (2015) "[e]ncourage Member States to recognize the rights and increasing the participation of indigenous populations and local communities in planning, management, and use of wildlife resources, promoting sustainable and alternative livelihoods, and in building their capacities to fight against wildlife crime."

683 *Southern African Development Community Law Enforcement and Anti-Poaching Strategy 2016-2021* (2015) 31.

684 Resolution 2.14 "Illegal trade in wildlife and wildlife products" 2nd Session of the United Nations Environment Assembly of the United Nations Environment Programme (2016) http://bit.ly/2ZYvZFl.

685 International Union for Conservation of Nature en International Institute for Environment and Development *Wild Life, Wild Livelihoods: Involving Communities in Sustainable Wildlife Management and Combatting the Illegal Wildlife Trade* 57-59.

686 Biggs ea 2016 *Conservation Biology* 6.

687 Roe en Booker 2019 *Conservation Science and Practice* 2.

688 Roe en Booker 2019 *Conservation Science and Practice* 7-9.

as beginpunt om te bepaal hoe gemeenskappe by die bekamping van wildmisdaad betrek kan word. Gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring is 'n benadering waar die regering sekere regte, magte en verantwoordelikhede betreffende biodiversiteitsbestuur aan gemeenskappe oordra en verskillende voordele aan die gemeenskap in ruil vir hul deelname bied.[689] Hoewel gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring gewoonlik breër doelstellings nastreef en nie uitsluitlik op die bekamping van wildmisdaad fokus nie, bevind Roe en Booker[690] dat "[s]ome common lessons emerge […] which can help inform best practice in future design."

2.8 Samevatting

> The more we look at wildlife crime, the more complex it becomes. Neither the problems nor the solutions are as simple as they may first appear.[691]

Teoretiese vertrekpunte van wildmisdaad is in die hoofstuk in oënskou geneem wat 'n teoretiese grondslag vir die proefskrif neerlê.

Vanweë onder andere menslike misbruik en oormatige verbruik is die veilige bedryfslimiete van biodiversiteit oorskry.[692] Menslike misbruik en oormatige verbruik dra op 'n omvangryke wyse tot dié oorskryding by, waarvan wildmisdaad 'n integrale bydraende faktor is.[693] Die ware aard en trefwydte van wildmisdaad is tans onbekend,[694] maar die toenemende finansiële winsgewendheid, klandestiene kenmerke en ernstige negatiewe gevolge wat daaraan verbonde is, is kommerwekkend en vereis daadwerklike optrede vanuit verskillende oorde.[695]

---

689 Sien bv. Hulme en Murphree 1999 *Journal of International Development* 278-280; Kellert ea 2000 *Society and Natural Resources* 706; Armitage 2005 *Environmental Management* 704; Child en Barnes 2010 *Environmental Conservation* 284; Hackel 1999 *Conservation Biology* 727.

690 Roe en Booker 2019 *Conservation Science and Practice* 7.

691 Parry-Jones en Allan *Tackling Wildlife Crime: Annual Review 2018* 3.

692 Sien 1.1 en 2.1 van die proefskrif.

693 Sien 1.1 en 2.1 van die proefskrif.

694 Esmail ea 2020 *Conservation Letters* 2-3.

695 Sien 2.1 van die proefskrif. Sien verder Salafsky en Margoluis "Using Adaptive Management to Improve ICDPs " 374 wat die volgende algemene oproep tot aksie maak: "Finally, the current rates of biodiversity loss demand that we take immediate action despite the risks inherent in our lack of certainty about how best to proceed. We may not have the best available information. We may not know exactly what the outcomes of our proposed actions will be. But we cannot wait to take action until we know for sure. We need to act now."

Die ware aard en trefwydte van wildmisdaad kan moontlik onbekend wees, aangesien daar nie tans 'n klinkklare definisie vir die begrip "wildmisdaad" bestaan nie.[696] Die volgende definisie is dus in hierdie hoofstuk vir die doeleindes van hierdie proefskrif geformuleer:

Wildmisdaad is (a) 'n area van omgewingsmisdaad; (b) wat omgewingskade veroorsaak; en (c) uit verskillende vlakke van handelinge en verwante ernstige misdade bestaan; (d) wat deur internasionale verdrae en nasionale wetgewing gereguleer of onregmatig verklaar word; en wat (e) vanweë verskeie dryffaktore ontstaan; en (f) uiteenlopende negatiewe gevolge inhou.

Die hoofstuk bevat 'n oorsigtelike ontleding van vier voorgestelde vlakke van handelinge wat deel uitmaak van wildmisdaad.[697] Die indeling van die handelinge onder die verskillende vlakke bied bloot 'n mate van struktuur aan die bespreking, aangesien die handelinge onder vlak 2 tot 4 byvoorbeeld nie in alle gevalle volgens 'n vasgestelde orde of in 'n vasgestelde gebied plaasvind nie.[698] Die ontleding openbaar dat wildmisdaad optimaal op vlak 1 bekamp kan word, aangesien dit die konstante intreevlak van alle opeenvolgende handelinge tot stand bring.[699] Indien wildmisdaad op vlak 1 bekamp word, word die uitvoering van die opeenvolgende handelinge ook ontwrig.

'n Bondige weergawe van die breedvoerige en gedetailleerde kontrolelyste, aanbevelings en voorbeelde, soos geformuleer deur die *United Nations Office on Drugs and Crime*, is in hierdie hoofstuk ingesluit. Dit bied praktiese voorstelle om 'n gekoördineerde nasionale regsrespons op die bekamping van wildmisdaad (asook

---

696 Sien 2.2 van die proefskrif.

697 Sien 2.3 en 2.3.1 tot 2.3.4 van die proefskrif. Vir die doeleindes van hierdie proefskrif is die vier vlakke van handelinge wat deel uitmaak van wildmisdaad soos volg: vlak 1: stroop van wildspesies; vlak 2: vervoer van en handel in wildspesies; vlak 3: verwerking van wildspesies tot neweprodukte; en vlak 4: verspreiding en verkoop van wildspesies en neweprodukte aan 'n koper.

698 Sien 2.3 en 2.3.1 tot 2.3.4 van die proefskrif.

699 Sien 2.3.1 van die proefskrif.

verwante misdade) te formuleer of om bestaande wetgewing daarmee te vergelyk en te hersien.[700] Opmerklik van die *United Nations Office on Drugs and Crime* se voorstelle is dat die implementering van bevel- en beheermaatreëls 'n sentrale plek inneem, wat streng nakomings- en afdwingingsmaatreëls sal verg om dit in praktyk te verwesenlik.

Verwante misdade soos korrupsie, dokumentbedrog, geldwassery, belastingontduiking en niebetaling van regeringsfooie fasiliteer die proses en vind binne al vier vlakke van handelinge plaas.[701] Hiermee saam is talle rolspelers betrek by die pleeg van wildmisdaad wat vervolging en strafoplegging vir wetstoepassers bemoeilik.[702]

Die onderlinge wisselwerking tussen die dryffaktore van wildmisdaad is besonder dinamies van aard en dra tot die meerdimensionaliteit van die kwessie by.[703] Uiteenlopende faktore van 'n kulturele, religieuse, maatskaplike en ekonomiese aard dra tot die toename van wildmisdaad by, wat groot uitdagings vir die bekamping daarvan skep.[704] Die uiteenlopende negatiewe gevolge wat uit wildmisdaad spruit dra tot die kompleksiteit daarvan by, wat daartoe lei dat dit liefs nie eensydig benader moet word nie, maar eerder kruissektorale insette en voorstelle van kenners uit wetenskaplike, sosio-ekonomiese en intelligensie-agtergronde moet verwelkom.[705]

Hedendaags word 'n breër holistiese perspektief op wildmisdaad aangemoedig – in sake die teoretiese ontleding van die kwessie, maar asook tydens die formulering en implementering van reguleringsmaatreëls en alternatiewe oplossings.[706] Te midde van 'n leemte in die internasionale regsraamwerk betreffende beste praktyk om wildmisdaad te bekamp, moedig kenners 'n kombinasie van beide bestaande reguleringsmaatreëls asook innoverende alternatiewe oplossings, soos byvoorbeeld

---

700 Sien 2.4 van die proefskrif.
701 Sien 2.3 en 2.3.1 tot 2.3.4 van die proefskrif.
702 Sien 2.3 en 2.3.1 tot 2.3.4 van die proefskrif.
703 Duffy 2015 *Environmental Conservation* 345. Sien 2.5 van die proefskrif. Die dryffaktore van wildmisdaad hou verband met finansiële voordeel; 'n volgehoue vraag na wildspesies (en lae regmatige aanbod); geregtelike skuiwergate; armoede; rykdom en welvaartgroei; kulturele, religieuse en tradisionele erkenning; historiese gebruike en moderne leefstyle.
704 Sien 2.5 van die proefskrif.
705 Sien 2.6 en 2.6.1 tot 2.6.3 van die proefskrif. Wildmisdaad hou negatiewe gevolge vir die omgewing, sosio-ekonomiese vooruitgang en transnasionale sekuriteit in.
706 Sien 2.7 van die proefskrif.

die deelname van gemeenskappe op voetsoolvlak, in die bekamping van wildmisdaad aan.[707] Vroeër in dié samevatting is genoem dat die handelinge wat op vlak 1 van wildmisdaad gepleeg word, die optimale vlak daarstel om wildmisdaad te bekamp. Dié handelinge vind meestal op voetsoolvlak plaas in die omgewing waar die wildspesies natuurlik voorkom.[708] Kenners voer verder aan dat gemeenskappe ideaal op voetsoolvlak geleë is om wildmisdaad tydig te identifiseer, aan te meld en te voorkom.[709] Weens dié raakpunte op voetsoolvlak, blyk dit dat indien gemeenskappe bemagtig word om aan biodiversiteitsbestuur en natuurbewaring deel te neem, dit moontlik 'n werkbare alternatiewe oplossing vir die bekamping van wildmisdaad kan bied. Hoewel die deelname van gemeenskappe aan die bekamping van wildmisdaad aangemoedig word, is weinig rakende die implementering van sodanige benadering as alternatiewe oplossing bekend[710] en derhalwe stel kenners[711] voor dat die benadering genaamd "gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring" as beginpunt gebruik kan word om toekomstige beleidsformulering en implementering in hierdie verband te lei.

Wiersema[712] bied die volgende samevatting rakende die bekamping van wildmisdaad:

> The fight is not over. We cannot resolve it with law alone. We cannot resolve it with science alone. We cannot resolve it at only one level of governance. And we need multiple actors involved along every link of [the chain].

Dit blyk dat wildmisdaad, as 'n komplekse fenomeen,[713] wat kenmerke van 'n hedendaagse "brandende kwessie" toon,[714] in die tussentyd 'n veelvlakkige, meerdimensionele, kruissektorale en holistiese reaksie verg totdat die ware trefwydte daarvan bepaal is.

---

707 Sien 2.7 van die proefskrif.
708 Sien 2.3.1 van die proefskrif.
709 Biggs ea 2016 *Conservation Biology* 6.
710 Sien 2.7 van die proefskrif.
711 Roe en Booker 2019 *Conservation Science and Practice* 7-9.
712 Wiersema 2017 *Journal of International Wildlife Law and Policy* 225.
713 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 1.
714 Verwys na Rittel en Webber 1973 *Policy Sciences* 160-167 vir die kenmerke van 'n "brandende kwessie" ("wicked problem").

HOOFSTUK 3

Regsperspektiewe op gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring as 'n alternatiewe oplossing vir wildmisdaad

3.1 Kontekstualisering en agtergrond

In hoofstuk 2 is verskeie kenners se voorstelle asook internasionale verwagtinge en oproepe ten gunste van die ontwikkeling van 'n alternatiewe oplossing vir die bekamping van wildmisdaad, wat gemeenskappe op voetsoolvlak by die bekamping daarvan betrek, ter tafel gebring.[715] Hierbenewens ontstaan die vraag oor die manier waarop hierdie aanbevelings in praktyk voortgesit en uitgevoer moet word, want ten spyte van vele aanbevelings van dié aard, ontbreek daar tans rigtinggewende riglyne of 'n voorgestelde raamwerk vir die sinvolle implementering en operasionalisering van inisiatiewe wat gemeenskappe in 'n posisie plaas om aan die bekamping van wildmisdaad deel te neem.[716]

Weens die onsekerhede oor die maniere waarop gemeenskappe bemagtig kan word om tot die bekamping van wildmisdaad by te dra, asook weens leemtes in die internasionale sowel as nasionale wetgewende en beleidsraamwerke, stel kenners voor dat 'n ondersoek aangaande die benadering van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring moontlike antwoorde ten gunste van die formulering van toekomstige beste praktyk kan ontsluit.[717] Gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring berus op die volgende basiese vertrekpunte:[718]

(a) Gemeenskappe leef in 'n langdurige verbintenis met die natuur en beskik oor diepsinnige kennis daarvan wat mettertyd deur gebruike en tradisies ontwikkel

---

715 Sien 2.7 van die proefskrif.

716 Sien 2.7 van die proefskrif. Roe ea *Engaging Communities to Combat Illegal Wildlife Trade: A Theory of Change* 1 stel dit soos volg: "The current surge in illegal wildlife trade has left governments, NGOs and international conservation organisations all searching for effective responses. …policy circles are increasingly recognising the importance of engaging local people who live alongside wildlife.. [h]owever, there is no 'blueprint' for engaging communities and little guidance on delivering community involvement 'on the ground'."

717 Sien 2.7 van die proefskrif.

718 Barrow en Murphree *Community Conservation from Concept to Practice: A Practical Framework* 3; Brooksa, Waylen en Borgerhoff-Mulder 2012 *Proceedings of the National Academy of Sciences of the United States of America* 1. Sien 3.3.2 van die proefskrif.

het. Hierdie kennis plaas hulle in 'n posisie om beduidende bydraes tot die implementering en handhawing van natuurbewaringsinisiatiewe te lewer.[719]

(b) Gemeenskappe is ideaal op voetsoolvlak geleë om deurlopend 'n blywende bydrae tot die bestuur en monitering van natuurbewaring te midde van voortdurende verandering te lewer.[720]

In hoofstuk 2 is aangedui dat wildmisdaad optimaal op voetsoolvlak (waar wildstropery plaasvind) bekamp kan word en dat gemeenskappe ideaal op voetsoolvlak geleë is om betyds wildmisdaad te identifiseer, aan te meld en te voorkom.[721] Met inagneming van die bogenoemde vertrekpunte van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring, in oorleg met die voorgenoemde raakpunte tussen gemeenskappe en die pleging van wildmisdaad op voetsoolvlak, is dit duidelik waarom kenners 'n ondersoek na die deelname van gemeenskappe aan die bekamping wildmisdaad aanmoedig, asook waarom gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring as 'n insiggewende beginpunt vir beleidsformulering geïdentifiseer is.[722]

Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n regsperspektief op gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring te formuleer, deur 'n teoretiese ondersoek te onderneem na wat die benadering behels en om konteks aan kenners se aanbevelings te gee wat voorstel dat gemeenskappe aan die bekamping van wildmisdaad moet deelneem. Die doel van die teoretiese ondersoek, met die oog op die beantwoording van die proefskrif se navorsingsvraag, is om te bepaal hoe gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring tot

---

719 Sommige internasionale voorstaanders van dié beweging beklemtoon dat: "[i]ndigenous and other traditional peoples have long associations with nature and a deep understanding of it. Often they have made significant contributions to the maintenance of many of the earth's most fragile ecosystems, through their traditional sustainable resource use practices and culture-based respect for nature… they should be recognised as rightful, equal partners in the development and implementation of conservation strategies that affect their lands, territories, waters, coastal seas, and other resources, and in particular in the establishment and management of protected areas." Sien World Conservation Union, World Commission on Protected Areas en World Wide Fund For Nature *Principles and Guidelines on Indigenous and Traditional Peoples and Protected Areas* 5. Sien ook in hierdie verband Armitage 2005 *Environmental Management* 704.

720 Alcorn *Indigenous Peoples and Conservation* 8 se bydrae tot dié diskoers is dat: "[t]here are no permanent successes that will last for centuries, only successes in terms of making measurable advances that are realistically expected to keep biodiverse ecosystems alive in everchanging contexts without relying on eternal external inputs. Local people are best positioned to stick with this task." Sien ook in hierdie verband Thakadu 2005 *Natural Resources Forum* 201; Ghai *Conservation, Livelihood and Democracy: Social Dynamics of Environmental Changes in Africa* 16.

721 Biggs ea 2016 *Conservation Biology* 6. Sien 2.8 van die proefskrif.

722 Sien 2.7 en 2.8 van die proefskrif.

die versterking van die bestaande reguleringsmaatreëls wat tans wildmisdaad in Suid-Afrika reguleer en bekamp.

Die ondersoek versoen regsoorwegings (in die vorm van internasionale ontwikkelings en verwagtinge) met multidissiplinêre teorieë. Die hoofstuk sluit die volgende besprekings in om struktuur aan die teoretiese ondersoek te verleen:

(a) 'n historiese oorsig oor bestuursbenaderings ten opsigte van natuurbewaring in Afrika;
(b) definiëring van die afsonderlike terme "gemeenskap", "-gebaseerde", en "natuurbewaring";
(c) definiëring van "gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring";
(d) 'n tipologiese klassifikasie van gemeenskapsdeelname; en
(e) riglyne vir die implementering van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring.

Ná afloop van die ondersoek, word 'n oorwoë bespreking rakende moontlike voorstelle vir die sinvolle implementering en operasionalisering van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring as 'n alternatiewe oplossing vir die bekamping van wildmisdaad ingesluit.

Die teoretiese ondersoek begin met 'n historiese oorsig oor bestuursbenaderings ten opsigte van natuurbewaring in Afrika.

3.2 'n Historiese oorsig oor die ontwikkeling van bestuursbenaderings binne natuurbewaring in Afrika

Regshistoriese kontekstualisering berus meestal op 'n betragting van chronologiese gebeure, sleutelontwikkelinge en 'n breë historiese terugblik op 'n aangeleentheid waaruit 'n behoefte na regsregulering ontstaan het.[723] Regsontwikkeling neig om

[723] Bowman, Davies en Redgwell *Lyster's International Wildlife Law* 3. Sien in die algemeen Venter ea *Regsnavorsing: Metode en Publikasie* 161; Van Zyl 1972 *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* 19-21; Del Mar "Philosophical Analysis and Historical Inquiry: Theorising Normativity, Law, and Legal Thought" 6-13; Kreitner "Legal History as Political History" 135-138.

gefragmenteerd in die vorm van 'n reeks ongestruktureerde reaksies op uitdagings, maatskaplike realiteite en politieke denkbeelde plaas te vind.[724]

Gedurende die afgelope eeu kan twee uiteenlopende bestuursbenaderings ten opsigte van natuurbewaring onderskei word.[725] Die eerste bestuursbenadering berus uitsluitlik op die regeringsgesentreerde bestuur van biodiversiteit, alombekend as die fort-natuurbewaringsmodel.[726] Hierdie benadering laat geen ruimte vir gemeenskappe se teenwoordigheid of deelname by natuurbewaring nie en word meestal met gemilitariseerde optrede en taktieke gekombineer om 'n sekere mate van beheer binne 'n bepaalde bewaringsgebied te handhaaf.[727] Die tweede bestuursbenadering – 'n alternatiewe paradigma in teenstelling met die voorgenoemde, meer onlangs gepropageer en liberalisties van aard – berus op die gedeeltelike oordrag van regeringsgesentreerde bestuur en beheer aan gemeenskappe ten einde gemeenskapsgebaseerde natuurbewaringsinisiatiewe te vestig waarby beide die gemeenskap sowel as biodiversiteit kan baat.[728] Beide bestuursbenaderings word vervolgens kortliks bespreek en uiteindelik met mekaar vergelyk.[729]

---

724 Bowman, Davies en Redgwell *Lyster's International Wildlife Law* 3. Sien in die algemeen Venter ea *Regsnavorsing: Metode en Publikasie* 161; Van Zyl 1972 *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* 19-21; Del Mar "Philosophical Analysis and Historical Inquiry: Theorising Normativity, Law, and Legal Thought" 6-13; Kreitner "Legal History as Political History" 135-138.

725 Kabiri en Child "Wildlife Governance in Africa" 105; Borrini-Feyerabend en Tarnowski "Participatory Democracy in Natural Resource Management: A 'Columbus's Egg'?" 69.

726 Sien 3.2.1 van die proefskrif. Anders gestel: "fortress conservation model". Skrywers verwys ook na die "fines and fences"- benadering, die "guns and fences"- benadering, die "protectionism"-benadering, die "coercive"-benadering, die bevel-en-beheer-benadering, die "western conservation"-benadering of die "preservation"-benadering. Ander skrywers bepaal dat die model op "afgesperde bewaringsgebiede, boetes en draadomheinings" gegrond is. Sien Chevallier *The State of Community-Based Natural Resource Management in Southern Africa: Assessing Progress and Looking Ahead* 6-7; Borgerhoff-Mulder en Coppolillo *Conservation: Linking Ecology, Economics, and Culture* 28; Wells en Brandon *People and Parks: Linking Protected Area Management With Local Communities* 1; Peluso 1993 *Global Environmental Change* 199-217; Muhumuza en Balkwill 2013 *International Journal of Biodiversity* 1; Guthiga en Mburu "Local Extraction Needs and Forest Conservation Outcomes Under Diverse Management Regimes in Kakamega Forest, Kenya" 60; Stevens "Indigenous Peoples, Biocultural Diversity, and Protected Areas" 36; Dressler ea 2010 *Environmental Conservation* 6; Borrini-Feyerabend en Tarnowski "Participatory Democracy in Natural Resource Management: A 'Columbus's Egg'?" 70.

727 Kabiri en Child "Wildlife Governance in Africa" 105.

728 Kabiri en Child "Wildlife Governance in Africa" 105. Sien 3.2.2 van die studie.

729 Sien Tabel 5 van die proefskrif.

3.2.1 Fort-natuurbewaringsmodel

Teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog het globale bewustheid oor die stand van natuurbewaring ontstaan.[730] Afrika was, en is steeds, van spesiale belang vanweë die hoë konsentrasie wildspesies (insluitend die teenwoordigheid van charismatiese wildspesies) en ongerepte natuurlike landskappe wat op dié vasteland te vinde is.[731] Tydens Afrika-lande se geleidelike onafhanklikwording van koloniale oorheersing is natuurbewaring gekenmerk deur kortsigtige natuurbewaringsinisiatiewe wat meestal deur die bio- en ekosentriese denke van natuurwetenskaplikes beïnvloed is.[732] Gedurende daardie tydperk was die tendens om bewaringsgebiede op die been te bring wat die bewaring van die ongerepte natuur vooropstel.[733] Kiss[734] beskryf hierdie tendens soos volg:

> Over the past century, governments have pursued policies which alienate the wildlife from the people […] The establishment of national parks and reserves, which may attract tourists and foreign exchange for the government, exclude and have often directly displaced rural communities from the land they have traditionally considered to be their own. Anti-poaching laws turn centuries' old practice of subsistence hunting into a crime […]

Volgens Kiss se beskrywing was die destydse doelwit van beleidmakers om natuurbewaring toe te pas deur bewaringsgebiede te proklameer ten einde gemeenskappe van dié gebiede te vervreem wat toerisme-moontlikhede en potensiële ekonomiese voordele vir die regering inhou. Die fort-natuurbewaringsmodel is hoofsaaklik op areagebaseerde en spesiegebaseerde natuurbewaringsinstrumente[735]

---

730 Adams en Hulme "Conservation and Community: Changing Narratives, Policies and Practices in African Conservation" 11. Verwys na Neumann 2002 *Environmental History* 22-47 vir 'n volledige historiese oorsig aangaande die vroeë ontwikkeling van natuurbewaring in Afrika.

731 Adams en Hulme "Conservation and Community: Changing Narratives, Policies and Practices in African Conservation" 11;

732 Van der Duim, Lamers en Van Wijk "Novel Institutional Arrangements for Tourism, Conservation and Development in Eastern and Southern Africa" 2; Phillips *Management Guidelines for IUCN Category V Protected Areas, Protected Landscapes/Seascapes* 13; Phillips "Turning Ideas on Their Head: The New Paradigm for Protected Areas" 2.

733 Beresford en Phillips 2000 *The George Wright Forum* 19.

734 Kiss *Living with Wildlife: Wildlife Resource Management with Local Participation in Africa* 5.

735 Verskillende natuurbewaringsinstrumente word in wetgewing gebruik om biodiversiteit te bewaar. Areagebaseerde natuurbewaring behels die afsperring van 'n spesifieke bewaringsgebied om die biodiversiteit en unieke natuurlike kenmerke daarvan te bewaar en beperkings aangaande die toegang tot en verbruik van natuurlike hulpbronne deur mense te stel. Spesiegebaseerde natuurbewaring is gegrond op die veronderstelling dat menslike handelinge 'n afname in wildspesiegetalle (of selfs die uitwissing van wildspesies) veroorsaak. Omgewingswetgewing bied

geskoei.[736] Volgens Wilshusen ea[737] en Stevens[738] het die fort-natuurbewaringsmodel op verskillende gebrekkige aannames berus wat tot die onbedagte uitbreiding en implementering daarvan bygedra het, naamlik dat:[739]

(a) biodiversiteit streng beskerming deur middel van 'n regeringsgesentreerde bestuursbenadering verlang;
(b) die bestaan van gemeenskappe wat in harmonie met biodiversiteit leef 'n mite is en daarom moet bewaringsgebiede onbewoond wees en vry van enige menslike misbruik en inmenging;
(c) natuurbewaring se enigste doelwit biodiversiteitsbeskerming en -bestuur is en dat dít nie met ander sosio-ekonomiese ontwikkelingsdoelwitte versoenbaar is nie; en
(d) noodsituasies buitengewone ingryping regverdig, wat die gebruik van dwangmaatreëls deur die regering om gemeenskappe van bewaringsgebiede te verwyder (ter beskerming van biodiversiteit), regtens en moreel aanvaarbaar maak.

Onder leiding van die regering as sentrale regulerende owerheid was die aanvangsmikpunt van die fort-natuurbewaringsmodel om gemeenskappe van "uitverkore" natuurlike omgewings te verwyder ten einde die eertydse stand daarvan vir estetiese doeleindes te herstel en te bewaar en dit as 'n toeriste-aantreklikheid

---

beskerming aan wildspesies deur beperkte en verbode handelinge te identifiseer asook deur individuele bedreigde en beskermde wildspesies te lys. Sien Algotsson "Biological Diversity" 109, 114; De Klemm en Shine *Biological Diversity Conservation and the Law* 29, 141.

736 Sien Chevallier *The State of Community-Based Natural Resource Management in Southern Africa: Assessing Progress and Looking Ahead* 6-7; Borgerhoff-Mulder en Coppolillo *Conservation: Linking Ecology, Economics, and Culture* 28; Wells en Brandon *People and Parks: Linking Protected Area Management With Local Communities* 1; Peluso 1993 *Global Environmental Change* 199-217; Muhumuza en Balkwill 2013 *International Journal of Biodiversity* 1; Guthiga en Mburu "Local Extraction Needs and Forest Conservation Outcomes Under Diverse Management Regimes in Kakamega Forest, Kenya" 60; Stevens "Indigenous Peoples, Biocultural Diversity, and Protected Areas" 36; Dressler ea 2010 *Environmental Conservation* 6; Borrini-Feyerabend en Tarnowski "Participatory Democracy in Natural Resource Management: A 'Columbus's Egg'?" 70.

737 Wilshusen ea 2002 *Society and Natural Resources* 20-21.

738 Stevens "Indigenous Peoples, Biocultural Diversity, and Protected Areas" 36.

739 Die vier gelyste aannames is 'n kompilasie van Wilshusen ea 2002 *Society and Natural Resources* 20-21 en Stevens "Indigenous Peoples, Biocultural Diversity, and Protected Areas" 36 se aannames. Sien Hutton, Adams en Murombedzi 2005 *Forum for Development Studies* 347-348 vir 'n uitbreiding op die aannames. Sien verder Adams en Hulme "Conservation and Community: Changing Narratives, Policies and Practices in African Conservation" 9.

onder die elite van die gemeenskap te bevorder.[740] Volgens die fort-natuurbewaringsmodel was doelmatige natuurbewaring slegs deur die regering se ingryping en bestuur of deur die toekenning van privaat of regeringseiendomsregte moontlik.[741] Te midde van die ernstige aanslae wat teen biodiversiteit gerig is, het regerings hul rol as publieke trustees ingeneem en gepoog om biodiversiteit deur middel van kortsigtige natuurbewaringsinisiatiewe te bewaar.[742] Gevolglik is die vryhede van sekere gemeenskappe deur die regering ingeperk ter wille van post-koloniale nasiebou en om gesamentlik in die belang van die groter gemeenskap en natuurbewaring op te tree.[743]

'n Standpunt is destyds deur kenners ingeneem dat die doelwitte van natuurbewaring en dié van gemeenskappe opponerende uitgangspunte bevat.[744] Natuurbewaring, aan die een kant, het ten doel om biodiversiteit onvoorwaardelik teen menslike misbruik te bewaar, terwyl groeiende gemeenskappe natuurlike hulpbronne teen 'n onvolhoubare pas ontgin om aan hulle water, voedsel, skuiling, bekleding en hitte (vuurmaakhout) te voorsien.[745]

---

740 Brockington en Schmidt-Soltau 2004 *Oryx* 140; Hutton, Adams en Murombedzi 2005 *Forum for Development Studies* 342; Beresford en Phillips 2000 *The George Wright Forum* 19; Borgerhoff-Mulder en Coppolillo *Conservation: Linking Ecology, Economics, and Culture* 15; Kiss *Living with Wildlife: Wildlife Resource Management with Local Participation in Africa* 5; Western en Wright "The Background to Community-Based Conservation" 4.

741 Agrawal en Gibson 1999 *World Development* 631; Agrawal en Gibson "Introduction: The Role of Community in Natural Resource Conservation" 4.

742 Van Schaik en Kramer "Toward a New Protection Paradigm" 219; Wilshusen ea 2002 *Society and Natural Resources* 33.

743 Jeanrenaud *People-Oriented Approaches in global Conservation: Is the Leopard Changing its Spots?* 11; Van Schaik en Kramer "Toward a New Protection Paradigm" 219; Wilshusen ea 2002 *Society and Natural Resources* 33; Western en Wright "The Background to Community-Based Conservation" 4.

744 Agrawal en Gibson "Introduction: The Role of Community in Natural Resource Conservation" 4; Agrawal en Gibson 1999 *World Development* 631.

745 Agrawal en Gibson "Introduction: The Role of Community in Natural Resource Conservation" 4; Agrawal en Gibson 1999 *World Development* 631.

Hardin[746] se teorie, getiteld "The Tragedy of the Commons", (hierna die tragedie van gemenegoed)[747] het gedurende 1968 opslae in natuurbewaringskringe gemaak.[748]

---

746 Hardin 1968 *Science* 1244.

747 Aangaande die begripsformulering van "gemenegoed" bepaal Bromley "The Commons, Property, and Common-Property Regimes" 3 dat "[i]n the literature on natural resources and environmental policy, it would be difficult to find an idea (that is, a concept) as misunderstood as 'commons' or 'common property'." Sien verder Bromley 1991 *Journal of Environmental Economics and Management* 92. "Gemenegoed" (anders gestel: "commons") verwys na openbare domeine waar die verbruik van die hulpbronne binne die domeine vir alle mense op aarde of lede binne 'n spesifieke gemeenskap beskikbaar is. Gemenegoed wissel in skaal en in situasie en voorbeelde sluit onder meer die lug, ruimte en planete, water, oseane, ekostelsels en strande in. Gemenegoed is nie tot natuurlike hulpbronne en omgewings beperk nie ander voorbeelde sluit tale, religieuse en kulturele oortuigings, die internet, menslike kennis, 'n woonstelblokparkeerarea, 'n koshuiswasgoedkamer, die dorpswembad, sypaadjies en volksverhale in. Sien Buck *The Global Commons: An Introduction* 2-6; Cheria en Edwin "Towards a Vocabulary of Commons" 12-24 vir uitgebreide definisies en definisies van gemenegoed. Die Romeinse juriste het aparte sakeregtelike klassifikasies geskep, naamlik *res nullius* en *res extra commercium,* wat met die konsep van gemenegoed verband hou. *Res nullius* verwys na sake wat op 'n sekere tydstip aan geen party behoort nie, maar eiendomsreg kan deur middel van *occupatio* (oorspronklike wyse van eiendomsverkryging) oor die sake verkry word. Daar bestaan drie kategorieë *res nullius* naamlik (i) sake wat nog nooit vantevore die eiendom van enige party was nie (bv. wilde diere en voëls in die tydperk voordat hulle gevang word); (ii) wilde diere en voëls wat deur *occupatio* bekom is en hul vryheid herwin; en (iii) sake waarvan afstand gedoen is deur die eienaar (of anders gestel: sake wat deur die eienaar weggegooi is) met die bedoeling om ook van die eiendomsreg daarvan afstand te doen. *Res extra commercium* verwys na sake wat buite die handel val en nie vir privaat eiendomsreg vatbaar is nie*.* Hierdie sake sluit in: (i) *res omnium communes*: sake wat aan niemand behoort nie en deur almal gebruik en geniet mag word (bv. die lug, oseane en lopende water), maar die moontlikheid bestaan om oor 'n deel daarvan eiendomsreg te vestig (bv. die kompressie van lug in 'n lugsilinder); (ii) *res publicae*: sake wat gesamentlik aan 'n burgerlike gemeenskap behoort, waaruit hulle direkte voordeel kan put en die regering meestal verantwoordelikheid vir instandhouding en beskerming van die sake neem (word ook in die algemeen na verwys as regeringseiendom) (bv. standhoudende riviere, openbare paaie, dorpspleine en hawes); (iii) *res universitatis*: sake wat aan 'n vereniging, korporasie, universiteit of ander openbare of privaat liggaam behoort wat vir die gebruik van 'n vasgestelde groep mense beskikbaar is (bv. teaters, stadions en universiteitsgronde). Sien Du Plessis *Borkowski's Textbook on Roman Law* 156-158; Nicholas *An Introduction to Roman Law* 130-131; Van Zyl *Geskiedenis en Beginsels van die Romeinse Privaatreg* 121-123, 148; Thomas, van der Merwe en Stoop *Historiese Grondslae van die Suid-Afrikaanse Privaatreg* 156-157, 193-194; Badenhorst, Pienaar en Mostert *Silberberg and Schoeman's The Law of Property* 25-30, 32-33. Ter illustrasie van die tragedie van die gemenegoed-teorie maak Hardin van 'n metafoor gebruik, naamlik 'n weiveld wat vir enige veewagter beskikbaar is as weiding vir vee. Die aanname word gemaak dat elke veewagter wat van die weiveld gebruik maak, soveel vee as moontlik daar sal wil laat wei om persoonlike voordeel te verhoog. Hoe groter die aantal vee wat die veldwagter op die weiveld laat wei hoe hoër is die persoonlike voordeel. Alle addisionele vee wat op die weiveld wei, dra by tot oorbeweiding en die agteruitgang van die weiveld. Die gevolge van oorbeweiding en die agteruitgang van die weiveld word tussen al die veldwagters gedeel wat gesamentlik van die weiveld gebruik maak. Elke veldwagter is genoop om meer vee op die weiveld te laat wei om die persoonlike voordeel te verhoog, maar die drakrag van die weiveld is beperk. Elke veldwagter wil sig eie belang bevorder en hierin, volgens Hardin, is die sogenaamde "tragedie van gemenegoed" geleë, die ongekontroleerde gebruik van gemenegoed sal tot die gesamentlike ondergang van al die veldwagters lei. Ten einde bepaal Hardin dat, aangesien mense oor 'n onvermoë beskik om gesamentlik die gebruik van gemenegoed te bestuur, die oplossing van die sogenaamde "tragedie" gesetel is in die toekenning van privaat of regeringseiendomsregte (anders gestel: privatisering of

Hardin[749] se sentrale uitgangspunt was dat volgehoue populasiegroei 'n onomkeerbare negatiewe uitwerking op vooruitgang en welstand van die omgewing het. Hy gaan verder deur te stel dat 'n groep mense wat om verbruik van dieselfde hulpbron meeding, oor 'n onvermoë beskik om onderling te kommunikeer en dienooreenkomstig nie gesamentlik die verbruik van die hulpbron (as gemenegoed) kan bestuur nie.[750] Ten einde waarsku Hardin teen die gevare verbonde aan die menslike misbruik van gemenegoed indien dit nie aan nasionalisering of privatisering onderhewig is nie.[751] Die teorie het wye reaksie ontlok aangesien dit op uiteenlopende moderne omgewingskwessies toepaslik was.[752] Met betrekking tot nasionale parke (anders gestel: bewaringsgebiede) bepaal Hardin[753] dat

> [t]he National Parks present another instance of the tragedy of the commons. At present they are open to all, without limit. The parks themselves are limited in extent […] whereas [the human] population seems to grow without limit. The values that visitors seek in the parks are steadily eroded. Plainly, we must soon cease to treat the parks as commons or they will be of no use to anyone.

Vanweë volgehoue populasiegroei, laat die drakrag van bewaringsgebiede, volgens Hardin, dit nie toe om gemeenskappe van hul basiese behoeftes te voorsien en terselfdertyd vir toeriste esteties aanloklik te wees nie. Natuurwetenskaplikes,

---

nasionalisering). Ten spyte van Hardin se faam, is sy teorie later deur akademici soos Ostrom gekritiseer en heroorweeg. Sien 3.2.2 van die proefskrif.

748 Sien Agrawal en Gibson 1999 *World Development* 631; Blaikie 2006 *World Development* 1947-1948. Al het Hardin se werk groot aanhang geniet, was hy egter nie die eerste kommentator wat 'n opmerking rakende hierdie teorie gemaak het nie. Die Griekse filosoof Aristoteles het reeds 350 v.C. in sy geskrif getiteld *Politics* (Boek II, Deel III) bepaal dat "[d]it wat vir die grootste aantal algemeen is, word die minste sorg aan toegewy. Elkeen is besorg oor sy eie belang en dink kwalik aan gemeenskaplike belange, tensy die individu daardeur beïnvloed word." Sien Ellis *Aristotle's Politics: A Treatise on Government* 39 (Aristoteles se oorspronklike Griekse tekste is in hierdie publikasie deur Ellis vertaal). Hardin se teorie is op die werke van Lloyd gebaseer wat reeds gedurende 1833 gepubliseer is. Sien Lloyd *Two Lectures on the Checks To Population* 30-33; Hardin 1994 *Trends in Ecology and Evolution* 199; Hardin "The Tragedy of the Unmanaged Commons" 105-108. Ander teoretici wat ook verantwoordelik was vir die grondlegging van die konsep van gemenegoed is Gordan, Scott en Demsetz, maar soos voorheen uitgelig is die mees populêre bydrae in hierdie verband gedurende 1968 deur Hardin gelewer. Sien Gordan 1954 *Journal of Political Economy* 124-142; Scott 1955 *Journal of Political Economy* 116-124; Demsetz 1967 *American Economic Review* 347-359.

749 Hardin 1968 *Science* 1243-1248.

750 Hardin 1968 *Science* 1243-1248.

751 Hardin 1968 *Science* 1244-1245. Sien verder Turpie "Environmental and Resource Economics" 41-42.

752 Ostrom *Governing the Commons: The Evolution of Institutions for Collective Action* 3; Anderies en Janssen *Sustaining the Commons* 5.

753 Hardin 1968 *Science* 1245.

akademici en beleidmakers was oortuig van Hardin se standpunt aangesien daar genoegsame voorbeelde bestaan het waar gemeenskappe die hulpbronne binne en omliggend tot bewaringsgebiede oorbenut en vernietig het.[754] Deur argumente soos dié van Hardin is die fort-natuurbewaringsmodel onderskraag en uitgebrei om doelbewus gemeenskappe van natuurbewaringsinisiatiewe uit te sluit.[755]

Gedurende daardie tyd is al hoe meer bewaringsgebiede wêreldwyd deur regerings geïdentifiseer en geproklameer[756] en is internasionale beleidmakers gevolglik genoop om om 'n klassifikasiestelsel vir bewaringsgebiede te ontwikkel.[757] Die eerste

---

754 Poteete, Janssen en Ostrom *Working Together: Collective Action, the Commons, and Multiple Methods in Practice* 217.

755 Boggs *Community Power, Participation, Conflict and Development Choice: Community Wildlife Conservation in the Okavango Region of Northern Botswana* 9.

756 Brandon en Wells 1992 *World Development* 558.

757 Die ontwikkeling van 'n samehangende internasionale klassifikasiestelsel van bewaringsgebiede het tot dusver oor meer as 80 jaar gestrek. Die eerste poging tot die vasstelling van terminologie en kategorieë van bewaringsgebiede is in artikel 2 en 7 van die *Convention Relative to the Preservation of Fauna and Flora in their Natural State* (1933) opgeneem. Vier kategorieë is onderskei, naamlik (i) nasionale parke; (ii) streng natuurreservate; (iii) fauna- en florareservate; en (vi) reservate met verbodsbepalings op die jag van fauna en die versamel van flora. Gedurende 1959 erken die Verenigde Nasies se Ekonomiese en Maatskaplike Raad tydens hulle 27ste raadsitting in resolusie 713(XXVII) dat "nasionale parke en reservate 'n belangrike rol in die inspirasie, kultuur en welstand van die mensdom speel" en verder dat dit "van noemenswaardige belang vir die ekonomie, wetenskaplike vooruitgang en toekomstige natuurbewaring is." Dienooreenkomstig het die raad van die IUCN versoek dat 'n lys van bestaande nasionale parke en gelykstaande reservate (vergesel deur 'n kort beskrywing van elk) opgestel word. Die eerste *United Nations List of National Parks and Equivalent Reserves* (vandag bekend as die *United Nations List of Protected Areas* (2014)) is gedurende 1962 deur die IUCN-sekretariaat in samewerking met die *Commission on National Parks and Protected Areas* (vandag bekend as die *World Commission on Protected Areas*) saamgestel en gepubliseer. In 1966 is die tweede weergawe van die lys gepubliseer. Die tweede lys het drie kategorieë gespesifiseer, naamlik: (i) nasionale parke; (ii) wetenskaplike reservate; en (iii) natuurlike monumente. Gedurende die 1970's het verskillende tendense aangaande die stigting van bewaringsgebiede ontstaan, maar met wesenlike konseptuele verwarring gepaard gegaan. In 1972, tydens die tweede *World Parks Congress*, het Dasmann ('n ekoloog verbonde aan die IUCN) 'n klassifikasiestelsel vir bewaringgebiede voorgestel wat ses kategorieë geïdentifiseer het, naamlik: (i) antropologiese bewaringsgebiede; (ii) argeologiese bewaringsgebiede; (iii) natuurlike bewaringsgebiede; (iv) veelvuldige gebruiksgebiede; (v) nasionale parke; en (vi) ander bewaringsgebiede. Sien Dasmann "Development of a Classification System for Protected Natural and Cultural Areas" 388-396. Die IUCN is tydens hierdie konferensie versoek om eerstens die doelwitte van verskillende bewaringsgebiede te definieer en tweedens om standaarde en nomenklatuur vir bewaringsgebiede te ontwikkel. (Nomenklatuur verwys na 'n stelsel van reëls waarvolgens wetenskaplike naamgewing geskied.) Sien Elliott (red) *Second World Conference on National Parks* 445. Miller het 'n verdere klassifikasiestelsel vir bewaringsgebiede gedurende 1974 voorgestel wat tydens 1978 tot 'n finale verslag verwerk is wat op daardie stadium as die IUCN se handleiding tot bewaringsgebiede gedien het. Sien Miller "Ecological Guidelines for the Management and Development of National Parks and Reserves in the American Humid Tropics" 91-105 en Committee on Criteria and Nomenclature en Commission on National Parks and Protected Areas *Categories, Objectives and Criteria for Protected Areas: A Final Report* 10-11. Sedert 1984 was die *Commission*

klassifikasiestelsel is gedurende 1978 deur die IUCN beskikbaargestel.[758] Die klassifikasiestelsel het oor drie groepe bewaringsgebiede beskik wat in tien onderskeie kategorieë verdeel is.[759] Daar is geen onderskeid tussen verskillende bestuursmodelle vir bewaringsgebiede getref nie en die IUCN[760] het bepaal dat die regering verkieslik die houer van eienaarskap oor die gebiede moet wees en dat die regering die rol van sentrale regulerende owerheid inneem. In gevalle waar die regering nie die rol van sentrale regulerende owerheid ingeneem het nie, het die IUCN[761] vereis dat die regering bystand in die vorm van subsidies aanbied of die verbruik van natuurlike hulpbronne inperk. Die doelstellings van elke bewaringsgebied was onderskeidelik op navorsing en wetenskaplike vooruitgang, opvoedkundige voorligting of ontspannings- en toerismebedrywighede gerig.[762] Daar is van regerings verwag om nodige stappe te doen om gemeenskappe wat bewaringsgebiede okkupeer te verwyder, ten einde die

---

on National Parks and Protected Areas weer opgeroep om die klassifikasiestelsel vir bewaringsgebiede te hersien. In 1994 is daar op die volgende ses kategorieë ooreengekom: (kategorie I(a)) streng natuurreservaat; (kategorie I(b)) wildernisarea; (kategorie II) nasionale park; (kategorie III) natuurlike monument/verskynsel; (kategorie IV) habitat/wildspesie bestuursarea; (kategorie V) beskermde landskap/seegesig; (kategorie VI) bewaringsgebied met volhoubare verbruik van natuurlike hulpbronne. Sien Dudley *Guidelines for Applying Protected Area Management Categories* 2, 4. Vir besprekings van die geskiedenis en ontwikkeling van 'n internasionale klassifikasiestelsel vir bewaringsgebiede verwys na Phillips 2004 *Parks* 4-14; Phillips "A Short History of the International System of Protected Areas Management Categories" 4-14; Bishop ea *Speaking a Common Language: The Uses and Performance of the IUCN System of Management Categories for Protected Areas* 10-12, 42-49; Glazewski en Paterson "Protected Areas and Community-Based Conservation" 327-329; Paterson "Protected Areas" 4-5.

758 'n Verfynde weergawe in riglynformaat is gedurende 1994 deur die IUCN gepubliseer en is gedurende 2008 deur verbeterde riglyne opgevolg. Sien International Union for Conservation of Nature *Guidelines for Protected Area Management Categories* (1994) en Dudley *Guidelines for Applying Protected Area Management Categories* (2008).

759 Committee on Criteria and Nomenclature en Commission on National Parks and Protected Areas *Categories, Objectives and Criteria for Protected Areas: A Final Report* 10-11. Groep A: (kategorie I) wetenskaplike reservaat; (kategorie II) nasionale park; (kategorie III) natuurlike monument of nasionale landmerk; (kategorie IV) natuurbewaringsreservaat; (kategorie V) beskermde landskap. Groep B: (kategorie VI) natuurlikehulpbronreservaat; (kategorie VII) antropologiese reservaat; (kategorie VIII) bestuurde veelvuldige gebruiksgebied. Groep C: (kategorie IX) biosfeerreservaat; (kategorie X) natuurlike wêrelderfenisgebied.

760 Committee on Criteria and Nomenclature en Commission on National Parks and Protected Areas *Categories, Objectives and Criteria for Protected Areas: A Final Report* 14-17, 19, 21. Die dokument het bepaal dat die bestuur van sommige kategorieë bewaringsgebiede soms met die bystand van niewinsgewende organisasies of privaat individue gepaard kon gaan.

761 Committee on Criteria and Nomenclature en Commission on National Parks and Protected Areas *Categories, Objectives and Criteria for Protected Areas: A Final Report* 18, 20.

762 Committee on Criteria and Nomenclature en Commission on National Parks and Protected Areas *Categories, Objectives and Criteria for Protected Areas: A Final Report* 9-10.

optimale natuurlike funksionering van die gebied te verseker.[763] Sedertdien is die onderskeie kategorieë van bewaringsgebiede verfyn en word daar steeds op 'n deurlopende basis bewaringsgebiede geproklameer.[764]

Te midde van dié dominante gees is verskillende bewaringsgebiede op regeringsgrond, asook op enige grond wat as *res nullius* geklassifiseer was, verklaar.[765] Gemeenskappe se teenwoordigheid, beide binne sowel as aangrensend tot bewaringsgebiede, was grotendeels as 'n bedreiging vir biodiversiteit bestempel.[766] Bewaringsgebiede is in baie gevalle opgerig sonder om enigsins gemeenskappe se bestaansbehoeftes en maatskaplike belange in ag te neem.[767] Gemeenskappe wat binne die omgewing van bewaringsgebiede gevestig was, is van hulle grond onteien, fisies van die gebied verwyder, ontneem van hul toegang tot natuurlike hulpbronne vir die doeleindes van voedsel, energie (vuurmaakhout) en kulturele gebruike en is elders hervestig met min tot geen vergoeding of bykomende bystand nie.[768] Stevens[769] bepaal dat die klem merendeels in hierdie gevalle op die gedwonge fisiese verwydering van gemeenskappe geval het, terwyl die gemeenskapslede ook ekonomiese;[770]

---

763 Sien byvoorbeeld Committee on Criteria and Nomenclature en Commission on National Parks and Protected Areas *Categories, Objectives and Criteria for Protected Areas: A Final Report* 14-15. Sien verder Fisher ea *Linking Conservation and Poverty Reduction: Landscapes, People and Power* 20.

764 Dudley *Guidelines for Applying Protected Area Management Categories* 2. Gedurende 2003 tydens die vyfde IUCN *World Parks Congress* het bewaringsgebiede 'n internasionale opvyseling beleef waar lande opnuut hulself tot die uitbouing en verbetering van bewaringsgebiede verbind het.

765 Paterson "Protected Areas" 11.

766 Van der Duim, Lamers en Van Wijk "Novel Institutional Arrangements for Tourism, Conservation and Development in Eastern and Southern Africa" 2; Chevallier *The State of Community-Based Natural Resource Management in Southern Africa: Assessing Progress and Looking Ahead* 7.

767 Wells en Brandon *People and Parks: Linking Protected Area Management With Local Communities* 1.

768 Chevallier *The State of Community-Based Natural Resource Management in Southern Africa: Assessing Progress and Looking Ahead* 7; Fabricius "The Fundamentals of Community-Based Natural Resource Management" 9; Fisher ea *Linking Conservation and Poverty Reduction: Landscapes, People and Power* 19.

769 Stevens "Indigenous Peoples, Biocultural Diversity, and Protected Areas" 37-38.

770 Gemeenskappe kan ekonomiese verwydering ervaar vanweë 'n beperking of verbod wat op die verbruik van natuurlike hulpbronne geplaas is. 'n Beperking of verbod van dié aard kan gemeenskappe se lewensbestaan, inkomste en voedselsekuriteit beïnvloed. Sien Cernea 2006 *Policy Matters* 13.

politieke;[771] en kulturele verwydering[772] ervaar het.[773] Derhalwe bepaal Adams,[774] vanuit 'n menseregte-oogpunt, dat die implementering van die fort-natuurbewaringsmodel onaanvaarbare gevolge vir gemeenskappe meegebring het. Fabricius[775] bepaal ewenwel dat bewaringsgebiede onder regeringsgesentreerde bestuur (ingevolge die fort-natuurbewaringsmodel), tesame met kommersiële wildplase en bewareas,[776] destyds merkwaardige sukses behaal het om sommige wildspesies op die rand van uitsterwing te red.

In teenstelling met beplande resultate, was die verwydering, hervestiging en uitsluiting van gemeenskappe nie in alle gevalle ten gunste van natuurbewaring nie en gevolglik is hernieude aanslae van 'n sosio-ekonomiese aard teen natuurbewaring gerig.[777] Gemeenskappe se selfgevestigde tradisionele maniere van natuurlike hulpbronbestuur het daardeur verbrokkel en in weerwil van regeringgesentreerde bestuur en beheer het die vernietiging en uitdunning van natuurlike hulpbronne en wildmisdaad toegeneem.[778] Agrawal en Gibson[779] stel dat verskillende faktore soos gebrekkige bestuursformulering, onvolhoubare implementeringsmetodes en ondoeltreffende handhawingstaktieke tot gebrekkige resultate en die uiteindelike mislukking van die fort-natuurbewaringsmodel gelei het.[780] Die faktore is meestal gekombineer met 'n algemene onversetlikheid onder die uitgeslote gemeenskappe vanweë 'n tekort aan alternatiewe bestaansmiddele asook weens die uitwerking van

---

771 Gemeenskappe kan politieke verwydering ervaar vanweë die inbreuk op hul territoriale beheer oor en bestuur van 'n spesifieke gebied en die minagting van inheemse reëls en gewoontes.

772 Gemeenskappe kan kulturele verwydering ervaar vanweë die verlies aan 'n gemeenskaplike lewensbestaan in hulle tuisland (anders gestel: "homeland") gekombineer met 'n inperking van religieuse en kulturele uitlewing wat tot 'n spesifieke gebied verbind is. Sien Dowie *Conservation Refugees: The Hundred-Year Conflict between Global Conservation and Native Peoples* 123.

773 Sien verder Fisher ea *Linking Conservation and Poverty Reduction: Landscapes, People and Power* 19.

774 Adams *Against Extinction: The Story of Conservation* 112.

775 Fabricius "The Fundamentals of Community-Based Natural Resource Management" 9.

776 'n Bewarea word gevestig wanneer 'n groep vrywillige privaat grondeienaars gesamentlik na die bewaring van die biodiversiteit op hul onderskeie (meestal aangrensende) eiendomme streef. Sien Cape Nature *Bewareas in die Wes-Kaap* 1.

777 Fabricius "The Fundamentals of Community-Based Natural Resource Management" 9.

778 Fabricius en de Wet "The Influence of Forced Removals and Land Restitution on Conservation in South Africa" 145-147.

779 Agrawal en Gibson "Introduction: The Role of Community in Natural Resource Conservation" 5; Agrawal en Gibson 1999 *World Development* 632.

780 Sien ook Child "Introduction" 3.

die verskillende vorme van verwydering wat die gemeenskapslede ervaar.[781] Kritici bestempel die model ook as etnosentries, elitisties, ekologies uitgedien en feilbaar op die lange duur.[782] Volgens Jeanrenaud[783] het hierdie kritiek en tekortkominge tot die ontwikkeling van 'n nuwe paradigma binne die natuurbewaringskader bygedra.

Bewaringsgebiede is vandag steeds wêreldwyd 'n hoeksteen van natuurbewaringsinisiatiewe, maar gedurende die afgelope paar dekades het internasionale regsontwikkeling aanleiding gegee tot nuwe insig aangaande bestuursbenaderings.[784] Groter ruimte is vir inklusiewe benaderings en samewerkende bestuursbenaderings gelaat waar gemeenskappe as kernrolspelers en as eweknieë teenoor die regering in natuurbewaring beskou word.[785] Vervolgens word dié ontwikkeling van die nuwe paradigma binne die natuurbewaringskader kortliks van nader beskou.

3.2.2 'n Nuwe paradigma binne die natuurbewaringskader: gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring

'n Paradigmaskuif is sedert die 1980's in Suider-Afrika ondergaan waar die rol van gemeenskappe in natuurbewaring heroorweeg en opnuut beklemtoon is.[786] Die

---

781 Agrawal en Gibson "Introduction: The Role of Community in Natural Resource Conservation" 5; Agrawal en Gibson 1999 *World Development* 632; Stevens "Indigenous Peoples, Biocultural Diversity, and Protected Areas" 37-38.

782 Bell "Conservation with a Human Face: Conflict and Reconciliation in African Land Use Planning" 89; Colchester *Salvaging Nature: Indigenous Peoples, Protected Areas and Biodiversity Conservation* 5; Zimmerer 1994 *Annals of the Association of American Geographers* 109-110; Ghimire en Pimbert "Social Change and Conservation: An Overview of Issues and Concepts" 14-15.

783 Jeanrenaud *People-Oriented Approaches in global Conservation: Is the Leopard Changing its Spots?* 12.

784 Borgerhoff-Mulder en Coppolillo *Conservation: Linking Ecology, Economics, and Culture* 15; Wilshusen ea 2002 *Society and Natural Resources* 22; Paterson "Protected Areas" par 12.2.

785 Paterson "Protected Areas" par 12.2. Sien in die algemeen vir Sanderson en Bird "The New Politics of Protected Areas" 441-454; Brown 2003 *Global Ecology and Biogeography* 89-92; Nelson en Agrawal 2008 *Development and Change* 557-558; Kothari ea *Local Voices in Global Discussions: How Far Have International Conservation Policy and Practice Integrated Indigenous Peoples and Local Communities?*; McNeely "Partnerships for Conservation: An Introduction" 1-2; Machlis "Social Science and Protected Area Management: The Principles of Partnership" 45-46; Borrini-Feyerabend en Tarnowski "Participatory Democracy in Natural Resource Management: A 'Columbus's Egg'?" 1-2

786 Fisher ea *Linking Conservation and Poverty Reduction: Landscapes, People and Power* 20; Hutton, Adams en Murombedzi 2005 *Forum for Development Studies* 343-344; Adams en Hulme 2001 *Oryx* 193; Hulme en Murphree 1999 *Journal of International Development* 278; Van der Duim, Lamers en Van Wijk "Novel Institutional Arrangements for Tourism, Conservation and Development

heroorweging spruit vanuit beide empiriese sowel as teoretiese bevindings van kenners en regeringsinstansies wat bewys dat die doelwitte van natuurbewaring nie alleenlik deur die implementerig van die fort-natuurbewaringsmodel verwesenlik is nie.[787] Büscher en Dietz[788] skryf dat die fort-natuurbewaringsmodel aweregse opvattings rakende die beskerming van biodiversiteit vooropgestel het en dat die doelwitte van die model te midde van die ontluikende ontwikkelingsdiskoers onbereikbaar en selfs kontraproduktief is. Afrika-lande het boonop nie oor die institusionele kapasiteit of die morele regverdiging beskik om die drakoniese maatreëls af te dwing wat deur die fort-natuurbewaringsmodel vereis is nie.[789]

Te midde van reusebiodiversiteitsverliese, krimping van natuurlike habitats, die toenemende uitbreiding van landboubedrywighede en verstedeliking; is 'n nuwe, unieke, buigsame paradigma ontwikkel wat ten doel gestel het om die oënskynlik teenstrydige doelstellings van natuurbewaring en sosio-ekonomiese ontwikkeling met mekaar te versoen en terselfdertyd die onreg van die verlede te herstel.[790] Luidens Hutton, Adams en Murombedzi[791] is die ontwikkeling van die nuwe paradigma se op verskillende aannames gebaseer, naamlik dat:[792]

(a) gemeenskappe oor waardevolle eeue oue tradisionele kennis aangaande die werking van die natuur beskik;
(b) gemeenskapsdeelname regeringsgesentreerde bestuursbenaderings meer koste-effektief maak;
(c) gemeenskappe toegang tot finansiële en ander tasbare sosio-ekonomiese voordele kan geniet wat tot armoedeverligting kan bydra; en

---

in Eastern and Southern Africa" 2-3; Agrawal en Gibson 1999 *World Development* 630; Dressler ea 2010 *Environmental Conservation* 9.

787 Hulme en Murphree "Community Conservation in Africa: An Introduction" 1.

788 Büscher en Dietz 2005 *The Journal of Transdisciplinary Environmental Studies* 2.

789 Büscher en Dietz 2005 *The Journal of Transdisciplinary Environmental Studies* 2.

790 Babcock 2010 *Colorado Journal of International Environmental Law and Policy* 202, 206-207; Newmark en Hough 2000 *BioScience* 586; Kiss *Living with Wildlife: Wildlife Resource Management with Local Participation in Africa* 1.

791 Hutton, Adams en Murombedzi 2005 *Forum for Development Studies* 346.

792 Sien ook Brosius, Lowenhaupt-Tsing en Zerner 1998 *Society and Natural Resources* 158; Van der Duim, Lamers en Van Wijk "Novel Institutional Arrangements for Tourism, Conservation and Development in Eastern and Southern Africa" 2-3; Hughes en Flintan *Integrating Conservation and Development Experience: A Review and Bibliography of the ICDP Literature* 6; Campbell en Vianio-Mattila 2003 *Human Ecology* 421.

(d) konflik tussen gemeenskappe en wildspesies kan afneem en tot groter verdraagsaamheid jeens wildspesies kan lei, aangesien natuurbewaring voordele vir die gemeenskap inhou.

Dressler ea[793] beskryf die nuwe paradigma soos volg

> […] the emphasis has moved from the top to the bottom, from the center to the periphery, from the elite to the poor, and from the urban to the rural […] Academics and practitioners now emphasised that because local people already used, relied on and managed natural resources, they were most suited to conserve them, though with extra-local support. They set out to work with local resource users and traditional management in common property systems to ensure conservation met [both] local livelihood aspirations and scientific objectives. The agenda [for the new paradigm] had been set.

Western en Wright[794] bied 'n verdere beskrywing:

> [It] reverses top-down, center-driven conservation by focusing on the people who bear the costs of conservation. In the broadest sense, then, [it] includes natural resources or biodiversity protection by, for, and with the local community […] The deeper agenda, for most conservationists, is to make nature and natural products meaningful to rural communities. As far as local communities are concerned, the agenda is to regain control over natural resources and, through conservation practices, improve their economic well-being.

Die nuwe paradigma, ook bekend as gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring,[795] benadruk dat gemeenskappe kernrolspelers op voetsoolvlak in natuurbewaring is en dat hul aktiewe deelname aan die besluitnemings- en bestuursproses aangemoedig moet word.[796] Hierdie beskrywings dui aan dat uiteenlopende klemverskuiwings binne die bestuurstruktuur van natuurbewaring plaasgevind het. Gemeenskappe is as die mees aangewese rolspelers geïdentifiseer om daagliks op voetsoolvlak die omgewing te monitor en te bestuur, juis vanweë hul ideale ligging, noue daaglikse afhanklikheid van natuurlike hulpbronne en gevestigde tradisionele kennis.[797] Op grond hiervan is 'n nuwe agenda vir natuurbewaring vasgestel waar kenners in samewerking met

---

793 Dressler ea 2010 *Environmental Conservation* 7.

794 Western en Wright "The Background to Community-Based Conservation" 7.

795 Die nuwe paradigma het vele benamings, maar "gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring" word vir die doeleindes van hierdie proefskrif gebruik. Sien 3.3.2.3 en 3.3.2.4 van die proefskrif.

796 Adams en Hulme "Conservation and Community: Changing Narratives, Policies and Practices in African Conservation" 12; Hutton, Adams en Murombedzi 2005 *Forum for Development Studies* 342.

797 Dressler ea 2010 *Environmental Conservation* 7; Western en Wright "The Background to Community-Based Conservation" 7.

gemeenskappe poog om wetenskaplik geformuleerde natuurbewaringsbeginsels en terselfdertyd gemeenskappe se lewensonderhoudende behoeftes en doelwitte te handhaaf. Gemeenskapsdeelname word in die reine gebring deur die ontwikkeling van belynde wetgewing, beleid en ooreenkomste waar magte, verantwoordelikhede en regte in eiendom[798] formeel aan gemeenskappe oorgedra word.[799] Gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring trag verder om 'n lewensvatbare aansporingstruktuur te vestig wat gemeenskappe aanmoedig om biodiversiteit te bewaar en volhoubaar te verbruik.[800] Ingevolge die aansporingstruktuur word ekonomiese waarde aan biodiversiteitskomponente geheg en sekere voordele aan die gemeenskap gebied in ruil vir hul deelname aan die natuurbewaringsinisiatief, deur byvoorbeeld volhoubare verbruik toe te pas en die bereidwilligheid om daagliks

---

798 Wat die begrip "eiendomsreg" betref, sê Badenhorst, Pienaar en Mostert *Silberberg and Schoeman's The Law of Property* 1-2. dat "[t]he use of the word "property" in law is complicated by a variety of factors." Sien ook 3.2.2 van die proefskrif. Laasgenoemde skrywers stel verder dat die term "eiendom" verskeie ingewikkelde regsverhoudings tussen verskillende belanghebbendes (of partye) en regsobjekte (wat in meeste gevalle as "sake" geklassifiseer kan word) kan aandui. Die regsverhoudings is op beskerming deur 'n oppergesag (soos bv. die *Grondwet* van 'n land) gebaseer wat spesifieke regte en verantwoordelikhede tussen die regering, belanghebbendes en die betrokke sake erken. (Dit sluit bv. besit en beheer van eiendom in – anders gestel: regte in eiendom.) Die begrip verteenwoordig verskillende konsepte vir verskillende partye, naamlik eiendom, grond, eienaarskap en verskeie soorte regte. Dit is 'n Westerse konsep, gesetel in die gemenereg met 'n gekompliseerde geskiedenis, waar onderskeie regstelsels se interpretasie daarvan verskil. Kommunale eiendomsreg is bv. deur kolonialisme beïnvloed – of in die geval van Suid-Afrika, deur beide kolonialisme sowel as die segregasiestelsel. Mense is deur grense ingeperk en van eiendomsreg in grond ontneem. Nuwe reëls wat die toegang tot en gebruik van grond bepaal het, is neergelê wat ook 'n beduidende invloed op natuurlike hulpbronne uitgeoefen het. Sien Pienaar *Land Reform* 3-11, 378-384. Murphree *Communities as Resource Management Institutions* 11 stel dit soos volg "[f]or most of the rural populations of southern Africa the communal context is the context of life and will be so for the foreseeable future. People live on state land, not private land, and in conditions where the state is incapable of sustainable resource management and local inhabitants have neither the motivation nor the authority to sustainably manage resources themselves. The mischief arises from a fundamental misconception which equates the communal context with the communal property regime. The communal contexts created by colonialism are not communal property regimes, since they have been stripped of the necessary entitlements required. The evidence is that communities can become effective institutions for sustainable resource management, but only if they are granted genuine proprietorship, that is, the right to use resources, determine the mode of usage, benefit fully from their use, determine the distribution of such benefits and determine rules of access. Any policy which excludes these components will frustrate the goal of making communities effective institutions for resource management." Vir die doeleindes van hierdie proefskrif word die term "regte in eiendom" gebruik om die meerdimensionaliteit van die begrip "eiendomsreg" te akkommodeer. Sien verder die verduideliking van "regte in eiendom" in Engelbrecht *Die Begrip "Regte in Eiendom" in artikel 28(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993* 12-17.

799 Babcock 2010 *Colorado Journal of International Environmental Law and Policy* 202-203.

800 Babcock 2010 *Colorado Journal of International Environmental Law and Policy* 202.

verdraagsaam te wees teenoor wildspesies se teenwoordigheid (spesifiek met verwysing na die potensiële risiko's en skade wat dit inhou) binne die gebied waar die gemeenskappe leef en woon.[801] Anders gestel, moet biodiversiteitskomponente ekonomiese waarde dra en voordeel vir gemeenskappe inhou ten einde die bewaring daarvan te prioritiseer.[802] Indien die ekonomiese waarde wat biodiversiteitskomponente dra, nie genoegsame voordeel vir gemeenskappe inhou om natuurbewaring as prioriteit te verklaar nie, sal die gemeenskappe hul vaardighede en tyd vir ander gebruike van die gebied, soos onder andere landbouontwikkeling, inspan wat op die oog af vir hulle meer onmiddellike voordeel inhou en minder kostes verg.[803]Derhalwe is die volgende kernkomponente van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring geïdentifiseer:



Figuur 7: Kernkomponente van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring[804]

---

801 Emerton "The Nature of Benefits and the Benefits of Nature: Why Wildlife Conservation has not Economically Benefited Communities in Africa" 209-213; Emerton *The Nature of Benefits and the Benefits of Nature: Why Wildlife Conservation Has Not Economically Benefitted Communities in Africa* 4, 6-7.

802 Kiss "Making Biodiversity Conservation a Land-Use Priority" 101, 119.

803 Kiss *Living with Wildlife: Wildlife Resource Management with Local Participation in Africa* 6; Kiss "Making Biodiversity Conservation a Land-Use Priority" 101, 119.

804 Figuur 7 is verwerk, aangepas en gebaseer op die bydraes van Hulme en Murphree 1999 *Journal of International Development* 278-280; Kellert ea 2000 *Society and Natural Resources* 706; Armitage 2005 *Environmental Management* 704; Child en Barnes 2010 *Environmental Conservation* 284; Hackel 1999 *Conservation Biology* 727.

Verskillende ontwikkelinge het as katalisators vir hierdie paradigmaskuif gedien en tot die populariteit daarvan bygedra.[805] Die verskillende ontwikkelinge het oor die afgelope paar dekades vir diepgang binne internasionale debatte oor die deelname van gemeenskappe in natuurbewaring gesorg.[806] Vervolgens word onder meer twaalf ontwikkelinge kursories bespreek.

(a) Die internasionale menseregtediskoers

Die internasionale menseregtediskoers, meer spesifiek die erkenning van inheemse gemeenskappe[807] se regte met betrekking tot eiendom asook billike en regverdige

---

805 Sien Paterson *Bridging the Gap Between Conservation and Land Reform: Communally-Conserved Areas as a Tool for Managing South Africa's Natural Commons* 69-83; Paterson "Protected Areas" par 12.2.1; Hutton, Adams en Murombedzi 2005 *Forum for Development Studies* 344-345; Hulme en Murphree "Community Conservation in Africa: An Introduction" 1; Borrini-Feyerabend en Tarnowski "Participatory Democracy in Natural Resource Management: A 'Columbus's Egg'?" 70; Nelson "Introduction: The Politics of Natural Resource Governance in Africa" 4; Fabricius "The Fundamentals of Community-Based Natural Resource Management" 13-14; Nelson en Agrawal 2008 *Development and Change* 557-558; Roe ea *Evaluating Eden: Exploring the Myths and Realities of Community-Based Wildlife Management* 29-30; Kumar 2005 *Community Development Journal* 278.

806 Borrini-Feyerabend en Tarnowski "Participatory Democracy in Natural Resource Management: A 'Columbus's Egg'?" 70.

807 Daar bestaan nie tans 'n universeel aanvaarde definisie van "inheemse gemeenskap" nie. A 1(a)-(b) van die *International Labour Organisation Indigenous and Tribal Peoples Convention* (1989) bied wel kriteria om hierdie gemeenskappe te identifiseer. Ingevolge a 1(b) is "inheemse gemeenskappe" (anders gestel: "indigenous peoples") afstammelinge van die populasies wat die land of geografiese gebied reeds ten tyde van verowering, kolonisasie of grensvestiging bewoon het en meestal hul eie sosiale, ekonomiese, kulturele en politieke instellings behou en handhaaf. Ingevolge a 1(a) onderskei "stamgemeenskappe" (anders gestel: "tribal peoples") se sosiale, kulturele en ekonomiese gesteldheid hulle van ander gemeenskappe en word hul status volkome of gedeeltelik deur hul gewoontes en tradisies vasgestel. In beide gevalle is selfidentifisering met die gemeenskap die enigste subjektiewe kenmerk. Die onderskeid word getref aangesien nie alle stamgemeenskappe aan die kriteria van inheemse gemeenskappe voldoen nie, maar hulle leef binne dieselfde of soortgelyke omstandighede en dienooreenkomstig word die terme in baie gevalle gelykwaardig gebruik. Sien United Nations Secretariat of the Permanent Forum on Indigenous Issues *The Concept of Indigenous Peoples: Background Paper* par 6. Dit blyk dat die term "inheemse gemeenskappe" binne die bestek van die Verenigde Nasies as 'n generiese term met 'n wye interpretasie gebruik word wat onder andere "stamgemeenskappe", "eerste inwoners", "outochtone rasse", "tradisionele gemeenskappe" en "etniese groepe" insluit. United Nations Permanent Forum on Indigenous Issues *Indigenous Peoples, Indigenous Voices: Fact Sheet* 2. Cobo *Study of the Problem of Discrimination Against Indigenous Populations* par 379-382 bevat 'n populêre beskrywing van "inheemse gemeenskappe" soos geformuleer deur die destydse spesiale rapporteur van die *Sub-Commission on Prevention of Discrimination and Protection of Minorities*. Volgens die beskrywing is die volgende kenmerke van inheemse gemeenskappe waarneembaar: (a) hulle is in 'n ononderbroke historiese verbintenis met populasies wat die land voor inname of kolonisasie bewoon het; (b) hulle onderskei hulself van ander wat tans ook in die geografiese gebied of land woonagtig is; (c) hulle vorm tans 'n minderheidsgroep; en (d) hulle is daarop gesteld om hul voorouergebiede en etniese identiteit te onderhou en aan toekomstige geslagte oor te dra ten einde hul voortbestaan te verseker. Die beskrywing bepaal verder dat die ononderbroke

toegang tot en verbruik van natuurlike hulpbronne, is die eerste ontwikkeling wat tot die paradigmaskuif binne die natuurbewaringskader bygedra het.[808] Hierdie neiging het internasionale omgewingsorganisasies genoodsaak om die onderliggende verbande tussen natuurbewaring, natuurlike hulpbronbestuur en inheemse gemeenskappe se uitgebereide belange of potensiële bydraes tot die beskerming daarvan uit te wys en te erken.[809] Die mees kontemporêre en omvattendste verklaring van internasionale voornemens en verwagtinge aangaande die onderwerp is in die *United Nations Declaration on the Rights of Indigenous Peoples* (2007)[810] vervat. Ander internasionale instrumente, beleide en riglyne wat van belang is, is die *Universal*

---

historiese verbintenis (soos vooraf genoem in (a)) deur een of meer van die volgende faktore voortgesit word, naamlik: (a) om voorouergebiede, of ten minste van 'n deel daarvan, te bewoon; (b) gemeenskaplike voorouers; (c) kultuur- of godsdiensbeoefening; (d) taal; (e) sekere woonplekke in 'n land in ander streke van die wêreld; en (f) enige ander relevante faktore. Vanweë die gebrek aan 'n internasionale definisie, berus die Verenigde Nasies eerder by 'n kontemporêre interpretasie van die begrip wat op die volgende eienskappe gebaseer is: (a) individuele self-identifikasie en aanvaarding van die individu deur die volk; (b) 'n ononderbroke historiese verbintenis met populasies wat die land voor inname of kolonisasie bewoon het; (c) sterk verbintenis met die gebied en die natuurlike hulpbronne daarin; (d) eiesoortige sosiale, ekonomiese en politieke stelsels; (e) idiosinkratiese taal, kultuur en oortuigings; (f) vorm 'n minderheidsgroep in die gemeenskap; en (g) gesteld op die handhawing van hul voorouergebiede en stelsels. United Nations Permanent Forum on Indigenous Issues *Indigenous Peoples, Indigenous Voices: Fact Sheet* 1. Volgens die African Commission on Human and Peoples' Rights en International Work Group for Indigenous Affairs *Indigenous Peoples in Africa: The Forgotten Peoples? The African Commission's Work on Indigenous Peoples in Africa* 9-11 word inheemse gemeenskappe in Afrika aan vier kenmerke uitgeken naamlik: marginalisering, diskriminasie, kulturele bedreiging en selfidentifikasie. Suid-Afrika se inheemse gemeenskappe staan byvoorbeeld gesamentlik as die Khoisan bekend wat in die San en Khoekhoe verdeel word. Die San sluit die Khomani San (Kalahari), Khwe en Xun (Platfontein, Noord-Kaap) in, terwyl die Khoekhoe die Nama (Noord-Kaap), Kora (Vrystaat), Griekwa (Wes-Kaap, Oos-Kaap, Noord-Kaap, Vrystaat en KwaZulu-Natal) en die Kaapse Khoekhoe (Wes-Kaap, Oos-Kaap, Gauteng en Vrystaat) insluit. Jansen "South Africa" 521. Inheemse gemeenskappe word van plaaslike gemeenskappe onderskei. "Plaaslike gemeenskappe" voldoen nie aan die kriteria wat vir inheemse gemeenskappe gestel is nie en verwys bloot na mense wat ná die inheemse gemeenskappe in 'n land aangekom het, wat van verskillende oorspronge spruit, wat saam in 'n gegewe omgewing woon en gedeelde uiteenlopende belange daarin het. Sien in die algemeen Sanders 1999 *International Journal of Cultural Property* 4-13. 'n Meer omvattende definisie en bespreking van inheemse gemeenskappe teenoor plaaslike gemeenskappe val buite die bestek van hierdie proefskrif. Vir die doeleindes van hierdie proefskrif verwys "gemeenskappe" na beide inheemse gemeenskappe sowel as plaaslike gemeenskappe. Sien *Report of the Expert Group Meeting of Local Community Representatives within the Context of Article 8(j) and Related Provisions of the Convention on Biological Diversity* (UNEP/CBD/WG8J/7/8/Add.1 4 September 2011) bylaag 1 Item I(a)-(x).

808 Paterson *Bridging the Gap Between Conservation and Land Reform: Communally-Conserved Areas as a Tool for Managing South Africa's Natural Commons* 70-75; Paterson "Protected Areas" 12.2.1.

809 Sien in die algemeen Kothari ea *Local Voices in Global Discussions: How Far Have International Conservation Policy and Practice Integrated Indigenous Peoples and Local Communities?*; Kothari 2007 *Parks* 23-34; Kothari, Camill en Brown 2013 *Conservation and Society* 1-15.

810 Sien aa 8, 18-20, 24-29, 31-32 en 35 van die *United Nations Declaration on the Rights of Indigenous Peoples* (2007).

Declaration of Human Rights (1948);[811] die *International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights* (1966),[812] die *Convention on Biological Diversity* (1992),[813] die *IUCN/WCPA/WWF Principles and Guidelines on Indigenous and Traditional Peoples and Protected Areas*: *Joint Policy Statement* (1996), en die *IUCN Policy on Social Equity in Conservation and Sustainable Use* (2000).[814]

---

811 Die *Universal Declaration of Human Rights* (1948) is 'n mylpaal in die erkenning van menseregte, aangesien dit die eerste internasionale standaard vir die beskerming van spesifieke menseregte daarstel.

812 Sien aa 1 en 11 van die *International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights* (1966) wat oor die reg op selfbeskikking en 'n toereikende lewenstandaard handel.

813 Artikels 8(j), 10(c)-(d) en 11 van die *Convention on Biological Diversity* (1992) erken die waarde van tradisionele kennis en gebruike in die bewaring van biodiversiteit en moedig dienooreenkomstig partye aan om die nodige beskerming, ondersteuning en voordele aan inheemse en plaaslike gemeenskappe te bied vir hul bydrae en innovasie met betrekking tot natuurbewaring en die volhoubare verbruik van natuurlike hulpbronne. Borrini-Feyerabend en Tarnowski "Participatory Democracy in Natural Resource Management: A 'Columbus's Egg'?" 70; Potvin ea "The Role of Indigenous Peoples in Conservation Actions: A Case Study on Cultural Differences and Conservation Priorities" 162-164. Tydens die tiende Konferensie van die Partye van die *Convention on Biological Diversity* gehou gedurende 2010 te Japan is waargeneem dat beperkte betrokkenheid van plaaslike gemeenskappe in oorleg met die bepalings van a 8(j) van die *Convention on Biological Diversity* (1992) bestaan. Sien Besluit X/43 *Adopted by the Conference of the Parties to the Convention on Biological Diversity at its Tenth Meeting: Multi-year Programme of Work on the Implementation of Article 8(j) and Related Provisions of the Convention on Biological Diversity* (UNEP/CBD/COP/DEC/X/43 29 Oktober 2010) par 21. Gedurende 2011 is 'n *ad hoc* deskundige paneel deur die sekretariaat saamgeroep (waarop Suid-Afrikaanse verteenwoordigers gedien het) om algemene kenmerke van plaaslike gemeenskappe te identifiseer asook wyses waarop plaaslike gemeenskappe 'n groter mate van betrokkenheid kan geniet te ondersoek. Vier-en-twintig kenmerke van plaaslike gemeenskappe is geïdentifiseer. *Report of the Expert Group Meeting of Local Community Representatives within the Context of Article 8(j) and Related Provisions of the Convention on Biological Diversity* (UNEP/CBD/WG8J/7/8/Add.1 4 September 2011) bylaag 1 Item I(a)-(x).

814 Die *IUCN/WCPA/WWF Principles and Guidelines on Indigenous and Traditional Peoples and Protected Areas: Joint Policy Statement* (1996) en die *IUCN Policy on Social Equity in Conservation and Sustainable Use* (2000) lig gesamentlik die belang van inheemse en tradisionele gemeenskappe se deelname aan die bestuur van bewaringsgebiede asook hul rol in natuurbewaring en natuurlike hulpbronbestuur uit. Die beleidsdokumente beklemtoon verder dat inheemse en tradisionele gemeenskappe se regte met betrekking tot eiendom asook toegang tot en verbruik van natuurlike hulpbronne gerespekteer moet word. Die *IUCN/WCPA/WWF Principles and Guidelines on Indigenous and Traditional Peoples and Protected Areas*: *Joint Policy Statement* (1996) bevat vyf breë beginsels (vergesel deur dienooreenkomstige riglyne) wat as 'n leidinggewende raamwerk vir regerings dien om nasionale wetgewing en beleide saam te stel vir die bestuur van bewaringsgebiede in samewerking met inheemse en ander tradisionele gemeenskappe wat aanliggend en binne bewaringsgebiede woon. Die *IUCN Policy on Social Equity in Conservation and Sustainable Use* (2000) identifiseer ses terreine, onder andere inheemse en tradisionele gemeenskappe, waar kwessies aangaande sosiale billikheid bestaan en deurslaggewende aandag verlang. Die IUCN onderneem om inheemse gemeenskappe se kennis en waardes te respekteer; hul regte, unieke identiteit, gewoontes, tradisies en tradisionele instellings te erken, en hulle in besluitneming aangaande grond, natuurlike hulpbronbestuur en natuurbewaring te ondersteun. Sien ook Paterson "Protected Areas" 12.2.1; Beltrán *Indigenous and Traditional Peoples and Protected Areas: Principles, Guidelines and Case Studies* vii-17.

(b) Die internasionale begripsformulering van volhoubare verbruik

Die tweede ontwikkeling, gedeeltelik gepaardgaande met die voorafgaande ontwikkeling, is die internasionale begripsformulering van volhoubare verbruik (van biodiversiteitskomponente).[815] Die *Convention on Biological Diversity* (1992), wat volhoubare verbruik as 'n doelwit stel, definieer "volhoubare verbruik" as die verbruik van biodiversiteitskomponente[816] volgens 'n bepaalde manier en teen 'n tempo wat nie tot die langtermyn-afname daarvan lei nie, ten einde aan die behoeftes en aspirasies van hedendaagse sowel as toekomstige geslagte te voldoen.[817] Rosenberg ea[818] beskryf volhoubare verbruik as 'n algemeen aanvaarde doelwit van natuurlike hulpbronbestuur. Sedert die vroeë 1990's is noemenswaardige pogings aangewend om 'n regsgeldende norm vir natuurlikehulpbronverbruik vas te stel.[819] Dinamiese ontwikkeling, in die vorm van uiteenlopende IUCN-resolusies en aanbevelings,[820] het in hierdie veld na vore gekom in aanloop tot die aanname van die *IUCN Policy Statement on Sustainable Use of Wild Living Resources* (2000).[821] Die IUCN het verdere reaksies vanaf CITES asook die CBD ontlok.[822] Die CITES erken tydens die agste Konferensie van die Partye in 1992 dat

---

815 Paterson "Protected Areas" 12.2.1.

816 Volgens a 2 van die *Convention on Biological Diversity* (1992) sluit "biodiversiteitskomponente" genetiese materiaal, populasies, wildspesies, gemeenskappe, ekostelsels en habitats in. Sien die definisies van "biological diversity" en "biological resources".

817 Artikel 1 en 2 van die *Convention on Biological Diversity* (1992). Volgens a 1 van die *Convention on Biological Diversity* (1992) is volhoubare verbruik een van die konvensie se doelwitte tesame met die bewaring van biologiese diversiteit en die billike en regverdige verdeling van voordele wat spruit vanuit genetiese hulpbronne.

818 Rosenberg ea 1993 *Science* 828.

819 Gillespie *Conservation, Biodiversity and International Law* 142.

820 Sien onder andere Resolution 18.24 "Conservation of Wildlife through Wise Use as a Renewable Natural Resource" 18th Session of the General Assembly of the IUCN (1990); Recommendation 19.21 "Indigenous People and the Sustainable Use of Natural Resources" 19th Session of the General Assembly of the IUCN (1994); Resolution 19.20 " IUCN Action on Indigenous People and the Sustainable Use of Natural Resources" 19th Session of the General Assembly of the IUCN (1994); Recommendation 19.54 "Sustainability of Non-consumptive and Consumptive Uses of Wild Species" 19th Session of the General Assembly of the IUCN (1994); Resolution 1.39 "Sustainable Use Initiative" 1st Session of the World Conservation Congress of the IUCN (1996); Recommendation 2.92 "Indigenous Peoples, Sustainable use of Natural Resources, and International Trade" 2nd Session of the World Conservation Congress of the IUCN (2000); Resolution 4.13 "Sustainable Use and Accountability" 4th Session of the World Conservation Congress of the IUCN (2008).

821 Resolution 2.29 "IUCN Policy Statement on Sustainable Use of Wild Living Resources" (2000) 2nd Session of the World Conservation Congress of the IUCN (2000).

822 Gillespie *Conservation, Biodiversity and International Law* 144.

> [...] the sustainable use of wild fauna and flora, whether consumptive or nonconsumptive, provides an economically competitive land-use option; [and] that unless conservation programmes take into account the needs of local people and provide incentives for sustainable use of wild fauna and flora, conversion to alternative forms of land use may occur […]

Die CITES-partye erken dat die vestiging van natuurbewaringsinisiatiewe as 'n alternatiewe grondgebruik (byvoorbeeld teenoor landboupraktyke), die volhoubare verbruik van biodiversiteitskomponente, die uiteenlopende voordele wat natuurbewaring en volhoubare verbruik inhou en die vervulling van gemeenskappe se daaglikse basiese behoeftes, in 'n noue verbintenis met mekaar vervleg is. Tensy beleidmakers daarna streef om dié komplekse balans te handhaaf, sal gemeenskappe hulself tot onvolhoubare verbruik van biodiversiteitskomponente, wildmisdaad en ander opsies vir grondgebruik wend wat hul daaglikse basiese behoeftes bevredig en op die oog af meer onmiddellike voordele inhou.[823] Tydens die vyfde Konferensie van die Partye van die CBD in 2000 is volhoubare verbruik as 'n multidimensionele aangeleentheid verklaar wat internasionale prioritisering verlang.[824] Die verklaring het tot 'n reeks werkswinkels gelei wat op die bevindinge in die *Addis Ababa Principles and Guidelines for the Sustainable Use of Biodiversity* (2004) uitgeloop het.[825] Die internasionale dialoog oor volhoubare verbruik van biodiversiteitskomponente het 'n kopskuif rakende die rol en belang van inheemse volke en gemeenskappe in natuurbewaring en natuurlike hulpbronbestuur veroorsaak.[826] Meer spesifiek beklemtoon die kopskuif aspekte soos die billike toegang tot natuurlike hulpbronne; ontsag vir tradisionele kennis, inheemse innovasie en praktyke; regverdige verdeling van voordele wat vanuit genetiese hulpbronne spruit; en die inkorporering van inheemse volke en gemeenskappe in natuurbewaring en natuurlike hulpbronbestuur,

---

823 Sien bv. Mutandwa en Gadzirayi 2007 *The International Journal of Sustainable Development and World Ecology*

824 Decision V/24 " Sustainable Use as a Cross-Cutting Issue" 5th Meeting of the Conference of the Parties to the Convention on Biological Diversity (2000).

825 Decision VI/13 " Sustainable Use" 6th Meeting of the Conference of the Parties to the Convention on Biological Diversity (2002); Resolution 3.74 "Implementing the Addis Ababa Principles and Guidelines for the Sustainable Use of Biodiversity" 3rd Session of the World Conservation Congress of the IUCN (2004). Die riglyne en beginsels is ontwikkel om aan regerings, inheemse volke en plaaslike gemeenskappe, die privaat sektor en enige ander belanghebbende partye leiding te bied aan die hand van praktiese beginsels, operasionele riglyne en implementeringsinstrumente met betrekking tot aangeleenthede rakende die volhoubare verbruik van natuurlike hulpbronne. *Addis Ababa Principles and Guidelines for the Sustainable Use of Biodiversity* (2004) par 1.

826 Paterson "Protected Areas" 12.2.1.

asook intergenerasiebillikheid.[827] Volhoubare verbruik van biodiversiteitskomponente is bestempel as 'n waardevolle manier om deelname aan natuurbewaring en natuurlike hulpbronbestuur onder inheemse volke en gemeenskappe te bevorder aangesien die belofte en vooruitsig van tasbare sosio-ekonomiese voordele hulle aanspoor om daaraan deel te neem.[828]

(c) Die ontwikkeling van die ekostelselbenadering

Die derde ontwikkeling spruit vanuit die oorgang vanaf 'n *ad hoc* en reduksionistiese denkrigting[829] tot die van 'n geïntegreerde ekostelsel waar die mens nie in isolasie funksioneer nie, maar eerder 'n integrale komponent binne 'n ekostelsel is.[830] Tydens die vyfde byeenkoms van die Konferensie van die Partye tot die *Convention on Biological Diversity* gedurende 2000 is die ekostelselbenadering beskryf en is daar op twaalf beginsels vir die implementering daarvan ooreengekom.[831] Gedurende die voorgenoemde byeenkoms is besluit dat biologiese diversiteit aan die hand van 'n aanpasbare bestuursbenadering bestuur moet word wat op die jongste beskikbare wetenskaplike kennis gebaseer is en boonop die kritieke rol van kulturele diversiteit daarin erken.[832] Die ekostelselbenadering word gedefinieer as 'n wetenskaplik-gebaseerde en geïntegreerde bestuurstrategie vir natuurlike hulpbronne wat op die

---

827 Paterson "Protected Areas" 12.2.1.

828 *Addis Ababa Principles and Guidelines for the Sustainable Use of Biodiversity* (2004) par 2.

829 'n Wetenskaplike denkrigting waarvolgens komplekse prosesse en konsepte aan die hand van hul eenvoudigste, mees fundamentele of geheelvormende onderdele verklaar word.

830 Paterson "Protected Areas" 12.2.1; Gillespie *Conservation, Biodiversity and International Law* 483; Decision V/6 "Ecosystem Approach" 5th Meeting of the Conference of the Parties to the Convention on Biological Diversity (2000) par 2; Berkes 2004 *Conservation Biology* 622.

831 Decision V/6 "Ecosystem Approach" 5th Meeting of the Conference of the Parties to the Convention on Biological Diversity (2000) par 6. Die *Plan of Implementation of the World Summit on Sustainable Development* (2002) onderskryf ook die breë implementering en uitbreiding van die ekostelselbenadering. Die *Johannesburg Declaration on Sustainable Development* is tydens die *World Summit on Sustainable Development* (2002) (ook bekend as die *Earth Summit*)) aangeneem. Gedurende die geleentheid het die partye ook op die *Plan of Implementation of the World Summit on Sustainable Development* ooreengekom. Sien Verenigde Nasies *World Summit on Sustainable Development: Johannesburg Declaration on Sustainable Development* (2002); Verenigde Nasies *World Summit on Sustainable Development: Plan of Implementation of the World Summit on Sustainable Development* (2002) par 44(e). Meer onlangs is die ekostelselbenadering as 'n waardevolle normatiewe raamwerk bestempel wat breër sistematiese implementering van partye vereis om sosiale, ekonomiese, kulturele en omgewingsfaktore binne 'n spesifieke land met mekaar te versoen. Sien Decision IX/7 "Ecosystem Approach" 9th Meeting of the Conference of the Parties to the Convention on Biological Diversity (2008) par a-e.

832 Decision V/6 "Ecosystem Approach" 5th Meeting of the Conference of the Parties to the Convention on Biological Diversity (2000) par 4 en 6.

intrinsieke struktuur, prosesse, funksies en interaksies tussen die ekostelsel se komponente fokus en dienooreenkomstig natuurbewaring en volhoubare verbruik vooropstel.[833] Die ekostelselbenadering verwerp nie ander bestuursbenaderings (onder andere die fort-natuurbewaringsmodel wat op bewaringsgebiede geskoei is) nie, maar fasiliteer eerder die integrasie van verskillende bestuursbenaderings om komplekse omgewingsuitdagings meer effektief die hoof te bied.[834] Volgens die tweede beginsel van die geïdentifiseerde beginsels kan die belange van gemeenskappe deur middel van die desentralisasie van omgewingsbestuur opgehef word.[835] Ter verheldering bepaal die tweede beginsel verder dat die bestuur van 'n ekostelsel op voetsoolvlak die verantwoordelikheid, eienaarskapsmoontlikhede, aanspreeklikheid, deelname en implementering van plaaslike kennis uitbrei en verhoog.[836] Brunnée en Toope[837] stel dit anders:

> Simply put, an 'ecosystem approach' requires consideration of whole systems rather than individual components. Living species and their physical environments must be recognised as interconnected, and the focus must be on the interaction between different sub-systems and their responses to stresses resulting from human activity. Not only does interconnectedness imply management approaches that are broad-based in a spatial sense; it requires as well that human interaction with and use of the environment respect the need for maintaining 'ecosystem integrity', in other words, the systems' capacity for self-organisation.

Die basiese elemente van die ekostelselbenadering is dus die erkenning van die mens as 'n onvervangbare komponent binne 'n ekostelsel, die kombinasie van die beste beskikbare wetenskaplike kennis tesame met gevestigde tradisionele en kulturele gewoontes in die bestuur van 'n ekostelsel, die holistiese bestuur van menslike aktiwiteite binne 'n ekostelsel wat poog om nie die integriteit of gesondheid van

---

833 Decision V/6 "Ecosystem Approach" 5th Meeting of the Conference of the Parties to the Convention on Biological Diversity (2000) par 1-2.

834 Decision V/6 "Ecosystem Approach" 5th Meeting of the Conference of the Parties to the Convention on Biological Diversity (2000) par A 5.

835 Decision V/6 "Ecosystem Approach" 5th Meeting of the Conference of the Parties to the Convention on Biological Diversity (2000) par 6.

836 Decision V/6 "Ecosystem Approach" 5th Meeting of the Conference of the Parties to the Convention on Biological Diversity (2000) par 6.

837 Brunnée en Toope 1997 *Yearbook of International Environmental Law* 55.

ekostelsels in gevaar te stel nie en die integrasie van verskillende bestuursbenaderings.[838]

(d) Die diskoers oor regte in eiendom

Vierdens het die uitbreiding van die diskoers oor regte in eiendom 'n noemenswaardige invloed op die nuwe paradigma binne natuurbewaring gehad.[839] Sedert die 1980's is die interpretasie van gemenegoed[840] verfyn wat die beskouing weerlê het dat gemenegoed altyd in 'n onomkeerbare tragedie van misbruik vasgevang is.[841] Innovasie binne die navorsingsveld van gemenegoed, oftewel die ontwikkeling van die gemene-eiendomsteorie,[842] staan al vir etlike jare aan die voorpunt van vooruitgang op die gebied.[843] Schlager en Ostrom[844] stel dat

---

838 Trouwborst 2009 *Review of European Community and International Environmental Law* 28. Sien verder in die algemeen Marauhn en Böhringer "An Ecosystem Approach to the Transboundary Protection of Biodiversity" 90-99; Craig en Jeffery "The Recognition and Enforcement of Indigenous Customary Law in Environmental Regimes and Natural Resource Management" 548; Bocking 1994 *Alternatives: Perspectives on Society and Environment* 12; Schneider en Kay 1994 *Alternatives: Perspectives on Society and Environment* 32; Paterson "Biological Diversity" 524.

839 Paterson "Protected Areas" par 12.2.1 stel dit soos volg: "[the] broad trend stems from shifts in the discourse of property rights scholars, which have debunked the conventional reliance on privatisation and state regulation as the only feasible solutions for managing common-pool resources…".

840 Die begrip "gemenegoed" is in 3.2.1 van die proefskrif gedefinieer. Hierdie navorsingsveld beskik oor spesifieke vakkundige terminologie wat vir akkuraatheidsdoeleindes vir hierdie gedeelte van die bespreking gebruik word.

841 Berge en Van Laerhoven 2011 *International Journal of the Commons* 162; Basu, Jongerden en Ruivenkamp 2017 *International Journal of the Commons* 148

842 Anders gestel: "common property theory".

843 Boggs *Community Power, Participation, Conflict and Development Choice: Community Wildlife Conservation in the Okavango Region of Northern Botswana* 9. Sien ook in die algemeen Van Laerhoven en Ostrom 2007 *International Journal of the Commons* 3-28; Schlager en Ostrom 1992 *Land Economics* 249. Volgens Araral 2014 *Environmental Science and Policy* 12-15 bestaan daar drie sogenaamde "navorsingsgenerasies" met betrekking tot gemenegoed wat hoofsaaklik deur die werke van Ostrom en haar kollegas aangewakker is. Die eerste navorsingsgenerasie het Hardin se teorie oor die tragedie van gemenegoed gekritiseer. Die tweede navorsingsgenerasie, wat deur Ostrom se ontwerpbeginsels van langdurige gemeenskapsinstellings vir die bestuur van gemenepoelhulpbronne (ook bekend as die "design principles for long-enduring common pool resource institutions") geïnspireer is, (sien Ostrom *Governing the Commons: The Evolution of Institutions for Collective Action* 90) het 'n internasionale navorsingagenda vir gemenegoed daargestel wat tot die ontwikkeling en formulering van uiteenlopende beginsels, veranderlikes en hipoteses gelei het. Die derde navorsingsgenerasie se werke is tans opkomend en handel oor verdere uitbreiding, toetsing en verfyning van bestaande konsepte, teoretiese raamwerke, modelle en procédés verbandhoudend tot gemenegoed. Sien verder Agrawal 2014 *Environmental Science and Policy* 87.

844 Schlager en Ostrom 1992 *Land Economics* 249.

> [p]olitical economists' understanding of property rights and the rules used to create and enforce property rights shape perceptions of resource degradation problems and the prescriptions recommended to solve such problems.

Gemene-eiendomsteorie verwys na interdissiplinêre empiriese navorsing binne die ekonomiese, politieke, historiese en sosiale wetenskappe wat handel oor alternatiewe vorme van eiendomsregstelsels en die interne reëls wat die voetsoolvlakbestuur van gemenegoed deur gemeenskapsinstellings bewerkstellig.[845] Navorsing oor hierdie teorie toon dat gemeenskappe al vir millennia gesamentlik gemenepoelhulpbronne suksesvol bestuur en dat gemeenskappe selfstandig gemeenskapsinstellings kan vorm wat heel waarskynlik meer suksesvol as die regering in dié bestuurstaak sal wees.[846]Die teorie identifiseer breë kriteria vir die totstandkoming en handhawing van suksesvolle langtermyngemeenskapsinstellings wat daarop toegespits is om gemenepoelhulpbronne[847] binne hul omliggende omgewing volhoubaar te bestuur.[848]

Gemenepoelhulpbronne is die benaming vir hulpbronne wat binne die openbare domein van gemenegoed voorkom.[849] Die grootte en unieke eienskappe van gemenepoelhulpbronne maak dit moeilik (duur, maar nie onmoontlik nie) om potensiële verbruikers van die verbruik van die hulpbron uit te sluit.[850] Die verbruik van gemenepoelhulpbronne deur een verbruiker beïnvloed die ander verbruikers deur potensiële hulpbronvoordele te laat afneem.[851] In sommige gevalle word 'n waninterpretasie geskep deur die term "gemene-eiendomshulpbronne"[852] in dieselfde

---

845 Pokrant "Common Property Theory" 63; Klooster "Common Property Theory" 317; Berge 2006 *Norsk Geografisk Tidsskrift - Norwegian Journal of Geography* 67; Agrawal en Benson 2011 *Environmental Conservation* 200.

846 Mansbridge 2014 *Environmental Science and Policy* 8; Ostrom ea 1999 *Science* 278.

847 Anders gestel: "common-pool resources". Sien 3.2.1 van die proefskrif. Sien Buck *The Global Commons: An Introduction* 5. Schlager en Ostrom 1992 *Land Economics* 249 bepaal dat "[s]uch usage leads to confusion in scientific study and policy analysis."

848 Pokrant "Common Property Theory" 63; Klooster "Common Property Theory" 317; Berge 2006 *Norsk Geografisk Tidsskrift - Norwegian Journal of Geography* 67.

849 Buck *The Global Commons: An Introduction* 5. Bv. die bome (gemenepoelhulpbron) binne 'n woud (gemenegoed); die visse (gemenepoelhulpbron) binne die oseaan; die water (gemenepoelhulpbron) van 'n besproeiingstelsel; die fauna en flora (gemenepoelhulpbronne) binne 'n ekostelsel. Sien ook 3.2.1 van die proefskrif.

850 Ostrom *Governing the Commons: The Evolution of Institutions for Collective Action* 30; Ostrom, Gardner en Walker *Rules, Games, and Common-Pool Resources* 6; Ostrom 2002 *Ambiente and Sociedade* 1.

851 Ostrom *Governing the Commons: The Evolution of Institutions for Collective Action* 30; Ostrom, Gardner en Walker *Rules, Games, and Common-Pool Resources* 6; Ostrom 2002 *Ambiente and Sociedade* 1.

852 Anders gestel: "common property resources".

konteks as "gemenepoelhulpbronne" te gebruik.[853] Schlager en Ostrom[854] bepaal dat die term "gemene-eiendomshulpbronne" soms onnadenkend gebruik word om te verwys na (a) publieke hulpbronne wat aan die regering behoort; (b) kommunale hulpbronne wat gesamentlik aan 'n gemeenskap behoort; of (c) hulpbronne wat aan niemand behoort nie. Die term word verkeerdelik as 'n sinoniem vir gemenepoelhulpbronne óf vryetoegang-hulpbronne gebruik, al is dit nie 'n ware konseptuele weerspieëling nie.[855] Gevolglik kom daar onbewustelik 'n sekere gevoel van wetteloosheid en misbruik na vore wanneer die term "gemene-eiendomshulpbronne" binne die verkeerde konteks gebruik word.[856] Rakende dié wangebruik van terme bepaal Schlager en Ostrom[857] dat "[s]uch usage leads to confusion in scientific study and policy analysis."Randall[858] meen dat kenners die gebruik van die term "gemene-eiendomshulpbronne" moet afskaf aangesien geen kontekstuele waarde daarmee verlore sal gaan nie, maar dat kenners eerder as gevolg van die afskaffing kontekstuele helderheid sal verkry. "Gemenepoelhulpbronne" is die aangewese term en verwys na hulpbronne wat aan enige eiendomsregstelsel onderhewig kan wees en aan uiteenlopende soorte regte verbind kan wees waaroor verskillende houers gelyktydig kan beskik.[859]

Deur middel van empiriese navorsing en in diepte literatuurstudies het Ostrom[860] en ander kundiges daarin geslaag om die foutiewe en oorvereenvoudigde aannames van Hardin se teorie[861] rakende die bestuur van gemenegoed te herroep en herformuleer.[862] Ostrom[863] maak die volgende waarneming:

---

853 Schlager en Ostrom 1992 *Land Economics* 249; Ostrom "Issues of Definition and Theory: Some Conclusions and Hypotheses" 604-605; Bromley "Closing Comments at the Conference on Common Property Resource Management" 595.

854 Schlager en Ostrom 1992 *Land Economics* 249.

855 Schlager en Ostrom 1992 *Land Economics* 249; Bromley "Closing Comments at the Conference on Common Property Resource Management" 595.

856 Ciriacy-Wantrup en Bishop 1975 *Natural Resources Journal* 714-716.

857 Schlager en Ostrom 1992 *Land Economics* 249.

858 Randall 1983 *Natural Resources Journal* 134.

859 Feeny ea 1990 *Human Ecology* 4; Ostrom ea 1999 *Science*278.

860 Elinor Ostrom is 'n Nobelpryswenner in Ekonomie en vooraanstaande konseptualiseerder van die gemene-eiendomsteorie.

861 Sien 3.2.1 van die proefskrif.

862 Ostrom *Governing the Commons: The Evolution of Institutions for Collective Action* 2. Sien verder Agrawal 2014 *Environmental Science and Policy* 86; Dietz, Ostrom en Stern 2003 *Science* 1907.

863 Ostrom *Governing the Commons: The Evolution of Institutions for Collective Action* 2.

> [s]ome scholarly articles about the "tragedy of the commons" recommend that "the state" control most natural resources to prevent their destruction; others recommend that privatising those resources will resolve the problem. What one can observe in the world, however, is that neither the state nor the [private] market is uniformly successful in enabling individuals to sustain long-term, productive use of natural resource systems. Further, communities of individuals have relied on institutions resembling neither the state nor the market to govern some resource systems with reasonable degrees of success over long periods of time.

Hardin[864] het regerings- en privaat eiendomsreg (nasionalisering en privatisering) as die enigste lewensvatbare eiendomsregstelsels beskou om die misbruik van gemenegoed teen te werk. Genasionaliseerde gemenegoed het egter die afgelope paar dekades deurlopend 'n afname in getalle en 'n toename in interne sowel as eksterne aanslae beleef, wat daarop dui dat nasionalisering nie 'n algehele oplossing vir die misbruik van gemenepoelhulpbronne bied nie.[865] Berkes[866] verduidelik dat indien die ekostelsels wat biodiversiteit onderhou eenvoudige stelsels was en indien die oprigting van bewaringsgebiede nie kontroversiële sosiale en politieke twispunte ontlok het nie, sou nasionalisering heel waarskynlik die beste oplossing vir natuurbewaring gebied het, maar helaas is die oplossing nie eenvoudig nie.[867] Wat privaat eiendomsregstelsels betref, word die ongegronde aanname gemaak dat aangesien alle besluitneming by een eienaar berus, gemenepoelhulpbronne outomaties suksesvol en volhoubaar bestuur sal word.[868] Ostrom, tesame met haar kollegas en ander akademici, het in teenstelling met Hardin se teorie[869] privaat en regeringseiendomsreg (nasionalisering en privatisering) aan die kaak gestel en begin om ander bestaande sowel as alternatiewe eiendomsregstelsels te ondersoek wat gemeenskappe se regte en verantwoordelikhede as kernrolspelers in natuurbewaring

---

864 Hardin 1968 *Science* 1244-1245.

865 Boggs *Community Power, Participation, Conflict and Development Choice: Community Wildlife Conservation in the Okavango Region of Northern Botswana* 9; Bromley en Cernea *The Management of Common Property Natural Resources: Some Conceptual and Operational Fallacies* 24-25.

866 Berkes 2007 *Proceedings of the National Academy of Sciences of the United States of America* 15188.

867 Sien ook in die algemeen Millennium Ecosystem Assessment *Ecosystems and Human Well-being: Biodiversity Synthesis* 18-19; Holt 2005 *Human Ecology* 199-215.

868 Grafton, Squires en Fox 2000 *Journal of Law and Economics* Bromley en Cernea *The Management of Common Property Natural Resources: Some Conceptual and Operational Fallacies* 20.

869 Sien 3.2.1 van die studie.

en natuurlike hulpbronbestuur erken.[870] 'n Deurslaggewende bevinding wat vanuit die gemene-eiendomsteorie na vore kom, is dat daar meer eiendomsregstelsels bestaan as wat Hardin destyds voorgestel het.[871] Idealisties gesproke word daar tussen vier basiese eiendomsregstelsels onderskei.[872] Prakties gesproke word gemenepoelhulpbronne in oorvleuelende en soms teenstrydige kombinasies van hierdie eiendomsregstelsels aangetref.[873] Berkes[874] bepaal dat die bewaring van biodiversiteit byvoorbeeld 'n veelvlakkige gemenegoedkwessie daarstel:

> Biodiversity is a *global commons* important for humanity as a whole, a *regional commons* important for ecotourism and other benefits, and a *local commons* that produces ecosystem services for human well-being at the community level.[875]

Weens dié veelvlakkigheid is die eienaarskap en bestuur van biodiversiteit kompleks.[876] Sommige biodiversiteit is genasionaliseer, ander is geprivatiseer en party word deur gemeenskappe besit en bestuur.[877] 'n Gevolg hiervan is dat verskillende rolspelers oor menigvuldige mededingende eise, regte en verantwoordelikhede ten opsigte van dieselfde biodiversiteit beskik.[878]

---

870 Sien in die algemeen Feeny ea 1990 *Human Ecology* 1-19; Ostrom ea 1999 *Science* 278-282; Ostrom 2002 *Ambiente and Sociedade* 1-21; Dietz, Ostrom en Stern 2003 *Science* 1907-1912; McKean *Common Property: What Is It, What Is It Good For, and What Makes It Work?*; Agrawal 2001 *World Development* 1649-1672; Berkes ea 1989 *Nature* 91-93; Burger en Gochfeld 1998 *Environment* 4-27; Basurto en Ostrom 2009 *Journal of Natural Resources Policy Research* 255-259; Berkes 2009 *Journal of Natural Resources Policy Research* 261-264; Fennell 2011 *International Journal of the Commons* 9-27; Basu, Jongerden en Ruivenkamp 2017 *International Journal of the Commons* 148.

871 Ostrom ea 1999 *Science* 278.

872 Feeny ea 1990 *Human Ecology* 4.

873 Feeny ea 1990 *Human Ecology* 4.

874 Berkes 2007 *Proceedings of the National Academy of Sciences of the United States of America* 15188.

875 Eie beklemtoning.

876 Berkes 2007 *Proceedings of the National Academy of Sciences of the United States of America* 15188.

877 Berkes 2007 *Proceedings of the National Academy of Sciences of the United States of America* 15188.

878 Berkes 2007 *Proceedings of the National Academy of Sciences of the United States of America* 15188.

Tabel 3: Onderskeid tussen basiese eiendomsregstelsels[879]

Eiendomsregstelsel	Beskrywing
Regeringseiendomsreg (nasionalisering)	Die regering beskik ten volle oor eienaarskap en beheer oor die gemenepoelhulpbron. Die regering neem alle besluite met betrekking tot die gemenepoelhulpbron. Individue en gemeenskappe kan moontlik onder toegewing van die regering toegang en verbruik van die gemenepoelhulpbron geniet. Regeringseiendomsreg mag in sommige gevalle met kommunale eiendomsreg oorvleuel waar ooreenkomste tussen die regering en 'n gemeenskap aangegaan word.
Privaat eiendomsreg (privatisering)	Eienaarskap oor die gemenepoelhulpbron berus regtens in 'n individu of nieregeringsorganisasie in sy/haar of hul privaat hoedanigheid. Die eienaar neem selfstandig alle besluite met betrekking tot die gemenepoelhulpbron. Die eiendomsreg oor die gemenepoelhulpbron word formeel deur die reg erken en afgedwing.
Kommunale eiendomsreg	'n Identifiseerbare groep individue of gemeenskap is die besitters, aanspraakmakers of gemagtigde verbruikers van die gemenepoelhulpbron. Die groep individue of gemeenskap is die houers van sekere regte, magte en verantwoordelikhede met betrekking tot die gemenepoelhulpbron. Die regte kan in sommige gevalle op tradisionele eienaarskap en gewoontereg berus. Soms word die regte en verantwoordelikhede van die gemeenskap ten opsigte van die gemenepoelhulpbron formeel erken. Die groep individue of gemeenskap kommunikeer onderling met mekaar en beskik oor 'n endogene gesag- en bestuurstelsel met duidelike interne reëls om gesamentlik die gemenepoelhulpbron volhoubaar te bestuur. Die gemeenskap beskik oor die kapasiteit en mag om buitestaanders uit te sluit met betrekking tot toegang en verbruik van die gemenepoelhulpbron.
Vrye-toegang-"stelsel"	Toegang tot die gemenepoelhulpbron is totaal ongereguleer en is oop vir gebruik deur enige individu. Geen (van die bogenoemde) eiendomsregstelsels is identifiseerbaar nie. Dit ontstaan vanweë die afwesigheid of verontagsaming van 'n gesag- en bestuurstelsel tussen verskillende gebruikers van die gemenepoelhulpbron.

879 Tabel 3 is verwerk, aangepas en gebaseer op die bydraes van Demsetz 1967 *American Economic Review* 354; Bromley en Cernea *The Management of Common Property Natural Resources: Some Conceptual and Operational Fallacies* 11-20; Feeny ea 1990 *Human Ecology* 4-5; Bromley 1989 *World Development* 872; Bromley 1991 *Journal of Environmental Economics and Management* 94; German en Keeler 2010 *International Journal of the Commons* 575.

Hardin se teorie is telkemale deur ander kenners gebruik om die nasionalisering of privatisering van gemenegoed te rasionaliseer en sodoende die bestaan en gebruik van kommunale eiendomsregstelsels in die skadu te stel.[880] Bromley en Cernea bepaal egter[881]

> [t]he Hardin-metaphor is not only socially and culturally simplistic, it is historically false. In practice, it deflects analytical attention away from the actual socio-organisational arrangements able to overcome resource degradation and make common property regimes viable. Planners with incomplete knowledge of tenurial differences and systems of customary rights may well attribute resource degradation to an assumed – but not necessarily existing – regime of "common property".

Die vernaamste kritiek is dat Hardin nie die tragedie van gemenegoed gedefinieer het nie, maar eerder die tragedie van vrye-toegang hulpbronne (anders gestel: "open access resources" óf *res nullius* óf *res omnium communes*).[882] Volgens Morin[883] is Hardin se gevolgtrekkings op stereotipiese idees rakende gemenegoed, eiendomsreg en gemeenskappe gegrond en dat dit op sy versuim dui om destyds deeglik ekonomiese, wetenskaplike, regskundige en antropologiese literatuur in sy navorsing te oorweeg. Gevolglik, oorwegend as gevolg van 'n tekort aan diepgaande kennis, is kommunale eiendomsregstelsels verkeerdelik as gelykstaande aan vrye-toegang-"stelsels" verklaar en as die uitsluitlike oorsaak van omgewingsagteruitgang bestempel.[884] Ostrom[885] lig die kernverskille tussen 'n kommunale eiendomsregstelsel en 'n Vrye-toegang-"stelsel"" uit deur te verwys na die basiese kenmerke van gemeenskappe binne kommunale eiendomsregstelsels.[886] Die gemeenskappe wat verbruikers van gemenepoelhulpbronne en aan 'n kommunale eiendomstelsel onderhewig is, organiseer hulself vrywilliglik, kommunikeer onderling, sluit bindende

---

880 Feeny ea 1990 *Human Ecology* 2-3.

881 Bromley en Cernea *The Management of Common Property Natural Resources: Some Conceptual and Operational Fallacies* 7.

882 Larson en Bromley 1990 *Journal of Development Economics* 239.

883 Morin 2018 *Theoretical Inquiries in Law* 560-561.

884 Bromley en Cernea *The Management of Common Property Natural Resources: Some Conceptual and Operational Fallacies* 7; Feeny ea 1990 *Human Ecology* 5; Bromley 1991 *Journal of Environmental Economics and Management* 92; McCay en Jentoft 1998 *Human Organisation* 21.

885 Ostrom *Governing the Commons: The Evolution of Institutions for Collective Action* 17.

886 Sien ook die bydrae van Ciriacy-Wantrup en Bishop 1975 *Natural Resources Journal* 713-715 wat die basiese beginsel stel naamlik "[c]ommon property is not 'everybody's property'."

ooreenkomste wat deur verskillende meganismes afdwingbaar is,[887] formuleer duidelike reëls, beskik oor relatiewe akkurate data rakende die betrokke gemenepoelhulpbron, monitor mekaar se optrede wedersyds en rapporteer enige oortredings waarna daar 'n stelsel in plek is om dispute te bemiddel en oortredings te veroordeel.[888] Dié kenmerke onderskei kommunale eiendomsregstelsels en 'n vrye-toegang-"stelsels" van mekaar en plaas gemeenskappe in 'n posisie om die "tragedie van vrye-toegang-hulpbronne" te oorwin.[889] Empiriese navorsing dui egter aan dat nie een van die bogenoemde eiendomsregstelsels voldoende is om gemenepoelhulpbronne te beskerm nie.[890] Elkeen ontbreek op sekere vlakke variërende elemente van effektiwiteit, billikheid en volhoubaarheid.[891]

Soos voorheen uitgelig, dra sekere aspekte tot die omstredenheid van die betrokke kwessie by: eerstens die feit dat gemenepoelhulpbronne terselfdertyd aan verskillende eiendomsregstelsels onderhewig mag wees; en tweedens dat verskillende houers oor verskillende eiendomsregte en verantwoordelikhede in 'n gemenepoelhulpbron kan beskik.[892] Kenners stel voor dat verskillende "bondels" eiendomsregte, wat bestaan uit die reg op toegang, verbruik, bestuur, uitsluiting en vervreemding, in gemenepoelhulpbronne geïdentifiseer kan word.[893] Babcock[894] illustreer die posisie deur byvoorbeeld na die verbintenisse tussen die gemeenskap, wildspesies, die regering en bewaringsgebiede te verwys:

---

887 Die ooreenkomste word deur die gemeenskap self, deur die regering of deur privaat instansies afgedwing. Sien Ostrom *Governing the Commons: The Evolution of Institutions for Collective Action* 18.

888 Ostrom *Governing the Commons: The Evolution of Institutions for Collective Action* 17; Ostrom ea 1999 *Science* 279.

889 Ostrom *Governing the Commons: The Evolution of Institutions for Collective Action* 18.

890 Ostrom ea 1999 *Science* 279.

891 Ostrom ea 1999 *Science* 279.

892 Feeny ea 1990 *Human Ecology* 4; Shyamsundar, Araral en Weeraratne *Devolution of Resource Rights, Poverty, and Natural Resource Management: A Review* 26.

893 Agrawal en Ostrom "Collective Action, Property Rights, and Devolution of Forest and Protected Area Management" 83-87; Schlager en Ostrom 1992 *Land Economics* 252; Shyamsundar, Araral en Weeraratne *Devolution of Resource Rights, Poverty, and Natural Resource Management: A Review* 26; Ciriacy-Wantrup en Bishop 1975 *Natural Resources Journal* 714; Meyer *Property Rights: A Primer* 5.

894 Babcock 2010 *Colorado Journal of International Environmental Law and Policy* 224.

> ...local communities can potentially benefit from revenue wildlife generates, but they do not have full ownership over the land or the wildlife. To understand the various types of property rights, it is helpful to think of conservancies' property rights over communal land and wildlife as "sticks" in a bundle. Arguably, the greater the bundle of rights conservancies holds, the more likely its community management will succeed. The most important "sticks" conservancies need are the rights to access, withdraw, manage, exclude, and alienate natural resources. Additionally, it must be clear who within conservancies has authority over these "sticks."

Die voorafgaande aanhaling dui aan dat gemeenskappe nie die eienaars van die grond of (in die geval) die wildspesies hoef te wees om die voordele daarvan te geniet nie. Gemeenskappe kan oor ander soorte regte oor die grond en wildspesies beskik. Babcock voer aan dat hoe groter die "bondel" eiendomsregte is waaroor gemeenskappe beskik, hoe groter is die potensiële sukses wat hulle kan behaal. Schlager en Ostrom[895] bied 'n waardevolle raamwerk wat die soorte regte waaroor verskillende houers kan beskik, weerspieël.

Tabel 4: "Bondels" regte waaroor verskillende houers beskik[896]

	Eienaar	Besitter	Aanspraak-maker	Gemagtigde verbruiker
Toegang en verbruik	X	X	X	X
Bestuur	X	X	X	
Uitsluiting	X	X		
Vervreemding	X			

Volgens hierdie raamwerk is die eienaar inderdaad die enigste houer van 'n absolute reg oor die saak, aangesien slegs die eienaar oor die reg beskik om die saak te vervreem. In hierdie sin verwys "eiendom", volgens Bromley,[897] nie soseer na die saak nie, maar eerder na die potensiële voordele wat die saak vir die spesifieke houer (in die geval gemeenskappe) inhou.[898]

Op grond van Ostrom en haar kollegas se navorsing en uitbreiding van die gemene-eiendomsteorie is 'n gesofistikeerde teoretiese raamwerk ontwikkel wat die

---

895 Schlager en Ostrom 1992 *Land Economics* 252.

896 Tabel 4 is geneem uit die bydrae van Schlager en Ostrom 1992 *Land Economics* 252. Sien ook Meyer *Property Rights: A Primer* 5.

897 Bromley 1991 *Journal of Environmental Economics and Management* 92.

898 Sien verder Coelho, Filipe en Ferreira *Tragedies on Natural Resources a Commons and Anticommons Approach* 4.

terminologie, voorwaardes, praktyke, beginsels en kenmerke dokumenteer wat die verbruik en bewaring van gemenepoelhulpbronne onder gemeenskappe koördineer.[899] Die navorsing waarop die uitbreiding en formulering van gemene-eiendomsteorie berus, dui aan dat gemeenskappe kan saamspan en hulself kan organiseer om 'n gemeenskaplike doel te bereik deur uiteenlopende alternatiewe stelsels vir natuurbewaring en natuurlikehulpbronbestuur te skep.[900] Brox,[901] wat die gemene-eiendomsteorie as 'n kragtige ontledingsinstrument beskryf, bepaal dat die gemene-eiendomsteorie oor enorme potensiaal beskik om geleenthede aan gemeenskappe te openbaar om deur middel van die volhoubare, gereguleerde verbruik van gemenepoelhulpbronne 'n bestaan te voer en finansiële voordeel te bekom. Ingevolge Campbell ea,[902] sowel as Rose,[903] is die gemene-eiendomsteorie, asook die tussentydse uitbreidings daarop, 'n grondslag van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring wat regsgeleerdes in 'n posisie plaas om deur middel van ander navorsingsvelde se empiriese navorsing alternatiewe maniere van natuurbewaring en natuurlikehulpbronbestuur beter te interpreteer en sodoende nuwerwetse interpretasies in die reg te formuleer.[904] Die populariteit van die gemene-eiendomsteorie, met spesifieke verwysing na die publikasie van Ostrom, getiteld *Governing the Commons*: *The Evolution of Institutions for Collective Action,* neem toe onder regsgeleerdes en die beginsels daarvan word toenemend binne die velde van omgewingsreg, eiendomsreg en intellektuele goedereregas 'n dienlike vorm van gesag aangetref.[905] Berge en Van Laerhoven[906] beskryf navorsing en literatuur binne die gemene-eiendomsteorie as kompleks en bepaal verder

> [i]t is a tale of the emergence and development of a complex of diverse but interrelated disciplines, and subsequently, angels, perspectives, methods, themes, insights, and lessons learned.

---

899 Araral 2014 *Environmental Science and Policy* 12.

900 Rose 2011 *International Journal of the Commons* 29, 32; Nickelsburg 1998 *Virginia Law Review* 1372, 1378;

901 Brox 1990 *Human Organisation* 232, 234.

902 Campbell ea 2001 *World Development* 590.

903 Rose 2011 *International Journal of the Commons* 32, 35.

904 Sien ook in die algemeen Fennell 2011 *International Journal of the Commons* 9-27; Campbell ea 2001 *World Development* 599.

905 Rose 2011 *International Journal of the Commons* 28-29.

906 Berge en Van Laerhoven 2011 *International Journal of the Commons* 160.

In hierdie aanhaling poog Berge en Van Laerhoven om die kompleksiteit van gemenegoed en die gemene-eiendomsteorie te beskryf.[907]

(e) Die ontluiking van demokrasie binne Afrika

Hutton, Adams en Murombedzi[908] voeg 'n vyfde ontwikkeling by, naamlik die ontluiking van demokrasie binne Afrika. Demokrasie bemoeilik politiese handhawing van modelle soortgelyk aan die fort-natuurbewaringsmodel, aangesien die besware wat deur gemeenskappe geopper word en die insette wat deur hulle gelewer word nie binne 'n demokratiese bestel verontagsaam kan word nie.[909] Volgens Fabricius[910] was dit gedurende die oorgangstydperk en die vestiging van demokrasieë in Afrika polities raadsaam om die belang en waarde van plaaslike stemgeregtigdes in natuurbewaring te erken en sodoende te poog om addisionele finansiële steun van alternatiewe bronne vir ontwikkelingsdoeleindes in te win, gemeenskapsdeelname te bewerkstellig, konflik tussen gemeenskappe en bewaringsgebiede te medieer en die onregverdighede van die verlede te herstel.[911]

(f) Die uitbreiding en vergroting van bewaringsgebiede

Die sesde ontwikkeling wat tot die paradigmaskuif aanleiding gegee het, is dat regerings en natuurbewaringsorganisasies 'n geleentheid geïdentifiseer het om Suider-Afrika se bewaringsgebiede uit te brei en te vergroot ten einde 'n wyer natuurlike gebied buite bewaringsgebiede te bewaar.[912] Daar is met gemeenskappe onderhandel om sogenaamde "kontraktuele bewaringsgebiede"[913] te vestig te einde kommunale grond by bestaande bewaringsgebiede te inkorporeer.[914] In die geval van grondrestitusie het onderhandelings tussen die regering en gemeenskappe daarop neergekom dat eiendomsreg van ontneemde gebiede regtens aan gemeenskappe

---

907 Vanweë dié kompleksiteit val 'n meer omvattende beskrywing van gemenegoed en die gemene-eiendomsteorie buite die bestek van hierdie proefskrif.
908 Hutton, Adams en Murombedzi 2005 *Forum for Development Studies* 343.
909 Hutton, Adams en Murombedzi 2005 *Forum for Development Studies* 343.
910 Fabricius "The Fundamentals of Community-Based Natural Resource Management" 14.
911 Sien verder Western en Wright "The Background to Community-Based Conservation" 6.
912 Fabricius "The Fundamentals of Community-Based Natural Resource Management" 10.
913 Reid en Turner "The Richtersveld and Makuleke Contractual Parks in South Africa: Win-win for Communities and Conservation?" 224-225.
914 Fabricius "The Fundamentals of Community-Based Natural Resource Management" 14.

terugbesorg word,[915] maar dat die *status quo* gehandhaaf word dat die grond steeds binne die grense van die bewaringsgebied gesetel bly.[916]

(g) Die volhoubare ontwikkelingsdiskoers

Die volhoubare ontwikkelingsdiskoers kan ook gereken word as 'n sewende ontwikkeling wat tot die paradigmaskuif binne natuurbewaring bygedra het.[917] Die oorkoepelde tema van die *World National Parks Congress* te Bali gedurende 1982 was "Conservation for Sustainable Development" wat gedurende die spesifieke tydperk as 'n totale ommekeer beskou is in vergelyking met die temas van vorige geleenthede van die aard.[918] Die gepubliseerde verrigtinge van die kongres is op 'n aantal gevallestudies gebaseer wat verbintenisse tussen bewaringsgebiede en menslike welstand en sekuriteit trek.[919] Bewustheid is geskep deur gesprekke te voer oor die operasionalisering van volhoubare ontwikkeling en maniere om natuurbewaring as die kern van menslike vooruitgang te vestig.[920] Gevolglik het 'n groot aantal geïntegreerde natuurbewaring- en ontwikkelingsprogramme[921] as voorlopers van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring tydens die 1980's en 199'0s ontstaan

---

915 Sien 3.2.1van die proefskrif.

916 Fabricius en de Wet "The Influence of Forced Removals and Land Restitution on Conservation in South Africa" 143, 148-149. Die mees prominente Suid-Afrikaanse voorbeelde waar grondrestitusie aan bewaringsgebiede verbind is, sluit in: (a) die Makuleke-grondeis aan die noordelike gebied van die Kruger Nasionale Park; (b) die San-grondeis om deel uit te maak van die Kalahari Gemsbok Nasionale Park; (c) die Riemvasmaak-grondeis op 'n gedeelte van die Augrabies Nasionale Park; (d) grondeise op gedeeltes die Richtersveld Nasionale Park, (e) grondeise op gedeeltes van die Weskus Nasionale Park; (f) grondeise op gedeeltes van die St Lucia Nasionale Park; (g) grondeise op gedeeltes van die Ngome-woud; (h) die Dwesa-Cwebe grondeise in die Oos-Kaap; en (i) grondeise op gedeeltes van die Mkambati Nasionale Park.

917 Hutton, Adams en Murombedzi 2005 *Forum for Development Studies* 344.

918 Western en Wright "The Background to Community-Based Conservation" 6; Hutton, Adams en Murombedzi 2005 *Forum for Development Studies* 343. Sien in die algemeen International Union for Conservation of Nature *World National Parks Congress*.

919 Sien in die algemeen International Union for Conservation of Nature *World National Parks Congress*.

920 Brandon en Wells 1992 *World Development* 558.

921 Ook bekend as " integrated conservation and development programmes".

waarvan die suksesvlakke gewissel het.[922] Sanjayan, Shen en Jansen[923] beklemtoon dat

> it is not conservation *through* development or conservation *with* development or even conservation *adjoined* with development. But, it is the achievement of conservation goals and development needs *together*.

Die uitgangspunt was om die natuurlike omgewing en natuurlike hulpbronne opnuut toeganklik vir gemeenskappe te maak deur 'n mate van beheer en sekuriteit aan hulle terug te besorg en gelyktydig natuurbewaring en sosio-ekonomiese belange te bevorder.[924] Binne die internasionale arena is ontluikende ontwikkeling deur sosiale bewegings aangespoor.[925] Die bewegings het ten doel gestel om gemeenskappe te emansipeer.[926] Die implementering van meer inklusiewe benaderings tot natuurbewaring is derhalwe beding.[927] Hierdie benaderings het berus op gemeenskapsdeelname, inheemse en tradisionele kennis en behoeftes, sosiale geregtigheid, armoedeverligting en billike natuurbewaringspraktyke.[928]

(h) Diversifisering van die ekonomie

Die agtste ontwikkeling is die internasionale behoefte om die ekonomie te diversifiseer om ekotoerisme en die kommersiële verbruik van biodiversiteit daarby in te sluit en aan voorheen benadeelde gemeenskappe die geleentheid te bied om as entrepreneurs en begunstigdes daaraan deel te neem.[929]

(i) Verlaging van regerings se insetkostes

Die negende ontwikkeling is regerings se besef dat indien gemeenskappe aan die besluitneming, implementering, monitering en bestuur van

---

922 Campbell en Vianio-Mattila 2003 *Human Ecology* 421; Wells en Brandon *People and Parks: Linking Protected Area Management With Local Communities* 3; Robinson en Redford "Jack of All Trades, Master of None: Inherent Contradictions Among ICD Approaches" 10-14.

923 Sanjayan, Shen en Jansen *Experiences with Integrated-Conservation Development Projects in Asia* iv.

924 Western en Wright "The Background to Community-Based Conservation" 6.

925 Hutton, Adams en Murombedzi 2005 *Forum for Development Studies* 343-346.

926 Hutton, Adams en Murombedzi 2005 *Forum for Development Studies* 343-346.

927 Hutton, Adams en Murombedzi 2005 *Forum for Development Studies* 343-346.

928 Dressler ea 2010 *Environmental Conservation* 5.

929 Fabricius "The Fundamentals of Community-Based Natural Resource Management" 13.

natuurbewaringsinisiatiewe deelneem, dit die regering se insetkostes verbonde aan natuurbewaring moontlik kan verlaag.[930]

(j) Die ontwikkeling van die Wêreldnetwerk van Biosfeerreservate

Die *United Nations Educational, Scientific and Cultural Organisation* se *Man and the Biosphere Programme* wat gedurende 1971 na vore gekom het, is 'n voorloper van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring en kan as 'n tiende ontwikkeling in hierdie verband beskou word.[931] Dié program konsentreer op die ontwikkeling van die Wêreldnetwerk van Biosfeerreservate.[932] 'n Biosfeerreservaat word beskryf as 'n "voluntary, cooperative, conservation reserve" wat die biologiese en kulturele diversiteit van 'n spesifieke gebied beskerm en tegelykertyd ekonomiese ontwikkeling bevorder.[933] Dit word verder beskryf as plekke van "cooperation, education and experimentation" waar wetenskaplikes en regerings data kan insamel en navorsing kan onderneem en in samewerking met gemeenskappe natuurbewarings- en ontwikkelingsvraagstukke kan ondersoek en oplos.[934] Ingevolge die programvereistes, moet elke biosfeerreservaat uit drie soorte gebiede bestaan naamlik kernareas,[935] buffersones[936] en oorgang- of samewerkende gebiede.[937] Verdere aanvoorwerk hiervoor is in die *World Conservation Strategy* (1980)[938] en die *Report of the World*

---

930 Fabricius "The Fundamentals of Community-Based Natural Resource Management" 13.

931 Campbell en Vianio-Mattila 2003 *Human Ecology* 421.

932 United Nations Educational Scientific and Cultural Organisation 2017 https://bit.ly/2Kx9FPF.

933 United Nations Educational Scientific and Cultural Organisation 2017 https://bit.ly/2Kx9FPF.

934 United Nations Educational Scientific and Cultural Organisation 2017 https://bit.ly/2Kx9FPF.

935 Die *United Nations Educational Scientific and Cultural Organisation* definieer "kernareas" as "securely protected sites for conserving biological diversity, monitoring minimally disturbed ecosystems, and undertaking non-destructive research and other low-impact uses (such as education)." Sien United Nations Educational Scientific and Cultural Organisation 2017 https://bit.ly/2Kx9FPF.

936 Die *United Nations Educational Scientific and Cultural Organisation* beskryf "buffersones" as "clearly identified, and usually surround or adjoin the Core Areas. Buffer Zones may be used for cooperative activities compatible with sound ecological practices, including environmental education, recreation, ecotourism and applied and basic research." Sien United Nations Educational Scientific and Cultural Organisation 2017 https://bit.ly/2Kx9FPF.

937 Die *United Nations Educational Scientific and Cultural Organisation* beskryf "oorgang- of samewerkende gebiede" as " areas [that] may contain towns, farms, fisheries, and other human activities and are the areas where local communities, management agencies, scientists, non-governmental organizations, cultural groups, economic interests, and other stakeholders work together to manage and sustainably develop the area's resources." Sien United Nations Educational Scientific and Cultural Organisation 2017 https://bit.ly/2Kx9FPF.

938 International Union for Conservation of Nature *World Conservation Strategy: Living Resource Conservation for Sustainable Development* (hierdie dokument het geen bladsynommers nie). Die

Commission on Environment and Development: Our Common Future (1987) te vinde.[939]

(k) Die erkenning en uitbreiding van die beskermde landskap kategorie

In die elfde plek is die internasionale erkenning, uitbreiding en toenemende belangstelling in die vyfde kategorie van bewaringsgebiede, naamlik die beskermde landskap (of seegesig) kategorie,[940] 'n verdere ontwikkeling wat tot die ontwikkeling van die nuwe paradigma bygedra het.[941] 'n Beskermde landskap word deur die IUCN[942] gedefinieer as

> [a] protected area where the interaction of people and nature over time has produced an area of distinct character with significant ecological, biological, cultural and scenic value: and where safeguarding the integrity of this interaction is vital to protecting and sustaining the area and its associated nature conservation and other values.

Hierdie kategorie van bewaringsgebiede beskik oor 'n unieke karakter weens die teenwoordigheid van mense binne 'n gebied se grense waar biodiversiteit gedy.[943] Beskermde landskappe beskik terselfdertyd oor ekologiese, biologiese en kulturele elemente wat natuurbewaring en kulturele erfenis versoen.[944] Die bewaring van dié landskappe vereis 'n bestuursbenadering wat biologiese sowel as kulturele waardes erken, tradisionele gebruike handhaaf en die mense (wat binne die landskap leef en woon) direk by die bestuur van die landskap betrek.[945] Ontwikkeling en ekonomiese aktiwiteite, meestal kleinskaals en gemeenskapsgedrewe, byvoorbeeld landbou, bosbou, mynbou, toerisme, residensiële uitbreiding, nywerheidsgebiede en

---

strategie lig die belangrikheid van integrasie tussen bewaringsgebiede en plaaslike gemeenskappe se behoeftes en aktiwiteite uit.

939 Hoofstuk 6 van die *Report of the World Commission on Environment and Development: Our Common Future* (1987). Ook bekend as die Brundtland-verslag.

940 Anders gestel: "protected landscape approach".

941 In 3.2.1 van die proefskrif is die hooftrekke van die historiese ontwikkeling van die verskillende kategorieë van bewaringsgebiede vlugtig genoem. Beskermde landskappe is die vyfde kategorie van bewaringsgebiede en het sedert 2003 toenemend aandag geniet. Sien ook bv. Beresford en Phillips 2000 *The George Wright Forum* 21-22; Brown, Mitchell en Beresford *The Protected Landscape Approach: Linking Nature, Culture and Community* 5.

942 International Union for Conservation of Nature 2019 http://bit.ly/2SHFSWe. Sien ook Dudley *Guidelines for Applying Protected Area Management Categories* 20.

943 Brown, Mitchell en Beresford *The Protected Landscape Approach: Linking Nature, Culture and Community* 3.

944 International Union for Conservation of Nature 2019 http://bit.ly/2SHFSWe.

945 Brown, Mitchell en Beresford *The Protected Landscape Approach: Linking Nature, Culture and Community* ix.

infrastruktuur word binne die landskappe veroorloof, mits dit aan die nodige vereistes van omgewingsimpakstudies voldoen.[946] Die beskermde landskap-benadering word nie as 'n alternatief vir die fort-natuurbewaringsmodel beskou nie, maar eerder as 'n "complementary model [or] part of a range of strategies"[947] om die doelwitte van natuurbewaring te bereik.

(l) Toegang tot voordele wat uit genetiese hulpbronne spruit

Die twaalfde ontwikkeling spruit vanuit die konsepte van toegang tot genetiese hulpbronne (en biodiversiteit) en die regverdige en billike verdeling van voordele wat uit die benutting daarvan voortspruit.[948] Die *Convention on Biological Diversity* (1992) stel dit as een van die verdrag se drie oorkoepelende doelwitte[949] en volgens artikel 8(j) word die volgende van lidlande in hierdie verband verwag:

> [s]ubject to [the contracting parties'] national legislation, respect, preserve and maintain knowledge, innovations and practices of indigenous and local communities embodying traditional lifestyles relevant for the conservation and sustainable use of biological diversity and promote their wider application with the approval and involvement of the holders of such knowledge, innovations and practices and encourage the equitable sharing of the benefits arising from the utilization of such knowledge, innovations and practices.[950]

Ingevolge die bogenoemde bepalings word daar drie verpligtinge op lidlande geplaas. Eerstens moet lidlande gemeenskappe se gevestigde (meestal tradisionele) kennis, innovasie en gebruike met betrekking tot natuurbewaring en volhoubare verbruik van natuurlike hulpbronne respekteer, behou en handhaaf. Tweedens moet lidlande, met dié gemeenskappe se vooraf ingeligte toestemming en voorwaardes, 'n breër toepassing van hul kennis, innovasie en gebruike bevorder. Derdens moet lidlande die regverdige en billike verdeling van voordele wat uit die benutting van gemeenskappe se kennis, innovasie en gebruike voortspruit, aanmoedig (sodat gemeenskappe die voordele wat hulle toekom, vir die gebruik van hul kennis, innovasie en gebruike, kan

---

946 Gillespie *Conservation, Biodiversity and International Law* 41-42.

947 Brown, Mitchell en Beresford *The Protected Landscape Approach: Linking Nature, Culture and Community* 5.

948 Anders gestel: " access to genetic resources and the fair and equitable sharing of benefits arising from their utilization".

949 Sien a 1 van die *Convention on Biological Diversity* (1992).

950 Artikel 8(j) van die *Convention on Biological Diversity* (1992).

ontvang). Die *Nagoya Protocol on Access to Genetic Resources and the Fair and Equitable Sharing of Benefits Arising from their Utilization to the Convention on Biological Diversity* (2014)[951] bied 'n deursigtige regsraamwerk vir die effektiewe implementering van dié doelwit van die *Convention on Biological Diversity* (1992). Luidens Gillespie[952] is die verdere erkenning en uitbreiding van dié konsep tans van wesenlike belang vir beide natuurbewaring en gemeenskappe se vooruitgang.[953]

Die twaalf bespreekte ontwikkelings het tot nuwe denkrigtings oor die onderliggende verbintenisse tussen die mens en natuur gelei.[954] Wêreldwyd word toegegee dat bewaringsgebiede nie meer in afsondering as 'n bastion bestuur kan word nie, maar eerder in samehang met die breër sosio-ekonomiese konteks waarin dit funksioneer.[955] Daar bestaan komplekse sosiokulturele verbintenisse tussen gemeenskappe en die natuur en natuurbewaring kan nie sonder die deelname van dié gemeenskappe wat die naaste aan die natuur leef onderneem word nie.[956] Vandaar is ruimte vir die ontwikkeling van verskillende nuwe natuurbewaringsinisiatiewe geskep waar gemeenskappe op verskillende vlakke betrokkenheid kan geniet.[957]

Deels in reaksie op die morele en fisiese beperkinge wat apartheid en neokolonialisme op gemeenskappe geplaas het, is verskeie gemeenskapsgebaseerde natuurbewaringsinisiatiewe wat bestaande regeringsgesentreerde bestuursbenaderings teëstaan ontwikkel en op die proef gestel.[958] Lande in Suider-

---

951 Die *Nagoya Protocol on Access to Genetic Resources and the Fair and Equitable Sharing of Benefits Arising from their Utilisation to the Convention on Biological Diversity* (2014) is 'n aanvullende ooreenkoms tot die *Convention on Biological Diversity* (1992).

952 Gillespie *Conservation, Biodiversity and International Law* 498.

953 Die konsep hou verder verband met temas betreffende intellektuele eiendomsreg, bioprospektering en tegnologiese vooruitgang. Sien verder in die algemeen die bydraes van Du Plessis 2011 *Social Science Research Network Electronic Journal*; Parks *Benefit-sharing in Environmental Governance: Local Experiences of a Global Concept*; Potvin ea "The Role of Indigenous Peoples in Conservation Actions: A Case Study on Cultural Differences and Conservation Priorities" 159-176; Chennells 2013 *Law, Environment and Development Journal* 163-184; De Jonge 2011 *Journal of Agricultural and Environmental Ethics* 127-146; Dauda en Dierickx 2013 *BMC Medical Ethics* 1-8.

954 Brown en Mitchell 2000 *The George Wright Forum* 70.

955 Brown en Mitchell 2000 *The George Wright Forum* 70.

956 Brown en Mitchell 2000 *The George Wright Forum* 70.

957 Adams en Hulme "Conservation and Community: Changing Narratives, Policies and Practices in African Conservation" 14-15; Western en Wright "The Background to Community-Based Conservation" 7.

958 Dressler ea 2010 *Environmental Conservation* 9.

Afrika het afsonderlik of selfs gesamentlik verskillende vorme van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaringsinisiatiewe geïmplementeer wat op 'n utilitaristiese uitkyk met betrekking tot die bewaring van biodiversiteit berus het.[959] Toenemende internasionale druk het gelei tot die uitbreiding van die gebruik van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring binne verskeie omgewings-aangeleenthede.[960] Die dringendheid om 'n nuwe balans tussen wetenskaplike en tradisionele kennis te vind, is beklemtoon.[961]

Gedurende die laat 1990's en begin 2000's het kenners ervaar dat die rol van gemeenskappe in natuurbewaring 'n plato bereik en gevolglik tot teenstand teen die "nuwe" paradigma gelei het.[962] Uiteenlopende negatiewe waarnemings en opmerkings is gedurende die tydperk teen die sogenaamde "eerste generasie" gemeenskapsgebaseerde natuurbewaringsinisiatiewe gemaak.[963] Brosius, Lowenhaupt-Tsing en Zerner[964] stel dat die paradigma uitdagings en dilemmas na vore bring, aangesien onversoenbare konsepte gesamentlik in beleid geïnkorporeer moet word. Nelson en Agrawal[965] skryf dat die gebruik van die paradigma in die skadu van bestaande fort-natuurbewaringsinisiatiewe staan en dat die meerderheid kundiges daarvan oortuig is dat die nuwe paradigma oor 'n onvermoë beskik om resultate te lewer. Volgens Jones en Murphree[966] het die resultate van die paradigma selde opgeweeg teen die beloofde prestasies en het dit in die meeste gevalle klaaglik misluk. Volgens Blaikie[967] het gemeenskapsgebaseerde programme in Suider-Afrika wesenlik gefaal om die verwagte resultate vir beide die gemeenskap en natuurbewaring te lewer. Neumann[968] bepaal dat talle pogings om gemeenskappe by natuurbewaring te

---

959 Dressler ea 2010 *Environmental Conservation* 9. Utilitarisme is 'n politieke teorie met 'n etiese grondslag wat op die gedagtegang gebaseer is dat die beste aksie of besluit in 'n bepaalde situasie die een is wat die meeste voordele vir die meeste individue inhou.

960 Dressler ea 2010 *Environmental Conservation* 7.

961 Dressler ea 2010 *Environmental Conservation* 7.

962 Büscher en Dietz 2005 *The Journal of Transdisciplinary Environmental Studies* 2; Ribot *Waiting For Democracy: The Politics of Choice in Natural Resource Decentralisation* 4.

963 Jones en Murphree "Community-Based Natural Resource Management as a Conservation Mechanism: Lessons and Directions" 85.

964 Brosius, Lowenhaupt-Tsing en Zerner 1998 *Society and Natural Resources* 158.

965 Nelson en Agrawal 2008 *Development and Change* 558.

966 Jones en Murphree "Community-Based Natural Resource Management as a Conservation Mechanism: Lessons and Directions" 86.

967 Blaikie 2006 *World Development* 1947.

968 Neumann 1997 *Development and Change* 559.

betrek op niks afgestuur het nie en heel moontlik slegs daarin geslaag het om verdere dwingende vorme van natuurbewaring te skep. Volgens Child en Barnes[969] het gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring se mislukkings die suksesse daarvan oortref en het regerings en donateurs dientengevolge vertroue in die beloofde potensiaal van die nuwe paradigma verloor. Ribot[970] stel dat die paradigma stadige vordering getoon het ten spyte van die menige teoretiese akkolades waaroor dit beskik. Ribot[971] toon verder dat die paradigma in die meeste gevalle nooit in wetgewing en beleid opgeneem is nie, of dat dit nooit werklik in praktyk geïmplementeer en toegepas is nie. Die meeste kritiek teen gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring is dus gebaseer op die onvermoë en onbereidwilligheid van die regering om magte en verantwoordelikhede aan gemeenskappe oor te dra; die onregverdige verdeling van voordele; gebrekkige totstandkoming en swak prestasie van gemeenskapsinstellings; swak onderlinge verhoudinge tussen belanghebbendes; realistiese skaal en omvang van inisiatiewe; waninterpretasie oor gemeenskappe se samestellings; trae regshervorming en implementering; en die diskrepansie tussen regeringsdoelwitte en gemeenskapsdoelwitte.[972]

Hierdie kritiek het gelei tot die "back to the barriers"-beweging.[973] Die beweging het op die eenvoudige uitgangspunt berus dat die doelwitte van sosio-ekonomiese opheffing van gemeenskappe en natuurbewaring nie met mekaar vereenselwig kan word nie, dat gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring gefaal het en dat daar geen ander keuse was as om terug te keer na die koloniale styl van natuurbewaring, naamlik fort-natuurbewaring, nie.[974] Argumente wat die "back to the barriers"-beweging

---

969 Child en Barnes 2010 *Environmental Conservation* 283.

970 Ribot *Waiting For Democracy: The Politics of Choice in Natural Resource Decentralisation* 14.

971 Ribot *Waiting For Democracy: The Politics of Choice in Natural Resource Decentralisation* 2.

972 Sien in die algemeen Jones en Murphree "Community-Based Natural Resource Management as a Conservation Mechanism: Lessons and Directions" 79-85; Dressler ea 2010 *Environmental Conservation* 9-10; Brosius, Lowenhaupt-Tsing en Zerner 1998 *Society and Natural Resources* 158; Nelson en Agrawal 2008 *Development and Change* 558; Jones en Murphree "Community-Based Natural Resource Management as a Conservation Mechanism: Lessons and Directions" 86; Blaikie 2006 *World Development* 1947; Neumann 1997 *Development and Change* 559; Ribot *Waiting For Democracy: The Politics of Choice in Natural Resource Decentralisation* 2.

973 Hutton, Adams en Murombedzi 2005 *Forum for Development Studies* 342; Dressler ea 2010 *Environmental Conservation* 5-6. Sien in die algemeen Wilshusen ea 2002 *Society and Natural Resources* 17-40.

974 Büscher en Dietz 2005 *The Journal of Transdisciplinary Environmental Studies* 2-4.

ondersteun is: (a) natuurbewaring is 'n oorweldigende morele imperatief; (b) wetenskaplike kennis en ontleding is agterweë gelaat; (c) die vorige paradigma beskik oor verromantiseerde, onrealistiese veronderstellinge, wat misluk het voor dit begin het; (d) volhoubare verbruik is 'n onbereikbare doelwit; (e) die nuwe paradigma is 'n vermorsing van institusionele hulpbronne; (f) die fort-natuurbewaringsmodel beskik oor bewyse van sukses; en (g) die nypende bedreigings waarmee biodiversiteit gekonfronteer word, vereis die strengste moontlike natuurbewaringsmaatreëls.[975] Fondse wat deur internasionale nieregeringsorganisasies spesifiek vir gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring bewillig is, is gedurende dié tyd in ander inisiatiewe belê.[976] Internasionale fokus en finansiële beleggings is verplaas na (a) oorgrensbewaringsgebiede;[977] (b) direkte vergoeding vir aangewese belanghebbendes wat natuurbewaring vrywillig toepas, die kostes daarvan dra en die potensiële skade verdra om saam met wildspesies te leef;[978] (c) die bevordering van formele ooreenkomste tussen die publieke en privaat sektor betreffende die gesamentlike bestuur of uitkontraktering van bestuur van spesifieke gebiede, die inkorporasie van grond by bewaringsgebiede en ekotoerisme en jagreservate;[979] en (d) die inkorporasie van natuurbewaring in alle verwante sektorale en kruissektorale planne, programme en beleide.[980]

---

975 Hutton, Adams en Murombedzi 2005 *Forum for Development Studies* 348. Sien in die algemeen Wilshusen ea 2002 *Society and Natural Resources* 17-40.

976 Hutton, Adams en Murombedzi 2005 *Forum for Development Studies* 348.

977 Ook bekend as "transfrontier conservation areas", "transboundary conservation areas" of "peace parks". Sien Hutton, Adams en Murombedzi 2005 *Forum for Development Studies* 350-351. Daar bestaan 'n sterk ratio vir oorgrensbewaring van biodiversiteit en ekologiese, maatskaplike, kulturele ekonomiese, finansiële, politieke en institusionele geleenthede word deur oorgrensbewaringsgebiede vir verskillende belanghebbendes in die vooruitsig gestel. Ewenwel neem gemeenskappe nie te alle tye aktief aan natuurbewaring binne oorgrensbewaringsgebiede deel nie, maar die betrokke regerings beloof eerder 'n vorm van direkte voordeel aan die gemeenskap. Sien in die algemeen Biodiversity Support Program *Study on the Development of Transboundary Natural Resource Management Areas in Southern Africa: Highlights and Findings*; Lanjouw ea *Beyond Boundaries: Transboundary Natural Resource Management for Mountain Gorillas in the Virunga-Bwindi Region*; Duffy 1997 *Journal of South African Studies*. Vir 'n gedetailleerde uiteensetting van 'n voorgestelde regsraamwerk van oorgrensbewaringsgebiede binne die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap sien Lubbe *Straddling Border and Legal Regimes: A Legal Framework for Transfrontier Biodiversity Conservation in SADC*.

978 Hutton, Adams en Murombedzi 2005 *Forum for Development Studies* 351-352. Sien in die algemeen Simpson en Sedjo 1996 *Environment and Development Economics* 241-257.

979 Hutton, Adams en Murombedzi 2005 *Forum for Development Studies* 352-354.

980 Hutton, Adams en Murombedzi 2005 *Forum for Development Studies* 354-356. In hierdie verband beaam a 6(b) van die *Convention on Biological Diversity* (1992) lidlande "[to] [i]ntegrate, as far

Jones en Murphree[981] is van mening dat die meerderheid van die genoemde kritiek en argumente op die vroeë konseptualisering van die konsep en die partydige implementering van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring berus. 'n Moontlike verduideliking hiervoor is dat die ontwikkeling en uitbreiding van die eerste paradigma sonder 'n volledige begrip van die vlak van ingewikkeldheid geïmplementeer is.[982] Die kritiek berus dus op foutiewe aannames en voortydige gevolgtrekkings. Soos Ribot[983] dit stel:

> [i]t would be a shame if slow and disingenuous implementation were to consolidate a backlash before these reforms have had a chance to be tried… a backlash threatens to prematurely undermine support for these strategies before they have ever been effectively implemented.

Murphree[984] is verder van mening dat gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring nie behoorlik op die proef gestel en geëvalueer is en dat 'n oordeel oor die sukses of mislukking daarvan nie gevel kan word nie. Buiten gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring se gevestigde teoretiese en filosofiese grondslae, berus dit uiteindelik op praktiese institusionele hervorming en die formulering van 'n kontemporêre regsraamwerk om die geskikte omstandighede vir suksesvolle implementering te skep.[985] Die uitvoerbaarheid daarvan is egter geen maklike taak nie. Gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring is vasgevang tussen komplekse administratiewe en beleidstrukture en word deurlopend deur die sterk invloed en gevestigde teenwoordigheid van die fort-natuurbewaringsmodel uitgedaag.[986]

---

as possible and as appropriate, the conservation and sustainable use of biological diversity into relevant sectoral or cross-sectoral plans, programmes and policies."

981 Jones en Murphree "Community-Based Natural Resource Management as a Conservation Mechanism: Lessons and Directions" 86.

982 Jones en Murphree "Community-Based Natural Resource Management as a Conservation Mechanism: Lessons and Directions" 85-86.

983 Ribot *Waiting For Democracy: The Politics of Choice in Natural Resource Decentralisation* 4.

984 Murphree "Community-Based Conservation: Old Ways, New Myths and Enduring Challenges" 12.

985 Babcock 2010 *Colorado Journal of International Environmental Law and Policy* 209; Nelson en Agrawal 2008 *Development and Change* 557-558.

986 Dressler ea 2010 *Environmental Conservation* 2-3 reken dat hoewel gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring as 'n tegniese oefening in probleemoplossing benader word, moet daar steeds abstrakte konseptualisering wees wat uiteenlopende invloede, weldeurdagte planne, potensiële uitkomste en goeie bedoelings met gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring kan beïnvloed.

Ten spyte van die kritiek, floreer gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring steeds as ’n beleidsdoelwit in Afrikalande.[987] Meer onlangs het skrywers weereens beklemtoon dat hedendaagse natuurbewaringsinisiatiewe nie sonder die aktiewe deelname en insette van gemeenskappe aangepak kan word nie; en dat gemeenskappe steeds as die lokus van natuurbewaringsinisiatiewe beskou moet word.[988] Hutton ea[989] stel dat die gebruik van bewaringsgebiede sowel as gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring noodsaaklik is om biodiversiteit te bewaar. Volgens Dressler,[990] Jones en Murphree[991] is die potensiaal daar om gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring te herformuleer, te transformeer en te herfokus om ’n sogenaamde "tweede generasie" van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring in die toekoms te vestig. Jones en Murphree[992] is egter van mening dat om die lewensvatbaarheid van ’n "tweede generasie" van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring te verseker, moet daar prontuit met kritiek en mistastings gehandel word, aannames moet hersien word en aanpassings moet gemaak word om by veranderende omstandighede aan te pas.[993] Volgens die waarnemings van Agrawal[994] sal die aanvanklike aannames en uitgangspunte van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring nie in geheel geskrap word om aan nuwerwetse sieninge te voldoen nie, maar dat verdere ontwikkeling eerder ’n "complex patchwork of notions" tot gevolg sal hê wat selektief ingespan kan word om by uiteenlopende situasies en behoeftes binne natuurbewaring aan te pas.

’n Vergelyking tussen die fort-natuurbewaringsmodel en die nuwe paradigma in natuurbewaring word vervolgens in Tabel 5 uiteengesit.

---

987 Blaikie 2006 *World Development* 1944.

988 Sien bv. Paterson "Biological Diversity" 527; Oldekop ea 2016 *Conservation Biology* 133; Agrawal *Community in Conservation: Beyond Enchantment and Disenchantment* 8.

989 Hutton, Adams en Murombedzi 2005 *Forum for Development Studies* 363-365.

990 Dressler ea 2010 *Environmental Conservation* 2.

991 Jones en Murphree "Community-Based Natural Resource Management as a Conservation Mechanism: Lessons and Directions" 85-86.

992 Jones en Murphree "Community-Based Natural Resource Management as a Conservation Mechanism: Lessons and Directions" 86.

993 Sien ook Mishra *The PARTNERS Principles for Community-Based Conservation* 169.

994 Agrawal *Community in Conservation: Beyond Enchantment and Disenchantment* 41.

Tabel 5: Kontrasterende bestuursbenaderings in natuurbewaring[995]

	Fort-natuurbewaringsmodel	**Nuwe paradigma binne natuurbewaring**
Doelstelling	Skei mens en biodiversiteit om natuurbewaring effektief te bewerkstellig Bevorder toerisme, navorsing en openbare voorligting	Inkorporeer die doelwitte van natuurbewaring en sosio-ekonomiese ontwikkeling
Omgewingsbeskouing	Eko- en biosentries	Antroposentries
Oorsaak van die agteruitgang van die omgewing	Oorbevolking Vrye-toegang-"stelsel" Onvolhoubare ontginning van natuurlike hulpbronne	Mislukking van die fort-natuurbewaringsmodel
Bestuursbenadering	Gebaseer op beproefde wetenskaplike kennis Opgelegde, gedwonge aksie Proklamasie van bewaringsgebiede Regeringsgesentreerde bestuur Streng bevel- en beheermaatreëls Militêre taktieke	Samewerkende bestuur Delegasie van magte en verantwoordelikhede aan die gemeenskap Aanpasbaar, neem risiko's Hersien besluite en erken tekortkominge Gedeelde aksie

995 Tabel 5 is verwerk, aangepas en gebaseer op die bespreking in 3.2.1 en 3.2.2 van die proefskrif asook die verdere bydraes van Beresford en Phillips 2000 *The George Wright Forum* 19; Jeanrenaud *People-Oriented Approaches in global Conservation: Is the Leopard Changing its Spots?* 21; Phillips *Management Guidelines for IUCN Category V Protected Areas, Protected Landscapes/Seascapes* 14; Phillips "Turning Ideas on Their Head: The New Paradigm for Protected Areas" 9-10; Phillips 2003 *The George Wright Forum* 18-20; Kabiri en Child "Wildlife Governance in Africa" 104; Ervin ea *Protected Areas for the 21st Century: Lessons from UNDP/GEF's Portfolio* 11; Vogt ea "Conservation Efforts, Contemporary" 251; Meine "Conservation Movement, Historical" 278-288; Pimbert en Pretty *Parks, People and Professionals: Putting 'Participation' into Protected Area Management* 20-21; Knight en Meffe 1997 *Wildlife Society Bulletin* 677; Pelser en Sempe 2003 *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 168.

	Fort-natuurbewaringsmodel	Nuwe paradigma binne natuurbewaring
Ontwikkelingsinvloede	Kolonialisme Apartheid Nasiebou Wetenskapsleer	Menseregtediskoers Bevordering van inheemse volke en ander gemeenskappe se regte Volhoubare verbruik Ekostelselbenadering Gemene-eiendomsteorie Demokrasie Uitbreiding van bewaringsgebiede Volhoubare ontwikkeling Uitbreiding van gelyke ekonomiese geleenthede Verlaging van insetkostes verbonde aan natuurbewaring Erkenning van die beskermde landskap (of seegesig) kategorie van bewaringsgebiede Toegang tot genetiese hulpbronne (en biodiversiteit) en die regverdige en billike verdeling van voordele wat uit die benutting daarvan voortspruit
Gevoel teenoor gemeenskappe	Gemeenskappe word as die vyand van natuurbewaring beskou.	Gemeenskappe is kernrolspelers en eweknieë in natuurbewaring op voetsoolvlak. Tradisionele stelsels en kennis van gemeenskappe moet gekombineer word met wetenskapsleer.
Ligging van natuurbewaring	Natuurbewaring moet afsonderlik van menslike aktiwiteit geskied, verkieslik binne die grense van bewaringsgebiede, om die ongereptheid van die omgewing te bewaar.	Natuurbewaring moet nie streng aan bewaringsgebiede gebonde wees nie.
Primêre natuur-bewaringsinstrument	Area- en spesiegebaseerde natuurbewaring	Kombinasie van bestaande, tradisionele en kontemporêre benaderings

Na aanleiding van die historiese kompleksiteit en meerdimensionaliteit van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring is 'n verdere teoretiese ondersoek en omvattende beskrywing van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring in die volgende afdelings van die proefskrif opgeneem.

3.3 Gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring: 'n teoretiese ontleding

3.3.1 Inleidende opmerkings

Vanweë die ernstige aanslae en grootskaalse uitdagings wat biodiversiteit tans beleef,[996] blyk dit dat kenners en beleidmakers 'n mengsel van bestaande reguleringsmaatreëls en kontemporêre alternatiewe oplossings moet inspan om die mas op te kom.[997] Paterson[998] stel dat tensy kontemporêre eiendoms- en natuurbewaringsbeleid die kritieke rol van gemeenskappe op voetsoolvlak erken en ernstig oorweeg, is daar min redes om oor die toekoms van natuurbewaring optimisties te wees. Die voorafgaande historiese oorsig dui aan dat natuurbewaring deur verskillende fases van ontwikkeling en herformulering beweeg het en dat internasionale verwagtinge en dienooreenkomstige beleidsontwikkeling dinamies van aard is.[999] Soos uit die vorige afdelings van die proefskrif blyk,[1000] is die kompleksiteit van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring reeds in die historiese grondslae daarvan geleë.

Die doel van die volgende afdelings is om 'n teoretiese ondersoek ten aansien van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring te onderneem om vas te stel wat dit behels. Die afdelings fokus op:

(a) definisies en interpretasies van "gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring" en verwante begrippe;
(b) 'n tipologiese klassifikasie van verskillende vorme van gemeenskapsdeelname; en

---

996 Sien 1.1.1 van die proefskrif.
997 Sien 2.7, 3.2.1 en 3.2.2 van die proefskrif.
998 Paterson "Biological Diversity" 526-527.
999 Sien 3.2.1 en 3.2.2 van die proefskrif.
1000 Sien 3.2.1 en 3.2.2 van die proefskrif.

(c) riglyne vir die implementering van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring.

3.3.2 Definisies en interpretasies van "gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring" en verwante begrippe

Gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring het wêreldwyd verskillende benamings en daar bestaan diverse benaderings wat by die uiteenlopende behoeftes en situasies van elke gebied aangepas is.[1001] Gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring kan dus verskeie vorme binne verskillende natuurlike gebiede, sosio-politiese kontekste en biofisiese omstandighede aanneem.[1002] In die internasionale leksikon van omgewingsreg en -praktyk word byvoorbeeld na gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring verwys as[1003] voetsoolvlak-benadering,[1004] rentmeesterskap-benadering,[1005] besitterskap of houerskap,[1006] gemeenskapsgebaseerde natuurlikehulpbronbestuur,[1007] samewerkende of mede-omgewingsbestuur,[1008] geïntegreerde natuurbewaring- en ontwikkelingsprogramme,[1009]

1001 Western en Wright "The Background to Community-Based Conservation" 8; Child en Barnes 2010 *Environmental Conservation* 283; Campbell ea 2001 *World Development* 590; Hutton, Adams en Murombedzi 2005 *Forum for Development Studies* 342; Barrow en Murphree *Community Conservation from Concept to Practice: A Practical Framework* 3; Brown 2003 *Global Ecology and Biogeography* 89.

1002 Roe en Nelson "The Origins and Evolution of Community-based Natural Resource Management in Africa" 5.

1003 Agrawal *Community in Conservation: Beyond Enchantment and Disenchantment* 8; Adams en Hulme 2001 *Oryx* 193; Kellert ea 2000 *Society and Natural Resources* 705-706; Barrow en Murphree *Community Conservation from Concept to Practice: A Practical Framework* 3, 8; Barrow en Murphree "Community Conservation: From Concept to Practice" 24, 37; Little "The Link Between Local Participation and Improved Conservation: A Review of Issues and Experiences" 350; Kothari, Camill en Brown 2013 *Conservation and Society* 1.

1004 Anders gestel: "grassroots approach". Sien Abrams ea 2009 *Conservation Biology* 800.

1005 Anders gestel: "stewardship approach". Sien bv. Brown en Mitchell 2000 *The George Wright Forum* 71-72; Reyers "Conserving Biodiversity Outside Protected Areas" 297-298.

1006 Anders gestel: "proprietorship". Sien bv. in die algemeen Child (red) *Parks in Transition: Biodiversity, rural Development and the Bottom Line*.

1007 Anders gestel: "community-based natural resource management". Sien bv. in die algemeen Breen (red) *Community-Based Natural Resource Management in Southern Africa: An Introduction*.

1008 Anders gestel: " cooperative management"; "co- (environmental) management"; "collaborative management". Sien bv. Borrini-Feyerabend *Collaborative Management of Protected Areas: Tailoring the Approach to the Context* 12.

1009 Anders gestel: "integrated conservation and development programmes". Sien bv. Leisher en Sanjayan "Conservation and the World's Poorest of the Poor" 230.

gedesentraliseerdebenadering,[1010] devolusie van bestuur en verantwoordelikheid,[1011] gemeenskapsgebaseerde wildspesiebestuur,[1012] mensgesentreerde natuurbewaring,[1013] bewaringsgebied-uitreikprogramme,[1014] of buffersonebestuur.[1015] Volgens die beskouing van Barrow en Murphree[1016] word die term "gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring" as sambreelterm[1017] ingespan waaronder diverse benaminge ontwikkel het wat verskillende standpunte weerspieël. Vir die doeleindes van hierdie proefskrif, word die term "gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring" ook gebruik.

Gegewe die verskeie benamings en praktyke regoor die wêreld, is dit nie 'n eenvoudige taak om gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring te definieer nie.[1018] Volgens Barrow en Murphree[1019] is "gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring" 'n twyfelagtige begrip waarvan 'n definisie slegs vae grense kan stel wat van beperkte nut sal wees. Western en Wright[1020] skryf dat om 'n eksakte definisie vir dié begrip te formuleer 'n "futiele en selfs kontraproduktiewe" oefening is en dat kenners en akademici hulle eerder moet beywer om gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring by wyse van breë interpretasies

---

1010 Anders gestel: "decentralised approach". Sien bv. Ribot *Democratic Decentralization of Natural Resources: Institutionalising Popular Participation* 4; Ribot *African Decentralisation: Local Actors, Powers and Accountability* 1.

1011 Anders gestel: "devolution of management and responsibility". Sien bv. Shackleton ea *Devolution in Natural Resource Management: Institutional Arrangements and Power Shifts: A Synthesis Of Case Studies from Southern Africa* 12; Shackleton ea *Devolution and Community-Based Natural Resource Management: Creating Space for Local People to Participate and Benefit?* 1-6.

1012 Anders gestel: "community-based wildlife management". Sien bv. Roe ea *Evaluating Eden: Exploring the Myths and Realities of Community-Based Wildlife Management* 14-17; International Institute for Environment and Development *Whose Eden? An Overview of Community Approaches to Wildlife Management* 4-8.

1013 Anders gestel: "people-centred conservation". Sien bv. Brown 2003 *Global Ecology and Biogeography* 89.

1014 Anders gestel: "protected area outreach programmes". Sien bv. Barrow, Gichohi en Infield "The Evolution of Community Conservation Policy and Practice in East Africa" 66; Adams en Infield "Park Outreach and Gorilla Conservation: Mgahinga Gorilla National Park, Uganda" 132; Venter en Breen 1998 *Environmental Management* 803-815.

1015 Anders gestel: "buffer zone management". Sien bv. Ebregt en De Greve *Buffer Zones and their Management: Policy and Best Practices for Terrestrial Ecosystems in Developing Countries* 11.

1016 Barrow en Murphree *Community Conservation from Concept to Practice: A Practical Framework* 3.

1017 'n Sambreelterm is 'n begrip of frase wat 'n wye verskeidenheid konsepte omvat wat tot 'n gemeenskaplike kategorie behoort.

1018 Kumar 2005 *Community Development Journal* 278.

1019 Barrow en Murphree *Community Conservation from Concept to Practice: A Practical Framework* 3; Barrow en Murphree "Community Conservation: From Concept to Practice" 24.

1020 Western en Wright "The Background to Community-Based Conservation" 8.

te beskryf. Brown[1021] meen dat pluralisme in die interpretasie, formulering en ontwerp van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring vereis word, ten einde uiteenlopende standpunte en beginsels te inkorporeer. Gemeenskapsgebaseerde natuurbewaringsinisiatiewe, ongeag van die benaming, het verskillende doelwitte en klemverskuiwings, maar nogtans dra elke inisiatief by tot verdere kennis oor gemeenskappe se toenemende kritieke rol in natuurbewaring.[1022]

Volgens Breen[1023] het gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring volhoubare ontwikkeling as grondslag.[1024] Emerton[1025] illustreer gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring aan die hand van volhoubare ontwikkeling deur te bepaal dat

> [community based conservation is] typically based on the premise that if local people participate in wildlife management and economically benefit from this participation, then a 'win-win' situation will arise whereby wildlife is conserved at the same time as community welfare improves. While most community conservation activities have the ultimate goal of maintaining wildlife populations, they simultaneously aim to improve the socio-economic status of human communities in wildlife areas.

Volgens hierdie stelling skep gemeenskapsdeelname aan natuurbewaringsinisiatiewe 'n wedersyds voordelige situasie. Gemeenskappe is in 'n posisie om uiteenlopende maatskaplike en ekonomiese voordele in ruil vir hul deelname te ontvang, terwyl wildspesies terselfdertyd toegevoegde natuurbewaring op voetsoolvlak geniet.

1021 Brown 2003 *Global Ecology and Biogeography* 89.

1022 Barrow en Murphree *Community Conservation from Concept to Practice: A Practical Framework* 3; Barrow en Murphree "Community Conservation: From Concept to Practice" 24.

1023 Breen (red) *Community-Based Natural Resource Management in Southern Africa: An Introduction* 8.

1024 Sien ook in hierdie verband McShane en Wells "Integrated Conservation and Development?" 3. Sedert die Verenigde Nasies se *Conference on Environment and Development* te Rio de Janeiro gedurende 1992 is volhoubare ontwikkeling 'n algemeen gebruikte kernbegrip binne omgewingsreg wat die "akkoord, rekonsiliasie en (in sommige gevalle) die integrasie" van ekonomiese vooruitgang, maatskaplike ontwikkeling en omgewingsbeskerming voorveronderstel. Die essensie is in die "gebalanseerde integrasie" van omgewingsprioriteite, maatskaplike belange en ekonomiese groei geleë. Sien *Fuel Retailers Association of SA (Pty) Ltd v Director-General Environmental Management Mpumalanga* 2007 (10) BCLR 1059 (KH) par 113; Kotzé ea *South African Environmental Law through the Cases* 194-198; Feris 2008 *Constitutional Court Review* 235-253; Murombo 2008 *South African Law Journal* 488-504; Kotzé 2014 *LitNet Akademies* 65-90. Kidd *Environmental Law* 18 skep 'n nuttige analogie tussen volhoubare ontwikkeling en 'n driebeen-"Afrika"-pot, tensy al drie die pote van die pot nie dieselfde lengte en sterkte is nie, sal die pot onstandvastig wees.

1025 Emerton "The Nature of Benefits and the Benefits of Nature: Why Wildlife Conservation has not Economically Benefited Communities in Africa" 208.

Campbell en Vianio-Mattila[1026] onderskraag dié standpunt en bepaal dat kenners, vanweë die afwesigheid van 'n universele definisie, hierdie inisiatiewe kan uitken deur twee fundamentele doelwitte te identifiseer, naamlik (a) die versterking en prioritisering van natuurbewaring en (b) die aanbied van 'n vorm van aansporing, gewoonlik 'n ekonomiese voordeel, aan 'n gemeenskap as vergoeding vir hul insette en deelname. Gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring beskik dus oor die potensiaal om omgewingsprioriteite, maatskaplike belange en ekonomiese groei op voetsoolvlak te rekonsilieer en beide gemeenskapswelsyn sowel as natuurbewaring voorop te stel.[1027]

Tog is volhoubare ontwikkeling nie 'n vaste toestand van eenstemmigheid nie, maar eerder 'n aanhoudende proses van verbetering en verandering waar die belange van bestaande en toekomstige geslagte voortdurend opgeweeg moet word.[1028] Realisties gesproke kan gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring, net soos die konsepte van volhoubare ontwikkeling en selfs demokrasie,[1029] as 'n ideale teoretiese doelwit beskryf word, waar die strewe na die bereiking van die doelwit grootskaalse uitdagings kan bied.[1030] Luidens Hübschle en Shearing[1031] is die grootste uitdaging daarin geleë om breë-gebaseerde, inklusiewe ondersteuning onder gemeenskappe ten bate van natuurbewaring aan te wakker.[1032]

Brown en Mitchell[1033] meen dat gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring op 'n etiese grondslag berus en beskryf dit vanuit die oogpunt van die sosiale

---

1026 Campbell en Vianio-Mattila 2003 *Human Ecology* 421.

1027 Hulme en Murphree 1999 *Journal of International Development* 279-280 bepaal dat die konsep van volhoubare ontwikkeling ontwykend van aard is en vir wye interpretasie oopgestel is. Die skrywers waarsku dienooreenkomstig dat kenners moet waak teen die oorvereenvoudiging van die konsep. 'n Breedvoerige verduideliking van volhoubare ontwikkeling val buite die bestek van hierdie proefskrif.

1028 World Commission on Environment and Development *Our Common Future* oorsig par I.3.30.

1029 Bosselmann, Engel en Taylor *Governance for Sustainability: Issues, Challenges, Successes* xiii; Verschuuren *Principles of Environmental Law: The Ideal of Sustainable Development and the Role of Principles of International, European, and National Environmental Law* 24. Sien in die algemeen Dahl *On Democracy*.

1030 Child en Barnes 2010 *Environmental Conservation* 284.

1031 Hübschle en Shearing *Ending Wildlife Trafficking: Local Communities as Change Agents* 34.

1032 Sien ook International Institute for Environment and Development *Whose Eden? An Overview of Community Approaches to Wildlife Management* 61.

1033 Brown en Mitchell 2000 *The George Wright Forum* 71. Die sosiale verantwoordelikheidsteorie verleen 'n etiese raamwerk wat voorstel dat 'n entiteit, hetsy 'n organisasie of 'n individu, oor 'n

verantwoordelikheidsteorie. Ingevolge hierdie teorie val gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring ten nouste saam met die mens se behoefte om sy of haar tuiste en onmiddellike omgewing tot voordeel van medegemeenskapslede en toekomstige geslagte te bewaar.[1034] Murphree[1035] voer die argument verder deur te onderskei tussen twee basiese redes waarom die mens daarna streef om die omgewing te bestuur en bewaar. Eerstens, vanuit die oogpunt van ontwikkeling, kan die wyse waarop biodiversiteit en natuurlike hulpbronne bestuur word die kwaliteit van mense se lewensbestaan direk verbeter of verswak.[1036] Tweedens, vanuit die oogpunt van natuurbewaring, is omgewingsagteruitgang en -vernietiging 'n direkte bedreiging vir die mens se lewensonderhoudende prosesse[1037] sowel as die estetiese waarde wat die mens aan 'n omgewing heg.[1038] Murphree[1039] openbaar desondanks 'n *caveat* vir die twee redes, naamlik dat gemeenskappe slegs die omgewing sal bewaar indien die voordele wat hulle daaruit kan ontvang, die kostes daarvan oorskry. Met ander woorde: gemeenskappe sal aan natuurbewaringsinisiatiewe deelneem, mits die kostes en insette binne hul bereik is en hulle die potensiële voordele wat daaruit spruit as lonend beskou.

Die samestellende dele van die woorde "gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring", naamlik "gemeenskap", "-gebaseerd" en "natuurbewaring", se afsonderlike definisies bevat uiteenlopende interpretasies wat al telkemale kontekstueel hersien is.[1040] Hierdie begrippe se aparte definisies word binne akademiese literatuur betwis wat gevolglik die pogings om 'n definisie vir "gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring" neer te pen verder kompliseer.[1041] Brosius, Lowenhaupt-Tsing en Zerner[1042] waarsku dat akademici

---

verpligting beskik om tot voordeel van die samelewing as geheel op te tree ten einde ekonomiese stabiliteit en 'n balans in die omgewing te handhaaf.

1034 Brown en Mitchell 2000 *The George Wright Forum* 71.

1035 Murphree *Communities as Resource Management Institutions* 2.

1036 Murphree *Communities as Resource Management Institutions* 2.

1037 Voorbeelde van bedreigings vir lewensonderhoudende prosesse is onder meer besoedeling, gronderosie, waterskaarstes, die versteuring van ekostelsels en die uitroeiing van natuurlike woude.

1038 Murphree *Communities as Resource Management Institutions* 2.

1039 Murphree *Communities as Resource Management Institutions* 2.

1040 Agrawal *Community in Conservation: Beyond Enchantment and Disenchantment* 1.

1041 Western en Wright "The Background to Community-Based Conservation" 8; McLain en Jones *Challenging 'Community' Definitions in Sustainable Natural Resource Management: The Case of Wild Mushroom Harvesting in the USA* 3-5.

1042 Brosius, Lowenhaupt-Tsing en Zerner 1998 *Society and Natural Resources* 159.

en beleidmakers moet waak teen veralgemening wanneer kernbegrippe se betekenisse nagespeur word. Vervolgens word omvattende interpretasies van die begrippe "gemeenskap", "-gebaseerd" en "natuurbewaring" in die volgende afdelings weergee.

3.3.2.1 Die begrip "gemeenskap"

Agrawal[1043] maak die volgende stelling ten opsigte van die begrip "gemeenskap":

> [f]ew other concepts in the social sciences have received the kind of persistent attention that community has enjoyed. Its complexity and the heterogeneity of its referents guarantee that it cannot easily be defined or measured. Its obvious relevance to everyday life means that it cannot be easily displaced or dismissed. The combination makes continuing exploration of its meanings necessary, even rewarding.

In hierdie aanhaling verklaar Agrawal die begrip "gemeenskap" as ’n paradoks. Die skrywer bepaal dat die begrip moeisaam gedefinieer en begrens word, maar weens die aktuele aard van die begrip kan die definiëring en begrensing daarvan nie geringgeskat word nie. "Gemeenskap" is een van die mees fundamentele en verreikende individuele begrippe binne die sosiologie.[1044] Hillery[1045] bepaal egter dat skrywers verskil oor die aard van die begrip "gemeenskap". Sommige skrywers ontwyk die taak om "gemeenskap" te definieer[1046] terwyl ander voortdurend onverskrokke poog om die konsep te definieer en die voorvereistes daarvan vas te stel.[1047] Vanweë die tekort aan ’n universele definisie, bestaan daar, volgens Young,[1048] slegs

---

1043 Agrawal *Community in Conservation: Beyond Enchantment and Disenchantment* 4.

1044 Nisbet *The Sociological Tradition* 47; Selznick "In Search of Community" 195. Sosiologie is ’n wetenskap toegewy aan die bestudering van die aard, ontwikkeling en struktuur van die menslike samelewing.

1045 Hillery 1955 *Rural Sociology* 119.

1046 Gusfield *Community: A Critical Response* xvii.

1047 Agrawal *Community in Conservation: Beyond Enchantment and Disenchantment* 39. Sien in die algemeen Hillery 1955 *Rural Sociology* 111-123; Stoneall *Country Life, City Life: Five Theories of Community*; Etzioni 1996 *Development and Change* 306. Volgens Hulme en Infield "Community Conservation, Reciprocity and Park-People Relationships: Lake Mburo National Park, Uganda" 111 is die definiëring van die begrip "gemeenskap" inderwaarheid ’n tegniese oefening met politieke dimensies en verskillende belanghebbendes stel verskillende interpretasies voorop wat ’n gewenste uitslag ondersteun.

1048 Young "The Ideal of Community and the Politics of Difference" 302.

oorvleuelende beskrywings van die begrip wat by kontekstuele kruispunte met mekaar ooreenstem.

Linguisties gesproke het die woord "gemeenskap" reeds in die veertiende eeu ontstaan en is dit deur beide die Franse woord *comunenté* en die Latynse woord *communitatem* voorafgegaan waarna die Latynse grondwoord *communis* ontstaan het.[1049] *Communis* verwys na "die gemene" en het later tot die verbuiging "gemeenskap" aanleiding gegee.[1050] Binne dié historiese konteks het "gemeenskap" na ’n georganiseerde liggaam van mense; ’n spesifieke groepering van mense; mense binne ’n spesifieke distrik; die houers van gemeenskaplike belange en goedere; die burgerlike gemeenskap (onderskei van die regering en dié van rang of titel); en ’n gevoel van gemeenskaplike identiteit en eienskappe verwys.[1051] Die kontras tussen gemeenskappe met abstrakte verhoudings en gemeenskappe met intrinsieke of direkte onderliggende verhoudings is deur Tönnies[1052] uitgelig. Tönnies[1053] verwys na die onderskeid tussen die *Gemeinschaft* (die gemeenskap) teenoor die *Gesellschaft* (die breë samelewing).[1054]

"Gemeenskap" word ook funksioneel gedefinieer.[1055] In stede van ’n definisie, onderskei Agrawal[1056] tussen die volgende perspektiewe op "gemeenskap", naamlik:

(a) ’n gemeenskap as ’n eenheid binne ’n bepaalde gebied;[1057]

1049 Williams *Keywords: A Vocabulary of Culture and Society* 39.

1050 Williams *Keywords: A Vocabulary of Culture and Society* 35.

1051 Williams *Keywords: A Vocabulary of Culture and Society* 35, 39.

1052 Sien in die algemeen Tönnies *Gemeinschaft und Gesellschaft: Abhandlung des Communismus und des Socialismus als Empirischer Culturformen*. Sien verder Williams *Keywords: A Vocabulary of Culture and Society* 40; Barrow en Murphree "Community Conservation: From Concept to Practice" 24-25.

1053 Sien in die algemeen Tönnies *Gemeinschaft und Gesellschaft: Abhandlung des Communismus und des Socialismus als Empirischer Culturformen*.

1054 *Gemeinschaft* is in ooreenstemming met die populêre konsep van "die gemeenskap" wat gekenmerk word aan ’n verenigde, intrinsieke, private verhouding tussen ’n groep mense wat binne ’n gebied saam woon en leef. *Gesellschaft* is in ooreenstemming met die konsep van "die breë samelewing" wat gekenmerk word aan ’n kunsmatige groepering van ’n groep mense wat verdeeld is ten spyte van die aanwesigheid van verenigende faktore. Sien Tönnies *Community and Society: Gemeinschaft und Gesellschaft (vertaal en geredigeer deur Loomis CP)* 33, 64-65; Harris (red) *Tönnies Community and Civil Society* 22-91.

1055 Barrow en Murphree *Community Conservation from Concept to Practice: A Practical Framework* 4.

1056 Agrawal *Community in Conservation: Beyond Enchantment and Disenchantment* 15-22.

1057 Sien die algemene bespreking deur Agrawal *Community in Conservation: Beyond Enchantment and Disenchantment* 15.

(b) 'n gemeenskap as 'n sosiale struktuur;[1058]

(c) 'n gemeenskap ingevolge gedeelde belange en norme.[1059]

Agrawal[1060] bevind dat die aanwesigheid en klassifikasie van 'n gemeenskap op een van dié perspektiewe of op 'n kombinasie van die perspektiewe berus. Soortgelyk aan die vorige perspektiewe beskou Bernard,[1061] Kepe[1062] en die *International Institute for Environment and Development*[1063] 'n gemeenskap as 'n territoriale of plekgebonde eenheid,[1064] 'n sosiale of kulturele eenheid,[1065] of 'n ekonomiese eenheid.[1066] Deur 'n kombinasie van die voorgenoemde, kan "gemeenskap" gedefinieer word as 'n menslike entiteit van sosiale verbintenisse wat op kulturele identiteit berus, wat saam binne die afgebakende grense van 'n gebied leef en 'n gemeenskaplike ekonomiese belang in die hulpbronne binne die gebied het.[1067] Ander skrywers[1068] waarsku dat dié kenmerke van 'n gemeenskap staties en 'n vorm van veralgemening is, wat min ruimte vir heterogeniteit laat. 'n Gemeenskap moet eerder as 'n dinamiese entiteit gesien word,

---

1058 'n Gemeenskap word beskou as 'n groepering van huishoudings en karaktereienskappe (bv. etnisiteit, geloof, kaste, sosiale stande, taal).

1059 Sien ook Ascher *Communities and Sustainable Forestry in Developing Countries* 83 waar die skrywer bepaal dat "gemeenskap" vanuit 'n groep individue groei wat met mekaar vereenselwig vanweë ooreenstemmende karaktereienskappe en gedeelde belange.

1060 Agrawal *Community in Conservation: Beyond Enchantment and Disenchantment* 15.

1061 Bernard *The Sociology of Community* 2-5.

1062 Kepe 1999 *Development Southern Africa* 418-421.

1063 International Institute for Environment and Development *Whose Eden? An Overview of Community Approaches to Wildlife Management* 4.

1064 'n Gemeenskap wat 'n territoriale of plekgebonde eenheid vorm, leef en woon saam in dieselfde gebied en gebruik gewoonlik die gebied as 'n middel tot hulle lewensbestaan.

1065 'n Gemeenskap wat 'n sosiale en kulturele eenheid vorm, word onderling deur familieverwantskappe, huwelike, regstelsels, gebruike, gewoontes, gelowe of kennis verbind. Só 'n gemeenskap vorm nie noodwendig 'n territoriale of plekgebonde eenheid nie.

1066 'n Gemeenskap wat 'n ekonomiese eenheid vorm is meestal 'n belangegroep wat 'n gesamentlike belang in 'n bate, aangeleentheid of hulpbron gemeen het. Algemene maatstawwe vir die aanwesigheid van so 'n gemeenskapseenheid is eienaarskap, sosiale stand, ekonomiese klas en die beheer oor en bestuur van 'n hulpbron.

1067 Barrow en Murphree *Community Conservation from Concept to Practice: A Practical Framework* 4; Barrow en Murphree "Community Conservation: From Concept to Practice" 25-26.

1068 Brosius, Lowenhaupt-Tsing en Zerner 1998 *Society and Natural Resources* 159; Kumar 2005 *Community Development Journal* 280-282; Barrow en Murphree *Community Conservation from Concept to Practice: A Practical Framework* 4; Barrow en Murphree "Community Conservation: From Concept to Practice" 25-26; Ascher *Communities and Sustainable Forestry in Developing Countries* 84; Rose 1997 *Cultural Studies* 1-3; Agrawal *Community in Conservation: Beyond Enchantment and Disenchantment* 16. Sien ook in die algemeen Carter, Donald en Squires (reds) *Space and Place: Theories of Identity and Location*.

met kenmerke van onbestendigheid wat deurentyd herdefinieer word.[1069] Die *International Institute for Environment and Development*[1070] bepaal

> [i]t is important to bear in mind, however, that what may appear to be a community on the ground (i.e. in spatial, social, and cultural terms) may in fact be deeply divided in relation to individuals', institutions' and households' interests […]

Hierdie aanhaling beklemtoon dat 'n betrokke gemeenskap teoreties kan voldoen aan die kriteria wat vir 'n gemeenskap gestel is, steeds op verskillende vlakke verdeeld kan wees.

Kumar[1071] beweer dat gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring die nodige trefsekerheid sal ontbreek indien daar op 'n vae definisie van "gemeenskap" gesteun word, aangesien die gemeenskap as die aangewese begunstigde, verbruiker en bestuurder binne hierdie inisiatiewe beskou word. In die soeke na 'n definisie van "gemeenskap" binne die konteks van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring stel Gilmour en Fischer[1072] voor dat 'n gemeenskap gedefinieer moet word as 'n groep mense wat oor 'n gemeenskaplike belang in die biodiversiteit binne 'n spesifieke gebied beskik eerder as om 'n gemeenskap bloot te definieer as 'n homogene groep mense wat saam binne die spesifieke gebied woon.[1073] 'n Soortgelyke definisie is dié van Kothari, Pathak en Vania[1074] wat bepaal dat 'n gemeenskap beskou kan word as mense wat binne 'n gebied woon waar wildspesies en ander natuurlike hulpbronne, waarvan die gemeenskap afhanklik is, aanwesig is en bewaar word. Die afhanklikheid of belang van die gemeenskap manifesteer in die verbruik van natuurlike hulpbronne en wildspesies as lewensmiddele ter oorlewing, as simbole of betekenisvolle gebiede in

---

1069 Roe ea *Evaluating Eden: Exploring the Myths and Realities of Community-Based Wildlife Management* 12; Barrow en Murphree "Community Conservation: From Concept to Practice" 26.

1070 International Institute for Environment and Development *Whose Eden? An Overview of Community Approaches to Wildlife Management* 5.

1071 Kumar 2005 *Community Development Journal* 282.

1072 Gilmour en Fisher *Villagers, Forests, and Foresters: The Philosophy, Process, and Practice of Community Forestry in Nepal* 118.

1073 Sien ook Roe ea *Evaluating Eden: Exploring the Myths and Realities of Community-Based Wildlife Management* 11.

1074 Kothari, Pathak en Vania *Where Communities Care: Community-Based Wildlife and Ecosystem Management in South Asia* 6.

religieuse seremonies en kulturele gebruike, en as toerisme-aantreklikhede wat ekonomiese voordeel inhou.[1075] Singleton en Taylor[1076] bied die volgende definisie:

> We do *not* have in mind a group of people who are necessarily close or well disposed to one another, whose relations are warm or even amicable, but rather a set of people (i) with some shared beliefs, including normative beliefs, and preferences, beyond those constituting their collective action problem, (ii) with a more-or-less stable set of members, (iii) who expect to continue interacting with one another for some time to come, and (iv) whose relations are direct (unmediated by third parties) and multiplex.[1077]

Met hierdie definisie distilleer die skrywers kriteria van 'n gemeenskap wat op die groep se gedeelde norme en voorkeure; groepdinamika en -stabiliteit; deurlopende kommunikasie; en direkte verhoudinge met mekaar gebaseer is. Die skrywers bepaal voorts dat só 'n gemeenskap, ten spyte van persoonlike verskille, meer suksesvol sal wees om hul gesamentlike belange voorop te stel, gesamentlik interne oplossings vir uitdagings te vind en deurlopend die resultate van hul aksies te monitor.[1078] Gemeenskaplike doelwitte en belange bind 'n gemeenskap wat streef na natuurbewaring en natuurlike hulpbronbestuur saam, aangesien die afsonderlike lede 'n mate van individualiteit opoffer ter bereiking van die gesamentlike oogmerke.[1079] Met ander woorde: die essensie van die gemeenskap is in hierdie geval gesetel in gedeelde belange en kollektiewe aksie. "Kollektiewe aksie" word gedefinieer as verskillende vorme van spontane of gekoördineerde gedrag deur 'n gemeenskap of hul verteenwoordigers wat tot die gesamentlike aksie van 'n gemeenskap lei in die nastrewing van 'n spesifieke doelwit of om 'n gemeenskaplike belang te postuleer.[1080] Dit behels verskillende vlakke van gemeenskapskoördinering en -deelname en varieer tussen eenmalige, informele handelinge tot deurlopende ondernemings waar gemeenskapsverteenwoordigers formeel verkies en reëls vasgestel word.[1081] Dit is

---

1075 Breen (red) *Community-Based Natural Resource Management in Southern Africa: An Introduction* 9.

1076 Singleton en Taylor 1992 *Journal of Theoretical Politics* 315.

1077 Beklemtoning deur die skrywers.

1078 Singleton en Taylor 1992 *Journal of Theoretical Politics* 315-316.

1079 Kiss *Living with Wildlife: Wildlife Resource Management with Local Participation in Africa* 9.

1080 Scott en Marshall *A Dictionary of Sociology* 96-97; Sandler *Collective Action: Theory and Applications* 1, 19; Ensminger *Making a Market: The Institutional Transformation of an African Society* 30.

1081 Knox en Meinzen-Dick *Collective Action, Property Rights, and Devolution of Natural Resource Management: Exchange of Knowledge and Implications for Policy* 7.

onduidelik of daar objektiewe maatstawwe bestaan om vas te stel of ’n gemeenskap in staat is om tot kollektiewe aksie oor te gaan. Weens die spontaniteit van die onderliggende gekoördineerde gedrag onder die gemeenskapslede, blyk dit dat die moontlikheid of aanwesigheid van kollektiewe aksie slegs ingevolge die gemeenskap se eie subjektiewe maatstawwe vasgestel kan word.

3.3.2.2 Die begrip "-gebaseerd"

Western en Wright[1082] definieer die konsep van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring as natuurbewaring deur, ten bate van en in samewerking met die gemeenskap. Die bepaling in hierdie definisie dat natuurbewaring "deur" die gemeenskap geskied is oop vir waninterpretasie. Dienaangaande bepaal Roe ea[1083] dat die term "gemeenskaps*gebaseerd*"[1084]moontlik ’n verkeerde konseptuele benaming is wat wanindrukke kan skep. Hulme en Murphree[1085] bied waardevolle verheldering in hierdie verband:

> It must be noted that the commonly held notion that community-oriented approaches are replacing earlier conservation approaches is too simplistic. While community conservation indicates a shift of authority (and management and benefits) to local residents, they remain part of a regional, national and international framework in which a variety of organisations and institutions play a role. In particular, while community-oriented approaches have important implications for the state it is unlikely that they will lead to the cessation of state management of protected areas and/or [wild] species that are judged to be of national or international importance. Rather, community conservation is being integrated with law enforcement and other forms of conservation.

Hierdie aanhaling weerlê die konvensionele aanname dat gemeenskapsgebaseerde inisiatiewe tradisionele natuurbewaringsinisiatiewe vervang en dienooreenkomstig die regering se rol in natuurbewaring geheel tot niet maak. Volgens hierdie waarneming word daar inderdaad in die proses magte en verantwoordelikhede aan die gemeenskap oorgedra, maar in die groter bestek speel gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring ’n ondersteunende rol en vind dit toepassing binne die bestaande regsraamwerk van

---

1082 Western en Wright "The Background to Community-Based Conservation" 7.

1083 Roe ea *Evaluating Eden: Exploring the Myths and Realities of Community-Based Wildlife Management* 14.

1084 Eie beklemtoning.

1085 Hulme en Murphree "Community Conservation in Africa: An Introduction" 5.

natuurbewaring en in samewerking met ander rolspelers. Abbot[1086] beklemtoon dat gemeenskappe maar een van die rolspelers of belanghebbendes in gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring is.

In 'n oorsig van Zimbabwe se welslae met die CAMPFIRE-inisiatief maak Hasler[1087] dieselfde bevinding, naamlik dat gemeenskapsgebaseerde natuurbewaringsinisiatiewe nie alleen op die rol en insette van die gemeenskap gebaseer is nie, maar eerder berus op samewerkende verbintenisse, gesamentlike ooreenkomste, die erkenning van regte en verantwoordelikhede en die balansering van magte onder die gemeenskap, ander belanghebbendes en die verskillende vlakke van regering.[1088] Vanuit hierdie oogpunt is samewerkende bestuur[1089] (ook bekend as medebestuur,[1090] gesamentlike bestuur,[1091] deelnemende bestuur[1092] of konferensietafel-ooreenkomste[1093]) 'n sentrale dominante faktor in gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring.[1094] Vir die doeleindes van hierdie proefskrif word die term "gemeenskaps*gebaseerde* natuurbewaring" behou met dien verstande dat dit nie alleenlik op die gemeenskap se inisiatief en insette gebaseer is of "deur"[1095] die gemeenskap onderneem word nie, maar eerder in *samewerking* met die gemeenskap as kernrolspelers op voetsoolvlak.[1096]

3.3.2.3 Die begrip "natuurbewaring"

Aangaande "natuurbewaring" bepaal Leopold:[1097]

1086 Abbot ea *Promoting Partnerships: Managing Wildlife Resources in Central and West Africa* 21.
1087 Hasler *An Overview of the Social, Ecological and Economic Achievements and Challenges of Zimbabwe's CAMPFIRE Programme* 7.
1088 Sien ook Abbot ea *Promoting Partnerships: Managing Wildlife Resources in Central and West Africa* 174.
1089 Anders gestel: "collaboration" of "collaborative management".
1090 Anders gestel: "co-management".
1091 Anders gestel: "joint management".
1092 Anders gestel: "shared management".
1093 Anders gestel: "round-table agreements".
1094 Borrini-Feyerabend *Collaborative Management of Protected Areas: Tailoring the Approach to the Context* 12; Renard "Collaborative Management for Conservation" 65; Barrow en Murphree *Community Conservation from Concept to Practice: A Practical Framework* 9. Sien 3.3.3 van die proefskrif.
1095 Western en Wright "The Background to Community-Based Conservation" 7.
1096 Sien in hierdie verband die redenasie deur Roe ea *Evaluating Eden: Exploring the Myths and Realities of Community-Based Wildlife Management* 14.
1097 Leopold *A Sand County Almanac and Sketches Here and There* 207, 210, 224-225.

> Conservation is a state of harmony between men and land. [C]onservation still proceeds at a snail's pace; progress still consists largely of letterhead pieties and convention oratory. Conservation is paved with good intentions which prove to be futile… [W]e still slip two steps backward for each forward stride. A thing is right when it tends to preserve the integrity, stability, and beauty of the biotic community. It is wrong when it tends otherwise. In our attempt to make conservation easy, we have made it trivial.

Die sukses van natuurbewaring word per slot van rekening deur die maatstawwe van die biologiese wetenskappe vasgestel.[1098] Desnieteenstaande is natuurbewaring 'n menslike onderneming, selfs 'n sosiale beweging, wat poog om in die mensdom sekere waardes aangaande die onvervangbare waarde van biodiversiteit te ontwikkel of te hervestig.[1099] As sodanig is ontwikkeling binne die gebied stadig[1100] en bestaan daar heftige politieke en akademiese debatte betreffende die aard, omvang en uiteindelike doelwitte daarvan.[1101] In breë trekke word twee uitgangspunte, eerder as definisies, ten opsigte van natuurbewaring onderskei. Die eerste is 'n tradisionele biosentriese uitgangspunt, byna misantropies, wat bepaal dat mense en die natuur liefs van mekaar geskei moet wees om uitsluitlik biologiese interaksies, ekologiese prosesse en funksies, genetiese diversiteit, natuurlike habitats, en fauna- en florabevolkings te bewaar.[1102] Die ander uitgangspunt, ook bekend as "nuwe natuurbewaring"[1103] of "moderne natuurbewaring",[1104] is antroposentries van aard en stipuleer dat die natuur die grondslag van menslike bestaan is. Daarom moet sosio-ekonomiese faktore in berekening gebring word wanneer die aard, omvang en doelwitte van natuurbewaring vasgestel word.[1105]

Dié twee uitgangspunte kom selfs na vore binne verskillende taalkundige verklarings van die betekenis van "natuurbewaring". Volgens die *Verklarende Afrikaanse*

1098 Alcorn 1994 *Etnoecológica* (hierdie is 'n elektroniese joernaalartikel sonder bladsynommers).

1099 Jepson en Canney 2001 *Global Ecology and Biogeography* 225; Jepson en Whittaker 2002 *Environment and History* 130; Jepson en Canney 2003 *Global Ecology and Biogeography* 271.

1100 Leopold *A Sand County Almanac and Sketches Here and There* 207, 210, 224-225.

1101 Alcorn "Dances Around the Fire: Conservation Organisations and Community-Based Natural Resource Management" 38.

1102 Borrini-Feyerabend en Tarnowski "Participatory Democracy in Natural Resource Management: A 'Columbus's Egg'?" 69; International Union for Conservation of Nature *IUCN Technical Guidelines on the Management of Ex-situ Populations for Conservation* 1.

1103 Soulé 2013 *Conservation Biology* 895.

1104 Bailey (red) *The Facts on File Dictionary of Ecology and the Environment* 54.

1105 Borrini-Feyerabend en Tarnowski "Participatory Democracy in Natural Resource Management: A 'Columbus's Egg'?" 69;

Woordeboek[1106] is die alledaagse betekenis van "natuurbewaring" die "[b]eskerming/beveiliging/versorging van die lewensbodem, flora en fauna sodat die natuur kan bly soos dit is." Soortgelyk hieraan, verwys "natuurbewaring" volgens die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*,[1107] na "[a]lles wat in werking gestel word om die natuur in sy ongerepte toestand te hou." Die gedeeltes "sodat die natuur kan bly soos dit is" en "om die natuur in sy ongerepte toestand te hou" dui op die biosentriese sieninge van tradisionele bewaringsgesindes dat biodiversiteit suiwer volgens 'n biologies-gebaseerde model bewaar moet word.[1108] Ingevolge die *Elektroniese Woordeboek van die Afrikaanse Taal*[1109] word beide die biosentriese sowel as die antroposentriese uitgangspunt teenoor natuurbewaring gekonstateer deur "natuurbewaring" te interpreteer as die "oordeelkundige benutting", "sistematiese beskerming en bewaring", "instandhouding", "kontrole oor" en die "behoud van" biodiversiteit. Met die element van "oordeelkundige benutting" word die antroposentriese uitgangspunt geopenbaar wat ook daarop kan dui dat biodiversiteit volgens juiste insig verbruik moet word om ook tot die beskikking van toekomstige geslagte te wees,[1110] terwyl die gedeelte "behoud van" biodiversiteit die biosentriese uitgangspunt omvat wat op die bewaring van biodiversiteit in 'n natuurlike staat kan dui.

'n Regsdefinisie van "natuurbewaring" is skaars.[1111] Die *Convention on the Conservation of Migratory Species of Wild Animals* (1979); *African Convention on the Conservation of Nature and Natural Resources* (1968) sowel as die *Revised African Convention on the Conservation of Nature and Natural Resources* (2003) gebruik byvoorbeeld die term "conservation" in die name van die konvensies, maar bied nie 'n definisie daarvoor nie.[1112] Die laasgenoemde twee Afrika-konvensies handel met die

---

1106 Labuschagne en Eksteen *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* 764.
1107 Odendal en Gouws (reds) *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* 749.
1108 Sien in die algemeen Soulé 2013 *Conservation Biology* 895-896; Sandbrook 2015 *Oryx* 565.
1109 Botha (red) *Elektroniese Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (hierdie is 'n elektroniese hulpbron sonder bladsynommers).
1110 Hierdie aspek mag ook aansluiting vind by die konsep van "volhoubare verbruik".
1111 Birnie, Boyle en Redgwell *International Law and the Environment* 588-590.
1112 Artikel 1 van die *Convention on the Conservation of Migratory Species of Wild Animals* (1979); a 2 van die *African Convention on the Conservation of Nature and Natural Resources* (1968); en a 2 van die *Revised African Convention on the Conservation of Nature and Natural Resources* (2003) bevat geen interpretasie of definisie van die term "conservation" nie.

begrip op 'n dubbelsinnige, onduidelike wyse deur terme soos "conservation",[1113] "utilisation",[1114] "management",[1115] "sustainable use"[1116] en "protection"[1117] naas mekaar binne verskillende kontekste te gebruik.[1118] Birnie, Boyle en Redgwell[1119] skat dat internasionale verdrae en streekskonvensies die betekenis van die term "natuurbewaring" oop laat vir interpretasie en dat die aard, omvang en betekenis van die term in doelwitte en maatreëls wat uit die verdrae en konvensies voortvloei, moet deursyfer. Artikel 1 van die *SADC Protocol on Wildlife Conservation and Law Enforcement* (1999) bevat wel 'n definisie van "conservation":

> "conservation" means the protection, maintenance, rehabilitation, restoration and enhancement of wildlife and includes the management of the use of wildlife to ensure the sustainability of such use.[1120]

Die definisie bevat 'n opeenhoping van neweskikkende terme naamlik "beskerming", "instandhouding", "rehabilitasie", "restourasie", "verbetering" en die "bestuur van verbruik" (van wildspesies) wat moontlik kan deel uitmaak van die begrip "natuurbewaring". Volgens Olver, Shuter en Minns[1121] behoort "restourasie" en "verbetering" eerder nie deel uit te maak van 'n definisie van natuurbewaring nie ten einde die funksionele kontinuïteit van ekostelsels en wildspesiepopulasies te handhaaf. Ware restourasie, of anders gestel die herstel van 'n ekostelsel na die aanvanklike toestand, word as hoogs kompleks of selfs feitlik onmoontlik geag,[1122] terwyl enige poging tot die skielike verbetering of verandering van die natuurlike drakrag van 'n ekostelsel die struktuur en funksie van die ekostelsel kan verswak.[1123] Wat die menslike verbruik van biologiese komponente betref, bepaal Olver, Shuter en Minns,[1124] dat

---

1113 Anders gestel: "natuurbewaring".
1114 Anders gestel: "benutting".
1115 Anders gestel: "bestuur".
1116 Anders gestel: "volhoubare verbruik".
1117 Anders gestel: "beskerming".
1118 Van Heijnsbergen *International Legal Protection of Wild Fauna and Flora* 47. Sien bv. die aanhef en a 2 van die *African Convention on the Conservation of Nature and Natural Resources* (1968); aanhef en a 2 van die *African Convention on the Conservation of Nature and Natural Resources* (2003).
1119 Birnie, Boyle en Redgwell *International Law and the Environment* 588-589.
1120 Artikel 1 van die *SADC Protocol on Wildlife Conservation and Law Enforcement* (1999).
1121 Olver, Shuter en Minns 1995 *Canadian Journal of Fisheries and Aquatic Sciences* 1587.
1122 Francis ea (reds) *Rehabilitating Great Lakes Ecosystems* 15; Meffe 1995 *Journal of Great Lakes Research* 3.
1123 Olver, Shuter en Minns 1995 *Canadian Journal of Fisheries and Aquatic Sciences* 1587.
1124 Olver, Shuter en Minns 1995 *Canadian Journal of Fisheries and Aquatic Sciences* 1587.

natuurbewaring 'n beperking, of in sommige gevalle 'n verbod, op die verbruik van biologiese komponente moet vereis ten einde die volhoubaarheid van die ekostelsel of wildspesiepopulasie te verseker. Natuurbewaring moet dus nie volhoubare verbruik as sentrale leerstelling voorhou nie, maar moet eerder die grense, vereistes en maatreëls vir die bestuur en regulering van volhoubare verbruik stel sodat toekomstige geslagte ook die voordeel daarvan kan geniet.[1125]

Drie begrippe, naamlik "beskerming",[1126] "preservering"[1127] en "bewaring"[1128] kom ook algemeen in internasionale regsinstrumente aangaande biodiversiteit voor.[1129] Elkeen van hierdie begrippe is sinryk en die onderskeie betekenisse is belangrik binne die regsomvang van die betrokke internasionale instrumente waarin hierdie begrippe gevind kan word.[1130] Van Heijnsbergen[1131] evalueer die gebruik van die begrippe in internasionale instrumente en stel die afsonderlike betekenisse van elkeen vas.

"Beskerming" verwys na 'n voorkomende of afwerende reaksie op 'n bedreiging of nadeel wat skade aan bestaande sowel as toekomstige biodiversiteit kan berokken.[1132] "Beskerming" kan ook 'n etiese konnotasie hê waar weerlose wildspesies beskerming teen menslike gevare benodig.[1133] Aktiviste vir dierebeskerming gebruik die term "beskerming" binne die konteks van diereregte en -welsyn en verbind hulself soms aan ekstreme morele doelwitte soos die bekamping van dieremishandeling; afskaffing van gebruik van diere in wetenskaplike eksperimente, produktoetsing en sirkusse; die ontbinding van kommersiële veeboerdery; en die beëindiging van trofeejag.[1134]

1125 Olver, Shuter en Minns 1995 *Canadian Journal of Fisheries and Aquatic Sciences* 1587; World Resources Institute, World Conservation Union en United Nations Environment Programme *Global Biodiversity Strategy: Guidelines for Action to Save, Study, and Use Earth's Biotic Wealth Sustainably and Equitably* 5.

1126 Anders gestel: "protection".

1127 Anders gestel: "preservation".

1128 Anders gestel: "conservation".

1129 Van Heijnsbergen *International Legal Protection of Wild Fauna and Flora* 43.

1130 Van Heijnsbergen *International Legal Protection of Wild Fauna and Flora* 43.

1131 Van Heijnsbergen *International Legal Protection of Wild Fauna and Flora* 43-52.

1132 Sien byvoorbeeld a 1-4 van die *International Convention for the Protection of Birds* (1950) wat bepaal dat voëls ekstra beskerming moet geniet gedurende die broei- en migrasieseisoen wanneer hulle meer weerloos as ander tye is. Van Heijnsbergen *International Legal Protection of Wild Fauna and Flora* 43.

1133 Van Heijnsbergen *International Legal Protection of Wild Fauna and Flora* 43.

1134 Regan "A Case for Animal Rights" 179.

"Preservering" vereis, volgens van Heijnsbergen,[1135] bestendige maatreëls geskoei op ekologiese beginsels wat daarop gerig is om dringende of dreigende kwessies wat biodiversiteit in gevaar stel om uit te sterf, te beredder.[1136] Cosijn[1137] sluit hierby aan deur te bepaal dat "preservering" verwys na die beveiliging van biodiversiteit teen oormatige menslike uitbuiting wat tot die uitsterwing van sekere spesies kan lei. Makombe[1138] bepaal dat "preservering" 'n negatiewe historiese konnotasie dra weens die blywende trefwydte van die fort-natuurbewaringsmodel wat bepaal dat biodiversiteit totaal onaangeraak gelaat moet word.[1139] Makombe[1140] beskryf "preservering" eerder as 'n positiewe konsep, wat dui op die bewaking, beskutting en instandhouding van biodiversiteit teen misbruik en onvolhoubare ontginning ten bate van toekomstige geslagte. Duffy[1141] bepaal dat "preservering" dikwels gepaard gaan met 'n totale verbod op die verbruik van spesifieke biologiese komponente. Terwyl "preservering" bepaalde maatreëls voorskryf wat op wetenskaplike kennis gegrond is om die afname en uitsterwing van wildspesies te voorkom, vel dit geen beslissing oor die spesifieke aard en inhoud van die nodige wetgewende norme, bepalings, maatreëls, regulasies en strategieë waarvolgens biodiversiteit bestuur moet word om dié afname of uitwissings te voorkom nie.[1142]

Luidens Van Heijnsbergen[1143] is "bewaring", of anders gestel "natuurbewaring", die mees uitgebreide en gedetailleerde konsep van die drie begrippe. Ingevolge die

---

1135 Van Heijnsbergen *International Legal Protection of Wild Fauna and Flora* 44.

1136 Sien byvoorbeeld die aanhef van die *Convention Relative to the Preservation of Fauna and Flora in their Natural State* (1933) (ook bekend as die Londen-Konvensie van 1933) wat bepaal dat sekere biodiversiteit in Afrika binne gevaar verkeer om permanente skade te ly of om uit te sterf en dat bestendige wetgewende maatreëls en regulasies in plek gestel moet word om dié biodiversiteit te preserveer. Die Londen-Konvensie van 1933 is op die *Convention for the Preservation of Wild Animals, Birds and Fish in Africa* (1900) (ook bekend as die Londen-Konvensie van 1900) gebaseer wat nooit in werking getree het nie. Die ondertekenaars van die Londen-Konvensie van 1933 is België, Egipte, Frankryk, Italië, die Anglo-Egiptiese Soedan, die destydse Unie van Suid-Afrika en die Verenigde Koninkryk (asook die afhanklike kolonies). Die Londen-Konvensie van 1933 deur die *African Convention on the Conservation of Nature and Natural Resources* (1968) vervang.

1137 Cosijn *An Analysis of Key Terms of the World Conservation Strategy* 13.

1138 Makombe *Sharing the Land: Wildlife, People and Development in Africa* 5.

1139 Sien 3.2.1 van die proefskrif.

1140 Makombe *Sharing the Land: Wildlife, People and Development in Africa* 5.

1141 Duffy *Killing for Conservation: Wildlife Policy in Zimbabwe* 1.

1142 Van Heijnsbergen *International Legal Protection of Wild Fauna and Flora* 44.

1143 Van Heijnsbergen *International Legal Protection of Wild Fauna and Flora* 45.

reglement van die *International Union for the Conservation of Nature*[1144] word die begrip gedefinieer as die preservering en bestuur van die mensdom se natuurlike omgewing en die aarde se hernubare natuurlike hulpbronne wat die fondasie van die menslike beskawing is. Die *United Nations Environment Programme*, in samewerking met die *World Conservation Monitoring Centre*,[1145] bepaal dat dit na die aktiewe bestuur, handhawing en volhoubare verbruik van biodiversiteit verwys.[1146] Die element van belang in hierdie definisies is dat natuurbewaring na die *bestuur* van biodiversiteit verwys en óf op preservering óf op volhoubare verbruik gerig kan wees. "Volhoubare gebruik" word ingevolge artikel 2 van die *Convention on Biological Diversity* (1992) gedefinieer as die verbruik van biodiversiteitskomponente op 'n wyse en teen 'n koers wat nie tot die langtermynafname van biodiversiteit lei nie en sodoende die potensiaal behou om in die behoeftes en verwagtinge van huidige en toekomstige geslagte te voorsien.[1147] Die sogenaamde bestuurskomponent van natuurbewaring is in verskillende wetgewende bepalings, maatreëls, strategieë en beleide gesetel.[1148] Anders gestel is natuurbewaring sinoniem met die bestuur van biodiversiteit; dit is diep in regsbepalings en -beleid deur middel van beplanning- en moniteringsmeganismes gewortel. Bailey[1149] se definisie van "natuurbewaring" brei verder op die voorgenoemde denkrigting uit:

> [Conservation is] the management of wild plants and animals or other natural resources to ensure their survival for use by future generations. This may involve the maintenance of particular natural habitats and the control of environmental quality. Modern conservation has to consider people as part of natural ecosystems, and to balance the needs of the wild fauna and flora against the social and economic needs of local people to promote the sustainable use of resources. Conservation usually aims to preserve biodiversity, but may on occasion focus on the survival of a particular endangered species, including such measures as captive breeding or seed and gene banks.

1144 International Union for Conservation of Nature *Statutes, Including Rules of Procedure of the World Conservation Congress, and Regulations* 1.

1145 United Nations Environment Programme en World Conservation Monitoring Centre 2014 http://bit.ly/2Eh66rx.

1146 Sien ook Allaby en Park (reds) *A Dictionary of Environment and Conservation* 93; Allaby (red) *A Dictionary of Ecology* 48, 87.

1147 Artikel 2 van die *Convention on Biological Diversity* (1992).

1148 Scholtz 2005 *Macquarie Journal of International and Comparative Environmental Law* (hierdie is 'n elektroniese joernaalartikel sonder bladsynommers); Van Heijnsbergen *International Legal Protection of Wild Fauna and Flora* 46.

1149 Bailey (red) *The Facts on File Dictionary of Ecology and the Environment* 54.

By nadere ondersoek openbaar die definisie dat natuurbewaring op verskillende maatreëls, benaderings en bestuurskomponente (anders gestel: beplanning- en moniteringsmeganismes) gegrond is. 'n Onderskeid word tussen *in situ* en *ex situ* natuurbewaringsmaatreëls getref.[1150] *In situ* natuurbewaringsmaatreëls voorsien in die bewaring van ekostelsels en natuurlike habitats en die handhawing of herstel van lewensvatbare wildspesiebevolkings in hul natuurlike omgewing, en in die geval van huisdiere of geteelde wildspesies, in die omgewing waar hulle die kenmerkende eienskappe ontwikkel het.[1151] *Ex situ* natuurbewaringsmaatreëls voorsien in die bewaring van sekere komponente van biodiversiteit buite hul natuurlike habitats.[1152] Die voorgenoemde word as besondere of buitengewone tegnieke geag om die oorlewing van kritiek bedreigde wildspesies en genetiese materiaal te verseker.[1153] Die *International Union for the Conservation of Nature*[1154] benadruk dat die eintlike doel van natuurbewaring is om genetiese diversiteit, biologiese interaksies en ekologiese prosesse en funksies in hul natuurlike omgewing in stand te hou en te preserveer (*in situ* natuurbewaringsmaatreëls); nogtans, vanweë toenemende druk op *in situ* biodiversiteitsgetalle, moet kenners en besluitnemers realistiese en geïntegreerde benaderings ten opsigte van natuurbewaring implementeer wat beide *in situ* sowel as *ex situ* natuurbewaringsmaatreëls kombineer.

1150 Artikel 2, 8 en 9 van die *Convention on Biological Diversity* (1992).

1151 Sien die definisie van "*in situ* conservation" in a 2 van die *Convention on Biological Diversity* (1992). *Ex situ* natuurbewaringsmaatreëls fokus op die vestiging van 'n stelsel van bewaringsgebiede waar spesiale maatreëls getref word om biodiversiteit te bewaar.

1152 Sien die definisie van "*ex situ* conservation" in a 2 van die *Convention on Biological Diversity* (1992).

1153 International Union for Conservation of Nature *IUCN Technical Guidelines on the Management of Ex-situ Populations for Conservation* 1, 4. *Ex situ* natuurbewaringsmaatreëls is op die preservering van beide fauna- en florabevolkings gerig. Die tegnieke wissel na gelang van die unieke eienskappe van die betrokke wildspesie of genetiese materiaal wat bewaring verlang. *Ex situ* plantversamelings bestaan bv. uit saad-, stuifmeel-, geen- en spruitbanke, en botaniese tuine. *Ex situ* tegnieke van toepassing op die preservering van dierebevolkings, sluit bv. die berging van embrio's, semen, eierselle, genetiese monsters en gekontroleerde teelprogramme of die hervestiging van wildspesies in dieretuine, bewaringsgebiede of privaat reservate in. Kundiges opper egter bekommernisse van 'n etiese aard betreffende die toepaslikheid en regverdiging van moderne teling- en herintroduksieprogramme. Sien in die algemeen Bowkett 2009 *Conservation Biology* 773–776; Maxted "In Situ, Ex Situ Conservation" 318-320; Balmford, Leader-Williams en Green 1995 *Biodiversity and Conservation* 595-607.

1154 International Union for Conservation of Nature *IUCN Technical Guidelines on the Management of Ex-situ Populations for Conservation* 1.

Daar word verder tussen spesiegebaseerde natuurbewaring en areagebaseerde natuurbewaring onderskei. Spesiegebaseerde natuurbewaring fokus op die bewaring van geïdentifiseerde wildspesies wat bewaring op internasionale, streeks- of nasionale vlak verlang vanweë hul bewaringstatus.[1155] Hierdie wildspesies word oor die algemeen as kritiek bedreigde, bedreigde, kwesbare of beskermde spesies geklassifiseer volgens 'n stel gestandaardiseerde wetenskaplike kriteria, waarna daar op 'n *modus operandi* besluit word om die wildspesie op grond van sig bewaringstatus te bewaar.[1156] Die *modus operandi* kan beide *in situ* sowel as *ex situ* beplanning- en moniteringsmeganismes van natuurbewaring insluit.[1157] Areagebaseerde natuurbewaring fokus op die bewaring van wildspesies, unieke ekostelsels en habitats binne afgebakende bewaringsgebiede (insluitende buffersones) volgens *in situ* natuurbewaringsmaatreëls wat toegang en toelaatbare aktiwiteite binne die gebied streng reguleer.[1158] 'n Bewaringsgebied word gedefinieer as 'n duidelik gedefinieerde geografiese ruimte, wat regtens of deur ander effektiewe wyses erken en bestuur word, om die langtermynbewaring van die natuur en verwante ekostelsels en kultuurwaardes te bewerkstellig.[1159] Die tradisionele benadering tot bewaringsgebiede is egter onlangs deur toenemende erkenning van "ander effektiewe area-gebaseerde natuurbewaringsmaatreëls"[1160] uitgebrei.[1161] By die 10de Konferensie van die Partye[1162] van die *Convention on Biological Diversity* (1992) het die partye ooreengekom op die

---

1155 Paterson "Biological Diversity" 523.

1156 Sien bv.International Union for Conservation of Nature 2018 www.iucnredlist.org (die lys is op 'n internetplatform beskikbaar); GK R151 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Lists of Critically Endangered, Endangered, Vulnerable and Protected Species*, 2007), gewysig deur GK R1187 in SK 30568 van 14 Desember 2007 (*Amendment of Critically Endangered, Endangered, Vulnerable and Protected Species List,* 2007).

1157 Paterson "Biological Diversity" 523. In situ beplanning- en moniteringsmeganismes in hierdie verband sluit bv. biodiversiteitbestuursplanne, identifisering van beperkte en verbode handelinge, permitstelsels en norme en standaarde wat spesifiek op die bewaring van 'n betrokke wildspesie in sy natuurlike habitat gerig is. Ex situ beplanning- en moniteringsmeganismes sluit bv. die verskuiwing van wildspesies na botaniese tuine, bewaringsgebiede of privaat wildreservate in.

1158 Algotsson "Biological Diversity" 114; Paterson "Biological Diversity" 523.

1159 Dudley *Guidelines for Applying Protected Area Management Categories* 8-9.

1160 Anders gestel: "other area-based conservation measures".

1161 Paterson "Biological Diversity" 523.

1162 Anders gestel: "10th Conference of the Parties" (COP10).

Strategic Plan for Biodiversity (2011-2020) tesame met die *Aichi Biodiversity Targets.*[1163] Teiken 11 van laasgenoemde dokument bepaal dat

> [b]y 2020, at least 17 percent of terrestrial and inland water areas, and 10 percent of coastal and marine areas, especially areas of particular importance for biodiversity and ecosystem services, are conserved through effectively and equitably managed, ecologically representative and well connected systems of protected areas and *other effective area-based conservation measures*, and integrated into the wider landscapes and seascapes.[1164]

Teiken 11 bevat die eerste internasionale verwysing na die term "ander effektiewe area-gebaseerde natuurbewaringsmaatreëls".[1165] Sedertdien is uiteenlopende internasionale gesprekke gevoer en besluite geneem oor die toepaslike manier om hierdie nuwe term prakties uit te brei en aan te wend.[1166] Die *International Union for the Conservation of Nature* en die *World Commission on Protected Areas*[1167] stel konsepriglyne voor vir die erkenning en rapportering van ander effektiewe areagebaseerde natuurbewaringsmaatreëls. Die *International Union for the Conservation of Nature* en die *World Commission on Protected Areas*[1168] se voorgestelde definisie vir "ander effektiewe areagebaseerde natuurbewaringsmaatreëls" is ook in die konsepriglyne opgeneem en lui soos volg:

> A geographically defined space, not recognised as a protected area, which is governed and managed over the long-term in ways that deliver the effective in-situ conservation of biodiversity, with associated ecosystem services and cultural and spiritual values.

Jonas ea[1169] identifiseer kernelemente van ander effektiewe areagebaseerde natuurbewaringsmaatreëls vanuit die voorgestelde definisie, naamlik: (a) geldende

---

1163 Decision X/2 "The Strategic Plan for Biodiversity 2011-2020 and the Aichi Biodiversity Targets" 10th Meeting of the Conference of the Parties to the *Convention on Biological Diversity* (2010) http://bit.ly/2rLx7vX.

1164 Decision X/2 "The Strategic Plan for Biodiversity 2011-2020 and the Aichi Biodiversity Targets" 10th Meeting of the Conference of the Parties to the *Convention on Biological Diversity* (2010) http://bit.ly/2rLx7vX.

1165 Jonas ea 2018 *Parks* 9.

1166 Sien in die algemeen Lopoukhine en Dias 2012 *Parks* 5-8; Woodley ea 2012 *Parks* 23-36; Jonas ea 2014 *Parks* 111-128; Gannon ea 2017 *Parks* 13-26; Jonas ea 2018 *Parks* 9-16.

1167 International Union for Conservation of Nature en World Commission on Protected Areas *(Draft) Guidelines for Recognising and Reporting Other Effective Area-based Conservation Measures*.

1168 International Union for Conservation of Nature en World Commission on Protected Areas *(Draft) Guidelines for Recognising and Reporting Other Effective Area-based Conservation Measures* 14.

1169 Jonas ea 2018 *Parks* 10-12.

maatreëls binne 'n geografies vasgestelde gebied; (b) die gebied vorm tans nie 'n bewaringsgebied nie; (c) bestuur van die gebied word deur 'n vasgestelde owerheid of entiteit onderneem; (d) effektiewe en volhoubare *in situ* natuurbewaringsresultate is waarneembaar; en (e) daar word verwag dat die onderneming deurlopend en langtermyn sal bestaan. Terwyl voortgesette navorsing en gesprekke aangaande 'n aanvaarbare definisie en riglyne vir ander effektiewe area-gebaseerde natuurbewaringsmaatreëls steeds onderneem word, bepaal Paterson[1170] dat die konsep reeds 'n wesenlike uitbreiding op die tradisionele benadering tot bewaringsgebiede is.

Volgens die definisie van "natuurbewaring" deur Bailey[1171] kan die bestuurskomponente van natuurbewaring, byvoorbeeld die instandhouding van habitats en die handhawing van en kontrole oor omgewingskwaliteit insluit. Die lys van beplanning- en moniteringsmeganismes, beide op nasionale sowel as provinsiale vlak, kan onder meer uitgebrei word[1172] na nasionale biodiversiteitsplanne;[1173] voorgeskrewe wildspesieoorlewingstaktieke en biodiversiteitbestuursplanne;[1174] norme en standaarde vir die bestuur van spesifieke fauna- en floraspesies;[1175]

1170 Paterson "Biological Diversity" 524.

1171 Bailey (red) *The Facts on File Dictionary of Ecology and the Environment* 54.

1172 Sien in die algemeen die *Convention on Biological Diversity* (1992); Glazewski en Paterson "Biodiversity, Genetic Modification and the Law" 270-279; Glazewski en Paterson "Biodiversity, Genetic Modification and the Law" 13.5.3; Algotsson "Biological Diversity" 109-124; Paterson "Biological Diversity"553-564; Paterson "Biodiversity" 739-746; Klemm en Shine *Biological Diversity Conservation and the Law: Legal Mechanisms for Conserving Species and Ecosystems*.

1173 Sien bv.GK R813 in SK 32474 van 3 Augustus 2009 (*National Biodiversity Framework*, 2009).

1174 Sien bv. GK R214 in SK 31968 van 2 Maart 2009 (*Norms and Standards for Biodiversity Management Plans for Species*, 2009); AK 1190 in SK 39468 van 2 Desember 2015 (*Biodiversity Management Plan for the African Lion (Panthera Leo),* 2015); AK 19 in SK 41393 van 23 Januarie 2018 (*Non-detriment Finding Assessment of Panthera Leo (African Lion)*, 2018); GK R49 in SK 36096 van 25 Januarie 2013 (*Biodiversity Management Plan for the Black Rhinoceros (Diceros Bicornis) in South Africa 2011-2020*); GK R824 in SK 36966 van 31 Oktober 2013 (*African Penguin Biodiversity Management Plan*, 2013); GK R350 in SK 37620 van 8 Mei 2014 (*Biodiversity Management Plan for the Bearded Vulture (Gypaetus Barbatus Meridionalis) for Southern Africa,* 2014); AK 1191 in SK 39469 van 2 Desember 2015 (*Biodiversity Management Plan for White Rhinoceros (Ceratotherium Simum)*, 2015); GK R214 in SK 41498 van 16 Maart 2018 (*Biodiversity Management Plan for the Cape Mountain Zebra (Equus Zebra Zebra) in South Africa*, 2018).

1175 Sien bv.GK R214 in SK 31968 van 2 Maart 2009 (*Norms and Standards for Biodiversity Management Plans for Species* (2009)); GK R83 in SK 37302 van 7 Februarie 2014 (*Norms and Standards for Biodiversity Management Plans for Ecosystems* (2014)); GK R304 in SK 35248 van 10 April 2012 gewysig deur GK R961 in SK 41913 van 21 September 2018 (*Norms and Standards for the Marking Rhinoceros Horn and Hunting of White Rhinoceros for Trophy Hunting Purposes* (2018)); GK R456 in SK 34326 van 27 Mei 2011 (*Norms and Standards for Hunting Methods* (2011)); GK R251 in SK

handelregulering;[1176] riglyne vir bioprospektering en tradisionele kennis;[1177] verwydering en vernietiging van uitheemse en indringerspesies;[1178] jag- en visserypermitte;[1179] die identifisering van beperkte en verbode handelinge;[1180] en die lys van beskermde en bedreigde spesies.[1181].

30833 van 29 Februarie 2008 (*National Norms and Standards for the Management of Elephants in South Africa* (2008)). Die waarnemende Minister van Omgewingsake, mnr. Derek Hanekom, het op 2 November 2018 konsepwysigings aan die *National Norms and Standards for the Management of Elephants in South Africa*, 2008 voorgestel wat vir publieke kommentaar vir 'n tydperk van 30 dae oopgestel was, sien GK R1208 in SK 42015 van 2 November 2018. Sien verder bv. AK 749 in SK 40412 van 10 November 2016 (*Draft Norms and Standards for the Management of Damage-Causing Animals in South Africa* (2016)); AK 75 in SK 40601 van 8 Februarie 2017 (*Draft Norms and Standards for the Management and Monitoring of the Hunting of Leopard in South Africa for Trophy Hunting Purposes* (2017)); AK 72 in SK 27214 van 28 Januarie 2005 (*Draft Norms and Standards and Regulations for the Sustainable Use of Large Predators* (2005)); AK 44 in SK 38395 van 15 Januarie 2015 (*Norms and Standards for the Translocation of Indigenous Species in South Africa* (2015)).

1176 Sien bv. *Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora* (1973). Suid-Afrika het die *Convention on International Trade in Endangered Species Regulations* (2008) onder die *National Environmental Management: Biodiversity Act* gepromulgeer, sien GK R173 in SK 33002 van 5 Maart 2010; AK 74 in SK 40601 van 8 Februarie 2017 (*Draft Regulations for the Domestic Trade in Rhinoceros Horn, or a Part, Product or Derivative of Rhinoceros Horn* (2017)).

1177 Sien bv.GK R138 in SK 30739 van 1 April 2008 (*Bio-prospecting, Access and Benefit-sharing Regulations*, 2008); AK 447 in SK 38809 van 19 Mei 2015 (*Amendments to the Regulations on Bio-Prospecting, Access and Benefit-sharing* (2015)); GK R149 in SK 30739 van 8 Februarie 2008 (*Exempt Activities Involving Indigenous Biological Resources* (2008)); Departement van Omgewingsake *South Africa's Bioprospecting, Access and Benefit-Sharing Regulatory Framework: Guidelines for Providers, Users and Regulators*.

1178 Sien bv.die *Conservation of Agricultural Resources Act* 43 van 1983; regs 15-16 in GK R1048 in SK 9238 van 25 Mei 1984; aa 64-79 van die *National Environmental Management: Biodiversity Act*; GK R598 in SK 37885 van 1 Augustus 2014 (*Alien and Invasive Species Regulations* (2014)); GK R599 in SK 37885 van 1 Augustus 2014, gewysig deur GK R864 in SK 40166 van 29 Julie 2016 (*Alien and Invasive Species Lists* (2016)); Departement van Omgewingsake *Monitoring, Control and Eradication Plans: Guidelines for Species Listed as Invasive in Terms of Section 70 of National Environmental Management: Biodiversity Act, 2004 (Act No. 10 of 2004) (NEMBA) and as Required by Section 76 of this Act*.

1179 Sien bv. aa 87-93B van die *National Environmental Management: Biodiversity Act*; regs 18-26 GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations* (2007))

1180 Sien bv.aa 1 en 57 van die *National Environmental Management: Biodiversity Act* (met spesifieke verwysing na die definisie in a 1 van "restricted activity"); GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations* (2007)); AK 77 in SK 40601 van 8 Februarie 2017 (*Prohibition of the Powdering or Shaving of Rhinoceros Horn, the Domestic Selling or Otherwise Trading in, Giving, Donating, Buying, Receiving, Accepting as a Gift or Donation, or in any Way Disposing or Acquiring, of Powdered or Shaved Rhinoceros Horn, and the Export of Powdered or Shaved Rhinoceros Horn* (2017)); GK R371 in SK 35344 van 14 Mei 2012 (Prohibition of Trade in Certain Encephalartos (Cycad) Species (2012)).

1181 Die International Union for the Conservation of Nature se *Red List of Threatened Species* is die mees omvattende internasionale inventaris en mees gesaghebbende gids tot die status van biodiversiteit. Die lys gebruik 'n stel gestandaardiseerde wetenskaplike kriteria om fauna en flora volgens nege bewaringskategorieë te klassifiseer wat op uitsterfrisiko's gebaseer is. Sien bv. International Union for Conservation of Nature 2018 www.iucnredlist.org (die lys is op 'n internetplatform beskikbaar); GK R151 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Lists of Critically*

Die *International Institute for Environment and Development*[1182] meen dat "natuurbewaring" 'n generiese term geword het wat alle nodige pogings om die omgewing van misbruik en verwoesting te bewaar insluit en omvat. Stadigaan, aldus die waarnemings van Van Heijnsbergen,[1183] word die konsep van natuurbewaring nie alleenlik as die biologiese behoud en handhawing van 'n ideale status van biodiversiteit gedefinieer nie, maar ook as 'n gekompliseerde regskonsep – 'n sogenaamde (soms dringende) sprong tot aksie te midde van onsekerheid om die agteruitgang en menslike misbruik van biodiversiteit te bekamp en 'n ideale status na te streef.[1184]

Natuurbewaring behels dus sistematiese, dog iteratiewe en dinamiese, beplannings-, implementerings-, en moniteringsmeganismes; wat ruimte vir deelname deur verskillende belanghebbendes laat; beginnende met 'n stadium waar die geografiese ligging van die natuurbewaring geïdentifiseer en verklaar is; 'n beherende liggaam of instelling saamgestel is en in werking tree; doelwitte, interne reëls en beleid ontwerp en geïmplementeer is; navorsing onderneem word; en aktiwiteite en resultate gemonitor en geëvalueer word.[1185]

3.3.2.4 'n Nadere beskouing van die begrip "gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring"

Na gelang van die komplekse voorafgaande begripsdefinisies word die volgende punte gedistilleer:

Endangered, Endangered, Vulnerable and Protected Species (2007)), gewysig deur GK R1187 in SK 30568 van 14 Desember 2007 (*Amendment of Critically Endangered, Endangered, Vulnerable and Protected Species List* (2007)); AK 76 in SK 40601 van 8 Februarie 2017 (die Departement van Omgewingsake het in 2017 voorgestel dat die Oostelike swartrenosters op die lys bygevoeg word).

1182 International Institute for Environment and Development *Whose Eden? An Overview of Community Approaches to Wildlife Management* 6.

1183 Van Heijnsbergen *International Legal Protection of Wild Fauna and Flora* 47.

1184 Sien verder Marvier "Conservation and People" 221; Salafsky ea 2002 *Conservation Biology* 1470.

1185 Rodríguez-Izquierdo, Gavin en Macedo-Bravo 2010 *Environmental Conservation* 240; Borrini-Feyerabend *Collaborative Management of Protected Areas: Tailoring the Approach to the Context* 15; Margules en Pressey 2000 *Nature* 243; Salafsky en Margoluis "Using Adaptive Management to Improve ICDPs " 374; Western "Linking Conservation and Community Aspirations" 499-500.

(a) Die betekenis van "gemeenskap" sowel as "natuurbewaring" wissel in verskillende kontekste.[1186]

(b) "Gemeenskap" in die konteks van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring moet slegs aan drie beoordelingsmaatstawwe voldoen naamlik dat die gemeenskap (i) 'n gesamentlike belang in die bewaring van die biodiversiteit deel; (ii) saam binne 'n bepaalde gebied op voetsoolvlak geleë is waar hul teenwoordigheid hoog op prys gestel word; en (iii) in staat is om hulself onderling as 'n eenheid te organiseer om tot kollektiewe aksie oor te gaan ter deelname aan natuurbewaring.[1187]

(c) "Kollektiewe aksie" word gedefinieer as verskillende vorme van spontane of gekoördineerde gedrag deur 'n gemeenskap of hul verteenwoordigers wat tot die gesamentlike aksie van die gemeenskap lei in die nastrewing van 'n spesifieke doelwit of om 'n gemeenskaplike belang te postuleer.[1188]

(d) Die begrip "-gebaseerd" kan misleidend wees omdat dit blyk dat gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring 'n ondersteunende rol inneem en eerder op samewerkende bestuur tussen die regering, die gemeenskap en ander belanghebbendes gebaseer is as op die gemeenskap alleen.[1189]

(e) "Natuurbewaring" verwys na die bestuur van biodiversiteit deur middel van regsbepalings.[1190] Natuurbewaring is op die kruispunt tussen wetenskaplike kennis en regsmeganismes gebaseer wat die voortbestaan en vooruitgang van biodiversiteit in praktyk afdwing en reguleer.[1191] Die onderskeie regsmeganismes wat gebruik word sluit *in situ*, *ex situ*, spesiegebaseerde en areagebaseerde maatreëls in.[1192] Gemeenskappe se teenwoordigheid op voetsoolvlak en die

---

1186 Western en Wright "The Background to Community-Based Conservation" 8. Sien 3.3.2.1 en 3.3.2.3 van die proefskrif.

1187 Sien 3.3.2.1 van die proefskrif.

1188 Scott en Marshall *A Dictionary of Sociology* 96-97; Sandler *Collective Action: Theory and Applications* 1, 19; Ensminger *Making a Market: The Institutional Transformation of an African Society* 30.

1189 Sien 3.3.2.2 van die proefskrif.

1190 Sien 3.3.2.3 van die proefskrif.

1191 Sien 3.3.2.3 van die proefskrif.

1192 Sien 3.3.2.3 van die proefskrif.

tradisionele kennis van die omgewing waaroor hulle beskik, bring 'n ander dimensie binne regsontwikkeling betreffende natuurbewaring na vore.[1193]

In die mees algemene en omvattende sin verteenwoordig die begrip "gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring" 'n breë spektrum alternatiewe bestuursbenaderings, samewerkende ooreenkomste en 'n nougesette proses van institusionele hervorming om die bestaande en toekomstige status van biodiversiteit met behulp van kollektiewe aksie van ideaal geplaasde gemeenskappe te handhaaf of te verbeter.[1194] Terselfdertyd, vanweë die onstuimige koloniale geskiedenis van Afrika, is dit 'n gevestigde beleidsdoelwit wat natuurbewaring met plaaslike ontwikkeling en gemeenskapsopheffing verenig.[1195] Vanuit dié oogpunt behels gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring om gewillige gemeenskappe by te staan om omgewingsvriendelike praktyke te vestig, te handhaaf of te versterk; om onvolhoubare praktyke of interne bedreigings teenoor biodiversiteit aan te pas; en laastens om in samewerking met die regering en ander belanghebbendes eksterne bedreigings teenoor biodiversiteit te identifiseer en op voetsoolvlak te hanteer in ruil vir tasbare voordele.[1196] Vanweë die uiteenlopende moontlikhede wat binne die breë sfeer van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring voorkom, meen Adams en Hulme[1197] dat dit nie 'n enkelvoudige of primêre benadering ten opsigte van natuurbewaring is nie, maar eerder 'n reeks buigbare of komplimentêre opsies tot die beskikking van die regering. Daar heers 'n mate van onduidelikheid oor die ware aard, grense en potensiële sukses van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring, maar ingevolge Western en Wright[1198] moet die diverse moontlikhede en benaderings wat dit inhou eerder aanmerklik op prys gestel word. In dié geval word induktiewe redenering, pluralisme en aanpasbaarheid te midde van die teoretiese onsekerheid vereis.[1199]

1193 Sien 3.2.2 en 3.3.2.3 van die proefskrif.
1194 Child en Barnes 2010 *Environmental Conservation* 283; Barrow en Murphree *Community Conservation from Concept to Practice: A Practical Framework* 3; Barrow en Murphree "Community Conservation: From Concept to Practice" 24.
1195 Blaikie 2006 *World Development* 1942; Kumar 2005 *Community Development Journal* 279.
1196 Mishra *The PARTNERS Principles for Community-Based Conservation* 17.
1197 Adams en Hulme 2001 *Oryx* 198.
1198 Western en Wright "The Background to Community-Based Conservation" 7-8.
1199 Child en Barnes 2010 *Environmental Conservation* 283-284.

3.3.3 'n Tipologiese klassifikasie van verskillende vorme van gemeenskapsdeelname in gemeenskapsgebaseerde natuurbewaringsinisiatiewe

Die voorafgaande bespreking het aangedui dat gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring 'n buigsame alternatiewe bestuursbenadering is wat sodanig geformuleer word om bestaande natuurbewaringsinisiatiewe deur middel van gemeenskapsdeelname op voetsoolvlak te komplementeer.[1200] Vandaar word 'n nadere ondersoek na die konsep van gemeenskapsdeelname verlang. Meer spesifiek, vir die doeleindes van hierdie proefskrif, word die optimale vlak van gemeenskapsdeelname wat binne gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring verlang word, nagespeur.

Sedert die 1970's is 'n groot aantal akademiese bydraesbinne die studievelde van ontwikkeling, sosiologie en politieke wetenskappe gelewer oor die aard, inhoud en strekking van gemeenskapsdeelname met betrekking tot uiteenlopende internasionale sowel as nasionale ontwikkelingsaangeleenthede.[1201] Aangesien die reg lank reeds 'n integrale komponent van internasionale ontwikkeling is,[1202] het belangrike regsverwikkelinge terselfdertyd in die internasionale arena van menseregte, asook omgewingsreg en -beleid, plaasgevind met verwysing na die ontwikkeling en formulering van die internasionale beginsel van publieke deelname.[1203] Volgens Bolle[1204] is dié ontwikkelinge te wyte aan die internasionale omgewingskrisis wat 'n behoefte aan innoverende verbintenisse tussen die regering en die gemeenskap beklemtoon.

Reeds in 1970 maak Pateman[1205] die volgende stelling:

1200 Sien 3.3.2 van die proefskrif.

1201 Oakley 1991 *Landscape and Urban Planning* 115; Ghai "Participatory Development: Some Perspectives from Grassroots Experience" 79. Sien bv. Wengert 1976 *Natural Resources Journal* 23-40. Vir 'n uitgebreide tydlyn van die ontwikkeling van die konsep van publieke deelname binne die internasionale ontwikkelingsdiskoers sien Hickey en Mohan "Towards Participation as Transformation: Critical Themes and Challenges" 6-8. Vir 'n verdere historiese oorsig van publieke deelname sien Pring en Noé "The Emerging International Law of Public Participation Affecting Global Mining, Energy, and Resources Development" 17-21.

1202 Zillman "Introduction to Public Participation in the Twenty-first Century" 1.

1203 Ebbesson 1997 *Yearbook of International Environmental Law* 51-52. Sien in die algemeen Lucas 1976 *Natural Resources Journal* 73-93.

1204 Bolle 1971 *Natural Resources Journal* 497.

1205 Pateman *Participation and Democratic Theory* 1.

> The widespread use of the term ["participation"] has tended to mean that any precise, meaningful content has almost disappeared; "participation" is used to refer to a wide variety of different situations by different people. The popularity of the concept provides a good reason for devoting some attention to it […]

Dié stelling bepaal dat die begrip "deelname" verskeie moontlike betekenisse kan hê en binne uiteenlopende terreine en deur verskillende kundiges geïnterpreteer kan word.[1206] Carpentier[1207] stel dat hierdie perspektief hedendaags nie verander het nie, dat deelname steeds die nodige teoretisering ontbreek en diep in politieke standpunte gegrond is. Aangevuur deur toenemende wetenskaplike kompleksiteit en onsekerheid, tesame met ’n gebrek aan konsensus oor die manier waarop biodiversiteit bewaar en bestuur moet word, blyk dit dat die vraag na akademiese bydraes in die arena van deelname onverbiddelik is.[1208]

Luidens Howard[1209] bestaan daar terminologiese verwarring in die literatuur rakende terme soos "gemeenskapsdeelname", "gemeenskapsbetrokkenheid" en "publieke deelname" wat in meeste gevalle as sinonieme gebruik word.[1210] Basies gestelbehels "gemeenskapsdeelname", aldus Jagannadham,[1211] die aksie of handeling om deel te neem, insae in ’n proses te hê of samewerking te bied. Cernea[1212] formuleer ’n meer gedetailleerde definisie van "gemeenskapsdeelname", naamlik:

> [e]mpowering local people to mobilise their own capacities, be social actors, rather than passive subjects, manage the resources, make decisions, and control the activities that affect their lives.

Hiervolgens behels "gemeenskapsdeelname" om gemeenskappe te bemagtig om hul interne vermoëns te ontdek en koersvas in te span; om selfonderhoudend in hul denke en besluite op te tree; om hulself as kernrolspelers te vestig wat deurlopend daarna streef om noemenswaardige verandering vir hulself en toekomstige geslagte te

---

1206 Sien verder Ghai "Participatory Development: Some Perspectives from Grassroots Experience" 79.
1207 Carpentier 2012 *Revista Fronteiras* 165.
1208 Parkins en Mitchell 2005 *Society and Natural Resources* 529.
1209 Howard 2015 *Environment, Development and Sustainability* 748.
1210 ’n Voorbeeld is te vinde in Berner, Amos en Morse 2011 *Public Administration Quarterly* 130 waar daar na beide "citizen participation" sowel as "public participation" verwys word. Sommige skrywers verwys selfs net na die term "deelname". Sien bv. in die algemeen Hickey en Mohan (reds) *Participation: From Tyranny to Transformation? Exploring New Approaches to Participation in Development*.
1211 Jagannadham "Development Sans Participation" 137.
1212 Cernea (red) *Putting People First: Sociological Variables in Rural Development* 10.

bewerkstellig; en om hul invloed uit te oefen deur middel van aktiewe deelname aan besluitneming en bestuur. Die *Organisation of American States*[1213] stel dit anders deur te bepaal dat "gemeenskapsdeelname" verwys na

> [...] all interaction between government and civil society, and includes the process by which government and civil society open dialogue, establish partnerships, share information, and otherwise interact to design, implement, and evaluate development policies, projects, and programs. The process requires the involvement and commitment of all interested parties, including, among others, the poor and traditionally marginalized groups, especially disadvantaged racial and ethnic minorities.

Volgens hierdie definisie inisieer gemeenskapsdeelname interaksie tussen die regering en gemeenskappe. Deur middel van ’n ope dialoog word voorsiening gemaak vir ’n proses waar (a) genootskappe gesmee word;/ (b) inligting uitgeruil word; (c) beleide en inisiatiewe ontwikkel en geïmplementeer word; en (d) vordering noukeurig gesamentlik gemonitor word. Die proses verg egter die betrokkenheid en toewyding van alle belanghebbende partye, onder meer, of altans spesifiek, gemeenskappe op voetsoolvlak.

Jagannadham[1214] bepaal voorts dat "gemeenskapsbetrokkenheid" op ’n dieper emosionele gewaarwording deur ’n gemeenskap dui, dat hulle oor ’n aandeel of belang in ’n aangeleentheid beskik en gevolglik aktief op grond van dié gewaarwording reageer en betrokke raak. Hierdie selfstandige gewaarwording in die vorm van ’n drang na betrokkenheid dui daarop dat die regering nie deelname aan ’n gemeenskap oplê nie, maar dat die gemeenskap uit eie wil aanbied of aandring om deel te neem en hulself mobiliseer om so te doen.[1215] Vanuit hierdie onderskeid kom twee standpunte na vore: eerstens die regering se poging om "passiewe" gemeenskappe te nader en te bemagtig om op verskillende vlakke aan ’n inisiatief deel te neem en tweedens ’n

---

[1213] Organisation of American States *Inter-American Strategy for the Promotion of Public Participation in Decision Making for Sustainable Development* 1.

[1214] Jagannadham "Development Sans Participation" 137.

[1215] Kotze en Kellerman "Participation and Managerial Approaches to Development" 38.

gemeenskap se aktiewe poging om 'n belang in 'n aangeleentheid te identifiseer, hulself te mobiliseer en die regering van hul deelname in kennis te stel.[1216]

Die term "publieke deelname"[1217] word merendeels met die internasionale beginsel van publieke deelname vereenselwig.[1218] Die beginsel van publieke deelname is 'n internasionale prosedurele beginsel wat met die verwesenliking van menseregte vereenselwig word.[1219] Die beginsel word dikwels as 'n meganisme gebruik om omgewingsregte af te dwing tesame met die beginsels van goeie bestuur en gemeenskapsbemagtiging.[1220] Die beginsel steun op drie sogenaamde "pilare" naamlik (a) toegang tot inligting;[1221] (b) deelname deur die publiek aan besluitneming;[1222] en (c) toegang tot geregtigheid.[1223] Die volgende geselekteerde algemene opmerkings word omtrent publieke deelname gemaak, naamlik:

(a) Publieke deelname is 'n administratiewe proses.[1224]

1216 Met verloop van hierdie bespreking sal dit na vore kom dat dié twee standpunte die uiterstes van 'n tipologiese klassifikasie van verskillende vorme van gemeenskapsdeelname uitmaak, naamlik passiewe en aktiewe gemeenskapsdeelname.

1217 Anders gestel: "openbare deelname".

1218 Pimbert en Pretty *Parks, People and Professionals: Putting 'Participation' into Protected Area Management* 28-29; Popović 1993 *Pace Environmental Law Review* 684.

1219 Picolotti "Agenda 21 and Human Rights: The Right to Participate" 47-48.

1220 Vir verdere besprekings van die beginsel van publieke deelname sien in die algemeen Ebbesson "Public Participation" 681-703; Sands ea *Principles of International Environmental Law* 648-658; Louka *International Environmental Law: Fairness, Effectiveness, and World Order* 129-139; De Silva "Public Participation in International Negotiation and Compliance" 572-587; Nanda en Pring *International Environmental Law and Policy for the 21st Century* 47-60; Razzaque "Human Rights to a Clean Environment: Procedural Rights" 284-300; Kiss en Shelton *Guide to International Environmental Law* 102-104; Bruch en Filbey "Emerging Global Norms of Public Involvement" 3-5.

1221 Verseker ingeligte deelname deur die publiek en bewerkstellig deursigtigheid in besluitneming en die formulering van beleid.

1222 (a) Bied 'n platform vir die publiek om deel te neem aan besluitneming, onderhandeling en implementering van omgewingsbeleid; (b) integreer die belange en bekommernisse van die publiek in die besluitnemingsproses; (c) bied aan die regering 'n geleentheid om te reageer op die publiek se belange en bekommernisse en konsensus te bereik in besluitneming; (d) skep interaktiewe omstandighede waar die publiek en regering kan onderhandel en verantwoordelikheid kan neem vir hul besluite.

1223 Maak voorsiening vir onafhanklike en doelmatige regsprosesse om die reg op toegang tot inligting en die reg op publieke deelname te beskerm; om besluite te betwis; om die regering verantwoordbaar te hou; en om omgewingsregte af te dwing. Sien Duvic-Paoli 2012 *Yearbook of International Environmental Law* 80-81; Coenen "Introduction" 2; Picolotti "Agenda 21 and Human Rights: The Right to Participate" 54-55; Bruch en Filbey "Emerging Global Norms of Public Involvement" 2.

1224 Creighton *The Public Participation Handbook: Making Better Decisions Through Citizen Involvement* 7.

(b) Publieke deelname geskied nie lukraak nie, maar volgens 'n georganiseerde proses.[1225]

(c) Publieke deelname bied 'n platform vir gemeenskappe om relevante inligting te bekom en op 'n sinvolle wyse aan onderhandeling, besluitneming en implementering deel te neem.[1226]

(d) Publieke deelname betrek belanghebbendes by die regering se verantwoordelikheid om agendas vas te stel, besluite te neem en beleide te formuleer.[1227]

(e) Publieke deelname stel gemeenskappe in staat om hul eie belange te bevorder.[1228]

Die beginpunt van publieke deelname se internasionale ontwikkeling binne die omgewingsreg is in aanbeveling 7(a) van die *Action Plan for the Human Environment* (1972) opgeneem wat aanbeveel dat regerings gelyke geleenthede aan alle lede van die publiek bied om deur middel van opleiding en toegang tot inligting 'n invloed op hul onmiddellike omgewing uit te oefen.[1229] Verbandhoudend hiermee, erken beginsel 19 van die *Declaration of the United Nations Conference on the Human Environment* (1972)[1230] die behoefte om omgewingsopvoeding en -bewustheid onder die publiek te verbeter.[1231] Ingevolge beginsel 10 van die *Declaration on Environment and Development* (1992)[1232] word vasgestel dat omgewingskwessies ten beste hanteer word met die deelname van alle betrokkenes op alle toepaslike vlakke, wat gemeenskappe insluit.[1233] Die voorgenoemde beginsel 10 bevat 'n globale

---

1225 Creighton *The Public Participation Handbook: Making Better Decisions Through Citizen Involvement* 7.

1226 International Association for Public Participation *Core Values for the Practice of Public Participation* 1. Popović 1993 *Pace Environmental Law Review* 691 lys moontlike elemente van sinvolle deelname, naamlik (a) toegang tot inligting en onderrig oor die betrokke omgewingskwessie; (b) 'n deursigtige besluitnemingsproses; (c) die nodige kanale om teen besluite te appelleer; en (d) 'n forum vir die assessering van suksesse en mislukkings.

1227 Rowe en Frewer 2004 *Science, Technology, and Human Values* 512.

1228 Wisor 2012 *Ethics & International Affairs* 123.

1229 Aanbeveling 7(a) van die *Action Plan for the Human Environment* (1972).

1230 Ook bekend as die *Stockholm Verklaring*.

1231 Beginsel 19 van die *Declaration of the United Nations Conference on the Human Environment* (1972).

1232 Ook bekend as die *Rio Verklaring*.

1233 Beginsel 10 van die *Declaration on Environment and Development* (1992).

baanbrekerskonsep wat van kritiese belang vir effektiewe omgewingsbestuur is.[1234] Hierdie beginsel doen 'n beroep op regerings om te verseker dat alle individue die reg op toegang tot inligting, die reg op toegang tot geregtigheid en die reg op toegang tot deelname aan besluitneming in die geval van omgewingsaangeleenthede geniet.[1235] Hoewel beginsel 10 nie op sigself bindend en afdwingbaar is nie, bied dit 'n internasionale maatstaf waaraan regerings nasionale wetgewende bepalings kan meet.[1236] Beginsel 22 van die *Declaration on Environment and Development* (1992) versterk die aanbevelings wat in beginsel 10 gemaak is deur die kritieke rol van inheemse en ander gemeenskappe in die bewaring en volhoubare bestuur van die omgewing te beklemtoon gegewe hul unieke kennis en gevestigde tradisionele praktyke.[1237] Internasionale verwagtinge en aanbevelings is deur die bepalings van die *Convention on Access to Information, Public Participation in Decision Making and Access to Justice in Environmental Matters* (1998)[1238] uitgebrei.[1239] Die voorgenoemde konvensie word as 'n kontemporêre omgewingsregooreenkoms beskryf wat regerings en gemeenskappe deur middel van demokratiese waardes versoen om nuwerwetse maatreëls vir gemeenskapsdeelname in besluitneming, onderhandeling en implementering tot stand te bring en sodoende beide omgewingsbelange en

---

1234 Kovar 1993 *Colorado Journal of International Environmental Law and Policy* 131.

1235 Beginsel 10 van die *Declaration on Environment and Development* (1992). Die reg op toegang tot inligting, die reg op deelname in besluitneming en die reg op toegang tot geregtigheid vorm die drie pilare waarop publieke deelname geskoei is.

1236 Sands ea *Principles of International Environmental Law* 91.

1237 Beginsel 22 van die *Declaration on Environment and Development* (1992).

1238 Ook bekend as die *Aarhus Konvensie*. Terwyl dié konvensie slegs op Europese lande gerig is, is die belang en impak daarvan wyd erken. Kofi Annan, voormalige sekretaris-generaal van die Verenigde Nasies, stel dit soos volg: "Although regional in scope, the significance of the *Aarhus Convention* is global. It is by far the most impressive elaboration of principle 10 of the *Rio Declaration*, which stresses the need for citizens' participation in environmental issues and for access to information on the environment held by public authorities. As such it is the most ambitious venture in the area of "environmental democracy" so far undertaken under the auspices of the United Nations. " Daarbenewens, hoewel dit nie verpligtend is nie, mag Suid-Afrika die Konvensie onderteken en die beginsels aanvaar wat 'n positiewe bydrae kan maak tot die ontwikkeling van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring. Sien Stec, Casey-Lefkowitz en Jendroska *The Aarhus Convention: An Implementation Guide* v.

1239 Sien in die algemeen die *Convention on Access to Information, Public Participation in Decision Making and Access to Justice in Environmental Matters* (1998). Die *Aarhus Konvensie* sit die verantwoordelikhede van die ondertekende state uiteen om duidelike wetgewende, regulerende en ander maatreëls rakende toegang tot inligting, publieke deelname in besluitneming en toegang tot geregtigheid in omgewingsaangeleenthede op 'n deursigtige en konsekwente wyse te implementeer en in stand te hou. Sien Artikel 3 van die *Aarhus Konvensie*.

menseregte te bevorder en af te dwing.[1240] Die riglyne soos vervat in die *UNEP Guidelines for the Development of National Legislation on Access to Information, Public Participation and Access to Justice in Environmental Matters* (2010)[1241] is 'n verdere mylpaal in die uitbreiding van die beginsel van publieke deelname binne die veld van omgewingsreg.[1242]Dit is tans die mees onlangse internasionale instrument wat omvattend vir gemeenskapsdeelname in omgewingsbestuur voorsiening maak. Tydens die *United Nations Conference on Sustainable Development* (2012)[1243] is die belang van publieke deelname herbeklemtoon en is regerings aanbeveel om aktiewe deelname onder alle belanghebbendes aan te moedig en deurlopend nuwe moontlikhede te ondersoek om deursigtigheid en publieke betrokkenheid in omgewingsaangeleenthede te bevorder.[1244]

Te midde van die terminologiese onsekerheid, vat Pring en Noé[1245] dit soos volg saam:

[1240] Stec, Casey-Lefkowitz en Jendroska *The Aarhus Convention: An Implementation Guide* 1 beskryf die *Aarhus Konvensie* as "...a new kind of environmental agreement. It links environmental rights and human rights. It acknowledges that we owe an obligation to future generations. It establishes that sustainable development can be achieved only through the involvement of all stakeholders. It links government accountability and environmental protection. It focuses on interactions between the public and public authorities in a democratic context and it is forging a new process for public participation in the negotiation and implementation of international agreements." Sien verder Kravchenko 2006 *South African Journal of Environmental Law and Policy* 105-106. Volgens Alberts *Improving Community Involvement in Biodiversity Conservation in Southern and South Africa: A Legal Analysis* 24 fasiliteer die sodanige maatreëls, gekombineer met die nodige omgewingsopvoeding en -bewustheid, gemeenskapsdeelname in natuurbewaringsinisiatiewe en bied regsekerheid aangaande: (a) die soort inligting wat 'n gemeenskap direk kan beïnvloed en waartoe die gemeenskap toegang mag verkry; (b) die aangeleenthede wanneer en wyses waarop 'n gemeenskap kan deelneem aan besluitneming, onderhandeling en implementering; en (c) die gevalle waar gemeenskappe hulself tot howe of ander bestuursliggame kan wend in hul soeke na geregtigheid.

[1241] Ook bekend as die Bali-riglyne.

[1242] Ochieng *Implementing Principle 10 and the Bali Guidelines in Africa* i; United Nations Environment Programme *Putting Rio Principle 10 Into Action: An Implementation Guide* 6. Die Bali-riglyne bestaan uit vrywillige maatreëls wat spesifiek ten behoewe van lande ontwikkel is wat die implementering van beginsel 10 van die Rio Verklaring in nasionale wetgewing sou wou verbeter. Die Bali-riglyne beskik oor ses-en-twintig riglyne vir implementering wat tussen die drie "pilare" van publieke deelname verdeel is, naamlik die reg op toegang tot inligting, die reg op toegang tot deelname aan besluitneming, en die reg op toegang tot geregtigheid.

[1243] Ook bekend as Rio 2012, Rio+20 of die Earth Summit 2012.

[1244] United Nations General Assembly *The Future We Want* para 43, 88(h). (Uitkomsdokument van die United Nations Conference on Sustainable Development (2012)).

[1245] Pring en Noé "The Emerging International Law of Public Participation Affecting Global Mining, Energy, and Resources Development" 11.

> A 'participation explosion' has been occurring throughout the world over the last four decades. By whatever name – 'public participation', 'citizen involvement', 'indigenous peoples' rights', 'local community consultation', or other variants – the concept that the governed should engage in their own governance is, quite literally, gaining ground and rapidly expanding in both law and practice.

Volgens hierdie samevatting moet kundiges nie vasgevang raak in terminologiese voorbehoude nie, maar moet hulle eerder die basiese konsep in die reg en in praktyk uitbrei naamlik dat die publiek, gemeenskap of individue wie se belange gewoonlik deur 'n oppergesag bestuur word, hulself tot aktiewe deelname en bestuur moet verbind. Vir die doeleindes van hierdie proefskrif word die term "gemeenskapsdeelname" gebruik met dienverstande dat gemeenskapsdeelname, gemeenskapsbetrokkenheid en publieke deelname onafhanklik geïnterpreteer kan word, maar tog in samehang met mekaar funksioneer.

Hoewel die belang en doelwitte van gemeenskapsdeelname wyd erken en onderskryf word, is die presiese inhoud van die konsep onderontwikkel en bly dit 'n hoogs betwiste onderwerp met 'n ingewikkelde mandaat vir interpretasie en implementering.[1246] Du Plessis[1247] bestempel dit as 'n gaping wat ook algemeen in wetgewing en beleid voorkom. Telkemaal beklemtoon beleidmakers in wetgewing en beleid die dringendheid en behoefte aan gemeenskapsdeelname, maar ontbreek 'n uiteensetting van die vereistes of prosedures om gemeenskapsdeelname prakties in werking te stel.[1248]

In 'n poging om gemeenskapsdeelname konseptueel te ontvou, het kenners verskillende tipologieë saamgestel wat verskeie vorme van gemeenskapsdeelname uiteensit. Bekende pogings in hierdie verband is dié van die *International Association*

[1246] Saladin "Public Participation in the Era of Globalisation" 59. Berner, Amos en Morse 2011 *Public Administration Quarterly* 130 stipuleer dat "the [broad] idea of public participation is appealing, but perhaps more complicated than we imagine." Dienooreenkomstig bepaal Conrad ea 2011 *Environment and Planning C: Government and Policy* 762 dat gemeenskapsdeelname kompleks en waardebelaai is en dat daar geen algemene kriteria of maatstawwe daargestel is om die effektiwiteit, sukses of mislukking daarvan te meet nie.

[1247] Du Plessis 2008 *Potchefstroomse Elektroniese Regsblad* 176.

[1248] Du Plessis 2008 *Potchefstroomse Elektroniese Regsblad* 176.

for Public Participation,[1249] Creighton,[1250] Picolotti,[1251] Arnstein,[1252] Pimbert en Pretty[1253] en White.[1254] Die algemene metodiek onder hierdie kenners is om gemeenskapsdeelname op 'n kontinuum te plaas, 'n geheel met onderskeie elemente, waar die een uiterste die konserwatiewe konsep van passiewe gemeenskapsdeelname en die ander uiterste die radikale konsep van aktiewe gemeenskapsdeelname voorstel.[1255]

1249 International Association for Public Participation *Spectrum of Public Participation* 1.

1250 Creighton *The Public Participation Handbook: Making Better Decisions Through Citizen Involvement* 9 se bydrae bevat 'n elementêre kontinuum van gemeenskapsdeelname in die besluitnemingsproses. Sien Aanhangsel A van die proefskrif.

1251 Picolotti "Agenda 21 and Human Rights: The Right to Participate" 52 onderskei tussen vier basiese modaliteite van gemeenskapsdeelname, naamlik informatiewe deelname, konsultatiewe deelname, deelname in besluitneming en deelname in bestuur. Sien Aanhangsel B van die proefskrif.

1252 Arnstein 1969 *Journal of American Institute of Planners* 216-224. Arnstein se leer van gemeenskapsdeelname (sien Aanhangsel C van die proefskrif) beskik oor agt sporte wat elk 'n hoër vorm van gemeenskapsdeelname verteenwoordig. Van onder na bo beeld die sporte van die leer die mate van gemeenskapsdeelname uit in oorleg met die mate van mag waaroor die gemeenskap beskik om prosesse en uitkomste te beïnvloed. Die leer se onderste twee sporte (naamlik (1) Manipulasie en (2) Beraadslaging) bevat twee vorme van "niedeelname" (anders gestel: "nonparticipation) wat gekenmerk word aan die regering se poging om 'n vooropgestelde agenda op die gemeenskap af te dwing. Sporte drie tot vyf (naamlik (3) Verwittiging, (4) Konsultasie en (5) Paaiery) verteenwoordig verskillende grade van simboliese deelname waar die regering van gebare gebruik maak om die gemeenskap in kennis te stel van hul posisie, om 'n eensydige platform vir konsultasie daar te stel en om addisionele setels binne komitees vir uitgesoekte gemeenskapslede te skep. Die hoogste drie sporte (naamlik (6) Genootskap, (7) Gedelegeerde mag en (8) Gemeenskapsbeheer) verteenwoordig grade van gemeenskapsmag waar die gemeenskap oor hoër vlakke van gedelegeerde mag beskik, deel uitmaak van onderhandelingsprosesse en in 'n posisie is om die status quo te beïnvloed en te verander. Arnstein se leer van gemeenskapsdeelname word beskou as 'n universele nuttige hulpbron vir die interpretasie van deelname in voorgetelde inisiatiewe en beleid. Sien Aanhangsel C van die proefskrif.

1253 Pimbert en Pretty "Parks, People and Professionals: Putting 'Participation' into Protected Area Management" 309-310; Pimbert en Pretty *Parks, People and Professionals: Putting 'Participation' into Protected Area Management* 29-31 se bydrae bevat 'n breedvoerige tipologiese voorstelling van gemeenskapsdeelname wat op grond van 'n kontinuum sewe verskillende soorte deelname van mekaar onderskei en komponente van elkeen identifiseer. Sien Aanhangsel D van hierdie proefskrif.

1254 White 1996 *Development in Practice* 6-15 se bydrae bepaal die funksies van vier soorte gemeenskapsdeelname in samehang met die onderskeie belange wat die regering en die gemeenskap daarin het. Sien Aanhangsel E van die proefskrif.

1255 Binne die vordering van die een uiterste na die ander uiterste van die kontinuum, kan verskillende soorte gemeenskapsdeelname onderskei word. Sien bv. verder Rowe en Frewer 2000 *Science, Technology, and Human Values* 8-9 vir 'n verdere voorbeeld van 'n tipologiese indeling van verskillende vorme van gemeenskapsdeelname. Sien verder in hierdie verband Pimbert en Pretty *Parks, People and Professionals: Putting 'Participation' into Protected Area Management* 29-31; Arnstein 1969 *Journal of American Institute of Planners* 217; White 1996 *Development in Practice* 6-15. Hulme en Murphree 1999 *Journal of International Development* 278; International Institute for Environment and Development *Whose Eden? An Overview of Community Approaches to*

Die optimale vlak waarop gemeenskappe aan die bestuursproses in natuurbewaring kan deelneem, word betwis.[1256] Borrini-Feyerabend[1257] bepaal dat daar geen universele standaard vir gemeenskapsdeelname in natuurbewaring bestaan nie en dat daar verder geen alsydige beskrywing van wat dit presies behels bestaan nie. Weens opmerkings van dié aard is dit 'n komplekse taak om die optimale vlak van gemeenskapsdeelname wat binne gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring verlang word vas te stel, veral binne 'n bestel wat uitsluitlik op die fort-natuurbewaringsmodel gegrond is.[1258] Ter vasstelling van die optimale vlak van gemeenskapsdeelname in gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring, bevat Aanhangsel A tot E van hierdie proefskrif 'n ontleding van verskillende skrywers se bydraes betreffende die onderwerp.[1259]

Wildlife Management 18; Rodríguez-Izquierdo, Gavin en Macedo-Bravo 2010 *Environmental Conservation* 239; Barrow en Murphree "Community Conservation: From Concept to Practice" 28; Barrow en Murphree *Community Conservation from Concept to Practice: A Practical Framework* 6-8; Carlsson en Berkes 2005 *Journal of Environmental Management* 66; Pomeroy en Berkes 1997 *Marine Policy* 477; Da Silva 2004 *Marine Policy* 420. Die kenners (by name Creighton, Picolotti, Arnstein, Pimbert en Pretty, en White) se uiteenlopende indelings van die soorte gemeenskapsdeelname is van nader beskou en in Aanhangsel A tot E van die proefskrif ingesluit. Die indelings is ingesluit ter verheldering van die moontlikhede wat binne gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring kan bestaan, asook om die kompleksiteite daaraan verbonde uit te wys. Sien bv. verder Rowe en Frewer 2000 *Science, Technology, and Human Values* 8-9 vir 'n verdere voorbeeld van 'n tipologiese indeling van verskillende vorme van gemeenskapsdeelname.

1256 International Institute for Environment and Development *Whose Eden? An Overview of Community Approaches to Wildlife Management* 18. Geskiedkundig gesproke is natuurbewaring se standpunt betreffende die geskikte mate van gemeenskapsdeelname telkemale hersien en deur uiteenlopende interpretasies gekenmerk. Sien Pimbert en Pretty *Parks, People and Professionals: Putting 'Participation' into Protected Area Management* 29. Sien 3.2.1 en 3.2.2 van die proefskrif.

1257 Borrini-Feyerabend "Participation in Conservation: Why, What, When, How?" 29.

1258 Volgens Dyer ea 2014 *Journal of Environmental Management* 138-139 bestaan daar ook weinig betroubare empiriese voorbeelde waar die effektiwiteit van gemeenskapsdeelname in gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring geëvalueer is. Sou navorsers en kenners onderneem om 'n evaluasie na die effektiwiteit van gemeenskapsdeelname in gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring van stapel te stuur, sou 'n uitkomsgebaseerde evaluasie of 'n prosesgebaseerde evaluasie as maatstaf gebruik kon word. 'n Uitkomsgebaseerde evaluasie evalueer effektiwiteit aan die hand van die aantal suksesse of mislukkings van gemeenskapsdeelname op grond van sekere doelwitte wat gestel is. In dié geval word 'n duidelike definisie vereis van watter uitkomste as "suksesse" en watter as "mislukkings" geklassifiseer word. Aan die hand van 'n stel kriteria, monitor 'n prosesgebaseerde evaluasie deurlopend die effektiwiteit van die proses om gemeenskapsdeelname binne 'n spesifieke inisiatief te inkorporeer.

1259 Vanweë die breë omvang van die bespreking, kan hierdie bydraes nie in dié gedeelte volledig bespreek word nie. Sien Aanhangsel A tot E van hierdie proefskrif.

Die *International Institute for Environment and Development*[1260] bevind dat gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring optimaal binne 'n kombinasie van passiewe en aktiewe gemeenskapsdeelname funksioneer, aangesien hierdie soort inisiatiewe dinamies van aard is en verskillende inisiatiewe verskillende komponente van gemeenskapsdeelname aksentueer.[1261] Passiewe en aktiewe deelname moet van mekaar onderskei word.[1262]

Passiewe vorme van gemeenskapsdeelname word gewoonlik in besluitnemingsprosesse gebruik waar die regering deur middel van administratiewe prosesse 'n vooropgestelde agenda of bestaande inisiatief aan gemeenskappe voorlê of selfs op hulle afdwing.[1263] Hierdie oënskynlike gemeenskapsdeelname verdoesel die manipulerende optrede van die regering en skep die illusie dat die gebaar teenoor die gemeenskap regmatig en eg is.[1264] Barrow en Murphree[1265] stel dat passiewe vorme van gemeenskapsdeelname waar gemeenskappe bloot in kennis gestel word van natuurbewaringsinisiatiewe; inligting tussen die regering en gemeenskap uitgeruil word; en die regering met die gemeenskap konsulteer deur middel van vraelyste nie

---

1260 International Institute for Environment and Development *Whose Eden? An Overview of Community Approaches to Wildlife Management* 18.

1261 Sien verder Leach, Mearns en Scoones 1997 *IDS Bulletin* 1; Verenigde Nasies *Agenda 21* para 3.2, 10.10, 15.3.

1262 Volgens Oakley en Marsden *Approaches to Participation in Rural Development* x "[w]hat gives real meaning to popular participation is the collective effort by the people concerned to pool their efforts and whatever other resources they decide to pool together, to attain objectives they set for themselves. In this regard participation is viewed as an active process in which the participants take initiatives and action that is stimulated by their own thinking and deliberation and over which they can exert effective control. The idea of passive participation which only involves the people in actions that have been thought out or designed by others and are controlled by others is unacceptable."

1263 Passiewe gemeenskapsdeelname kom in varierende vorme voor, soos die verspreiding van kennisgewings en inligting onder die gemeenskap, die insameling van inligting deur gemeenskappe te beraadslaag, die gemeenskap te onderrig deur werkswinkels aan te bied, opnames af te neem en oplossings te formuleer deur openbare vergaderings te belê. Sien Aanhangsel A; Aanhangsel B (modaliteit (a) en (b)); Aanhangsel C (sporte (van die leer) 1 tot 3); Aanhangsel D (tipe 1 tot 3); en Aanhangsel E (tipe 1 en 2). Vir 'n verdere aantal geformaliseerde vorme van gemeenskapsdeelname sien Rowe en Frewer 2000 *Science, Technology, and Human Values* 8-9. Sien in die algemeen Chess en Purcell 1999 *Environmental Science and Technology* 2685-2692 vir 'n evaluering van die sukses van hierdie passiewe vorme van gemeenskapsdeelname in omgewingsaangeleenthede.

1264 Rodríguez-Izquierdo, Gavin en Macedo-Bravo 2010 *Environmental Conservation* 240. Sien bv. Aanhangsel C (sport 3 tot 5) en Aanhangsel E (tipe 1 en 2).

1265 Barrow en Murphree "Community Conservation: From Concept to Practice" 28.

as gemeenskapsdeelname beskou kan word nie. Rahnema[1266] voer die argument verder deur te stel dat alle uitkomste van passiewe deelname oppervlakkig en gefragmenteer is en geen blywende invloed of voordeel vir gemeenskappe inhou nie. Aan die teenkant bepaal die *International Union for Conservation of Nature*, die *United Nations Environment Program en die World Wildlife Fund*[1267] dat 'n ingeligte gemeenskap (deur middel van passiewe deelname) in 'n bemagtigde gemeenskap kan ontluik wat later in die proses oor die nodige volmag kan beskik om aktief aan besluitneming, implementering en bestuur van omgewingsaangeleenthede deel te neem en sodoende 'n onmisbare kontemporêre rol in beide volhoubare gemeenskapsontwikkeling en natuurbewaring kan vervul. Du Plessis[1268] waarsku dat beleidmakers daarteen moet waak dat passiewe gemeenskapsdeelname in 'n oppervlakkige politieke oefening ontaard, aangesien dit uit die staanspoor verwronge kan voorkom en enige daaropvolgende sinvolle gemeenskapsdeelname kortwiek. 'n Verdere uitdaging in verband met passiewe gemeenskapsdeelname is dat administratiewe optrede en prosedures moontlik ongeletterde individue onbewustelik in die proses uitsluit en só die uitsette van die gemeenskapsdeelname verydel.[1269]

Gesamentlike inspanning en kollektiewe aksie deur gemeenskappe stel die nuwe standaard vir gemeenskapsdeelname daar, wat passiewe gemeenskapsdeelname ongedaan maak.[1270] Met verwysing na die tipologiese indelings in Aanhangsel C en D van die proefskrif, kan 'n gemeenskap teoreties gesproke so nou by 'n inisiatief betrokke wees en so aktief daaraan deelneem dat die gemeenskap hulself begin mobiliseer en organiseer ten einde die natuurbewaringsinisiatief totaal onafhanklik van die regering se insette en bystand te lei en te bestuur.[1271] Arnstein[1272] skep die indruk dat hierdie vorme van gemeenskapsdeelname selfs die grense van aktiewe gemeenskapsdeelname oorskry, aangesien die gemeenskap selfstandig die

---

1266 Rahnema "Participation" 128.
1267 International Union for Conservation of Nature, United Nations Environment Programme en World Wide Fund for Nature *Caring for the Earth: A Strategy for Sustainable Living* 11.
1268 Du Plessis 2008 *Potchefstroomse Elektroniese Regsblad* 176.
1269 Du Plessis 2008 *Potchefstroomse Elektroniese Regsblad* 176.
1270 Arnstein verwys in hierdie verband na "niedeelname". Sien Aanhangsel C van hierdie proefskrif (sporte (van die leer) 1 en 2).
1271 Sien bv. Aanhangsel C (sport 8); Aanhangsel D (tipe 7).
1272 Arnstein 1969 *Journal of American Institute of Planners* 216-224. Sien Aanhangsel C (sport 8).

besluitneming, implementering, beleidmaking, voorwaardes en bestuur van 'n inisiatief behartig. Volgens die *International Institute for Environment and Development*[1273] is voorbeelde van suksesvolle inisiatiewe van dié aard binne natuurbewaring skaars. Vanweë die skaarsheid van dergelike voorbeelde binne natuurbewaring, is dit nie vanselfsprekend dat gemeenskappe nie in staat is om gesamentlik hul nabye omgewing, natuurlike hulpbronne en fauna en flora te bewaar en volhoubaar te verbruik nie. Daar bestaan wel tasbare voorbeelde van aktiewe gemeenskapsdeelname binne natuurlikehulpbronbestuur. Ostrom,[1274] in teenstelling met die opvattings van Hardin,[1275] het by wyse van empiriese navorsing bevind dat gemeenskappe oor die kapasiteit en potensiaal beskik om gemeenskaplike natuurlike hulpbronne soos gedeelde waterweë, weivelde en woude kollektief (en terselfdertyd volhoubaar) te bestuur mits die optrede van die gemeenskap (of 'n gemeenskapsinstelling as 'n verteenwoordigende entiteit van die gemeenskap) aan sekere beginsels voldoen.[1276] Ostrom[1277] redeneer dat vanweë die gemeenskap se gevestigde verbintenis met die omgewing waarin hulle woon, hulle oor gedetailleerde en relatiewe akkurate inligting oor die bestuur van die natuurlike hulpbronne beskik; dat hulle fyn waarnemers van die gebeure of oortredings binne hulle omgewing is; en, vanweë die gesamentlike gedeelde belang in die omgewing, hulle mekaar wedersyds monitor en eksterne sowel as interne oortredings rapporteer. In die meeste gevalle binne natuurbewaring verwys gemeenskapsdeelname nie na gemeenskappe se drang om inisiatiewe onafhanklik te lei en bestuur nie, maar eerder na gemeenskapsdeelname waar die gemeenskap die geleentheid gegun word om deur middel van beide passiewe en aktiewe gemeenskapsdeelname saam met die regering vorentoe te beweeg en te deel in die besluitneming, beleidsformulering, implementering, bestuur en monitering van natuurbewaring.[1278]

1273 International Institute for Environment and Development *Whose Eden? An Overview of Community Approaches to Wildlife Management* 46.
1274 Ostrom *Governing the Commons: The Evolution of Institutions for Collective Action* 90.
1275 Sien 3.2.1 van die proefskrif.
1276 Sien 3.2.2 van die proefskrif.
1277 Ostrom *Governing the Commons: The Evolution of Institutions for Collective Action* 17.
1278 International Institute for Environment and Development *Whose Eden? An Overview of Community Approaches to Wildlife Management* 46.

Die middelpunt van die kontinuum, binne 'n kombinasie van passiewe sowel as aktiewe soorte gemeenskapsdeelname, word as die optimale punt van gemeenskapsdeelname in natuurbewaring beskou.[1279] Soms verlang gemeenskapdeelname binne natuurbewaring 'n kombinasie of wisselende vlakke van beide passiewe sowel as aktiewe gemeenskapsdeelname na gelang van die aard en behoeftes van die spesifieke inisiatief.[1280] In sommige gevalle kan meer passiewe vorme van gemeenskapsdeelname benodig word om 'n spesifieke doel te bereik, terwyl ander gevalle meer aktiewe vorme van gemeenskapsdeelname verlang. Binne die kombinasies tussen passiewe en aktiewe gemeenskapsdeelname bestaan daar etlike moontlikhede om veelseggende vennootskappe, in die vorm van samewerkende bestuur, tussen die regering en die gemeenskap te smee.[1281] Carlsson en Berkes[1282] bevind dat samewerkende bestuur die logiese keuse van benadering is om natuurbewaringskwessies te hanteer deur vennootskappe tussen die regering en gemeenskappe te vorm. Volgens dié skrywers se bevindings is samewerkende bestuur ideaal om diverse leemtes en doelwitte te identifiseer, onderliggende verbande tussen oorsake en gevolge uit te wys, risiko's te deel en die impak daarvan te minimaliseer en konflikresolusie te bewerkstellig.[1283] Beleidmakers word aanbeveel om aanvanklik 'n duidelike idee te vorm van die spesifieke magte en verantwoordelikhede wat tussen partye verdeel moet word ten einde samewerkende bestuur te formuleer.[1284]

1279 Sien bv. Aanhangsel A; Aanhangsel B (modaliteit (c) en (d)); Aanhangsel C (sporte (van die leer) 6 tot 7); Aanhangsel D (tipe 5 en 6); en Aanhangsel E (tipe 3 en 4). 'n Alternatiewe beskrywing van dié kombinasie lui soos volg: "[…] we consider approaches to community wildlife management which go beyond passive participation […] These include, to varying degrees many of the characteristics of active participation […] [b]ut none incorporates the full range of attributes of truly active participation. As such, they can be considered to be transitional approaches between 'passive' and 'active' participation. Projects may advocate transitional participation but contain elements of passive participation, and *vice versa*. These approaches attempt to establish equitable partnerships, so that all stakeholders have an equal opportunity to control, manage and benefit [...]". International Institute for Environment and Development *Whose Eden? An Overview of Community Approaches to Wildlife Management* 32.

1280 International Institute for Environment and Development *Whose Eden? An Overview of Community Approaches to Wildlife Management* 18, 32.

1281 Berkes, George en Preston *Co-Management: The Evolution in Theory and Practice of the Joint Administration of Living Resources* 6-9; Berkes 1994 *Northern Perspectives* 19; Pomeroy en Berkes 1997 *Marine Policy* 466.

1282 Carlsson en Berkes 2005 *Journal of Environmental Management* 74.

1283 Carlsson en Berkes 2005 *Journal of Environmental Management* 74.

1284 Carlsson en Berkes 2005 *Journal of Environmental Management* 74.

Samewerkende bestuur beskryf 'n bestuursooreenkoms waar sommige of alle belanghebbendes beduidende betrokkenheid geniet, aktief deelneem aan verskillende aspekte van die inisiatief en die bestuursverantwoordelikhede van natuurbewaring onderling deel.[1285] Volgens Singleton[1286] word 'n situasie geskep waar alle belanghebbendes en rolspelers se sterkpunte gekombineer kan word en hul swakpunte getemper kan word. Gemeenskapsdeelname omvat egter nie altyd behendige onderhandeling en samewerking tussen belanghebbendes nie, of anders gestel die blote goedkeuring van voorstelle nie.[1287] Dit vereis 'n werklike betrokkenheid deur alle belanghebbendes wat soms op driftige debatvoering, konfrontasie, onenigheid en tweedrag kan uitloop wat ten einde kan manifesteer in goedkeuring van of teenstand teen 'n voorgestelde inisiatief.[1288] White[1289] wys in dié geval die politieke ondertoon van gemeenskapsdeelname uit en bepaal dat daar gevolglik konstante spanning tussen rolspelers kan bestaan ten opsigte van wie mag deelneem, wanneer, op watter wyse en volgens wie se bepalings en voorwaardes.[1290] Samewerkende bestuur is wel nie sinoniem met gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring nie, maar dit vorm 'n integrale deel daarvan en word beskou as die teoretiese begronding om gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring binne die groter bestuursraamwerk van natuurbewaring te inkorporeer.[1291]

1285 Berkes, George en Preston *Co-Management: The Evolution in Theory and Practice of the Joint Administration of Living Resources* 6; Carlsson en Berkes 2005 *Journal of Environmental Management* 65-66; Plummer en FitzGibbon 2004 *Environmental Management* 878; Pomeroy en Rivera-Guieb *Fishery Co-Management: A Practical Handbook* 7-8.

1286 Singleton *Constructing Cooperation: The Evolution of Institutions of Comanagement* 7.

1287 Picolotti "Agenda 21 and Human Rights: The Right to Participate" 51.

1288 Picolotti "Agenda 21 and Human Rights: The Right to Participate" 51.

1289 White 1996 *Development in Practice* 6.

1290 Sien ook die volgende verbandhoudende opmerking van United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 67 wat stel dat "[p]olicing the wildlife and forestry sectors frequently involves a myriad of agencies with different mandates, objectives, powers, investigative techniques and procedures. In some jurisdictions, law enforcement is highly centralized, while in other places it may be decentralized and involve local communities. The way in which law enforcement in these sectors is delivered depends on a host of variables, including the prevailing political, economic and cultural doctrines, as well as the social infrastructure and local tradition. Law enforcement mechanisms based upon national custom or culture, or on alternative social hierarchies, may also be present, especially where a lack of faith in the fairness and efficiency of the official system is prevalent."

1291 Pereira ea *Guidelines for Establishing Co-Management of Natural Resources in Timor-Leste* 10; Hasler *An Overview of the Social, Ecological and Economic Achievements and Challenges of Zimbabwe's CAMPFIRE Programme* 7; Abbot ea *Promoting Partnerships: Managing Wildlife Resources in Central and West Africa* 174.

Volgens Renard[1292] bied die konsep van samewerkende bestuur wesenlike insig in die mate waartoe gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring werklik op die gemeenskap gebaseer kan wees. Renard[1293] stel verder dat dit nie te alle tye moontlik of wenslik is om gemeenskappe alleen met alle bestuursverantwoordelikheid van natuurbewaring te beklee nie. Die regering sal altyd 'n mate van bestuur behou weens die verantwoordelikheid om redelike stappe te doen om die nodige beleid- en wetgewende raamwerk vir natuurbewaring daar te stel; nakoming en handhawing daarvan te monitor; vir konflikresolusie te voorsien; en ondersteuning en tegniese bystand aan gemeenskappe op verskillende vlakke te bied.[1294] Arnstein[1295] bepaal dat die verdeling van magte die nukleus van samewerkende bestuur uitmaak en dat gemeenskapsdeelname sonder verdeling van mag 'n niksseggende en frustrerende proses vir 'n gemeenskap is. Dienooreenkomstig rus die onus op die regering om verantwoordelikhede bewustelik en amptelik te verdeel asook 'n mate van gesag formeel aan alle belanghebbendes in natuurbewaring, insluitende gemeenskappe, oor te dra.[1296] Samewerkende bestuur veroorsaak derhalwe 'n paradigmaskuif rakende die ortodokse opvattings oor die tradisionele rol van die regering in omgewingsbestuur.[1297] Die regering word hiervolgens veeleer as 'n sogenaamde rigtinggewende beampte, ondersteuningstruktuur en leier bestempel, wat die toon aangee en nodige wetgewende en ander middele vir ander belanghebbendes (onder andere gemeenskappe) in plek stel.[1298] Ten einde samewerkende bestuur onder die gemeenskap, ander belanghebbendes en die regering te bewerkstellig, mag die regering as die hoogste gesaghebbende 'n formele ooreenkoms inisieer en saamstel wat die funksies, regte, verantwoordelikhede en voordele van deelname vir die

---

1292 Renard "Collaborative Management for Conservation" 65.
1293 Renard "Collaborative Management for Conservation" 65.
1294 Renard "Collaborative Management for Conservation" 65; Shackleton ea *Devolution and Community-Based Natural Resource Management: Creating Space for Local People to Participate and Benefit?* 2.
1295 Arnstein 1969 *Journal of American Institute of Planners* 216.
1296 Renard "Collaborative Management for Conservation" 65.
1297 Jabeen N "Good or Good Enough Governance in South Asia: Constraints and Possibilities" (hierdie dokument het geen bladsynommers nie).
1298 Jabeen N "Good or Good Enough Governance in South Asia: Constraints and Possibilities" (hierdie dokument het geen bladsynommers nie).

betrokke partye uitdruklik spesifiseer en waarborg.[1299] Sodanige ooreenkoms beskik oor die kapasiteit om verder as blote gemeenskapskonsultasie te strek deur duidelike, blywende, verifieerbare en billike vorme van gemeenskapsdeelname op verskillende vlakke te vestig.[1300] Die effektiwiteit van gemeenskapsdeelname berus dus op die innovasie en kreatiwiteit wat die regering en die beleidmakers aan die dag lê in die verdeling van magte, verantwoordelikhede, regte en voordele en die formulering van wetgewende beleid en formele ooreenkomste.[1301]

Twee sleutelvrae wat binne die konteks van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring na vore kom en beantwoord moet word, handel eerstens oor watter bestuursfunksies, verantwoordelikhede en magte met betrekking tot natuurbewaring geskik is om aan 'n gemeenskap op voetsoolvlak oor te dra; en tweedens, oor die maniere waarop gemeenskappe aan die monitering en bestuur van natuurbewaringsinisiatiewe deur middel van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring kan deelneem.[1302] Pinkerton[1303] maak aanbevelings rakende moontlike bestuursfunksies, verantwoordelikhede en magte wat op voetsoolvlak aan gemeenskappe[1304] oorgedra kan word, naamlik: (a) data-insameling en -ontleding; (b) daaglikse logistieke besluite; (c) besluite rakende die verbruik van natuurlike hulpbronne; (d) impromptu besluite op voetsoolvlak rakende die monitering en bewaring van 'n natuurlike hulpbron (anders gestel: wildspesie) teen skade; (e) praktiese nakoming en handhawing van regulasies; (f) bydrae tot en deelname aan die verbetering van langtermynbeplanning; en (g) besluitneming betreffende beleidsformulering. Davids[1305] bepaal egter dat outentieke gemeenskapsdeelname deurlopend moet geskied en dat die tekens van die gemeenskap se betrokkenheid in alle stappe vanaf besluitneming, implementering,

---

1299 Barrow en Murphree *Community Conservation from Concept to Practice: A Practical Framework* 9; Borrini-Feyerabend *Collaborative Management of Protected Areas: Tailoring the Approach to the Context* 12; Renard "Collaborative Management for Conservation" 65-67.

1300 Renard "Collaborative Management for Conservation" 65.

1301 Du Plessis 2008 *Potchefstroomse Elektroniese Regsblad* 177.

1302 Sien bv. Pomeroy en Berkes 1997 *Marine Policy* 468.

1303 Pinkerton "Introduction: Attaining Better Fisheries Management through Co-Management - Prospects, Problems and Propositions" 6. Pinkerton se bydrae is gegrond op samewerkende bestuur binne oopsee visserye en die plaaslike vissersbedryf. Die skrywer se aanbevelings strek verder en beskik oor universele waarde vir beide (landelike) natuurbewaring en natuurlike hulpbronbestuur.

1304 Pinkerton verwys in hierdie verband na die "verbruikers" van die hulpbronne.

1305 Davids *Voices from Below: Reflecting on Ten Years of Public Participation* 19, 29.

monitering, evaluasie, uitsetformulering, vasstelling van teikens, tot die regverdige verdeling van voordele sigbaar moet wees. Met spesifieke verwysing na natuurbewaringsinisiatiewe, demonstreer Rodríguez-Izquierdo, Gavin en Macedo-Bravo[1306] dat gemeenskappe deur middel van aktiewe sowel as passiewe vorme van gemeenskapsdeelname kan deelneem, naamlik:

(a) In natuurbewaring bestaan daar steeds situasies waar die regering die gemeenskap in kennis stel of met hulle 'n gesprek voer rakende bestaande of toekomstige natuurbewaringsinisiatiewe (met ander woorde, regeringsgesentreerde bestuur in kombinasie met passiewe gemeenskapsdeelname). Hoewel ander skrywers hierdie soort passiewe deelname as afkeurenswaardig ag, is dit slegs 'n sinlose oefening mits die regering nie die gemeenskap se insette werklik in ag neem nie, nie dit in toekomstige planne inkorporeer nie en nie die gemeenskap verder by die proses betrek nie.[1307] Passiewe deelname moet eerder doelgerig beplan en ingespan word om 'n toekomstige samewerkende ooreenkoms met die gemeenskap te smee en om gemeenskappe te onderrig in die motivering vir hul deelname, die onderskeie stappe binne die proses en die teikens of doelwitte van die inisiatief.
(b) Die regering en die gemeenskap kan onderling inligting en data deel. Die gemeenskap is 'n kernwaarnemer en rapporteur van die gebeure op voetsoolvlak en kan op hierdie manier toonaangewende inligting onder die regering se aandag bring.
(c) Die gemeenskap word 'n konsultant vir die regering wat alternatiewe oplossings vanuit 'n ander oogpunt vir die regering kan voorstel.
(d) Die gemeenskap kan die taak opgelê word om aan doelwitte wat ekstern geformuleer is te voldoen of te verwesenlik.
(e) Die gemeenskap kan deelneem aan die ontleding en beplanning van beleid; die fisiese uitvoering en monitering van natuurbewaringsinisiatiewe asook die

[1306] Rodríguez-Izquierdo, Gavin en Macedo-Bravo 2010 *Environmental Conservation* 240.
[1307] Barrow en Murphree "Community Conservation: From Concept to Practice" 28; Rahnema "Participation" 128; Arnstein 1969 *Journal of American Institute of Planners* 216.

rapportering van verdagte optrede en onregmatige handelinge binne 'n spesifieke gebied.

(f) In sommige gevalle kan daar ook soveel mag, verantwoordelikheid en regte (meestal in die vorm van regte in eiendom) aan gemeenskappe oorgedra word dat die gemeenskap hulself mobiliseer en organiseer om 'n spesifieke gebied, natuurlike hulpbronne of wildspesies te bewaar en bestuur.

(g) In die meeste van die genoemde maniere is deelname onderhewig aan een of ander vorm van vergoeding, voordeel of indiensneming wat deur die regering aan die gemeenskap gebied word in ruil vir hul samewerking.

Pomeroy en Berkes[1308] bepaal dat daar nie 'n volkome formule bestaan om die voorgenoemde bestuursfunksies en verantwoordelikhede deur middel van samewerkende bestuur binne die groter omvang van natuurbewaring te implementeer nie. Die antwoord lê eerder in verskillende vennootskappe tussen die regering en die gemeenskap, uiteenlopende kombinasies van passiewe en aktiewe gemeenskapsdeelname en noukeurig geformuleerde samewerkende ooreenkomste wat die spesifieke land se unieke biodiversiteitsprofiel, bestaande omgewingswetgewing en politieke omstandighede komplementeer.[1309] Gevolglik moet die mate van gemeenskapsdeelname oordeelkundig oorweeg word om die praktiese formulering van die inisiatief toe te lig.

Hierna volg 'n bondige visuele voorstelling van samewerkende bestuur as die optimale vlak van gemeenskapsdeelname tussen passiewe en aktiewe gemeenskapsdeelname binne gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring. Die visuele voorstelling bevat ook kenmerke van samewerkende bestuur wat binne die optimale vlak van gemeenskapsdeelname waargeneem kan word.

[1308] Pomeroy en Berkes 1997 *Marine Policy* 468.

[1309] Pomeroy en Berkes 1997 *Marine Policy* 468; Carlsson en Berkes 2005 *Journal of Environmental Management* 70-71.



Figuur 8: Samewerkende bestuur as die optimale vlak van gemeenskapsdeelname binne gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring[1310]

Die grondslag van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring berus grootliks op die konsep van gemeenskapsdeelname. Gemeenskapsdeelname is nie 'n statiese

[1310] Figuur 8 is verwerk, aangepas en gebaseer op die bydraes van Berkes, George en Preston *Co-Management: The Evolution in Theory and Practice of the Joint Administration of Living Resources* 6-9; Berkes 1994 *Northern Perspectives* 19; Pomeroy en Berkes 1997 *Marine Policy* 466; International Institute for Environment and Development *Whose Eden? An Overview of Community Approaches to Wildlife Management* 18; Dyer ea 2014 *Journal of Environmental Management* 138; Chess en Purcell 1999 *Environmental Science and Technology* 2685-2686; Raymond ea 2010 *Journal of Environmental Management* 1766-1777; Reed 2008 *Biological Conservation* 2421-2426; Webler en Tuler 2006 *The Policy Studies Journal* 705-707.

homogene proses nie, maar is aan verskillende tipologiese klassifikasies, doelwitte, verwagtinge, omstandige en voordele of nadele onderhewig.[1311] Binne 'n kombinasie van passiewe en aktiewe gemeenskapsdeelname word die optimale vlak van gemeenskapsdeelname gevind om billike en effektiewe samewerkende ooreenkomste tussen die regering en die gemeenskap te sluit wat beide kontemporêre[1312] sowel as tradisionele natuurbewaringsinisiatiewe[1313] inkorporeer en gevolglik gemeenskaps-gebaseerde natuurbewaring aanvuur.[1314] Geen natuurbewaringsbeleid of -model, soos onder andere gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring, wat op gemeenskapsdeelname geskoei is, kan oor die kort- of langtermyn suksesvol wees tensy 'n onderliggende positiewe houding tussen belanghebbendes bestaan om aktief en bewustelik hul optrede te optimaliseer om effektief saam te werk nie.[1315] Die sukses van die formulering van samewerkende ooreenkomste en dienooreenkomstig die verdeling van magte en verantwoordelikhede, sal hoofsaaklik van die gewilligheid van die regering en die gemeenskap om in die proses nuwe rolle aan te neem afhang, om met nuwe idees te eksperimenteer en deurlopend innoverende oplossings te formuleer ten einde gesamentlik trompop uitdagings en mislukkings te beredder.[1316] Vanuit dié perspektief kan gemeenskappe vanaf blote belanghebbendes tot vennote en eweknieë in natuurbewaring bevorder word.[1317] Carlson en Berkes[1318] stipuleer dat enige evaluasie van gemeenskapsdeelname in natuurbewaring verder as die verdeling van magte en verantwoordelikhede onder alle belanghebbendes sal moet strek. 'n Bewustelike poging moet eerder aangewend word om die rol van gemeenskapsdeelname, of altans gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring, binne die breë raamwerk van natuurbewaring (en selfs omgewingsbestuur) vas te stel.[1319]

1311 Sien Aanhangsel A tot E van die proefskrif.
1312 Sien 3.2.2 van die proefskrif.
1313 Sien 3.2.1 van die proefskrif.
1314 Western en Wright "The Background to Community-Based Conservation" 7-8.
1315 Wilkinson 1976 *Natural Resources Journal* 134.
1316 Western en Wright "The Background to Community-Based Conservation" 7-8.
1317 Knight en Meffe 1997 *Wildlife Society Bulletin* 678.
1318 Carlsson en Berkes 2005 *Journal of Environmental Management* 74.
1319 Carlsson en Berkes 2005 *Journal of Environmental Management* 74. Sien verder Rodríguez-Izquierdo, Gavin en Macedo-Bravo 2010 *Environmental Conservation* 240.

In die volgende afdeling word riglyne vir die implementering van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring geïdentifiseer en voorgestel om, as alternatiewe oplossing, bestaande reguleringsmaatreëls te versterk.

3.3.4 Riglyne vir die implementering van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring

Die implementering van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring in wetgewing en beleid word wyd deur kenners aangemoedig en sommige kenners redeneer dat dít die sleutel inhou om die volle potensiaal daarvan in praktyk te ontsluit.[1320] Desnieteenstaande, is, volgens Hulme en Murphree,[1321] weinig rakende die proses en vereistes bekend om die grondliggende teorieë van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring om te skakel en in wetgewing, beleid en praktyk te implementeer. Die nalatenskap van die fort-natuurbewaringsmodel verseker dat die konsep van bewaringsgebiede deur dekades se indringende internasionale gespreksvoering ontwikkel is en daartoe gelei het dat 'n gevestigde regsraamwerk met duidelike bepalings aangaande bestuur, kategorisering en administrasie geformaliseer is.[1322] Gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring, aan die teenkant, beskik tot dusver oor geen internasionale verwagtinge of riglyne waarteen dit gemeet kan word nie.[1323]

Ostrom[1324] (wat verskeie gemeenskapsinstellings se suksesse en mislukkings deur middel van ter plaatse evaluasies nagevors het) bevind dat die meerderheid mislukkings (met betrekking tot die bestuur van gemenepoelhulpbronne) aan swak geformuleerde implementeringsgrondslae en onbestendige gemeenskapsinstellings te wyte is. Swak geformuleerde implementeringsgrondslae en onbestendige gemeenskapsinstellings is moontlik 'n resultaat van die afwesigheid van riglyne waarteen dit gemeet kan word. Terwyl pluralisme ten sterkste in benaderings tot

---

1320 Sien bv. Babcock 2010 *Colorado Journal of International Environmental Law and Policy* 202; Barrow en Murphree "Community Conservation: From Concept to Practice" 34; Carlsson en Berkes 2005 *Journal of Environmental Management* 74; Rodríguez-Izquierdo, Gavin en Macedo-Bravo 2010 *Environmental Conservation* 240.

1321 Hulme en Murphree "Community Conservation in Africa: An Introduction" 2.

1322 Sien in die algemeen Dudley *Guidelines for Applying Protected Area Management Categories* 1-6. Sien 3.2.1 van die proefskrif.

1323 Mishra *The PARTNERS Principles for Community-Based Conservation* 19.

1324 Sien 3.2.1 en 3.2.2 van die proefskrif. Sien die voorbeelde soos bespreek in Ostrom *Governing the Commons: The Evolution of Institutions for Collective Action* 58-142.

gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring aanbeveel word,[1325] elimineer dit nie die behoefte aan riglyne en/of beginsels om die implementering daarvan te lei nie.[1326]

Te midde van dié leemte, het verskillende skrywers en kenners voortgegaan om verbandhoudende riglyne en/of beginsels te identifiseer en te ontwikkel wat moontlik van waarde vir die implementering van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring kan wees.[1327] Vervolgens word daar kortliks op die aard en inhoud van nege voorgestelde riglyne uitgebrei.

1325 Sien in die algemeen Berkes 2007 *Proceedings of the National Academy of Sciences of the United States of America* 15188-15193.

1326 Mishra *The PARTNERS Principles for Community-Based Conservation* 19-20.

1327 Voorbeelde sluit in: (a) Vanuit die gemene-eiendomsteorie is Ostrom se ontwerpbeginsels van langdurige gemeenskapsinstellings vir die bestuur van gemenepoelhulpbronne (anders gestel: "design principles for long-enduring common pool resource institutions") die bekendste en wyd aanvaarde verbandhoudende beginsels in hierdie verband. (Die belang en bydrae van gemenegoed en die gemene-eiendomsteorie in die ontwikkeling van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring is reeds in 3.2.1 en 3.2.2 van die proefskrif bespreek.) Ostrom identifiseer agt beginsels en beskryf dit as "essential element[s] or condition[s]" in hierdie verband. Die beginsels is kenmerkend van gemeenskapsinstellings wat oor 'n lang tydperk suksesvol in hul taak is om gesamentlik volgens interne reëls gemenepoelhulpbronne te bewaar, te bestuur en volhoubaar te verbruik. Sien Ostrom *Governing the Commons: The Evolution of Institutions for Collective Action* 90. (b) McNeely identifiseer tien beginsels vir suksesvolle genootskappe tussen bewaringsgebiede en buurgemeenskappe. Sien McNeely "Partnerships for Conservation: An Introduction" 5-7. (c) Chevallier, na gelang van gemeenskapsinisiatiewe in Suider-Afrika, identifiseer tien praktiese beginsels wat gemeenskapsinisiatiewe in natuurlike hulpbronbestuur beter uitvoerbaar kan maak. Sien Chevallier *The State of Community-Based Natural Resource Management in Southern Africa: Assessing Progress and Looking Ahead* 24-31. (d) Gruber het twaalf breë organisatoriese beginsels vir gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring ontwikkel. Sien Gruber 2010 *Environmental Management* 56-58. (e) Wasonga, Kambewa en Bekalo sonder tien beginsels vir gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring uit. Sien Wasonga, Kambewa en Bekalo "Community-Based Natural Resource Management" 171-173. (f) Mishra identifiseer in meer onlangse navorsing agt beginsels vir effektiewe gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring. Dié beginsels is na aanleiding van empiriese navorsing wat in die Himalajas in Sentraal-Asië onderneem is geïdentifiseer, met die doel om die bewaring van die sneeuluiperd te verskerp. Mishra poog "to articulate the approach that we believe should be followed when working with local communities." Die beginsels onderstreep die oortuiging dat gemeenskappe van die begin af as vennote in natuurbewaring behandel moet word en dus steun die beginsels swaar op die elemente van deeglike kommunikasie, gelykheid, billikheid en menswaardigheid. Sien Mishra *The PARTNERS Principles for Community-Based Conservation* 19-22. (g) Kellert ea identifiseer ses veranderlikes binne gemeenskapsgebaseerde inisiatiewe in die bestuur van natuurlike hulpbronne. Sien Kellert ea 2000 *Society and Natural Resources* 707. (h) Fabricius en Collins, na aanleiding van empiriese navorsing aangevul deur verdere internasionale en plaaslike ondervindings, dokumenteer elf ontwerpbeginsels vir suksesvolle gemeenskapsgebaseerde natuurlikehulpbronbestuur. Sien Fabricius en Collins 2007 *Water Policy* 89-90. (i) Brown en Mitchell identifiseer redes waarom die landskap kategorie van bewaringsgebiede besonder geskik is in diverse soorte gebiede van die wêreld waar gemeenskappe in of rondom bewaringsgebiede geleë is. Vir 'n bondige opsomming aangaande dié kategorie van bewaringsgebiede, sien 3.2.2 van die proefskrif. Sien Brown en Mitchell 2000 *The George Wright Forum* 73. (j) Robinson en Redford stel vyf beginsels voor wat moet aandag geniet in die formulering van toekomstige geïntegreerde natuurbewaring- en

- Riglyn 1: Doelwitidentifisering en -formulering

Mishra[1328] is van mening dat indien die regering die moontlikheid om gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring te implementeer, ondersoek, moet die ware doelwit van die inisiatief openlik en met deursigtigheid aan die gemeenskap gekommunikeer word ingevolge 'n geordende administratiewe proses. Die gemeenskap moet deel in die proses van doelwitidentifisering en -formulering ingevolge die beginsels van publieke deelname.[1329] Daar moet verkieslik een oorkoepelende doelwit by uitstek voorrang geniet[1330] en die regering en die gemeenskap moet beide insette lewer en die doelwitte gesamentlik formuleer.[1331] Algemene oorkoepelende doelwitte sluit byvoorbeeld in: (a) die bewaring van wildspesies; (b) die herstel of handhawing van ekostelsels; en/of (c) die bevordering van gemeenskappe se lewensbestaan.[1332] In die proses van doelwitformulering moet beide doelwitte vir natuurbewaring en sosio-ekonomiese ontwikkeling gestel word.[1333] Die doelwitte moet gedokumenteer word[1334] en duidelik geformuleer, meetbaar,

ontwikkelingsprogramme. Sien Robinson en Redford "Jack of All Trades, Master of None: Inherent Contradictions Among ICD Approaches" 24-29. (k) Sayer en Wells, formuleer sewe basiese beginsels met betrekking tot die verbetering van geïntegreerde natuurbewaring- en ontwikkelingsprogramme. Sien Sayer en Wells "The Pathology of Projects" 47-48, sien ook 3.2.2 van die proefskrif. (l) Twaalf pilare waarop die CAMPFIRE-inisiatief in Zimbabwe gegrond is, is ontwikkel. Sien bv. die bydrae van Child 1996 *Biodiversity and Conservation* 376-381 wat die pilare van die CAMPFIRE-inisiatief soos volg beskryf: "[t]he principles underlying CAMPFIRE have been presented in many forms by many people, ranging from philosophical analyses to practical recommendations resulting from case studies or related to project proposals; to bureaucratic guidelines." Dié voorbeelde van verbandhoudende riglyne en/of beginsels soos in (a)-(l) gelys, is nie 'n uitsluitlike lys nie. Vanweë die omvang van literatuur wat verbandhoudende riglyne (en/of beginsels) voorstel, word 'n verkorte weergawe van moontlike riglyne (en/of beginsels) in die proefskrif ingesluit. 'n Meer beskrywende bydrae rakende die riglyne (en/of beginsels) vir die implementering van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring val buite die bestek van hierdie proefskrif. Sien ook die bydrae van Child *Sustainable Governance of Wildlife and Community-Based Natural Resource Management: From Economic Principles to Practical Governance* 287-314.

1328 Mishra *The PARTNERS Principles for Community-Based Conservation* 59-64.

1329 Sien 3.3.3 van die proefskrif.

1330 Robinson en Redford "Jack of All Trades, Master of None: Inherent Contradictions Among ICD Approaches" 25.

1331 Sien Aanhangsel D van die proefskrif.

1332 Robinson "Using 'Sustainable Use' Approaches to Conserve Exploited Populations " 488.

1333 Sien 3.2.2, 3.3.2 en Tabel 5 van die proefskrif. Brown en Mitchell 2000 *The George Wright Forum* 73; Hulme en Murphree 1999 *Journal of International Development* 279-280.

1334 Fabricius en Collins 2007 *Water Policy* 89.

uitvoerbaar en toepasbaar wees,[1335] terwyl daar ook ruimte vir toekomstige aanpasbaarheid, herformulering en onderhandeling gelaat word.[1336]

- Riglyn 2: Afbakening van die fisiese gebied en identifisering van die teikengemeenskap

Die fisiese gebied en die teikengemeenskap moet geïdentifiseer word deur duidelike grense wat die fisiese gebied of ligging afbaken waarin gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring geïmplementeer gaan word.[1337] Duidelike grense bepaal verder watter individue of huishoudings kwalifiseer as lede van die teikengemeenskap.[1338] Die gemeenskap moet oor 'n gemeenskaplike belang in die biodiversiteit binne 'n spesifieke gebied beskik en op verskillende maniere van die biodiversiteit afhanklik wees.[1339] Eienskappe van kollektiewe aksie moet binne die gemeenskap sigbaar wees, naamlik: (a) gedeelde norme en voorkeure; (b) groepdinamika en -stabiliteit, (c) deurlopende kommunikasie en (d) direkte verhoudinge.[1340] Die gemeenskap moet hulself in die kleinste eenhede (of groepe) moontlik organiseer.[1341]

- Riglyn 3: Gunstige omstandighede om gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring te implementeer en te handhaaf

Ten einde gunstige omstandighede te skep om gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring te implementeer en te handhaaf, behoort 'n evaluasie van die unieke ekologiese, sosiale en politieke kontekste en omstandighede binne die afgebakende gebied voltooi word.[1342] Die bestaande regsraamwerk met betrekking tot

---

1335 Robinson en Redford "Jack of All Trades, Master of None: Inherent Contradictions Among ICD Approaches" 25.

1336 Sayer en Wells "The Pathology of Projects" 47.

1337 Ostrom *Governing the Commons: The Evolution of Institutions for Collective Action* 90-92.

1338 Ostrom *Governing the Commons: The Evolution of Institutions for Collective Action* 90-92; Anderies, Janssen en Ostrom 2004 *Ecology and Society* (hierdie is 'n elektroniese joernaalartikel wat nie oor bladsynommers beskik nie).

1339 Sien 3.3.2.1 van die proefskrif.

1340 Sien 3.3.2.1 van die proefskrif. Sien ook Agrawal en Gibson 1999 *World Development* 636.

1341 Mishra *The PARTNERS Principles for Community-Based Conservation* 41-42 bevind dat gemeenskappe wat onderverdeel in kleiner eenhede (of groepe) meer suksesvol bestuur word.

1342 Robinson en Redford "Jack of All Trades, Master of None: Inherent Contradictions Among ICD Approaches" 27. Fabricius "The Fundamentals of Community-Based Natural Resource Management" 15 benadruk in hierdie verband die volgende: "[w]e are, however, discovering that a more rigorous and nuanced social analysis of the processes of political and economic change at

natuurbewaring moet geëvalueer word om te bepaal hoe gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring die bestaande regsraamwerk moontlik kan komplementeer.[1343]

'n Georganiseerde administratiewe proses om gemeenskapsdeelname te fasiliteer, moet in werking gestel word.[1344] Die gemeenskap moet reeds by aanvang by die proses betrek[1345] en met respek as gelyke vennote tot die inisiatief behandel word.[1346] Die regering moet in direkte konsultasie met die gemeenskap wees[1347] en 'n oop platform vir kommunikasie en interaksie, byvoorbeeld deur opnames, vergaderings, onderhoude of soortgelyke byeenkomste, skep.[1348] Die gemeenskap moet in staat wees om hul eie belange deur middel van deelname aan die besluitnemingsproses te bevorder.[1349] Beide die regering sowel as die gemeenskap moet deur besluite gebind word.[1350] Die gemeenskap se insette, kennis, belange, knelpunte en verwagtinge wat in die proses na vore kom, moet waardevol geag word en gedokumenteer word.[1351] Indien die gemeenskap knelpunte en bekommernisse opper, moet dit met die nodige empatie benader word.[1352]

Bewusmaking van die probleem (byvoorbeeld wildmisdaad) moet geskep word deur inligting aan die gemeenskap beskikbaar te stel.[1353] 'n Administratiewe proses moet ook ontwikkel word waar die gemeenskap verdere inligting rakende die probleem van

---

the country level, and the specific social, political and biological conditions at the local level, is required, rather than adopting sets of rules in a blueprint way." Mishra *The PARTNERS Principles for Community-Based Conservation* 31-51 bepaal dat 'n replika van 'n bestaande gemeenskapsgebaseerde natuurbewaringsinisiatief se beginsels in die meeste gevalle nie geskik is om sonder aanpassings op 'n nuwe inisiatief toe te pas nie. Innoverende oplossings moet ontwikkel word om elke unieke geval te pas. Die laasgenoemde skrywer gaan verder deur te bepaal dat "[t]he knowledge that there is no single or correct way to address a problem in community-based conservation also helps to reduce the fear of making mistakes."

1343 Fabricius en Collins 2007 *Water Policy* 90. Sien 3.2.2 van die proefskrif.

1344 Sien 3.3.3 van die proefskrif rakende 'n bespreking oor passiewe en aktiewe gemeenskapsdeelname.

1345 Sien Aanhangsel A van die proefskrif.

1346 Mishra *The PARTNERS Principles for Community-Based Conservation* 53-58.

1347 Sien 3.3.3 en Aanhangsel A van die proefskrif.

1348 Sien Aanhangsel B en C van die proefskrif. Chevallier *The State of Community-Based Natural Resource Management in Southern Africa: Assessing Progress and Looking Ahead* 26.

1349 Wisor 2012 *Ethics & International Affairs* 123. Sien Aanhangsel A van die proefskrif.

1350 Sien Aanhangsel B van die proefskrif.

1351 Sien 3.3.3 en Aanhangsel A van die proefskrif.

1352 Mishra *The PARTNERS Principles for Community-Based Conservation* 83-86.

1353 Sien 3.3.3 en Aanhangsels A en B van die proefskrif.

die regering kan versoek.[1354] Die gemeenskap moet onderrig word rakende (i) hul rol in die oorsaak van die probleem;[1355] (ii) hul rol in die moontlike oplossing;[1356] (iii) regte in eiendom;[1357] (iv) magte en verantwoordelikhede;[1358] en (v) die voordele wat hulle in ruil vir hul deelname kan ontvang.[1359]

'n Samewerkende ooreenkoms moet geïnisieer word wat die funksies, regte, magte, verantwoordelikhede en voordele van deelname vir alle betrokke partye uitdruklik spesifiseer en waarborg.[1360] Die gemeenskap se bestaande vaardighede en dienste moet tydens beplanning in oorleg met die gemeenskap se onkostes en tyd om dit te verrig in berekening gebring word,[1361].[1362] Finansiële en ander vorme van steun moet beskikbaar wees vir oorgangskoste met aanvang van die inisiatief.[1363] Waar die implementeringsproses dit noodsaak, kan die regering ook 'n verdere *ad hoc* of formele memorandum van verstandhouding met enige belanghebbendes, hetsy met buurlande, enige ander lande van belang, mederegeringsdepartemente of nieregeringsorganisasies, inisieer om enige afsonderlike pogings beter onderling te koördineer.[1364]

Komplekse kwessies moet prontuit bespreek word, voorwaardes moet onderhandel word en kompromieë moet aangegaan word.[1365] Indien onderhandelings 'n dooiepunt bereik, moet die hulp van 'n mediator ingeroep word.[1366] Die gemeenskap en die

---

1354 Sien 3.3.3 en Aanhangsel B van die proefskrif.
1355 Bv. bestaansjag of die betrokkenheid by georganiseerde misdaad. Sien bv.2.3.1 en 2.5 van die proefskrif. Mtetwa en Schutte 2003 *Water SA* 58.
1356 Mtetwa en Schutte 2003 *Water SA* 58.
1357 Sien Figuur 7 van die proefskrif vir 'n visuele uitbeelding van die vier kernkomponente van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring.
1358 Sien Figuur 7 van die proefskrif vir 'n visuele uitbeelding van die vier kernkomponente van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring.
1359 Sien Figuur 7 van die proefskrif vir 'n visuele uitbeelding van die vier kernkomponente van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring.
1360 Barrow en Murphree *Community Conservation from Concept to Practice: A Practical Framework* 9; Borrini-Feyerabend *Collaborative Management of Protected Areas: Tailoring the Approach to the Context* 12; Renard "Collaborative Management for Conservation" 65-67. Sien 3.3.3 en Aanhangsel C van die proefskrif.
1361 Sien Aanhangsel D van die proefskrif.
1362 Sien Aanhangsel E van die proefskrif.
1363 Gruber 2010 *Environmental Management* 57; Sayer en Wells "The Pathology of Projects" 47.
1364 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 73.
1365 Knox en Meinzen-Dick *Collective Action, Property Rights, and Devolution of Natural Resource Management: Exchange of Knowledge and Implications for Policy* 31.
1366 Mishra *The PARTNERS Principles for Community-Based Conservation* 80.

regering moet gesamentlik die verantwoordelikheid opneem om 'n agenda vir toekomstige gespreksvoering en besluitneming vas te stel.[1367] Die regering sowel as die gemeenskap moet aanvaar dat die implementering van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring 'n tydsame proses is.[1368]

- Riglyn 4: Voordele en aansporingstrukture vir die gemeenskap in ruil vir hul deelname

Die regering (of 'n ander inisieerder van die inisiatief) moet verskillende voordele aan die gemeenskap aanbied wat hulle aanspoor om aan die inisiatief deel te neem.[1369] Dié voordele moet in lyn met die gemeenskap se behoeftes wees.[1370] Die voordele wat die gemeenskap ontvang, moet die gemeenskap se kostes om aan die inisiatief deel te neem, oorskry[1371] en moet billik en regverdig verdeel word.[1372] Differensiële insette (deur onderskeie gemeenskapslede) moet tot differensiële voordele (aan onderskeie gemeenskapslede) lei.[1373] Daar moet beide tasbare (meetbaar in monitêre terme) sowel as ontasbare voordele aan die gemeenskap aangebied word.[1374] Sommige voordele moet in die inisiatief herbelê word om die inisiatief te onderhou en te

---

1367 Sien 3.3.3 van die proefskrif.

1368 Child 1996 *Biodiversity and Conservation* 380-381; Sayer en Wells "The Pathology of Projects" 47-48.

1369 Sien Figuur 7 vir 'n visuele uitbeelding van die vier kernkomponente van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring. McNeely "Partnerships for Conservation: An Introduction" 5; Chevallier *The State of Community-Based Natural Resource Management in Southern Africa: Assessing Progress and Looking Ahead* 26; Mishra *The PARTNERS Principles for Community-Based Conservation*

1370 Chevallier *The State of Community-Based Natural Resource Management in Southern Africa: Assessing Progress and Looking Ahead* 28; Arntzen, Setlhogile en Barnes *Rural Livelihoods, Poverty Reduction, and Food Security in Southern Africa: Is CBNRM the Answer?* 29.

1371 Wasonga, Kambewa en Bekalo "Community-Based Natural Resource Management" 172; Murphree *Communities as Resource Management Institutions* 5; Chevallier *The State of Community-Based Natural Resource Management in Southern Africa: Assessing Progress and Looking Ahead* 28; Breen (red) *Community-Based Natural Resource Management in Southern Africa: An Introduction* 13.

1372 Wasonga, Kambewa en Bekalo "Community-Based Natural Resource Management" 173; Kellert ea 2000 *Society and Natural Resources* 707.

1373 Murphree *Communities as Resource Management Institutions* 5.

1374 Fabricius "The Fundamentals of Community-Based Natural Resource Management" 33; Jones "Community Benefits from Safari Hunting and Related Activities in Southern Africa" 160-167.

verbeter.[1375] Onafhanklike deskundiges moet aangestel word om die verdeling van voordele te oudit.[1376]

Moontlike voordele en aansporingstrukture kan insluit:[1377] (a) die oprigting van publieke instansies (byvoorbeeld gemeenskapsentrums, klinieke, skole, biblioteke); (b) verbetering van infrastruktuur (byvoorbeeld paaie, sanitasie, behuising); (c) verspreiding van tasbare finansiële voordele op 'n gemeenskapsvlak sowel as huishoudelike vlak; (d) kapasiteitsbou en die uitbreiding van menslike kapitaal (onderrig, opleiding, leierskap en entrepreneurskap); (e) werksgeleenthede en indiensneming; (f) erkenning en uitbreiding van regte in eiendom; (g) voordele wat uit die gemeenskap se gebruik van die natuurlike hulpbronne vir basiese behoeftebevrediging spruit en voordele wat uit die intrinsieke waarde van biodiversiteit spruit (bv. toerisme).[1378]

- Riglyn 5: Samestelling van 'n bestuurstruktuur

Die bestuurstruktuur moet uit ineenpassende instellings saamgestel wees wat beide die regering en die gemeenskap verteenwoordig.[1379] Die regering moet die rol van beskermpersoon inneem wat uiteindelik vir die bewaring van biodiversiteit verantwoording doen, hoewel sekere regte, magte en verantwoordelikhede aan gemeenskappe op voetsoolvlak oorgedra moet word.[1380] Die gemeenskap moet 'n gemeenskapsinstelling as hul formele verteenwoordigers saamroep of verkies en hul

---

1375 Wasonga, Kambewa en Bekalo "Community-Based Natural Resource Management" 173; Chevallier *The State of Community-Based Natural Resource Management in Southern Africa: Assessing Progress and Looking Ahead* 25; Arntzen, Setlhogile en Barnes *Rural Livelihoods, Poverty Reduction, and Food Security in Southern Africa: Is CBNRM the Answer?* 29.

1376 Chevallier *The State of Community-Based Natural Resource Management in Southern Africa: Assessing Progress and Looking Ahead* 26.

1377 Sien in die algemeen Emerton *The Nature of Benefits and the Benefits of Nature: Why Wildlife Conservation Has Not Economically Benefitted Communities in Africa* 211-214; Emerton "The Nature of Benefits and the Benefits of Nature: Why Wildlife Conservation has not Economically Benefited Communities in Africa" 6-8; Hutton en Leader-Williams 2003 *Oryx* 220-221; Wasonga, Kambewa en Bekalo "Community-Based Natural Resource Management" 184.

1378 Anders gestel: "extractive and non-extractive uses".

1379 Anders gestel: "Nested enterprises" verwys na interafhanklike bestuursvlakke en instellings binne die regering, gemeenskap en ander eksterne belanghebbendes of beleggers. Ostrom *Governing the Commons: The Evolution of Institutions for Collective Action* 101-102; McNeely "Partnerships for Conservation: An Introduction" 7.

1380 Child 1996 *Biodiversity and Conservation* 380.

interne institusionele reëlings neerlê. Enige bestaande bestuurstrukture moet hersien word om vir gemeenskapsinstellings ruimte te skep.[1381] Dit is belangrik dat ander belanghebbendes en kundiges, byvoorbeeld nieregeringsorganisasies, by die bestuurstruktuur ingesluit word.[1382]

Die bestuur van die inisiatief moet met deursigtigheid geskied.[1383] Daar moet oop kanale van kommunikasie en wedersydse vertroue tussen die ineenpassende instellings binne die bestuurstruktuur bestaan.[1384] Regte, magte en verantwoordelikhede moet regverdig onder die ineenpassende instellings verdeel (of vanaf die regering aan die gemeenskap oorgedra) word.[1385] Duidelike pligsbeskrywings moet ontwikkel word,[1386] maar die bestuurstruktuur moet buigsaam en aanpasbaar te midde van verandering wees.[1387] Verteenwoordigers van alle vlakke van die bestuurstruktuur moet deurlopend op voetsoolvlak (tussen die gemeenskap) aanwesig wees, sodat die indruk nie geskep word dat die regering vanaf 'n afstand die inisiatief bestuur deur eksterne doelwitte te formuleer wat die gemeenskappe bloot uitvoer nie.[1388]

Die gemeenskap moet oor selfstandige interne organisasievermoë beskik.[1389] Binne die gemeenskapsinstelling moet 'n interne leierskapstruktuur onder die gemeenskapslede gevestig word.[1390] Die gemeenskapsinstelling, deur middel van die interne leierskapstruktuur, moet hulself bemagtig om selfstandig besluite te neem.[1391] Verder

---

1381 Sien Aanhangsel E van die proefskrif.
1382 Gruber 2010 *Environmental Management* 56.
1383 Chevallier *The State of Community-Based Natural Resource Management in Southern Africa: Assessing Progress and Looking Ahead* 24.
1384 Chevallier *The State of Community-Based Natural Resource Management in Southern Africa: Assessing Progress and Looking Ahead* 26. Sien ook Figuur 8 vir die kenmerke van samewerkende bestuur.
1385 Kellert ea 2000 *Society and Natural Resources* 707; Gruber 2010 *Environmental Management* 56.
1386 Mtetwa en Schutte 2003 *Water SA* 58. Sien Figuur 7 vir 'n visuele uitbeelding van die vier kernkomponente van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring.
1387 Chevallier *The State of Community-Based Natural Resource Management in Southern Africa: Assessing Progress and Looking Ahead* 24.
1388 Mishra *The PARTNERS Principles for Community-Based Conservation* 25 bepaal dat "[c]ommunity-based conservation cannot be done effectively from a distance. It is founded on resilient relationships between local communities and conservationists, which require the practitioner's sustained field presence."
1389 Sien 3.3.2.1 van die proefskrif.
1390 Gruber 2010 *Environmental Management* 57.
1391 Sien Aanhangsel A van die proefskrif.

moet interne formele en informele reëls en voorskrifte deur die gemeenskapsinstelling neergelê word vir: (i) interne toeëienings en toelatings;[1392] (ii) voorskriftelike maatreëls,[1393] en (iii) bestuursnorme en maatreëls vir nakoming en afdwinging van die reëls.[1394] Leierskapstermyne en die prosedure vir herverkiesing van nuwe leiers moet vasgestel word. Die bestuurstruktuur moet meganismes of forums vir geskilbeslegting tot stand bring[1395] en sanksies vir gemeenskapslede wat die reëls oortree, vasstel.[1396]

- Riglyn 6: Beplanning en besluitneming

Holistiese beplanning en besluitneming moet geskied.[1397] Beplanning en besluitneming moet vanuit ingeligte standpunte spruit en op wetenskaplike feite, tradisionele kennis en formele regsbepalings berus.[1398] Beplanning moet dui op die vestiging van langtermynverbintenisse tussen die regering en die gemeenskap.[1399]

Beplanning en besluitneming moet tot op die laagste moontlike vlak van die bestuurstruktuur strek,[1400] om die gemeenskap in 'n posisie te plaas om besluite en reëls wat hulle raak, te beïnvloed en te verander.[1401] Die bestuurstruktuur moet daarna streef om konsensus te bereik alvorens besluite geïmplementeer word.[1402]

- Riglyn 7: Probleemoplossing en die uitvoer van magte en verantwoordelikhede

Die uitvoer van magte en verantwoordelikhede moet op die laagste moontlike vlak van die bestuurstruktuur plaasvind en die regering en die gemeenskap deurlopend saamspan om innoverende oplossings te vind.[1403] Magte en verantwoordelikhede moet

---

1392 Bv. reëls oor kwotas en seisoenale beperkings en toelaatbare gebiede. Fabricius en Collins 2007 *Water Policy* 89.
1393 Bv. reëls oor arbeidpraktyke, jagmetodes en die gebruik van tegnologie en ander toerusting.
1394 Ostrom *Governing the Commons: The Evolution of Institutions for Collective Action* 92; Agrawal en Gibson "Introduction: The Role of Community in Natural Resource Conservation" 14-15.
1395 Ostrom *Governing the Commons: The Evolution of Institutions for Collective Action* 100-101; Kellert ea 2000 *Society and Natural Resources* 707.
1396 Ostrom *Governing the Commons: The Evolution of Institutions for Collective Action* 94-100.
1397 McNeely "Partnerships for Conservation: An Introduction" 6.
1398 Sien Figuur 8 vir die kenmerke van samewerkende bestuur en 3.3.2.3 van die proefskrif.
1399 Gruber 2010 *Environmental Management* 56.
1400 Wasonga, Kambewa en Bekalo "Community-Based Natural Resource Management" 171.
1401 Ostrom *Governing the Commons: The Evolution of Institutions for Collective Action* 93.
1402 Sien ook Figuur 8 vir die kenmerke van samewerkende bestuur.
1403 Sien Aanhangsel A van die proefskrif.

met oordeelkundigheid aan gemeenskappe oorgedra word en pligte verteenwoordig wat binne die kapasiteit van die gemeenskap is om suksesvol uit te voer.[1404] Magte en verantwoordelikhede moet nie op die gemeenskap afgedwing word nie, maar moet eerder deur middel van samesprekings en eensgesindheid onderhandel word.[1405] Die magte en verantwoordelikhede wat aan die gemeenskap oorgedra word, moet nie meer insette van die gemeenskap vra as die moontlike uitsette en voordele wat die inisiatief aan die gemeenskap bied in ruil vir hul deelname nie.[1406]

Beide die regering en die gemeenskap moet sensitief wees vir enige veranderinge in die biodiversiteit waaroor hulle aangestel is en probleme moet met die nodige dringendheid opgelos word om onnodige agteruitgang te voorkom.[1407]

- Riglyn 8: Monitering en terugvoer

Daar moet deurlopend 'n ope platform vir gespreksvoering en kommunikasie bestaan waar die bestuurstruktuur kan kommunikeer.[1408] Monitering en terugvoer moet deur middel van deursigtige prosesse gefasiliteer word.[1409]

Daar moet 'n evaluasieproses vir die evaluasie van doelwitbereiking, suksesse, mislukkings en pligsuitvoering in plek wees.[1410] Periodieke monitering moet deur middel van weeklikse, maandelikse of jaarlikse terugvoer op vordering ten opsigte van doelwitte en pligte plaasvind.[1411] Beide die regering en die gemeenskap moet wedersydse aanspreeklikheid vir mislukkings aanvaar.[1412]

1404 Sien 3.3.3 van die proefskrif.
1405 Sien 3.3.3 van die proefskrif.
1406 Wasonga, Kambewa en Bekalo "Community-Based Natural Resource Management" 172; Murphree *Communities as Resource Management Institutions* 5; Chevallier *The State of Community-Based Natural Resource Management in Southern Africa: Assessing Progress and Looking Ahead* 28; Breen (red) *Community-Based Natural Resource Management in Southern Africa: An Introduction* 13.
1407 Mishra *The PARTNERS Principles for Community-Based Conservation* 87.
1408 Gruber 2010 *Environmental Management* 56.
1409 Scheberle 2000 *American Behavioral Scientist* 567.
1410 Gruber 2010 *Environmental Management* 61.
1411 Ostrom *Governing the Commons: The Evolution of Institutions for Collective Action* 94
1412 Gruber 2010 *Environmental Management* 61.

'n Stelsel waarvolgens gemeenskappe data kan insamel en voorvalle binne die gebied kan rapporteer moet in plek gestel word.

- Riglyn 9: Bewusmaking, opleiding, onderrig en kapasiteitsbou

Die gemeenskap moet bemagtig word en hul kennis moet verbreed word deur middel van onderrig en opleiding[1413] Die gemeenskap moet toegang tot opleiding en onderrig geniet om hul verskillende ampte te beklee en magte en verantwoordelikhede uit te voer.[1414] Die privaat sektor en internasionale organisasies kan by onderrig, opleiding en kapasiteitsbou betrek word.[1415] Daar moet in die uitbreiding van menslike kapitaal (byvoorbeeld arbeid) belê word.[1416] Moontlikhede vir verdere navorsing, tegnologiese verbetering en die integrasie van wetenskaplike en tradisionele kennis moet deurlopend nagespeur word.[1417]

Die nege voorgestelde riglyne vir implementering kan as beginpunt gebruik word om gemeenskapsgebaseerde natuurbewaringsinisiatiewe te formuleer om bestaande regsraamwerke te komplementeer en die regering by te staan in die uitvoering van sig mandaat. Dit kan gebruik word om sekere aanvoorwerk by die oprigting van die inisiatief te verrig, asook om die interne werking en sukses van die inisiatief te handhaaf. Die promulgering van die voorgestelde riglyne in wetgewing in geheel is egter debatteerbaar. Die riglyne toon kenmerke van beide passiewe sowel as aktiewe gemeenskapsdeelname, aangesien die optimale punt van gemeenskapsdeelname in gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring gevind word in die buigsame kombinasie van passiewe en aktiewe deelname wat samewerkende bestuur daarstel.[1418]

1413 Gruber 2010 *Environmental Management* 56.
1414 Mtetwa en Schutte 2003 *Water SA* 58.
1415 Chevallier *The State of Community-Based Natural Resource Management in Southern Africa: Assessing Progress and Looking Ahead* 27.
1416 Chevallier *The State of Community-Based Natural Resource Management in Southern Africa: Assessing Progress and Looking Ahead* 27.
1417 McNeely "Partnerships for Conservation: An Introduction" 7; Kellert ea 2000 *Society and Natural Resources* 707; Chevallier *The State of Community-Based Natural Resource Management in Southern Africa: Assessing Progress and Looking Ahead* 31.
1418 Sien 3.3.3 van die proefskrif.

3.4 Gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring as 'n alternatiewe oplossing vir die bekamping van wildmisdaad

Die vorige afdelings in die hoofstuk ontleed en beskryf gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring vanuit 'n historiese sowel as 'n teoretiese oogpunt.[1419] Dié ondersoek spruit uit toonaangewende internasionale organisasies en ander kenners se aanbevelings dat regerings gemeenskappe, as kernrolspelers op voetsoolvlak, moet bemagtig om aan die bekamping van wildmisdaad deel te neem.[1420] Weens onsekerhede en leemtes in die internasionale beleidsraamwerk oor die manier waarop lande aanbevelings van dié aard sinvol in praktyk moet voortsit, uitvoer, implementeer en operasionaliseer, stel kenners voor dat 'n ondersoek aangaande die benadering van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring moontlike antwoorde ten gunste van die formulering van toekomstige beste praktyk kan ontsluit.[1421] Die doel van die voorgenoemde omvattende besprekings in hierdie hoofstuk was om in teorie vas te stel wat gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring behels ten einde konteks te gee aan kenners se aanbevelings wat voorstel dat gemeenskappe aan die bekamping van wildmisdaad moet deelneem.

[1419] Die voorgenoemde oorsig en ontleding het verlang dat regsoorwegings (in die vorm van internasionale ontwikkelings en verwagtinge) met multidissiplinêre teorieë gekombineer word aangesien daar tans, sover vasgestel kon word, beperkte regsliteratuur aangaande gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring bestaan. Die historiese oorsig het verlang dat 'n opsommende bespreking aangaande die fort-natuurbewaringsmodel deur dié van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring voorafgegaan word. Die fort-natuurbewaringsmodel is 'n gevestigde model wat vandag steeds die hoeksteen van meeste lande se pogings om natuurbewaring te bewerkstellig, daarstel. Weens die grootskaalse onregverdigheid en verdeeldheid wat uit die handhawing van die fort-natuurbewaringsmodel ontstaan het, het kenners begin motiveer dat gemeenskappe 'n integrale deel van natuurlike omgewings en ekostelsels uitmaak en dat gemeenskappe oor waardevolle vaardighede en kennis beskik om biodiversiteit te bestuur. Hieruit het 'n paradigmaskuif, teenstrydig met die aard van die fort-natuurbewaringsmodel, genaamd gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring ontstaan, waar gemeenskappe direk by die bewaring, volhoubare verbruik en bestuur van die omgewing en natuurlike hulpbronne betrek word. Die historiese oorsig het ontbloot dat gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring reeds ten tyde van grondlegging met kompleksiteit omhul is. Sien 3.2.1 en 3.2.2 van die proefskrif. Die teoretiese ontleding het op 'n dieper vlak ondersoek wat gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring behels deur te fokus op die vasstelling van definisies, en interpretasies van "gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring" en verwante begrippe; 'n tipologiese klassifikasie van verskillende vorme van gemeenskapsdeelname; en riglyne vir die implementering van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring. Sien 3.3.1 tot 3.3.4 van die proefskrif.

[1420] Sien 2.7 van die proefskrif.

[1421] Sien 2.7 van die proefskrif.

Die volgende gedeelte van die hoofstuk werp lig op die maniere waarop gemeenskapsgebaseerde natuurbewaringsinisiatiewe spesifiek tot die bekamping van wildmisdaad kan bydra ten einde bestaande wetgewende en ander reguleringsmaatreëls wat tans wildmisdaad reguleer, te versterk. Indien kenners gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring as 'n alternatiewe oplossing vir wildmisdaad voorstel en wil implementeer, moet sekere aspekte uniek aan die bekamping van wildmisdaad, in oorweging gebring word.[1422] Die volgende bespreking poog om die moontlike oplossings wat gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring bied, met sekere van die komplekse en unieke uitdagings wat wildmisdaad skep, te versoen deur werkbare voorstelle vir sinvolle implementering en operasionalisering in hierdie verband te maak.[1423] Om struktuur aan die bespreking te verleen, word dit ingevolge die vier kernkomponente van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring gestruktureer.[1424]

3.4.1 Die oordrag van magte en verantwoordelikhede aan die gemeenskap om aan die bekamping van wildmisdaad deel te neem

Alvorens enige magte en verantwoordelikhede aan gemeenskappe oorgedra kan word om aan die bekamping van wildmisdaad deel te neem, moet die regering sekere aanvoorwerk verrig wat merendeels passiewe gemeenskapsdeelname van gemeenskappe vereis.[1425] Die riglyne vir implementering wat in die vorige gedeelte van die hoofstuk voorgestel is, kan gebruik word om leiding te bied om dié aanvoorwerk te verrig by die oprigting van die inisiatief, asook om die interne werking en sukses van die inisiatief met verloop van tyd te handhaaf.[1426] Die regering moet die betrokke gebied waar wildmisdaad bekamp moet word se fisiese grense duidelik afbaken, ten

---

1422 Sien in die algemeen Berkes 2007 *Proceedings of the National Academy of Sciences of the United States of America* 15188-15193 waar pluralisme ten sterkste aanbeveel word in benaderings tot gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring. Sien verder 3.3.4 van die proefskrif.

1423 Hierdie punt vind aansluiting by Carlsson en Berkes 2005 *Journal of Environmental Management* 74 se aanbeveling dat 'n bewustelike poging aangewend moet word om die geskikte magte, verantwoordelikhede en regte aan gemeenskappe ingevolge 'n gegewe inisiatief toe te deel, maar ook om die gemeenskapsgebaseerde natuurbewaringsinisiatief se plek binne die breë raamwerk van natuurbewaring (en selfs omgewingsbestuur) vas te stel. Sien 3.3.3 van die proefskrif.

1424 Sien 3.2.2 en Figuur 7 van die proefskrif waar die kernkomponente van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring uiteengesit is.

1425 Sien 3.3.3 en riglyn 1, 2 en 3 in 3.3.4 van die proefskrif.

1426 Sien 3.3.4 van die proefskrif.

einde ook vas te stel watter gemeenskapslede (of huishoudings) deel uitmaak van die teikengemeenskap.[1427] 'n Deursigtige platform moet geskep word waarvolgens die regering, die gemeenskap en enige ander belanghebbendes kan vergader en openlik die kwessies rakende wildmisdaad kan bespreek.[1428] In die proses moet die gemeenskap van die negatiewe gevolge van wildmisdaad ingelig word,[1429] asook van die maniere waarop die gemeenskap tot die pleging van wildmisdaad bydra.[1430] Sou gemeenskappe wildmisdaad vanweë behoeftigheid, naïwiteit, uit onkunde of kulturele mistasting pleeg, kan 'n goed geformuleerde onderrigprogram die gemeenskap moontlik tot ander insigte bring.[1431] Die regering moet 'n geleentheid bied waar gemeenskappe hul bekommernisse en knelpunte aan die regering en enige ander belanghebbendes betreffende wildmisdaad kan oordra,[1432] en die sosio-ekonomiese omstandighede wat hulle tot die pleging van wildmisdaad dryf, kan opper.[1433] Die gemeenskap se insette en kennis moet gedokumenteer en waardevol geag word met die oog op toekomstige doelwitidentifisering en -formulering.[1434] Die regering moet inligting openlik beskikbaar stel, bewusmakingsveldtogte loods en gemeenskappe rakende die sleutelrol wat hulle in die bekamping van wildmisdaad kan vervul onderrig.[1435] Die regering moet hul voorneme aan die gemeenskap oordra en openbaarmaak dat hulle beoog om 'n gemeenskapsgebaseerde natuurbewaringsinisiatief op die been te bring om bestaande regeringsinisiatiewe op voetsoolvlak te versterk ten einde meer effektief hul mandaat om wildmisdaad te bekamp, uit te voer.[1436]

'n Formele samewerkende ooreenkoms moet tussen die regering, die gemeenskap en enige ander belanghebbendes gesluit word wat die doelwitte van die inisiatief, al die partye se magte, verantwoordelikhede, regte en voordele uiteensit.[1437] Die

---

[1427] Sien riglyn 2 in 3.3.4 van die proefskrif.
[1428] Sien riglyn 1 in 3.3.4 van die proefskrif.
[1429] Sien 2.6 van die proefskrif.
[1430] Sien 2.3.1, 2.5 en 2.7 van die proefskrif.
[1431] Sien 2.5 en riglyn 3 en 9 in 3.3.4 van die proefskrif.
[1432] Sien riglyn 3 in 3.3.4 van die proefskrif.
[1433] Sien 2.3.1 en 2.5 van die proefskrif.
[1434] Sien riglyn 3 in 3.3.4 van die proefskrif.
[1435] Sien riglyn 3 en 9 in 3.3.4 van die proefskrif.
[1436] Sien 3.3.3 en riglyn 1 in 3.3.4 van die proefskrif.
[1437] Sien riglyn 3 in 3.3.4 van die proefskrif.

gemeenskap moet 'n gemeenskapsinstelling wat optree as hul verteenwoordiger saamstel[1438] en eienskappe van kollektiewe aksie moet binne die gemeenskap sigbaar wees, naamlik: (a) gedeelde norme en voorkeure; (b) groepdinamika en -stabiliteit, (c) deurlopende kommunikasie en (d) direkte verhoudinge.[1439] Die regering, gemeenskap en enige ander belanghebbendes moet gesamentlik doelwitte identifiseer en formuleer om die bekamping van wildmisdaad te bewerkstellig sowel as om sosio-ekonomiese ontwikkeling binne die gemeenskap te bevorder.[1440] Die oorkoepelende doelwit kan byvoorbeeld in dié geval die bewaring van wildspesies deur middel van die bekamping van wildmisdaad wees, terwyl subdoelwitte byvoorbeeld kan insluit:[1441] die ontwrigting van georganiseerde misdaad; die opspoor en verwydering van strikke binne die omgewing; die bekamping van mens-wildspesie-konflik binne die gemeenskap; die ontwrigting van die bosvleisbedryf; armoede- en hongersnoodverligting; werkskepping; omgewingsopvoeding; die ontwikkeling van strategieë om die vraag na wildspesies en hul neweprodukte te verminder; en om wanopvattings rakende die gebruike van wildspesies en hul neweprodukte onder die gemeenskap reg te stel.[1442] Die gemeenskap moet reeds met aanvang van die proses goed ingelig wees oor die potensiële voordele wat hulle in die toekoms in ruil vir hul deelname kan ontvang.[1443] Na mate die gemeenskap se magte, verantwoordelikhede, regte en voordele ingevolge die inisiatief toeneem, sal die gemeenskap se afhanklikheid van en belang in die wildspesies wat teen wildmisdaad bewaar moet word, ook groei.[1444]

1438 Sien riglyn 5 in 3.3.4 van die proefskrif.

1439 Sien 3.3.2.1 van die proefskrif. Sien ook Agrawal en Gibson 1999 *World Development* 636.

1440 Sien riglyn 1 in 3.3.4 van die proefskrif.

1441 Die voorgestelde evaluasie van die unieke ekologiese, sosiale en politieke kontekste en omstandighede binne die afgebakende gebied, behoort verdere insig rakende doelwitformulering te verskaf. Sien riglyn 3 in 3.3.4 van die proefskrif.

1442 Sien 2.3.1, 2.5, 2.6 en 3.2.2 van die proefskrif.

1443 Sien riglyn 3 en 4 in 3.3.4 van die proefskrif.

1444 Sien 3.2.2 van die proefskrif waar aangedui is dat die kernkomponente van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring direk onderling met mekaar verband hou. In 3.3.2.1 en 3.3.2.4 van die proefskrif is bepaal dat 'n "gemeenskap" binne die konteks van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring aan drie beoordelingsmaatstawwe moet voldoen naamlik dat die gemeenskap (i) 'n gesamentlike belang in die bewaring van die biodiversiteit deel; (ii) saam binne 'n bepaalde gebied op voetsoolvlak geleë is waar hul teenwoordigheid hoog op prys gestel word; en (iii) in staat is om hulself onderling as 'n eenheid te organiseer om tot kollektiewe aksie oor te gaan ter deelname aan natuurbewaring.

Die oordrag van magte en verantwoordelikhede aan die gemeenskap hou verband met die optimale vlak van gemeenskapsdeelname wat binne 'n gegewe natuurbewaringsinisiatief vereis word.[1445] Soos reeds bespreek, bestaan daar in die algemeen geen universele standaard of 'n volkome formule om die optimale vlak van gemeenskapsdeelname in natuurbewaringsinisiatiewe akkuraat vas te stel nie.[1446] 'n Moontlike rede hiervoor is dat verskillende inisiatiewe te midde van unieke of veranderende omstandighede gereeld klemverskuiwings betreffende die mate van aktiewe of passiewe gemeenskapsdeelname vereis om die unieke omstandighede van die inisiatief te komplementeer en doelwitte te bereik.[1447]

Aangesien dit voorts nie binne alle omstandighede wenslik is om gemeenskappe met te veel bestuursverantwoordelikheid te beklee nie,[1448] moet die oordrag van magte en verantwoordelikhede aan die gemeenskap om 'n bydrae tot die bekamping van wildmisdaad te lewer, met 'n werklikheidsin voor oë geskied en na die oordrag van magte en verantwoordelikhede mik wat prakties deur gemeenskappe uitgevoer kan word.[1449] Soos voorheen bespreek,[1450] kan wildmisdaad optimaal op voetsoolvlak, waar wildstropery plaasvind,[1451] bekamp word. Dienooreenkomstig is gemeenskappe meestal vertroud met hul natuurlike omgewing, wat hulle as die aangewese rolspelers vooropstel om op voetsoolvlak 'n bydrae tot die bekamping van wildmisdaad te lewer.[1452] Die uitdagings en gevaarsituasies wat die betrokkenheid van georganiseerde misdaadgroepe by wildmisdaad daarstel,[1453] beperk op 'n beduidende manier die mate waarin en die wyse waarop gemeenskappe aan die bekamping van wildmisdaad kan deelneem. In hierdie verband vind Wilkie, Painter en Jacob[1454] dat

---

1445 Sien 3.3.3 van die proefskrif.
1446 Sien 3.3.3 van die proefskrif.
1447 Sien 3.3.3 van die proefskrif.
1448 Renard "Collaborative Management for Conservation" 65. Sien 3.3.3 van die proefskrif.
1449 Sien 3.3.2.2 en riglyn 7 in 3.3.4 van die proefskrif.
1450 Sien 2.7 en 2.8 van die proefskrif.
1451 Sien 2.3.1 van die proefskrif.
1452 Sien 2.7, 2.8 en 3.2.2 van die proefskrif.
1453 Sien 2.3.1 en 2.5.3 van die proefskrif.
1454 Wilkie, Painter en Jacob *Rewards and Risks Associated With Community Engagement in Anti-Poaching and Anti-Trafficking* 6.

> [c]ommunity members incur higher risks from engagement in anti-poaching and anti-trafficking efforts when poachers are from outside the community, when poaching is conducted by organized criminal gangs and involves high-value wildlife products, and when the arresting authority is unable or unwilling to respond rapidly to providing community assistance.

Dié skrywers vind dat gemeenskappe hoër risiko's in die gesig staar indien die wildstropers nie medegemeenskapslede is nie, georganiseerde misdaadgroepe by wildmisdaad betrokke is of indien charismatiese wildspesies van 'n hoë waarde deur wildstropers binne die gemeenskap se omgewing geteiken word. 'n Regeringsowerheid (of 'n gemeenskapsinstelling)[1455] behoort nie van gemeenskapslede te verwag om wildstropers en ander misdadigers trompop te konfronteer nie.[1456] Derhalwe moet die mate waarin en die wyse waarop gemeenskappe aan die bekamping van wildmisdaad deelneem, deeglik oorweeg word.[1457] Weens die kompleksiteit, erns en toename van wildmisdaad sal sekere magte en verantwoordelikhede uitsluitlik in die regering gesetel bly en sal die gemeenskap as 'n vennoot optree om die regering in die uitvoering van sy mandaat te ondersteun.[1458]

Die konsep van gemeenskapspolisiëring[1459] deur middel van die totstandkoming van 'n gemeenskapspolisieforum, fluitjieblaserstelsel of 'n soort buurtwagstelsel kan moontlik werkbare oplossings ontsluit om magte en verantwoordelikhede aan gemeenskappe oor te dra wat prakties deur hulle in die bekamping van wildmisdaad op voetsoolvlak uitgevoer kan word.[1460] In die algemeen skep gemeenskapspolisiëring 'n platform waar die regering, gemeenskapslede of gemeenskapsinstellings en enige ander belanghebbendes saamkom om plaaslike misdaadvoorkomingsinisiatiewe te bespreek

---

1455 Sien riglyn 5 in 3.3.4 van die proefskrif.

1456 Wilkie, Painter en Jacob *Rewards and Risks Associated With Community Engagement in Anti-Poaching and Anti-Trafficking* 3.

1457 Sien ook 3.3.2.2 van die proefskrif.

1458 Massé ea 2017 *South African Crime Quarterly* 23; Renard "Collaborative Management for Conservation" 65; Shackleton ea *Devolution and Community-Based Natural Resource Management: Creating Space for Local People to Participate and Benefit?* 2. Sien 2.4, 3.3.2.2 en 3.3.4 van die proefskrif.

1459 Anders gestel: "community policing".

1460 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 72; Wilkie, Painter en Jacob *Rewards and Risks Associated With Community Engagement in Anti-Poaching and Anti-Trafficking* 10; Massé ea 2017 *South African Crime Quarterly* 20; United Nations Office on Drugs and Crime *Criminal Justice Assessment Toolkit: Public Safety and Police Service Delivery* 16.

en onderlinge verbintenisse te smee om misdaad gesamentlik te bekamp en ’n veiliger samelewing vir alle belanghebbendes te verseker.[1461] Anders gestel is gemeenskapspolisiëring "crime prevention and law enforcement guided by information provided by the public."[1462] Die sukses van gemeenskapspolisiëring steun op ’n wedersydse vertrouensverhouding tussen die betrokke gemeenskap en die regeringsowerheid.[1463] Gemeenskapspolisiëring noodsaak verder dat ’n polisiestruktuur (of ander regeringsowerheid verantwoordelik vir die afdwinging van wetgewing in ’n land) meer raadplegend en meer inklusief teenoor die insette van die gemeenskap moet wees.[1464] Deur die insette en kennis van gemeenskappe en ander belanghebbendes by wyse van die sameroeping van ’n gemeenskapspolisieforum in te win, kan wanorde en misdaad binne ’n spesifieke gebied tydig geïdentifiseer en meer effektief deur regeringsowerhede voorkom en hanteer word.[1465] Gemeenskappe wat deel is van ’n buurtwagstelsel is deurlopend op die uitkyk vir enige verdagte aktiwiteite wat binne die gebied waar hulle woon, plaasvind.[1466] Daar word van buurtwaglede verwag om enige verdagte aktiwiteite aan die polisie (of ander regeringsowerheid) te rapporteer en onder geen omstandighede soos vigilante op te tree en misdadigers in hul persoonlike hoedanigheid te vervolg nie.[1467] Burgerlike arrestasie is wel ’n bekende regskonsep in baie lande.[1468] Hiervolgens kan enige lid van ’n gemeenskap ’n misdadiger gevange hou totdat die misdadiger aan die owerhede oorhandig word vir formele arrestasie.[1469] Gemeenskapslede moet in só geval seker maak dat hulle oor

---

1461 United Nations Office on Drugs and Crime *Criminal Justice Assessment Toolkit: Public Safety and Police Service Delivery* 1-2. ’n Volledige bespreking van die aard van gemeenskapspolisiëring val buite die bestek van hierdie proefskrif. Sien in hierdie verband die bespreking in Cordner "Community Policing" 148-171.

1462 Wilkie, Painter en Jacob *Rewards and Risks Associated With Community Engagement in Anti-Poaching and Anti-Trafficking* 5.

1463 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 72.

1464 United Nations Office on Drugs and Crime *Criminal Justice Assessment Toolkit: Public Safety and Police Service Delivery* 1-2.

1465 United Nations Office on Drugs and Crime *Criminal Justice Assessment Toolkit: Public Safety and Police Service Delivery* 1-2.

1466 United Nations Office on Drugs and Crime *Criminal Justice Assessment Toolkit: Public Safety and Police Service Delivery* 16.

1467 United Nations Office on Drugs and Crime *Criminal Justice Assessment Toolkit: Public Safety and Police Service Delivery* 16.

1468 Wilkie, Painter en Jacob *Rewards and Risks Associated With Community Engagement in Anti-Poaching and Anti-Trafficking* 9.

1469 Wilkie, Painter en Jacob *Rewards and Risks Associated With Community Engagement in Anti-Poaching and Anti-Trafficking* 9.

die nodige magte beskik en binne die toegewings van die reg optree om 'n misdadiger aan te keer.[1470] Gemeenskapspolisiëring bemagtig dus gemeenskappe om as waarnemers en rapporteurs van misdaad in hul omgewing op te tree ten einde 'n bydrae tot die bekamping daarvan te maak.[1471]

Soortgelyk aan die voorgenoemde konsep, stel kenners voor dat gemeenskappe 'n bydrae tot die bekamping van wildmisdaad kan lewer deur die belangrike rol van waarnemer, verspieder, informant, fluitjieblaser of konsultant op voetsoolvlak te vervul.[1472] Sodoende kan gemeenskapslede in bewaringsgebiede, by wildmisdaadbrandpunte en binne hul gemeenskappe as die regering se spreekwoordelike oë en ore optree en aan misdaadvoorkoming en die afdwinging van biodiversiteitsbestuur deelneem.[1473] Gemeenskappe kan hiervolgens op beide 'n passiewe en aktiewe wyse deelneem.[1474] Verantwoordelikhede wat gemeenskapslede kan opneem is om patrolliegroepe te vorm en roetine ter plaatse monitering binne 'n afgebakende gebied te onderneem; om enige onreëlmatighede ingevolge 'n anonieme administratiewe prosedure aan die owerhede te rapporteer (byvoorbeeld die ontdekking van draadstrikke of die teenwoordigheid van vreemdelinge in die gemeenskap se midde); om intelligensie rakende voorvalle van wildstropery of toekomstige koverte wildstrooptogte aan owerhede te verskaf; om deel te neem aan datainsamelingsprojekte; en om later as sleutelgetuies in die hof op te tree.[1475] Op dié

1470 Wilkie, Painter en Jacob *Rewards and Risks Associated With Community Engagement in Anti-Poaching and Anti-Trafficking* 9.

1471 United Nations Office on Drugs and Crime *Criminal Justice Assessment Toolkit: Public Safety and Police Service Delivery* 16. Sien 2.7 en 3.3.3 van die proefskrif.

1472 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 72, 91; Wilkie, Painter en Jacob *Rewards and Risks Associated With Community Engagement in Anti-Poaching and Anti-Trafficking* 10-11; Massé ea 2017 *South African Crime Quarterly* 20. Sien ook die verduideliking van die relevansie van die roetine-aktiwiteitsteorie deur Herbig en Warchol 2011 *Acta Criminologica* 5, soos bespreek in 2.7 van die proefskrif. Sien ook 3.3.3 van die proefskrif.

1473 Wilkie, Painter en Jacob *Rewards and Risks Associated With Community Engagement in Anti-Poaching and Anti-Trafficking* 10; Massé ea 2017 *South African Crime Quarterly* 20. Sien 2.7 en 3.3.3 van die proefskrif.

1474 Wilkie, Painter en Jacob *Rewards and Risks Associated With Community Engagement in Anti-Poaching and Anti-Trafficking* 11. Sien 3.3.3 van die proefskrif.

1475 Massé ea 2017 *South African Crime Quarterly* 20; Wilkie, Painter en Jacob *Rewards and Risks Associated With Community Engagement in Anti-Poaching and Anti-Trafficking* 11. Sien die voorbeelde van die *Black Mambas* (van Suid-Afrika), *Team Lioness* (van Kenia) en die *Akashinga* (van Zimbabwe), waar groepe vroue vanuit plaaslike gemeenskappe 'n noemenswaardige bydrae tot die bekamping van wildmisdaad lewer deur inligting rakende wildstropery in te samel en aan die betrokke owerhede terug te rapporteer. Sien Goyanes 2017 https://on.natgeo.com/340GD2n;

manier kan die gemeenskap hulself in die kleinste eenhede (of groepe) moontlik organiseer om hul magte en verantwoordelikhede uit te voer.[1476] Indien gemeenskappe kennis van die bekamping van wildstropery ontbreek, moet die regering geleenthede skep waar gemeenskappe onderrig word in byvoorbeeld waarnemingsvaardighede, hoe om 'n draadstrik in die veld te identifiseer en te verwyder, en hoe om en aan watter owerheid 'n beseerde wildspesie te rapporteer en te behandel.[1477] Die regering moet ook ontvanklik wees vir oplossings, insette, kennis en waarnemings van wildstropery wat gemeenskappe met owerhede kan deel.[1478]

Hoewel burgerlike arrestasies 'n erkende regskonsep is, word gemeenskappe liefs afgeraai om wildstropers self te konfronteer. Indien 'n gegewe gemeenskapsgebaseerde natuurbewaringsinisiatief die gemeenskap se magte wil uitbrei om wildstropers te konfronteer en aan te keer totdat die owerhede die wildstropers formeel arresteer, behoort gemeenskappe omvattende onderrig, opleiding en uitrusting te ontvang om korrek in só 'n situasie op te tree om fisieke skade of lewensverliese te voorkom.[1479] Volgens die voorgenoemde voorstel, word 'n mate van gesag aan die gemeenskap oorgedra, soos teoreties vereis,[1480] maar die regering behou die rol van rigtinggewende beampte, ondersteuningstruktuur en leier, wat die toon aangee en nodige wetgewende en ander maatreëls in plek stel en afdwing om wildmisdaad te bekamp (hetsy deur 'n militêre of ander benadering) en die misdadigers te vervolg en dienooreenkomstig te vonnis.[1481] Gemeenskappe kan moontlik verder baat by die formele totstandkoming van 'n leierskorps (saamgestel

---

Nuwer 2018 https://bbc.in/31082jb; Powell 2019 https://g.ifaw.org/3g1K0sl; Smith 2020 https://bit.ly/3apVAwl. Sien ook die voorstelle van Pinkerton "Introduction: Attaining Better Fisheries Management through Co-Management – Prospects, Problems and Propositions" 6, soos vervat in 3.3.3 van die proefskrif.

1476 Sien riglyn 2 en 5 in 3.3.4 van die proefskrif. Mishra *The PARTNERS Principles for Community-Based Conservation* 41-42 bevind dat gemeenskappe wat onderverdeel in kleiner eenhede (of groepe) meer suksesvol bestuur word.

1477 Sien bv. 2.3.1 en riglyn 9 in 3.3.4 van die proefskrif.

1478 Sien riglyn 3, 6, 7 en 9 in 3.3.4 van die proefskrif.

1479 Wilkie, Painter en Jacob *Rewards and Risks Associated With Community Engagement in Anti-Poaching and Anti-Trafficking* 6. Sien ook 3.3.4 van die proefskrif. Sien bv. Nuwer 2018 https://bbc.in/31082jb

1480 Sien 3.3.3 van die proefskrif.

1481 Jabeen N "Good or Good Enough Governance in South Asia: Constraints and Possibilities" (hierdie dokument het geen bladsynommers nie); Massé ea 2017 *South African Crime Quarterly* 23. Sien 2.4 en 3.3.3 van die proefskrif.

deur die gemeenskapsinstelling), verskillende indiensnemingsmoontlikhede, 'n bevorderingstruktuur en die uitreiking van 'n uniform.[1482] Dit kan 'n positiewe houding onder die gemeenskap aanwakker en hulle as 'n belangrike vennoot in die bekamping van wildmisdaad ophef en bemagtig, wat hulle meer gewillig kan maak om hulle ten volle aan die inisiatief se doelwitte te verbind.[1483] Aangesien die konsep van gemeenskapspolisiëring die teenwoordigheid van beide die regeringsowerheid, die gemeenskap en enige ander belanghebbendes op voetsoolvlak verlang, dwing dit die regering om in die gemeenskap se midde sigbaar te wees en 'n gevoel te skep dat alle partye volkome tot die bekamping van wildmisdaad verbind is.[1484] Die toerekenbaarheid en betroubaarheid wat die owerhede teenoor die gemeenskap openbaar, is meldenswaardige aspekte wat gemeenskappe se bereidwilligheid om aan die bekamping van wildmisdaad deel te neem, kan beïnvloed.[1485] Indien die betrokke regeringsowerheid korrup, onverantwoordbaar, onregverdig en traag teenoor die gemeenskap se insette en inligting of in die vervolging van wildstropers optree, kan die gemeenskap ontmoedig word om aan die bekamping van wildmisdaad deel te neem.[1486] Die regering en gemeenskapslede moet gesamentlik 'n evaluasieproses saamstel waar lang-, medium-, en korttermyndoelwitbereiking, suksesse, mislukkings en die uitvoering van magte en verantwoordelikhede beoordeel en herformuleer kan word.[1487] Die gemeenskapsinstelling moet ook interne reëls rakende interne geskilbeslegting en die sanksies neerlê vir gemeenskapslede wat nie na verwagting in die uitvoering van hul magte en verantwoordelikhede slaag nie.[1488]

Kollektiewe aksie deur die gemeenskap en 'n onderlinge vertrouensverhouding tussen gemeenskapslede word as belangrike faktore beskou wat bydra tot die voorgenoemde voorstel (en gemeenskapsgebaseerde natuurbewaringsinisiatiewe in die algemeen) se

---

1482 Massé ea 2017 *South African Crime Quarterly* 20.
1483 Sien 3.3.3 van die proefskrif.
1484 Sien riglyn 4 van 3.3.4 van die proefskrif.
1485 Wilkie, Painter en Jacob *Rewards and Risks Associated With Community Engagement in Anti-Poaching and Anti-Trafficking* 11.
1486 Wilkie, Painter en Jacob *Rewards and Risks Associated With Community Engagement in Anti-Poaching and Anti-Trafficking* 11.
1487 Sien riglyn 8 in 3.3.4 van die proefskrif.
1488 Sien riglyn 5 in 3.3.4 van die proefskrif.

sukses.[1489] Onkunde en wanopvattings, of as die inisiatief (volgens die gemeenskap se verwagting) nie genoeg voordeel vir die gemeenskap inhou nie, kan verdeeldheid onder 'n gemeenskap saai en 'n gevoel onder sekere gemeenskapslede kweek dat deelname aan die bekamping van wildmisdaad hulle van ander inkomste (uit die pleging van wildmisdaad of landboubedrywe) gaan ontneem.[1490] Sommiges kan ook voel dat gemeenskapslede wat wel aan die bekamping van wildmisdaad deelneem, diegene wat wildmisdaad pleeg verraai en te na kom om hulle daaglikse basiese behoeftes te bevredig en 'n inkomste daaruit bekom.[1491] In só geval is dit van wesenlike belang vir die bestuurstruktuur om gunstige omstandighede te skep waarin gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring kan ontwikkel, beduidende klem op beplanning, besluitneming, bewusmaking, opleiding, onderrig, kapasiteitsbou en monitering te plaas en geskikte voordele aan die gemeenskap aan te bied.[1492] 'n Sterk onderlinge gevoel moet onder gemeenskapslede gekweek word dat wildmisdaad van die hele gemeenskap steel en dat dit die gemeenskap gesamentlik verarm.[1493]

As gemeenskappe nie oor regte in eiendom (wildspesies) beskik nie, sal die voorgenoemde onderlinge gevoel nooit ten volle onder gemeenskapslede vestig nie, wat moontlik tot verdere mislukking van die inisiatief kan lei.[1494] Verbandhoudend hiermee, beklemtoon Massé[1495] dat wildmisdaadbekamping tans eerder regeringsgesentreerd en militaristies van aard is en dat sosio-ekonomiese aspekte, gemeenskapsbelange en ontwikkelingsdoelwitte moontlik nie met die verwagte erns beklemtoon word as 'n regering doelwitte en beplanning vir die bekamping van wildmisdaad saamstel nie. Die voorgenoemde kan problematies wees, aangesien een van die grondliggende gedagtes van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring daarop

---

1489 Wilkie, Painter en Jacob *Rewards and Risks Associated With Community Engagement in Anti-Poaching and Anti-Trafficking* 5. Sien 3.3.3 van die proefskrif.

1490 Wilkie, Painter en Jacob *Rewards and Risks Associated With Community Engagement in Anti-Poaching and Anti-Trafficking* 5. Sien 3.2.2 van die proefskrif.

1491 Wilkie, Painter en Jacob *Rewards and Risks Associated With Community Engagement in Anti-Poaching and Anti-Trafficking* 5. Sien 2.3.1, 2.5 en 3.2.2 van die proefskrif.

1492 Sien 3.3.4 van die proefskrif.

1493 Wilkie, Painter en Jacob *Rewards and Risks Associated With Community Engagement in Anti-Poaching and Anti-Trafficking* 14.

1494 Wilkie, Painter en Jacob *Rewards and Risks Associated With Community Engagement in Anti-Poaching and Anti-Trafficking* 14.

1495 Massé ea 2017 *South African Crime Quarterly* 23.

berus dat die doelwitte van natuurbewaring en sosio-ekonomiese ontwikkeling met mekaar versoen moet word en dat belanghebbendes daarna moet streef om beide terselfdertyd te bevorder en te verwesenlik.[1496] Sou die magte en verantwoordelikhede wat aan gemeenskappe oorgedra word nie deur die oordrag van regte in eiendom (wildspesies) vergesel word nie, kan dit voorkom asof gemeenskappe slegs 'n bydrae tot die verwesenliking van regeringsgesentreerde natuurbewaring en ekstern geformuleerde doelwitte lewer.[1497]

Die volgende gedeelte handel oor die oordrag en erkenning van regte in eiendom aan die gemeenskap. Indien gemeenskappe oor regte in die eiendom (wildspesies in dié geval) beskik waaroor hulle aangestel is, beskik gemeenskappe oor meer belang in die behoud van die betrokke saak en bestaan daar 'n groter aansporing om die bogenoemde magte en verantwoordelikhede met die nodige erns op te neem en uit te voer.[1498]

3.4.2 Die oordrag en erkenning van regte in eiendom aan die gemeenskap om aan die bekamping van wildmisdaad deel te neem

Soos voorheen bespreek, is die erkenning en oordag van regte in biodiversiteit (as eiendom) in die algemeen kompleks, aangesien verskillende rolspelers mag meeding om verskillende soorte eise, regte en verantwoordelikhede oor dieselfde biodiversiteit te vestig.[1499] Die vorige besprekings het aangedui dat indien gemeenskappe se regte in biodiversiteit (of 'n spesifieke natuurlike hulpbron, soos in dié geval wildspesies) nie formeel aan hulle oorgedra of erken word nie komplikasies (of tragedies) en misbruik van biodiversiteit vanweë vrye-toegang-"stelsels" kan ontstaan; dat die pleging van wildmisdaad onder gemeenskappe kan toeneem om hul daaglikse basiese behoeftes te bevredig of om 'n inkomste daaruit te verdien; en dat gemeenskappe geen waarde of voordeel in deelname aan natuurbewaring (of in dié geval, die bekamping van

---

1496 Sien 3.2.2 van die proefskrif. Babcock 2010 *Colorado Journal of International Environmental Law and Policy* 202, 206-207; Newmark en Hough 2000 *BioScience* 586; Kiss *Living with Wildlife: Wildlife Resource Management with Local Participation in Africa* 1.

1497 Massé ea 2017 *South African Crime Quarterly* 23.

1498 Sien 3.2.2 van die proefskrif.

1499 Sien 3.2.2 van die proefskrif. Berkes 2007 *Proceedings of the National Academy of Sciences of the United States of America* 15188.

wildmisdaad) sal vind nie.[1500] Gemeenskappe wat oor regte in eiendom of 'n direkte finansiële of ander belang in wildspesies beskik, beskik oor die nodige aansporing om natuurbewaring te prioritiseer en aan die bekamping van wildmisdaad deel te neem.[1501] In só 'n geval sal gemeenskappe die bogenoemde standpunt inneem dat enige wildmisdaad 'n misdaad teen die gemeenskap daarstel wat almal binne die gemeenskap benadeel en toekomstige potensiële voordeel van hulle ontneem.[1502] Dit behoort gemeenskappe aan te spoor om kollektief op te tree, magte en verantwoordelikhede op hulself te neem en saam te staan om die betrokke gemenepoelhulpbron (in dié geval wildspesies) teen enige misbruik, soos wildmisdaad, te bewaar.[1503]

Soos reeds in hoofstuk 2 genoem,[1504] beklemtoon die *United Nations Office on Drugs and Crime*[1505] dat beleidmakers die belange en regte van gemeenskappe voor oë moet hou in die wetskeppingsproses om wildmisdaad te bekamp en dat hulle daarna moet streef om 'n balans tussen gemeenskappe se daaglikse behoeftes, hul tradisionele gewoontes en die bewaring van bedreigde en bewaarde wildspesies moet vind. Twee voorstelle word in hierdie verband ter tafel gebring, naamlik om gemeenskappe se regte in biodiversiteit uitdruklik in terme van wetgewing te erken en aan hulle oor te dra of om 'n afsonderlike permit- en lisensiestelsel te ontwikkel waarvolgens die regering permitte of sertifikate aan gemeenskappe of gemeenskapslede uitreik wat hulle 'n posisie plaas om sekere gebruiksregte te bekom deur wildspesies vir byvoorbeeld voedsel en tradisionele, kulturele, religieuse of ander gebruike te jag.[1506]

Bestaande praktyk betreffende die ontwikkeling en implementering van wetgewing om biodiversiteitsbestuur en die bekamping van wildmisdaad te bewerkstellig, bevat beproefde voorstelle en verwagtinge om permit- en lisensiestelsels vir dié doel tot

---

1500 Sien 2.3.1, 2.5, 2.6.2, 2.7, 3.2.2 en 3.3.4 van die proefskrif.
1501 Sien 3.2.2 van die proefskrif.
1502 Wilkie, Painter en Jacob *Rewards and Risks Associated With Community Engagement in Anti-Poaching and Anti-Trafficking* 14.
1503 Sien 3.3.2.1 en 3.3.3 van die proefskrif.
1504 Sien 2.4 van die proefskrif.
1505 United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 23-24; United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 3-4.
1506 United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 23-24.

stand te bring.[1507] Vanuit die voorgenoemde voorstelle en verwagtinge kan sekere komponente geïdentifiseer word waaruit so ’n permit- en lisensiestelsel bestaan, naamlik: (i) ’n administratiewe prosedure vir die toestaan, uitreik, kontrole en hernuwing van permitte en sertifikate; (ii) die lys van uitgesonderde wildspesies, verbode wapens of jagmetodes, "restricted activities" en uitgesonderde gebiede; en (iii) bepalings rakende oortredings en strawwe vir oortreders van permittoelatings. Vanuit die voorgenoemde voorstelle en verwagtinge,[1508] asook die insig wat die riglyne vir implementering van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring verleen,[1509] kan agt komponente geïdentifiseer word, waaraan beleidmakers moet aandag skenk in die moontlike toekomstige ontwikkeling en totstandkoming van ’n afsonderlike permit- en lisensiestelsel vir gemeenskappe om wildspesies vir voedsel en tradisionele, kulturele, religieuse of ander gebruike te jag.[1510] Die agt komponente, insluitende verbandhoudende aspekte wat beleidmakers in die wetskeppingsproses in oorweging moet bring, word hierna in tabelvorm saamgevat.

[1507] Sien 2.4 van die proefskrif.
[1508] Sien 2.4 van die proefskrif.
[1509] Sien 3.3.4 van die proefskrif.
[1510] Sien 2.4 van die proefskrif.

Tabel 6: Ontwikkeling en totstandkoming van 'n afsonderlike permit- en lisensiestelsel vir gemeenskappe om wildspesies vir voedsel en tradisionele, kulturele, religieuse of ander gebruike te jag

Komponente vir die ontwikkeling van 'n gemeenskapspermit- en lisensiestelsel:	**Aspekte vir oorweging deur beleidmakers in die wetskeppingsproses:**
(a) Die formele erkenning van 'n gemeenskap of die kenmerke van gemeenskapslede[1511]	(i) Watter regeringsowerheid of -amptenaar sal die nodige erkenning aan 'n gemeenskap kan verleen? (ii) Wie sal mag deelneem of vir 'n gemeenskapspermit of -lisensie kan kwalifiseer om wildspesies vir voedsel en tradisionele, kulturele, religieuse of ander gebruike te jag? (iii) Kan 'n gemeenskap na vore tree en eiehandig 'n aansoek bring om formeel as 'n gemeenskap erken te word ten einde 'n gemeenskapspermit of -sertifikaat te bekom om wildspesies vir voedsel en tradisionele, kulturele, religieuse of ander gebruike te jag?
(b) Die toesighouding oor die administratiewe prosedure verbonde aan die toestaan, uitreik, kontrole en hernuwing van gemeenskapspermitte en -lisensies[1512]	(i) Watter regeringsdepartement of -amptenaar sal die verantwoordelikheid neem om toesig te hou oor die administratiewe prosedure verbonde aan gemeenskapspermitte en -lisensies? (ii) Watter rol sal gemeenskapsinstellings in die toesighouding oor die administratiewe prosedure verbonde aan gemeenskapspermitte en -lisensies vervul? (iii) Sal 'n gemeenskapspermit en lisensie aan 'n gemeenskapsinstelling ten bate van alle gemeenskapslede uitgereik word, of sal afsonderlike permitte en lisensies aan onderskeie gemeenskapslede uitgereik word?

[1511] Sien 3.3.2.1 van die proefskrif waar die begrip "gemeenskap" gedefinieer, ontleed en geïnterpreteer is. Sien riglyn 2 in 3.3.4 van die proefskrif. Sien die afdelings in 3.3.3 van die proefskrif wat "aktiewe gemeenskapsdeelname" beskryf waar gemeenskappe self-mobiliseer of -organiseer. Sien ook bv. a 45(1) van Tanzanië se *Wildlife Conservation Act*, 2009 wat bepaal dat die betrokke minister enige gemeenskap as "tradisionele gemeenskap" kan verklaar en die verbruik van wildspesies deur dié gemeenskap kan voorskryf.

[1512] Sien 2.4 en riglyn 5 en 7 in 3.3.4 van die proefskrif. Sien ook bv. a 45(2) van Tanzanië se *Wildlife Conservation Act*, 2009 wat bepaal dat die betrokke minister uitsluitlik vir die toestaan, uitreik, kontrole en hernuwing van gemeenskapspermitte en -lisensies verantwoordelik is.

Komponente vir die ontwikkeling van 'n gemeenskapspermit- en lisensiestelsel:	**Aspekte vir oorweging deur beleidmakers in die wetskeppingsproses:**
(c) Die samestelling van 'n lys (of lyste) van wildspesies (of plantspesies) wat gemeenskappe vir voedsel en tradisionele, kulturele, religieuse of ander gebruike mag jag (of oes)[1513]	(i) Hoe sal die daaglikse behoeftes, gewoontes en gebruike van gemeenskappe akkuraat vasgestel word om die voorgenoemde lys saam te stel? (ii) Sal die lys in oorleg met die insette van alle belanghebbendes, insluitende 'n regeringsowerheid, wetenskaplike owerheid, gemeenskapsinstellings, gemeenskapsleiers, kulturele of religieuse leiers en tradisionele geneeshere, saamgestel word? (iii) Indien bedreigde of bewaarde wildspesies deel uitmaak van 'n gemeenskap se daaglikse behoeftes, kulturele of religieuse gebruike en gewoontes, sal dié wildspesies op die voorgenoemde lys ingesluit kan word? (iv) Hoe sal 'n balans tussen wetenskaplike kennis en tradisionele kennis in die samestelling van die lys gevind word?
(d) Die instelling van 'n volhoubare kwotastelsel en vasstelling van jagseisoene wat bepaal hoeveel en wanneer gemeenskappe die bogenoemde gelyste wildspesies vir voedsel en tradisionele, kulturele, religieuse of ander gebruike kan jag[1514]	(i) Ingevolge watter maatstawwe (wetenskaplik teenoor tradisioneel) sal die kwotas en jagseisoene vasgestel word? (ii) Gaan die kwotas en jagseisoene uitsluitlik ingevolge wetenskaplike maatstawwe deur kundiges wat oor deskundige kennis aangaande biodiversiteitsbestuur en ekologie beskik, vasgestel word? Of sal tradisionele kennis ook in ag geneem word? (iii) Watter rol, indien wel, sal gemeenskapsinstellings in die interne vasstelling van kwotas en jagseisoene namens gemeenskapslede vervul? (iv) Hoe gaan die gemeenskapsinstelling die nakoming van die kwotastelsel en jagseisoene op gemeenskapslede afdwing?

[1513] Sien 2.4 van die proefskrif. Sien verder riglyn 3 en 6 in 3.3.4 van die proefskrif. Sien ook 3.3.2.3 van die proefskrif wat handel oor die definisie en interpretasie van die begrip "natuurbewaring".

[1514] Sien 2.4 van die proefskrif. Sien verder riglyn 3 en 6 in 3.3.4 van die proefskrif. Sien ook 3.3.2.3 van die proefskrif wat handel oor die definisie en interpretasie van die begrip "natuurbewaring".

Komponente vir die ontwikkeling van 'n gemeenskapspermit- en lisensiestelsel:		**Aspekte vir oorweging deur beleidmakers in die wetskeppingsproses:**	
(e)	Die erkenning en samestelling van 'n lys gemagtigde tradisionele jagmetodes of tuisvervaardigde jagtoerusting wat gemeenskappe mag gebruik om die bogenoemde gelyste wildspesies te jag[1515]	(i)	Hoe sal 'n balans tussen wetenskaplike kennis en tradisionele kennis in die samestelling van die lys gevind word?
		(ii)	Watter regeringsowerheid of wetenskaplike owerheid sal vasstel of tradisionele jagmetodes of tuisvervaardigde jagtoerusting wreedaardig of oordadig is en dienooreenkomstig verbied moet word en hoe sal dit vasgestel word?
(f)	Die afbakening van die fisiese grense van die gebied waarbinne gemeenskappe die bogenoemde gelyste wildspesies kan jag (of plantspesies kan oes)[1516]	(i)	Sal gemeenskappe toegelaat word om in bewaringsgebiede die bogenoemde wildspesies te jag (of plantspesies te oes)?
		(ii)	Sal die gemeenskapsinstelling oor die nodige tradisionele kennis beskik om te voorkom dat die drakrag van afgebakende gebied nie oorskry word nie?
(g)	Die ontwikkeling van 'n aparte stelsel van oortredings en strawwe waaraan gemeenskappe onderhewig is as hulle die gemeenskapspermit of sertifikaat se voorwaardes en toelatings oortree[1517]	(i)	Hoe gaan die gemeenskapslede wat die gemeenskapspermit of sertifikaat se voorwaardes en toelatings oortree, vir hul dade vervolg en gestraf word?
		(ii)	Sal gemeenskapslede wat die gemeenskapspermit of sertifikaat se voorwaardes en toelatings oortree, strafregtelik deur die regering vervolg word?
		(iii)	Sal gemeenskapsinstellings ingevolge hul eie interne reëls en voorskrifte gemeenskapslede aankla, vervolg en aan hulle sanksies oplê?
(h)	Probleemareas en uitdagings wat in die wetskeppingsproses kan ontstaan	(i)	Watter voorkomingsmaatreëls gaan die regeringsowerheid ontwikkel om te verhinder dat die wildspesies wat gemeenskappe ingevolge hul gemeenskapspermit of sertifikaat mag jag of oes nie gebruik word om onregmatige markte van die wildspesies te verskaf nie?
		(ii)	Hoe gaan beleidmakers die gemeenskapspermit- of sertifikaatstelsel in nasionale wetgewing inkorporeer, sonder dat dit teenstrydig met nasionale wetgewende bepalings is?

[1515] Sien 2.4, 3.2.1 en riglyn 3 en 6 in 3.3.4 van die proefskrif.
[1516] Sien 2.4 en riglyn 2 en 6 in 3.3.4 van die proefskrif.
[1517] Sien 2,4 en riglyn 5 en 7 in 3.3.4 van die proefskrif.

Ingevolge die bostaande getabelleerde komponente en aspekte waaraan beleidmakers in die toekomstige ontwikkeling en totstandkoming van 'n afsonderlike gemeenskapspermit- en lisensiestelsel moet aandag skenk, kan die uitreiking van sodanige permit of lisensie (of soortgelyke regsinstrument) sekere regte erken en aan die gemeenskap of 'n gemeenskapslid (as permithouer) oordra om spesifieke handelinge, onder bepaalde omstandighede, volgens 'n vasgestelde wyse of binne 'n gegewe tyd teenoor 'n wildspesie uit te voer ten einde hul daaglikse behoeftes te bevredig en hul tradisionele, kulturele, religieuse of ander gebruike sonder voorbehoude en 'n vrees vir strafregtelike vervolging uit te leef.[1518] Verder verhoog dit gemeenskappe se status tot 'n volwaardige party en eweknie wat 'n direkte belang in die behoud van wildspesies het.[1519] Vanuit dié posisie bedreig enige wildmisdaad die gemeenskap se regte wat ingevolge die gemeenskapspermit- of lisensie toegeken is, asook enige ander regmatige voordele wat hulle moontlik in die toekoms daaruit kon bekom.

3.4.3 Bied voordele aan die gemeenskap in ruil vir hul deelname aan die bekamping van wildmisdaad

'n Gemeenskapsgebaseerde natuurbewaringsinisiatief moet die nodige voorsienning maak om gemeenskappe vir hul deelname aan die uitvoering van die doelwitte van die betrokke inisiatief te vergoed, deur tasbare of ontasbare voordele of aansporingstrukture aan die gemeenskap te bied.[1520] Vanuit vorige besprekings in die proefskrif kan twee maatstawwe geïdentifiseer word waaraan die voordele verbonde aan gemeenskappe se deelname aan wildmisdaad gemeet kan word. Eerstens moet die voordele in ruil vir gemeenskappe se deelname aan die bekamping van wildmisdaad hoër wees as die gemeenskap se kostes (meestal gemeet in vaardighede en tyd) om aan die inisiatief deel te neem.[1521] Tweedens moet gemeenskappe die

---

[1518] United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 9-10, 23.

[1519] Sien 3.2.2 van die proefskrif.

[1520] Sien 3.2.2 en riglyn 4 in 3.3.4 van die proefskrif.

[1521] Sien 3.2.2, 3.3.2 en riglyn 4 in 3.3.4 van die proefskrif. Wasonga, Kambewa en Bekalo "Community-Based Natural Resource Management" 172; Murphree *Communities as Resource Management Institutions* 5; Chevallier *The State of Community-Based Natural Resource*

voordele wat die bekamping van wildmisdaad vir hulle inhou, aanloklik vind en moet die gevolge wat die pleging van wildmisdaad inhou, vrees by hulle inboesem.[1522]

Soos reeds genoem moet differensiële insette (deur onderskeie gemeenskapslede) tot differensiële voordele (aan onderskeie gemeenskapslede) lei.[1523] Anders gestel moet gemeenskappe beloon word ingevolge die soort magte en verantwoordelikhede wat hulle bereid is om op te neem en uit te voer. Gemeenskapslede wat byvoorbeeld bereid is om as 'n lid van 'n patrolliegroep op te tree en roetine ter plaatse monitering binne 'n afgebakende gebied te onderneem, behoort differensieel vir hoër persoonlike voordele te kwalifiseer teenoor 'n gemeenskapslid wat op 'n anonieme wyse inligting aan die regeringsowerheid verskaf. Kenners stel voor dat ten einde die integriteit van die inisiatief en die lewensvatbaarheid van die voordele te verseker, die voordele aan die suksesvolle vervolging van oortreders wat wildmisdaad pleeg, gekoppel moet wees.[1524] Anders gestel, moet gemeenskappe wat byvoorbeeld aan 'n gemeenskapspolisiëringsforum deelneem, eerder beloon word vir die kwaliteit van inligting of ander soorte deelname wat hulle met die regeringsowerheid deel, in stede van die aantal rapporterings wat hulle aan die regeringsowerheid bied.[1525]

Management in Southern Africa: Assessing Progress and Looking Ahead 28; Breen (red) *Community-Based Natural Resource Management in Southern Africa: An Introduction* 13.

1522 Sien 2.7 van die proefskrif.

1523 Murphree *Communities as Resource Management Institutions* 5.

1524 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 91; Kazmar 2000 *University of California Davis Journal of International Law and Policy* 127.

1525 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 91; Kazmar 2000 *University of California Davis Journal of International Law and Policy* 127. Kenners waarsku dat die regering daarteen moet waak dat gemeenskappe manipulerende gedrag openbaar om groter voordele in ruil vir hul samewerking en deelname te verkry. Tydens empiriese navorsing onderneem deur Brandon en Wells 1992 *World Development* 563-564, is die volgende insiggewende opmerking deur gemeenskapslede betreffende die beskikbaarstelling van meer en groter voordele in ruil vir hulle deelname gemaak: "Does it make sense for a project to provide a community with a school or health clinic as compensation […]? Will such indirect incentives have an impact and reduce encroachment? One project provided a health clinic as compensation […]. Illegal activities to the protected area decreased for a few years, then they soared. When the project met with villagers to find out why, they smiled and said, "Now we want a school."" In die voorgenoemde voorbeeld het die betrokke gemeenskap aan 'n gemeenskapsgebaseerde natuurbewaringsinisiatief deelgeneem wat ten doel stel om wildmisdaad in 'n bewaringsgebied te bekamp. Die gemeenskap is vir hulle deelname beloon deur die oprigting van 'n gesondheidskliniek. Ná die oprigting van die kliniek het wildmisdaad weer in die betrokke bewaringsgebied toegeneem. In dié geval het die gemeenskap opsetlik die vlakke van wildmisdaad laat toeneem, sodat hulle by wyse van manipulasie vir hul toekomstige deelname later deur middel van die oprigting van 'n skool beloon kon word. Die vasstelling, berekening en verspreiding van voordele in ruil vir

Die regering en die betrokke gemeenskap moet gesamentlik besluite neem en saam innoverende oplossings formuleer om byvoorbeeld volhoubare verbruik toe te pas en om mens-wildspesie-konflik te remedieer.[1526] Verdere verbandhoudende voordele wat gemeenskappe se samewerking en hulle goeie gedrag beloon, deur byvoorbeeld volhoubare verbruik toe te pas en die bereidwilligheid om daagliks verdraagsaam van wildspesies se teenwoordigheid (spesifiek met verwysing na die potensiële risiko's en skade wat wildspesies se teenwoordigheid inhou) te wees, moet ook ten gunste van gemeenskappe beding word.[1527] Ander geleenthede wat verdere potensiële voordele, maatskaplike opheffing en werkskepping vir gemeenskappe inhou, is om gemeenskappe by die trofeejagbedryf asook die toerismebedryf te betrek. Om die voorgenoemde te verwesenlik, word verdere samewerkende ooreenkomste tussen die regering, die gemeenskap en privaat partye vereis.

3.4.4 Vestig natuurbewaring as 'n winsgewende alternatiewe vorm van grondgebruik wat voordele vir die gemeenskap inhou en prioritisering verlang

Soos voorheen uitgelig, dra die formele oordrag van magte, verantwoordelikhede, regte in eiendom en beskikbaarstelling van voordele tot die verwesenliking van die laaste komponent by, naamlik om natuurbewaring as 'n winsgewende alternatiewe vorm van grondgebruik te vestig wat voordele vir die gemeenskap inhou en prioritisering verlang.[1528] Vorige afdelings in hierdie hoofstuk beklemtoon dat natuurbewaring tot so 'n mate onder gemeenskappe bevorder moet word en soveel

---

gemeenskappe se deelname aan gemeenskapsgebaseerde natuurbewaringsinisiatiewe is in die algemeen 'n ingewikkelde proses wat deskundige uitsyfering vereis. 'n Meer volledige beskrywing van die vasstelling, berekening en verspreiding van voordele aan gemeenskappe in hierdie verband val buite die bestek van hierdie proefskrif. Sien bv. Jones "Community Benefits from Safari Hunting and Related Activities in Southern Africa" 160-167. Sien riglyn 4 in 3.3.4 van die proefskrif.

1526 Sien riglyn 6, 7 en 8 in 3.3.4 van die proefskrif.

1527 Emerton "The Nature of Benefits and the Benefits of Nature: Why Wildlife Conservation has not Economically Benefited Communities in Africa" 209-213; Emerton *The Nature of Benefits and the Benefits of Nature: Why Wildlife Conservation Has Not Economically Benefitted Communities in Africa* 4, 6-7. Sien bv. Hedges en Gunaryadi 2010 *Oryx* 139-146 waar die skrywers beskryf hoe die regering gemeenskappe bystaan om brandrissieplante as versperrings op te rig om hul wonings en landerye teen olifantplundering te beskerm. Gemeenskappe word in natuurbewaringskringe geprys vir die gebruik van dié olifant-vriendelike afweermetode om plundering te voorkom. Die gebruik van dié afweermetode het verder uitgekring en 'n gemeenskapsprojek tot stand gebring waar gemeenskapslede die brandrissies tot ingelegde lekkernye en souse verwerk wat ekonomiese voordeel vir die gemeenskap inhou.

1528 Sien 3.2.2 van die proefskrif.

voordele vir hulle moet inhou, dat natuurbewaring die gemeenskap se voorkeur grondgebruikkeuse is in stede van byvoorbeeld die ontwikkeling en uitbreiding van landboupraktyke.[1529]

Waar die regering ten doel stel om die gemeenskap by die bekamping van wildmisdaad te betrek, moet die regering gemeenskappe oorreed en onderrig dat die pleging van wildmisdaad tydelike voordele vir hulle inhou, maar geen langtermynwaarborge of waarde dra nie en dat die pleging van wildmisdaad hulle aan buitengewoon gevaarlike omstandighede en ernstige gevolge (soos byvoorbeeld lewensverlies, ernstige beserings en tronkstraf) blootstel. Die regering moet die gemeenskap verder oortuig, deur hulle tyd, vaardighede en tradisionele kennis in 'n regmatige inisiatief te belê, wat met tyd groei en regte in eiendom vir hulle inhou, meer standvastig op die duur is en potensieel groter toekomstige voordeel vir bestaande en toekomstige geslagte mag inhou. Hierdie komponente, soos bespreek in 3.4.1 tot 3.4.3, behoort 'n aanloklike aansporingstruktuur te vestig wat gemeenskappe aanmoedig om hul tyd, vaardighede en tradisionele kennis beskikbaar te stel om in samewerking met die regering aan die bekamping van wildmisdaad deel te neem. Die bewaring van wildspesies moet ekonomiese waarde dra wat deur gemeenskappe ontgin kan word deur die magte en verantwoordelikhede wat aan hulle oorgedra is uit te voer en deur aanspraak te maak op die regte in eiendom wat aan hulle deur middel van 'n permitstelsel toegestaan word. Wildmisdaad bedreig enige ekonomiese waarde of voordeel wat aan wildspesies gekoppel is en waarop gemeenskappe sou kon aanspraak maak. Gevolglik sal die bekamping van wildmisdaad deur die gemeenskap geprioritiseer moet word om die maksimum voordeel vir hulself daaruit te verkry.

[1529] Sien 3.2.2 van die proefskrif.

3.5 Samevatting

> [Community-based conservation] is not the answer; it is one of a number of conservation strategies and relevant only for certain, highly important contexts. It should not be loaded with expectations, or "new myths," about results that are beyond its scope. It is complex and requires processes of evolution over long time frames. It stalls and becomes static when not accompanied by the necessary devolutionary entitlements it requires. With these, it holds out the promise for a new dynamic in African responses to enduring environmental challenges […][1530]

In hierdie hoofstuk is 'n regsperspektief van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring gevorm deur 'n teoretiese ondersoek te onderneem na wat gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring omvat en behels.[1531] Die teoretiese ondersoek het regsoorwegings (in die vorm van internasionale ontwikkelings en verwagtinge) met multidissiplinêre teorieë versoen, aangesien daar tans, sover vasgestel kon word, beperkte regsliteratuur aangaande gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring bestaan. Die teoretiese ondersoek spruit uit verskeie aanbevelings dat gemeenskappe waardevolle bydraes op voetsoolvlak kan maak om wildmisdaad te bekamp.[1532] Ten spyte van aanbevelings van dié aard, heers daar onsekerheid oor die manier waarop dit in praktyk voortgesit en uitgevoer moet word en derhalwe het kenners voorstelle gemaak dat 'n ondersoek na gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring moontlike antwoorde betreffende beste praktyk en toekomstige ontwerp kan ontsluit.[1533]

Daar is voorts 'n kernagtige historiese oorsig rakende die ontwikkeling van twee bestuursbenaderings ten opsigte van natuurbewaring, naamlik die fort-natuurbewaringsmodel en gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring, ingesluit.[1534] Die historiese oorsig oor die ontwikkeling van bestuursbenaderings ten opsigte van natuurbewaring in Afrika dui aan dat gemeenskappe se rol in natuurbewaring telkemale deur Westerse denkbeelde rakende die bewaring van biodiversiteit beïnvloed is.[1535]

[1530] Murphree "Community-Based Conservation: Old Ways, New Myths and Enduring Challenges" 12.
[1531] Sien 3.1 van die proefskrif.
[1532] Sien 2.7 en 3.1 van die proefskrif.
[1533] Sien 2.7 van die proefskrif. Roe en Booker 2019 *Conservation Science and Practice* 7.
[1534] Sien 3.2.1 en 3.2.2 van die proefskrif.
[1535] Sien 3.2.1 en 3.2.2 van die proefskrif.

Die ontwikkeling van die fort-natuurbewaringsmodel is gebaseer op die destydse eko- en biosentriese oortuigings van wetenskaplikes wat die gevolgtrekking gemaak het dat die algehele agteruitgang van die omgewing en ongeëwenaarde pas van biodiversiteitsverlies deur oorbevolking, ongekontroleerde vrye-toegang-stelsels en die onvolhoubare verbruik van natuurlike hulpbronne deur gemeenskappe veroorsaak is.[1536] In reaksie daarop, en in 'n poging om die voorgenoemde oorsake van omgewingsagteruitgang en biodiversiteitsverlies te stuit, is gemeenskappe as natuurbewaring se vyand gebrandmerk en kragdadige stappe is gedoen om die mens en biodiversiteit van mekaar te skei ten einde die ongereptheid van laasgenoemde te bewaar en destydse doelwitte van natuurbewaring effektief te bewerkstellig.[1537] Die politieke opset van kolonialisme, asook die latere politieke beleid van apartheid, het die voorgenoemde stappe in die ontwikkeling van die fort-natuurbewaringmodel ondersteun onder die vaandel van nasiebou en grondige wetenskaplike feite.[1538] Die proklamasie van bewaringsgebiede en die samestelling van regeringsgesentreerde bestuurstelsels, wat volgens streng bevel- en beheermaatreëls en militaristiese taktieke gefunksioneer het om area- en spesiegebaseerde natuurbewaring toe te pas, is as die primêre bestuursbenaderings geïmplementeer.[1539] Deur middel van die voorgenoemde werkswyses en bestuursbenadering, is talle kulturele, religieuse en tradisionele gebruike van gemeenskappe om lewensmiddele te bekom, as misdaad verklaar.[1540] Die fort-natuurbewaringsmodel laat 'n ryk en standvastige nalatenskap in die vorm van 'n internasionale netwerk van verskillende bewaringsgebiede na, maar ook in die vorm van 'n gevestigde, beproefde beleidsraamwerk om nuwe bewaringsgebiede in die toekoms te proklameer.

Sedertdien is die rol van gemeenskappe in natuurbewaring heroorweeg en gevolglik word hul deelname aan natuurbewaring in 'n gunstiger lig beskou.[1541] In die hoofstuk is twaalf internasionale ontwikkelings geïdentifiseer wat vanaf die 1980's die

---

1536 Sien 3.2.1 van die proefskrif.
1537 Sien 3.2.1 van die proefskrif.
1538 Sien 3.2.1 van die proefskrif.
1539 Sien 3.2.1 van die proefskrif.
1540 Sien 3.2.1 van die proefskrif. Sien ook die beskrywing in Kiss *Living with Wildlife: Wildlife Resource Management with Local Participation in Africa* 5.
1541 Sien 3.2.2 van die proefskrif.

ontwikkeling van die nuwe paradigma gesteun en sodoende 'n nuwe agenda vir die natuurbewaringskader daargestel het.[1542] Antroposentriese omgewingsbeskouings het die tekortkominge en mislukkings van die fort-natuurbewaringsmodel beklemtoon en kenners het toenemend druk op beleidmakers geplaas om doelwitte na te streef wat natuurbewaring met sosio-ekonomiese ontwikkeling versoen.[1543] Lande het terselfdertyd 'n geleentheid gesien om die onregverdighede van die verlede, wat deur die werking van die fort-natuurbewaringsmodel geskep is, te herstel.[1544] Dié nuwe paradigma, genaamd gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring, is ten gunste van meer inklusiewe benaderings en samewerkende bestuursbenaderings waar gemeenskappe as kernrolspelers en as eweknieë teenoor die regering in natuurbewaring beskou word.[1545] In teenstelling met die destydse eko- en biosentriese oortuigings van wetenskaplikes wat die fort-natuurbewaringsmodel gevorm het, is gemeenskappe se nabyheid aan die natuur op voetsoolvlak as een van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring se grootste voordele bestempel.[1546] Gemeenskappe se tradisionele stelsels en kennis van die natuur word ingevolge gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring hoog geag en word die potensiaal wat dit vir die uitbreiding van wetenskaplike kennis inhou, opsetlik bevorder.[1547] Gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring is mettertyd as 'n buigbare, dog komplekse, benadering gevestig, wat binne ideale omstandighede op die volgende vier kernkomponente balanseer: (a) die oordrag van magte en verantwoordelikhede aan die gemeenskap; (b) die oordrag en erkenning van regte in eiendom aan die gemeenskap; (c) die beskikbaarstelling van voordele aan die gemeenskap in ruil vir hul deelname; en (d) die vestiging van natuurbewaring as 'n winsgewende

---

[1542] Sien 3.2.2 van die proefskrif. Die twaalf internasionale ontwikkelings is: (a) die menseregtediskoers; (b) die bevordering van inheemse volke en ander gemeenskappe se regte; (c) volhoubare verbruikvan natuurlike hulpbronne; (d) die ekostelselbenadering; (e) die uitbreiding van die gemene-eiendomsteorie; (f) demokrasie; (g) die uitbreiding van bewaringsgebiede; (h) volhoubare ontwikkeling; (i) die uitbreiding van gelyke ekonomiese geleenthede; (j) die verlaging van insetkostes verbonde aan natuurbewaring; (k) die erkenning van die beskermde landskap (of seegesig) kategorie van bewaringsgebiede; en (l) toegang tot genetiese hulpbronne (en biodiversiteit) en die regverdige en billike verdeling van voordele wat uit die benutting daarvan voortspruit.

[1543] Sien 3.2.2 van die proefskrif.

[1544] Sien 3.2.2 van die proefskrif.

[1545] Sien 3.2.2 van die proefskrif.

[1546] Sien 3.2.2 van die proefskrif.

[1547] Sien 3.2.2 van die proefskrif.

alternatiewe vorm van grondgebruik wat voordele vir die gemeenskap inhou en prioritisering verlang.[1548]

Die historiese ontwikkeling wat vanaf die 1980's plaasgevind het om gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring as volwaardige en geldende benadering in natuurbewaring te vestig, word deur kenners as die "eerste generasie" gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring beskryf.[1549] Die teoretiese en filosofiese ontwikkeling en formulering van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring het in dié tyd plaasgevind, maar op 'n ongestruktureerde wyse en die implementering daarvan is deur 'n magdom historiese, politieke, maatskaplike, kulturele, ekonomiese en regsoorwegings óf bevorder óf gekortwiek.[1550] Gedurende die 2000's is die ware potensiaal en blywende verbeteringe wat deur gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring bewerkstellig is, bevraagteken en het kenners dié benadering skerp gekritiseer.[1551] As gevolg van die strawwe kritiek teen gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring, het die "back to the barriers"-beweging ontstaan, waar kenners verskeie argumente geopper het wat 'n terugkeer na die fort-natuurbewaringsmodel gemotiveer het.[1552] In reaksie hierop het kenners wat steeds ten gunste van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring is, gesê dat dit voortydig veroordeel is, met 'n wanbegrip van hoe ingewikkeld en langsaam die implementeringsproses kan wees voordat enige meetbare resultate gelewer word.[1553] Dieselfde kenners moedig die formulering van 'n sogenaamde "tweede generasie" gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring aan om die benadering te herfokus en te herformuleer.[1554] Die

---

1548 Sien Figuur 7 van die proefskrif.

1549 Sien 3.2.2 van die proefskrif. Dressler ea 2010 *Environmental Conservation* 2; Hutton, Adams en Murombedzi 2005 *Forum for Development Studies* 342; Jones en Murphree "Community-Based Natural Resource Management as a Conservation Mechanism: Lessons and Directions" 85-86.

1550 Berkes 2004 *Conservation Biology* 624; Breen (red) *Community-Based Natural Resource Management in Southern Africa: An Introduction* 18-29.

1551 Sien 3.2.2 van die proefskrif.

1552 Sien 3.2.2 van die proefskrif.

1553 Sien 3.2.2 van die proefskrif. Agrawal *Community in Conservation: Beyond Enchantment and Disenchantment* 41; Dressler ea 2010 *Environmental Conservation* 2; Jones en Murphree "Community-Based Natural Resource Management as a Conservation Mechanism: Lessons and Directions" 85-86.

1554 Sien 3.2.2 van die proefskrif. Agrawal *Community in Conservation: Beyond Enchantment and Disenchantment* 41; Dressler ea 2010 *Environmental Conservation* 2; Jones en Murphree "Community-Based Natural Resource Management as a Conservation Mechanism: Lessons and Directions" 85-86.

verskeie voorstelle en aanbevelings om gemeenskappe by die bekamping van wildmisdaad te betrek, dui moontlik daarop dat "tweede generasie" gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring heel waarskynlik onderweg is en dat die toepassingsmoontlikhede selfs verbreed kan word om by veel meer situasies en behoeftes binne natuurbewaring aan te pas.[1555]

'n Dieper teoretiese ontleding van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring is ná afloop van die historiese oorsig in die hoofstuk onderneem.[1556] Beide die historiese oorsig sowel as die teoretiese ondersoek dui aan dat die kompleksiteit van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring by die grondslae daarvan gevind kan word.[1557] Die teoretiese ontleding van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring het die volgende kernelemente na vore gebring:

(a) Die grondliggende denkbeelde van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring is op 'n gevestigde kontemporêre onderbou gegrond wat uit verskillende internasionale ontwikkelinge en kundige gespreksvoering bestaan.[1558]

(b) Gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring bied aan gemeenskappe die geleentheid om deur middel van unieke werkswyses biodiversiteitsverliese en die agteruitgang van ekostelsels in samewerking met regerings op voetsoolvlak te bekamp.[1559]

(c) Gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring het verskillende benamings, met verskillende doelwitte en interne klemverskuiwings, maar dit is op dieselfde idee gegrond, naamlik dat gemeenskappe 'n waardevolle rol in natuurbewaring kan vervul.[1560]

1555 Sien 2.7 en 3.2.2 van die proefskrif.
1556 Sien 3.3 van die proefskrif.
1557 Sien 3.3 van die proefskrif.
1558 Sien 4.2.1 en 4.2.2 van die proefskrif.
1559 Sien 4.2 en 4.3 van die proefskrif, sowel as elkeen se onderafdelings. Sien verder in die algemeen Armitage 2005 *Environmental Management* 704; Hulme en Murphree 1999 *Journal of International Development* 278-280; Kellert ea 2000 *Society and Natural Resources* 706.
1560 Sien 3.3.2 van die proefskrif.

(d) Gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring mag moontlik net ’n ideaal of goed geformuleerde beleidsdoelwit wees, wat nooit ten volle bereik gaan word nie.[1561]

(e) By die oorweging van die verbandhoudende definisies en interpretasies van die begrip "gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring" waarsku kenners teen veralgemening. Dientengevolge is uiteenlopende standpunte oorweeg en die volgende konseptuele punte is gedistilleer:

(i) "Gemeenskap", uitsluitlik binne die konteks van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring, moet aan drie beoordelingsmaatstawwe voldoen, naamlik die gemeenskap moet (1) ’n gesamentlike belang in die bewaring van betrokke biodiversiteit hê; (2) saam binne ’n bepaalde gebied geleë wees waar hulle teenwoordigheid in die natuur op voetsoolvlak verlang word; en (3) in staat wees om hulself onderling as ’n eenheid te organiseer om tot kollektiewe aksie oor te gaan ter deelname aan natuurbewaring.[1562]

(ii) "Kollektiewe aksie" word gedefinieer as verskillende vorme van spontane of gekoördineerde gedrag deur ’n gemeenskap of hul verteenwoordigers wat tot die gesamentlike aksie van ’n gemeenskap lei in die nastrewing van ’n spesifieke doelwit of om ’n gemeenskaplike belang te postuleer.[1563]

(iii) Die benaming "gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring" kan tot die wanbegrip lei dat die gemeenskap ten volle die regering se rol en verantwoordelikhede ten opsigte van natuurbewaringsinisiatiewe oorneem.[1564] Gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring is eerder bedoel om die bestaande reguleringsmaatreëls as ’n addisionele oplossing te komplementeer.[1565] ’n Ooreenkoms vir samewerkende bestuur tussen die

---

1561 Sien 3.3.2 van die proefskrif.

1562 Sien 3.3.2.1 van die proefskrif.

1563 Scott en Marshall *A Dictionary of Sociology* 96-97; Sandler *Collective Action: Theory and Applications* 1, 19; Ensminger *Making a Market: The Institutional Transformation of an African Society* 30.

1564 Sien 3.3.2.2 van die proefskrif.

1565 Murphree "Community-Based Conservation: Old Ways, New Myths and Enduring Challenges" 12 stel dit soos volg: "[community-based conservation] was never designed as a substitute for protected area approaches; it was designed to be part of a suite of conservation approaches within national conservation strategies, for particular contexts and circumstances."

regering en die gemeenskap (en ander belanghebbendes), wat die vier kernkomponente van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring weerspieël, kan die verbintenis met die nodige regsekerheid smee.[1566]

(iv) Die begrip "natuurbewaring" is op sigself kompleks.[1567] Natuurbewaring beskik oor wetenskaplike sowel as regskomponente. Gemeenskappe se insette en tradisionele kennis kan 'n kontemporêre bykomende komponent verteenwoordig wat waardevolle insig ten gunste van evolusionêre regsontwikkeling binne die natuurbewaringskader kan ontsluit.[1568] Gevolglik, weens die krisis waarin biodiversiteit verkeer[1569] en oplewing binne die natuurbewaringskader,[1570] is hedendaagse beleidmakers die moeilike taak opgelê om innoverende oplossings en kontemporêre regsreëls te skep wat op 'n kombinasie van wetenskaplike kennis, realistiese regsontwikkeling en tradisionele kennis balanseer.[1571]

(v) In wese verteenwoordig gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring 'n breë spektrum alternatiewe bestuursbenaderings wat volgens die behoeftes en doelwitte van die spesifieke inisiatief aangepas kan word.[1572] Die alternatiewe bestuursbenaderings berus op samewerkende bestuur tussen die regering en die gemeenskap en institusionele hervorming om ruimte vir gemeenskapsinstellings in die bestuurstruktuur te skep.[1573]

(f) Ingevolge 'n ondersoek aangaande 'n tipologiese klassifikasie van verskillende vorme van gemeenskapsdeelname, is die begrippe "gemeenskapsdeelname", "gemeenskapsbetrokkenheid" en "publieke deelname" afsonderlik oorweeg en is

---

1566 Sien 3.3.2.2 van die proefskrif.
1567 Sien 3.3.2.3 van die proefskrif.
1568 Sien 3.2.2 en 3.3.2.4 van die proefskrif.
1569 Sien 2.1 van die proefskrif.
1570 Sien 3.2.2 van die proefskrif.
1571 Sien 3.3.2.3 van die proefskrif.
1572 Sien 3.3.2.4 van die proefskrif.
1573 Sien 3.3.2.4 van die proefskrif.

bevind dat hoewel dit onafhanklik geïnterpreteer kan word, dit tog in samehang met mekaar funksioneer.[1574]

(g) Die optimale punt van gemeenskapsdeelname aan natuurbewaringsinisiatiewe kan in 'n buigsame kombinasie van passiewe en aktiewe gemeenskapsdeelname gevind word.[1575] Elke natuurbewaringsinisiatief is uniek, want lande het verskillende biodiversiteitsprofiele, bestaande omgewingswetgewing en politieke omstandighede. Gevolglik moet die mate van gemeenskapsdeelname oordeelkundig oorweeg word ten einde die praktiese formulering van die inisiatief toe te lig.[1576]

(h) Binne die buigsame kombinasie van passiewe en aktiewe gemeenskapsdeelname word samewerkende bestuur gevind.[1577] Die hoofstuk het die kenmerke van samewerkende bestuur geïdentifiseer en in 'n visuele voorstelling gelys.[1578]

(i) Die implementering van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring word deur kenners aangemoedig, maar weinig is oor die proses bekend.[1579] In die hoofstuk is breë implementeringsriglyne na aanleiding van kenners se bydraes binne die gebied vasgestel.[1580] Die formulering van die riglyne is ook aangevul deur die voorafgaande teoretiese aspekte wat in die hoofstuk bespreek is.[1581] Hierdie riglyne hou verband met (i) doelwitidentifisering en formulering; (ii) afbakening van die fisiese gebied en identifisering van die teikengemeenskap; (iii) gunstige omstandighede om gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring te implementeer en te handhaaf; (iv) voordele en aansporingstrukture vir die gemeenskap in ruil vir hul deelname; (v) samestelling van 'n bestuurstruktuur; (vi) beplanning en besluitneming; (vii) probleemoplossing en die uitvoer van magte en verantwoordelikhede; (viii) monitering en terugvoer; en (ix) bewusmaking,

---

1574 Sien 3.3.3 van die proefskrif.
1575 Sien 3.3.3 van die proefskrif.
1576 Sien 3.3.3 van die proefskrif.
1577 Sien 3.3.3 van die proefskrif.
1578 Sien Figuur 8 van die proefskrif.
1579 Sien 3.3.4 van die proefskrif.
1580 Sien 3.3.4 van die proefskrif. Sien ook Aanhangsels A-E van die proefskrif.
1581 Sien 3.2.1, 3.2.2, 3.3.2, 3.3.3 van die proefskrif.

opleiding, onderrig en kapasiteitsbou.[1582] Die voorgestelde implementeringsriglyne kan as beginpunt gebruik word om gemeenskapsgebaseerde natuurbewaringsinisiatiewe te formuleer om die bestaande regsraamwerk aan te vul. Dit kan onder andere gebruik word om aanvoorwerk met die oprigting van die inisiatief te verrig, asook om die interne werking en sukses van die inisiatief te handhaaf. Die promulgering van die voorgestelde riglyne in wetgewing in geheel is egter debatteerbaar.

Die teoretiese ontleding van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring het gevolglik die volgende aspekte na vore gebring wat die nukleus daarvan uitmaak, naamlik: (a) die definisie van die begrip van "gemeenskap" en "gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring";[1583] (b) die konsep gemeenskapsdeelname;[1584] (c) die sluiting van samewerkende ooreenkomste;[1585] en (d) samewerkende bestuur.[1586] Om die genoemde aspekte te verwesenlik moet beleidmakers daarna streef om die fyn balans tussen die vier kernkomponente van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring te handhaaf.[1587]

Die implementering van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring, spesifiek as ’n alternatiewe oplossing vir die bekamping van wildmisdaad, is ná afloop van die historiese oorsig en teoretiese ondersoek in oorweging gebring.[1588] Dié bespreking is ingevolge die vier kernkomponente van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring gestruktureer.[1589] Die gedeeltes beskryf die maniere waarop gemeenskapsgebaseerde natuurbewaringsinisiatiewe op ’n sinvolle wyse spesifiek tot die bekamping van wildmisdaad kan bydra ten einde ’n land se bestaande wetgewende raamwerk wat tans wildmisdaad reguleer, te versterk.[1590] Aspekte uniek aan die bekamping van

---

1582 Sien 3.3.4 van die proefskrif.
1583 Sien 3.3.2.1 en 3.3.2.4 van die proefskrif.
1584 Sien 3.3.3 van die proefskrif.
1585 Sien 3.3.4 van die proefskrif.
1586 Sien 3.3.3 van die proefskrif.
1587 Sien 3.2.2 en Figuur 7 van die proefskrif waar die kernkomponente van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring uiteengesit is. Sien verder Murphree "Community-Based Conservation: Old Ways, New Myths and Enduring Challenges" 12.
1588 Sien 3.4 van die proefskrif.
1589 Sien 3.4 van die proefskrif. Sien verder 3.2.2 en Figuur 7 van die proefskrif waar die kernkomponente van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring uiteengesit is.
1590 Sien 3.4.1 tot 3.4.4 van die proefskrif.

wildmisdaad is oorweeg en sekere voorstelle is bespreek.[1591] Die sentrale uitgangspunt van dié unieke aspekte is dat gemeenskappe potensieel net soveel tot die bekamping van wildmisdaad kan bydra as wat hulle tans wildmisdaad pleeg.[1592] Gemeenskapsgebaseerde natuurbewaringsinisiatiewe wat ten doel het om 'n bydrae te lewer om wildmisdaad te bekamp, moet beide voorgenoemde gebeurlikhede in aanmerking neem. Die riglyne vir implementering wat in 'n vorige gedeelte van die proefskrif voorgestel is, kan gebruik word om sekere aanvoorwerk te verrig met die oprigting van die inisiatief, asook om die interne werking en sukses van die inisiatief te handhaaf.[1593] Eerstens is voorgestel dat die konsep van gemeenskapspolisiëring deur middel van die totstandkoming van 'n gemeenskapspolisieforum, fluitjieblaserstelsel of 'n buurtwagstelsel moontlik werkbare oplossings kan ontsluit om magte en verantwoordelikhede aan gemeenskappe oor te dra wat prakties deur hulle in die bekamping van wildmisdaad op voetsoolvlak uitgevoer kan word.[1594] Tweedens is voorgestel dat 'n afsonderlike permit- en lisensiestelsel uitsluitlik ten gunste van gemeenskappe ontwikkel en geïmplementeer moet word, met die doel om sekere regte te bekom om wildspesies regmatig vir byvoorbeeld voedsel en tradisionele, kulturele, religieuse of ander gebruike te jag.[1595] Derdens is voorgestel dat die voordele vir deelname aan die bekamping van wildmisdaad vir gemeenskappe aanloklik moet wees; dat die gevolge van die pleging van wildmisdaad vrees onder hulle moet inboesem; dat gemeenskapslede differensieel moet beloon word op grond van die soort magte en verantwoordelikhede wat hulle uitvoer; en dat gemeenskappe beloon moet word vir kwaliteit inligting wat tot die arrestasie en vervolging van wildstropers

---

1591 Sien 3.4.1 tot 3.4.4 van die proefskrif.

1592 Sien 2.3.1 en 2.5 van die proefskrif waar daar byvoorbeeld kortliks beskryf word hoe gemeenskappe as gevolg van armoede deur middel van bestaansjag (vir toegang tot voedsel, ekonomiese handelsartikels en huishoudelike inkomste), kulturele en religieuse oortuigings en mens-wildspesie-konflik tot wildmisdaad bydra. Sien verder 2.7 van die proefskrif wat as 'n beginpunt motiveer waarom kenners glo dat gemeenskappe se teenwoordigheid op voetsoolvlak, as 'n alternatiewe oplossing, moontlik tot die bekamping van wildmisdaad kan bydra. Verwys na die opmerking deur Biggs ea 2016 *Conservation Biology* 6 wat bepaal dat gemeenskappe ideaal geplaas (en soms noodgedwonge genoop) is om wildmisdaad te pleeg, maar dat die teenoorgestelde ook waar kan wees – dat gemeenskappe ideaal geplaas is om wildmisdaad op voetsoolvlak te identifiseer, aan te meld en te voorkom.

1593 Sien 3.3.4 van die proefskrif.

1594 Sien 3.4.1 van die proefskrif.

1595 Sien 3.4.2 van die proefskrif.

lei.[1596] Daar is gevind dat die balans tussen die eerste drie kernkomponente van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring (of in dié geval die bogenoemde onderskeie drie voorstelle) gesamentlik bydra om die vierde kernkomponent te verwesenlik, naamlik om natuurbewaring (in dié geval die bekamping van wildmisdaad) as 'n winsgewende alternatiewe vorm van grondgebruik te vestig wat voordele vir die gemeenskap inhou en prioritisering verlang.[1597]

Wildmisdaad word tans as 'n internasionale biodiversiteitskrisis beskou wat die hoogste prioritisering verlang in 'n sogenaamde wedloop teen tyd wat 'n dringende en direkte regsrespons op voetsoolvlak vereis.[1598] Op hierdie beslissende stadium, waar talle kenners na alternatiewe oplossings vir wildmisdaad soek;[1599] moet die kompleksiteit wat beide die probleem (wildmisdaad) sowel as die potensiële oplossings (byvoorbeeld, in hierdie geval, gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring) skep, nie onderskat word nie.

Die bemagtiging van gemeenskappe om in samewerking met die regering aan die bekamping van wildmisdaad op voetsoolvlak deel te neem, spreek direk tot die ontwrigting van wildmisdaad op intreevlak wat alle opeenvolgende handelinge tot stand bring.[1600] Sou 'n gemeenskap daarin slaag om wildstropery binne hul omgewing te bekamp, sal die uitvoering van alle opeenvolgende handelinge wat deel uitmaak van wildmisdaad ook ontwrig word.[1601]

Hoewel gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring belowende potensiaal inhou om 'n bydra tot die bekamping van wildmisdaad te lewer, beklemtoon Murphree,[1602] aan die teenkant dat gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring nie binne alle kontekste 'n haalbare alternatiewe oplossing daarstel nie. Die skrywer motiveer die voorgenoemde deur te beklemtoon dat die implementering en ontplooiing van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring 'n komplekse, langdurige proses is, wat

---

1596 Sien 3.4.3 van die proefskrif.
1597 Sien 3.4.4 van die proefskrif.
1598 Roe en Booker 2019 *Conservation Science and Practice* 2. Sien 2.7 van die proefskrif.
1599 Sien 2.7 van die proefskrif.
1600 Sien 2.7, 2.8 en 3.2.2 van die proefskrif.
1601 Sien 2.3.1, 2.3.2, 2.3.3, 2.3.4, 2.7 en 2.8 van die proefskrif.
1602 Murphree "Community-Based Conservation: Old Ways, New Myths and Enduring Challenges" 12.

geduld en aanpasbaarheid van alle betrokkenes verg en tans met grootskaalse onsekerheid gepaard gaan.[1603] Die implementeringsproses kan verder deur 'n betrokke land se sosio-ekonomiese, politieke, historiese, omgewings-, en regsfaktore gekompliseer word.[1604] Verder is gemeenskappe se samestelling en interne werkinge divers en inherent kompleks[1605] en kan hul ingesteldheid teenoor natuurbewaring (en in besonder die bekamping van wildmisdaad) weens verskillende faktore fluktueer.[1606] Hoewel daar tans geen bloudruk vir die implementering van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring bestaan nie, is die implementeringsproses nie 'n lukrake proses nie.[1607] Volgens Murphree[1608] neig die proses om te stagneer indien alle betrokkenes nie deurlopend en aktief werk om die fyn balans tussen die kernkomponente van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring te handhaaf en te bevorder nie of indien die inisiatief nie met regsekerheid gepaard gaan nie.[1609]

1603 Murphree "Community-Based Conservation: Old Ways, New Myths and Enduring Challenges" 12. Sien ook Roe en Booker 2019 *Conservation Science and Practice* 2.

1604 Roe en Booker 2019 *Conservation Science and Practice* 2.

1605 Roe en Booker 2019 *Conservation Science and Practice* 2.

1606 Biggs ea 2016 *Conservation Biology* 5-12; Hübschle 2017 *Current Sociology* 439.

1607 Murphree "Community-Based Conservation: Old Ways, New Myths and Enduring Challenges" 12. In 3.3.4 van die proefskrif is algemene riglyne vir implementering ondersoek en voorgestel wat aangepas kan word om die implementering van verskillende inisiatiewe te komplementeer.

1608 Murphree "Community-Based Conservation: Old Ways, New Myths and Enduring Challenges" 12.

1609 Sien 3.2.2 en Figuur 7 van die proefskrif waar die kernkomponente van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring uiteengesit is. Sien verder 3.3.4 van die proefskrif waar algemene riglyne voorgestel word om gunstige omstandighede te skep om gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring te implementeer en te handhaaf.

HOOFSTUK 4

Bekamping van wildmisdaad in Suid-Afrika: 'n regsontleding

4.1 Kontekstualisering en agtergrond

In hoofstuk 2 is wildmisdaad teoreties ontleed[1610] en bestaande reguleringsmaatreëls, sowel as moontlike alternatiewe oplossings vir wildmisdaad, geïdentifiseer en bespreek.[1611] Na aanleiding van dié teoretiese ontleding, bepaal hoofstuk 2 dat beide die interpretasie sowel as die bekamping van wildmisdaad 'n breër holistiese perspektief vereis.[1612] Weens leemtes in die internasionale regsraamwerk betreffende die beste praktyk om wildmisdaad te bekamp, word die gebruik van 'n kombinasie vanbestaande reguleringsmaatreëls en alternatiewe oplossings aangemoedig.[1613] Soos verder in hoofstuk 2 uitgelig, moedig kenners lande aan om tans alle bestaande reguleringsmaatreëls maksimaal te benut om wildmisdaad te bekamp, maar dat die potensiaal en invloed van enige alternatiewe oplossings nie gering geag moet word nie.[1614]

Hierdie hoofstuk het eerstens ten doel om die bestaande reguleringsmaatreëls wat Suid-Afrika tans inspan om wildmisdaad te bekamp te identifiseer, ontleed en bespreek. Die bepalings van bestaande relevante Suid-Afrikaanse wetgewing, regulasies of beleide verbandhoudend tot die bekamping van wildmisdaad, word in

---

1610 Sien 2.2 tot 2.6 van die proefskrif.

1611 Sien 2.7 van die proefskrif.

1612 Sien 2.7 van die proefskrif.

1613 Sien 2.7 van die proefskrif. Die direksie van die *Millennium Ecosystem Assessment* beklemtoon die gebruik van gemeenskappe in natuurbewaring deur te stel dat: "[g]overnance approaches to support biodiversity conservation and sustainable use are required at all levels, with supportive laws and policies developed by central governments providing the security of tenure and authority essential for sustainable management at lower levels. The principle that biodiversity should be managed at the lowest appropriate level has led to decentralisation in many parts of the world, with variable results. The key to success is strong institutions at all levels, with security of tenure and authority at the lower levels essential to providing incentives for sustainable management." Sien Millennium Ecosystem Assessment *Ecosystems and Human Well-being: Biodiversity Synthesis* 72. Die toenemende hedendaagse eise wat natuurbewaring aan beleidmakers stel, vereis dat uiteenlopende bestuursbenaderings op verskillende bestuursvlakke ingestel word om biodiversiteit te beskerm. Aanvanklik is natuurbewaring as die uitsluitlike taak en verantwoordelikheid van die regering uitgemaak; maar later is daar van regerings verwag om wetgewing en beleid te ontwikkel om die kernrol wat gemeenskappe in natuurbewaring speel, te erken.

1614 Sien 2.7 van die proefskrif. Sien ook Die Wêreldbank *Tools and Resources to Combat Illegal Wildlife Trade* 3.

hierdie afdelings ondersoek. Dié ontleding word gelei deur die vier vlakke van handelinge wat deel uitmaak van wildmisdaad[1615] sowel as die voorstelle vir die ontwikkeling en implementering van nasionale wetgewing om wildmisdaad te bekamp,[1616] soos geïdentifiseer en teoreties in hoofstuk 2 bespreek. Onder elke vlak van handelinge word beide nasionale en provinsiale wetgewing en beleid wat tans tot die bekamping van wildmisdaad bydra geïdentifiseer, ontleed en bespreek.[1617] 'n Bondige bespreking word ná afloop van die vorige ontleding in die hoofstuk, wat handel oor die doeltreffendheid van die bestaande reguleringsmaatreëls wat tans die bekamping van wildmisdaad in Suid-Afrika reguleer, ingesluit.

Hoewel die deelname van gemeenskappe op verskillende platforms as 'n alternatiewe oplossing vir wildmisdaad aangemoedig word, beskik Suid-Afrika tans oor geen beleide of riglyne wat so 'n benadering definieer en die implementering daarvan rig nie.[1618] Dié leemte is moontlik te wyte aan die dienooreenkomstige tekort aan duidelike internasionale riglyne of voorgestelde praktyk, maar ook weens geskiedkundig politiese gebeure wat 'n groot invloed op die ontwikkeling van Suid-Afrika se natuurbewaringsektor uitgeoefen het.[1619] Binne internasionale en Afrika-regionale kringe is gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring en verbandhoudende inisiatiewe nie 'n nuwe fenomeen nie, maar in vergelyking met ander Afrikalande het gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring nooit in dieselfde mate in Suid-Afrika ontwikkel nie en word daar steeds tot 'n groot mate op bestaande strukture, wat op die fort-natuurbewaringmodel en bevel en beheermaatreëls geskoei is, gesteun.[1620] Gevolglik het hierdie hoofstuk tweedens ten doel om sekere Suid-Afrikaanse regsbepalings óf doelstellings te identifiseer wat met gemeenskapsgebaseerde

---

1615 Sien 2.3 van die proefskrif.

1616 Sien 2.4 van die proefskrif.

1617 In die geval van die provinsiale wetgewing, word 'n samevattende bespreking van die betrokke wetsbepalings weergee, aangesien 'n omvattende bespreking van al nege provinsies se wetgewende bepalings buite die bestek van die proefskrif val.

1618 Sien 2.7 van die proefskrif. Sien die besprekings in Dressler ea 2010 *Environmental Conservation* 9; Glazewski en Paterson "Protected Areas and Community-Based Conservation" 332-333.

1619 Sien 2.7 van die proefskrif. Sien ook Dressler ea 2010 *Environmental Conservation* 9; Glazewski en Paterson "Protected Areas and Community-Based Conservation" 332-333.

1620 Dressler ea 2010 *Environmental Conservation* 9; Glazewski en Paterson "Protected Areas and Community-Based Conservation" 333; Hübschle en Shearing *Ending Wildlife Trafficking: Local Communities as Change Agents* 9.

natuurbewaring verband hou en wat die implementering daarvan, as 'n alternatiewe oplossing vir die bekamping van wildmisdaad, kan onderskraag.

Hierdie twee besprekings word deur 'n afdeling voorafgegaan wat kontekstualisering en agtergrond aangaande die bestaande Suid-Afrikaanse omgewingsregraamwerk bied. Hoewel die Suid-Afrikaanse omgewingsregraamwerk oor uiteenlopende vertakkings beskik wat verskillende areas van omgewingsbestuur hanteer, fokus hierdie afdeling slegs op die areas van biodiversiteitsbestuur en natuurbewaring. Die doel van dié gedeelte is om 'n breë beeld van die komplekse regsraamwerk waarin die bekamping van wildmisdaad tans opgeneem is te skets. Weens die kompleksiteite binne die breër regsraamwerk, is kontekstualisering en agtergrond van belang vir die opeenvolgende besprekings in die hoofstuk.

Verder word verskillende begrippe en definisies aan die hand van die definisie van "wildmisdaad" wat in hoofstuk 2 vir die doeleindes van hierdie proefskrif geformuleer is, geëvalueer ten einde 'n breë konseptuele definisie van wildmisdaad binne die Suid-Afrikaanse konteks vas te stel. Soos reeds genoem,[1621] kan die onsekerheid oor die aard en omvang van wildmisdaad moontlik met die tekort aan 'n klinkklare definisie van "wildmisdaad" verband hou.

4.2 Biodiversiteitsbestuur: die Suid-Afrikaanse regskonteks

Suid-Afrika se uitsonderlike biodiversiteit word daagliks deur wildmisdaad bedreig.[1622] Die nuutste *National Biodiversity Assessment* van 2018 erken dat Suid-Afrika se biodiversiteit onder druk verkeer weens verskeie bedreigings, maar erken nie wildmisdaad as een van die kernbedreigings nie.[1623] Die *National Biodiversity Assessment* vra wel vir 'n ondersoek na 'n omvattende gekoördineerde veldtog om

---

[1621] Sien 1.1 en 2.2 van die proefskrif.

[1622] South African National Biodiversity Institute *National Biodiversity Assessment 2018: The status of South Africa's Ecosystems and Biodiversity* 1, 80. Suid-Afrika is die derde mees biologies-diverse land ter wêreld. AK 1095 in SK 18163 van 28 Julie 1997 (*White Paper on the Conservation and Sustainable use of South Africa's Biological Diversity*, 1997). Sien die omvattende teoretiese raamwerk in hoofstuk 2 van die proefskrif.

[1623] South African National Biodiversity Institute *National Biodiversity Assessment 2018: The status of South Africa's Ecosystems and Biodiversity* 12-22.

wildmisdaad te bekamp.[1624] Hoewel die *National Biodiversity Assessment* nie wildmisdaad as een van die kernbedreigings van wildmisdaad erken nie, erken die *Southern African Development Community Law Enforcement and Anti-Poaching Strategy 2016-2021* en die *Draft National Integrated Strategy to Combat Wildlife Trafficking* (2017) die dringendheid en erns om wildmisdaad onderskeidelik in die *Southern African Development Community*-streek en op nasionale bodem in Suid-Afrika te bekamp.[1625] Die Suid-Afrikaanse Departement van Omgewingsake[1626] het onlangs hul voorneme oorgedra om 'n geïntegreerde strategiese raamwerk te ontwikkel om die bekamping van wildmisdaad ingevolge 'n "intelligence-led, well-resourced, multidisciplinary and consolidated law enforcement approach" te reguleer Die Departement van Omgewingsake[1627] het ook gerapporteer dat renosterstropery, wat 'n ernstige knelpunt in Suid-Afrikaanse biodiversiteitskringe is, gedurende 2019 afgeneem het en dat dié afname te danke is aan die regering se

> improved capabilities to react to poaching incidents linked to better situational awareness and deployment of technology; improved information collection and sharing amongst law enforcement authorities; better regional and national cooperation… more meaningful involvement of the private sector, NGOs and donors […] [and] various community developmental programmes, including awareness programmes […] through the integrated strategies adopted and facilitated in collaboration with its partners, SANParks, Provinces and neighbouring countries.

Daarenteen beskik Suid-Afrika nie tans oor 'n wet of beleid wat uitsluitlik oor die bekamping van wildmisdaad handel of die genoemde inisiatiewe en gebeurlikheidsplanne verwoord nie.

Te midde van dié leemte in Suid-Afrikaanse wetgewing en beleid, word daar toenemende oproepe om regshervorming en innoverende oplossings geopper om wildmisdaad te bekamp.[1628] Gedurende 2019, aan die begin van minister Barbara

---

1624 South African National Biodiversity Institute *National Biodiversity Assessment 2018: The status of South Africa's Ecosystems and Biodiversity* 179.

1625 *Southern African Development Community Law Enforcement and Anti-Poaching Strategy 2016-2021* (2015) 7-19; *Draft National Integrated Strategy to Combat Wildlife Trafficking* (2017) 17-19.

1626 Departement van Omgewingsake 2020 https://bit.ly/2KVir6R.

1627 Departement van Omgewingsake 2020 https://bit.ly/2KVir6R.

1628 Departement van Omgewingsake 2019 http://bit.ly/2RoSJe2.

Creecy[1629] se ampstermyn, maak sy die volgende opmerking oor wildmisdaad tydens 'n toespraak op Wêreld Veldwagter Dag:[1630]

> Despite our best efforts, wildlife crime continues to threaten our biodiversity […] we all agree the time has come for us to review our efforts in the war on illegal poaching and wildlife trade […] we need: better controls at our ports of exit, more support in the war on the ground, and faster prosecution of offenders.[1631]

In dié opmerking moedig die minister hernieude optrede in die bekamping van wildmisdaad in Suid-Afrika aan en vra sy vir verbeterde grensbeheer, groter ondersteuning op voetsoolvlak en versnelde vervolgingsprosedures. Tydens die openingsrede van die derde jaarlikse konferensie van die *Global Wildlife Program*[1632] in Pretoria plaas minister Creecy weer die klem op die bekamping van wildmisdaad in Suid-Afrika deur te sê dat:

> Wildlife crime cannot be effectively addressed without partnerships at international, national and community level. Through this conference, we hope to build alliances between the private sector, local communities and international partners. We need an approach that integrates communities, socioeconomic development, and wildlife conservation in a practical manner.[1633]

Volgens die minister, is vennootskappe tussen internasionale organisasies, nasionale regeringsdepartemente, die privaat sektor en gemeenskappe die sleutel tot die bekamping van wildmisdaad. Sy voorts 'n behoefte aan 'n praktiese benadering in hierdie verband wat gemeenskappe, sosio-ekonomiese ontwikkeling en natuurbewaring met mekaar versoen. Dié oproep blyk in ooreenstemming met internasionale voorstelle en die opinies van ander kenners te wees, naamlik dat

---

1629 Die minister van Bosbou, Visserye en Omgewingsake van die Republiek van Suid-Afrika sedert 30 Mei 2019. Hierna die minister van omgewingsake.

1630 Anders gestel: "World Ranger Day". Dié dag word jaarliks internasionaal op 31 Julie herdenk.

1631 Departement van Omgewingsake 2019 http://bit.ly/2RoSJe2.

1632 In reaksie op die toenemende internasionale en nasionale bedreigings wat wildmisdaad daarstel, het die *Global Environment Facility,* in samewerking met die Wêreldbank, gedurende 2015 die *Global Partnership on Wildlife Conservation and Crime Prevention for Sustainable Development*-program, ook bekend as die *Global Wildlife Program*, geloods. Die program stel breë doelwitte om lande by te staan om wildmisdaad te bekamp. Suid-Afrika, as 'n vennoot van die program, het onlangs 'n verbandhoudende projek van stapel gestuur getiteld "Strengthening Institutions, Information Management and Monitoring to Reduce the Rate of Illegal Wildlife Trade in South Africa" vir die termyn 2019 tot 2024. Die derde jaarlikse konferensie van die Global Wildlife Program is van 31 Oktober 2019 tot 1 November 2019 gehou. Sien Die Wêreldbank 2020 http://bit.ly/384Fupe.

1633 Departement van Omgewingsake 2019 http://bit.ly/2NqabNJ.

gemeenskappe by die bekamping van wildmisdaad betrek moet word.[1634] 'n Ondersoek na en ontleding van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring kan moontlik antwoorde en voorstelle in hierdie verband ontsluit.[1635]

Die oorsprong en ontwikkeling van Suid-Afrikaanse wetgewing en beleid rakende natuurbewaring en biodiversiteitsbestuur, beskik oor 'n ryk historiese agtergrond.[1636] Tekens van biodiversiteitsbestuur in Suid-Afrika kan tot eeue gelede nagespoor word – selfs na die prekoloniale tydperk toe inheemse gemeenskappe soos die San en Khoi volgens breedvoerige tradisionele stelsels en religieuse oortuigings natuurlike hulpbronbestuur toegepas het.[1637] Kort ná die aankoms van die setlaars in die Kaap in 1652, is 'n aantal *placaaten* gepromulgeer wat die beskerming van tuine, grond en bome gereguleer het.[1638] Verdere *placaaten* om die afkap van bome vir vuurmaakhout, oop vure in grasvelde, besmetting van drinkwater en die jag van wildspesies te reguleer, is ook gepromulgeer.[1639]

Te midde van 'n oplewing in omgewingsbewustheid en die beskerming van wildspesies teen onvolhoubare jagpraktyke gedurende die koloniale tydperk asook tydens die era van die unie van Suid-Afrika vanaf 1910, is 'n aantal natuurreservate en nasionale parke onder die destydse *Wet op Nasionale Parke* 56 van 1926 en die *Wet op*

1634 Sien 2.7 van die proefskrif.

1635 Roe en Booker 2019 *Conservation Science and Practice* 7-9. Sien ook 2.7 en 3.2.2 van die proefskrif.

1636 Sien in die algemeen die bydraes van Bothma en Glavovic "Wild Animals" 251; Glazewski "Wild Animals, Forests and Plants" par 14.1.2; Paterson "Biodiversity, Genetic Modification and the Law" par 13.6.12, Departement van Omgewingsake 2019 http://bit.ly/2NIN2qe, AK 1095 in SK 18163 van 28 Julie 1997 (*White Paper on the Conservation and Sustainable use of South Africa's Biological Diversity*, 1997); Rabie en Fuggle "The Rise of Environmental Concern" 11-25; Müller "Environmental Governance in South Africa" 69.

1637 AK 1095 in SK 18163 van 28 Julie 1997 (*White Paper on the Conservation and Sustainable use of South Africa's Biological Diversity*, 1997); Departement van Omgewingsake 2019 http://bit.ly/2NIN2qe; Müller "Environmental Governance in South Africa" 69.

1638 Rabie en Fuggle "The Rise of Environmental Concern" 13-14. Die *placaaten* het in daardie tyd regsmaatreëls verteenwoordig en hoewel dit inderwaarheid *ultra vires* was, is dit *de facto* toegepas. Sommige van die *placaaten* is later in wetgewing opgeneem en maak deesdae 'n mindere mate deel uit van die gemenereg. Sien in hierdie verband Visagie *Regspleging en Reg aan die Kaap van 1652 tot 1806: Met 'n Bespreking van die Historiese Agtergrond* 63.

1639 Rabie en Fuggle "The Rise of Environmental Concern" 13-14.

Nasionale Parke 57 van 1976 geproklameer[1640] – 'n gevestigde erfenis wat steeds vandag in Suid-Afrika seëvier.[1641]

Sedert Suid-Afrika tot 'n republiek in 1961 verklaar is, is natuurbewaring die uitsluitlike verantwoordelikheid van die provinsiale regeringsfeer.[1642] Die destydse vier provinsies[1643] het elk hul eie provinsiale ordonnansies gepromulgeer om wildspesies te bewaar en administratiewe stelsels vir natuurbewaring te vestig.[1644] Behalwe vir dié provinsiale ordonnansies, het die sogenaamde TBVC-tuislande[1645] (of anders gestel: selfregerende gebiede) vóór 1994 ook verbandhoudende wetgewing uitgevaardig.[1646] Die resultaat van dié betrokke regsontwikkelinge was 'n buitengewone gefragmenteerde en ingewikkelde stelsel om natuurbewaring en die verbruik van biodiversiteit te reguleer.[1647] Gevolglik is natuurbewaring op 'n ongekoördineerde wyse uitgevoer en toegepas, waarvan die maatreëls tussen meer as 'n honderd wette

---

1640 Glazewski en Paterson "Protected Areas and Community-Based Conservation" 326; Hanks en Glavovic "Protected Areas" 698. Die proklamasie van nasionale parke tesame met die onderskeie landelike verdelings het groot verdeelheid in Suid-Afrika veroorsaak. Gemeenskappe is onder dwang van grond verwyder en na ander gebiede verskuif. Hierdeur is tradisionele gesagstrukture verswak. Nasionale parke is omhein en gemeenskappe het hul regte en toegang tot hulpbronne binne die parke verloor. Oorbeweiding, oorbevolking, die sny en brand van grasveld en wild- en plantstropery was omstrede kwessies en militêre taktieke is gebruik om nasionale parke te beskerm en boetes is aan oortreders uitgereik. Sien Departement van Omgewingsake 2019 http://bit.ly/2NIN2qe; Summers 1999 *Acta Juridica* 188-190, 209-209. 'n Volledige regshistoriese oorsig van grond en grondhervorming val buite die bestek van hierdie proefskrif. Verwys na Pienaar *Land Reform* 52-136 in hierdie verband vir 'n volledige regshistoriese oorsig. Sien ook die bespreking in 3.2.1 van die proefskrif.

1641 AK 1095 in SK 18163 van 28 Julie 1997 (*White Paper on the Conservation and Sustainable use of South Africa's Biological Diversity*, 1997); Rabie en Fuggle "The Rise of Environmental Concern" 11-12; Departement van Omgewingsake 2019 http://bit.ly/2NIN2qe; Paterson 2007 *Suid-Afrikaanse Publiekreg* 1. Sien in die algemeen Departement van Omgewingsake *National Protected Area Expansion Strategy for South Africa 2016*. Verwys ook na die bespreking in 3.2.1 van die proefskrif. Vir 'n gedetailleerde tydlyn van sleutelverwikkelinge in die geskiedenis van Suid-Afrikaanse nasionale parke, verwys na South African National Parks 2020 http://bit.ly/2SOSuuB.

1642 Glazewski "Wild Animals, Forests and Plants" par 14.1.2; Paterson "Biological Diversity" 546-547; Du Plessis 1995 *South African Journal of Environmental Law and Policy* 23-36; Kidd *Environmental Management* par 472; Craigie, Snijman en Fourie "Environmental Compliance and Enforcement Institutions" 69.

1643 By name: Transvaal, Oranje Vrystaat, Natal en die Kaap.

1644 *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)* 8 van 1969; *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)* 12 van 1983; *Nature Conservation Ordinance (Natal)* 15 van 1974; *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)* 19 van 1974.

1645 By name: Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei.

1646 *Transkei Environmental Conservation Decree* 9 van 1992; *Protected Areas Act (Bophuthatswana)* 24 van 1987; *Bophuthatswana Nature Conservation Act* 3 van 1973; en die *Nature Conservation Act (Ciskei)* 10 van 1987

1647 Rumsey "Terrestrial Wild Animals" 420. Hierdie regsontwikkelinge het 'n standaard gestel wat vandag steeds geld.

versprei is.[1648] Buiten dié versameling van provinsiale ordonnansies en wette, was daar geen nasionale regsraamwerk in plek wat biodiversiteitsbestuur buite nasionale parke gereguleer het nie.[1649] In 'n oorkoepelende poging tot strukturele verbetering en harmonisering van omgewingswetgewing, het die regering die *Wet op Omgewingsbewaring* 73 van 1989[1650] (ook bekend as die ECA)[1651] uitgevaardig, wat Suid-Afrika se destydse omgewingsraamwerkwetgewing verteenwoordig het.[1652]

Sedert 1994 het die nuwe demokratiese regering noemenswaardige veranderinge en vooruitgang vir biodiversiteit en natuurbewaring bewerkstellig.[1653] Die erkenning van 'n "omgewingsreg"[1654] in die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996 (hierna die *Grondwet*) was die eerste vername vooruitgang van belang. Die *Grondwet* plaas 'n direktief op alle regeringsfere om redelike wetgewende en ander maatreëls in plek te stel, om onder andere ekologiese agteruitgang te voorkom, natuurbewaring te bevorder en terselfdertyd billike ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling te prioritiseer.[1655] Dié redelike wetgewende en ander maatreëls moet egter met doelbewuste regeringsaksie en verdere ondersteunende programme en beleide gepaard gaan om die gewenste uitkoms te verseker.[1656] Ter uitbreiding van die *status*

1648 Van der Linde "National Environmental Management Act 107 van 1998 (NEMA)" 195; Glazewski "Wild Animals, Forests and Plants" par 14.1.2; Oosthuizen, Van der Linde en Basson "National Environmental Management Act 107 van 1998 (NEMA)" 125; Du Plessis 1995 *South African Journal of Environmental Law and Policy* 23-36. Sien ook Van der Linde (red) *Compendium of South African Environmental Legislation* 20-30 vir 'n lys van verwante wetgewing wat steeds met die bestuur van die omgewing verband hou.

1649 Craigie, Snijman en Fourie "Environmental Compliance and Enforcement Institutions" 70.

1650 Sien in die algemeen die *Wet op Omgewingsbewaring* 73 van 1989.

1651 *Environmental Conservation Act* 73 van 1989.

1652 Vir 'n omvattende bespreking aangaande die *Wet op Omgewingsbewaring* 73 van 1989, sien Barnard *Environmental Law for All: A Practical Guide for the Business Community, the Planning Professions, Environmentalists, and Lawyers* 201; Rabie "Environmental Conservation Act" 99-119. Die *National Environmental Management Act* 107 van 1998 het die *Wet op Omgewingsbewaring* 73 van 1989 byna in geheel herroep.

1653 Rumsey "Terrestrial Wild Animals" 394.

1654 Artikel 24 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika,* 1996 lui soos volg: "Elkeen het die reg – (a) op 'n omgewing wat nie skadelik vir hul gesondheid of welsyn is nie; en (b) op die beskerming van die omgewing, ter wille van huidige en toekomstige geslagte, deur redelike wetgewende en ander maatreëls wat (i) besoedeling en ekologiese agteruitgang voorkom; (ii) bewaring bevorder; en (iii) die ekologies volhoubare ontwikkeling en aanwending van natuurlike hulpbronne verseker terwyl dit regverdigbare ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling bevorder."

1655 Artikel 24(b) van die *Grondwet.* Sien Kidd *Environmental Law* 22-23, Paterson "Biodiversity" 726-727.

1656 Sien die konstitusionele hof se interpretasie in *Government of the Republic of South Africa v Grootboom* 2001 (1) SA 46 (KH) par 42, rakende die regering se plig om "redelike wetgewende en

quo, soos oorgedra van die vorige regime*,* klassifiseer die *Grondwet* die omgewing en natuurbewaring[1657] as funksionele gebiede van konkurrente verantwoordelikheid van beide die nasionale en provinsiale regering.[1658] Konkurrente verantwoordelikhede tussen die twee regeringsfere kan egter oor die potensiaal beskik om fragmentasie, oorvleueling, duplisering en konflik te veroorsaak[1659] en daarom maak die *Grondwet* vir statutêre maatreëls in die vorm van beginsels vir samewerkende regering en interregeringsbetrekkinge voorsiening.[1660]

Die grondwetlike erkenning van 'n omgewingsreg, het as 'n katalisator vir die ontwikkeling van nuwe holistiese omgewingswetgewing en -beleid in Suid-Afrika gedien.[1661] Volgens Algotsson[1662] het die ontwikkelingsgang van belanghebbendes se begrip van biodiversiteit en natuurbewaring 'n evolusionêre paradigmaskuif ondergaan. Hierdie paradigmaskuif is in die nuwe holistiese omgewingswetgewing en -beleid van Suid-Afrika sigbaar.[1663] Suid-Afrikaanse wetgewing is in die proses met internasionale verwagting en beste praktyk belyn deur die vervulling van menseregte, internasionale omgewingsregbeginsels, volhoubare ontwikkeling, samewerkende regering, goeie bestuur, omgewingsimpakstudies en die opname van publieke

---

ander maatreëls" in te stel, waar die hof bepaal dat "[t]he state is required to take reasonable legislative and other measures. Legislative measures by themselves are not likely to constitute constitutional compliance. Mere legislation is not enough. The state is obliged to act to achieve the intended result, and the legislative measures will invariably have to be supported by appropriate, well-directed policies and programmes implemented by the executive. These policies and programmes must be reasonable both in their conception and their implementation. The formulation of a programme is only the first stage in meeting the state's obligations. The programme must also be reasonably implemented. An otherwise reasonable programme that is not implemented reasonably will not constitute compliance with the state's obligations."

1657 Met die uitsondering van nasionale parke, nasionale botaniese tuine en mariene bronne."

1658 Bylaag 4 van die *Grondwet.* Beide die nasionale en provinsiale regeringsdepartemente beskik oor die bevoegdheid om wette betreffende die bestuur van die omgewing en natuurbewaring uit te vaardig. Met betrekking tot wetsteenstrydighede tussen nasionale en provinsiale wetgewing, bepaal a 146(2) van die *Grondwet* dat nasionale wetgewing wat eenvormig met betrekking tot Suid-Afrika as geheel geld, voorrang bo provinsiale wetgewing geniet.

1659 Craigie, Snijman en Fourie "Environmental Compliance and Enforcement Institutions" 68. Vergelyk ook Bosman, Kotzé en Du Plessis 2004 *South African Public Law* 411-421 wat die fragmentasie ten aansien van waterregulering bespreek asook Kotzé ea 2007 *South African Journal of Environmental Law and Policy* 53-82 wat bespreek hoe die integrasie van regeringsoptrede kan geskied.

1660 Verwys na a 41 van die *Grondwet*. Sien Kotzé "Environmental Governance" 121-122; Müller "Environmental Governance in South Africa" 83-84.

1661 AK 749 in SK 18894 van 15 Mei 1998 (*White Paper on Environmental Management Policy for South Africa*, 1997).

1662 Algotsson "Biological Diversity" 98.

1663 Algotsson "Biological Diversity" 98.

deelname in omgewingswetgewing.[1664] Blykens dié paradigmaskuif, is die verwagting aanvanklik geskep dat gemeenskappe tot 'n meerdere mate bemagtig sou word om aktief in samewerking met die regering aan biodiversiteitsbestuur en natuurbewaring deel te neem.[1665] Soos gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring het gemeenskapsgebaseerde biodiversiteitsbestuursinisiatiewe egter nooit in Suid-Afrika tot dieselfde mate as in Namibië, Botswana en Zimbabwe ontwikkel nie.[1666] Die voorgenoemde is deels te wyte aan die bestaan van prominente biodiversiteitsbestuur- en natuurbewaringstrukture wat in die vorige regime ontwikkel en geïmplementeer is, maar ook weens die benaderings van die Suid-Afrika se vorige politieke bestel.[1667] Die ideologie van regeringgesentreerde biodiversiteitsbestuur (saam met dié van segregasie) het veroorsaak dat talle mense destyds in Suid-Afrika onder dwang van grond verwyder is wat vir natuurbewaring, bosbou en landbou geoormerk was.[1668] Van die bekendste vroeë voorbeelde hiervan sluit die verwydering en hervestiging van die Makuleke en Dwesa-Cwebe gemeenskappe in.[1669]

1664 Sien die aanhef en a 2 van die NEMA.

1665 Dressler ea 2010 *Environmental Conservation* 9.

1666 Dressler ea 2010 *Environmental Conservation* 9; Glazewski en Paterson "Protected Areas and Community-Based Conservation" 332-333. Zimbabwe, Namibië en Botswana pas reeds vir 'n geruime tyd gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring (of soortgelyke inisiatiewe) toe. Zimbabwe is bekend vir die *Communal Areas Management Programme for Indigenous Resources* (CAMPFIRE) wat in 1986 tot stand gekom het. Botswana het in 1992 'n gemeenskapsgebaseerde natuurlikehulpbronbestuurprogram gestig waarvolgens gemeenskappe langtermynhuurkontrakte (vir 15 jaar) met die distriksgrondrade kon aangaan vir die gebruik en bewaring van 'n toegewysde gebied. Namibië het reeds in 1968 'n vorm van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring begin toepas en teen 2015 reeds oor 83 aktiewe gemeenskapsgebaseerde natuurbewaringsprogramme beskik. Sien verder in hierdie verband Murphree "Congruent Objectives, Competing Interests, and Strategic Compromise: Concept and Process in the Evolution of Zimbabwe's CAMPFIRE, 1984-1996" 117, 133-135; Mukamuri "Rural Institutions: Challenges and Prospects for their Active Participation in Natural Resources Governance in Zimbabwe" 73; Jones en Murphree "The Evolution of Policy on Community Conservation in Namibia and Zimbabwe" 41-42; Namibian Association of CBNRM Support Organisations *The State of Community Conservation in Namibia: A Review of Communal Conservancies, Community Forests and Other CBNRM Initiatives 2015 Annual Report* 23.

1667 Dressler ea 2010 *Environmental Conservation* 9; Glazewski en Paterson "Protected Areas and Community-Based Conservation" 332-333.

1668 Platzky en Walker *The Surplus People: Forced Removals in South Africa* 11; Fabricius "The Fundamentals of Community-Based Natural Resource Management" 9. Terselfdertyd, gedurende die apartheidsera in Suid-Afrika, is sommige gemeenskappe ook met dwang van grond verwyder om die land geografies volgens etnisiteit te verdeel.

1669 Sien in die algemeen Fabricius en de Wet "The Influence of Forced Removals and Land Restitution on Conservation in South Africa" 142-157; Reid 2001 *Human Ecology* 135-155; Platzky en Walker *The Surplus People: Forced Removals in South Africa*; Reid en Turner "The Richtersveld and Makuleke Contractual Parks in South Africa: Win-win for Communities and Conservation?" 223-

'n Nuwe (en steeds geldende) omgewingsraamwerkwet, die NEMA, is uitgevaardig om aan artikel 24(b) van die *Grondwet* uiting te gee[1670] en dien as algemene raamwerk waarbinne alle omgewingsbestuur en implementeringsplanne geformuleer, geïnterpreteer, geadministreer en geïmplementeer moet word.[1671] Vir dié doel is die omgewing in 'n openbare trust ten bate van bestaande sowel as toekomstige geslagte geplaas met die staat as trustee.[1672] Volgens die openbare trust leerstelling moet die staat proaktief optree om dié gemeenskaplike erfenis van die mense in Suid-Afrika te bestuur, bewaar en onderhou deur redelike wetgewende en ander maatreëls te ontwikkel en te implementeer.[1673] In gevalle waar biodiversiteitsverliese nie totaal vermy kan word nie, word daar van die regering verwag om op so 'n manier op te tree en stappe te doen om die impak te minimaliseer en te remedieer.[1674]

Verder is 'n aantal spesifieke omgewingsbestuurswette mettertyd uitgevaardig wat op die bestuur van spesifieke komponente van die omgewing fokus.[1675] Met verwysing na biodiversiteitsbestuur en natuurbewaring, is die NEMBA[1676] en die NEMPAA[1677] van

---

234; Paterson en Mkhulisi 2014 *South African Law Journal* 365-407; *Alexkor Ltd and Another v Richtersveld Community and Others* 2004 (5) SA 460 (KH); Du Plessis en Pienaar 2010 *Fundamina* 73-114; Du Plessis, Olivier en Pienaar 2003 *Suid-Afrikaanse Publiekreg* 491-514.

1670 AK 749 in SK 18894 van 15 Mei 1998 (*White Paper on Environmental Management Policy for South Africa*, 1997). Sien ook Oosthuizen, Van der Linde en Basson "National Environmental Management Act 107 van 1998 (NEMA)" 128.

1671 Artikel 2(1)(b)-(e) van die NEMA.

1672 Artikel 2(4)(o) van die NEMA; a 3 van die NEMBA.

1673 Vir diepgaande definisies en ontledings van die openbare trust leerstelling sien Van der Schyff 2010 *Potchefstroomse Elektroniese Regsblad* 122-159; Van der Schyff 2013 *South African Law Journal* 369-389; Blackmore 2017 *Bothalia* 1-9; Blackmore 2018 *Bothalia* 1-8; Blackmore 2018 *South African Law Journal* 631-641; Freedman "Conservation, Sustainable Use of Natural Resources and the Notion of Public Trusteeship" 273-290.

1674 Artikel 4(a)(i) van die NEMA.

1675 Volgens a 1 van die NEMA sluit spesifieke omgewingsbestuurswette tans in: die ECA; *National Water Act* 36 van 1998; die *National Environmental Management: Protected Areas Act* 57 van 2003; die *National Environmental Management: Biodiversity Act* 10 van 2004; die *National Environmental Management: Air Quality Act* 39 van 2004; die *National Environmental Management: Integrated Coastal Management Act* 24 van 2008; die *National Environmental Management: Waste Act* 59 van 2008; die *World Heritage Convention Act* 49 van 1999 (insluitende enige verbandhoudende regulasies of ondergeskikte wetgewing wat in terme van dié wette uitgevaardig is).

1676 Die doel van die NEMBA is om binne die raamwerk van die NEMA vir die bestuur en bewaring van biodiversiteit, insluitende ekostelsels en alle wildspesies, in Suid-Afrika voorsiening te maak. Sien a 2(a)(i) en a 2(a)(iA) van die NEMBA.

1677 Die doel van die NEMPAA is om binne die raamwerk van die NEMA voorsiening te maak vir die proklamasie en bestuur van verskillende soorte bewaringsgebiede binne Suid-Afrika om biodiversiteit te bewaar. Sien a 2 van die NEMPAA. Die NEMPAA het die *Wet op Nasionale Parke* 57 van 1976 herroep, sien a 90 en Skedule 1 van die NEMPAA.

spesifieke belang. Die promulgasie van die NEMBA het 'n meer omvattende nasionale regsraamwerk vir biodiversiteitsbestuur daargestel,[1678] terwyl die NEMPAA die hervorming van 'n nasionale stelsel van nasionale parke bewerkstellig het.[1679] Die NEMPAA moet in alle gevalle in ooreenstemming met die bepalings van die NEMBA gelees, geïnterpreteer en toegepas word.[1680]

Die regering het boonop in die afgelope twee dekades internasionale[1681] en streeksverbintenisse[1682] gesmee en 'n diverse reeks nasionale beleidsdokumente,[1683]

1678 Paterson "Biodiversity, Genetic Modification and the Law" par 13.5.1.

1679 Paterson "Protected Areas" par 12.7.1.1; Paterson 2007 *Suid-Afrikaanse Publiekreg* 7-8.

1680 Artikel 6 van die NEMPAA.

1681 Bv. Suid-Afrika het die *Convention on Biological Diversity* (1992) en beide verbandhoudende protokolle deur middel van die *National Environmental Management: Biodiversity Act* en die *National Environmental Management: Protected Areas Act* geratifiseer. Die protokolle het die *Cartagena Protocol on Biosafety* (2000) en die *Nagoya Protocol on Access to Genetic Resources and the Fair and Equitable Sharing of Benefits Arising from their Utilisation to the Convention on Biological Diversity* (2014). Meer onlangs is 'n nasionale strategie en aksieplan gepubliseer wat direk met Suid-Afrika se verbintenis tot die nastreef van die *Convention on Biological Diversity* (1992) se doelwitte verband hou. Sien in die algemeen die Departement van Omgewingsake *South Africa's National Biodiversity Strategy and Action Plan 2015-2025*. Die *Convention on Biological Diversity* (1992) het ten doel om biodiversiteit te bewaar, volhoubare verbruik van natuurlike hulpbronne te bevorder en die regverdige verdeling van voordele wat vanuit die verbruik van natuurlike hulpbronne spruit, aan te moedig. Sien a 1 van die *Convention on Biological Diversity* (1992). Suid-Afrika het die *Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora* (1973) in 1975 geratifiseer. Die *Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations* is geratifiseer om voorsiening te maak vir die nasionale implementering van die voorgenoemde verdrag se bepalings. Sien GK R173 in SK 33002 van 5 Maart 2010.

1682 Suid-Afrika is 'n ondertekende lidland van die *African Convention on the Conservation of Nature and Natural Resources* (2003), die *Lusaka Agreement on Co-operative Enforcement Operations Directed at Illegal Trade in Wild Fauna and Flora* (1994); sowel as die *Treaty of the Southern African Development Community* (1992) en die *SADC Protocol on Wildlife Conservation and Law Enforcement* (1999). Suid-Afrika ondersteun ook ander SADC-inisiatiewe wat deel uitmaak van die regionale raamwerk wat oor die gesamentlike bestuur en beskerming van biodiversiteit in dié streek handel, onder andere die *Southern African Development Community Regional Biodiversity Strategy* (2006), die *Southern African Regional Biodiversity Action Plan* (2013), en die *Southern African Development Community Law Enforcement and Anti-Poaching Strategy 2016-2021* (2015). Hoewel Suid-Afrika 'n ondertekende lidland en vooraanstaande ondersteuner van die AU en die SADC is, is daar tot op hede geen nasionale wetgewing ontwikkel om die bogenoemde regsinstrumente nasionaal van krag te maak nie. Sien Lubbe "Southern African Development Community Environmental Law" 140-111, 120-123; Van der Linde "Regional Environmental Law under the Auspices of the African Union (AU)" 189-192; Ruppel "International Environmental Law: The Regional Dimension" 2B.1.3, 2B.1.10.2; Glazewski *Environmental Law in South Africa* 57-58.

1683 Paterson "Biological Diversity" 544 lig die belang van beleidsdokumente uit, deur te stel dat: "[c]umulatively, the policies guide the formulation of legislative reform and the implementation of the legal framework. They are accordingly of key relevance to all authorities tasked with implementing the legislative framework and those persons subject to it." Die beleidsdokumente sluit bv. in: AK 1095 in SK 18163 van 28 Julie 1997 (*White Paper on the Conservation and Sustainable use of South Africa's Biological Diversity*); Driver ea *National Spatial Biodiversity Assessment 2004: Priorities for Biodiversity Conservation in South Africa*; Departement van

regulasies,[1684] norme en standaarde,[1685] bestuursplanne,[1686] en nuwe provinsiale wetgewing[1687] uitgevaardig wat direk met biodiversiteit en natuurbewaring verband hou.[1688]

Omgewingsake *National Biodiversity Strategy and Action Plan: 2005*; Driver ea *National Biodiversity Assessment 2011: An assessment of South Africa's Biodiversity and Ecosystems*; Departement van Omgewingsake *South Africa's National Biodiversity Strategy and Action Plan 2015-2025*; Departement van Omgewingsake *National Biodiversity Economy Strategy*; Departement van Omgewingsake *National Protected Area Expansion Strategy for South Africa 2008*; Departement van Omgewingsake *National Protected Area Expansion Strategy for South Africa 2016*; AK 106 in SK 35020 van 8 Februarie 2012 (*Biodiversity Policy and Strategy For South Africa: Strategy on Buffer Zones for National Parks*); Departement van Omgewingsake ea *National Co-Management Framework*; South African National Biodiversity Institute *National Biodiversity Assessment 2018: The status of South Africa's Ecosystems and Biodiversity*.

1684 Bv. GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*); GK R173 in SK 33002 van 5 Maart 2010 (*Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations*); GK R151 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Lists of Critically Endangered, Endangered, Vulnerable and Protected Species*).

1685 Bv. GK R214 in SK 31968 van 2 Maart 2009 (*Norms and Standards for Biodiversity Management Plans for Species*); GK R83 in SK 37302 van 7 Februarie 2014 (*Norms and Standards for Biodiversity Management Plans for Ecosystems*); GK R304 in SK 35248 van 10 April 2012 gewysig deur GK R961 in SK 41913 van 21 September 2018 (*Norms and Standards for the Marking Rhinoceros Horn and Hunting of White Rhinoceros for Trophy Hunting Purposes*); GK R456 in SK 34326 van 27 Mei 2011 (*Norms and Standards for Hunting Methods in South Africa*); GK R251 in SK 30833 van 29 Februarie 2008 (*National Norms and Standards for the Management of Elephants in South Africa*); AK 749 in SK 40412 van 10 November 2016 (*Draft Norms and Standards for the Management of Damage-Causing Animals in South Africa*); AK 75 in SK 40601 van 8 Februarie 2017 (*Draft Norms and Standards for the Management and Monitoring of the Hunting of Leopard in South Africa for Trophy Hunting Purposes*); AK 72 in SK 27214 van 28 Januarie 2005 (*Draft Norms and Standards and Regulations for the Sustainable Use of Large Predators*); AK 44 in SK 38395 van 15 Januarie 2015 (*Norms and Standards for the Translocation of Indigenous Species in South Africa*); AK 382 in SK 39878 van 31 Maart 2016 (*Norms and Standards for the Management of Protected Areas in South Africa*).

1686 Bv. GK R214 in SK 31968 van 2 Maart 2009 (*Norms and Standards for Biodiversity Management Plans for Species*); AK 1190 in SK 39468 van 2 Desember 2015 (*Biodiversity Management Plan for the African Lion (Panthera Leo)*); AK 19 in SK 41393 van 23 Januarie 2018 (*Non-detriment Finding Assessment of Panthera Leo (African Lion)*); GK R49 in SK 36096 van 25 Januarie 2013 (*Biodiversity Management Plan for the Black Rhinoceros (Diceros Bicornis) in South Africa 2011-2020*); GK R824 in SK 36966 van 31 Oktober 2013 (*African Penguin Biodiversity Management Plan*); GK R350 in SK 37620 van 8 Mei 2014 (*Biodiversity Management Plan for the Bearded Vulture (Gypaetus Barbatus Meridionalis) for Southern Africa*); AK 1191 in SK 39469 van 2 Desember 2015 (*Biodiversity Management Plan for White Rhinoceros (Ceratotherium Simum)*); GK R214 in SK 41498 van 16 Maart 2018 (*Biodiversity Management Plan for the Cape Mountain Zebra (Equus Zebra Zebra) in South Africa*).

1687 *Provincial Parks Board Act (Eastern Cape)* 12 van 2003; *Eastern Cape Parks and Tourism Agency Act* 2 van 2010; *KwaZulu-Natal Nature Conservation Management Act* 9 van 1997; *KwaZulu Natal Nature Conservation Act* 29 van 1992; *Limpopo Environmental Management Act* 7 van 2003; *Limpopo Tourism and Parks Board Act* 8 van 2001; *Mpumalanga Nature Conservation Act* 10 van 1998; *Mpumalanga Tourism and Parks Agency Act* 5 van 2005; *Northern Cape Nature Conservation Act* 9 van 2009; *Western Cape Biosphere Reserve Act* 6 van 2011; *North West Biodiversity Management Act* 4 van 2016.

1688 Paterson "Biological Diversity" 544.

Weens die blywende nalatenskap wat die vorige regime daargestel het, word natuurbewaring in Suid-Afrika oorwegend steeds ingevolge provinsiale wetgewing gereguleer.[1689] Die vier pre-1994provinsies is deur middel van provinsiale herstrukturering tot nege provinsies uitgebrei, maar die bestaande provinsiale ordonnansies het in plek gebly en nuwe wetgewing is met verloop van tyd bygevoeg.[1690] Binne die provinsiale wetgewende konteks, verwys "natuurbewaring" tradisioneel na die bewaring van inheemse wildspesies, plante en varswater visse.[1691] Vir die doeleindes van hierdie proefskrif, word daar slegs aandag geskenk aan die gedeeltes betreffende die bewaring van inheemse wildspesies.[1692] 'n Komplekse klassifikasiestelsel wat wisselende vlakke van regulasie en beskerming aan verskillende klasse van wildspesies bied is in elke provinsie ontwikkel.[1693] Die algemene benadering in provinsiale wetgewing is om 'n onderskeid te tref tussen die bewaring van wildspesies wat binne provinsiale natuurreservate voorkom en dié wat buite hierdie reservate voorkom.[1694]

Verbandhoudende aspekte, soos eiendomsreg van wilde diere, die voorkoming van dieremishandeling, die vertoning en afrigting van gedresseerde diere en die gebruik van diere vir beveiliging, word onderskeidelik deur die gemenereg,[1695] die *Wet op*

1689 Vir die doeleindes van hierdie proefskrif, word daar na provinsiale wette, ordonnansies, dekrete en beleide gesamentlik as provinsiale wetgewing verwys. Kidd *Environmental Management* par 520.

1690 Rumsey "Terrestrial Wild Animals" 420.

1691 Bothma en Glavovic "Wild Animals" 261.

1692 Sien ook 2.2 van die proefskrif.

1693 Sien in die algemeen die uiteensetting in Kidd *Environmental Management* par 521-532. Sien 4.3 van die proefskrif.

1694 Glazewski "Wild Animals, Forests and Plants" par 14.5.2.1; Kidd *Environmental Management* par 521.

1695 Sien Rumsey "Terrestrial Wild Animals" 403, Van der Merwe en Rabie 1974 *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* 38-48; Van der Walt en Pienaar *Introduction to the Law of Property* 100. Sien 4.6.7 van die proefskrif.

Wilddiefstal 105 van 1991,[1696] die *Dierebeskermingswet* 71 van 1962[1697] en die *Beskerming van Gedresseerde Diere Wet* 24 van 1935[1698] gereguleer.[1699]

Verskeie nasionale en provinsiale regeringsinstellings is vir die nakoming en afdwinging van die bepalings van die voorgenoemde regsraamwerk verantwoordelik. Die hoof nasionale regeringsinstelling wat vir biodiversiteitsbestuur verantwoordelik is, is die Departement van Omgewingsake, ondersteun deur die insette van verskeie ander nasionale regeringsdepartemente, die wetenskaplike kundigheid van die Suid-Afrikaanse Nasionale Biodiversiteitsinstituut (ook bekend as SANBI)[1700] en die ter plaatse teenwoordigheid van die omgewingsbestuursinspekteurs[1701] (ook bekend as *Environmental Management Inspectors* of in die volksmond die Groen Skerpioene).[1702] Verder is sterk verbintenisse tussen die Departement van Omgewingsake en Suid-

---

1696 Die *Wet op Wilddiefstal* 105 van 1991 bied 'n oplossing vir die gebreke van die gemeneregsposisie betreffende eiendomsreg van wilde diere. Dié wet vervang in sekere gevalle die bepalings van die gemenereg. Sien 4.6.7 van die proefskrif. Sien ook die bespreking in Rumsey "Terrestrial Wild Animals" 403-404.

1697 Die *Dierebeskermingswet* 71 van 1962 bevat wetsbepalings betreffende die voorkoming van dieremishandeling. A 1 van dié wet definieer "dier" as "'n lid van die perdefamilie, bees, skaap, bok, vark, hoender, volstruis, hond, kat of ander huisdier of voël of 'n wilde dier, wilde voël of reptiel wat in gevangenskap verkeer of onder die beheer van iemand is." Die wet identifiseer 'n lys van moontlike misdrywe ten opsigte van dié diere wat met 'n boete of gevangenisstraf van hoogstens twaalf maande strafbaar is. Sien a 2 van dié *Dierebeskermingswet* 71 van 1962.

1698 Artikel 3F van die *Beskerming van Gedresseerde Diere Wet* 24 van 1935 maak voorsiening vir die aansoekproses om 'n lisensie te bekom om (a) om 'n dier te vertoon; (b) 'n dier afrig om vertoon te word; of (c) 'n dier vir beveiliging gebruik.

1699 Vir 'n volledige evaluasie van Suid-Afrikaanse wetgewing wat met dierebeskerming en -welsyn verband hou, sien World Animal Protection *Animal Protection Index (API) 2020 Republic of South Africa: Ranking E* 1-33. Die *World Animal Protection*-organisasie evalueer en gradeer 50 lande regoor die wêreld volgens die kwaliteit van hul wetgewing aangaande dierebeskerming en -welsyn. Die resultate van dié evaluasie word in die *Animal Protection Index* opgeneem. Die eerste *Animal Protection Index* is in 2014 gepubliseer, gevolg deur die tweede verslag in 2020. Suid-Afrika se wetgewing het nie na wense in die mees onlangse evaluasie presteer nie en is op 'n E-vlak gegradeer. Sien ook in hierdie verband die volledige verslag Endangered Wildlife Trust, The Lewis Foundation en Centre for Environmental Rights *Fair Game? Improving the Well-being of South African Wildlife: Review of the Legal and Practical Regulation of the Welfare of Wild Animals in South Africa* betreffende hierdie aangeleenthede. Sien ook in die algemeen die bydrae van Wilson 2019 *Forum of Animal Law Studies* 35-58.

1700 Sien a 11 van die NEMBA vir die verantwoordelikhede van SANBI.

1701 Sien a 31G van die NEMA vir die verantwoordelikhede van die omgewingsbestuursinspekteurs. Die uitvoering van die omgewingsbestuursinspekteurs se verantwoordelikhede word jaarliks deur die Departement van Omgewingsake geëvalueer. Verwys in hierdie verband na die mees onlangse verslag: Departement van Omgewingsake *National Environmental Compliance and Enforcement Report 2018-19*.

1702 Müller "Environmental Governance in South Africa" 81; Craigie, Snijman en Fourie "Environmental Compliance and Enforcement Institutions" 71-72.

Afrikaanse Nasionale Parke (SANParke),[1703] die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD),[1704] die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW), die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG), die Nasionale Intelligensie Eenheid en die *Gauteng Special Investigations Unit* (gestasioneer by die OR Tambo Internasionale Lughawe) gesmee.[1705] Ses van die nege provinsies het toegewyde natuurbewaringsagentskappe, naamlik *CapeNature* (Wes-Kaap),[1706] *Ezemvelo KZN Wildlife* (KwaZulu-Natal),[1707] *Mpumalanga Tourism and Parks Agency* (Mpumalanga),[1708] *Limpopo Tourism and Parks Board* (Limpopo),[1709] *North West Parks and Tourism Board* (Noordwes)[1710] en *Eastern Cape Parks Board* (Oos-Kaap)[1711] op die been gebring wat vir die bestuur van provinsiale natuurreservate verantwoordelik is.[1712] Die bestuur van provinsiale natuurreservate word in die oorblywende drie provinsies (Gauteng,[1713] Vrystaat[1714] en die Noord-Kaap[1715]) deur die regeringsamptenare van die betrokke provinsiale omgewingsdepartemente behartig.[1716] Enige ander aangeleenthede verbandhoudend tot biodiversiteitsbestuur, natuurbewaring en die uitreiking van permitte en sertifikate word deur die aangewese provinsiale regeringsdepartemente geadministreer.[1717]Volgens Paterson[1718] is

---

1703 Artikel 55 van die NEMPAA bevat die verantwoordelikhede van SANParke.

1704 Sien a 31O van die NEMA. Verwys na die *Draft National Integrated Strategy to Combat Wildlife Trafficking* (2017) wat die belangrikheid en verantwoordelikhede van die SAPD in die bekamping van wildmisdaad uiteensit.

1705 Craigie, Snijman en Fourie "Environmental Compliance and Enforcement Institutions" 72.

1706 Sien in die algemeen die *Western Cape Nature Conservation Board Act* 15 van 1998.

1707 Voorheen bekend as die *Natal Parks Board*. Verwys na Glazewski "Wild Animals, Forests and Plants" par 14.6.4.

1708 Sien in die algemeen die *Mpumalanga Tourism and Parks Agency Act* 5 van 2005.

1709 Sien in die algemeen die *Limpopo Tourism and Parks Board Act* 8 van 2001.

1710 Sien in die algemeen die *North West Parks and Tourism Board Act* 3 van 1997.

1711 Sien in die algemeen die *Provincial Parks Board Act (Eastern Cape)* 12 van 2003.

1712 Craigie, Snijman en Fourie "Environmental Compliance and Enforcement Institutions" 70-71.

1713 *Gauteng Department of Agriculture and Rural Development.*

1714 *Free State Department of Small Business Development, Tourism and Environmental Affairs.*

1715 *Northern Cape Department of Environment and Nature Conservation*.

1716 Craigie, Snijman en Fourie "Environmental Compliance and Enforcement Institutions" 71.

1717 Paterson "Biological Diversity" 546-547. Dié provinsiale regeringsdepartemente is die *Eastern Cape Department of Economic Development, Environmental Affairs and Tourism*; *Department of Small Business Development, Tourism and Environmental Affairs*; *Gauteng Department of Agriculture and Rural Development*; *KwaZulu-Natal Department of Economic Development, Tourism and Environmental Affairs*; *Limpopo Department of Economic Development, Environment and Tourism*; *Mpumalanga Department of Economic Development, Environment and Tourism*; *North West Department of Rural, Environmental and Agricultural Development*; *Northern Cape Department of Environment and Nature Conservation*; en *Western Cape Department of Environmental Affairs end Development Planning*.

1718 Paterson "Biodiversity" 731.

munisipaliteite se verantwoordelikhede met verwysing na die nakoming en afdwinging van biodiversiteitsbestuur en natuurbewaring op die oog af meer sporadies van aard weens die beperkte mandaat wat die *Grondwet* daaraan toeken. Munisipaliteite se grondwetlike mandaat is tot die administrasie en bestuur van munisipale parke en strande beperk.[1719] Paterson[1720] stel voorts dat munisipaliteite se mandaat in werklikheid veel wyer strek.[1721] In sommige gevalle is munisipaliteite verantwoordelik vir die bestuur van plaaslike natuurreservate en groot areas van kommunale grond.[1722] Vir dié doel is 'n aantal munisipale verordeninge uitgevaardig.[1723]

Derhalwe bestaan daar tans 'n diverse kombinasie van gemenereg, nasionale en provinsiale wetgewing en beleid wat tot biodiversiteitsbestuur, of meer spesifiek die bewaring van wildspesies, in Suid-Afrika spreek.[1724] Die bekamping van wildmisdaad is in hierdie breë raamwerk van omgewingswetgewing en -beleid opgeneem.

1719 Bylae 5 (deel B) van die *Grondwet.*

1720 Paterson "Biodiversity" 731.

1721 Sien ook GK R813 in SK 32474 van 3 Augustus 2009 (*National Biodiversity Framework*, 2009) waar munisipaliteite beskryf word as 'n "[organ] of state whose core business is not biodiversity conservation, but whose policies, programmes and decisions impact directly and substantially on how South Africa's biodiversity is managed" en verder dat "[t]hese organs of state play a key role in managing natural resources, and are required to take biodiversity into account in terms of the Constitution and NEMA." Die beginsels wat in a 2 van die NEMA opgeneem is, bind alle staatsorgane, insluitende munisipaliteite. Daar word ook van munisipaliteite in terme van a 48(2) van die NEMBA verwag om die bepalings van die nasionale biodiversiteitsraamwerk in berekening te bring ten tyde van *Integrated Development Plans* se samestelling (sien aa 25, 36 van die *Local Government: Municipal Systems Act*). In *Le Sueur and Another v Ethekwini Municipality and Others* (9714/11) [2013] ZAKZPHC 6 par 39 neem die hof dié voorgenoemde direktief verder deur te stel dat "[m]unicipalities have traditionally been involved in regulating environmental matters at the local level and that their functions at this level has been recognized by the drafters of the Constitution. Hence, although environmental matters stood as the apparently exclusive area for National and Provincial governance at those levels, it is clear that the authority of the Municipalities at Local Government level to manage the environment at that level has always been and is still recognized. It is inconceivable that the drafters of the Constitution intended by the manner in which the constitution was framed to exclude Municipalities altogether from legislating in respect of environmental matters at the local level. In any event, it is clear that national and provincial legislation in respect of environmental issues recognizes the part to be played by Municipalities at the Local Government level in managing and controlling the environment."

1722 Paterson "Biodiversity" 731.

1723 Paterson "Biodiversity" 731; Craigie, Snijman en Fourie "Environmental Compliance and Enforcement Institutions" 68.

1724 Kidd *Environmental Law* 98, 100-102; Paterson "Biodiversity, Genetic Modification and the Law" par 13.4.1; Nel en Alberts "Environmental Management and Environmental Law in South Africa: An Introduction" 38-39; Nel en du Plessis 2004 *Suid-Afrikaanse Publiekreg* 181-190; Bothma en Glavovic "Wild Animals" 251; Glazewski "Wild Animals, Forests and Plants" par 14.1.2.

In die volgende afdeling word die konseptuele definisie van die begrip "wildmisdaad" binne die Suid-Afrikaanse konteks vasgestel.

4.3 'n Konseptuele definisie van die begrip "wildmisdaad" binne die Suid-Afrikaanse konteks

Hoewel Suid-Afrika se biodiversiteit deurlopend deur die aanslae van wildmisdaad bedreig word,[1725] bestaan daar, sover vasgestel kon word, nie 'n ooreengekome definisie vir "wildmisdaad" binne die Suid-Afrikaanse konteks nie.[1726]

In hoofstuk 2 van die proefskrif is die volgende voorgestelde definisie vir "wildmisdaad" geformuleer:[1727]

> Wildmisdaad is
> (a) 'n area van omgewingsmisdaad;
> (b) wat omgewingskade veroorsaak; en
> (c) uit verskillende vlakke van handelinge en verwante ernstige misdade bestaan;
> (d) wat deur internasionale verdrae en nasionale wetgewing gereguleer word of onregmatig verklaar word; en wat
> (e) vanweë verskeie dryffaktore ontstaan; en
> (f) uiteenlopende negatiewe gevolge inhou.

Vanweë die tekort aan 'n ooreengekome definisie van "wildmisdaad" binne die Suid-Afrikaanse perspektief, word 'n breër konseptuele ontleding vereis om die konsep van "wildmisdaad" binne die Suid-Afrikaanse konteks vas te stel. Suid-Afrikaanse wetgewing, beleid en omgewingsverslae bevat wel verbandhoudende definisies en konsepte wat hierdie konseptuele ontleding kan help vorm. Hierna word hierdie verbandhoudende definisies en konsepte vlugtig aan die hand van die voorgestelde definisie, soos in 2.2 van die proefskrif geformuleer, ontleed. Om struktuur aan die

---

[1725] Sien 1.1.4 en 4.2 van die proefskrif.
[1726] Sien 2.2 van die proefskrif. Daar bestaan ook tans nie 'n klinkklare definisie vir "wildmisdaad" in internasionale kringe nie.
[1727] Sien 2.8 van die proefskrif.

bespreking te bied, bevat die opkomende afdelings 'n dekonstruksie van die voorgestelde definisie.

Wildmisdaad is (a) 'n area van omgewingsmisdaad

'n Eng definisie van "omgewingsmisdaad" word in die *National Environmental Compliance and Enforcement Report 2018-19* vervat.[1728] "Omgewingsmisdaad" word in die verslag gedefinieer as die oortreding van die gemenereg of 'n wetgewende bepaling verbandhoudend tot enige omgewingsaangeleentheid wat strafregtelike vervolging tot gevolg het.[1729] Twee aspekte kom hier na vore: eerstens die oortreding van wetgewing met betrekking tot enige omgewingsaangeleentheid en tweedens die strafregtelike vervolging van die oortreder.

Wat die eerste aspek betref, is daar in hoofstuk 2 bevind dat omgewingsmisdaad uit vyf kern omgewingsmisdaad-areas bestaan.[1730] Die voorgestelde definisie maak nie van enige omgewingsmisdaad-areas melding nie,[1731] maar in Suid-Afrika word omgewingsaangeleenthede tussen spesifieke omgewingsbestuurswette verdeel, wat op verskillende komponente van die omgewing, onder andere biodiversiteitsbestuur, fokus.[1732] Dié spesifieke omgewingsbestuurswette bevat bepalings wat onregmatige handelinge identifiseer en uiteensit en dienooreenkomstig die moontlike strafregtelike sanksies vir oortredings oplê.[1733] Hierdie sienswyse kan toegedaan wees aan die feit dat die spesifieke omgewingsbestuurswette potensiële omgewingsmisdaad-areas binne die Suid-Afrikaanse konteks kan verteenwoordig. Die oorgrote meerderheid van bepalings aangaande die bekamping van wildmisdaad (as 'n kernarea van omgewingsmisdaad) sal byvoorbeeld in die area van biodiversiteitsbestuur en natuurbewaring, of meer spesifiek die spesifieke omgewingsbestuurswet, byvoorbeeld

---

1728 Sien 2.2 van die proefskrif waar 'n onderskeid getref word tussen 'n eng en wye definisie van "omgewingsmisdaad".

1729 Departement van Omgewingsake *National Environmental Compliance and Enforcement Report 2018-19* viii.

1730 Sien 2.2 van die proefskrif.

1731 Sien Figuur 2 en Figuur 3 van die proefskrif.

1732 Sien 4.2 van die proefskrif.

1733 Craigie, Snijman en Fourie "Dissecting Environmental Compliance and Enforcement" 52-53.

die NEMBA (insluitende dié wet se regulasies), asook verbandhoudende provinsiale wetgewing wat oor natuurbewaring handel, vervat wees.

Aangaande die tweede aspek, is strafregtelike vervolging by die oortreding van omgewingswetgewing in Suid-Afrika in die bevel-en-beheer benadering verskans.[1734] Die meerderheid Suid-Afrikaanse omgewingswetgewing bevat strafregtelike sanksies.[1735] Vernaam binne die areas van biodiversiteitsbestuur en maritieme hulpbronbestuur, vertrou beleidmakers en omgewingsowerhede in Suid-Afrika byna uitsluitlik op strafregtelike sanksies om die nakoming van wetgewende bepalings af te dwing en onregmatige handelinge (wildmisdaad) by wyse van ’n boete of gevangenisstraf te straf.[1736] In ’n ondersoek na alternatiewe maatreëls in stede van die gebruik van kriminele sanksies om die bepalings van omgewingswetgewing in Suid-Afrika af te dwing, maak Kidd[1737] die volgende waarneming:

> Nature conservation offences are very often more akin to 'traditional' crimes, in that their commission is not usually the unintended side effect of otherwise socially useful behaviour. People do not usually shoot elephants by accident. Although many nature conservation offences (and here one thinks particularly of unlawful killing of animals or, to be pejorative, poaching) may be attributable to poverty, ignorance or traditional culture, many are carried out for personal profit in wilful disregard of the law. In these circumstances, a compliance approach would not be ideal, particularly since the damage to the environment (in the form of a dead animal) has already been done.

Volgens Kidd se waarneming is die oplegging van kriminele sanksies by die oortreding van omgewingswetgewing tans onlosmaaklik aan die area van biodiversiteitsbestuur verbonde. Volgens Kidd is kriminele sanksies in dié geval gepas, aangesien die skade

---

1734 Anders gestel: "command-and-control approach". Craigie, Snijman en Fourie "Dissecting Environmental Compliance and Enforcement" 51-52 beskryf die bevel-en-beheer benadering soos volg: "[the] command-and-control approach to achieving compliance traditionally involves two main processes: first, prescribing legal requirements and obligations (the command) and, secondly, compelling compliance therewith through the use of an array of enforcement measures where non-compliance is detected (control) […] Specific examples of command-and-control mechanisms present in South Africa's environmental regime include criminal measures, administrative measures and civil measures."

1735 Craigie, Snijman en Fourie "Dissecting Environmental Compliance and Enforcement" 53.

1736 Craigie, Snijman en Fourie "Dissecting Environmental Compliance and Enforcement" 51-52.

1737 Kidd 2002 *South African Journal of Environmental Law and Policy* 24.

aan die omgewing reeds aangerig is en daar geen ander remedie bestaan as om die oortreder strafregtelik te vervolg nie.[1738]

Wildmisdaad (b) veroorsaak omgewingskade;

Soos reeds in hoofstuk 2 van die proefskrif beskryf, spruit die term "omgewingskade" uit die veld van groen kriminologie.[1739] Beide regmatige sowel as onregmatige handelinge (óf versuim) is by die konsep van "omgewingskade" ingesluit.[1740] Binne die Suid-Afrikaanse konteks kon daar nie 'n definisie vir "omgewingskade" gevind word nie, maar tekens van die konsep word in die volgende basiese interpretasie van artikel 24 van die *Grondwet* waargeneem:

> Not all activities that impact on the environment are criminal. However, if the activity has or may have a significant negative effect on human health or wellbeing or on natural or managed ecosystems, it could be an environmental crime.[1741]

Die interpretasie stel dat nie alle handelinge wat 'n invloed op die omgewing het misdade daarstel nie, maar dat handelinge wat 'n skadelike invloed op menslike gesondheid en welstand of die omgewing uitoefen, moontlik 'n omgewingsmisdaad in Suid-Afrika kan wees.

Mayer[1742] meen dat daar tans 'n leemte in Suid-Afrikaanse literatuur binne die veld van groen kriminologie bestaan en dat daar heelwat potensiaal vir die interdissiplinêre uitbreiding van dié navorsingsveld is. Groen kriminologie bied waardevolle alternatiewe interpretasies van omgewingsmisdaad, maar in die tussentyd steun Suid-Afrika egter op die beginsels en bepalings van die bestaande internasionale, regionale en nasionale omgewingsregraamwerk, wat meestal op die identifikasie van onregmatige handelinge berus, om wildmisdaad te bekamp.

1738 Vir 'n volledige samevattende bespreking van strafregtelike maatreëls in die nakoming en afdwinging van Suid-Afrikaanse omgewingswetgewing, sien Kidd "Criminal Measures" 240-265.

1739 Sien 2.2 van die proefskrif.

1740 Sien 2.2 van die proefskrif.

1741 Departement van Omgewingsake en Environmental Management Inspectorate *Stepping Up Enforcement Against Environmental Crime* 4.

1742 Mayer *Combatting Wildlife Crime in South-Africa: Using Gelatine Lifters for Forensic Trace Recovery* 64-65.

Wildmisdaad

(c) bestaan uit verskillende vlakke van handelinge en verwante ernstige misdade;

(d) wat deur internasionale verdrae en nasionale wetgewing gereguleer word of onregmatig verklaar word;

In Suid-Afrika is 'n persoon aan 'n wildmisdaad skuldig, indien sodanige persoon 'n "restricted activity"[1743] of 'n "prohibited activity"[1744] sonder 'n permit teenoor 'n gelyste wildspesie uitoefen.[1745] "Restricted activity" word soos volg in die NEMBA gedefinieer:[1746]

> "restricted activity"—
>
> (a) in relation to a specimen of a listed threatened or protected species, means—
>
> (i) hunting, catching, capturing or killing any living specimen of a listed threatened or protected species by any means, method or device whatsoever, including searching, pursuing, driving, lying in wait, luring, alluring, discharging a missile or injuring with intent to hunt, catch, capture or kill any such specimen;
>
> (ii) *gathering, collecting or plucking* any specimen of a listed threatened or protected species;
>
> (iii) picking parts of, or cutting, chopping off, uprooting, damaging or destroying, any specimen of a listed threatened or protected species;
>
> (iv) *importing* into the Republic, including *introducing from the sea*, any specimen of a listed threatened or protected species;
>
> (v) *exporting* from the Republic, including *re-exporting* from the Republic, any specimen of a listed threatened or protected species;
>
> (vi) *having in possession or exercising physical control* over any specimen of a listed threatened or protected species;
>
> (vii) *growing, breeding or in any other way propagating* any specimen of a listed threatened or protected species, or causing it to multiply;

1743 Artikel 57(1) van die NEMBA.

1744 Artikel 57(2) van die NEMBA.

1745 Artikel 101 van die NEMBA. Die gelyste wildspesies is in GK R151 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 vervat.

1746 Die definisie van "restricted activity" bevat twee dele. Deel (a) (soos aangehaal) is vir dié bespreking relevant, terwyl deel (b) oor uitheemse en indringerspesies handel en vir doeleindes van die bespreking uitgelaat is.

(viii) *conveying, moving or otherwise translocating* any specimen of a listed threatened or protected species;

(ix) selling or otherwise trading in, buying, receiving, giving, donating or accepting as a gift, or in any way acquiring or disposing of any specimen of a listed threatened or protected species; or

(iix) *any other prescribed activity* which involves a specimen of a listed threatened or protected species[1747]

"Restricted activity" is in dié geval breed gedefinieer en die betekenis word in 'n lys van moontlike handelinge vasgevang. Volgens die voorafgaande definisie is die jag, vang, doodmaak, versamel, jaag, uitlok, vaskeer, pluk, afkap, ontworteling, beskadiging, vernietiging, invoer, uitvoer, heruitvoer, besit, fisiese beheer, groei, teel, verspreiding, vervoer, verkoop, verhandel, aankoop, ontvang, gee, skenk, aanvaar as 'n geskenk, verkryging, verkoop of enige ander bepaalde handeling teenoor 'n gelyste wildspesie (sonder 'n permit) 'n strafbare oortreding in Suid-Afrika. Alle bepalings van die CITES betreffende die internasionale invoer, uitvoer en heruitvoer van wildspesies wat op die CITES-bylae gelys is, is ook hierby inbegrepe.[1748] Die bepalings van die CITES is deur middel van die *Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations* in Suid-Afrikaanse omgewingswetgewing geratifiseer.[1749]

Die NEMBA verwys ook binne die konteks van die bogenoemde definisie na "specimen[s] of a listed […] species".[1750] By ontleding van die definisie "specimen" is "restricted activities" van toepassing op (a) enige lewende of dooie wildspesie; (b) 'n eier, gameet, wild of 'n deel van 'n wildspesie; (c) enige neweproduk van 'n wildspesie; (d) enige produk wat 'n neweproduk van 'n wildspesie bevat; of (e) enige meegaande dokument, verpakking, merk of etiket wat aandui dat 'n produk 'n neweproduk van 'n wildspesie bevat.[1751]

[1747] Artikel 1 van die NEMBA. Eie beklemtoning. Dieselfde definisie is opgeneem in reg 45(2(a) van GK R1061 in SK 28181 van 28 Oktober 2005 (*Regulations for the Proper Administration of Special Nature Reserves, National Parks and World Heritage Sites*).

[1748] Artikel 57(1A) van die NEMBA. Sien ook 2.7 van die proefskrif.

[1749] Verwys na GK R173 in SK 33002 van 5 Maart 2010 (*Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations*). Sien 1.1.4 en 2.7 van die proefskrif.

[1750] Sien bv. die definisie van "restricted activity" in a 1 van die NEMBA of verwys na a 57 van die NEMBA.

[1751] Sien die definisie van "specimen" in a 1 van die NEMBA.

Soortgelyke handelinge aan die bogenoemde "restricted activities" is in provinsiale wetgewing geïdentifiseer en in die meeste gevalle is die handelinge afsonderlik gedefinieer en verder in die onderskeie artikels van die wette beskryf.[1752] Die verrigting van handelinge wat in provinsiale wetgewing geïdentifiseer is, is ook aan 'n permit of sertifikaat onderhewig, terwyl sekere handelinge sonder uitsondering verbied word.[1753] Beide in terme van die NEMBA en die provinsiale wetgewing, is die verrigting van die handelinge (hetsy sonder 'n permit, buite permitvoorwaardes of in stryd met 'n wetgewende verbod (soos in die geval van verbode handelinge)) 'n strafregtelike oortreding wat met 'n boete of gevangenisstraf strafbaar is.[1754]

[1752] Sien bv. in a 1 van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)*; a 1 van die *Nature Conservation Ordinance (Natal)*; a 1 van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)*; a 1 van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*; a 1 van die *Nature Conservation Act (Ciskei)*; a 1 van die *KwaZulu-Natal Nature Conservation Act*; a 1 van die *Limpopo Environmental Management Act*; a 1 van die *Mpumalanga Nature Conservation Act*; a 1 van die *North West Biodiversity Management Act*; en a 1 van die *Northern Cape Nature Conservation Act* die definisies van "hunt", "pick", "poison", "sell", "weapon", "buy", "deal in", "capture", "firearm", "hunting season", "trap", "catch", en "keep".

[1753] Sien bv. aa 2-21 van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)*; aa 2-10 van die *Bophuthatswana Nature Conservation Act*; aa 25A-33, 41-42 en 44 van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)*; aa 15-48 van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*; aa 7-18 van die *Nature Conservation Act (Ciskei)*; aa 13-22 van die *KwaZulu-Natal Nature Conservation Act*; aa 31-48 van die *Limpopo Environmental Management Act*; aa 4-39 van die *Mpumalanga Nature Conservation Act*; aa 13-23 van die *North West Biodiversity Management Act*; en aa 5-26 van die *Northern Cape Nature Conservation Act*. Die onderskeie provinsiale ordonnansies en wetgewing skep konseptuele kompleksiteit deur die benaming, definiëring en klassifikasie van wildspesies. Alle benamings, definisies en klassifikasies stem nie noodwendig met mekaar ooreen nie en elke term is nie in elke ordonnansie en wet vervat nie. Sommige wildspesies is in skedules tot die ordonnansie of wet gelys. Die benamings, definisies en klassifikasies sluit in: "animal"; "wild animal"; "species" "indigenous mammal"; "endangered mammal"; "exotic mammal"; "wild bird"; "indigenous amphibian, invertebrate and reptile"; "all wild animals"; "game"; "ordinary game"; "open game"; "protected game"; "specially protected game"; "specially protected wild animal"; "endangered and rare species of animals"; "separate categories of wild animals"; "protected wild animal"; "exotic animals"; "rare species"; "specially protected birds"; "biodiversity"; "biological diversity"; "endangered species"; "invasive animal"; "damage-causing animal"; "listed large predator"; "listed species"; "listed threatened or protected species"; "specimen"; "wild specimen"; "fauna"; "common indigenous animal"; "domestic animal"; "feral animal"; "pet"; and "problem animal". Dié benamings, definisies en klassifikasies is belangrik om vas te stel watter wetgewende bepalings op watter wildspesie van toepassing is. Soos geïdentifiseer in a 1 van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)*; a 1 van die *Bophuthatswana Nature Conservation Act*; a 1 van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)*; a 1 van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*; a 1 van die *Nature Conservation Act (Ciskei)*; a 1 van die *KwaZulu-Natal Nature Conservation Act*; a 1 van die *Limpopo Environmental Management Act*; a 1 van die *Mpumalanga Nature Conservation Act*; a 1 van die *North West Biodiversity Management Act*; en a 1 van die *Northern Cape Nature Conservation Act*. Sien in die algemeen die uiteensetting in Kidd *Environmental Management* par 521-532.

[1754] Sien bv. aa 101-102 van die NEMBA; a 40 van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)*; a 27 van die *Bophuthatswana Nature Conservation Act*; aa 85-86 van die *Nature and*

Die NEMBA differensieer tussen vier soorte gelyste wildspesies. 'n "Kritiek bedreigde inheemse wildspesie" is 'n wildspesie wat 'n buitengewone hoë risiko loop om in die onmiddellike toekoms uit te sterf.[1755] 'n "Bedreigde inheemse wildspesie" is 'n wildspesie wat 'n hoë risiko loop om in die nabye toekoms uit te sterf.[1756] 'n "Kwesbare inheemse wildspesie" is 'n wildspesie wat 'n buitengewone hoë risiko loop om in die mediumtermyn uit te sterf.[1757] 'n "Ikoniese wildspesie" is 'n inheemse wildspesie wat weens nasionale belang, nasionale regulering verlang om te verseker dat dié wildspesies op 'n ekologies-volhoubare wyse bestuur word.[1758] Volgens Klemm en Shine[1759] bevat wetgewing selde spesifieke kriteria wat gebruik word om wildspesies te lys. Die proses word gewoonlik deur 'n administratiewe proses gefasiliteer wat op die diskresie van die betrokke wetenskaplike owerheid asook die nuutste beskikbare wetenskaplike kennis berus.[1760] In sommige gevalle word die proses om wildspesies te lys deur die *International Union for Conservation of Nature* se Rooi Datalys (en die Rooi Databoeke) en die *Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora* (1973) se bylae onderskraag.[1761]

Die handelinge wat in provinsiale wetgewing vervat is, is op 'n groter poel van wildspesies van toepassing, aangesien veel meer klasse van wildspesies van mekaar in dié wetgewing onderskei word in vergelyking met die nasionale posisie.[1762] Die provinsiale wetgewing skep egter konseptuele kompleksiteit deur die benaming, definiëring en klassifikasie van wildspesies. Sommige wildspesies is in skedules tot die provinsiale wetgewing gelys, ander word in die wetgewing se teks gedefinieer, terwyl

---

Environmental Conservation Ordinance (Cape); a 43(3) van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*; aa 72-73 van die *Nature Conservation Act (Ciskei)*; aa 35 en 55 van die *KwaZulu-Natal Nature Conservation Act*; aa 112-118 van die *Limpopo Environmental Management Act*; aa 100-101 van die *Mpumalanga Nature Conservation Act*; aa 68-69 van die *North West Biodiversity Management Act*; en aa 66-67 van die *Northern Cape Nature Conservation Act*.

1755 Artikel 56(1)(a) van die NEMBA.

1756 Artikel 56(1)(b) van die NEMBA.

1757 Artikel 56(1)(c) van die NEMBA.

1758 Artikel 56(1)(d) van die NEMBA.

1759 Klemm en Shine *Biological Diversity Conservation and the Law: Legal Mechanisms for Conserving Species and Ecosystems* 75.

1760 Klemm en Shine *Biological Diversity Conservation and the Law: Legal Mechanisms for Conserving Species and Ecosystems* 75.

1761 Klemm en Shine *Biological Diversity Conservation and the Law: Legal Mechanisms for Conserving Species and Ecosystems* 75.

1762 Rumsey "Terrestrial Wild Animals" 421 verwys in die geval na 'n "species by species approach".

sommige (nuwer) provinsiale wetgewing met die gelyste wildspesies van die NEMBA belyn is.[1763] Alle benamings, definisies en klassifikasies stem nie noodwendig met mekaar ooreen nie en elke klas van wildspesies word nie in elke provinsiale wet onderskei nie.[1764] Dié benamings, definisies en klassifikasies is belangrik om vas te stel watter wetgewende bepalings op watter soort wildspesie van toepassing is.[1765] Gevolglik is dit van wesenlike belang om elke onderskeie provinsiale ordonnansie en wet binne sig eie konteks te lees en te interpreteer.[1766]

Die voorgestelde definisie van "wildmisdaad" (soos geformuleer in hoofstuk 2) dui verder aan dat wildmisdaad met ander ernstige verwante misdade soos dokumentbedrog, geldwassery, belastingontduiking en korrupsie verband hou.[1767] Met die eerste oogopslag blyk dit dat dié interpretasie nie deel uitmaak van die konsep van "wildmisdaad" binne die Suid-Afrikaanse konteks nie. Die konsep van "wildmisdaad" blyk in die algemeen te volstaan by die "restricted activities" in terme van die NEMBA en die provinsiale wetgewing, maar by verdere ondersoek van die betrokke wetgewing, kan tekens gevind word dat dokumentbedrog (met spesifieke verwysing na die knoei, fabrisering of vervalsing van permitte en sertifikate) 'n onregmatige handeling is, wat by wildmisdaad ingesluit is.[1768]

1763 Rumsey "Terrestrial Wild Animals" 421-422; Kidd *Environmental Management* par 522-532.

1764 Die benamings en klassifikasies sluit in: "animal"; "wild animal"; "species" "indigenous mammal"; "endangered mammal"; "exotic mammal"; "wild bird"; "indigenous amphibian, invertebrate and reptile"; "all wild animals"; "game"; "ordinary game"; "open game"; "protected game"; "specially protected game"; "specially protected wild animal"; "endangered and rare species of animals"; "separate categories of wild animals"; "protected wild animal"; "exotic animals"; "rare species"; "specially protected birds"; "biodiversity"; "biological diversity"; "endangered species"; "invasive animal"; "damage-causing animal"; "listed large predator"; "listed species"; "listed threatened or protected species"; "specimen"; "wild specimen"; "fauna"; "common indigenous animal"; "domestic animal"; "feral animal"; "pet"; and "problem animal". Soos geïdentifiseer in a 1 van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)*; a 1 van die *Bophuthatswana Nature Conservation Act*; a 1 van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)*; a 1 van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*; a 1 van die *Nature Conservation Act (Ciskei)*; a 1 van die *KwaZulu-Natal Nature Conservation Act*; a 1 van die *Limpopo Environmental Management Act*; a 1 van die *Mpumalanga Nature Conservation Act*; a 1 van die *North West Biodiversity Management Act*; en a 1 van die *Northern Cape Nature Conservation Act*. Sien in die algemeen die uiteensetting in Kidd *Environmental Management* par 521-532.

1765 Sien in die algemeen die uiteensetting in Kidd *Environmental Management* par 521-532.

1766 'n Volledige konseptuele ondersoek na elke definisie en klassifikasie val buite die bestek van hierdie proefskrif.

1767 Sien 2.2 van die proefskrif.

1768 Artikel 101(3)(a)-(e) van die NEMBA. Sien ook reg 73 in die GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007.

Wildmisdaad

(e) ontstaan vanweë verskeie dryffaktore; en

(f) hou uiteenlopende negatiewe gevolge in.

Sover vasgestel kan word, maak die identifisering van dryffaktore en die negatiewe gevolge van wildmisdaad nie tans deel uit van die konseptuele definisie van "wildmisdaad" in die Suid-Afrikaanse konteks nie. Dit is verder debatteerbaar of ’n wetlike definisie wel sodanige teoretiese elemente sou insluit.[1769]

Na aanleiding van die voorafgaande ontleding van verbandhoudende definisies en konsepte kan ’n breë konseptuele definisie van die begrip "wildmisdaad" binne die Suid-Afrikaanse konteks gevorm word. In Suid-Afrika is "wildmisdaad" misdade wat met omgewingsaangeleenthede verband hou en wat in die area van biodiversiteitsbestuur en natuurbewaring gereguleer word. Die konsep van "wildmisdaad" word nie deur die konsep van "omgewingskade" gelei nie, aangesien die veld van groen kriminologie tans in Suid-Afrika onderontwikkel is. "Wildmisdaad" in Suid-Afrika word meestal tot "restricted activities" en "prohibited activities" beperk wat in die nasionale en provinsiale wetgewing geïdentifiseer en as onregmatig beskou word. Dit is opmerklik dat die geïdentifiseerde "restricted activities" nie uitdruklik in die betrokke nasionale en provinsiale wetgewing "wildmisdaad" genoem word nie. Die verrigting van die handelinge buite ’n permit se voorwaardes of wat teenstrydig met ander wetgewende bepalings is, kan tot strafregtelike vervolging lei wat met ’n boete of gevangenisstraf strafbaar is. Die toepassing van die voorgenoemde hang egter af van die klassifikasie van die betrokke wildspesie. Konseptueel lê Suid-Afrikaanse wetgewing nie tans ’n prominente verband tussen wildmisdaad en verwante ernstige misdade nie, maar dokumentbedrog word wel as ’n onregmatige handeling in hierdie verband erken.

[1769] Sien 2.2 van die proefskrif.

Hierna word die omgewingsregraamwerk, asook ander verbandhoudende wetgewing en beleid, onder die loep geneem om vas te stel hoe Suid-Afrika tans met die aanslae van wildmisdaad omgaan.

4.4 Bestaande reguleringsmaatreëls in die bekamping van wildmisdaad in Suid-Afrika

Die vier vlakke van handelinge wat deel uitmaak van wildmisdaad (soos in hoofstuk 2 van die proefskrif beskryf)[1770] word as teoretiese raamwerk gebruik om die manier waarop Suid-Afrika wildmisdaad bekamp, te ondersoek en te beskryf.

Hoofstuk 2 beklemtoon reeds dat (a) die handelinge wat op vlak 1 plaasvind die konstante intreevlak van alle opeenvolgende handelinge tot stand bring; (b) die handelinge in vlak 2 tot 4 nie te alle tye in 'n vasgestelde orde plaasvind nie; en (c) ernstige verwante misdade deurlopend op alle vlakke plaasvind.[1771]

4.4.1 Vlak 1

Vlak 1 handelinge behels enige handeling wat gebruik word om 'n wildspesie te stroop.[1772]

4.4.1.1 Regulering van die stroop van gelyste inheemse wildspesies op nasionale vlak

Op nasionale vlak reguleer die NEMPAA wildmisdaad wat binne 'n bewaringsgebied voorkom. Alle wildspesies wat binne 'n bewaringsgebied voorkom, geniet bykomende beskerming teenoor wildspesies wat buite bewaringsgebiede voorkom.[1773] Kidd[1774] stel dit soos volg:

[1770] Sien 2.3.1-2.3.4 van die proefskrif.
[1771] Sien 2.8 van die proefskrif.
[1772] Sien 2.3.1 van die proefskrif.
[1773] Kidd *Environmental Management* par 521.
[1774] Kidd *Environmental Management* par 521.

> Extensive protection prevails in protected areas. Control is established by fencing these reserves and by appointing staff to administer them. A variety of actions that can be detrimental to wildlife conservation are usually declared to be criminal, for example entering or residing in a protected area without permission; conveying into a reserve, or being in possession of weapons, traps or snares and killing, injuring, capturing or disturbing any animal within the protected area.

Die aanhaling wys daarop dat die bykomende beskerming weens die omvattende bestuur van bewaringsgebiede daargestel word. In die algemeen behels die bestuur van 'n bewaringsgebied die beheer, beskerming, bewaring, instandhouding en rehabilitasie van alle komponente binne 'n bewaringsgebied, in ooreenstemming met die bepalings van die NEMBA.[1775] Volgens die NEMPAA kan 'n area aangrensend tot 'n bewaringsgebied as 'n "protected environment" verklaar word, wat as 'n buffersone vir die bewaringsgebied kan dien.[1776] Volgens NEMPAA is prospektering en mynbou die enigste aktiwiteite wat in buffersones gereguleer word,[1777] maar 'n buffersone kan ook toegevoegde beskerming bied aan die biodiversiteit wat in die direkte omgewing rondom bewaringsgebiede voorkom.[1778] In die buffersones kan daar byvoorbeeld deur middel van bestuursplanne en ooreenkomste sekere kwotas deur natuurbewaringsagentskappe vasgestel word wat voorskryf watter en hoeveel wildspesies in dié gebiede deur die aangrensende gemeenskappe gejag mag word.[1779] Die bekamping van wildmisdade, onder andere wildstropery, in die buffersones[1780] rondom bewaringsgebiede is hoofsaaklik die verantwoordelikheid van provinsiale natuurbewaringsagentskappe.[1781]

1775 Verwys na die definisie van "management" in a 1 van die NEMPAA.

1776 Artikel 28(2)(a) van die NEMPAA.

1777 Artikel 48(1)(b) van die NEMPAA.

1778 Artikel 28(2)(d)-(e) van die NEMPAA.

1779 AK 106 in SK 35020 van 8 Februarie 2012 (*Biodiversity Policy and Strategy for South Africa: Strategy on Buffer Zones for National Parks*). Sien ook 37-53 van die NEMPAA aangaande die bestuur van bewaringsgebiede.

1780 'n "Buffersone", volgens AK 106 in SK 35020 van 8 Februarie 2012 (*Biodiversity Policy and Strategy for South Africa: Strategy on Buffer Zones for National Parks*), "[…] may be established around a national park when considered necessary for the proper conservation and effective protection of the national park in achieving its objectives. The buffer zone is an area surrounding a national park which has complementary legal and management restrictions placed on its use and development, aimed at providing an extra layer of protection to the integrity of the national park. This should include the immediate setting of the national park, important views and other areas or attributes that are functionally important as a support to the national park and its protection."

1781 AK 106 in SK 35020 van 8 Februarie 2012 (*Biodiversity Policy and Strategy for South Africa: Strategy on Buffer Zones for National Parks*).

Die NEMBA bied nasionale beskerming aan wildspesies wat kritiek bedreig, bedreig, kwesbaar of van nasionale belang is.[1782] Die minister[1783] is vir die publikasie van 'n kennisgewing in die *Staatskoerant* verantwoordelik wat kritiek bedreigde,[1784] bedreigde,[1785] kwesbare[1786] en ikoniese inheemse wildspesies[1787] identifiseer en lys.[1788] Dit staan die minister vry om verdere subkategorieë onder die bogenoemde voorgestelde vier kategorieë te kategoriseer.[1789] Ingevolge hierdie kennisgewing, kan die minister verder bepaal of die lyste regdeur die land geldend of slegs provinsiegebonde is.[1790] Daar word van die minister verwag om by wyse van die korrekte konsultasieproses[1791] die gepubliseerde lyste ten minste elke vyf jaar te hersien.[1792]

'n Persoon mag nie 'n "restricted activity" teenoor 'n gelyste wildspesie sonder 'n permit uitoefen nie.[1793] Met spesifieke verwysing na die handelinge wat op vlak 1 gebruik word om wildspesies te stroop,[1794] word die volgende handelinge in die definisie[1795] van "restricted activity" geïdentifiseer wat spesifiek op vlak 1 van toepassing is, naamlik jag, vang, doodmaak, versamel, jaag, uitlok, vaskeer, besit of om fisiese beheer oor 'n inheemse gelyste wildspesie te neem. 'n Persoon wat een van die voorgenoemde

---

1782 Artikels 56 en 57 van die NEMBA; GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*); Kidd *Environmental Management* par 521

1783 Volgens a 1 van die NEMBA verwys die "minister" na die kabinetslid wat verantwoordelik is vir omgewingsake.

1784 Artikel 56(1)(a) van die NEMBA.

1785 Artikel 56(1)(b) van die NEMBA.

1786 Artikel 56(1)(c) van die NEMBA.

1787 Artikel 56(1)(d) van die NEMBA.

1788 Sien 4.2 van die proefskrif. Die lyste kan gevind word in GK R151 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Lists of Critically Endangered, Endangered, Vulnerable and Protected Species*). Hierna word daar gesamentlik na dié wildspesies as "gelyste wildspesies" verwys.

1789 Artikel 56(1A) van die NEMBA.

1790 Artikel 56(1B) van die NEMBA.

1791 Artikel 63 van die NEMBA. Ingevolge a 99 behels die konsultasieproses dat die minister met alle kabinetslede, die lid van die uitvoerende raad (LUR) van elke provinsie verantwoordelik vir omgewingsake en die publiek moet konsulteer. Die proses vir publieke deelname is in a 100 van die NEMBA vervat.

1792 Artikel 56(2) van die NEMBA. Die lyste soos vervat in GK R151 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Lists of Critically Endangered, Endangered, Vulnerable and Protected Species*) is gewysig deur GK R1187 in SK 30568 van 14 Desember 2007 (*Amendment of Critically Endangered, Endangered, Vulnerable and Protected Species List*).

1793 Artikel 57(1) van die NEMBA. Verwys na 4.2 van die proefskrif waar "restricted activity" se definisie (ingevolge a 1 van die NEMBA) opgeneem is.

1794 Sien 2.3.1 van die proefskrif.

1795 Sien die definisie van "restricted activity" in a 1 van die NEMBA. Verwys na 4.2 van die proefskrif.

handelinge sonder ’n permit teenoor ’n gelyste inheemse wildspesie uitoefen, kan strafregtelik vervolg word.[1796] Norme en standaarde kan verder ontwikkel word ter verheldering van die wyse waarop sekere "restricted activities" teenoor gelyste wildspesies uitgevoer moet word.[1797]

Die uitreiking van permitte om enige "restricted activity" teenoor ’n gelyste wildspesie binne ’n bewaringsgebied uit te oefen, geskied by wyse van die minister, as die hoof uitreikingsowerheid, se toestemming.[1798] Die minister is ook die enigste uitreikingsowerheid wanneer ’n regeringsbeampte namens ’n provinsiale departement, bewaringsgebied, die SANBI of enige regeringsorgaan om sodanige permit aansoek doen.[1799] In enige ander geval is die LUR verantwoordelik vir omgewingsake die aangewese uitreikingsowerheid van hierdie permitte.[1800] Enige persoon mag vir ’n permit aansoek doen,[1801] maar ’n lys van persone wat kwalifiseer om vir ’n staande permit aansoek te doen word uitgesonder.[1802] Die uitreiking van hierdie permitte word

---

1796 Artikel 101(1)(a) van die NEMBA.

1797 Paterson "Biological Diversity" 554. Bv. GK R214 in SK 31968 van 2 Maart 2009 (*Norms and Standards for Biodiversity Management Plans for Species*); GK R83 in SK 37302 van 7 Februarie 2014 (*Norms and Standards for Biodiversity Management Plans for Ecosystems*); GK R304 in SK 35248 van 10 April 2012 gewysig deur GK R961 in SK 41913 van 21 September 2018 (*Norms and Standards for the Marking Rhinoceros Horn and Hunting of White Rhinoceros for Trophy Hunting Purposes*); GK R456 in SK 34326 van 27 Mei 2011 (*Norms and Standards for Hunting Methods in South Africa*); GK R251 in SK 30833 van 29 Februarie 2008 (*National Norms and Standards for the Management of Elephants in South Africa*); AK 749 in SK 40412 van 10 November 2016 (*Draft Norms and Standards for the Management of Damage-Causing Animals in South Africa*); AK 75 in SK 40601 van 8 Februarie 2017 (*Draft Norms and Standards for the Management and Monitoring of the Hunting of Leopard in South Africa for Trophy Hunting Purposes*); AK 72 in SK 27214 van 28 Januarie 2005 (*Draft Norms and Standards and Regulations for the Sustainable Use of Large Predators*); AK 44 in SK 38395 van 15 Januarie 2015 (*Norms and Standards for the Translocation of Indigenous Species in South Africa*); AK 382 in SK 39878 van 31 Maart 2016 (*Norms and Standards for the Management of Protected Areas in South Africa*).

1798 Artikel 87A(1)(a)(i) van die NEMBA. Die minister kan egter in sekere gevalle by ooreenkoms volmag aan die LUR van ’n provinsie oordra om permitte uit te reik. Verwys na a 87(3) van die NEMBA. Sien in die algemeen hoofstuk 7 van die NEMBA.

1799 Artikel 87A(1)(a)(iii)(aa)-(dd) van die NEMBA.

1800 Artikel 87A(3) van die NEMBA.

1801 Artikel 88(1) van die NEMBA.

1802 Reg 5(2) van die GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*). ’n "Standing permit" word gedefinieer as "a permit referred to in regulation 5(2) that is valid for a longer specified period than an ordinary permit." Persone wat mag aansoek doen vir ’n staande permit om ’n "restricted activity" teenoor ’n gelyste spesie uit te oefen sluit byvoorbeeld ’n nasionale of provinsiale regeringsdepartement wat kontrole oor skadeveroorsakende diere uitoefen en ’n veearts wat vir die mediese behandeling van ’n wildspesie verantwoording doen.

nie ligtelik opgeneem nie., Dit is aan ’n streng administratiewe prosedure gebonde[1803] en vasgestelde faktore moet oorweeg en voorwaardes nagekom word alvorens ’n permit toegestaan word.[1804]

Spesiale voorsiening word gemaak vir die regulasie van die jag[1805] (as ’n "restricted activity") van gelyste wildspesies.[1806] "Jag" van gelyste wildspesies, verwys na die (a) opsetlike doodmaak van sodanige wildspesie by wyse van enige manier, metode of toestel; (b) vang van sodanige wildspesie by wyse van enige manier, metode of toestel met die bedoeling om die wildspesie dood te maak; (c) naspoor, wag vir, agtervolging, skiet, verdoof of immobilisering van sodanige wildspesie met die bedoeling om die wildspesie dood te maak; (d) uitlok van sodanige wildspesie by wyse van enige manier, metode of toerusting met die bedoeling om die wildspesie dood te maak. ’n Aansoek vir ’n jagpermit om ’n gelyste wildspesie te jag mag nie toegestaan word as die aansoeker van plan is om ’n verbode jagmetode te gebruik om die wildspesie te jag nie.[1807] Verbode jagmetodes sluit onder meer die gebruik van gif; lokvalle; draadstrikke; jaghonde; pylpistole; outomatiese wapens; haelgewere; windbukse; lokaas, -klanke of -reuke; en verdowingsmiddels in.[1808] Bykomend hiertoe is sekere handelinge teenoor spesifieke gelyste wildspesies, naamlik die jagluiperd, gevlekte hiëna, strandjut, wildehond, luiperd, witrenoster en swartrenoster, algeheel verbode en dienooreenkomstig strafbaar.[1809] Dié handelinge hou byvoorbeeld met "put-and-

---

1803 Vir volledige besonderhede aangaande die administratiewe prosedure verwant aan die uitreiking van permitte, verwys na aa 88-93B van die NEMBA asook in die algemeen GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*). Die doel van die regulasies is om voorsiening te maak vir uitgebreide regulering van die permitstelsel wat in hoofstuk 7 van die NEMBA uiteengesit is.

1804 Reg 10-11 en 21 van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*).

1805 Reg 1 van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*) definieer "hunt" soos volg: ""hunt"

1806 Reg2(c) van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*).

1807 Reg 26(1) van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*).

1808 Reg 26(1)(a)-(d) van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*).

1809 Reg 24 van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*). Sien ook die definisie van "listed large predator" in reg 1.

take hunting", die gebruik van slagysters en verdowingsmiddels verband.[1810] 'n Grondeienaar van 'n geregistreerde wildplaas[1811] mag byvoorbeeld vir 'n wildplaasjagpermit aansoek doen.[1812] Die voorgenoemde jagpermit magtig die koop, jag, besit en daaropvolgende vervoer van 'n dooie gelyste wildspesie vanaf die wildplaas, mits die verpligte voorwaardes van die jagpermit nagekom word.[1813] Gedurende 2011 het die minister algemene norme en standaarde vir jagmetodes in Suid-Afrika uitgereik.[1814] Dié norme en standaarde stel minimum vereistes vir jag met jaggewere en handwapens, boogjag en valkejag.[1815] Streng addisionele maatreëls, wat in oorleg met die bepalings van die *Threatened or Protected Species Regulations* funksioneer, is verder ingestel waarvolgens die jag van renosters en olifante in Suid-Afrika bestuur word.[1816]

Die bestuur van skadeveroorsakende diere is 'n knelpunt wat veral vooruitgang in die landboubedryf en die aktiwiteite van bestaansboere inhibeer.[1817] Gemeenskappe omliggend tot bewaringsgebiede gaan ook gereeld onder mens-wildspesie-konflik gebuk, wat tot onderlinge negatiwiteit teenoor natuurbewaring en verdere wildmisdaad bydra.[1818] 'n Gelyste wildspesie word as 'n "skadeveroorsakende dier" beskou, indien die wildspesie tydens interaksie met menslike aktiwiteite 'n verlies aan vee; skade aan boorde, landerye, natuurlike flora; lewensverlies; of die inperking van

---

1810 Reg 24 van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*).

1811 Anders gestel: "game farm".

1812 Reg 5(3) en 28 van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*). Die permit sal toegestaan word, mits die nodige registrasievoorwaardes van wildplase in terme van hoofstuk 3, van die GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*) nagekom is.

1813 Reg 5(3) van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*). Die verpligte voorwaardes van jagpermitte in wildplase is in reg 21 van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*) opgeneem.

1814 GK R456 in SK 34326 van 27 Mei 2011 (*Norms and Standards for Hunting Methods in South Africa*).

1815 Reg 4-8 van GK R456 in SK 34326 van 27 Mei 2011 (*Norms and Standards for Hunting Methods in South Africa*).

1816 GK R961 in SK 41913 van 21 September 2018 (*Norms and Standards for the Marking Rhinoceros Horn and Hunting of White Rhinoceros for Trophy Hunting Purposes*); GK R251 in SK 30833 van 29 Februarie 2008 (*National Norms and Standards for the Management of Elephants in South Africa*).

1817 Sien 2.3.1 van die proefskrif.

1818 Sien 2.3.1 van die proefskrif.

weiding veroorsaak.[1819] Dit is die verantwoordelikheid van die aangewese provinsiale departement (van omgewingsake) om te bepaal of 'n gelyste wildspesie op 'n gegewe oomblik 'n skadeveroorsakende dier is, al dan nie.[1820] Die betrokke LUR van 'n provinsie kan 'n ooreenkoms betreffende die bestuur van skadeveroorsakende diere wat oorspronklik uit 'n bewaringsgebied voortkom met die bestuursowerheid van 'n bewaringsgebied aangaan.[1821] Provinsiale departemente en bestuursowerhede van bewaringgebiede wat oor 'n staande permit beskik,[1822] kan besluit om 'n gelyste wildspesie, wat op 'n gegewe oomblik as 'n skadeveroorsakende dier bestempel word, te vang en te hervestig, uit te dun[1823] of te jag en dood te maak.[1824] In die geval waar mense se lewens deur 'n skadeveroorsakende dier bedreig word, is 'n grondeienaar gemagtig om die dier uit selfverdediging dood te maak.[1825] Die voorval moet egter in só geval binne 24 uur aan die provinsiale departement gerapporteer word.[1826] Die voorval sal ondersoek word om te bepaal of die gelyste wildspesie werklik 'n skadeveroorsakende dier was.[1827] Indien die provinsiale departement bepaal dat die gelyste wildspesie nie 'n skadeveroorsakende dier was nie, sal die persoon wat die betrokke gelyste wildspesie doodgemaak het, van 'n misdaad aangekla word.[1828]

1819 Reg 1 van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*).

1820 Reg 14(1) van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*).

1821 Reg 14(2) en 74 van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*). Sien ook, in die geval van skadeveroorsakende diere wat uit nasionale parke ontsnap, doelwit 8 van die *Biodiversity Policy and Strategy for South Africa: Strategy on Buffer Zones for National Parks* (soos vervat in AK 106 in SK 35020 van 8 Februarie 2012).

1822 Verwys na reg 5(2)(a) en 5(2)(c) van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*).

1823 Anders gestel: "cull".

1824 Reg 14(2) en 14(4) van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*). Verbode jagmetodes mag wel in die geval van skadeveroorsakende diere gebruik word, sien reg 14(4)-(6) van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*).

1825 Reg 14(3) van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*).

1826 Reg 14 (3)(a) van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*).

1827 Reg 14 (3)(b) van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*).

1828 Reg 14(3)(b) van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*).

Addisionele norme en standaarde is gedurende 2016 ontwikkel om skadeveroorsakende diere in Suid-Afrika te bestuur.[1829]

Die bedrywighede van gevange telingsfasiliteite,[1830] kommersiële uitstalfasiliteite,[1831] kwekerye,[1832] wetenskaplike instansies,[1833] rehabilitasiefasiliteite[1834] en wildspesiehandelaars[1835] wat gelyste wildspesies hanteer, word deur 'n omvattende registrasieproses gereguleer om 'n registrasiesertifikaat (wat vir 'n maksimum tydperk van 36 maande geldig is)[1836] te bekom.[1837] Indien die voorgenoemde bedrywighede se

---

1829 Sien AK 749 in SK 40412 van 10 November 2016 (*Norms and Standards for the Management of Damage-Causing Animals in South Africa*). 'n Volledige bespreking rakende skadeveroorsakende diere val buite die bestek van hierdie proefskrif.

1830 Anders gestel: "captive breeding facility". Reg 1 van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*) definieer "bred in captivity" of "captive bred" as 'n gelyste wildspesie wat in 'n gekontroleerde omgewing geteel is. Die voorgenoemde regulasie definieer ook "captive breeding operation" as 'n fasiliteit wat gelyste wildspesies in 'n gekontroleerde omgewing vir natuurbewaring of vir kommersiële doeleindes teel; en "commercial purposes" word gedefinieer as "in relation to a restricted activity involving a specimen of a listed threatened or protected species, means that the primary purpose of the restricted activity is to obtain economic benefit, including profit in cash or in kind, and is directed towards trade, exchange or another form of economic use or benefit."

1831 Anders gestel: "commercial exhibition facility". Só 'n fasiliteit hou gelyste wildspesies vir vertoningsdoeleindes aan. Dit sluit onder meer dieretuine, akwariums en reisuitstallings in. Sien reg 1 van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*).

1832 Anders gestel: "nursery". 'n Kwekery is 'n fasiliteit wat gelyste plantspesies verkoop of kunsmatig kweek vir kommersiële doeleindes. Sien reg 1 van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*).

1833 Anders gestel: "scientific institution". Die instansies verwys na museums, regeringsinstellings verantwoordelik vir navorsing, 'n onafhanklike navorsingseenheid, tersiêre instansies of herbariums wat gelyste wildspesies vir navorsingsdoeleindes aanhou of gebruik. Sien reg 1 van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*).

1834 'n Rehabilitasiefasiliteit is 'n "registered facility equipped for the temporary keeping of live specimens of a listed threatened or protected species for (a) treatment and recovery purposes, in the case of sick or injured specimens; (b) rearing purposes, in the case of young orphaned specimens; (c) quarantine purposes; or (d) relocation, with the overall intent to release the species." Sien reg 1 van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*).

1835 'n "Registered wildlife trader" is 'n "person who may hawk, peddle, barter, exchange, offer, advertise, expose or have in his or her possession for the purpose of exhibition, display, sale, hawking, peddling, bartering or exchanging, any listed threatened or protected species, and includes taxidermists and game capturers." Sien reg 1 van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*).

1836 Reg 34(1)(f) van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*).

1837 Sien reg 27-50 van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*).

regmatige handelinge met onregmatige handelinge en bedrywighede vermeng raak, skep dit groot uitdagings vir regerings om wildmisdaad te bekamp.[1838]

'n Permithouer (of sertifikaathouer) wat buite die voorwaardes van die permit optree, kan strafregtelik van dieselfde misdaad as 'n oortreder sonder 'n permit aangekla word.[1839] Verder is enige persoon wat die inhoud van 'n permit verander, bywerk, fabriseer, vervals of 'n bedrieglike en vals verklaring betreffende enige aspek rakende die doel of inhoud van die permit aflê, ook skuldig aan 'n misdaad.[1840] Die minister kan by wyse van 'n kennisgewing in die *Staatskoerant* 'n persoon of 'n kategorie van persone uitsonder wat daarvan vrygestel word om in die geval van 'n misdaad aangekla te word.[1841]

'n Omgewingsbestuursinspekteur beskik oor die mag om met enige vermeende oortreder 'n onderhoud te voer of te ondervra; enige vermeende oortreder te versoek om die oorspronklike kopie van die relevante permit of sertifikaat te voorskyn te bring; 'n ondersoek na enige vermeende oortredings te loods; enige bewysstukke (insluitende enige items, wildspesies (of neweprodukte), middele of toerusting) wat vermoedelik in die pleging van 'n misdaad gebruik is, te versamel en te verwyder; enige verbandhoudende dokumentasie te fotokopieer of te verwyder; en fotografiese of audiovisuele beeldmateriaal van enige toneel, toerusting of persoon vir die doeleindes van 'n ondersoek of roetine-inspeksie vas te vang.[1842] Bykomend tot die voorgenoemde magte, word 'n omgewingsbestuursinspekteur as 'n vredesbeampte geag wat gemagtig is om alle magte soos vervat in die *Strafproseswet* 51 van 1977

1838 Regmatige handelinge word deur wetgewing veroorloof en gereguleer, terwyl onregmatige handelinge meestal op die onvolhoubare uitbuiting van bewaarde of bedreigde wildspesies berus, met die doel om onregmatige markte van dié wildspesies en hul neweprodukte te voorsien. 'n Omvattende bespreking van al dié instansies se bedrywighede val buite die bestek van hierdie proefskrif, maar sekere verbintenisse met wildmisdaad is in 2.3.1 van die proefskrif uitgelig.

1839 Artikel 101(2)(b) van die NEMBA.

1840 Artikel 101(3) van die NEMBA.

1841 Artikel 57(4) van die NEMBA. Die minister se optrede is egter onderhewig aan die konsultasieproses in aa 99 en 100 van die NEMBA. Nog geen kennisgewing van die aard is sover met betrekking tot die verrigting van "restricted activities" teenoor kritiek bedreigde, bedreigde, kwesbare en ikoniese inheemse wildspesies uitgereik nie.

1842 Artikel 31G, 31H, 31I van die NEMA.

uit te oefen.[1843] Die *Endangered Wildlife Trust*[1844] bevind dat omgewingsbestuursinspekteurs en ander regeringsbeamptes uitdagings ervaar in hul plig om die nakoming, afdwinging en monitering van biodiversiteitswetgewing te handhaaf. Dié uitdagings hou vernaamlik verband met kapasiteitsboubeperkings betreffende voldoende opleiding, toerusting, hulpbronne en om opgeleide, ervare personeelbeamptes te behou.[1845]

Wat strafoplegging betref, bepaal die NEMBA dat 'n oortreder by skuldigbevinding 'n boete van maksimum R10 miljoen of alternatiewelik gevangenisstraf van maksimum tien jaar, of 'n kombinasie van beide strawwe, opgelê kan word.[1846] Die *Threatened or Protected Species Regulations* bepaal dat 'n eerste oortreder 'n boete van maksimum R5 miljoen, alternatiewelik gevangenisstraf van maksimum 5 jaar of 'n kombinasie van beide 'n boete en gevangenisstraf opgelê kan word.[1847] Die voorgenoemde regulasies bepaal voorts dat 'n oortreder wat 'n misdaad by herhaling pleeg 'n boete van maksimum R10 miljoen of alternatiewelik gevangenisstraf van maksimum tien jaar, of 'n kombinasie van beide strawwe, opgelê kan word.[1848] 'n Landdroshof beskik oor die jurisdiksie om sake van die aard aan te hoor en dienooreenkomstig die boete of gevangenisstraf aan die oortreder op te lê.[1849]

[1843] Sien in hierdie verband a 31H(5) van die NEMA wat bepaal dat 'n omgewingsbestuursinspekteur bevoeg is om enige magte soos in hoofstuk 2, 5, 7, en 8 van die *Strafproseswet* 51 van 1977 vervat, uit te voer; a 334 van die *Strafproseswet* 51 van 1977.

[1844] Endangered Wildlife Trust *Scoping Report: Investigating the Challenges Facing Compliance, Monitoring and Enforcement of South Africa's Biodiversity Legislation and Recommendations for Improvement* 18. Die *Endangered Wildlife Trust*, in samewerking met sekere Suid-Afrikaanse akademici, het gedurende 2010 empiriese navorsing onderneem om uitdagings in die nakoming, afdwinging en monitering van Suid-Afrikaanse biodiversiteitsbestuurwetgewing te identifiseer en dienooreenkomstig aanbevelings ter verbetering daarvan te maak.

[1845] Endangered Wildlife Trust *Scoping Report: Investigating the Challenges Facing Compliance, Monitoring and Enforcement of South Africa's Biodiversity Legislation and Recommendations for Improvement* 18.

[1846] Artikel 102(1) van die NEMBA.

[1847] Reg 74 van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*).

[1848] Reg 74 van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*).

[1849] Artikel 102(30 van die NEMBA

4.4.1.2 Regulering van die stroop van inheemse wildspesies op provinsiale vlak

Terwyl die NEMBA nasionale standaarde vir die beskerming van kritiek bedreigde, bedreigde, kwesbare en ikoniese inheemse wildspesies stel,[1850] is die onderskeie provinsies die uitdagende taak opgelê om enige ander inheemse wildspesies in Suid-Afrika te bewaar.[1851] In terme van provinsiale wetgewing geniet 'n groter poel inheemse wildspesies beskerming teen wildmisdaad, aangesien veel meer klasse van inheemse wildspesies in provinsiale wetgewing onderskei word.[1852] In sekere gevalle geniet alle wildspesies binne 'n provinsie se grense sonder uitsondering dieselfde mate van beskerming.[1853] In gevalle waar 'n spesifieke wildspesie provinsiaal byvoorbeeld as "ordinary game" gelys is, maar in terme van NEMBA as 'n kritiek bedreigde, bedreigde, kwesbare of ikoniese inheemse wildspesie gelys is, sal die nasionale klassifikasie (wat in terme van NEMBA groter beskerming aan die betrokke wildspesie bied) geld.[1854] Dit staan provinsies vry om wildspesies te identifiseer wat binne die provinsie se grense groter beskerming verlang as wat daar nasionaal (in terme van NEMBA) aan die wildspesie gegun word.[1855]

Provinsiale wetgewing maak voorsiening vir die proklamasie van provinsiale natuurreservate op staatseiendom[1856] en vir die oprigting van privaat natuurreservate op privaat grondeienaars se eiendom.[1857] Provinsiale wetgewing tref deurlopend 'n onderskeid tussen die bewaring van wildspesies wat binne die grense van provinsiale natuurreservate voorkom en wildspesies wat buite provinsiale natuurreservate

---

1850 Sien 4.4.1.1 van die proefskrif.

1851 Rumsey "Terrestrial Wild Animals" 420.

1852 Sien 4.3 van die proefskrif.

1853 Sien bv. aa 7, 9, 14(1), 15(b), 16(b) van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)*; aa 29, 31, 33, 44(1)(a) van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)*; aa 27, 41, 42 van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*; a 38 van die *Limpopo Environmental Management Act*; a 9, 17, 26 van die *Northern Cape Nature Conservation Act*.

1854 Rumsey "Terrestrial Wild Animals" 421.

1855 Rumsey "Terrestrial Wild Animals" 422.

1856 Sien bv. a 35 van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)*; a 6 van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)*; a 14 van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*; aa 2, 145 van die *KwaZulu-Natal Nature Conservation Act*;; a 15 van die *Limpopo Environmental Management Act*; a 9 van die *North West Biodiversity Management Act*.

1857 Die oprigting van 'n privaat natuurreservaat vind plaas by wyse van 'n aansoek deur 'n grondeienaar. Sien bv. a 36 van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)*; a 12 van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)*; a 50 van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*; a 21 van die *Limpopo Environmental Management Act*;

voorkom.[1858] Soos reeds genoem, geniet wildspesies wat binne bewaringsgebiede voorkom by verstek meer beskerming as wildspesies wat buite bewaringsgebiede voorkom.[1859] Dieselfde geld in die geval van wildspesies wat binne provinsiale natuurreservate voorkom, teenoor spesies wat buite hierdie gebiede voorkom.[1860] 'n Beampte van die betrokke provinsiale regeringsdepartement of natuurbewaringsagentskap wat met die nodige volmag beklee is,[1861] mag enige persoon in 'n provinsiale natuurreservaat arresteer indien die beampte vermoed dat die persoon 'n wetsoortreding, soos wildstropery, binne die grense van die provinsiale natuurreservaat beplan of reeds gepleeg het.[1862] Dit is byvoorbeeld gronde vir arrestasie om in besit van verbode toestelle soos draadstrikke, nette en slagysters te wees[1863] en om 'n vuurwapen sonder die nodige lisensie te besit of af te vuur.[1864] 'n Beampte mag byvoorbeeld ook 'n persoon arresteer wat in besit van 'n wildspesie se karkas is, waar die beampte vermoed dat die wildspesie onregmatig gestroop is en waar die persoon geen bevredigende rede aanbied waarom die karkas in sy besit is nie.[1865] Daar word verder in sekere gevalle, addisioneel tot omgewingsbestuursinspekteurs,[1866] vir die aanstelling van "environmental compliance officers" en "nature conservators" voorsiening gemaak.[1867] Hierdie beamptes is gemagtig om enige eiendom te betree en ondersoek in te stel indien dié beampte

---

1858 Kidd *Environmental Management* par 521.

1859 Sien 4.4.1.1 van die proefskrif.

1860 Kidd *Environmental Management* par 521.

1861 Sien bv. a 5 van die *KwaZulu-Natal Nature Conservation Act*.

1862 Sien bv. a 11 van die *KwaZulu-Natal Nature Conservation Act*.

1863 Sien bv. a 10 van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)*; a 22 van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*; aa 47, 48(2), 55 van die *Nature Conservation Ordinance (Natal)*; a 12 van die *Mpumalanga Nature Conservation Act*. Kidd *Environmental Management* par 545 bepaal dat dit kommerwekkend is dat die vervaardiging van die verbode toestelle nie tans deur wetgewing gereguleer word nie.

1864 Artikels 3-4 van die *Firearms Control Act* 60 van 2000.

1865 Sien bv. a 40(1)(g) van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)*; a 37(1)(b) van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*; a 39(1) van die *Nature Conservation Ordinance (Natal)*; a 42 van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)*; a 43(2) van die *Limpopo Environmental Management Act*; a 27 van die *Mpumalanga Nature Conservation Act*; a 12(3) van die *Northern Cape Nature Conservation Act*.

1866 Sien 4.3 van die proefskrif.

1867 Sien bv. a 94 van die *Limpopo Environmental Management Act*; a 3 van die *Mpumalanga Nature Conservation Act*.

vermoed dat ’n wetsoortreding binne die grense van die betrokke eiendom plaasvind of reeds plaasgevind het.[1868]

Provinsiale wetgewing maak van uitgebereide permit- en sertifikaatstelsels gebruik om sekere handelinge teenoor wildspesies te reguleer.[1869] Dit wissel van provinsie tot provinsie, maar in die algemeen word ’n permit of sertifikaat benodig om die volgende handelinge teenoor sekere wildspesies (neweprodukte ingesluit) te verrig: jag, besit, vang, versamel, invoer, uitvoer, vervoer, verwerking en verkoop.[1870] Indien ’n persoon ’n voorgenoemde handeling sonder ’n permit, binne ’n provinsiale natuurreservaat of op ’n privaat natuurreservaat sonder toestemming uitvoer, kan die persoon strafregtelik van ’n misdaad aangekla en vervolg word.[1871] Die LUR wat vir omgewingsake in die provinsie verantwoordelik is, is gewoonlik die aangewese administrateur wat die nodige permitte en sertifikate uitreik.[1872]

Insake handelinge wat op vlak 1 van wildmisdaad voorkom,[1873] kom die regulering van die jag van wildspesies prominent in provinsiale wetgewing na vore.[1874] "Jag" sluit verskillende handelinge in, wat nie te alle tye met die doodmaak van ’n wildspesie verband hou nie.[1875] Handelinge wat met die jag van wildspesies verband hou, sluit in die vang van, naspoor van, wag op, uitlok, opsetlike steuring, enige poging om te dood en die skiet op ’n wildspesie.[1876] "Jag" sluit ook die versameling of vernietiging van ’n voël of reptiel se eiers in.[1877] Die opsetlike steuring van ’n wildspesie, selfs sonder die voorneme om die wildspesie in die oomblik dood te maak of te vang, kan

---

1868 Sien bv. a 96 van die *Limpopo Environmental Management Act*; a 90 van die *Mpumalanga Nature Conservation Act*.

1869 Sien bv. aa 33-36 van die *Nature Conservation Ordinance (Natal)*; a 37 van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)*; aa51-57 van die *North West Biodiversity Management Act*.

1870 Sien bv. a 44 van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*.

1871 Sien bv. van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)*; van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*; van die *Nature Conservation Ordinance (Natal)*; aa 85-86 van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)*.

1872 Sien bv. a 97 van die *Limpopo Environmental Management Act*. Sien bv. die definisie van "responsible member" in a 1 van die van die *North West Biodiversity Management Act*.

1873 Verwys na 2.3.1 van die proefskrif.

1874 Kidd *Environmental Management* par 533.

1875 Kidd *Environmental Management* par 533.

1876 Sien bv. die definisie van "hunt" in a 1 van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)*; a 1 van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)*.

1877 Sien bv. die definisie van "hunt" in a 1 van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*.

byvoorbeeld as die jag van 'n wildspesie geïnterpreteer word, aangesien dit op die breër mandaat van natuurbewaring inbreuk kan maak.[1878] Die bedoeling van die betrokke persoon is in so 'n geval van wesenlike belang,[1879] aangesien 'n wildspesie byvoorbeeld nagespoor of uitgelok kan word om bloot 'n foto van die wildspesie te neem of om die wildspesie in sy natuurlike habitat waar te neem.[1880]

'n Jagpermit of -sertifikaat is 'n voorvereiste om wildspesies te jag. Die jag van wildspesies word selde op provinsiale natuurreservate toegelaat, aangesien talle beperkinge binne die grense van provinsiale natuurreservate geld.[1881] In die geval waar wildspesies op 'n privaat grondeienaar se eiendom of op 'n privaat natuurreservaat gejag word, benodig die voornemende jagter skriftelike toestemming van die grondeienaar.[1882] Indien 'n wildspesie sonder die nodige jagsertifikaat of toestemming gejag word, is dit 'n misdaad.[1883] Indien 'n persoon byvoorbeeld enige eiendom waarop wildspesies voorkom sonder toestemming of 'n regmatige rede betree en boonop in besit van 'n wapen of ander jagtoestel is, kan die persoon van 'n misdaad aangekla word.[1884] Die grondeienaar (en soms 'n okkupeerder van die grond, werknemer of

---

1878 *S v Hellerle and Others* 1969 1 SA 420(N) 425.

1879 Sien in die algemeen die bespreking in *R v Carter and Others* 1954 2 SA 317 (E) 319.

1880 Kidd *Environmental Management* par 533.

1881 Artikel 35(3) van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)* verbied bv. die jag van alle wildspesies binne 'n provinsiale natuurreservaat. Sien verder bv. a 9 van die *Mpumalanga Nature Conservation Act*. Sien ook Rumsey "Terrestrial Wild Animals" 422. Artikel 14 van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)* verbied byvoorbeeld die jag van alle wildspesies in 'n provinsiale natuurreservaat, mits die betrokke persoon oor 'n jagpermit beskik.

1882 Sien bv. aa 16(1)(b), 18(1)(a)(ii), 19, 24(1), 28(1) van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*, aa 5(c), 18, 21(1)(a) van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)*; aa 34(1)(c), 34(2)(b), 35(1)(b), 35(2)(b), 42(1) van die *Nature Conservation Ordinance (Natal)*; aa 39, 40, 85 van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)*; a 17(1) van die *North West Biodiversity Management Act*.

1883 Sien bv. aa 16(1)(b), 18(1)(a)(ii), 19, 24(1), 28(1) van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*, aa 5(c), 18, 21(1)(a) van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)*; aa 33(1)(b), 34(1)(c), 34(2)(b), 35(1)(b), 35(2)(b), 42(1) van die *Nature Conservation Ordinance (Natal)*; aa 39, 40, 85 van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)*; a 14 van die *Northern Cape Nature Conservation Act*. Sien ook in hierdie verband *S v Venter en 'n Ander* [1979] 3 All SA 652 (T).

1884 Sien bv. a 21(1)(a) van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)*; a 24 van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*; a 42(2) van die *Nature Conservation Ordinance (Natal)*; a 21(1) van die *Limpopo Environmental Management Act*; a 15(1) van die *Mpumalanga Nature Conservation Act*; a 21(1) van die *Northern Cape Nature Conservation Act*. Sien ook in die algemeen die bepalings van die *Wet op Oortreding* 6 van 1959.

naasbestaande van die grondeienaar)[1885] word in sekere gevalle kwytgeskel om aan die vereistes van die sertifikaatstelsel te voldoen.[1886] Uitsonderings betreffende die jag van wildspesies buite jagseisoene, jagmetodes, skadeveroorsakende wildspesies en die aanhouding van wildspesies word vir die grondeienaar in sy persoonlike hoedanigheid gemaak.[1887] Die uitsonderings is in sekere gevalle aan die toereikende omheining van die grondeienaar se grond onderhewig.[1888]

In die algemeen word jagmetodes en -toestelle gereguleer en beperk. Die permit of sertifikaat stipuleer meestal die jagmetode of -toestel wat gebruik mag word om 'n wildspesie te jag.[1889] In die algemeen word die volgende jagmetodes verbied: die gebruik van jaghonde, vuur (om wildspesies uit 'n area te dryf), gif, draadstrikke, slagysters, nette, putte, voëllym, valkuile, vanghokke, pyle en boë, outomatiese wapens en plofstof.[1890] Die jag van wildspesies op of vanaf 'n publieke pad is ook verbode.[1891] Verder word onder meer jagseisoene, kwotas, jag gedurende die aand, jag op 'n Sondag en die aanhouding van wildspesies ook in terme van provinsiale wetgewing gereguleer.[1892]

1885 Sien bv. die definisie van "relative" in a 2 van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)* wat bepaal dat 'n naasbestaande van 'n grondeienaar die volgende persone insluit: die eggenoot, ouer, stiefouer, voog, skoonseun, kind, stiefkind, aangenome kind, broer, suster of kleinkind (van die grondeienaar).

1886 Rumsey "Terrestrial Wild Animals" 422; Kidd *Environmental Management* par 535.

1887 Sien bv. aa 17(1)(b), 17(1)(f), 18(1)(b), 19(1), 21(1), 47 van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*; aa 2(3), 4, 5(a)-(b), 8(i), 9(i), 36(3) van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)*; aa 34(1)(c), 34(2)(a), 34(3), 48(3), 61 van die *Nature Conservation Ordinance (Natal)*; aa 13(a), 27(2), 36, 47 van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)*, aa 7(1)(b), 7(1)(f), 9, 11(f)(ii), 18 van die *Mpumalanga Nature Conservation Act*; aa 31, 38(2)(a) van die *Limpopo Environmental Management Act*; aa 5(1)-(2), van die *Northern Cape Nature Conservation Act*.

1888 Sien bv. a 47 van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*.

1889 Kidd *Environmental Management* par 534.

1890 Die verbode jagmetodes en -toestelle is sekere gevalle net op sekere klasse van wildspesies van toepassing en verskille kom tussen provinsies voor. In sekere gevalle kan sekere jagmetodes en -toestelle gebruik word om skadeveroorsakende wildspesies te jag. Sien bv. aa 7-9, 40 van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)*; a 21 van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*; aa 48(1), 55 van die *Nature Conservation Ordinance (Natal)*; aa 29-30, 32-33 van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)*; aa 11, 13, 18 van die *Mpumalanga Nature Conservation Act*; a 38 van die *Limpopo Environmental Management Act*; a 9 van die *Northern Cape Nature Conservation Act*; aa 15, 21-22, 24 van die *North West Biodiversity Management Act*.

1891 Sien bv. a 11 van die *Northern Cape Nature Conservation Act*.

1892 Sien bv. aa 6(a)-(b), 40 van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)*; aa 17(1)(b), 17(1)(d), 20 van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*; aa 31(2), 48(1), 55 van die

Die vang, besit, beheer en aanhouding van wildspesies sonder 'n permit of 'n lisensie is in die meeste provinsies 'n misdaad.[1893] 'n Permit of 'n sertifikaat sal die toestande en vereistes meld waaronder 'n wildspesie aangehou mag word.[1894] By oortreding van die permit of sertifikaat se voorwaardes en vereistes, kan die permit of sertifikaat teruggetrek of gekanselleer word.[1895] Verdere aspekte wat in terme van provinsiale wetgewing gereguleer word, is die besit en aanhouding van eksotiese wildspesies,[1896] die hantering van skadeveroorsakende wildspesies[1897] en die registrasie en permitte van professionele jagters.[1898]

Nature Conservation Ordinance (Natal); aa 29(e), aa 27(1)(a), 85 van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)*; aa 7, 10 van die *Mpumalanga Nature Conservation Act*; aa 31(1)(d), 32 van die *Limpopo Environmental Management Act*; aa 6, 9(1)(d) van die *Northern Cape Nature Conservation Act*.

1893 Sien bv. aa 14, 19(1)(b), 20, 49 van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)*; aa 25, 27-29, 39, 44(1)(b), 45 van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*; aa 37(1), 38(1), 55, 79-80, 86, 90, 102(1)-(2), 109, 118(1), 130 van die *Nature Conservation Ordinance (Natal)*; aa 31, 85 van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)*; a 29 van die *Mpumalanga Nature Conservation Act*; a 35 van die *Limpopo Environmental Management Act*; a 17 van die van die *Northern Cape Nature Conservation Act*; aa 15, 21 van die *North West Biodiversity Management Act*.

1894 Kidd *Environmental Management* par 539.

1895 Sien bv. a 53(9) van die *North West Biodiversity Management Act*.

1896 "Exotic animal" word bv. in a 1 van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)* gedefinieer as "any live vertebrate, including a bird and reptile but excluding a fish, belonging to a species which is not a recognized domestic species and the natural habitat of which is not in the Republic… and includes the egg of such animal." Sien bv. aa 16(b), 19(1)(b), 40(1)(d) van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)*; aa 29, 44(1)(a)-(b) van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*; aa 52, 53, 80-81, 123-124 van die *Nature Conservation Ordinance (Natal)*; aa 31, 44(1)(a) van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)*; aa 16-17 van die *KwaZulu Natal Nature Conservation Act*; aa 34 van die *Mpumalanga Nature Conservation Act*; a 18 van die *Northern Cape Nature Conservation Act*. Sien bv. 2.5 van die proefskrif waar die besit en aanhouding van eksotiese troeteldiere as 'n dryffaktor van wildmisdaad geïdentifiseer is.

1897 Sien bv. aa 36A-36E van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)*; aa 55-66 van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*; aa 44-50 van die *Mpumalanga Nature Conservation Act* (dié wet verwys in hierdie verband na "problem animals"); a 26 van die *North West Biodiversity Management Act*; aa 28-31 van die *Northern Cape Nature Conservation Act*; a 8 van die *Bophuthatswana Nature Conservation Act*.

1898 Sien bv. aa 49-53 van die *Limpopo Environmental Management Act*; aa 40-43 van die *Mpumalanga Nature Conservation Act*; aa 38-48 van die *North West Biodiversity Management Act*; a 27 van die *Northern Cape Nature Conservation Act*; aa 72A-72E van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)*; aa 51-54 van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*. Sien in die algemeen die bespreking in Rumsey "Terrestrial Wild Animals" 406-407 rakende die regulering van die professionele jagindustrie in Suid-Afrika.

Elke provinsie se wetgewing maak individueel voorsienning vir strafregtelike sanksies in die vorm van boetes of gevangenisstraf.[1899]

4.4.2 Vlak 2

Vlak 2 handelinge behels die vervoer van wildspesies en hulle neweprodukte na verskillende punte en die dienooreenkomstige onregmatige handel daarin.[1900]

4.4.2.1 Regulering van die vervoer van en handel in gelyste inheemse wildspesies op nasionale vlak

In hoofstuk 2 van die proefskrif is beskryf hoe die vervoer van wildspesies onlosmaaklik van onregmatige handel in wildspesies deel uitmaak en dat die betrokke rolspelers op 'n kreatiewe dog gesofistikeerde wyse te werk gaan om wildspesies tussen verskillende punte te vervoer.[1901] In terme van NEMBA is die vervoer of verskuiwing van lewendige of dooie gelyste wildspesies sonder 'n permit (om watter rede ook al) binne Suid-Afrika verbode.[1902] 'n Permithouer van 'n staande permit,[1903] 'n grondeienaar van 'n geregistreerde wildplaas met 'n jagpermit,[1904] 'n persoon met 'n

---

1899 Sien bv. a 40 van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)*; aa 85-86 van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)*; a 111 van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*; aa 12, 35 van die van die *KwaZulu Natal Nature Conservation Act*; a 117 van die *Limpopo Environmental Management Act*; aa 68-69 van die van die *North West Biodiversity Management Act*; aa 66-67 van die *Northern Cape Nature Conservation Act*.

1900 Sien 2.3.2 van die proefskrif.

1901 Sien 2.3.2 van die proefskrif.

1902 Artikel 57(1) van die NEMBA. Sien die definisie van "restricted activity" in a 1 van die NEMBA wat bepaal dat die "conveying, moving or otherwise translocating any specimen of a listed threatened or protected species" (sonder 'n permit) as 'n "restricted activity" beskou word. Sien ook 4.3 van die proefskrif.

1903 Persone wat kwalifiseer vir 'n staande permit is in reg 5(2) van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*) gelys.

1904 Reg 5(3) van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*).

"possession permit"[1905] en ’n geregistreerde wildspesiehandelaar met ’n "personal effects permit"[1906] is gemagtig om gelyste wildspesies te vervoer of te verskuif.[1907]

’n Omgewingsbestuursinspekteur is gemagtig om binne sy/haar mandaat sonder ’n lasbrief enige pakdier se vrag te ondersoek, voertuig, vaartuig of vliegtuig binne te gaan of te deursoek en op enige van hierdie vervoermiddels beslag te lê op grond van ’n redelike vermoede dat die betrokke vervoermiddel gebruik word om permitvoorwaardes of wetgewende bepalings te oortree.[1908] In die geval waar ’n omgewingsbestuursinspekteur gelyste wildspesies of hul neweprodukte binne die vervoermiddels vind, moet die omgewingsbestuursinspekteur die betrokke persoon versoek om die oorspronklike kopie van die relevante permit voor te lê.[1909] Indien die omgewingsbestuursinspekteur enige onreëlmatighede teëkom, is die omgewingsbestuursinspekteur gemagtig om met die proses voort te gaan om op die vervoermiddel asook die wildspesies of hul neweprodukte beslag te lê.[1910] Dienooreenkomstig beskik ’n omgewingsbestuursinspekteur in hierdie verband oor dieselfde magte as ’n lid van die SAPD.[1911]

Suid-Afrika is ’n ondertekenaar en lidland van die CITES, ’n internasionale verdrag wat maatreëls daarstel om internasionale handel in bedreigde wildspesies te reguleer of

---

1905 Reg 5(5) van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*). Volgens reg 1 van die voorgenoemde regulasies, word ’n "possession permit" gedefinieer as ’n "permit for keeping or conveying a specimen of a listed threatened or protected species for personal use in a person's possession without carrying out any other restricted activity."

1906 Reg 5(6) van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*). Volgens reg 1 van die voorgenoemde regulasies, word ’n "personal effects permit" gedefinieer as ’n "permit issued by the issuing authority to a registered wildlife trader, authorising a person to buy dead or live specimens of a listed threatened or protected species, including products derived from such species, for non-commercial purposes, from the registered wildlife trader and for such person to transport or convey and keep it in his or her possession for a period specified on the permit or to export it from the Republic".

1907 Volgens reg 23 van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*), in die geval waar ’n persoon aansoek doen om die verskuiwing van ’n gelyste wildspesie na ’n uitgebreide natuurstelsel, moet die uitreikingsowerheid, alvorens ’n permit uitgereik word, oorweeg of die uitgebreide natuurstelsel binne die natuurlike verspreidingsgebied van die betrokke wildspesie is, en dat geen risiko vir siekteoordrag en kruisteelt bestaan nie. Volgens reg 12 van GK R173 in SK 33002 van 5 Maart 2010 (*Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations*) word geen ekstra CITES permitte benodig om wildspesies wat op die CITES-bylae gelys is binne Suid-Afrika te vervoer nie.

1908 Artikel 31I, 31J, 31K van die NEMA.

1909 Artikel 31I(5)(a)-(b) van die NEMA.

1910 Artikel 31I, 31J van die NEMA.

1911 Artikel 31J(7) van die NEMA; 13(8) van die *South African Police Service Act*.

selfs in sekere gevalle te verbied.[1912] Suid-Afrika het die CITES reeds in 1975 geratifiseer, maar eers gedurende 2010 in nasionale wetgewing geïmplementeer deur die *Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations* onder die NEMBA te promulgeer.[1913] Die regsraamwerk wat deur die kombinasie van die NEMBA se bepalings en dié voorgenoemde regulasies geskep word, bevat 'n komplekse stelsel wat internasionale handel in wildspesies wat op die CITES bylae gelys is, binnelands reguleer.[1914]

In oorleg met die vereistes in die CITES, is 'n bestuursowerheid[1915] en wetenskaplike owerheid[1916] aangestel om die uitvoering van dié komplekse stelsel in Suid-Afrika te bewerkstellig.[1917] Die minister verantwoordelik vir omgewingsake is as die nasionale bestuursowerheid aangewys, terwyl die betrokke LUR van elke provinsie verantwoordelik vir omgewingsake die rol van provinsiale bestuursowerheid vervul.[1918] Die minister en LUR van elke provinsie is hiervolgens onderskeidelik vir die nasionale en provinsiale administratiewe implementering en afdwinging van die *Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations* en verbandhoudende regsraamwerk verantwoordelik.[1919] Die verantwoordelikhede van die minister as nasionale bestuursowerheid sluit in om die nakoming van enige bepalings betreffende handel in gelyste wildspesies as 'n "restricted activity" en die nakoming van die CITES se bepalings in Suid-Afrika te monitor.[1920] Die minister moet ook deurlopend met die wetenskaplike owerheid rakende internasionale handel in gelyste wildspesies

---

1912 Verwys na 2.7 van die proefskrif waar die aard, inhoud en werking van die CITES bespreek is.

1913 GK R173 in SK 33002 van 5 Maart 2010 (*Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations*). Voordat die voorgenoemde regulasies gepromulgeer is, is alle handel in wildspesies deur provinsiale wetgewing gereguleer en die afdwinging daarvan is uitsluitlik aan die betrokke provinsiale regeringsdepartemente en die provinsiale natuurbewaringsagentskappe oorgelaat.

1914 Paterson "Biological Diversity" 556.

1915 Sien bv. aa 3(2)(b)-(d), 3(3)(c), 4(2)(b)-(c), 5(2)(a)-(b), 6(7), en 8(4)(b) van die *Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora* (1973).

1916 Sien bv. aa 3(2)(a), 3(3)(a)-(b), 3(5)(a), 4(2)(a), 4(3), 4(6)(a), en 9 van die *Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora* (1973).

1917 Sien 2.7 van die proefskrif.

1918 Artikel 59 van die NEMBA; reg 3 van GK R173 in SK 33002 van 5 Maart 2010 (*Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations*).

1919 Artikel 59 van die NEMBA; reg 3 van GK R173 in SK 33002 van 5 Maart 2010 (*Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations*).

1920 Artikel 59(a) van die NEMBA.

konsulteer, verslae en ander dokumente in oorleg met die CITES se vereistes saamstel, administratiewe en tegniese bystand aan ander regeringsorgane bied om die CITES se bepalings in Suid-Afrika te implementeer en af te dwing en inligting oor die CITES aan die publiek beskikbaar stel.[1921] Hy of sy moet verder 'n stelsel en vereistes vir die verpligte of vrywillige registrasie van onder meer wildplase en gevange teelfasiliteite en 'n stelsel en vereistes vir die verpligte registrasie van professionele jagters en jaguitrusters instel.[1922]

Die bestuursowerheid word, in die uitvoering van administratiewe verpligtinge, deur die wetenskaplike owerheid onderskraag.[1923] 'n Wetenskaplike owerheid is ingevolge die *Threatened or Protected Species Regulations* byeengeroep[1924] en deur verskillende verteenwoordigers van die nasionale regeringsdepartement, provinsiale regeringsdepartement, SANParke, SANBI, natuurhistoriese museum en die Nasionale Dieretuine saamgestel.[1925] Die wetenskaplike owerheid kan as 'n plaaslike CITES sekretariaat beskryf word[1926] wat oor die volgende verantwoordelikhede beskik, naamlik om regmatige en onregmatige handel te moniteer; die bestuursowerheid te adviseer rakende die uitreik van permitte om "restricted activities" teenoor gelyste wildspesies te verrig; die minister te adviseer rakende verskeie aangeleenthede betreffende biodiversiteit; om wetenskaplik-gebaseerde bevindinge in belang van gelyste wildspesies se voortbestaan te maak;[1927] en aan omgewingsbestuursinspekteurs bystand te bied in die uitvoering van hul verantwoordelikhede.[1928] Die SANBI verleen logistieke ondersteuning in die vorm van

---

1921 Artikel 59(b)-(g) van die NEMBA.
1922 Artikel 59(b)-(g) van die NEMBA.
1923 Artikel 60-61 van die NEMBA; reg 4 van GK R173 in SK 33002 van 5 Maart 2010 (*Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations*).
1924 Reg 59 van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*).
1925 Reg 60 van GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007 (*Threatened or Protected Species Regulations*).
1926 Paterson "Biodiversity, Genetic Modification and the Law" par 13.5.4.4.
1927 Sien bv. AK 19 in SK 41393 van 23 Januarie 2018 (*Non-detriment Finding Assessment of Panthera Leo (African Lion)*).
1928 Artikel 61(1)(a)-(i) van die NEMBA.

administratiewe en finansiële bystand aan die wetenskaplike owerheid in die uitvoering van hul verantwoordelikhede.[1929]

Betreffende die uitvoer van enige wildspesie op Bylaag 1 en 2 van die CITES vanaf Suid-Afrika na 'n ander land, word 'n geldige Suid-Afrikaanse uitvoerpermit verlang.[1930] Om enige wildspesie op Bylaag 3 van die CITES vanaf Suid-Afrika na 'n ander land uit te voer, word 'n geldige Suid-Afrikaanse uitvoerpermit of sertifikaat van oorsprong verlang.[1931] 'n Uitvoerpermit sal slegs toegestaan word indien (a) die bestuursowerheid oortuig is dat die wildspesie wat uitgevoer word, regmatig bekom is; (b) die bestuursowerheid oortuig is dat die wildspesie vervoer sal word op 'n wyse wat nie 'n gevaar van besering, benadeling van gesondheid of enige wrede behandeling inhou nie; (c) die wetenskaplike owerheid wetenskaplik-gebaseerde bevindinge in belang van die wildspesie se voortbestaan gemaak het en die bestuursowerheid dienooreenkomstig geadviseer het; en (d) die ander land 'n geldige uitvoerpermit toegestaan het.[1932] In die geval van heruitvoere van wildspesies wat op Bylaag 1 tot 3 van die CITES gelys is, word 'n heruitvoersertifikaat verlang.[1933]

Betreffende die invoer van enige wildspesie op Bylaag 1 en 2 van die CITES vanaf 'n ander land na Suid-Afrika, word 'n geldige Suid-Afrikaanse invoerpermit asook 'n geldige uitvoerpermit of 'n heruitvoersertifikaat van die ander land vereis.[1934] Om enige wildspesie op Bylaag 3 van die CITES vanaf 'n ander land in Suid-Afrika in te voer, word 'n geldige Suid-Afrikaanse invoerpermit, 'n sertifikaat van oorsprong en 'n geldige uitvoerpermit van die land wat die betrokke wildspesie op Bylaag 3 gelys het,

---

1929 Artikel 60(2) van die NEMBA.

1930 Reg 6(1) van GK R173 in SK 33002 van 5 Maart 2010 (*Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations*).

1931 Reg 6(2) van GK R173 in SK 33002 van 5 Maart 2010 (*Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations*).

1932 Reg 6(3)(a)-(d) van die GK R173 in SK 33002 van 5 Maart 2010 (*Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations*).

1933 Reg 8 van die GK R173 in SK 33002 van 5 Maart 2010 (*Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations*). Soortgelyke vereistes word vir bekendstellings uit die see ("introductions from the sea") gemaak. Sien reg 9 van die GK R173 in SK 33002 van 5 Maart 2010 (*Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations*). 'n Bespreking rakende bekendstellings uit die see val buite die bestek van hierdie proefskrif.

1934 Reg 7(1), 7(3) van GK R173 in SK 33002 van 5 Maart 2010 (*Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations*).

verlang.[1935] Invoerpermitte sal slegs toegestaan word indien (a) die wetenskaplike owerheid bevestig dat die invoer nie nadelig is vir die wildspesie se voortbestaan nie; (b) die wetenskaplike owerheid oortuig is dat die ontvanger van die wildspesie oor geskikte fasiliteite beskik om die wildspesie te versorg en aan te hou; (c) die bestuursowerheid oortuig is dat, in die geval van 'n wildspesie wat op Bylaag 1 van die CITES gelys is, die wildspesie nie vir enige kommersiële doeleindes gebruik gaan word nie.[1936]

Die minister is die aangewese uitreikingsowerheid van 'n invoer-, uitvoer- of heruitvoerpermit as die betrokke gelyste wildspesie uit 'n nasionale bewaringsgebied kom of as die aansoek om 'n permit deur 'n regeringsdepartement, bewaringsgebied of die SANBI gebring is.[1937] In die geval van die invoer, uitvoer of heruitvoer van enige ander wildspesie, is die LUR verantwoordelik vir omgewingsake van die onderskeie provinsies die aangewese uitreikingsowerheid van 'n invoer-, uitvoer- of heruitvoerpermit.[1938] Uitvoer- en heruitvoerpermitte is vir 'n maksimum tydperk van ses maande vanaf die datum van uitreiking geldig,[1939] terwyl invoerpermitte vir 'n maksimum tydperk van twaalf maande vanaf die datum van uitreiking geldig is.[1940]

Die *Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations* lys moontlike oortredings wat tot strafregtelike vervolging kan lei.[1941] Geen persoon mag byvoorbeeld: (a) 'n gelyste wildspesie sonder 'n permit invoer, uitvoer, heruitvoer of buite 'n permit se voorwaardes handel nie;[1942] (b) 'n wildspesie in besit hê, beheer oor die wildspesie uitoefen, in die openbaar uitstal of te koop aanbied as die wildspesie

---

1935 Reg 7(4) van GK R173 in SK 33002 van 5 Maart 2010 (*Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations*).
1936 Reg 7(2)(a)-(b) van GK R173 in SK 33002 van 5 Maart 2010 (*Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations*).
1937 Artikel 87A(1)(b) van die NEMBA.
1938 Artikel 87A(2) van die NEMBA.
1939 Reg 10(2) van GK R173 in SK 33002 van 5 Maart 2010 (*Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations*).
1940 Reg 10(3) van GK R173 in SK 33002 van 5 Maart 2010 (*Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations*).
1941 Reg 16(1) van GK R173 in SK 33002 van 5 Maart 2010 (*Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations*).
1942 Reg 16(1)(a) van GK R173 in SK 33002 van 5 Maart 2010 (*Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations*).

op ’n onregmatige wyse bekom is nie;[1943] (c) aan merktekens peuter wat vir uitkenningsdoeleindes op gelyste wildspesies of hul neweprodukte aangebring is nie;[1944] (d) ’n permit of sertifikaat op enige bedrieglike wyse verander, vervaardig of vervals nie;[1945] en (e) ’n vervalste permit in sy of haar besit hê en daarmee handel dryf nie.[1946]

Die *Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations* bepaal dat ’n eerste oortreder ’n boete van maksimum R5 miljoen, alternatiewelik gevangenisstraf van maksimum 5 jaar of ’n kombinasie van beide ’n boete en gevangenisstraf opgelê kan word.[1947] Die voorgenoemde regulasies bepaal voorts dat ’n oortreder wat ’n misdaad by herhaling pleeg ’n boete van maksimum R10 miljoen of alternatiewelik gevangenisstraf van maksimum tien jaar, of ’n kombinasie van beide strawwe, opgelê kan word.[1948] ’n Oortreder wat ’n misdaad by herhaling pleeg, word ook belet om enige aansoek om ’n invoer-, uitvoer-, of heruitvoerpermit in die toekoms te bring.[1949]

4.4.2.2 Regulering van die vervoer van en handel in inheemse wildspesies op provinsiale vlak

Die vervoer van wildspesies sonder ’n permit is ’n strafbare oortreding in terme van provinsiale wetgewing.[1950] ’n Bepalende faktor in hierdie verband is die soort wildspesie

---

1943 Reg 16(1)(b) van GK R173 in SK 33002 van 5 Maart 2010 (*Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations*).

1944 Reg 16(1)(d) van GK R173 in SK 33002 van 5 Maart 2010 (*Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations*).

1945 Reg 16(1)(g)-(h) van GK R173 in SK 33002 van 5 Maart 2010 (*Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations*).

1946 Reg 16(1)(i) van GK R173 in SK 33002 van 5 Maart 2010 (*Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations*).

1947 Reg 16(2)(a)-(b) van GK R173 in SK 33002 van 5 Maart 2010 (*Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations*).

1948 Reg 16(2)(a)-(b) van GK R173 in SK 33002 van 5 Maart 2010 (*Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations*).

1949 Reg 16(2)(c) van GK R173 in SK 33002 van 5 Maart 2010 (*Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations*).

1950 Sien bv. aa 13-14, 19(1)(b), 40 van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)*; aa 38-39, 43-45 van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*; a 44(1)(a) van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)*; a 29 van die *Mpumalanga Nature Conservation Act*; a 15 van die *North West Biodiversity Management Act*; aa 3(d), 4 (d), 12 van die *Northern Cape Nature Conservation Act*.

wat vervoer word.[1951] In sekere gevalle word 'n verdere verbod op die vervoer van 'n wildspesie in onhigiëniese of onveilige omstandighede geplaas.[1952] Rumsey[1953] dui aan dat, volgens die individuele provinsiale permitstelsels, 'n afsonderlike permit deur elke provinsie uitgereik moet word om 'n wildspesie oor provinsiale grense te vervoer.

Die invoer en uitvoer van wildspesies (of karkaste)[1954] sonder 'n permit is in al die provinsies 'n oortreding.[1955]Soos reeds genoem, maak elke provinsie afsonderlik voorsiening vir uitgebreide permitstelsels wat die uitreik van permitte vir die invoer en uitvoer van wildspesies insluit.[1956] Sou 'n gelyste wildspesie van een provinsie na 'n ander provinsie vervoer word waar die spesifieke wildspesie nie gelys is nie, skep dit uitdagings wat die afdwinging van wetgewing oor provinsiale grense bemoeilik. Indien 'n persoon poog om sonder 'n permit 'n wildspesie in Suid-Afrika in te voer of uit te voer of buite sy/haar permit se voorwaardes handel, maak elke provinsie afsonderlik vir vervolging en strafoplegging voorsiening.[1957]

4.4.3 Vlak 3

Vlak 3 handelinge behels die verwerking van wildspesies tot verhandelbare neweprodukte.[1958]

1951 Kidd *Environmental Management* par 540.
1952 Sien bv. a 42(1) van die *Limpopo Environmental Management Act*.
1953 Rumsey "Terrestrial Wild Animals" 421.
1954 Sien bv. a 44(1)(b) van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)*.
1955 Sien bv. aa 15-16, 40 van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)*; aa 41-42, 44-45, 98 van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*; aa 51(1)-(2), 52, 55, 93, 99, 104, 109, 123, 125(1)-(2), 130 van die *Nature Conservation Ordinance (Natal)*; aa 44(1)(a)-(b), 85 van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)*; a 28 van die *KwaZulu Natal Nature Conservation Act*; a 41(b) van die *Limpopo Environmental Management Act*; aa 31-32 van die *Mpumalanga Nature Conservation Act*; aa 15, 23(h), 24 van die *North West Biodiversity Management Act*; aa 3-4, 56 van die *Northern Cape Nature Conservation Act*.
1956 Sien 4.4.1.2 van die proefskrif.
1957 Sien bv. a 40 van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)*; aa 85-86 van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)*; a 111 van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*; aa 12, 35 van die van die *KwaZulu Natal Nature Conservation Act*; a 117 van die *Limpopo Environmental Management Act*; aa 68-69 van die van die *North West Biodiversity Management Act*; aa 66-67 van die *Northern Cape Nature Conservation Act*.
1958 Sien 2.3.3 van die proefskrif.

4.4.3.1 Regulering van die verwerking van gelyste inheemse wildspesies tot verhandelbare neweprodukte op nasionale vlak

Die verwerking van gelyste wildspesies totverhandelbare neweprodukte is nie in die definisie van "restricted activity" in die NEMBA ingesluit nie.[1959] Die definisie bepaal wel dat die "destroying" (vernietiging), "possession" (besit) of "*any other prescribed activity* which involves a *specimen* of a listed threatened or protected species"[1960] sonder ’n permit ’n "restricted activity" is wat met ’n boete of gevangenisstraf strafbaar is.[1961]

Die insluiting van die gedeelte "any prescribed activity" in die definisie van "restricted activity" skep vir die minister ruimte om die interpretasie van "restricted activity" te eniger tyd uit te brei.[1962] Die voorgenoemde kan by wyse van die publikasie van ’n regulasie geskied om byvoorbeeld in die toekoms die verwerking van gelyste wildspesies tot neweprodukte by die definisie in te sluit.[1963]

Soos voorheen bespreek,[1964] verwys die term "specimen" onder meer na ’n dooie gelyste wildspesie, ’n deel van ’n gelyste wildspesie, ’n neweproduk van ’n gelyste wildspesie of ’n produk wat ’n neweproduk van ’n gelyste wildspesie bevat.[1965] Hoewel die NEMBA dus nie na die verwerking van gelyste wildspesies in die definisie van "restricted activity" verwys nie, maak die NEMBA voorsiening daarvoor om ’n persoon vir ’n misdaad te vervolg indien die betrokke persoon sonder ’n permit in besit van ’n

---

1959 Sien die definisie van "restricted activity" in a 1 van die NEMBA. Meer onlangs is voorstelle deur die Departement van Landbou ter tafel gelê om 33 wildspesies ingevolge die *Animal Improvement Act* 62 van 1998 as vee te herklassifiseer en om 98 wildspesies ingevolge die *Meat Safety Act* 40 van 2000 te lys. Selfs renosters, seekoeie, kameelperde en leeus is ingevolge hierdie herklassifikasies geraak. Die voorgenoemde wysigings kan die slag en verwerking van die gelyste wildspesies vir menslike verbruik toelaat, asook die teel van skaars, waardevolle en unieke wildspesies vir die trofeejagbedryf moontlik maak. Sommige kenners beskou die voorgenoemde wysigings in ’n kommerwekkende lig en verduidelik dat dit gelyste wildspesies onder NEMBA en die CITES in verdere gevaar stel en trofeejagters en eienaars van gevange telingsfasiliteite in ’n posisie plaas om die nakoming van die streng reguleringsmaatreëls in terme van NEMBA vry te spring. Sien bv. die argumente in Saunders 2020 https://bit.ly/3iHBjor; Ashby 2020 https://bit.ly/2SClXa3.

1960 Eie beklemtoning.

1961 Sien die definisie van "restricted activity" in a 1 van die NEMBA. Sien verder a 57 van die NEMBA.

1962 Sien die definisie van "restricted activity" in a 1 van die NEMBA. Sien verder a 57 van die NEMBA.

1963 Artikel 97 van die NEMBA.

1964 Sien 4.3 van die proefskrif.

1965 Sien die definisie van "specimen" in a 1 van die NEMBA.

neweproduk van 'n gelyste wildspesie is en by die vernietiging van 'n gelyste wildspesie betrokke is.[1966] In só geval sal dieselfde strafregtelike sanksies wat in 4.4.1.1 van die proefskrif uiteengesit is aan die persoon opgelê word.

4.4.3.2 Regulering van die verwerking van inheemse wildspesies tot verhandelbare neweprodukte op provinsiale vlak

In sekere provinsiale ordonnansies word die verwerking van wildspesies tot verhandelbare neweprodukte sonder 'n permit verbied.[1967] Hiervolgens mag geen persoon byvoorbeeld sonder 'n permit enige wildspesie se karkas of 'n deel daarvan verwerk, voorberei, berook, looi of op enige ander manier bewerk nie.[1968] Ofskoon alle provinsies nie melding van die verwerking van wildspesies maak nie, word geen persoon in enige provinsie toegelaat om sonder 'n permit in besit van 'n wildspesie se karkas, dele van die karkas of enige ander neweprodukte te wees nie.[1969]

Soos reeds genoem maak provinsies voorsiening vir uitgebreide permitstelsels, asook afsonderlike vervolging en strafoplegging vir oortredings.[1970]

[1966] Daarbenewens bepaal reg 6 van GK R961 in SK 41913 van 21 September 2018 (*Norms and Standards for the Marking Rhinoceros Horn and Hunting of White Rhinoceros for Trophy Hunting Purposes*) dat renosterhorings nie vernietig mag word tensy 'n permit ingevolge die NEMBA vir die vernietiging daarvan uitgereik is nie. Die vernietiging moet in die teenwoordigheid van 'n omgewingsbestuursinspekteur en die uitreikingsowerheid gedoen word en 'n video-opname van goeie gehalte moet tydens die geleentheid gemaak word.

[1967] Sien bv. a 14(2)(a) van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)*; a 44 van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)*; a 37 van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*.

[1968] Sien bv. a 44(1)(d) van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)*.

[1969] Sien bv. a 42 van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)*; a 14(3) van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)* (met spesifieke verwysing na renosterhoring); a 37 van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*; aa 39 en 50 van die *Nature Conservation Ordinance (Natal)*.

[1970] Sien 4.4.1.2 van die proefskrif. Sien bv. a 40 van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)*; aa 85-86 van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)*; a 111 van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*; aa 12, 35 van die van die *KwaZulu Natal Nature Conservation Act*; a 117 van die *Limpopo Environmental Management Act*; aa 68-69 van die van die *North West Biodiversity Management Act*; aa 66-67 van die *Northern Cape Nature Conservation Act*.

4.4.4 Vlak 4

Vlak 4 handelinge behels die verspreiding en verkoop van lewendige wildspesies of hul neweprodukte aan ’n koper of selfs ’n volgende verspreider.[1971]

4.4.4.1 Regulering van die verspreiding en verkoop van gelyste inheemse wildspesies of hul neweprodukte op nasionale vlak

Ingevolge die definisie van "restricted activity" in die NEMBA, is die verkoop, handeldryf, koop, ontvangs, gee, skenking, aanvaarding (as ’n geskenk), verkryging of wegmaak van gelyste wildspesies en hul neweprodukte sonder ’n permit ’n misdaad.[1972] Hierdie aspek word op die oog af nie verder in nasionale wetgewing gereguleer nie.

4.4.4.2 Regulering van die verspreiding en verkoop van inheemse wildspesies of hul neweprodukte op provinsiale vlak

Die koop en verkoop van wildspesies en hul neweprodukte sonder ’n permit is ’n misdaad op provinsiale vlak.[1973] "Verkoop" kan ’n wye definisie aanneem en kan byvoorbeeld die smous, deur-tot-deur verkope, ruilhandel, skenking, adverteer en uitstal van wildspesies en hulle neweprodukte insluit.[1974] Die besit van wildspesies en hul neweprodukte met die bedoeling om dit op ’n latere stadium te verkoop, smous of ruil kan by die bogenoemde definisie ingesluit word.[1975] In sekere gevalle mag ’n

---

1971 Sien 2.3.4 van die proefskrif.

1972 Sien die definisie van "restricted activity" in a 1 van die NEMBA. Sien verder a 57 van die NEMBA.

1973 Sien bv. aa 11, 14(2), 19(1)(b), 40 van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)*; aa 32, 34, 43-45 van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*; aa 49(1)-(2), 55, 79, 81, 115(1), 130 van die *Nature Conservation Ordinance (Natal)*; aa 44(1)(c), 45-46 van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)*; a 41 van die *Limpopo Environmental Management Act*.

1974 Sien bv. die definisie van "sell" in a 1 van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)*; a 1 van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*; a 1 van die *Nature Conservation Ordinance (Natal)*; a 2 van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)*; a 1 van die *KwaZulu Natal Nature Conservation Act*; a 1 van die *Limpopo Environmental Management Act*; a 1 van die *Mpumalanga Nature Conservation Act*; a 1 van die *Northern Cape Nature Conservation Act*.

1975 Sien bv. die definisie van "sell" in a 1 van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)*; a 1 van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*; a 1 van die *Nature Conservation Ordinance (Natal)*; a 2 van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)*; a 1 van die *KwaZulu Natal Nature Conservation Act*; a 1 van die *Limpopo Environmental Management Act*; a

persoon slegs wildspesies of hul neweprodukte aankoop van 'n persoon wat dit regmatig bekom het.[1976]

Soos reeds genoem maak provinsies voorsienning vir uitgebreide permitstelsels, asook afsonderlike vervolging en strafoplegging vir oortredings.[1977]

Die volgende gedeelte bevat 'n bondige bespreking aangaande die tekortkominge van die bestaande reguleringsmaatreëls wat tans die bekamping van wildmisdaad in Suid-Afrika reguleer.

4.5 Tekortkominge van die bestaande reguleringsmaatreëls in die bekamping van wildmisdaad in Suid-Afrika

4.5.1 Algemeen[1978]

Suid-Afrika se bestaande reguleringsmaatreëls is regeringgesentreerd en reguleer tans die bekamping van wildmisdaad op beide nasionale en provinsiale vlak deur middel van rigiede bevel- en beheermaatreëls, meestal ingevolge 'n uitgebreide permit- en sertifikaatstelsel en strafregtelike vervolging.[1979] Algemene punte van kritiek wat

---

1 van die *Mpumalanga Nature Conservation Act*; a 1 van die *Northern Cape Nature Conservation Act*.

1976 Sien bv. a 14(2) van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)*; a 43 van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*; a 44(1)(e)van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)*; a 41 van die *Limpopo Environmental Management Act*; a 24 van die *Mpumalanga Nature Conservation Act*

1977 Sien 4.4.1.2 van die proefskrif. Sien bv. a 40 van die *Nature Conservation Ordinance (Orange Free State)*; aa 85-86 van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)*; a 111 van die *Nature Conservation Ordinance (Transvaal)*; aa 12, 35 van die van die *KwaZulu Natal Nature Conservation Act*; a 117 van die *Limpopo Environmental Management Act*; aa 68-69 van die van die *North West Biodiversity Management Act*; aa 66-67 van die *Northern Cape Nature Conservation Act*.

1978 'n Volledige evaluasie van die tekortkominge (of die doeltreffendheid) van die bestaande wetgewing wat biodiversiteitsbestuur en natuurbewaring in Suid-Afrika reguleer, val buite die bestek van hierdie proefskrif. Die doel van die studie is nie om die doeltreffendheid van bestaande wetgewing te evalueer nie, maar eerder om te bepaal hoe gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring, as 'n alternatiewe oplossing, kan bydra tot die versterking van bestaande reguleringsmaatreëls wat Suid-Afrika tans gebruik om wildmisdaad te bekamp. In 4.4.1-4.4.4 van die proefskrif is die bestaande Suid-Afrikaanse reguleringsmaatreëls wat tans gebruik word om wildmisdaad te bekamp, ondersoek en beskryf. In die volgende besprekings rakende die doeltreffendheid van die bestaande reguleringsmaatreëls in die bekamping van wildmisdaad in Suid-Afrika, word slegs 'n paar oorsigtelike opmerkings ingesluit waar Suid-Afrikaanse wetgewing tans tekortskiet.

1979 Sien 4.4.1-4.4.4 van die proefskrif.

kenners betreffende die doeltreffendheid van die omgewingsregraamwerk in Suid-Afrika vel, is dat dit buitengewoon gefragmenteerd is, deur verskillende regeringsdepartemente en -sfere afgedwing en toegepas word en dat onnodige duplisering van pogings en skuiwergate tussen die reguleringsmaatreëls op nasionale vlak teenoor dié op provinsiale vlak bestaan.[1980]

Die NEMBA en NEMPAA reguleer die bewaring van kritiek bedreigde, bedreigde, kwesbare en ikoniese inheemse wildspesies in terme van spesie-gebaseerde en area-gebaseerde natuurbewaring op nasionale vlak,[1981] terwyl die onderskeie provinsies se mandaat veel wyer is om die bewaring van enige ander inheemse wildspesies te reguleer.[1982] Dus word biodiversiteitsbestuur en natuurbewaring in Suid-Afrika oorwegend ingevolge provinsiale wetgewing gereguleer.[1983] Tans funksioneer 'n aantal nuwe provinsiale wette[1984] asook die ouer provinsiale ordonnansies, dekrete, proklamasies en beleide naas mekaar in die nege provinsies om natuurbewaring te bewerkstellig.[1985] Dié broksgewyse benadering beskik oor die potensiaal om

---

1980 Sien 4.2 van die proefskrif. Craigie, Snijman en Fourie "Environmental Compliance and Enforcement Institutions" 65-66; Kidd *Environmental Law* 98, 100-102; Kidd *Environmental Management* par 520 Paterson "Biodiversity, Genetic Modification and the Law" par 13.4.1; Nel en Alberts "Environmental Management and Environmental Law in South Africa: An Introduction" 38-39; Nel en du Plessis 2004 *Suid-Afrikaanse Publiekreg* 181-190; Bothma en Glavovic "Wild Animals" 251; Glazewski "Wild Animals, Forests and Plants" par 14.1.2. Sien in die algemeen Kotzé 2014 *South African Law Journal* 548-582.

1981 Sien 4.4.1.1 van die proefskrif.

1982 Rumsey "Terrestrial Wild Animals" 420.

1983 Vir die doeleindes van hierdie proefskrif, word daar na provinsiale wette, ordonnansies, dekrete en beleide gesamentlik as provinsiale wetgewing verwys. Kidd *Environmental Management* par 520.

1984 *Provincial Parks Board Act (Eastern Cape)* 12 van 2003; *Eastern Cape Parks and Tourism Agency Act* 2 van 2010; *KwaZulu-Natal Nature Conservation Management Act* 9 van 1997; *KwaZulu Natal Nature Conservation Act* 29 van 1992; *Limpopo Environmental Management Act* 7 van 2003; *Limpopo Tourism and Parks Board Act* 8 van 2001; *Mpumalanga Nature Conservation Act* 10 van 1998; *Mpumalanga Tourism and Parks Agency Act* 5 van 2005; *Northern Cape Nature Conservation Act* 9 van 2009; *Western Cape Biosphere Reserve Act* 6 van 2011; *North West Biodiversity Management Act* 4 van 2016.

1985 Verwys na die omvattende tabel saamgestel deur Paterson "Biological Diversity" 546-547. Sien ook die bydraes van Glazewski "Wild Animals, Forests and Plants" par 14.1.2; Paterson "Biological Diversity" 546-547; Du Plessis 1995 *South African Journal of Environmental Law and Policy* 23-36; Kidd *Environmental Management* par 472; Craigie, Snijman en Fourie "Environmental Compliance and Enforcement Institutions" 69.

verwarring, misverstand en chaos te veroorsaak.[1986] Bothma en Glavovic[1987] wys daarop dat die verskillende provinsiale ordonnansies meer ooreenstem as verskil, terwyl Glazewski[1988] vind dat nuwe provinsiale wetgewing meestal 'n duplisering of verfyning van die provinsiale ordonnansies bevat. Volgens Kidd[1989] weerspieël provinsiale wetgewing tans 'n onsekere regsposisie wat deurlopend vir verandering en verbetering oopgestel is.[1990] Volgens Du Plessis[1991] word 'n omvattende proses van regshervorming benodig, waar alle provinsiale wetgewing se inhoud en toepassingsgebiede sistematies geëvalueer en met mekaar versoen word om onnodige duplisering te ontduik. Rumsey[1992] wys daarop dat die eerste logiese stap van regshervorming sal wees om die provinsiale wetgewing met die internasionale standaarde en bepalings van NEMBA

1986 Du Plessis 1995 *South African Journal of Environmental Law and Policy* 23; Rumsey "Terrestrial Wild Animals" 420. Sien bv. *S v Khohliso* 2014 2 SACR 49 (ECM) par 8 waar die hof na terminologiese verwarring tussen die *Transkei Environmental Conservation Decree* 9 van 1992 en die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)* 19 van 1974 verwys. Met verwysing na wetgewing wat deur die destydse selfregerende gebiede uitgevaardig is, (in die geval spesifiek die *Transkei Environmental Conservation Decree* 9 van 1992) maak die konstitusionele hof in *Khohliso v The State and Another* (1) SACR 319 (KH) para 7, 21, 22 en 47 die bevinding dat die tipe wetgewing (a) ongeag die oorsprong daarvan, steeds geldend is; (b) bedoel was om van toepassing te wees in 'n staat wat nie meer bestaan nie; (c) slegs in spesifieke geografiese gebiede, wat tans deel uitmaak van die nege provinsies van Suid-Afrika, van toepassing is; (d) nie as provinsiale wetgewing erken word nie; en (e) nie as 'n wet van die parlement kwalifiseer nie. Verwys verder na *S v Khohliso* 2014 2 SACR 49 (ECM) waar die hof bevind dat aa 13(c) en 84(13) strydig is met aa 9, 10 en 35 van die *Grondwet.* In *Dinwa v Director of Public Prosecutions: Transkei and Another* (3176/2018) [2020] ZAECMHC 7 par 30 maak die regter die volgende opmerking rakende die status van wetgewing wat voor 1994 in die destydse selfregerende gebiede uitgevaardig is, naamlik: "I cannot conceive of any legitimate basis as to why pre-1994 legislation of a now non-existent "country" [Transkei] is still in existence and relied upon in 2020 more than a decade after the advent of democracy and the promulgation of legislation dealing with various aspects, including the environment. Be that as it may, it is also trite that regardless of its origin, all laws that were in force before the Constitution remained in force until amended or repealed, provided it passes constitutional muster."

1987 Bothma en Glavovic "Wild Animals" 261.

1988 Glazewski "Wild Animals, Forests and Plants" par 14.6.1-14.6.9.

1989 Kidd *Environmental Management* par 520.

1990 In *Khohliso v The State and Another* (1) SACR 319 (KH) para 53 onderskraag dié opinie met die volgende opmerking: "It is rather odd that — 20 years into our constitutional democracy — we are left with a statute book cluttered with laws surviving from a bygone undemocratic era remembered for the oppression of people; the suppression of freedom; discrimination; division; attempts to break up our country; and military dictatorships. When these laws determine criminal liability, the situation looks even worse. It is not clear from the facts of the matter why this is the case. It is clear, though, that people like Ms Khohliso and the rest of us — and indeed our much valued vultures and other wildlife — deserve to be guided and protected by democratically elected legislatures through clearer laws on a cleaner statute book."

1991 Du Plessis 1995 *South African Journal of Environmental Law and Policy* 36.

1992 Rumsey "Terrestrial Wild Animals" 420.

en NEMPAA te belyn. Die *Endangered Wildlife Trust* [1993] bepaal dat die nasionale en provinsiale permitstelsels botsend en verwarrend is. Verwarring kan ontstaan rakende: watter permit binne gegewe omstandighede uitgereik moet word, watter staatsdepartement verantwoordelik is vir die uitreiking van die permit en watter provinsiale departement jurisdiksie oor 'n permit uitoefen.[1994] Dit kan tot skuiwergate lei wat oortreders kan uitbuit en die pleging van korrupsie kan aanvuur.[1995]

Daar is ondervind dat verskillende wetgewing en regulasies verskillende aspekte van wildmisdaad reguleer en dat dié afsonderlike reguleringsmaatreëls onsamehangend voorkom. Dit verg tans groot inspanning om alle relevante reguleringsmaatreëls met mekaar in verband te bring ten einde 'n holistiese beeld van die bekamping van wildmisdaad in Suid-Afrika te vorm. Dié gefragmenteerde benadering doen wesenlike afbreek aan die regskonseptualisering van wildmisdaad in Suid-Afrika.[1996]

4.5.2 Tekortkominge van die reguleringsmaatreëls wat wildmisdaad op vlak 1 reguleer

Sover vasgestel kan word, in oorleg met die voorstelle van die *United Nations Office on Drugs and Crime* vir die ontwikkeling en implementering van nasionale wetgewing om wildmisdaad te bekamp,[1997] blyk dit dat Suid-Afrika oor omvattende reguleringsmaatreëls beskik om die handelinge onder vlak 1 te reguleer.[1998] Soos voorgestel deur die *United Nations Office on Drugs and Crime*, beskik Suid-Afrika oor vier afsonderlike lyste wat wildspesies, wapens en jagmetodes, "restricted activities" en spesifieke areas of gebiede vir regulering uitsonder.[1999] Ingevolge die voorgenoemde is komplekse permit en sertifikaatstelsels op beide nasionale en

---

[1993] Endangered Wildlife Trust *Scoping Report: Investigating the Challenges Facing Compliance, Monitoring and Enforcement of South Africa's Biodiversity Legislation and Recommendations for Improvement* 2-3, 20-21.

[1994] Endangered Wildlife Trust *Scoping Report: Investigating the Challenges Facing Compliance, Monitoring and Enforcement of South Africa's Biodiversity Legislation and Recommendations for Improvement* 2-3, 20-21.

[1995] Endangered Wildlife Trust *Scoping Report: Investigating the Challenges Facing Compliance, Monitoring and Enforcement of South Africa's Biodiversity Legislation and Recommendations for Improvement* 2-3, 20-21.

[1996] Sien ook 4.3 van die proefskrif.

[1997] Sien 2.4 van die proefskrif.

[1998] Sien 2.3.1 van die proefskrif.

[1999] Sien 2.4, 4.4.1.1 en 4.4.1.2 van die proefskrif.

provinsiale vlak ontwikkel wat voorwaardes stel om sekere handelinge teenoor sekere wildspesies uit te voer of om sekere handelinge in die geheel te verbied.[2000]

Die volgende aspekte wat die provinsiale regsposisie kompliseer is geïdentifiseer: (a) die aantal wette en ordonnansies wat binne 'n provinsie in ag geneem moet word; (b) die uiteenlopende kategorieë van wildspesies wat provinsiale wetgewing differensieer (en boonop van provinsie tot provinsie verskil); (c) die wyse waarop die jag van wildspesies binne en buite natuurreservate gereguleer word; (d) die individuele permit en sertifikaatstelsels en die afsonderlike vereistes en beperkings wat dit stel; (e) die verskillende jagbeperkings wat in elke provinsie geld.

Hoewel die reguleringsmaatreëls op vlak 1 omvattend is, is die toename in wildmisdaad steeds kommerwekkend.[2001] Die *Endangered Wildlife Trust*[2002] het tydens 'n evaluasie van die effektiwiteit van die nakoming en afdwinging van Suid-Afrikaanse biodiversiteitsbestuur en natuurbewaringswetgewing ondervind dat die bestaande reguleringsmaatreëls weens wydverspreide korrupsie in die onderskeie betrokke regeringsdepartemente faal; 'n tekort aan omgewingsbestuursinspekteurs en 'n onvermoë om hulle in hul poste te behou; 'n tekort aan toerusting, kapasiteitsbou, vaardighede en kennis onder regeringsbeamptes; en onkundigheid onder regeringsbeamptes om die komplekse reguleringsmaatreëls toe te pas en af te dwing. Aangesien 'n tekort aan omgewingsbestuursinspekteurs as een rede vir mislukking voorgehou word, kan die teenwoordigheid en deelname van gemeenskappe aan die bekamping van wildmisdaad op voetsoolvlak by die oorsprong van alle handelinge wat deel uitmaak van wildmisdaad,[2003] moontlik tot die uitvoering van omgewingsbestuursinspekteurs se verantwoordelikhede bydra en wesenlike ondersteuning bied om oortreders tydig te identifiseer en suksesvol te vervolg.[2004]

2000 Sien 4.4.1.1 en 4.4.1.2 van die proefskrif.
2001 Sien 1.1.4 en 4.2 van die proefskrif.
2002 Endangered Wildlife Trust *Scoping Report: Investigating the Challenges Facing Compliance, Monitoring and Enforcement of South Africa's Biodiversity Legislation and Recommendations for Improvement* 18-23.
2003 Sien 2.7, 2.8, 3.3.3 en 3.4 van die proefskrif.
2004 Sien 2.7 en 3.4 van die proefskrif.

'n Teoretiese onderskeid is tussen die aktiwiteite en invloed van bestaansjagters, georganiseerde misdaadgroepe en trofeejagters op dié vlak getref.[2005] Suid-Afrikaanse wetgewing reguleer die professionele jagbedryf (vir trofeejag) meestal op provinsiale vlak by wyse van 'n omvattende permit en sertifikaatstelsel,[2006] maar die afsonderlike regulasie van bestaansjagters en georganiseerde misdaadgroepe se bedrywighede betreffende wildmisdaad kom nie prominent in wetgewing na vore nie.[2007] Die voorgenoemde word as problematies beskou, aangesien georganiseerde misdaadgroepe vanweë hebsug wildmisdaad op 'n groot skaal pleeg terwyl bestaansjagters op 'n veel kleiner skaal wildmisdaad pleeg meestal ter verligting van hongersnood en armoede.[2008] Kidd[2009] bepaal dat dié posisie tot wesenlike onregverdigheid kan lei en dat wetgewing vir afsonderlike sanksies voorsiening moet maak om georganiseerde misdaadgroepe en gemeenskappe se handelinge afsonderlik te straf.

4.5.3 Tekortkominge van die reguleringsmaatreëls wat wildmisdaad op vlak 2 reguleer

Tans word die regulering van handelinge op vlak 2 (met spesifieke verwysing na die vervoer en handel in wildspesies) deur die CITES voorgeskryf.[2010] Lande word aangemoedig om die CITES te ratifiseer, aangesien die CITES nie 'n selfuitvoerende

---

2005 Sien 2.3.1 van die proefskrif.

2006 Sien bv. 4.4.1.2 van die proefskrif.

2007 Sien verder 4.6.7 van die proefskrif.

2008 Sien 2.5 van die proefskrif. Kidd 2002 *South African Journal of Environmental Law and Policy* 24. Daar word wel toegegee dat sommige bestaansjagters of ander gemeenskapslede soms by die bedrywighede van georganiseerde misdaadgroepe betrokke raak, in welke geval die individu dan as 'n lid van 'n georganiseerde misdaadgroep vervolg moet word.

2009 Kidd 2002 *South African Journal of Environmental Law and Policy* 24 redeneer in dié geval soos volg: " People do not usually shoot elephants by accident. Although many nature conservation offences (and here one thinks particularly of unlawful killing of animals or, to be pejorative, poaching) may be attributable to poverty, ignorance or traditional culture, many are carried out for personal profit in wilful disregard of the law… Having said that, it is not necessary, however, to resort to criminal sanctions in every instance of infringement of nature conservation laws. In practice, however, current South African nature conservation law may make this unavoidable… While [criminal sanctions] would certainly be the appropriate response to premeditated poaching on a commercial scale, for example, many nature conservation offences (picking indigenous plants, for example) are not in themselves very serious and warranting the type of heavy penalties for which criminal prosecutions are suitable. There is a need for alternative means of enforcement in these circumstances."

2010 Sien 2.7 en 4.4.2 van die proefskrif.

verdrag is nie.[2011] Sover vasgestel kan word, het Suid-Afrika gedurende 2010 die CITES ten volle in nasionale wetgewing geïmplementeer.[2012] Die betrokke regulasie se inhoud weerspieël grootliks dié van die CITES.[2013]

Volgens Kidd[2014] ontbreek provinsiale maatreëls die nodige regskrag om die invoer en uitvoer van wildspesies te reguleer, aangesien nie alle provinsiale wetgewing met die bepalings van die CITES, die NEMBA en die NEMPAA belyn is nie. Die hersiening van provinsiale wetgewing word in hierdie verband al 'n geruime tyd geantisipeer.[2015] Dit blyk dat nuwe provinsiale wetgewing sal poog om dié belyning te verwesenlik.[2016]

Hoofstuk 2 van die proefskrif beskryf hoe verwante ernstige misdade (byvoorbeeld korrupsie, dokumentbedrog, geldwassery, belastingontduiking en niebetaling van regeringsfooie) en regulatoriese skuiwergate rolspelers in staat stel om wildmisdaad te pleeg.[2017] Hoofstuk 2 lig verder uit dat georganiseerde misdaadgroepe vernaam by wildmisdaad betrokke raak weens die groot finansiële voordeel wat dit inhou.[2018] Op die oog af blyk dit dat die voorgenoemde nie by die betrokke Suid-Afrikaanse reguleringsmaatreëls ingesluit is nie, maar tekens is gevind dat dokumentbedrog (met spesifieke verwysing na die knoei, fabrisering of vervalsing van permitte en sertifikate) 'n onregmatige handeling is, wat by wildmisdaad ingesluit en deur NEMBA gereguleer word.[2019] Daar word aanbeveel dat Suid-Afrika die betrokke reguleringsmaatreëls uitbrei om 'n gedetailleerde lys van verwante ernstige misdade wat by die pleging van wildmisdaad betrokke is, in te sluit om dit op dieselfde wyse as die stroop, vervoer, handel, verwerking en verspreiding van wildspesies te prioritiseer.[2020] Volgens Craigie,

---

2011 Sien 2.4, 2.7 en 4.4.2 van die proefskrif.
2012 Sien GK R173 in SK 33002 van 5 Maart 2010 (*Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations*). Sien 4.4.2 van die proefskrif.
2013 Sien GK R173 in SK 33002 van 5 Maart 2010 (*Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations*). Sien 4.4.2 van die proefskrif.
2014 Kidd *Environmental Management* par 543.
2015 Sien bv. Rumsey "Terrestrial Wild Animals" 421.
2016 Sien bv. aa 13-26 van die *North West Biodiversity Management Act*; aa 81-82 van die *Mpumalanga Nature Conservation Act*; aa 68-69 van die *Limpopo Environmental Management Act*.
2017 Sien 2.3.2 en 2.5 van die proefskrif.
2018 Sien 2.6.3 van die proefskrif.
2019 Artikel 101(3)(a)-(e) van die NEMBA. Sien ook reg 73 in die GK R152 in SK 29657 van 23 Februarie 2007.
2020 Sien 2.4 van die proefskrif.

Snijman en Fourie[2021] het die gebruik van verwante ernstige misdade om die pleging van wildmisdaad te fasiliteer en die betrokkenheid van georganiseerde misdaadgroepe daartoe gelei dat omgewingsowerhede toenemend die vervolging van oortredings van omgewingswetgewing met kommersiële en gemeenregtelike oortredings begin saamvoeg het, aangesien die strawwe wat in omgewingswette vervat is, dikwels ontoereikend is om oortreders voldoende te straf. In hierdie verband kan die bepalings van die *Prevention of Organised Crime Act* 121 van 1998,[2022] die *Prevention and Combating of Corrupt Activities Act* 12 van 2004,[2023] die *Doeane- en Aksynswet* 91 van 1964[2024] en die *Customs Control Act* 31 van 2014[2025] moontlik bykomend in oorweging gebring word om oortreders van wildmisdaad te vervolg indien ernstige verwante misdade gebruik word om wildmisdaad te fasiliteer en indien georganiseerde misdaadgroepe se aktiwiteite met wildmisdaad vermeng raak.[2026] Dié posisie noodsaak die vorming van noue verbintenisse tussen omgewingsowerhede en die *National Prosecuting Authority's Asset Forfeiture Unit*, die *South African Revenue Service*, die SAPD se *Organised Crime Investigation Branch* en die *Directorate of Special Operations* (’n afdeling van die Nasionale Vervolgingsgesag).[2027]

2021 Craigie, Snijman en Fourie "Dissecting Environmental Compliance and Enforcement" 53-54.

2022 Die *Prevention of Organised Crime Act* 121 van 1998 maak onder meer voorsiening vir maatreëls om georganiseerde misdaad, geldwassery en kriminele bende-aktiwiteite te bekamp; om sekere aktiwiteite te verbied wat met afpersing verband hou; om voorsiening te maak vir die verbod op geldwassery; om voorsiening te maak vir die verhaal van opbrengste wat vanuit misdaad spruit; vir die verbeuring van eiendom wat instrumenteel gebruik is om ’n misdaad te pleeg; of die verbeuring van eiendom wat met die opbrengs van misdade bekom is. Internasionale beste praktyk om georganiseerde misdaad te bekamp is in die *United Nations Convention Against Transnational Organised Crime* (2003) vervat. Suid-Afrika het die voorgenoemde konvensie in 2004 geratifiseer.

2023 Die *Prevention and Combating of Corrupt Activities Act* 12 van 2004 maak onder meer voorsiening vir maatreëls om korrupsie in die publieke sektor deur regeringsbeamptes hok te slaan. Internasionale beste praktyk om korrupsie te bekamp is in die *United Nations Convention Against Corruption* (2005) vervat. Suid-Afrika het die voorgenoemde konvensie in 2004 geratifiseer.

2024 Die *Doeane- en Aksynswet* 91 van 1964 kan gebruik word om persone te vervolg wat onregmatig met wildspesies en hul neweprodukte handel dryf. Aa 15(1)(iii), 81 van die *Doeane- en Aksynswet* 91 van 1964 bepaal dat enige persoon wat Suid-Afrika binnekom of verlaat, alle goedere aan sy persoon wat kragtens enige wet verbied, beperk of beheer word, verklaar. Enige versuim om die betrokke goedere te verklaar kan tot strafregtelike vervolging lei en die goedere sal dienooreenkomstig verbeurd verklaar word.

2025 Die *Customs Control Act* 31 van 2014 maak voorsienning vir doeanebeheer oor alle vaartuie, vliegtuie, treine, voertuie, goedere en persone wat die republiek binnekom of verlaat.

2026 Craigie, Snijman en Fourie "Dissecting Environmental Compliance and Enforcement" 53-54. Sien in die algemeen die proefskrif deur Aslett *Combatting Organised Crime in South Africa* 82-151, 199-280.

2027 Craigie, Snijman en Fourie "Dissecting Environmental Compliance and Enforcement" 53-54.

Die *Endangered Wildlife Trust*[2028] voeg by dat die effektiwiteit van monitering en afdwinging van wetgewing en regulasies by Suid-Afrikaanse hawens, doeane en grensposte kommerwekkend is. Dit is meestal weens regeringsbeamptes se tekort aan tegniese kennis aangaande regsprosesse, wetenskaplike kennis aangaande wildspesie-identifikasie en 'n gebrek aan voldoende ervaring. In sekere gevalle is bevind dat die monitering en die afdwinging van wetgewing en regulasies by Suid-Afrikaanse hawens, doeane en grensposte met korrupsie gepaard gaan.[2029] Die *Endangered Wildlife Trust*[2030] stel voor dat die onderskeie bepalings van die *Convention on International Trade in Endangered Species (CITES) Regulations* en die *Threatened or Protected Species Regulations* met mekaar belyn moet word om gesamentlik doeane en grensposte uit te sonder as die enigste poste waar in- en uitvoere van wildspesies mag geskied. Soos reeds genoem is die enigste erkende pos van dié aard, met 'n toegewyde kantoor van kundiges (die *Gauteng Special Investigations Unit*) by die OR Tambo Internasionale Lughawe in Johannesburg gestasioneer.[2031] Die onregmatige in- en uitvoer van wildspesies vind byvoorbeeld ook by die Lanseria, Kaapstad, en King Shaka internasionale lughawens plaas, maar die lughawens beskik nie oor 'n toegewyde kantoor van kundiges om onregmatighede by die poste te onderskep nie.[2032]

2028 Endangered Wildlife Trust *Scoping Report: Investigating the Challenges Facing Compliance, Monitoring and Enforcement of South Africa's Biodiversity Legislation and Recommendations for Improvement* 20-21.

2029 Endangered Wildlife Trust *Scoping Report: Investigating the Challenges Facing Compliance, Monitoring and Enforcement of South Africa's Biodiversity Legislation and Recommendations for Improvement* 20-21.

2030 Endangered Wildlife Trust *Scoping Report: Investigating the Challenges Facing Compliance, Monitoring and Enforcement of South Africa's Biodiversity Legislation and Recommendations for Improvement* 20-21.

2031 Sien 3.1 van die proefskrif. Endangered Wildlife Trust *Scoping Report: Investigating the Challenges Facing Compliance, Monitoring and Enforcement of South Africa's Biodiversity Legislation and Recommendations for Improvement* 20-21; Craigie, Snijman en Fourie "Environmental Compliance and Enforcement Institutions" 72.

2032 Endangered Wildlife Trust *Scoping Report: Investigating the Challenges Facing Compliance, Monitoring and Enforcement of South Africa's Biodiversity Legislation and Recommendations for Improvement* 20-21.

4.5.4 Tekortkominge van die reguleringsmaatreëls wat wildmisdaad op vlak 3 reguleer

Op nasionale vlak word die verwerking van wildspesies tot verhandelbare neweprodukte met vaagheid benader.[2033] Die NEMBA laat egter ruimte vir wetgewende uitbreiding in hierdie verband.[2034] In die tussentyd steun die NEMBA en die betrokke regulasies om oortreders op grond van die besit van wildspesies (teenstrydig met permitvoorwaardes of sonder die nodige permit) te vervolg. Op provinsiale vlak stel sommige provinsiale wetgewing dat geen persoon byvoorbeeld sonder 'n permit enige wildspesie se karkas of 'n deel daarvan verwerk, voorberei, berook, looi of op enige ander manier bewerk nie.[2035]

Die voorstelle van die *United Nations Office on Drugs and Crime* kan in hierdie verband 'n mate van insig verskaf om die tekortkominge te hanteer.[2036] Die *United Nations Office on Drugs and Crime* maak die voorstel dat wetgewing duidelik moet weerspieël dat die verwerking van wildspesies as gevolg van die spesifieke redes onregmatig kan wees.[2037]

4.5.5 Tekortkominge van die reguleringsmaatreëls wat wildmisdaad op vlak 4 reguleer

In hoofstuk 2 van die proefskrif is beklemtoon dat die internet deesdae toenemend as fasiliteerder en hulpmiddel in die pleging van wildmisdade dien.[2038] Sedert 2004 het die *International Fund for Animal Welfare*[2039] uitgebreide navorsing rakende die omvang van en die toename in internetverkope van wildspesies en hul neweprodukte onderneem.[2040] Gedurende 2017 het die *International Fund for Animal Welfare* se

---

2033 Sien 4.4.3.1 van die proefskrif.
2034 Sien 4.4.3.1 van die proefskrif.
2035 Sien 4.4.3.2 van die proefskrif. Sien bv. a 44(1)(d) van die *Nature and Environmental Conservation Ordinance (Cape)*.
2036 Sien Tabel 1, Figuur 4 en 2.4 van die proefskrif.
2037 Sien Tabel 1 en 2.4 van die proefskrif.
2038 Sien 2.3.4 van die proefskrif.
2039 Die *International Fund for Animal Welfare* is een van die grootste internasionaal erkende bewarings- en dierewelsynorganisasies ter wêreld.
2040 Die uitgebreide navorsing het tot die publikasie van 'n aantal verslae oor die tema gelei, onder meer International Fund for Animal Welfare *Elephants on the High Street*; International Fund for Animal Welfare *Caught in the Web: Wildlife Trade on the Internet*; International Fund for Animal

navorsingsfokus na Afrika verskuif, waar sewe Afrika-lande,[2041] onder andere Suid-Afrika, se omvang en toename van internetgebruik vir die koop en verkoop van wildspesies en hul neweprodukte geëvalueer is.[2042] Daar is gedurende die ses week lange navorsingsperiode bevind dat Suid-Afrika oor die grootste aanlyn mark, in vergelyking met die ander ses lande, vir die koop en verkoop van wildspesies en hul neweprodukte beskik.[2043] Van die 9 481 wildspesies en hul neweprodukte wat as te koop aangebied is, is 8 452 daarvan in Suid-Afrika geadverteer.[2044] Sover vasgestel kan word, beskik Suid-Afrika nie tans oor nasionale wetgewing of beleid wat die unieke uitdagings wat die internet aan die bekamping van wildmisdaad stel, hanteer nie.

4.6 Gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring as alternatiewe oplossing vir die bekamping van wildmisdaad in Suid-Afrika

In hoofstuk 2 is genoem dat lande aangemoedig word om bestaande reguleringsmaatreëls ten volle te benut om wildmisdaad te bekamp,[2045] maar dat alternatiewe oplossings om die bestaande reguleringsmaatreëls op ander maniere te komplementeer en aan te vul, ontwikkel moet word.[2046] Die deelname van gemeenskappe in biodiversiteitsbestuur en natuurbewaring word as een moontlike alternatiewe oplossing vir die bekamping van wildmisdaad voorgestel.[2047] Ingevolge

---

Welfare *Bidding for Extinction: A Snapshot Survey of Illegal Trade in Elephant Ivory on eBay*; International Fund for Animal Welfare *Killing with Keystrokes: An Investigation of the Illegal Wildlife Trade on the World Wide Web*; International Fund for Animal Welfare *Wanted – Dead or Alive: Exposing Online Wildlife Trade*; International Fund for Animal Welfare *Out of Africa: Byting Down on Wildlife Cybercrime*; International Fund for Animal Welfare *Disrupt: Wildlife Cybercrime*

2041 Die ander lande wat deel uitmaak van die navorsing is Nigerië, Kenia, die Ivoorkus, Tanzanië, Uganda en Ethiopië.

2042 Die resultate van die evaluering is in die verslag International Fund for Animal Welfare *Out of Africa: Byting Down on Wildlife Cybercrime* gepubliseer. 'n Volledige kopie van die verslag is deur middel van 'n spesiale versoek vir die doeleindes van hierdie proefskrif met vergunning van die *International Fund for Animal Welfare* beskikbaar gestel. Die verslag is by die outeur op lêer beskikbaar.

2043 International Fund for Animal Welfare *Out of Africa: Byting Down on Wildlife Cybercrime* 18.

2044 International Fund for Animal Welfare *Out of Africa: Byting Down on Wildlife Cybercrime* 7, 18. In die 718 advertensies wat op 16 virtuele markte en drie sosialemediaplatforms geïdentifiseer is (wat beide regmatige sowel as onregmatige wildspesies en hul neweprodukte adverteer), is 422 lewendige wildspesies en 8030 neweprodukte geadverteer. Die gesamentlike geskatte waarde van die kommoditeite is R46 miljoen.

2045 Verwys na 4.4.1 – 4.4.4 van die proefskrif waar Suid-Afrika se bestaande reguleringsmaatreëls om wildmisdaad te bekamp, geïdentifiseer en bespreek is.

2046 Sien 2.7 en 3.1 van die proefskrif.

2047 Sien 2.7 van die proefskrif.

die teoretiese ontleding in hoofstuk 2 is verder vasgestel dat wildmisdaad optimaal op voetsoolvlak, waar wildstropery plaasvind, bekamp kan word. Deur wildmisdaad reeds op vlak 1 te bekamp, sal moontlik die uitvoering van enige ander opeenvolgende handelinge onder vlak 2 tot 4 ook ontwrig.[2048] Gemeenskappe is as aangewese kernrolspelers op voetsoolvlak geïdentifiseer wat noemenswaardige bydraes kan maak om wildmisdaad in samewerking met die regering te bekamp deur wildstropery tydig te identifiseer en aan te meld.[2049] Soos in vorige afdelings beklemtoon is, kan die potensiaal van die voorgenoemde voorstel slegs ten volle ontsluit word indien gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring se volwaardige plek in die breë raamwerk van omgewingsreg vasgestel en doelbewus in wetgewing en beleid opgeneem word.[2050] Daar is egter weinig bekend oor die beste praktyk om gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring in wetgewing, beleid en praktyk te implementeer en te operasionaliseer.[2051]

Na aanleiding van die voorafgaande besprekings rakende Suid-Afrika se bestaande reguleringsmaatreëls om wildmisdaad te bekamp, kan waargeneem word dat Suid-Afrika tans vernaam op 'n kombinasie van *in situ* natuurbewaringsmaatreëls (die proklamasie van bewaringsgebiede) en bevel- en beheer maatreëls (strafregtelike maatreëls) staat maak om wildmisdaad te bekamp en oortreders te vervolg.[2052] Die bemagtiging van gemeenskappe om aan biodiversiteitsbestuur en natuurbewaring deel te neem gaan in die algemeen nie met regsekerheid in Suid-Afrika gepaard nie, siende dat Suid-Afrika tans oor geen duidelike beleid of riglyne beskik wat die implementering daarvan rig nie.[2053] Soos voorheen genoem is die verwagting destyds tydens die promulgasie van die nuwe Suid-Afrikaanse omgewingsregraamwerk geskep dat gemeenskappe tot 'n meerdere mate bemagtig sou word om aan

---

[2048] Sien 2.3.1 – 2.3.4, 2.7 en 2.8 van die proefskrif.

[2049] Sien 2.7 en 3.4 van die proefskrif.

[2050] Sien 3.3.3 en 3.3.4 van die proefskrif. Sien bv. Babcock 2010 *Colorado Journal of International Environmental Law and Policy* 202; Barrow en Murphree "Community Conservation: From Concept to Practice" 34; Carlsson en Berkes 2005 *Journal of Environmental Management* 74; Rodríguez-Izquierdo, Gavin en Macedo-Bravo 2010 *Environmental Conservation* 240.

[2051] Sien 2.7, 3.2.2 en 3.3.4 van die proefskrif. Hulme en Murphree "Community Conservation in Africa: An Introduction" 2; Biggs ea 2016 *Conservation Biology* 6.

[2052] Sien 3.3.1 tot 3.3.4 van die proefskrif.

[2053] Sien die besprekings in Dressler ea 2010 *Environmental Conservation* 9; Glazewski en Paterson "Protected Areas and Community-Based Conservation" 332-333.

biodiversiteitsbestuur deel te neem.[2054] Daar is egter met die verloop van tyd nie aan die verwagtinge voldoen nie en gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring het nie in Suid-Afrika in dieselfde mate as in buurlande ontwikkel nie.[2055]

Alle betrokkenes moet eers deurlopend en aktief werk om die fyn balans tussen die kernkomponente van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring te handhaaf en te bevorder.[2056] Gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring balanseer binne ideale omstandighede op die volgende vier kernkomponente, naamlik: (a) die oordrag van magte en verantwoordelikhede aan die gemeenskap; (b) die oordrag en erkenning van regte in eiendom aan die gemeenskap; (c) die beskikbaarstelling van voordele aan gemeenskap in ruil vir hul deelname; en (d) die vestiging van natuurbewaring as 'n winsgewende alternatiewe vorm van grondgebruik wat voordele vir die gemeenskap inhou en prioritisering verlang.[2057] Te midde van die leemtes op internasionale sowel as nasionale bodem betreffende gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring en om die fyn balans tussen die bogenoemde kernkomponente te handhaaf, het die teoretiese ontleding van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring in hoofstuk 3 van die proefskrif die volgende aspekte na vore gebring wat die nukleus van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring uitmaak, naamlik: (a) die erkenning van die begrip van "gemeenskap" en "gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring";[2058] (b) die konsep gemeenskapsdeelname;[2059] (c) die sluiting van 'n samewerkende ooreenkoms;[2060] en (d) samewerkende bestuur.[2061] Uniek aan die bekamping van wildmisdaad, is voorts bevind dat die totstandkoming van 'n gemeenskapspolisieforum

---

2054 Sien 4.2 van die proefskrif.

2055 Sien 4.2 van die proefskrif. Sien in die algemeen Dressler ea 2010 *Environmental Conservation* 9; Glazewski en Paterson "Protected Areas and Community-Based Conservation" 332-333; Murphree "Congruent Objectives, Competing Interests, and Strategic Compromise: Concept and Process in the Evolution of Zimbabwe's CAMPFIRE, 1984-1996" 117, 133-135; Mukamuri "Rural Institutions: Challenges and Prospects for their Active Participation in Natural Resources Governance in Zimbabwe" 73; Jones en Murphree "The Evolution of Policy on Community Conservation in Namibia and Zimbabwe" 41-42; Namibian Association of CBNRM Support Organisations *The State of Community Conservation in Namibia: A Review of Communal Conservancies, Community Forests and Other CBNRM Initiatives 2015 Annual Report* 23.

2056 Murphree "Community-Based Conservation: Old Ways, New Myths and Enduring Challenges" 12.

2057 Sien Figuur 7 van die proefskrif.

2058 Sien 3.3.2.1 en 3.3.2.4 van die proefskrif.

2059 Sien 3.3.3 van die proefskrif.

2060 Sien 3.3.4 van die proefskrif.

2061 Sien 3.3.3 van die proefskrif.

of buurtwagstelsel en die ontwikkeling van ’n afsonderlike permit- en lisensiestelsel (waarvolgens gemeenskappe wildspesies vir byvoorbeeld voedsel en tradisionele, kulturele, religieuse of ander gebruike kan jag), onderskeidelik die oordrag van magte en verantwoordelikhede asook die erkenning van regte in eiendom (wildspesies) aan gemeenskappe kan fasiliteer.[2062] Die voorgestelde riglyne vir implementering, soos geïdentifiseer en bespreek in hoofstuk 3, kan gebruik word om sekere aanvoorwerk met die oprigting van die inisiatief te verrig, asook om die interne werking en sukses van die inisiatief te handhaaf.

Weens die afwesigheid van internasionale riglyne en nasionale beleid aangaande dié onderwerp, is die doel van die volgende bespreking om bestaande Suid-Afrikaanse regsbepalings en ander regeringsinisiatiewe te identifiseer wat gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring, as ’n alternatiewe oplossing vir die bekamping van wildmisdaad, tans kan onderskraag en tot die versterking van bestaande reguleringsmaatreëls kan bydra. Die aspekte wat in hoofstuk 3 f na vore gekom het, word gebruik om struktuur aan die bespreking te verleen. Die onderstaande ontleding sluit ’n aantal perspektiewe op aspekte aangaande menseregte, gewoontereg, omgewingsreg, grondhervorming, biodiversiteitsbestuur en die bestuur van bewaringsgebiede in.

4.6.1 Grondliggende denkbeelde en die erkenning van alternatiewe oplossings, soos gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring, om omgewingskwessies (onder andere wildmisdaad) te hanteer

Artikel 24 van die *Grondwet* bepaal dat elkeen oor die reg op die beskerming van die omgewing beskik, deur middel van redelike wetgewende en ander maatreëls wat natuurbewaring, ekologies volhoubare ontwikkeling en die aanwending van natuurlike hulpbronne vooropstel.[2063] Die redelike wetgewende en ander maatreëls moet met doelbewuste regeringsaksie en gepaste, gerigte ondersteunende programme en

---

[2062] Sien 3.4 van die proefskrif.

[2063] Artikel 24(b)(ii)-(iii) van die *Grondwet.* Sien 3.1 van die proefskrif vir ’n kort beskrywing rakende die "redelike wetgewende en ander maatreëls" wat die regering moet instel om die omgewing te beskerm.

beleide gepaard gaan om die gewenste uitkoms te verseker.[2064] Ondersteunende programme en beleide moet met billikheid voor oë geformuleer en geïmplementeer word.[2065] Indien ondersteunende programme en beleide billik geformuleer word, maar die dienooreenkomstige billike implementering daarvan ontbreek, het die regering gevolglik nie volgens die grondwetlike mandaat opgetree nie.[2066] Dus moedig die *Grondwet* die formulering en implementering van alternatiewe maatreëls (soos byvoorbeeld gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring) aan om die bestaande wetgewende raamwerk (byvoorbeeld die biodiversiteitsbestuurraamwerk met betrekking tot wildmisdaad, soos vooraf bespreek)[2067] te komplementeer en aan te vul ten einde die gewenste uitkoms (die bekamping van wildmisdaad) te bereik en te handhaaf.

Die *Grondwet* bepaal voorts dat enige regeringsaksie deur middel van die ontwikkeling en implementering van redelike wetgewende en ander maatreëls, terselfdertyd ook regverdigbare ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling moet bevorder.[2068] Dít beoog dat enige omgewingsoorwegings in balans met sosio-ekonomiese oorwegings moet wees deur die ideaal wat volhoubare ontwikkeling daarstel.[2069] Ingevolge die beginsel van interafhanklikheid van regte,[2070] wat bepaal dat enige interpretasie van die regte

---

2064 Sien die konstitusionele hof se interpretasie in *Government of the Republic of South Africa v Grootboom*2001 (1) SA 46 (KH) par 42, rakende die regering se plig om "redelike wetgewende en ander maatreëls" in te stel, waar die hof bepaal dat "[t]he state is required to take reasonable legislative and other measures. Legislative measures by themselves are not likely to constitute constitutional compliance. Mere legislation is not enough. The state is obliged to act to achieve the intended result, and the legislative measures will invariably have to be supported by appropriate, well-directed policies and programmes implemented by the executive. These policies and programmes must be reasonable both in their conception and their implementation. The formulation of a programme is only the first stage in meeting the state's obligations. The programme must also be reasonably implemented. An otherwise reasonable programme that is not implemented reasonably will not constitute compliance with the state's obligations."

2065 *Government of the Republic of South Africa and Others v Grootboom and Others* 2001 1 SA 46 (KH) par 42; *BP Southern Africa (Pty) Limited v MEC for Agriculture, Conservation, Environment and Land Affairs* 2004 5 SA 124 (W) par 142F.

2066 *Government of the Republic of South Africa and Others v Grootboom and Others* 2001 1 SA 46 (KH) par 42; *BP Southern Africa (Pty) Limited v MEC for Agriculture, Conservation, Environment and Land Affairs*2004 5 SA 124 (W) par 142F.

2067 Sien 3.3.1-3.3.4 van die proefskrif.

2068 Artikel 24(b)(iii) van die *Grondwet.*

2069 Freedman ea *Constitutional Law: Bill of Rights* par 137.

2070 Sien *Government of the Republic of South Africa and Others v Grootboom and Others*2001 1 SA 46 (KH) para 22-24 waar die hof bepaal dat "[a]ll the rights in our Bill of Rights are inter-related and mutually supporting." Sien ook *Fuel Retailers Association of SA (Pty) Ltd v Director-General Environmental Management Mpumalanga*2007 10 BCLR 1059 (KH) par 102 waar die hof bepaal

in die Handves van Regte[2071] mekaar wedersyds moet versterk en komplementeer, moet artikel 24 van die *Grondwet* die bepalings van ander menseregte soos byvoorbeeld die reg op lewe,[2072] die reg op gelykheid,[2073] die reg op menswaardigheid,[2074] die reg op eiendom,[2075] die reg op taal en kultuur,[2076] die reg op toegang tot inligting,[2077] die reg op regverdige administratiewe optrede[2078] en alle sosio-ekonomiese regte[2079] ook komplementeer.[2080] Feris[2081] maan omgewingsgesindes aan om enige potensiële moontlikhede wat die *Grondwet* ingevolge die beginsel van interafhanklikheid van regte skep, ten volle te benut. Gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring kan heel moontlik een van dié potensiële moontlikhede daarstel, aangesien dit, binne die mees elementêre vorm, die verwesenliking van die doelwitte van natuurbewaring en die doelwitte van sosio-ekonomiese ontwikkeling tegelykertyd vooropstel.

Binne die ideaal van holisme wat volhoubare ontwikkeling daarstel,[2082] bevorder die nasionale beginsels vir omgewingsbestuur (soos opgeneem in die NEMA) die betrokkenheid van enige belanghebbendes soos gemeenskappe in die bewaring van

---

dat "[section 24's] protection is vital to the enjoyment of the other rights contained in the Bill of Rights; indeed, it is vital to life itself. It must therefore be protected for the benefit of the present and future generations."

2071 Soos vervat in hoofstuk 2 van die *Grondwet*.

2072 Artikel 11 van die *Grondwet.*

2073 Artikel 9 van die *Grondwet*.

2074 Artikel 10 van die *Grondwet*.

2075 Artikel 25 van die *Grondwet*.

2076 Artikel 30 van die *Grondwet*.

2077 Artikel 32 van die *Grondwet*.

2078 Artikel 33 van die *Grondwet*.

2079 Artikel 26-27 van die *Grondwet* verwys bv. onderskeidelik na die reg op behuising en die reg op gesondheidsorg, voedsel, water en maatskaplike sekerheid.

2080 Feris "Environment" 529. Sien ook *Fuel Retailers Association of SA (Pty) Ltd v Director-General Environmental Management Mpumalanga* 2007 10 BCLR 1059 (KH) par 102; *BP Southern Africa (Pty) Limited v MEC for Agriculture, Conservation, Environment and Land Affairs* 2004 5 SA 124 (W) par 144B-D.

2081 Feris "Environment" 529.

2082 Volgens a 1 van die NEMA word "volhoubare ontwikkeling" gedefinieer as "die integrasie van maatskaplike, ekonomiese en omgewingsfaktore in die beplanning, implementering en besluitneming ten einde te verseker dat ontwikkeling huidige en toekomstige geslagte dien." 'n Volledige bespreking van volhoubare ontwikkeling val buite die bestek van hierdie proefskrif. Verwys in die algemeen na Murombo 2008 *South African Law Journal* 488-504; Kotzé 2003 *Potchefstroomse Elektroniese Regsblad* 1-16; Paterson 2006 *South African Law Journal* 53-62; Feris 2008 *Constitutional Court Review* 235-253.

die omgewing.[2083] Hiervolgens streef die NEMA daarna dat omgewingsbestuur in Suid-Afrika mense en hul behoeftes moet vooropstel, en hul fisiese, sielkundige, ontwikkelings, kulturele en maatskaplike belange met billikheid moet benader.[2084] Hiervolgens moet omgewingsbestuur geïntegreerd wees, erkentlik daaraan dat alle elemente van die omgewing onderling verbind is.[2085] Mense moet billike toegang tot enige omgewingshulpbronne, voordele en dienste geniet, om basiese menslike behoeftes te bevredig en om menslike welsyn te verseker.[2086] Gemeenskapswelsyn en -bemagtiging moet deur middel van gemeenskapsonderrig, die bevordering van omgewingsbewustheid en die deel van kennis en ondervinding bevorder word.[2087]

4.6.2 Die erkenning van die begrippe "gemeenskap" en "gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring"

Binne die historiese konteks van Afrika se koloniale geskiedenis, sowel as die apartheidsera in Suid-Afrika, het die konsep van "gemeenskap" veelbewoë ontluik.[2088]

> To be civilized "not as individuals but as communities," to be subject to a process that one-sidedly opposed the community to the individual, and thereby encapsulated the individual in a set of relations defined and enforced by the state as communal and customary, indeed summed up "the opportunity and the genius" of British colonialism in Africa. Key to this enterprise was the question of land.[2089]

Die individuele lewensbenaderings van Europeërs in Afrika is bevestig, terwyl ander inheemse groepe as kollektiewe groepe binne kommunale gebiede deur die werking van verskillende koloniale en politieke stelsels geklassifiseer is. In Suid-Afrika, as gevolg van onstuimige historiese gebeure en die blywende nalatenskap van destydse gedwonge uitsettings op grond van die apartheidsideologie, bestaan sommige

---

2083 Sien a 2 van die NEMA in die algemeen.
2084 Artikel 2 (2) van die NEMA.
2085 Artikel 2(4)(b) van die NEMA.
2086 Artikel 2(4)(d) van die NEMA.
2087 Artikel 2(4)(h) van die NEMA.
2088 Hübschle en Shearing *Ending Wildlife Trafficking: Local Communities as Change Agents* 7.
2089 Mamdani *Citizen and Subject: Contemporary Africa and the Legacy of Late Colonialism* 51. Die skrywer maak verwysing na aanhalings vanuit Perham *Colonial Sequence, 1930 to 1949: A Chronological Commentary Upon British Colonial Policy in Africa* 65. Sien ook in die algemeen die ontleding van Mamdani se werk in De Goede *Mahmood Mamdani's Citizen and Subject: Contemporary Africa and the Legacy of Late Colonialism*.

gemeenskappe vandag uit individue van kultureel diverse agtergronde, uiteenlopende sosiale vlakke en verskeie politieke affiliasies, wat konflik kan veroorsaak.[2090]

In die NEMA was "community" voorheen as "any group of persons or a part of such a group who share common interests, and who regard themselves as a community" gedefinieer.[2091] In hoofstuk 3 is bevind dat hoewel 'n gemeenskap teoreties en op die oog af aan die genoemde eienskappe voldoen, naamlik om gedeelde belange en norme te deel en 'n sosiale struktuur as gemeenskap te handhaaf, kan die gemeenskap inderwaarheid op 'n dieper vlak totaal verdeeld en onbestendig wees.[2092] Kenners is aangemoedig om na ander kontekstuele beskrywings van die begrip "gemeenskap" te soek wat verder as die vorige eienskappe strek.[2093] Dié definisie is gedurende 2014 ingevolge 'n wysigingswet op die NEMA herroep.[2094] Binne die omvang van NEMA word "gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring" of 'n verbandhoudende begrip nie gedefinieer nie.

Die NEMPAA definieer "plaaslike gemeenskap" as 'n gemeenskap van mense wat binne 'n bepaalde geografiese gebied woon en oor regte of 'n belang in dié gebied beskik.[2095] In hoofstuk 3 van die proefskrif is gevind dat die begrip "gemeenskap", uitsluitlik binne die konteks van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring, aan drie beoordelingsmaatstawwe moet voldoen, naamlik dat die gemeenskap (a) 'n gesamentlike belang in die bewaring van betrokke biodiversiteit moet hê; (b) saam binne 'n bepaalde gebied geleë moet wees waar hul teenwoordigheid in die natuur op voetsoolvlak verlang word; en (c) in staat moet wees om hulself onderling as 'n eenheid te organiseer om tot kollektiewe aksie oor te gaan ter deelname aan natuurbewaring.[2096] Die definisie van "gemeenskap", soos vervat in die NEMPAA, erken tot 'n mate twee van dié beoordelingsmaatstawwe, naamlik dat die gemeenskap binne 'n afgebakende geografiese gebied moet woon en dat die gemeenskap oor 'n belang

---

2090 Hübschle en Shearing *Ending Wildlife Trafficking: Local Communities as Change Agents* 7. Sien bv. Paterson en Mkhulisi 2014 *South African Law Journal* 393.
2091 Verwys na 'n weergawe van a 1 van die NEMA pre-2014.
2092 Sien 3.3.2.1 van die proefskrif.
2093 Sien 3.3.2.1 van die proefskrif.
2094 Sien a 1(b) van die *National Environmental Management Laws Amendment Act* 25 van 2014.
2095 Verwys na die definisie van "local community" in a 1 van die NEMPAA.
2096 Sien 3.3.2.1 van die proefskrif.

of regte in die afgebakende geografiese gebied moet beskik.[2097] Die definisie stel byvoorbeeld nie dat ’n "gemeenskap" oor regte of belange in die biodiversiteit, natuurlike hulpbronne of wildspesies binne die spesifieke geografiese gebied moet beskik nie of dat die gemeenskap oor die vermoë moet beskik om kollektief op te tree nie. In hoofstuk 3 is egter genoem dat ’n gemeenskap se vermoë om kollektief op te tree, heel moontlik nie objektief vasgestel sal kan word nie, maar eerder deur die gemeenskap ingevolge subjektiewe maatstawwe self vasgestel moet word.[2098]

"Bestuur", binne die konteks van bewaringsgebiede, sluit beheer, beskerming, bewaring, instandhouding en rehabilitasie van ’n bewaringsgebied in, met inagneming van die verbruik en ontginning van biologiese hulpbronne,[2099] gemeenskapsgebaseerde praktyke en die verdeling van voordele wat uit die gebied spruit op wyses wat in ooreenstemming met die bepalings van die NEMBA is.[2100] ’n Bewaringsgebied se bestuursplan moet, indien van toepassing binne ’n spesifieke geval, vir die implementering van "gemeenskapsgebaseerde natuurlikehulpbronbestuur"[2101] voorsiening maak.[2102]

Sover vasgestel kon word, bevat die NEMBA tans geen definisies vir die begrippe "gemeenskap" of "gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring" nie.

4.6.3 Die konsep van gemeenskapsdeelname

In hoofstuk 3 is die drie konsepte "gemeenskapsdeelname", "gemeenskapsbetrokkenheid" en "publieke deelname" onafhanklik van mekaar

---

2097 Sien 3.3.2.1 van die proefskrif.

2098 Sien 3.3.2.1 van die proefskrif.

2099 "Biologiese hulpbronne" sluit onder meer lewendige of dooie inheemse wildspesies en hul neweprodukte of genetiese materiaal in. Verwys na die definisie van "biological resource" in a 1 van die NEMPAA.

2100 Verwys na die definisie van "management" in a 1 van die NEMPAA. Sien ook a 6 van die NEMPAA wat bepaal dat lees, interpretasie en toepassing van die NEMPAA moet in oorleg met die bepalings van die NEMBA geskied.

2101 Anders gestel "community-based natural resource management". Sien 3.3.2 van die proefskrif vir ’n bespreking oor die diverse benamings wat gebruik word om gemeenskapsgebaseerde inisiatiewe te beskryf.

2102 Artikel 41(2)(f) van die NEMPAA. Volgens a 41(1) van die NEMPAA is die oorkoepelende doel van die bestuursplan "to ensure the protection, conservation and management of the protected area concerned in a manner which is consistent with the objectives of [the NEMPAA] and for the purpose it was declared."

ontleed.[2103] Daar is bevind dat hoewel die begrippe onafhanklik geïnterpreteer kan word, dit tog in samehang met mekaar funksioneer.[2104]

Ingevolge die omgewingsregbeginsels van die NEMA moet alle mense die geleentheid hê om begrip, vaardighede en vermoë te ontwikkel om op 'n billike en effektiewe wyse aan omgewingsbestuur deel te neem.[2105] Besluitneming moet met deursigtigheid geskied en toegang tot inligting moet ooreenkomstig die reg aan enige belanghebbende voorsien word.[2106] Besluitneming moet alle vorme van kennis, met inbegrip van tradisionele en gewone kennis, erken.[2107] Die uitwerking van besluite op mense se belange moet deurlopend in aanmerking geneem word, terwyl die beste uitvoerbare omgewingsopsie nagestreef word.[2108] Die lewensbelangrike rol van vroue en die jeug in omgewingsbestuur en -ontwikkeling moet erken en hul deelname daaraan moet bevorder word.[2109]

Publieke deelname[2110] is 'n statutêre vereiste in terme van verskillende omgewingswetgewing in Suid-Afrika.[2111] Binne dié konteks is die doel van publieke deelname om die publiek (of 'n spesifieke gemeenskap) in kennis te stel van voorgestelde wetgewende wysigings, die proklamasie van nuwe regulasies en beleide, of enige ontwikkelinge in hul omgewing wat hulle kan affekteer.[2112] Publieke deelname bied aan die publiek die geleentheid om insae in die voorgestelde wysiging, proklamasie of ontwikkelingsproses te hê, deur skriftelike voorstelle te maak of besware aan te teken.[2113]

2103 Sien 3.3.3 van die proefskrif.
2104 Sien 3.3.3 van die proefskrif.
2105 Artikel 2(4)(f) van die NEMA.
2106 Artikel 2(4)(k) van die NEMA.
2107 Artikel 2(4)(g) van die NEMA.
2108 Artikel 2(4)(b) van die NEMA.
2109 Artikel 2(4)(q) van die NEMA.
2110 Sien die teoretiese ontleding van publieke deelname in 3.3.3 van die proefskrif.
2111 Aucamp, Retief en King "The Social Dimension of Environmental Management" 1186.
2112 Sien bv. die definisie van "public participation process" in a 1 van die NEMA; aa 99, 100 van die NEMBA; Aucamp, Retief en King "The Social Dimension of Environmental Management" 1186; Paterson "Biodiversity, Genetic Modification and the Law" par 13.5.7.
2113 Sien bv. die definisie van "public participation process" in a 1 van die NEMA; aa 99, 100 van die NEMBA; Aucamp, Retief en King "The Social Dimension of Environmental Management" 1186; Paterson "Biodiversity, Genetic Modification and the Law" par 13.5.7.

Verdere bepalings wat spesifiek die fasilitering van passiewe en aktiewe gemeenskapsdeelname aan biodiversiteitsbestuur en natuurbewaring rig, kon nie binne die relevante wetgewing binne die Suid-Afrikaanse omgewingsregraamwerk gevind word nie. Soos omvattend ondersoek in hoofstuk 3, is bevind dat die optimale punt van gemeenskapsdeelname aan natuurbewaringsinisiatiewe binne 'n buigsame kombinasie van passiewe en aktiewe gemeenskapsdeelname gevind word.[2114] Binne die buigsame kombinasie van passiewe en aktiewe gemeenskapsdeelname word samewerkende bestuur gevind.[2115]

Die konsep van gemeenskapsdeelname wat vir gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring vereis word, is veel meer gedetailleerd en kompleks as wat Suid-Afrikaanse omgewingswetgewing tans vervat.[2116]

4.6.4 Samewerkende bestuur

In hoofstuk 3 is omvattend beskryf hoe samewerkende bestuur as die optimale vlak van gemeenskapsdeelname binne gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring beskou word. Hiervolgens moet die regering, die betrokke gemeenskap en enige ander belanghebbendes daarna streef om onder andere openlik te kommunikeer, inligting uit te ruil, saam besluite te neem, vennootskappe te smee, mekaar wedersyds te bemagtig met kennis en om magte, verantwoordelikhede, regte en voordele oor te dra en te erken.[2117]

Een van die doelwitte van die NEMPAA is om die deelname van plaaslike gemeenskappe, waar toepaslik, in die bestuur van bewaringsgebiede te bevorder.[2118] Ter uitvoering van die regering se mandaat om gemeenskappe by die bestuur van bewaringsgebiede te betrek,[2119] is verskeie stappe tot die ontwikkeling van wetgewende en ander maatreëls in hierdie verband gedoen. Die stappe is tans oorwegend in die vorm van programme, beleide en riglyne en is meestal aan die

---

[2114] Sien 3.3.3 van die proefskrif.
[2115] Sien 3.3.3 van die proefskrif.
[2116] Sien 3.3.3 van die proefskrif.
[2117] Sien Figuur 8 van die proefskrif.
[2118] Artikel 2(f) van die NEMPAA.
[2119] Artikel 2(f) van die NEMPAA.

doelwitte van grondhervorming,[2120] grondbeheer van kommunale eiendom[2121] en die volhoubare verbruik van natuurlike hulpbronne gekoppel.[2122] Hierna word 'n paar voorbeelde oorsigtelik genoem en bespreek.

Die NEMPAA maak voorsiening vir die medebestuur van 'n bewaringsgebied.[2123] Die bestuursowerheid (van 'n bewaringsgebied) kan 'n ooreenkoms met 'n ander staatsorgaan, 'n plaaslike gemeenskap, 'n individu of enige ander party aangaan om op die medebestuur van 'n bewaringsgebied ooreen te kom of om enige menslike aktiwiteite wat die omgewing binne die bewaringsgebied affekteer, gesamentlik te reguleer.[2124] Die NEMPAA bevat nie 'n definisie vir "menslike aktiwiteite" nie. 'n Ooreenkoms vir die medebestuur van 'n bewaringsgebied, kan bepalings rakende die volgende aspekte bevat: (a) die delegering van magte en verantwoordelikhede deur die bestuursowerheid aan die ander party (byvoorbeeld 'n gemeenskap) tot die ooreenkoms; (b) die verdeling van enige inkomste of voordele tussen die partye tot die ooreenkoms wat uit die bestuur van die bewaringsgebied gegenereer is; (c) die gebruik van die biologiese hulpbronne in die gebied; (d) toegang tot die bewaringsgebied; (e) okkupasie van die bewaringsgebied of sekere gedeeltes daarvan; (f) die ontwikkeling van ekonomiese geleenthede binne of aangrensend tot die bewaringsgebied; (g) die ontwikkeling van bestuurskapasiteit op laer vlakke van bestuur en die uitruil van kennis (byvoorbeeld tradisionele en wetenskaplike kennis); (h) finansiële en ander ondersteuning om effektiewe administrasie en implementering van die ooreenkoms te verseker; of (i) enige ander relevante aangeleentheid wat met die ooreenkoms mag verband hou.[2125]

2120 Sien in die algemeen Pienaar *Land Reform* 11-53. Du Plessis, Olivier en Pienaar 2003 *Suid-Afrikaanse Publiekreg* 491-514; Du Plessis, Pienaar en Olivier 2014 *Suid-Afrikaanse Publiekreg* 219-256; Pienaar, Du Plessis en Olivier 2014 *Suid-Afrikaanse Publiekreg* 573-607; Pienaar ea 2016 *Suid-Afrikaanse Publiekreg* 189-231; Pienaar, Du Plessis en Olivier 2016 *Suid-Afrikaanse Publiekreg* 1-29; Pienaar, Johnson en Du Plessis 2018 *Suid-Afrikaanse Publiekreg* 1-42; Pienaar ea 2018 *Suid-Afrikaanse Publiekreg* 1-26; Pienaar, Du Plessis en Johnson 2019 *Suid-Afrikaanse Publiekreg* 1-32; Pienaar, Du Plessis en Johnson 2020 *Suid-Afrikaanse Publiekreg* 1-30; Kloppers en Pienaar 2014 *Potchefstroomse Elektroniese Regsblad* 677-706.

2121 Sien Du Plessis en Pienaar 2010 *Fundamina* 73-114 oor grondbeheer en kommunale eiendom.

2122 Paterson *Bridging the Gap Between Conservation and Land Reform: Communally-Conserved Areas as a Tool for Managing South Africa's Natural Commons* 145-154.

2123 Artikel 42 van die NEMPAA.

2124 Artikel 42(1)(a) van die NEMPAA.

2125 Artikel 42(2)(a)-(i) van die NEMPAA.

Ooreenkomste vir die medebestuur van bewaringsgebiede word gereeld in gevalle van grondhervorming en kommunale eiendom gebruik, waar grondbeheer van 'n spesifieke stuk grond aan gemeenskappe teruggegee of oorgedra word.[2126] In baie gevalle word

---

[2126] De Koning 2009 *Africanus* 6. Ten spyte van wydverspreide kommer dat grondrestitusie die einde van baie Suid-Afrikaanse bewaringsgebiede gaan beteken, het grondrestitusie ongetwyfeld 'n positiewe invloed op natuurbewaring uitgeoefen. Fabricius en de Wet "The Influence of Forced Removals and Land Restitution on Conservation in South Africa" 147-153 lys die positiewe invloede soos volg: die uitbreiding van natuurbewaringsgebiede; die ontwikkeling van nuwe bestuursmodelle in natuurbewaring; die toename en uitbreiding van toerismebedrywighede; verbeterde onderlinge verhoudings tussen belanghebbendes; wedersydse veranderinge in ingesteldheid en sienings; nuwe natuurbewaringsbeleide en -benaderings deur regerings; totstandkoming van nuwe instansies en die vernuwing en verbetering van bestaande instansies; die oplewing van die waarde van gemeenskappe se tradisionele omgewingskennis; en die ontwikkeling van gemeenskapsvaardighede. Voorbeelde kan in die Richtersveld Nasionale Park (in ooreenkoms met die Richtersveld-gemeenskap), Kruger Nasionale Park (in ooreenkoms met die Makuleke-gemeenskap, Nkambeni-gemeenskap en die Mjejane Natuurreservaat) en die Kgalagadi Oorgrenspark (in ooreenkoms met die San-gemeenskap en die Mier-gemeenskap) gevind word. Sien in hierdie verband South African National Parks *From Fortress Conservation to People and Conservation: SANParks and a Developmental Approach to Conservation in the 21st Century* 17-22. Die regsposisie in Suid-Afrika aangaande grondhervorming en kommunale eiendom is met groot onsekerheid en kompleksiteit omring. 'n Volledige bespreking rakende grondhervorming en kommunale grond val buite die bestek van hierdie proefskrif. Die vorige politieke bestel het gemeenskappe onder dwang van sekere gebiede verwyder om uiteenlopende vroeëre politieke doelwitte te bereik. Die destydse regering het groot dele kommunale grond vir okkupasie deur swart Afrikane gereserveer, waar gemeenskappe hervestig is. A25(5) van die *Grondwet* bepaal dat die regering redelike wetgewende en ander maatreëls moet tref om, binne die beskikbare middele, toestande te skep wat burgers in staat stel om op 'n billike grondslag toegang tot grond te verkry. A 25(6)-(7) van die *Grondwet* gaan verder deur te bepaal dat "'n [p]ersoon of gemeenskap wie se besitreg van grond regsonseker is as gevolg van wette of praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het, is geregtig, in die mate wat deur 'n Parlementswet bepaal word, op óf besitreg wat regseker is óf gelykwaardige vergoeding. 'n Persoon of gemeenskap wat ná 19 Junie 1913 die besit van eiendom ontneem is as gevolg van wette of praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het, is geregtig, in die mate wat deur 'n Parlementswet bepaal word, op óf teruggawe van daardie eiendom óf billike vergoeding." Cousins "Contextualising the Controversies: Dilemmas of Communal Tenure Reform in Post-Apartheid South Africa" 3 maak 'n samevatting van dié posisie en bepaal dat Suid-Afrika se hedendaagse grondhervormingsprogram oor drie afdelings beskik, naamlik: "[…] the restitution of land to people who were dispossessed after 1913; the redistribution of land in order to redress the skewed ownership of land along racial lines; and tenure reform, which aims to ensure the land rights of people whose tenure is insecure as a result of discriminatory laws and practices." In die meeste gevalle is die staat die geregistreerde eienaar van kommunale grond, maar gemeenskappe okkupeer die eiendom en ontgin die natuurlike hulpbronne wat binne die gebiede voorkom meestal volgens 'n uitgebreide stelsel van gewoonteregtelike beginsels. Gemeenskappe se regte met betrekking tot dié kommunale eiendom word as onseker beskou. In 'n poging om historiese onbillikheid en onsekerheid oor besitreg van kommunale eiendom op te klaar, is die *Communal Land Rights Act* 11 van 2004 opgeteken om kommunale grondbeheer aan gemeenskappe en persone oor te dra wat kommunale grond okkupeer en gebruik. Die voorgenoemde wet is egter nog altyd omstrede en is selfs voordat dit geïmplementeer is, ongrondwetlik verklaar. (Sien *Tongoane v Minister for Agriculture and Land Affairs* 2010 6 SA 214 (KH)). Sien in die algemeen Pienaar *Land Reform* 52-136, 378-508; Bekker en Maithufi "Eiendomsreg" 69; Smith "An Overview of the Communal Land Rights Act 11 of 2004" 35-71; Kepe, Wynberg en Ellis 2005 *International Journal of Biodiversity Science and Management* 3-16. Sien verder in die algemeen dié skrywer se omvattende bydrae in verband met die onvermybare raakpunte tussen natuurbewaring en grondhervorming: Paterson

natuurbewaring as 'n lewensvatbare opsie vir grondgebruik op kommunale eiendom bevorder en natuurreservate word soms op die eiendomme geproklameer.[2127] Gedurende 2003 is die *People and Parks Programme* deur die destydse Departement van Omgewingsake geïnisieer.[2128] Die *People and Parks Programme* spruit uit 'n etiese imperatief om historiese onbillikheid reg te stel en inheemse en plaaslike gemeenskappe se regte tot die bewaringsgebiede en toegang tot natuurlike hulpbronne as lewensmiddele te erken.[2129] Die *People and Parks Programme* ondervind egter 'n aantal uitdagings betreffende kapasiteitsbou; toegang tot bewaringsgebiede; toegang en verbruik van natuurlike hulpbronne in bewaringsgebiede deur gemeenskappe; die deel van voordele wat uit die natuurlike hulpbronne binne die bewaringsgebied spruit; die versoening van die doelwitte, prosedures en agendas van grondhervorming en natuurbewaring; implementering van ondersteuningsprogramme aan gemeenskappe as grondeise afgehandel is; die pragmatiese implementering en onderrig rakende die medebestuur van bewaringsgebiede; die sluiting van vennootskappe met privaat rolspelers; die tempo van werkskepping in bewaringsgebiede; en die uitbreiding van die netwerk van bewaringsgebiede op 'n wyse wat nie gemeenskappe se belange ondermyn en benadeel nie.[2130] Paterson[2131] vind egter dat "the success of [the People and Parks Programme] is somewhat

---

Bridging the Gap Between Conservation and Land Reform: Communally-Conserved Areas as a Tool for Managing South Africa's Natural Commons asook Claassens en Cousins (reds) *Land, Power and Custom: Controversies Generated by South Africa's Communal Land Rights Act*.

2127 Sien in die algemeen De Koning 2009 *Africanus* 5-17; De Koning en Marais 2009 *Africanus* 66-79.

2128 Die *People and Parks Programme* is 'n resultaat van die vyfde *World Parks Congress* wat gedurende 2003 te Durban gehou is. Die kongres het in die algemeen gepoog om globale bewustheid rakende die waarde van natuurbewaring in armoedeverligting te verhoog. Sien in die algemeen Departement van Omgewingsake 2019 https://bit.ly/2yjFjKi vir meer inligting rakende die program.

2129 Departement van Omgewingsake 2019 https://bit.ly/2yjFjKi.

2130 Hierdie uitdagings is in die *People and Parks Programme* se konferensieverslae gedokumenteer. Sien bv. Departement van Omgewingsake *People and Parks Workshop "Conservation for the People with the People" (Swadini Statement)* 6-7; Departement van Omgewingsake *People and Parks Conference "Conservation for the People with the People" (Beaufort West Statement)* 14-17; Departement van Omgewingsake *3rd People and Parks Conference "Conservation for the People with the People" (Mafikeng Statement)* 15-17; Departement van Omgewingsake *4th People and Parks Conference (Richards Bay Statement)* iii-iv. Sien verder Paterson *Bridging the Gap Between Conservation and Land Reform: Communally-Conserved Areas as a Tool for Managing South Africa's Natural Commons* 149-151.

2131 Paterson *Bridging the Gap Between Conservation and Land Reform: Communally-Conserved Areas as a Tool for Managing South Africa's Natural Commons* 150, 151.

chequered" en dat "the relationship between people and parks, and conservation and land reform is clearly far from settled."

In 'n poging deur die regering om struikelblokke tussen die amalgamering van grondhervorming en natuurbewaring te oorkom, het die destydse minister van landbou en grondsake tesame met die minister van omgewingsake gedurende 2007 'n Memorandum van Ooreenkoms[2132] onderteken en die *National Co-Management Framework* is gepubliseer.[2133] Die Memorandum van Ooreenkoms sit die onderskeie regeringsdepartemente se verantwoordelikhede met betrekking tot die afhandeling van grondrestitusie eise in bewaringsgebiede uiteen, terwyl die *National Co-Management Framework* beginsels vir die medebestuur van bewaringsgebiede tussen die regering en gemeenskappe neerlê.[2134] Drie opsies vir medebestuur van bewaringsgebiede is uitgesonder, naamlik "full co-management",[2135] "lease"[2136] en "part co-management or part lease".[2137] Meer onlangs is daar verslag gelewer dat kommunale eiendomsverenigings[2138] van kommunale eiendomme wat as natuurreservate geregistreer is, toenemend operasionele planne in werking stel om die gemeenskap in bedreigde en kwesbare wildspesies en die negatiewe gevolge van

---

2132 Anders gestel: "Memorandum of Agreement".

2133 Departement van Omgewingsake ea *National Co-Management Framework* 2. Sien in die algemeen De Koning 2009 *Africanus* 5-17; De Koning en Marais 2009 *Africanus* 66-79.

2134 Departement van Omgewingsake ea *National Co-Management Framework* 2. Vir 'n uitgebreide bespreking rakende die Memorandum van Ooreenkoms en die *National Co-Management Framework*, sien Paterson *Bridging the Gap Between Conservation and Land Reform: Communally-Conserved Areas as a Tool for Managing South Africa's Natural Commons* 213-222.

2135 Departement van Omgewingsake ea *National Co-Management Framework* 4 beskryf "full co-management" as "where the compensation for no physical occupation takes the form of socio-economic beneficiation and participation in co-management. This should be applied in areas where beneficiation is viable and possible."

2136 Departement van Omgewingsake ea *National Co-Management Framework* 4 beskryf "lease" as " where the state leases the land from the land claimants. This should be applied where few (if any) socio-economic opportunities exist and would result in inadequate compensation for loss of beneficial occupation. Treasury approval is required for this category of co-management. A 'community levy' could be levied on all visitors and be channelled into a Community Trust Fund to finance future community development projects. This could be used as a basis to determine the lease fee. Further work is needed on the determination of a formula for the lease fee."

2137 Departement van Omgewingsake ea *National Co-Management Framework* 4 beskryf "part co-management or part lease" as "where a combination of co-management and lease are applied. This would be applied on the basis of the socio-economic opportunities."

2138 'n Kommunale eiendomsvereniging is 'n instelling vir grondbesit namens gemeenskappe wat onder die *Communal Property Associations Act* 28 van 1996 gestig is.

wildmisdaad (spesifiek stropery) op natuurbewaring en die belangrikheid om dit te bekamp, te onderrig.[2139]

In 2003 het die toenmalige Departement van Omgewingsake in samewerking met die *Deutsche Gesellschaft für Technische Zusammenarbeit* die *Guidelines for the Implementation of Community-Based Natural Resource Management in South Africa* ontwikkel en gepubliseer.[2140] Dié riglyne gebruik die term "gemeenskapsgebaseerde natuurlikehulpbronbestuur" en verbind dit met die volhoubare verbruik van natuurlike hulpbronne (byvoorbeeld water, bome, grond, plante en diere) deur gemeenskappe.[2141] Die taakspan wat vir die ontwikkeling van die bogenoemde riglyne verantwoordelik was, het bevind dat verskillende Suid-Afrikaanse wetgewing, beleide en programme onderliggende beginsels van gemeenskapsgebaseerde natuurlikehulpbronbestuur bevat en dat baie regeringsdepartemente meestal onwetend soortgelyke inisiatiewe toepas.[2142] Die taakspan beskryf gemeenskapsgebaseerde natuurlikehulpbronbestuur in Suid-Afrika as "an approach or methodology without synergy", wat 'n groot aantal "duplication of efforts" bevat, met "no clear vision" en 'n "strong lack of co-ordinated action […] diffused across different government departments".[2143] Die voorgestelde riglyne bevat sewe onderafdelings wat 'n oorsigtelike beskrywing van gemeenskapsgebaseerde natuurlikehulpbronbestuur

---

2139 Departement van Plaaslike Ontwikkeling en Grondhervorming *Communal Property Associations: Annual Report 2018/19* 13.

2140 Die riglyne is die gevolg van 'n reeks werkswinkels wat gedurende 2001 tot 2002 gehou is en beskik oor kwasiregseienskappe. Die riglyne word deur 'n addisionele dokument vergesel wat wette, beleide en internasionale ooreenkomste saamvat wat gemeenskapsgebaseerde natuurlikehulpbronbestuur "type programmes" in Suid-Afrika kon ondersteun. Die wetgewing wat in die dokument saamgevat is, is in sommige gevalle met verloop van tyd deur nuwe wetgewing en beleid vervang. Sien Departement van Omgewingsake en Deutsche Gesellschaft für Technische Zusammenarbeit *Guidelines for the Implementation of Community-Based Natural Resource Management (CBNRM) in South Africa*; Departement van Omgewingsake en Deutsche Gesellschaft für Technische Zusammenarbeit *Laws, Policies, International Agreements and Departmental Guidelines that Support Community Based Natural Resource Management Type Programmes in South Africa*.

2141 Departement van Omgewingsake en Deutsche Gesellschaft für Technische Zusammenarbeit *Guidelines for the Implementation of Community-Based Natural Resource Management (CBNRM) in South Africa*

2142 Departement van Omgewingsake en Deutsche Gesellschaft für Technische Zusammenarbeit *Laws, Policies, International Agreements and Departmental Guidelines that Support Community Based Natural Resource Management Type Programmes in South Africa* 2.

2143 Departement van Omgewingsake en Deutsche Gesellschaft für Technische Zusammenarbeit *Laws, Policies, International Agreements and Departmental Guidelines that Support Community Based Natural Resource Management Type Programmes in South Africa*

bied en sleutelbeginsels, uitdagings en onderskeie implementeringsriglyne vir gemeenskappe, belanghebbendes en beleidmakers identifiseer.[2144] Die doel van die riglyne is om 'n breë beskrywing van gemeenskapsgebaseerde natuurlikehulpbronbestuur te formuleer, om 'n modus vir samewerking tussen alle rolspelers voor te stel en om die verantwoordelikhede van elke rolspeler te onderskei.[2145] Die riglyne moedig die gebruik van 'n aanpasbare bestuursbenadering[2146] aan, wat gereelde veranderinge aan die struktuur van die inisiatief toelaat om doelwitte te bereik en sodoende die inisiatief se maksimum potensiaal te bereik.[2147]

Ander verbandhoudende stappe wat poog om die sosio-ekonomiese doelwitte van gemeenskappe en die doelwitte van natuurbewaring te vereenselwig is onder meer die totstandkoming van die *National Protected Areas Expansion Strategy*,[2148] *Biodiversity Stewardship South Africa*[2149] en die *Land Reform and Biodiversity Stewardship Initiative*.[2150]

4.6.5 Die sluiting van samewerkende ooreenkomste

Ingevolge artikel 35 van die NEMA kan die minister verantwoordelik vir omgewingsake, 'n LUR en munisipaliteite omgewingsbestuur-samewerkingsooreenkomste[2151] met enige persoon of gemeenskap sluit met die doel om die nakoming van die bogenoemde beginsels wat in artikel 2 van die NEMA opgeneem is, te bevorder.[2152]

2144 Verwys na die opsomming in Departement van Omgewingsake en Deutsche Gesellschaft für Technische Zusammenarbeit *Guidelines for the Implementation of Community-Based Natural Resource Management (CBNRM) in South Africa* 8.

2145 Departement van Omgewingsake en Deutsche Gesellschaft für Technische Zusammenarbeit *Guidelines for the Implementation of Community-Based Natural Resource Management (CBNRM) in South Africa* 5-6.

2146 Anders gestel: "adaptive management approach".

2147 Departement van Omgewingsake en Deutsche Gesellschaft für Technische Zusammenarbeit *Guidelines for the Implementation of Community-Based Natural Resource Management (CBNRM) in South Africa* 9.

2148 Verwys na Departement van Omgewingsake *National Protected Area Expansion Strategy for South Africa 2008*; Departement van Omgewingsake *National Protected Area Expansion Strategy for South Africa 2016*.

2149 Verwys na Departement van Omgewingsake en South African National Biodiversity Institute *Biodiversity Stewardship Guideline 2018*.

2150 Verwys na Departement van Omgewingsake *South Africa's National Biodiversity Strategy and Action Plan 2015-2025* 24.

2151 Anders gestel: "environmental management co-operation agreements".

2152 Artikel 35(1) van die NEMA. Volgens Seekoe *The Environmental Management Cooperation Agreement as a Co-Operative Environmental Governance Tool in a Segmented Environmental*

Omgewingsbestuur-samewerkingsooreenkomste kan alleenlik met die instemming van elke staatsorgaan wat jurisdiksie oor die sodanige werksaamheid van die betrokke ooreenkoms het en die toestemming van die betrokke minister en LUR, aangegaan word.[2153] Boonop kan die ooreenkoms verder slegs ná afloop van die korrekte prosedure vir publieke deelname gesluit word.[2154] Die inhoud en doelwitte van omgewingsbestuur-samewerkingsooreenkomste sal wissel,[2155] maar in die algemeen kan 'n ooreenkoms 'n onderneming deur 'n betrokke persoon of 'n gemeenskap bevat om enige standaarde vir die beskerming van die omgewing (soos vervat in die ooreenkoms) te verbeter.

'n Omgewingsbestuur-samewerkingsooreenkoms kan vier sleutelaspekte bevat, naamlik (a) 'n onderneming deur partye om omgewingstandaarde (soos gestel deur omgewingswetgewing) betreffende 'n spesifieke omgewingskwessie (wat deur die partye tot die ooreenkoms geïdentifiseer is) te verbeter;[2156] (b) 'n stel meetbare doelwitte en teikens om die voorgenoemde onderneming te volvoer;[2157] (c) voorsiening vir periodieke monitering en verslaggewing van prestasies gemeet teen vasgestelde teikens, eksterne verifiëring van verslae, gereelde eksterne monitering en inspeksies, en verifieerbare aanwysers van nakoming;[2158] en (d) maatreëls in die geval van nienakoming, boetes en die voorsiening van voordele of belonings (aan byvoorbeeld die betrokke gemeenskap).[2159]

Volgens Glazewski[2160] is die onderliggende doel van dié ooreenkomste om 'n samewerkende en deelnemende benadering tot omgewingsbestuur in te neem, in plaas van 'n benadering wat uitsluitlik op dwangmaatreëls en streng regulasie berus.

Administration 32 kan a 35 van die NEMA in drie dele opgedeel word, naamlik (a) die partye tot die ooreenkoms, (b) die vrywillige natuur van die ooreenkoms, en (c) die doel van die ooreenkoms.

2153 Artikel 35(2)(a) van die NEMA.

2154 Artikel 35(2)(a) van die NEMA.

2155 Sien Oosthuizen, Van der Linde en Basson "National Environmental Management Act 107 van 1998 (NEMA)" 197.

2156 Artikel 35(3)(a) van die NEMA.

2157 Artikel 35(3)(b) van die NEMA.

2158 Artikel 35(3)(c) van die NEMA.

2159 Artikel 35(3)(d) van die NEMA.

2160 Glazewski "The National Environmental Management Act" par 7.2.13.

Oosthuizen, Van der Linde en Basson[2161] voorsien dat die sluiting van die ooreenkomste met kompleksiteit gepaard sal gaan en deur unieke faktore beïnvloed sal word, onder meer die mandaat van die partye, doelwitte van die onderneming en die balansering van die partye se belange. Desondanks die moontlike kompleksiteite wat aan dié soort ooreenkomste verbonde mag wees, verteenwoordig dit 'n innoverende en bykomende instrument wat uiteenlopende sektorale omgewingskwessies (byvoorbeeld die kwessie van wildmisdaad binne die sektor van biodiversiteitsbestuur) kan hanteer.[2162] Scholtz[2163] moedig die gebruik van omgewingsbestuur-samewerkingsooreenkomste aan om die uiteenlopende omgewingskwessies in Suid-Afrika te hanteer, mits dit korrek geformuleer en regmatig geïmplementeer word. Scholtz[2164] meen verder dat die partye tot die omgewingsbestuur-samewerkingsooreenkoms as sogenaamde "waghonde" kan optree om beide die sukses van die ooreenkoms te handhaaf, maar ook om te verseker dat die betrokke omgewingskwessies op 'n pragmatiese wyse hanteer word.

Die sluiting van samewerkende ooreenkomste met Suid-Afrikaanse gemeenskappe wat onder die gesag van 'n tradisionele leier en volgens gewoonteregtelike reëls leef, kan potensieel tot die bekamping van wildmisdaad bydra, aangesien dié gemeenskappe in simbiose met biodiversiteit lewe en selfs kulturele en religieuse waarde en inspirasie daaruit put.[2165] Die instelling, status en rol van tradisionele

---

2161 Oosthuizen, Van der Linde en Basson "National Environmental Management Act 107 van 1998 (NEMA)" 197.

2162 Oosthuizen, Van der Linde en Basson "National Environmental Management Act 107 van 1998 (NEMA)" 197.

2163 Scholtz 2004(a) *South African Journal of Environmental Law and Policy* 51.

2164 Scholtz 2004(b) *South African Journal of Environmental Law and Policy* 194.

2165 Die meeste plattelandse gebiede beskik steeds oor gemeenskappe wat volgens 'n sentrale tradisionele owerheidstelsel funksioneer. Sien Bekker en Boonzaaier "Tradisionele Leierskap en Bestuur" 121. Gray "Indigenous Peoples, Their Environments and Territories" 62, 64 stel dat "[b]iodiversity is the inspiration for spirituality and culture for indigenous peoples, who through their production activities and shamanic practices contribute to the respect for and enhancement of biodiversity… Indigenous peoples, with their distinct cultural principles, will almost invariably provide some 'holistic' insight into their relationship with the environment that is markedly different from that of national society."; terwyl Craig en Jeffery "The Recognition and Enforcement of Indigenous Customary Law in Environmental Regimes and Natural Resource Management" 538 byvoeg dat "[t]here is a crucial need to deal with human rights through domestic environmental law and to recognise indigenous laws as part of this. Indigenous peoples have integral and unique relationships with the earth (including land, seas, resources and wildlife) [...]" Die onlosmaaklike raakpunte tussen die gewoontereg, menseregte, volhoubare ontwikkeling en die bewaring van die omgewing is binne die internasionale regsarena deur onder andere beginsel 22 van die *Declaration*

leierskap, volgens die gewoontereg, word behoudens die *Grondwet* erken.[2166] Nasionale wetgewing kan spesifieke verantwoordelikhede betreffende aangeleenthede wat dié gemeenskappe raak aan tradisionele leiers toeken.[2167] Hierdie verantwoordelikhede kan byvoorbeeld aspekte verbandhoudend tot

---

on Environment and Development (1992), a 8(j) van die *Convention on Biological Diversity* (1992) en hoofstuk 26 van die *United Nations Conference on Environment and Development: Agenda 21* (1992) uiteengesit en beklemtoon. Beginsel 22 van die *Declaration on Environment and Development* (1992) bepaal dat "[i]ndigenous people and their communities and other local communities have a vital role in environmental management and development because of their knowledge and traditional practices. States should recognize and duly support their identity, culture and interests and enable their effective participation in the achievement of sustainable development." Artikel 8(j) van die *Convention on Biological Diversity* (1992) bepaal dat "[e]ach contracting party shall, as far as possible and as appropriate: [s]ubject to its national legislation, respect, preserve and maintain knowledge, innovations and practices of indigenous and local communities embodying traditional lifestyles relevant for the conservation and sustainable use of biological diversity and promote their wider application with the approval and involvement of the holders of such knowledge, innovations and practices and encourage the equitable sharing of the benefits arising from the utilization of such knowledge, innovations and practices." Sedertdien bestaan daar 'n deurslaggewende behoefte om die verbintenisse tussen die gewoontereg en biodiversiteitsbestuur, ingevolge die verwagtinge van die bogenoemde internasionale instrumente, in nasionale wetgewing te erken en dienooreenkomstig die vryheid en geleentheid aan gemeenskappe te gun om dit uit te leef en toe te pas.

2166 Artikel 211(1) van die *Grondwet*. Volgens a 211(2) van die *Grondwet* kan 'n tradisionele gemeenskap wat onder die gesag van 'n sentrale owerheidstelsel die gewoontereg naleef, behoudens enige toepaslike reëls en gebruike, funksioneer. Owerheidstelsels word deur die *Traditional Leadership and Governance Framework Act* 41 van 2003 gereël. Die doel van die wet is om nasionale raamwerkwetgewing daar te stel wat norme en standaarde bevat wat die plek en rol van tradisionele leiers binne die nuwe stelsel van demokratiese bestuur definieer. Sien die aanhef van die *Traditional Leadership and Governance Framework Act* 41 van 2003. Die *Traditional Leadership and Governance Framework Act* 41 van 2003 is tans hangend om deur die *Traditional and Khoi-San Leadership Act* 3 van 2019 herroep te word. Volgens a 211(3) van die *Grondwet* word daar van die howe verwag om die gewoontereg toe te pas wanneer dié reg toepasbaar is, behoudens die bepalings van die *Grondwet* en enige ander wetgewing wat spesifiek oor gewoontereg handel. Sien ook Bennett "Die Konflik Tussen Regstelsels" 19-21. Hiervolgens word die gewoontereg tot 'n geldende regstelsel verhef wat naasaan die gemenereg en statutêre reg funksioneer, mits dit in oorleg met die bepalings van die *Grondwet* toepassing vind. Sien *Maledu v Itereleng Bakgatla Mineral Resources (Pty) Ltd* 2019 1 BCLR 53 (KH) par 90; *Sigcau v Minister of Cooperative Governance & Traditional Affairs* 2018 12 BCLR 1525 (KH) par 71; *Bapedi Marota Mamone v Commission on Traditional Leadership Disputes and Claims* 2015 3 BCLR 268 (KH) par 14; *Mayelane v Ngwenyama (Women's Legal Centre en ander as amici curiae)* 2013 8 BCLR 918 (KH) para 23, 43; *Shilubana v Nwamitwa* 2008 9 BCLR 914 (KH) par 45; *Bhe v Khayelitsha Magistrate* 2005 1 BCLR 1 (KH) par 41; *Alexkor Ltd v Richtersveld Community* 2003 12 BCLR 1301 (KH) par 51. Die gewoontereg se grootste voordeel is die aanpasbaarheid waarmee dit deur tradisionele leiers en gemeenskappe toegepas word. Sien Freedman *Constitutional Law: Structures of Government* par 394. Dit is meestal ongeskrewe en die hoofbron van inligting is in tradisie en mondelinge vertellinge opgeneem. Van Niekerk "Regspluralisme" 8. Dié aanpasbare aard maak dit egter ook moeilik om die inhoud van die "living customary law" vas te stel en die geldigheid daarvan teen die beginsels van die *Grondwet* te toets. Sien *Bhe v Khayelitsha Magistrate* 2005 1 BCLR 1 (KH) par 45. Sien in die algemeen die bespreking in Bennett "'Official' vs 'Living' Customary Law: Dilemmas of Description and Recognition" 138-153.

2167 Artikel 212(1) van die *Grondwet*.

biodiversiteitsbestuur, natuurlikehulpbronbestuur en natuurbewaring insluit.[2168] Bennett[2169] wys egter drie struikelblokke binne die Suid-Afrikaanse konteks uit, wat die effektiwiteit van tradisionele leiers om die omgewing te bewaar, inhibeer:

> Formally, customary law gives traditional leaders all the powers necessary to safeguard the environment, but three factors militate against effective action. First, a coherent policy requires central planning and an administrative infrastructure for implementation. Where political authority is diffuse and decentralised, prompt, co-ordinated action is much more difficult to achieve. Secondly, the very ethic of customary law is to give priority to human needs. Hence, traditional rulers tend to be more concerned with the social support networks than the environment. Thirdly, the painful fact remains that very little can be done to conserve natural resources when chiefdoms are suffering all the problems of poverty and overpopulation.

Volgens Bennett bied die gewoontereg al die nodige gesag aan tradisionele leiers om gemeenskappe te bemagtig om die omgewing te bewaar, maar dat pogings deur uiteenlopende sosio-ekonomiese uitdagings in die gemeenskap gekortwiek word. In aansluiting met Bennett se standpunt, dui hoofstuk 2 aan dat gemeenskappe juis vanweë allerlei sosio-ekonomiese uitdagings, maar ook vanweë kulturele en religieuse oortuigings, by die pleging van wildmisdaad betrokke raak.[2170] Tot watter mate nasionale wetgewing die regte van gemeenskappe, wat volgens 'n stelsel van gewoontereg leef, ten aansien van die biodiversiteit in hul area erken, blyk 'n grys area binne die Suid-Afrikaanse konteks van biodiversiteitsbestuur te wees, siende dat die aangeleenthede diep in historiese onregverdigheid met betrekking tot grondsake en maatskaplike tekortkominge gewortel is. Indien kontemporêre regskepping dié onregverdigheid en komplekse uitdagings wel ten volle kan ontrafel en oplossings kan bied, sal dit slegs met verloop van tyd na vore kom.[2171]

Sover vasgestel kan word, is 'n omgewingsbestuur-samewerkingsooreenkoms tot op hede nog nie binne die konteks van biodiversiteitsbestuur in Suid-Afrika gebruik nie.

2168 Sien in die algemeen Mwalukomo *The Role of Traditional Leaders in Environmental Governance in the Context of Decentralization: A Case Study of Grass Utilization in QwaQwa, Eastern Free State* 6-23.

2169 Bennett *Customary Law in South Africa* 385.

2170 Sien 2.3.1, 2.5 en 2.6.2 van die proefskrif.

2171 In beginsel het tradisionele owerhede die bevoegdheid om na die omgewing en die biodiversiteit in die gebied waar hulle woon om te sien. Die omvang van dié bevoegdheid is egter onbekend en die gewoontereg van elke gemeenskap sal vasgestel moet word om te bepaal hoe die reëls gebruik kan word om wildmisdaad te bekamp.

'n Verdere interpretasie en beskrywing van 'n omgewingsbestuur-samewerkingsooreenkoms binne die konteks van biodiversiteitsbestuur ontbreek tans. Só 'n interpretasie en beskrywing sou waardevolle insig rakende die ware aard en omvang van 'n omgewingsbestuur-samewerkingsooreenkoms tussen die regering en gemeenskappe rakende die bekamping van wildmisdaad kon bied. Die sluiting van só 'n ooreenkoms blyk belowende toekomstige voordele vir die bekamping van wildmisdaad deur middel van die sluiting van 'n ooreenkoms met gemeenskappe te bewerkstellig.

4.6.6 Die totstandkoming van gemeenskapspolisieforums om wildmisdaad te bekamp

Kenners stel voor dat gemeenskappe 'n bydrae tot die bekamping van wildmisdaad kan lewer deur die belangrike rol van waarnemer, verspieder, informant, fluitjieblaser of konsultant op voetsoolvlak te vervul.[2172] In hoofstuk 3 is verduidelik hoe die totstandkoming van 'n soortgelyke forum of stelsel as dié van 'n gemeenskapspolisieforum of 'n buurtwagstelsel kan bydra om magte en verantwoordelikhede op 'n sinvolle wyse aan gemeenskappe in die bekamping van wildmisdaad oor te dra om die genoemde rolle te vervul.[2173]

In Suid-Afrika is 'n gemeenskapspolisieforum 'n erkende entiteit wat spesifieke polisiëringsbelange van 'n gemeenskap vooropstel.[2174] Die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995 verleen aan gemeenskapspolisieforums formele regstatus.[2175] Hiervolgens, ten einde die oogmerke van die polisiediens te bereik,[2176] moet die polisiediens met die gemeenskap skakel deur middel van die totstandkoming van

---

2172 United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 72, 91; Wilkie, Painter en Jacob *Rewards and Risks Associated With Community Engagement in Anti-Poaching and Anti-Trafficking* 10-11; Massé ea 2017 *South African Crime Quarterly* 20. Sien ook die verduideliking van die relevansie van die roetine-aktiwiteitsteorie deur Herbig en Warchol 2011 *Acta Criminologica* 5, soos bespreek in 2.7 van die proefskrif. Sien ook 3.3.3 en 3.4 van die proefskrif.

2173 Sien 3.4 van die proefskrif.

2174 Sien in die algemeen die bydraes van Minnaar 2010 *Acta Criminologica* 189-210; Clapper en König 1998 *Africanus* 49-65; Potgieter, Wiatrowski en Roelofse 2016 *Acta Criminologica* 47-65; Baloyi en Theron 2015 *Acta Criminologica* 92-108.

2175 Sien aa 18-23 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.

2176 Sien a 205 van die *Grondwet*.

gemeenskapspolisieforums met die doel om vennootskappe te smee; kommunikasie, samewerking, deursigtigheid en verantwoordbaarheid te bevorder en verbeter; die gemeenskap se behoeftes betreffende polisiëring te bevorder dienslewering aan die gemeenskap te verbeter; en gesamentlike probleemidentifikasie en probleemoplossing deur die polisiediens en die gemeenskap aan te moedig.[2177] Daar word verder onder andere voorgeskryf dat elke gemeenskapspolisieforum 'n reglement moet saamstel en duidelike doelwitte moet formuleer en dit skriftelik neerlê.[2178] Die doelwitte kan volgens die gemeenskap se polisiëringsbelange gestel word,[2179] wat dan byvoorbeeld die bekamping van wildmisdaad sal kan insluit. Dit blyk dat gemeenskapslede en ander belanghebbendes wat lede van 'n gemeenskapspolisieforum in Suid-Afrika is, dit op 'n vrywillige basis doen en geen voordele in ruil vir hul deelname ontvang nie.

Dit is tans onduidelik of die Suid-Afrikaanse gemeenskapspolisieforum-model, soos kortliks beskryf, al ooit vantevore binne die konteks van biodiversiteitsbestuur, natuurbewaring of die bekamping van wildmisdaad toegepas is. Meer onlangs is die Suid-Afrikaanse Polisiediens die mandaat opgelê om as die hoof staatsdepartement in die bekamping van wildmisdaad in Suid-Afrika op te tree.[2180] 'n Konsep strategiese plan, getiteld die *Draft National Integrated Strategy to Combat Wildlife Trafficking*, is gedurende 2017 uitgereik om die Suid-Afrikaanse Polisiediens se optrede in hierdie verband te rig. Die drie strategiese doelwitte van die plan is (a) die verbetering van wetstoepassing om wildmisdaad meer effektief te ondersoek en oortreders te vervolg; (b) die verfyning van die regering se vermoë om wildmisdaad tydig te identifiseer en te voorkom; en (c) 'n toename in nasionale, streeks- en internasionale wetstoepassingsamewerking in die bekamping van wildmisdaad. 'n Gedetailleerde plan is voorgelê om dié doelwitte te bereik. Die kernrol wat gemeenskappe in die bekamping van wildmisdaad op voetsoolvlak kan vervul, word nie ingevolge die strategiese plan in aanmerking geneem nie. In teenstelling met die voorstel om gemeenskappe te bemagtig om aan die bekamping van wildmisdaad deel te neem,[2181]

2177 Sien a 18(1)(a)-(f) van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.
2178 Skedule 1, 7 in GK R384 in SK 22273 van 11 Mei 2001 (*South African Police Service Interim Regulations for Community Police Forums and Boards*, 2001).
2179 Sien a 18(1) van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995.
2180 *Draft National Integrated Strategy to Combat Wildlife Trafficking* (2017) 13.
2181 Sien 2.7 van die proefskrif.

prioritiseer die Suid-Afrikaanse Polisiediens die insameling van inligting oor gemeenskapslede wat wildmisdaad pleeg met die oog op die suksesvolle arrestasie en vervolging van dié individue.[2182]

4.6.7 Die uitdruklike erkenning van gemeenskappe se regte in wildspesies en die ontwikkeling van 'n aparte permitstelsel vir gemeenskappe

Soos reeds in hoofstuk 2 genoem,[2183] beklemtoon die *United Nations Office on Drugs and Crime*[2184] dat beleidmakers die belange en regte van gemeenskappe voor oë moet hou in die wetskeppingsproses om wildmisdaad te bekamp. Die *United Nations Office on Drugs and Crime*[2185] maak twee voorstelle in hierdie verband, naamlik om gemeenskappe se regte in biodiversiteit uitdruklik in terme van wetgewing te erken en aan hulle oor te dra of om 'n afsonderlike permit- en lisensiestelsel te ontwikkel waarvolgens die regering permitte of sertifikate aan gemeenskappe of gemeenskapslede uitreik wat hulle in 'n posisie plaas om sekere gebruiksregte te bekom deur wildspesies vir byvoorbeeld voedsel en tradisionele, kulturele, religieuse of ander gebruike te jag.[2186]

In terme van die NEMA, die NEMBA of die NEMPAA kon geen bepalings gevind word wat gemeenskappe se regte in biodiversiteit uitdruklik in terme van wetgewing erken en aan hulle oordra nie. Die verkryging van eienaarskap van wilde diere word in Suid-Afrika oorwegend ingevolge die gemenereg hanteer.[2187] 'n Wilde dier word volgens die gemenereg sakeregtelik as *res nullius* geklassifiseer, totdat 'n individu deur middel van *occupatio* eiendomsreg oor die wilde dier vestig.[2188] Die individu wat eiendomsreg oor die wilde dier vestig moet oor die bedoeling beskik om die eienaar van die wilde dier

---

2182 *Draft National Integrated Strategy to Combat Wildlife Trafficking* (2017) 53.

2183 Sien 2.4 van die proefskrif.

2184 United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 23-24; United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 3-4.

2185 United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 23-24; United Nations Office on Drugs and Crime *Wildlife and Forest Crime Analytic Toolkit* 3-4.

2186 United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 23-24.

2187 Rumsey "Terrestrial Wild Animals" 403, Van der Merwe en Rabie 1974 *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* 38-48; Van der Walt en Pienaar *Introduction to the Law of Property* 100.

2188 Rumsey "Terrestrial Wild Animals" 403, Van der Merwe en Rabie 1974 *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* 38-48; Van der Walt en Pienaar *Introduction to the Law of Property* 100.

te wees asook om fisies beheer oor die wilde dier uit te voer.[2189] Fisiese beheer hou meestal met die omheining van 'n area verband, waardeur die wilde dier ingeperk word.[2190] Sou die eienaar fisiese beheer oor die wilde dier verloor en die wilde dier na 'n natuurlike staat van vryheid terugkeer, is die wilde dier weer *res nullius*.[2191] Indien 'n wilde dier dus sou ontsnap of gesteel word, het die eienaar geen remedie waarop hy/sy homself/haarself kan beroep nie.[2192]

Die *Wet op Wilddiefstal* 105 van 1991 bied 'n oplossing vir die gebreke van die gemeneregsposisie betreffende eiendomsreg van wilde diere. Dié wet vervang in sekere gevalle die bepalings van die gemenereg. Dié wet definieer "wild" as "alle wild wat vir kommersiële of jagdoeleindes gehou of aangehou word, en ook die vleis, vel, karkas of enige deel van die karkas van daardie wild." Spesifieke bepalings wat handel oor eiendomsreg van "wild" is ook in die wet vervat en bepaal dat

> [o]ndanks die bepalings van enige ander wet of die gemene reg – (a) verloor 'n persoon wat wild hou of aanhou of ten behoewe van wie wild gehou of aangehou word op grond wat voldoende omhein is soos bedoel in subartikel (2), of wat wild in 'n hok of kraal of in of op 'n voertuig hou, nie sy eiendomsreg van daardie wild indien die wild van sodanige omheinde grond af of uit sodanige hok, kraal of voertuig ontsnap nie; (b) vestig die eiendomsreg van wild nie in 'n persoon wat wild in stryd met die bepalings van enige wet of op die grond van 'n ander persoon sonder die toestemming van die eienaar of wettige okkupeerder van daardie grond, jag, vang of in besit neem nie, maar bly dit gevestig in die eienaar in paragraaf (a) bedoel of vestig dit in die eienaar van die grond waarop dit aldus gejag, gevang of in besit geneem is, na gelang van die geval.[2193]

Buiten die hierdie regsposisie, soos neergelê deur die gemenereg en die *Wet op Wilddiefstal* 105 van 1991, skep die permit en sertifikaatstelsel soos vervat in die NEMBA verdere maniere waarop 'n individu sekere regte in wildspesies kan bekom.[2194]

2189 Rumsey "Terrestrial Wild Animals" 403, Van der Merwe en Rabie 1974 *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* 38-48; Van der Walt en Pienaar *Introduction to the Law of Property* 100.

2190 Rumsey "Terrestrial Wild Animals" 403, Van der Merwe en Rabie 1974 *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* 38-48; Van der Walt en Pienaar *Introduction to the Law of Property* 100.

2191 Rumsey "Terrestrial Wild Animals" 403, Van der Merwe en Rabie 1974 *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* 38-48; Van der Walt en Pienaar *Introduction to the Law of Property* 100.

2192 Rumsey "Terrestrial Wild Animals" 403, Van der Merwe en Rabie 1974 *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* 38-48; Van der Walt en Pienaar *Introduction to the Law of Property* 100.

2193 Artikel 2(1)(a)-(d) van die *Wet op Wilddiefstal* 105 van 1991.

2194 Sien 4.4.1 van die proefskrif.

Tans erken geen wetgewing in Suid-Afrika bestaansjagters se reg om wildspesies sonder 'n permit vir voedsel te jag nie.[2195] Die *National Forests Act* 84 van 1998 maak wel aan gemeenskappe 'n toegewing om plantmateriaal in natuurlike woude te versamel en te gebruik, mits dit vir huishoudelike, kulturele, gesondheid-, of religieuse gebruike aangewend word.[2196] Die voorgenoemde toegewing sluit nie wildspesies wat in natuurlike woude voorkom in nie.[2197] Gevolglik word bestaansjagters, lede van georganiseerde misdaadgroepe en professionele jagters in Suid-Afrika op dieselfde wyse strafregtelik vervolg as wetgewende bepalings oortree word. Die posisie word as problematies beskou en Kidd[2198] dui aan dat daar na regte 'n onderskeid in hierdie verband getref moet word as dit by strafoplegging kom, aangesien bestaansjagters se aktiwiteite byvoorbeeld nie teen dié van georganiseerde misdaadgroepe kan opweeg nie.[2199]

Die voorgestelde ontwikkeling van 'n afsonderlike permit- en lisensiestelsel waarvolgens die regering permitte of sertifikate aan gemeenskappe of gemeenskapslede uitreik wat hulle in 'n posisie plaas om sekere gebruiksregte te bekom deur wildspesies vir byvoorbeeld voedsel en tradisionele, kulturele, religieuse of ander gebruike te jag kan verheldering in hierdie verband verskaf.[2200] Die ontwikkeling van só 'n afsonderlike permit- en lisensiestelsel, kan heel waarskynlik deur die ontwikkeling van aparte vorme van strafoplegging vergesel word wat slegs van toepassing op betrokke gemeenskapslede sal wees wat die houers van die voorgenoemde voorgestelde permitte en sertifikate is.[2201] Om die voorstel te verwesenlik, sal die insette van gemeenskapsleiers, tradisionele leiers en tradisionele helers van groot waarde wees om insig na vore te bring betreffende die gebiede waar

---

2195 Algotsson "Biological Diversity" 110.
2196 Artikel 24(6) van die *National Forests Act* 84 van 1998.
2197 Algotsson "Biological Diversity" 110.
2198 Kidd 2002 *South African Journal of Environmental Law and Policy* 24. Sien ook 4.5.2 van die proefskrif.
2199 Die teendeel word ook oorsigtelik in hoofstuk 2 bespreek, naamlik dat die skaal van bestaansjag toeneem aangesien (a) armoede en droogtes toeneem en (b) die vraag na bosvleis as 'n tipe delikatesse in onwikkelde lande toeneem. Verwys na 2.3.1 van die proefskrif.
2200 Sien 3.4 van die proefskrif.
2201 Sien 3.4 van die proefskrif.

gemeenskappe wildspesies jag, die spesifieke wildspesies wat vir gemeenskappe van belang is en die jagmetodes wat gemeenskappe te gebruik.[2202]

Die promulgasie van 'n aparte omvattende regulasie wat só 'n afsonderlike permit- en lisensiestelsel tot stand bring, kan verskeie onduidelikhede met betrekking tot gebruiksregte in wildspesies opklaar en aan gemeenskappe 'n regmatige wyse bied om wildspesies vir voedsel en tradisionele, kulturele, religieuse of ander gebruike te jag en om hul handelinge van dié van georganiseerde misdaadgroepe te skei.[2203] Die volle potensiaal van só 'n regulasie moet ontsluit word, deur die geleentheid te benut om 'n breër stel reguleringsmaatreëls in hierdie verband te beskryf en neer te lê (en terselfdertyd onnodige duplisering en verdere fragmentasie in die omgewingsregraamwerk te vermy). Dié voorgestelde regulasie kan oor die potensiaal beskik om die bestaande reguleringsmaatreëls wat Suid-Afrika tans gebruik om wildmisdaad te bekamp, te versterk deur:[2204]

(a) gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring as 'n lewensvatbare alternatiewe oplossing vir wildmisdaad, in oorleg met die bestaande reguleringsmaatreëls, te erken en te bevorder;[2205]
(b) gemeenskappe as kernrolspelers in die bekamping wildmisdaad te erken, spesifiek op voetsoolvlak waar wildstropery plaasvind.[2206]
(c) duidelike riglyne en/of vereistes vir implementering neer te lê vir inisiatiewe wat gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring as 'n alternatiewe oplossing vir wildmisdaad wil aanwend;[2207]
(d) 'n prosedure te formaliseer om verteenwoordigende gemeenskapsinstellings tot stand te bring;[2208]

2202 Sien die voorstel soos vervat in Tabel 6 en 3.4 van die proefskrif.
2203 Sien 3.4 en 4.5.2 van die proefskrif.
2204 Weens die komplekse aard van beide wildmisdaad en gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring, asook die ingewikkelde inhoudelike en tegniese aspekte van die voorgestelde regulasie, word insette en spesialis kennis vanaf verskeie dissiplines vereis om 'n werkbare weergawe van die voorgestelde regulasie saam te stel. 'n Regstudie alleen sal heel waarskynlik nie voldoende aanbevelings in hierdie verband kan ontsluit nie. Verdere navorsing in hierdie verband word aangemoedig.
2205 Sien in die algemeen die besprekings in 2.7, 3.2.2 en 4.6.1 van die proefskrif.
2206 Sien 2.8 en 3.4 van die proefskrif.
2207 Sien die implementeringsvoorstelle in 3.3.4 van die proefskrif.
2208 Sien 3.3.4 van die proefskrif.

(e) die proses voor te skryf om formele samewerkende ooreenkomste tussen die regering, gemeenskapsinstellings, tradisionele leiers of kommunale eiendomsverenigings in die bekamping van wildmisdaad te smee en te handhaaf;[2209]

(f) raakpunte of selfs verwysings na bestaande wetgewende bepalings of inisiatiewe te beklemtoon en as beginpunt te gebruik vir die fasilitering en ontwikkeling van die konsep van gemeenskapsdeelname in Suid-Afrika, die sluiting van samewerkende ooreenkomste en die totstandkoming van samewerkende bestuur spesifiek om wildmisdaad te bekamp;[2210]

(g) die konsep van gemeenskapspolisieforums of buurtwagstelsels binne die konteks van biodiversiteitsbestuur, natuurbewaring en veral die bekamping van wildmisdaad verder uit te bou, ten einde magte en verantwoordelikhede aan gemeenskappe oor te dra wat hulle prakties en op 'n sinvolle manier in die bekamping van wildmisdaad kan uitvoer sonder om hul persoonlike veiligheid in die proses in gevaar te stel;[2211]

(h) 'n voordeelstruktuur daar te stel of 'n prosedure voor te skryf om geskikte voordele binne 'n gegewe geval aan gemeenskappe te bied in ruil vir hul deelname aan die bekamping van wildmisdaad;[2212]

(i) 'n permit en sertifikaat stelsel te implementeer, soos vermeld, wat presies uitstippel watter gemeenskapslede vir 'n sertifikaat of permit kan kwalifiseer, watter en hoeveel wildspesies, vir watter gebruike, tydens watter seisoene of tye, in watter gebiede en by wyse van watter jagmetodes hulle mag jag;[2213] en

(j) aparte prosedures vir interne geskilbeslegting en strafoplegging te ontwikkel om gemeenskappe wat nie hul magte en verantwoordelikhede nakom nie, of die

---

2209 Sien 4.6.4 en 4.6.5 van die proefskrif.

2210 Sien 3.3.3, 4.6.3, 4.6.4 en 4.6.5 van die proefskrif.

2211 Sien 3.4 en 4.6.6 van die proefskrif.

2212 Die vasstelling, berekening en verspreiding van voordele in ruil vir gemeenskappe se deelname aan gemeenskapsgebaseerde natuurbewaringsinisiatiewe is in die algemeen 'n ingewikkelde proses wat deskundige uitsyfering vereis. 'n Meer volledige beskrywing van die vasstelling, berekening en verspreiding van voordele aan gemeenskappe in hierdie verband val buite die bestek van hierdie proefskrif. Sien bv. Jones "Community Benefits from Safari Hunting and Related Activities in Southern Africa" 160-167. Sien riglyn 4 in 3.3.4 van die proefskrif.

2213 Die regulasie sal in hierdie verband moet vermeld hoe die aspekte vasgestel moet word en die maniere waarop wetenskaplike kennis en tradisionele kennis met mekaar vereenselwig sal word. Sien die voorstel soos vervat in Tabel 6 en 3.4.2 van die proefskrif.

voorwaardes van die permit- en sertifikaatstelselstelsel oortree, aan te tree en dienooreenkomstig te straf.[2214]

4.7 Samevatting

Hierdie hoofstuk bied 'n regsontleding van bestaande reguleringsmaatreëls wat tans die bekamping van wildmisdaad in Suid-Afrika reguleer, asook 'n ondersoek na bestaande Suid-Afrikaanse regsbepalings en ander regeringsinisiatiewe wat gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring, as 'n alternatiewe oplossing vir die bekamping van wildmisdaad, kan onderskraag.[2215]

Wildmisdaad is 'n daaglikse realiteit in Suid-Afrika en verskillende inheemse charismatiese wildspesies word geteiken.[2216] Die dringendheid om wildmisdaad in Suid-Afrika te bekamp, word op verskillende platforms geprioritiseer. Die Departement van Omgewingsake rapporteer oor die suksesse wat die afgelope tyd in die bekamping van wildmisdaad behaal is, onder andere deur middel van innovasie in die tegnologiesektor, verbeterde toepassings- en afdwingingsmaatreëls, en deur internasionale en streeksverbintenisse te smee.[2217] Desnieteenstaande beskik Suid-Afrika nie tans oor 'n wet of beleid wat uitsluitlik oor die bekamping van wildmisdaad handel of wat die bogenoemde inisiatiewe en gebeurlikheidsplanne verwoord nie.[2218] Gevolglik beklemtoon die minister van omgewingsake dat verbeterde grensbeheer, groter ondersteuning op voetsoolvlak (onder andere deur gemeenskappe) en versnelde vervolgingsprosedures van wesenlike belang mag wees in die veeleisende stryd om wildmisdaad in Suid-Afrika te bekamp.[2219]

Die afdeling wat oor die kontekstualisering en agtergrond van die Suid-Afrikaanse omgewingsregraamwerk handel, dui aan dat Suid-Afrika deur die jare 'n breë wetgewende raamwerk ontwikkel het wat biodiversiteitsbestuur en natuurbewaring

---

2214 Sien riglyn 5 in 3.3.4 van die proefskrif.
2215 Sien 4.1, 4.4 en 4.6 van die proefskrif.
2216 Sien 1.1.4 en 4.2 van die proefskrif.
2217 Sien 4.2 van die proefskrif
2218 Sien 4.2 van die proefskrif.
2219 Sien 4.2 van die proefskrif.

op nasionale en provinsiale vlak reguleer.[2220] Die bekamping van wildmisdaad is in dié wetgewende raamwerk opgeneem en word deur beide nasionale sowel as provinsiale wetgewing gereguleer.[2221]

Sover vasgestel kon word, beskik Suid-Afrika nie tans oor 'n ooreengekome definisie van wildmisdaad nie, maar deur verwante begrippe en definisies te ontleed, kon 'n breë konseptuele definisie binne die Suid-Afrikaanse konteks gevorm word.[2222] Die term "wildmisdaad" word nie uitdruklik in enige Suid-Afrikaanse wet of beleid gebruik nie, maar by interpretasie van relevante wetgewende bepalings, regulasies en beleid is dit duidelik dat sekere handelinge teenoor sekere wildspesies binne sekere omstandighede misdade daarstel waarvoor 'n oortreder strafregtelik vervolg kan word.[2223] Gevolglik is dié handelinge in Suid-Afrika konseptueel gelykstaande aan wildmisdade.

Hierdie hoofstuk het eerstens ten doel gestel om die Suid-Afrikaanse wetgewing wat tans gebruik word om wildmisdaad te bekamp, te identifiseer, te ontleed en te bespreek.[2224] Die bepalings van verskillende Suid-Afrikaanse omgewingsbeleide, wetgewing en regulasies wat op enige manier tot die bekamping van wildmisdaad kan bydra, is oorweeg om dié doel te bereik.[2225]

Die regsontleding is gerig deur die vier vlakke van handelinge wat deel uitmaak van wildmisdaad, soos in hoofstuk 2 geïdentifiseer en teoreties bespreek.[2226] Onder elke vlak van handelinge is beide nasionale en provinsiale wetgewing en beleid wat tot die bekamping van wildmisdaad bydra geïdentifiseer, ontleed en bespreek.

Nasionale wetgewing, met spesifieke verwysing na die NEMBA en NEMPAA (inbegrepe die ondergeskikte regulasies), reguleer handelinge wat bedreigde en kwesbare gelyste inheemse wildspesies kan benadeel,[2227] terwyl die onderskeie provinsies se onderskeie

---

2220 Sien 4.2 van die proefskrif.
2221 Sien 4.2 van die proefskrif.
2222 Sien 4.3 van die proefskrif.
2223 Sien 4.3 van die proefskrif.
2224 Sien 4.1 van die proefskrif.
2225 Sien 4.4.1-4.4.4 van die proefskrif.
2226 Sien 2.3.1-2.3.4 van die proefskrif.
2227 Sien 4.4.1.1, 4.4.2.1, 4.4.3.1 en 4.4.4.1 van die proefskrif.

provinsiale wetgewing poog om 'n veel groter poel inheemse wildspesies teen onregmatige handelinge te bewaar.[2228] Die provinsiale regsraamwerk bevat gedetailleerde permit- en sertifikaatstelsels wat spesifiek die jag van wildspesies binne verskillende gebiede reguleer.[2229]

Die regsontleding beklemtoon dat die bekamping van wildmisdaad in Suid-Afrika tans uitsluitlik volgens bevel- en beheermaatreëls en strafregtelike vervolging funksioneer en in die algemeen op vier stappe berus.[2230] Die eerste stap is om 'n spesifieke poel wildspesies wat bewaring verlang, te definieer, te kategoriseer en uit te sonder. Die tweede stap behels die identifisering van handelinge wat potensieel nadelig vir 'n spesifieke wildspesie se voortbestaan is en deur middel van wetgewing beperk en gereguleer moet word. Die derde stap omsluit die administrasie en handhawing van permitstelsels wat die potensieel nadelige handelinge beperk en reguleer. Die vierde stap behels die strafregtelike vervolging van 'n persoon wat sonder 'n permit 'n potensieel nadelige handeling teenoor 'n wildspesie uitvoer of 'n permithouer wat buite permitvoorwaardes optree.

Daar is gevind dat die reguleringsmaatreëls wat die vier vlakke van handelinge wat deel uitmaak van wildmisdaad reguleer, tussen verskillende artikels binne die relevante wetgewing en regulasies op nasionale en provinsiale vlak versprei is en dat dit wesenlike inspanning verg om die verskillende reguleringsmaatreëls met mekaar te versoen en te interpreteer.[2231] Daar is voorts waargeneem dat die nasionale en provinsiale reguleringsmaatreëls onsamehangend voorkom en in die algemeen besonder gefragmenteerd is.[2232] Talle regeringsdepartemente en -sfere is by die afdwinging en toepassing van dié wetgewing betrokke wat tot die oneffektiewe duplisering van pogings kan lei.[2233] Dié gefragmenteerde benadering doen wesenlike afbreek aan die regskonseptualisering van wildmisdaad in Suid-Afrika.[2234]

[2228] Sien 4.4.1.2, 4.4.2.2, 4.4.3.2 en 4.4.4.2 van die proefskrif.
[2229] Sien 4.4.1.2, 4.4.2.2, 4.4.3.2 en 4.4.4.2 van die proefskrif.
[2230] Sien 4.4.1-4.4.4 van die proefskrif.
[2231] Sien 4.5.1 van die proefskrif.
[2232] Sien 4.5.1 van die proefskrif.
[2233] Sien 4.5.1 van die proefskrif.
[2234] Sien 4.3 en 4.5.1 van die proefskrif.

Nasionale wetgewing het deurlopend met internasionale verwagtinge bygehou, terwyl provinsiale wetgewing grotendeels in hierdie verband agterweë gelaat is.[2235] 'n Noemenswaardige bron van regsonsekerheid word deur die provinsiale ordonnansies geskep, wat uit die vorige regime dateer en steeds op die wetboeke verskyn.[2236] Dié ordonnansies is nie deur die jare met die bepalings van die CITES, die NEMA, die NEMBA en die NEMPAA belyn nie.[2237] In 'n poging om die voorgenoemde belyning te bewerkstellig, het sommige provinsies in die tussentyd nuwe natuurbewaringswetgewing gepromulgeer.[2238] Dít het egter die posisie verder gekompliseer, aangesien die nuwe provinsiale wetgewing nie die "ou" provinsiale ordonnansies herroep het nie.[2239]

Gemeet aan die *United Nations Office on Drugs and Crime* se voorstelle vir die ontwikkeling en implementering van nasionale wetgewing om wildmisdaad te bekamp,[2240] kom daar verdere tekortkominge in die Suid-Afrikaanse reguleringsraamwerk na vore, naamlik (a) die afwesigheid van 'n duidelike onderskeid tussen die bedrywighede, vervolging en strafoplegging van georganiseerde misdaadgroepe teenoor bestaansjagters;[2241] (b) die tekort aan reguleringsmaatreëls wat verwante ernstige misdade binne die konteks van wildmisdaad hanteer;[2242] (c) die vaagheid van reguleringsmaatreëls wat die verwerking van wildspesies tot verhandelbare neweprodukte reguleer;[2243] en (d) die gebrek aan reguleringsmaatreëls wat die unieke uitdagings wat die internet (en internetverkope) aan die bekamping van wildmisdaad stel reguleer.[2244] Verdere tekortkominge wat na vore kom, hou verband met die effektiwiteit en uitvoering van afdwinging- en toepassingsmaatreëls, naamlik (a) die hoë vlak van korrupsie binne betrokke regeringsdepartemente; (b) 'n tekort aan omgewingsbestuursinspekteurs; (c) 'n tekort aan onder andere toerusting

---

2235 Sien 4.5.1 en 4.5.3 van die proefskrif.
2236 Sien 4.5.1 van die proefskrif.
2237 Sien 4.2 en 4.5.1 van die proefskrif.
2238 Sien 4.2 van die proefskrif.
2239 Sien 4.5.2 van die proefskrif.
2240 Sien 2.4 van die proefskrif.
2241 Sien 4.5.2 van die proefskrif.
2242 Sien 4.5.3 van die proefskrif.
2243 Sien 4.5.4 van die proefskrif.
2244 Sien 4.5.5 van die proefskrif.

en kennis onder regeringsbeamptes om hul mandaat effektief uit te voer; en (d) die onkunde van owerhede om die komplekse reguleringsmaatreëls af te dwing en toe te pas.[2245]

Ooglopend, binne die konteks van die omvattende bestaande reguleringsmaatreëls wat Suid-Afrika inspan om wildmisdaad te bekamp, word daar tans beperkte tot geen ruimte vir gemeenskappe gelaat om aan die bekamping van wildmisdaad deel te neem nie. Tans word gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring nie as 'n alternatiewe oplossing tot die bekamping van wildmisdaad in die bovermelde reguleringsmaatreëls erken, aanbeveel of definieer nie. Gevolglik was die tweede doel van die hoofstuk om bestaande Suid-Afrikaanse regsbepalings en ander regeringsinisiatiewe te identifiseer wat gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring, as 'n alternatiewe oplossing vir die bekamping van wildmisdaad, kan onderskraag.[2246] Dié bespreking is gestruktureer ingevolge die aspekte, soos geïdentifiseer en in diepte ontleed in hoofstuk 3 van die proefskrif, wat die kern van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring uitmaak, naamlik: (a) die erkenning van die begrip van "gemeenskap" en "gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring";[2247] (b) die konsep "gemeenskapsdeelname";[2248] (c) die sluiting van 'n samewerkende ooreenkoms;[2249] en (d) samewerkende bestuur.[2250] Hoofstuk 3 het verder bevind dat gemeenskapspolisieforums en die ontwikkeling van 'n afsonderlike permit- en lisensiestelsel (waarvolgens gemeenskappe wildspesies vir byvoorbeeld voedsel en tradisionele, kulturele, religieuse of ander gebruike kan jag), onderskeidelik die oordrag van magte en verantwoordelikhede asook die erkenning van regte in eiendom (wildspesies) aan gemeenskappe in die bekamping van wildmisdaad kan fasiliteer.[2251] Beide gemeenskapspolisieforums en die ontwikkeling van 'n afsonderlike permit- en lisensiestelsel is in hierdie hoofstuk binne die Suid-Afrikaanse konteks oorweeg.[2252]

[2245] Sien 4.5.2 van die proefskrif.
[2246] Sien 4.5 van die proefskrif.
[2247] Sien 3.3.2.1, 3.3.2.4 en 4.6.2 van die proefskrif.
[2248] Sien 3.3.3 en 4.6.3 van die proefskrif.
[2249] Sien 3.3.4 en 4.6.5 van die proefskrif.
[2250] Sien 3.3.3 en 4.6.4 van die proefskrif.
[2251] Sien 3.4 van die proefskrif.
[2252] Sien 4.6.6 en 4.6.7 van die proefskrif.

Na afloop van dié ondersoek, het die volgende aspekte na vore gekom:

(a) Artikel 24 van die *Grondwet* erken die gebruik van alternatiewe oplossings om omgewingskwessies te hanteer en artikel 2 van die NEMA moedig enige belanghebbendes aan om aan biodiversiteitsbestuur en natuurbewaring deel te neem.[2253]

(b) Sover vasgestel kon word, word die begrip "gemeenskap" nie binne die Suid-Afrikaanse omgewingsregraamwerk gedefinieer nie.[2254]

(c) Die NEMPAA moedig die gebruik van "gemeenskapsgebaseerde praktyke" en "gemeenskapsgebaseerde natuurlike hulpbronbestuur" aan, maar skryf nie verder voor hoe om dit te implementeer en te operasionaliseer nie.[2255]

(d) Die konsep van gemeenskapsdeelname, wat elemente van aktiewe sowel as passiewe gemeenskapsdeelname vir gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring vereis,[2256] is veel meer gedetailleerd en kompleks as wat Suid-Afrikaanse omgewingswetgewing tans vervat.[2257]

(e) Die NEMA se omgewingsbestuur-samewerkingsooreenkomste[2258] en die NEMPAA se ooreenkomste van medebestuur van bewaringsgebiede[2259] kan leiding bied om ooreenkomste tussen die regering en ’n gemeenskap te sluit om ’n gemeenskapsgebaseerde natuurbewaringsinisiatief, met die bekamping van wildmisdaad as hoofdoel, op die been te bring.[2260]

(f) Die *Guidelines for the Implementation of Community-Based Natural Resource Management in South Africa,* in oorleg met die gerapporteerde suksesse en uitdagings van die *People and Parks Programme*, kan verheldering rakende aspekte betreffende die implementering en operasionalisering van

---

2253 Sien 4.6.1 van die proefskrif.
2254 Sien 4.6.2 van die proefskrif.
2255 Sien 4.6.2 van die proefskrif.
2256 Sien 3.3.3 van die proefskrif.
2257 Sien 4.6.3 van die proefskrif.
2258 Artikel 35 van die NEMA.
2259 Artikel 42 van die NEMPAA.
2260 Sien 4.6.4 en 4.6.5 van die proefskrif.

gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring in die bekamping van wildmisdaad bied.[2261]

(g) Bestaande erkende tradisionele leiers, asook kommunale eiendomsverenigings, beskik oor die potensiaal om deel uit te maak van die leierskapstruktuur wat gemeenskapsgebaseerde natuurbewaringsinisiatiewe bestuur.[2262]

(h) Die totstandkoming van gemeenskapspolisieforums word ingevolge artikels 18-23 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995 gereël. Kenners meen dat gemeenskapspolisieforums of buurtwagte kan bydra om prakties uitvoerbare magte en verantwoordelikhede aan gemeenskappe in die bekamping van wildmisdaad oor te dra.[2263]

(i) 'n Verdere kernkomponent van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring is om gemeenskappe se regte in eiendom (in dié geval wildspesies) te erken en oor te dra. In terme van die NEMA, die NEMBA of die NEMPAA kon geen bepalings gevind word wat gemeenskappe se regte in biodiversiteit uitdruklik in terme van wetgewing erken en aan hulle oordra nie. In dié geval moedig kenners lande aan om 'n afsonderlike permit- en lisensiestelsel te ontwikkel waarvolgens die regering permitte of sertifikate aan gemeenskappe of gemeenskapslede uitreik wat gemeenskappe in 'n posisie plaas om sekere gebruiksregte te bekom deur wildspesies vir byvoorbeeld voedsel en tradisionele, kulturele, religieuse of ander gebruike te jag.[2264] Suid-Afrika beskik nie tans oor só 'n permit of sertifikaat stelsel nie.

Hoewel die genoemde regsbepalings en ander regeringsinisiatiewe die betrokkenheid van gemeenskappe in biodiversiteitsbestuur en natuurbewaring in die algemeen aanmoedig en selfs die implementering daarvan onderskraag, bestaan daar tans groot leemtes in die ontwikkeling en operasionalisering van sodanige benadering in Suid-

---

2261 Sien 4.6.4 van die proefskrif.
2262 Sien 4.6.5 van die proefskrif.
2263 Sien 3.4 van die proefskrif.
2264 United Nations Office on Drugs and Crime *Guide on Drafting Legislation to Combat Wildlife Crime* 23-24.

Afrika. Die voorgenoemde geïdentifiseerde wetgewende bepalings en ander beleide en programme kan tot 'n sekere mate 'n beginpunt daarstel, maar dié pogings het op 'n ongestruktureerde wyse ontwikkel, dit is gefragmenteerd met onduidelike doelwitte en ongenoegsaam vir die doel om 'n wesenlike bydrae in die implementering en operasionalisering van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring in die bekamping van wildmisdaad in Suid-Afrika te bewerkstellig.[2265] Daar blyk 'n duidelike disjunksie tussen teorie en praktyk te bestaan, moontlik weens die afwesigheid van 'n konkrete bestaande raamwerk of beleid wat die benadering beskryf en die implementering en toekomstige fasilitering daarvan rig.

Daar word voorgestel dat 'n nuwe regulasie moontlik gepromulgeer kan word wat alle verbandhoudende aspekte byeenbring om gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring as 'n alternatiewe oplossing vir die bekamping van wildmisdaad te implementeer.[2266] Só 'n regulasie kan potensieel groot waarde toevoeg om die bestaande reguleringsmaatreëls te versterk wat Suid-Afrika tans gebruik om wildmisdaad te bekamp en om gemeenskapsgebaseerde natuurbewaringsinisiatiewe te genereer wat op gevestigde implementeringsgrondslae berus om 'n bydrae tot die bekamping van wildmisdaad op voetsoolvlak te maak.[2267]

[2265] Sien 3.4 van die proefskrif.
[2266] Sien 4.6.7 van die proefskrif.
[2267] Sien 4.6.7 van die proefskrif.

HOOFSTUK 5

Samevatting, bevindings en aanbevelings

5.1 Samevatting

5.1.1 Navorsingsvraag en primêre doelwit van die studie

In hoofstuk 1 van die proefskrif is die volgende navorsingsvraag vir die studie geformuleer: Hoe kan gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring as 'n alternatiewe oplossing bydra tot die versterking van die bestaande reguleringsmaatreëls wat tans wildmisdaad in Suid-Afrika bekamp?[2268]

Gevolglik is die oorkoepelende primêre doelwit van die studie om te bepaal hoe gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring as 'n alternatiewe oplossing kan bydra tot die versterking van bestaande reguleringsmaatreëls wat Suid-Afrika tans gebruik om wildmisdaad te bekamp.[2269] Ten einde dié primêre doelwit te bereik, is sekondêre doelwitte vir die studie vasgestel.[2270]

Alvorens enige gevolgtrekking en bevindings ter beantwoording van die navorsingsvraag afgelei en aanbevelings uit die studie voorgestel kan word, moet die bereiking van die sekondêre doelwitte opsommenderwys in oënskou geneem word.

5.1.2 Teoretiese grondslag vir wildmisdaad[2271]

Uiteenlopende uitgangspunte van wildmisdaad is volgens 'n logiese teoretiese struktuur ondersoek en beskryf ten einde 'n holistiese interpretasie van die omvang van die probleem te vorm en 'n omvattende teoretiese grondslag vir die doeleindes van hierdie proefskrif te bepaal.[2272]

[2268] Sien 1.2 van die proefskrif.
[2269] Sien 1.3 van die proefskrif.
[2270] Sien 1.3 van die proefskrif.
[2271] Verwys na die sekondêre doelwit (a) in 1.3 van die proefskrif.
[2272] Sien 2.2 tot 2.6 van die proefskrif.

Hoewel wildmisdaad wêreldwyd grootliks tot biodiversiteitsverlies bydra, is die ware aard, omvang en impak daarvan onbekend.[2273] ’n Moontlike rede hiervoor kan die afwesigheid van ’n klinkklare definisie van die begrip "wildmisdaad" wees.[2274]

In ’n poging om "wildmisdaad" konseptueel te definieer, is die begrippe "omgewingskade", "omgewingsmisdaad", "wild" en "misdaad" afsonderlik oorweeg.[2275] Die konsep van "omgewingsmisdaad" spruit vanuit die begrip "omgewingskade".[2276] In die mees basiese sin dui "omgewingskade" op die agteruitgang en verwoesting van ekostelsels.[2277] Die begrip van "omgewingskade" is inderwaarheid veel meer kompleks en sluit regmatige sowel as onregmatige handelinge in.[2278] Handelinge wat omgewingskade veroorsaak en formeel in terme van wetgewing beskryf en onregmatig verklaar word, word beskou as omgewingsmisdade.[2279] Vyf omgewingsmisdaad-areas kan onderskei word, waarvan wildmisdaad een is.[2280] Daar is bevind dat die begrippe "omgewingskade", "omgewingsmisdaad" en "wildmisdaad" verweef is.[2281] Die begrip "wild" is in terme van taalkundige, wetenskaplike en regsklassifikasies ontleed.[2282] Vir die doeleindes van hierdie proefskrif is die term "wildspesie" deurlopend gebruik met verwysing na alle tradisioneel ongetemde soogdiere (spesifiek landdiere), insluitende voëls en reptiele.[2283] "Misdaad", binne die gegewe konteks van omgewingsmisdaad, of altans wildmisdaad, verwys na die oortreding van internasionale omgewingsverdrae en nasionale wetgewing en regulasies.[2284] ’n Klinkklare definisie van "wildmisdaad" kon nie gevind word nie.[2285] Kenners bestempel dié leemte as betreurenswaardig, aangesien ’n klinkklare definisie

---

2273 Sien 1.1 en 2.1 van die proefskrif.
2274 Sien 2.2 van die proefskrif.
2275 Sien 2.2 van die proefskrif.
2276 Sien 2.2 van die proefskrif.
2277 Sien 2.2 van die proefskrif.
2278 Sien 2.2 van die proefskrif.
2279 Sien 2.2 van die proefskrif.
2280 Sien 2.2 van die proefskrif.
2281 Sien 2.2 van die proefskrif.
2282 Sien 2.2 van die proefskrif.
2283 Sien 2.2 van die proefskrif.
2284 Sien 2.2 van die proefskrif.
2285 Sien 2.2 van die proefskrif.

van "wildmisdaad' tot insiggewende gespreksvoering en probleemoplossing kan bydra.[2286]

Verskillende handelinge maak deel uit van wildmisdaad wat tot die meerdimensionaliteit daarvan bydra.[2287] Die handelinge kan in vier vlakke ingedeel word en sluit die stroop (vlak 1);[2288] vervoer en handel (vlak 2);[2289] verwerking (vlak 3);[2290] en verspreiding en verkoop (vlak 4) van wildspesies en hul neweprodukte in.[2291] Die verskillende handelinge word deur talle rolspelers, onder andere wildstropers, tussenpersone, logistieke fasiliteerders, verwerkers, verspreiders, verkopers en kopers, verrig om kollektief tot die pleging van wildmisdaad by te dra.[2292] Verwante ernstige misdade soos korrupsie, dokumentbedrog, geldwassery, belastingontduiking en niebetaling van regeringsfooie fasiliteer die proses en vind binne al vier vlakke van handelinge plaas.[2293] Bestaansjagters pleeg in sekere gevalle onwetend wildmisdade vanweë armoede, werkloosheid en hongersnood om voedsel of ekonomiese voordeel te bekom.[2294] Georganiseerde misdaadgroepe toon veral belangstelling in wildmisdaad om bestaande bedrywighede te diversifiseer en vanweë die ruim ekonomiese voordeel wat wildmisdaad inhou.[2295] Bestaansjagters word toenemend by die bedrywighede van georganiseerde misdaad betrek om wildspesies te stroop.[2296] Die handelinge onder vlak 2 tot 4 vind nie deurlopend binne dieselfde volgorde plaas nie, maar die stroop van wildspesies op vlak 1 kan as die konstante intreevlak van wildmisdaad beskryf word.[2297] Die ondersoek openbaar dat wildmisdaad optimaal op vlak 1 bekamp kan word, aangesien dít die uitvoering van die opeenvolgende vlakke se handelinge ook sal ontwrig.[2298]

2286 Sien 2.2 van die proefskrif.
2287 Sien 2.3 van die proefskrif.
2288 Sien 2.3.1 van die proefskrif.
2289 Sien 2.3.2 van die proefskrif.
2290 Sien 2.3.3 van die proefskrif.
2291 Sien 2.3.4 van die proefskrif.
2292 Sien 2.3.1 tot 2.3.4 van die proefskrif.
2293 Sien 2.3 en 2.3.1 tot 2.3.4 van die proefskrif.
2294 Sien 2.3.1 en 2.5 van die proefskrif.
2295 Sien 2.3.1 en 2.5 van die proefskrif.
2296 Sien 2.3.1 en 2.5 van die proefskrif.
2297 Sien 2.2 en 2.8 van die proefskrif.
2298 Sien 2.3.1 en 2.8 van die proefskrif.

Tans bestaan daar nie 'n internasionale verdrag wat die beste praktyk vir die bekamping van wildmisdaad voorskryf nie.[2299] Gevolglik rus die onus op individuele lande om selfstandig nasionale wetgewing te promulgeer om wildmisdaad te bekamp.[2300] In 'n poging om lande by te staan met die uitvoering van dié enorme taak, het die *United Nations Office on Drugs and Crime* gedetailleerde kontrolelyste, aanbevelings en voorbeelde saamgestel wat lande as riglyn kan raadpleeg.[2301] Die *United Nations Office on Drugs and Crime* verleen voorkeur aan benaderings wat bevel- en beheermaatreëls gebruik om wildmisdaad te bekamp en stel voor dat nasionale wetgewing duidelik moet weerspieël dat die vier vlakke van handelinge wat deel uitmaak van wildmisdaad om verskillende redes onregmatig kan wees.[2302] Dié kenners maan lande om nasionale wetgewing te diversifiseer deur raakpunte met verbandhoudende aspekte tot wildmisdaad te identifiseer en om gemeenskappe se belange in die wetskeppingsproses voor oë te hou.[2303]

Daar bestaan beide primêre sowel as sekondêre dryffaktore vir wildmisdaad.[2304] Die primêre dryffaktore van wildmisdaad is geïdentifiseer as (a) ekonomiese voordeel; (b) vraag en aanbod; en (c) regulatoriese skuiwergate.[2305] Sekondêre dryffaktore, van 'n sosio-ekonomiese, kulturele en religieuse aard, sluit in (a) armoede, hongersnood en werkloosheid; (b) rykdom, welvaartgroei en 'n toename in besteebare inkomste; (c) tradisionele medisyne en gebruike; (d) uitheemse delikatesses (eksotiese vleis); (e) ornamente, sierade, snuisterye, kunsvlytitems en juwele; (f) mode-items van leer, pelse en wol; (g) jagtrofees; (h) eksotiese troeteldiere; (i) sirkusse; (j) privaat dieretuine en wildspesieversamelings.[2306] Die waarneming word gemaak dat die sekondêre dryffaktore direk met die primêre dryffaktore verband hou.[2307] Solank wildmisdaad groot finansiële voordeel inhou, 'n geringe moontlikheid bestaan om daarvoor aangekeer te word, die regulatoriese skuiwergate nie hanteer word nie en

---

2299 Sien 2.4 en 2.7 van die proefskrif.
2300 Sien 2.4 en 2.7 van die proefskrif.
2301 Sien 2.4 van die proefskrif.
2302 Sien 2.4 van die proefskrif.
2303 Sien 2.4 van die proefskrif.
2304 Sien 2.5 van die proefskrif.
2305 Sien 2.5 van die proefskrif.
2306 Sien 2.5 van die proefskrif.
2307 Sien 2.5 van die proefskrif.

daar ’n volgehoue vraag na wildspesies en hul neweprodukte bestaan, sal wildmisdaad aanhou floreer.[2308]

Die negatiewe gevolge van wildmisdaad hou met kruissektorale en interdissiplinêre aspekte soos die omgewing, sosio-ekonomiese ontwikkeling en transnasionale sekuriteitsoorwegings verband.[2309] Negatiewe gevolge op die omgewing sluit onder andere (a) die drastiese afname of uitsterwing van wildspesies; (b) wanbalanse in ekostelselfunksionering; (c) die verspreiding van uitheemse en indringerwildspesies; en (d) soönotiese siekteverspreiding in.[2310] Negatiewe gevolge op sosio-ekonomiese ontwikkeling hou direk met die genoemde negatiewe gevolge op die omgewing verband en sluit onder andere in: (a) ’n afname in regmatige handel in wildspesies; (b) ’n afname in ekotoerisme; (c) verlies aan belastinginkomste; (d) ’n tekort aan wildspesies om aan gemeenskappe se basiese behoeftes te voldoen; en (e) lewensverlies of tronkstraf van ’n broodwinner wat wildmisdaad pleeg.[2311] Negatiewe gevolge ten opsigte van transnasionale sekuriteitsoorwegings sluit onder andere in: (a) die diversifisering van georganiseerde misdaadgroepe se bedrywighede om wildmisdaad, as ’n laerisiko-misdaad, te gebruik om ander ernstige misdade te verbloem; en (b) terroristegroepe wat die opbrengs van wildmisdaad gebruik om dade van terreur te befonds.[2312]

Gevolglik, na gelang van die ontwikkeling van ’n teoretiese grondslag vir wildmisdaad, is ’n definisie van "wildmisdaad" vir die doeleindes van hierdie proefskrif geformuleer:

[2308] Sien 2.5 van die proefskrif.
[2309] Sien 2.6 van die proefskrif.
[2310] Sien 2.6.1 van die proefskrif.
[2311] Sien 2.6.2 van die proefskrif.
[2312] Sien 2.6.3 van die proefskrif.

Wildmisdaad is

(a) 'n area van omgewingsmisdaad;

(b) wat omgewingskade veroorsaak; en

(c) uit verskillende vlakke van handelinge en verwante ernstige misdade bestaan;

(d) wat deur internasionale verdrae en nasionale wetgewing gereguleer of onregmatig verklaar word; en wat

(e) vanweë verskeie dryffaktore ontstaan; en

(f) uiteenlopende negatiewe gevolge inhou.

5.1.3 Bestaande reguleringsmaatreëls en voorgestelde alternatiewe oplossings om wildmisdaad te bekamp[2313]

Kontemporêre argumente en standpunte rakende bestaande reguleringsmaatreëls, sowel as moontlike innoverende alternatiewe oplossings om wildmisdaad te bekamp, is vlugtig onder die loep geneem.[2314] Soos reeds genoem,[2315] bestaan daar tans geen omvattende internasionale verdrag, geformuleerde beginsels, verwagtinge, regsraamwerke of bekampingsstrategie wat eksklusief oor wildmisdaad en die bekamping daarvan handel nie en derhalwe word die taak aan elke individuele land oorgelaat om op nasionale bodem wetgewing aan te neem wat die betrokke land se biodiversiteit teen wildmisdaad bewaar.[2316] Gevolglik is ontwikkeling binne die gebied gefragmenteerd en bestaan daar omvangryke verskille in die maniere waarop individuele lande wildmisdaad prioritiseer en hanteer.[2317] Te midde van vele struikelblokke en onsekerheid, word lande aangemoedig om bestaande regsinstrumente, maatreëls en hulpbronne ten volle te benut om wildmisdaad te bekamp, maar nie die potensiaal wat innoverende alternatiewe oplossings inhou moet misken nie.[2318]

[2313] Verwys na die sekondêre doelwitte (b), (c) en (d) in 1.3 van die proefskrif.
[2314] Sien 2.7 van die proefskrif.
[2315] Sien 5.1.2.1 van die proefskrif.
[2316] Sien 2.7 van die proefskrif.
[2317] Sien 2.7 van die proefskrif.
[2318] Sien 2.7 van die proefskrif.

Lank reeds steun lande swaar op die reguleringsmaatreëls van die CITES om wildmisdaad te bekamp, aangesien die CITES die enigste internasionale verdrag daarstel wat met die bekamping van één komponent van wildmisdaad verband hou, naamlik die regulering van internasionale handel in wildspesies.[2319] Te midde van die bovermelde regulatoriese tekortkominge, is die CITES se mandaat al sedertdien tot die uiterste verbreed in 'n poging om binne die internasionale arena bewusmaking oor wildmisdaad te skep en om lande by te staan om wildmisdaad te bekamp deur reguleringsmaatreëls vir internasionale handel in bedreigde wildspesies voor te skryf.[2320]

Die fokus moet eerder van die CITES verplaas word na 'n breër holistiese benadering[2321] waar die bekamping van wildmisdaad nie op die CITES gebaseer is nie, maar eerder 'n benadering is waar die CITES een stel reguleringsmaatreëls van 'n hele versameling verteenwoordig wat elk poog om verskillende aspekte van wildmisdaad te bekamp.[2322] Die verwagte resultaat wat só 'n holistiese benadering kan oplewer, kan 'n kombinasie van formele regsinstrumente (in die vorm van wetgewing en reguleringsmaatreëls) en innoverende alternatiewe oplossings insluit.[2323] Die stelselmatige ontwikkeling van 'n breër holistiese benadering is vanuit verskillende verwikkelinge sigbaar. Die meerderheid verwikkelinge kan in twee kategorieë verdeel word: naamlik (a) die verbetering van wetstoepassing en strafregtelike vervolging en (b) "demand reduction"-strategieë. Kenners bepaal egter dat 'n derde kategorie, naamlik die deelname van gemeenskappe op voetsoolvlak om wildmisdaad te bekamp, ook bestaan, maar tans laer prioriteit teenoor verwikkelinge in die ander twee kategorieë geniet.[2324]

Die kritieke rol van gemeenskappe in biodiversiteitsbestuur en natuurbewaring, of meer spesifiek die bekamping van wildmisdaad, word toenemend deur kenners,

---

[2319] Sien 2.3.2 en 2.7 van die proefskrif.
[2320] Sien 2.7 van die proefskrif.
[2321] Sien 2.7 van die proefskrif.
[2322] Sien 2.7 van die proefskrif.
[2323] Sien 2.7 van die proefskrif.
[2324] Sien 2.7 van die proefskrif.

akademici en beleidmakers benadruk.[2325] Vroeër is genoem dat die handelinge wat op vlak 1 van wildmisdaad gepleeg word, die optimale vlak daarstel om wildmisdaad te bekamp.[2326] Hierdie handelinge vind meestal op voetsoolvlak plaas in die omgewing waar die wildspesies natuurlik voorkom.[2327] Kenners voer verder aan dat gemeenskappe ideaal op voetsoolvlak geleë is om wildmisdaad tydig te identifiseer, aan te meld en te voorkom.[2328] Weens dié raakpunte op voetsoolvlak, blyk dit dat indien gemeenskappe bemagtig word om aan biodiversiteitsbestuur en natuurbewaring deel te neem, dit moontlik 'n werkbare alternatiewe oplossing vir die bekamping van wildmisdaad kan bied.[2329] Hoewel die deelname van gemeenskappe aan die bekamping van wildmisdaad aangemoedig word, is weinig rakende die implementering van sodanige benadering as alternatiewe oplossing bekend.[2330] Daar heers wesenlike onsekerheid oor wat gemeenskappe se bydrae in hierdie verband behoort te wees en hoe dit in praktyk voortgesit en uitgevoer moet word. Derhalwe stel kenners voor dat die benadering genaamd "gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring" as beginpunt gebruik kan word om toekomstige beleidsformulering en -implementering in hierdie verband te lei.[2331]

'n Kernagtige historiese oorsig rakende die ontwikkeling van twee bestuursbenaderings ten opsigte van natuurbewaring, naamlik die fort-natuurbewaringsmodel en gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring, is in die studie ingesluit.[2332] Die historiese oorsig dui aan dat gemeenskappe se rol in natuurbewaring telkemale deur Westerse denkbeelde rakende die bewaring van biodiversiteit beïnvloed is.[2333]

Die aanvanklike ontwikkeling van die fort-natuurbewaringsmodel was op die algehele skeiding van die mens en biodiversiteit gegrond ten einde natuurbewaring effektief te

---

[2325] Sien 2.7 van die proefskrif.
[2326] Sien 2.7 en 5.1.2.1 van die proefskrif.
[2327] Sien 2.3.1 van die proefskrif.
[2328] Sien 2.7 van die proefskrif.
[2329] Sien 2.7 van die proefskrif.
[2330] Sien 2.7 van die proefskrif.
[2331] Sien 2.7 van die proefskrif.
[2332] Sien 3.2.1 en 3.2.2 van die proefskrif.
[2333] Sien 3.2.1 en 3.2.2 van die proefskrif.

bewerkstelling en die ongereptheid van die natuur te handhaaf of te herstel.[2334] Wetenskaplikes was oortuig dat oorbevolking, vrye-toegang-"stelsels" en onvolhoubare ontginning van natuurlike hulpbronne deur gemeenskappe die direkte oorsaak van omgewingsagteruitgang is.[2335] Om die voorafgaande teen te werk en biodiversiteit binne dié gebiede te bewaar, is bewaringsgebiede geproklameer wat aan regeringsgesentreerde bestuur, streng bevel- en beheermaatreëls, area- en spesiegebaseerde natuurbewaringsmeganismes en militêre taktieke onderhewig is.[2336] Die proklamasie van bewaringsgebiede bly steeds die hoeksteen van natuurbewaringsinisiatiewe.[2337] Intussen is die aard en praktiese uitvoering van die fort-natuurbewaringsmodel al telkemale hersien en aanpassings is gemaak om vir verskillende kategorieë bewaringsgebiede en ander bestuursbenaderings voorsiening te maak.[2338] Groter ruimte is vir inklusiewe en samewerkende bestuursbenaderings gelaat waar gemeenskappe as kernrolspelers en as eweknieë van die regering tot natuurbewaringsinisiatiewe kan toetree.[2339] Die fort-natuurbewaringsmodel het 'n standvastige nalatenskap in die vorm van 'n internasionale netwerk van verskillende bewaringsgebiede nagelaat, wat beskou word as 'n gevestigde, beproefde beleidsraamwerk om nuwe bewaringsgebiede in die toekoms te proklameer.[2340]

Te midde van die kritiek wat teen die drakoniese maatreëls van die fort-natuurbewaringsmodel uitgespreek is, het 'n alternatiewe paradigma, genaamd gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring, stelselmatig begin ontwikkel.[2341] Hiervolgens is die rol van gemeenskappe in natuurbewaring heroorweeg en vooropgestel.[2342]

Gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring beskou gemeenskappe se teenwoordigheid op voetsoolvlak en hul tradisionele kennis van die omgewing as hul grootste

---

2334 Sien 3.2.1 van die proefskrif.
2335 Sien 3.2.1 van die proefskrif.
2336 Sien 3.2.1 van die proefskrif.
2337 Sien 3.2.1 van die proefskrif.
2338 Sien 3.2.1 van die proefskrif.
2339 Sien 3.2.1 van die proefskrif.
2340 Sien 3.2.1 van die proefskrif.
2341 Sien 3.2.2 van die proefskrif.
2342 Sien 3.2.2 van die proefskrif.

voorsprong in biodiversiteitsbestuur en natuurbewaring.[2343] Die antroposentriese omgewingsbeskouing waarop gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring berus, poog om die doelwitte van natuurbewaring en sosio-ekonomiese ontwikkeling te versoen en terselfdertyd te bevorder en verwesenlik.[2344] Gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring is gegrond op die gedeeltelike oordrag van regeringsgesentreerde bestuur en beheer aan gemeenskappe ten einde unieke natuurbewaringsinisiatiewe te vestig waarby beide die gemeenskap sowel as biodiversiteit kan baat.[2345]

Gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring is mettertyd as 'n buigbare, dog komplekse, benadering gevestig, wat binne ideale omstandighede op die volgende vier kernkomponente balanseer: (a) die oordrag van magte en verantwoordelikhede aan die gemeenskap; (b) die oordrag en erkenning van regte in eiendom aan die gemeenskap; (c) beskikbaarstelling van voordele aan gemeenskap in ruil vir hul deelname; en (d) vestiging van natuurbewaring as 'n winsgewende alternatiewe vorm van grondgebruik wat voordele vir die gemeenskap inhou en prioritisering verlang.[2346] Gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring het gedurende die 2000's teenstand ervaar, waartydens die "back to the barriers"-beweging ontstaan het.[2347] Weens trae vooruitgang en beperkte suksesse binne gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring, het die ondersteuners van dié beweging die terugkeer na die fort-natuurbewaringsmodel ondersteun.[2348] In reaksie daarop, het kenners ten gunste van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring die sogenaamde trae vooruitgang verdedig en gestel dat gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring voortydig veroordeel is.[2349] Die hedendaagse herformulering van 'n nuwe generasie gemeenskapsgebaseerde natuurbewaringsinisiatiewe is sigbaar vanuit onder andere die verskeie voorstelle en aanbevelings om gemeenskappe by die bekamping van wildmisdaad te betrek.[2350] Die historiese oorsig van die ontwikkeling van bestuursbenaderings binne natuurbewaring

---

[2343] Sien 3.2.2 van die proefskrif.
[2344] Sien 3.2.2 van die proefskrif.
[2345] Sien 3.2.2 van die proefskrif.
[2346] Sien Figuur 7 van die proefskrif.
[2347] Sien 3.2.2 van die proefskrif.
[2348] Sien 3.2.2 van die proefskrif.
[2349] Sien 3.2.2 van die proefskrif.
[2350] Sien 3.2.2 van die proefskrif.

dui aan dat die kompleksiteit van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring reeds in die historiese grondslae daarvan geleë is.

Na aanleiding van die historiese kompleksiteit en meerdimensionaliteit van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring is 'n verdere teoretiese ondersoek en omvattende beskrywing van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring in die proefskrif opgeneem.[2351] Die teoretiese ondersoek het gepoog om regsoorwegings (in die vorm van internasionale ontwikkelings en verwagtinge) met multidissiplinêre teorieë te versoen, aangesien daar tans, sover vasgestel kon word, beperkte regsliteratuur aangaande gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring bestaan.

Die definisies en interpretasies van die begrippe "gemeenskap", "-gebaseerd" en "natuurbewaring" is teoreties ontleed. In 'n neutedop is die volgende konseptuele definisies vir die doeleindes van hierdie proefskrif saamgestel:

(a) "Gemeenskap", uitsluitlik binne die konteks van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring, moet aan drie beoordelingsmaatstawwe voldoen, naamlik die gemeenskap moet (i) 'n gesamentlike belang in die bewaring van betrokke biodiversiteit hê; (ii) saam binne 'n bepaalde gebied geleë wees waar hulle teenwoordigheid in die natuur op voetsoolvlak verlang word; en (iii) in staat wees om hulself onderling as 'n eenheid te organiseer om tot kollektiewe aksie ter deelname aan natuurbewaring oor te gaan.[2352]

(b) "Kollektiewe aksie" word gedefinieer as verskillende vorme van spontane of gekoördineerde gedrag deur 'n gemeenskap of hul verteenwoordigers wat tot die gesamentlike aksie van 'n gemeenskap lei in die nastrewing van 'n spesifieke doelwit of om 'n gemeenskaplike belang te postuleer.[2353]

(c) Die benaming "gemeenskaps*gebaseerde* natuurbewaring" mag tot die wanbegrip lei dat die gemeenskap ten volle die regering se rol en

[2351] Sien 3.3.1 tot 3.3.4 van die proefskrif.
[2352] Sien 3.3.2.1 van die proefskrif.
[2353] Sien 3.3.2.1 van die proefskrif.

verantwoordelikhede ten opsigte van natuurbewaringsinisiatiewe oorneem.[2354] Gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring is eerder bedoel om die bestaande reguleringsmaatreëls as 'n addisionele oplossing te komplementeer.[2355] 'n Ooreenkoms vir samewerkende bestuur tussen die regering en die gemeenskap (en ander belanghebbendes), wat die genoemde vier kernkomponente van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring weerspieël, kan die verbintenis met die nodige regsekerheid smee.[2356]

(d) Die begrip "natuurbewaring" beskik oor wetenskaplike sowel as regskomponente. Weens die krisis waarin biodiversiteit verkeer[2357] en die oplewing binne die natuurbewaringskader,[2358] is hedendaagse beleidmakers die moeilike taak opgelê om innoverende oplossings en kontemporêre regsreëls te skep wat op 'n kombinasie van wetenskaplike kennis, realistiese regsontwikkeling en tradisionele kennis balanseer.[2359]

(e) In wese verteenwoordig gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring 'n breë spektrum alternatiewe bestuursbenaderings wat volgens die behoeftes en doelwitte van die spesifieke inisiatief aangepas kan word.[2360] Gevolglik is gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring 'n buigsame alternatiewe bestuursbenadering wat sodanig geformuleer is om bestaande natuurbewaringsinisiatiewe deur middel van gemeenskapsdeelname op voetsoolvlak te komplementeer.[2361] Dié alternatiewe bestuursbenaderings is gegrond op (i) samewerkende bestuur tussen die regering en die gemeenskap en (ii) institusionele hervorming om ruimte vir gemeenskapsinstellings in die bestuurstruktuur te skep.[2362]

2354 Sien 3.3.2.2 van die proefskrif.
2355 Sien 3.2.2 van die proefskrif.
2356 Sien 3.3.2.2 van die proefskrif.
2357 Sien 2.1 van die proefskrif.
2358 Sien 3.2.2 van die proefskrif.
2359 Sien 3.3.2.3 van die proefskrif.
2360 Sien 3.3.2.4 van die proefskrif.
2361 Sien 3.3.2 van die proefskrif.
2362 Sien 3.3.2.4 van die proefskrif.

Die konsep van gemeenskapsdeelname is teoreties van nader ondersoek.[2363] Die doel van die ondersoek was om, vir die doeleindes van hierdie proefskrif, die optimale vlak van gemeenskapsdeelname wat binne gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring verlang word, vas te stel.[2364] Ná afloop van 'n omvattende teoretiese ondersoek is bevind dat:

(a) Vir die doeleindes van hierdie proefskrif die term "gemeenskapsdeelname" deurlopend gebruik is met dien verstande dat gemeenskapsdeelname, gemeenskapsbetrokkenheid en publieke deelname onafhanklik geïnterpreteer kan word, maar tog in samehang met mekaar funksioneer.[2365]

(b) Die optimale punt van gemeenskapsdeelname aan natuurbewaringsinisiatiewe kan binne 'n buigsame kombinasie van passiewe en aktiewe gemeenskapsdeelname gevind word.[2366] Elke natuurbewaringsinisiatief is unie en lande het verskillende biodiversiteitsprofiele, bestaande omgewingswetgewing en politieke omstandighede. Gevolglik moet die mate van gemeenskapsdeelname oordeelkundig oorweeg word om die praktiese formulering van die inisiatief binne unieke omstandighede toe te lig.[2367]

(c) Binne die buigsame kombinasie van passiewe en aktiewe gemeenskapsdeelname word samewerkende bestuur gevind.[2368] Die kenmerke van samewerkende bestuur is geïdentifiseer as: interaktiewe konsultasie; oop kommunikasie; wedersydse vertroue; billikheid; beïnvloeding van besluite en uitkomste; uitruil van inligting; integrasie van wetenskaplike en tradisionele kennis; onderrig en opleiding, konsensus; raadgewend; gesamentlike optrede; vennootskappe; ingeligte besluitneming; bemagtiging; oordrag van magte en verantwoordelikhede; erkenning van regte; en die verdeling van voordele.[2369]

[2363] Sien 3.3.3 van die proefskrif.
[2364] Sien 3.3.3 van die proefskrif.
[2365] Sien 3.3.3 van die proefskrif.
[2366] Sien 3.3.3 van die proefskrif.
[2367] Sien 3.3.3 van die proefskrif.
[2368] Sien 3.3.3 van die proefskrif.
[2369] Sien Figuur 8 van die proefskrif.

Soos reeds genoem, word die implementering van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring deur kenners aangemoedig, maar weinig is oor die proses bekend.[2370] Breë implementeringsriglyne is na aanleiding van kenners se bydraes binne die gebied vasgestel.[2371] Die formulering van hierdie riglyne is ook aangevul met die voorafgaande teoretiese aspekte wat in hierdie gedeelte van die studie ondersoek en bespreek is.[2372] Die riglyne hou verband met (i) doelwit-identifisering en -formulering; (ii) afbakening van die fisiese gebied en identifisering van die teikengemeenskap; (iii) gunstige omstandighede om gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring te implementeer en te handhaaf; (iv) voordele en aansporingstrukture vir die gemeenskap in ruil vir hulle deelname; (v) samestelling van 'n bestuurstruktuur; (vi) beplanning en besluitneming; (vii) probleemoplossing en die uitvoer van magte en verantwoordelikhede; (viii) monitering en terugvoer; en (ix) bewusmaking, opleiding, onderrig en kapasiteitsbou.[2373]

Die teoretiese ontleding van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring het gevolglik die volgende aspekte na vore gebring wat die kern daarvan uitmaak, naamlik: (a) die definisie van die begrip van "gemeenskap" en "gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring";[2374] (b) die konsep gemeenskapsdeelname;[2375] (c) die sluiting van samewerkende ooreenkomste;[2376] en (d) samewerkende bestuur.[2377] Om die genoemde aspekte te verwesenlik, moet beleidmakers daarna streef om die fyn balans tussen die vier kernkomponente van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring te handhaaf.[2378]

Daar bestaan verskeie maniere waarop gemeenskapsgebaseerde natuurbewaringsinisiatiewe op 'n sinvolle wyse spesifiek tot die bekamping van wildmisdaad kan bydra ten einde bestaande wetgewende en ander

---

2370 Sien 3.3.4 van die proefskrif.
2371 Sien 3.3.4 van die proefskrif. Sien ook aanhangsel A-E van die proefskrif.
2372 Sien 3.2.1, 3.2.2, 3.3.2, 3.3.3 van die proefskrif.
2373 Sien 3.3.4 van die proefskrif.
2374 Sien 3.3.2.1 en 3.3.2.4 van die proefskrif.
2375 Sien 3.3.3 van die proefskrif.
2376 Sien 3.3.4 van die proefskrif.
2377 Sien 3.3.3 van die proefskrif.
2378 Sien 3.2.2 en Figuur 7 van die proefskrif waar die kernkomponente van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring uiteengesit is.

reguleringsmaatreëls wat tans wildmisdaad reguleer te versterk.[2379] Hier moet sekere aspekte, uniek aan die bekamping van wildmisdaad oorweeg word.[2380] Die bespreking wat volg versoen die moontlike oplossings wat gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring bied met sekere van die komplekse en unieke uitdagings wat wildmisdaad skep deur werkbare voorstelle vir sinvolle implementering en operasionalisering in hierdie verband te maak.[2381] Die bespreking is ingevolge die vier kernkomponente van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring gestruktureer.[2382]

Eerstens kan die riglyne vir implementering wat in 'n vorige gedeelte van die proefskrif voorgestel is, gebruik word om sekere aanvoorwerk te verrig by die oprigting van sodanige inisiatief, asook om die interne werking en sukses van die inisiatief te handhaaf.[2383] Tweedens is voorgestel dat die konsep van gemeenskapspolisiëring, deur middel van die totstandkoming van 'n gemeenskapspolisieforum, fluitjieblaserstelsel of 'n buurtwagstelsel, moontlike werkbare oplossings kan ontsluit om magte en verantwoordelikhede aan gemeenskappe oor te dra wat prakties in die bekamping van wildmisdaad op voetsoolvlak uitgevoer kan word.[2384] Derdens is voorgestel dat 'n afsonderlike permit- en lisensiestelsel uitsluitlik ten gunste van gemeenskappe ontwikkel en geïmplementeer moet word. Die doel van die afsonderlike permit- en lisensiestelsel is om gemeenskappe die geleentheid te bied om sekere regte in wildspesies te bekom om op 'n regmatige wyse uitgesonderde wildspesies vir byvoorbeeld voedsel en tradisionele, kulturele, religieuse of ander gebruike te jag sonder om strafregtelik vervolg te word.[2385] Vierdens is voorgestel dat die voordele in ruil vir gemeenskappe se deelname aan die bekamping van wildmisdaad (a) aanloklik moet wees; (b) die gevolge van die pleging van wildmisdaad vrees onder hulle moet inboesem; (c) gemeenskapslede differensieel beloon moet word op grond van die soort magte en verantwoordelikhede wat hulle uitvoer; en (d) dat gemeenskappe

---

2379 Sien 3.4 van die proefskrif.
2380 Sien 3.3.4 van die proefskrif.
2381 Sien 3.3.3 van die proefskrif.
2382 Sien 3.2.2 en Figuur 7 van die proefskrif waar die kernkomponente van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring uiteengesit is.
2383 Sien 3.3.4 en van die proefskrif.
2384 Sien 3.4.1 van die proefskrif.
2385 Sien 3.4.2 van die proefskrif.

beloon moet word vir kwaliteit inligting wat tot die arrestasie en vervolging van wildstropers lei.[2386] Laastens is bevind dat die balans tussen die eerste drie kernkomponente van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring (of in dié geval die laasgenoemde drie voorstelle) gesamentlik bydra om die vierde kernkomponent te verwesenlik, naamlik om natuurbewaring (in dié geval die bekamping van wildmisdaad) as 'n winsgewende alternatiewe vorm van grondgebruik te vestig wat voordele vir die gemeenskap inhou en prioritisering verlang.[2387]

5.1.4 Die Suid-Afrikaanse posisie[2388]

Verskillende Suid-Afrikaanse omgewingsbeleide, wetgewing en regulasies wat tot die bekamping van wildmisdaad bydra is geïdentifiseer.[2389] Die bespreking is aan die hand van die vier vlakke van handelinge wat deel uitmaak van wildmisdaad, soos uiteengesit in hoofstuk 2,[2390] gestruktureer en onder elke vlak van handelinge is die relevante Suid-Afrikaanse wetgewing, regulasies en omgewingsbeleide geïdentifiseer wat tot die bekamping of regulering van die betrokke vlak se handelinge spreek.[2391]

Suid-Afrika prioritiseer die bekamping van wildmisdaad, aangesien talle Suid-Afrikaanse inheemse wildspesies 'n teiken van wildmisdaad is.[2392] Terwyl Suid-Afrika nie tans oor 'n oorkoepelende wet of regulasie beskik wat alle aspekte van wildmisdaad reguleer nie, beskik Suid-Afrika wel oor 'n breë wetgewende raamwerk wat biodiversiteitsbestuur en natuurbewaring op nasionale en provinsiale vlak reguleer.[2393] Die bekamping van wildmisdaad is in dié wetgewende raamwerk opgeneem en word deur beide nasionale sowel as provinsiale wetgewing gereguleer.[2394]

Die term "wildmisdaad" word nie uitdruklik in enige Suid-Afrikaanse wet of beleid gebruik nie.[2395] Met die interpretasie van relevante wetgewende bepalings, regulasies

---

2386 Sien 3.4.3 van die proefskrif.
2387 Sien 3.4.4 van die proefskrif.
2388 Verwys na die sekondêre doelwitte (e) en (f) in 1.3 van die proefskrif.
2389 Sien 4.4.1 tot 4.4.4 van die proefskrif.
2390 Sien 2.3.1 tot 2.3.4 van die proefskrif.
2391 Sien 4.4.1 tot 4.4.4 van die proefskrif.
2392 Sien 1.1.4 en 4.2 van die proefskrif.
2393 Sien 4.2 van die proefskrif.
2394 Sien 4.2 van die proefskrif.
2395 Sien 4.3 van die proefskrif.

en omgewingsbeleide is dit duidelik dat sekere handelinge teenoor sekere wildspesies binne sekere omstandighede misdade daarstel waarvoor 'n oortreder strafregtelik vervolg kan word.[2396] Gevolglik is sodanige handelinge in Suid-Afrika konseptueel gelykstaande aan wildmisdade.

Die regsontleding beklemtoon dat die bekamping van wildmisdaad in Suid-Afrika tans uitsluitlik volgens bevel- en beheermaatreëls en strafregtelike vervolging funksioneer en in die algemeen op vier stappe berus.[2397] Die eerste stap is om 'n spesifieke poel van wildspesies wat bewaring verlang, te definieer, te kategoriseer en uit te sonder. Die tweede stap behels die identifisering van handelinge wat potensieel nadelig vir 'n spesifieke wildspesie se voortbestaan is en deur middel van wetgewing beperk en gereguleer moet word. Die derde stap omsluit die administrasie en handhawing van permitstelsels wat die potensieel nadelige handelinge beperk en reguleer. Die vierde stap behels die strafregtelike vervolging van 'n persoon wat sonder 'n permit 'n potensieel nadelige handeling teenoor 'n wildspesie uitvoer of 'n permithouer wat buite permitvoorwaardes optree.

Suid-Afrikaanse wetgewing en regulasie op nasionale en provinsiale vlak beskryf die regulering en bekamping van handelinge op vlak 1 en 2 in groter detail teenoor dié van vlak 3 en 4.[2398] Ingevolge die voorgenoemde is komplekse permit- en sertifikaatstelsels op beide nasionale en provinsiale vlak ontwikkel wat sekere handelinge ("restricted activities") teenoor sekere wildspesies reguleer of verbied, terwyl die CITES se bepalings, voorskrifte en permitstelsel ingevolge 'n aparte omvattende regulasie uitgevaardig is.[2399] Hoewel die handelinge op vlak 3 en 4 deel uitmaak van die "restricted activities" soos gelys in terme van die NEMBA en provinsiale wetgewing, word die regulering daarvan met meer omsigtigheid in vergelyking met dié van vlak 1 en 2 benader.[2400]

[2396] Sien 4.3 van die proefskrif.
[2397] Sien 4.4.1 tot 4.4.4 van die proefskrif.
[2398] Sien 4.4.1 tot 4.4.4 en 4.5.1 tot 4.5.5 van die proefskrif.
[2399] Sien 4.4.1 tot 4.4.4 van die proefskrif.
[2400] Sien 4.4.3, 4.4.4, 4.5.4 en 4.5.5 van die proefskrif.

Die reguleringsmaatreëls wat die vier vlakke van handelinge wat deel uitmaak van wildmisdaad reguleer, is tussen verskillende artikels binne die relevante wetgewing en regulasies op nasionale en provinsiale vlak versprei. Dit verg wesenlike inspanning om die verskillende reguleringsmaatreëls met mekaar te versoen en te interpreteer.[2401] Nasionale en provinsiale reguleringsmaatreëls is onsamehangend en in die algemeen besonder gefragmenteerd.[2402] Internasionale verwagtinge betreffende biodiversiteitsbestuur en natuurbewaring het die ontwikkeling van nasionale wetgewing (spesifiek die NEMBA en NEMPAA) beïnvloed, terwyl provinsiale wetgewing nooit gewysig is om vir kontemporêre verwagtinge in hierdie verband voorsiening te maak nie.[2403] 'n Opvallende bron van regsonsekerheid word deur die provinsiale ordonnansies geskep, wat uit die vorige regime dateer en steeds op die wetboeke verskyn.[2404] Hierdie ordonnansies is nie deur die jare met die bepalings van die CITES, die NEMA, die NEMBA en die NEMPAA belyn nie.[2405] In 'n poging om die voorgenoemde belyning te bewerkstellig, het sommige provinsies in die tussentyd nuwe natuurbewaringswetgewing gepromulgeer.[2406] Dít het egter die posisie verder gekompliseer, aangesien die nuwe provinsiale wetgewing nie die "ou" provinsiale ordonnansies herroep het nie.[2407] Hierdie gefragmenteerde benadering doen wesenlike afbreuk aan die regskonseptualisering van wildmisdaad in Suid-Afrika.[2408]

Verdere tekortkominge van die Suid-Afrikaanse reguleringsraamwerk kom na vore, naamlik (a) die afwesigheid van 'n duidelike onderskeid tussen die bedrywighede, vervolging en strafoplegging van georganiseerde misdaadgroepe teenoor bestaansjagters;[2409] (b) die tekort aan reguleringsmaatreëls wat verwante ernstige misdade binne die konteks van wildmisdaad hanteer;[2410] (c) die vaagheid van reguleringsmaatreëls wat die verwerking van wildspesies tot verhandelbare

---

2401 Sien 4.5.1 van die proefskrif.
2402 Sien 4.5.1 van die proefskrif.
2403 Sien 4.5.1 en 4.5.3 van die proefskrif.
2404 Sien 4.5.1 van die proefskrif.
2405 Sien 4.2 en 4.5.1 van die proefskrif.
2406 Sien 4.2 van die proefskrif.
2407 Sien 4.5.2 van die proefskrif.
2408 Sien 4.3 en 4.5.1 van die proefskrif.
2409 Sien 4.5.2 van die proefskrif.
2410 Sien 4.5.3 van die proefskrif.

neweprodukte hanteer;[2411] en (d) die gebrek aan reguleringsmaatreëls wat die unieke uitdagings wat die internet (en internetverkope) aan die bekamping van wildmisdaad stel, hanteer.[2412] Verdere tekortkominge wat na vore kom, hou verband met die effektiwiteit en uitvoering van afdwinging- en toepassingsmaatreëls, naamlik (a) die hoë vlak van korrupsie binne betrokke regeringsdepartemente; (b) 'n tekort aan omgewingsbestuursinspekteurs; (c) 'n tekort aan onder andere toerusting en kennis onder regeringsbeamptes om hul mandaat effektief uit te voer; en (d) die onkunde van owerhede om die komplekse reguleringsmaatreëls af te dwing en toe te pas.[2413] Ooglopend, binne die konteks van die omvattende bestaande reguleringsmaatreëls wat Suid-Afrika inspan om wildmisdaad te bekamp, word daar tans beperkte tot geen ruimte vir gemeenskappe gelaat om aan die bekamping van wildmisdaad deel te neem nie.

Tans word gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring nie uitdruklik as 'n alternatiewe oplossing tot die bekamping van wildmisdaad in Suid-Afrikaanse reguleringsmaatreëls erken, aanbeveel of definieer nie. Hierdie ondersoek is gestruktureer ingevolge die aspekte, soos geïdentifiseer en in diepte in hoofstuk 3 van die proefskrif ontleed, wat die kern van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring uitmaak.[2414] Die volgende bestaande Suid-Afrikaanse regsbepalings en ander regeringsinisiatiewe blyk in hierdie verband van belang te wees:

(a) Die gebruik van alternatiewe oplossings (soos byvoorbeeld gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring) om omgewingskwessies (soos byvoorbeeld wildmisdaad) te hanteer, word uitdruklik in artikel 24 van die *Grondwet* erken en aangemoedig. Artikel 2 van die NEMA moedig enige belanghebbendes, insluitende gemeenskappe, aan om aan biodiversiteitsbestuur en natuurbewaring in Suid-Afrika deel te neem.[2415]

[2411] Sien 4.5.4 van die proefskrif.
[2412] Sien 4.5.5 van die proefskrif.
[2413] Sien 4.5.2 van die proefskrif.
[2414] Sien 3.5 en 5.1.3 van die proefskrif.
[2415] Sien 4.6.1 van die proefskrif.

(b) Binne die Suid-Afrikaanse omgewingsregraamwerk word die definiëring van die begrip "gemeenskap" met vaagheid benader of geheel vermy.[2416] Die rede hiervoor hou moontlik met die bogenoemde historiese kompliserende faktore verband óf omdat kenners die begrip "gemeenskap" as ’n paradoks bestempel.[2417] Hoewel die NEMPAA die implementering van "gemeenskapsgebaseerde praktyke" en "gemeenskapsgebaseerde natuurlike hulpbronbestuur" aanmoedig en voorskryf, spesifiseer die NEMPAA nie wat "gemeenskapsgebaseerde natuurlike hulpbronbestuur"[2418] behels of hoe om dit te implementeer en te operasionaliseer nie en word dit ook nie in verband gebring met wildmisdaad bekampingsstrategieë nie.[2419]

(c) Die konsep van gemeenskapsdeelname, wat elemente van aktiewe sowel as passiewe gemeenskapsdeelname vir gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring vereis,[2420] is veel meer gedetailleerd en kompleks as wat tans in Suid-Afrikaanse omgewingswetgewing vervat is.[2421]

(d) Die NEMA se omgewingsbestuur-samewerkingsooreenkomste en die NEMPAA se ooreenkomste van medebestuur van bewaringsgebiede kan moontlik ’n proses fasiliteer om ’n ooreenkoms tussen die regering en ’n gemeenskap te sluit om ’n gemeenskapsgebaseerde natuurbewaringsinisiatief, met die bekamping van wildmisdaad as hoofdoel, op die been te bring.[2422] Ooreenkomste wat die deelname van gemeenskappe op voetsoolvlak aan die bekamping van wildmisdaad binne bewaringsgebiede reël, kan veral voordele inhou aangesien bewaringsgebiede ’n brandpunt[2423] vir wildmisdaad is.

(e) Verder kan die *Guidelines for the Implementation of Community-Based Natural Resource Management in South Africa,* in oorleg met die gerapporteerde

---

[2416] Sien 4.6.2 van die proefskrif.
[2417] Sien 3.3.2.1 van die proefskrif.
[2418] Anders gestel: "community-based natural resource management".
[2419] Sien 4.6.2 van die proefskrif.
[2420] Sien 3.3.3 van die proefskrif.
[2421] Sien 4.6.3 van die proefskrif.
[2422] Sien 4.6.4 en 4.6.5 van die proefskrif.
[2423] Anders gestel: "hot spot".

suksesse en uitdagings van die *People and Parks Programme*, verheldering rakende die implementering en operasionalisering van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring in die bekamping van wildmisdaad bied.[2424]

(f) Bestaande erkende tradisionele leiers, asook kommunale eiendomsverenigings, beskik oor die potensiaal om deel uit te maak van die leierskapstruktuur wat gemeenskapsgebaseerde natuurbewaringsinisiatiewe bestuur.[2425] Sodoende kry tradisionele leiers en kommunale eiendomsverenigings die geleentheid om gemeenskappe onder hul leiding te verteenwoordig en te lei in hul deelname aan die bekamping van wildmisdaad, maar ook om hul gewoonteregtelike beginsels in die proses toe te pas, hul kommunale eiendom se waarde deur middel van natuurbewaring te verhoog en om ekonomiese waarde aan die wildspesies binne die grense van kommunale eiendom te heg.[2426]

(g) Die totstandkoming van gemeenskapspolisieforums word ingevolge artikels 18 tot 23 van die *Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens* 68 van 1995 gereël. Kenners meen dat gemeenskapspolisieforums of buurtwagte kan bydra om prakties uitvoerbare magte en verantwoordelikhede aan gemeenskappe in die bekamping van wildmisdaad oor te dra.[2427] Die oordrag van magte en verantwoordelikhede aan gemeenskappe is 'n kernkomponent van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring.[2428] Dit is tans onduidelik of die Suid-Afrikaanse gemeenskapspolisieforummodel al ooit vantevore binne die konteks van biodiversiteitsbestuur, natuurbewaring of die bekamping van wildmisdaad toegepas is.

(h) 'n Verdere kernkomponent van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring is om gemeenskappe se regte in eiendom (in dié geval wildspesies) te erken en oor te dra. In terme van die NEMA, die NEMBA of die NEMPAA kon geen bepalings gevind word wat gemeenskappe se regte in biodiversiteit uitdruklik in terme van

---

[2424] Sien 4.6.4 van die proefskrif.
[2425] Sien 4.6.5 van die proefskrif.
[2426] Sien 3.4 en 4.6.5 van die proefskrif.
[2427] Sien 3.4 van die proefskrif.
[2428] Sien 3.2.2 van die proefskrif.

wetgewing erken en aan hulle oordra nie. In dié geval moedig kenners lande aan om 'n afsonderlike permit- en lisensiestelsel te ontwikkel waarvolgens die regering permitte of sertifikate aan gemeenskappe of gemeenskapslede uitreik wat gemeenskappe in 'n posisie plaas om sekere gebruiksregte te bekom deur wildspesies vir byvoorbeeld voedsel en tradisionele, kulturele, religieuse of ander gebruike te jag. Suid-Afrika beskik nie tans oor só 'n permit of sertifikaatstelsel nie.

5.2 Bevindings

Binne die hedendaagse milieu waar wesenlike bekommernis oor die drastiese afname en uitsterwing van wildspesies heers, word die evolusie van innoverende regsreëls en effektiewe samewerkende ooreenkomste op verskillende bestuursvlakke as noodsaaklik geag ter volbrenging van toereikende biodiversiteitsbestuur en natuurbewarings-meganismes. Vanweë die ernstige aanslae en grootskaalse uitdagings wat biodiversiteit spesifiek weens wildmisdaad beleef,[2429] blyk dit dat kenners en beleidmakers 'n mengsel van bestaande reguleringsmaatreëls en kontemporêre alternatiewe oplossings moet inspan om die mas op te kom.[2430]

Wildmisdaad is 'n uiters gefragmenteerde dilemma wat oor meerdimensionele, transnasionale, kruissektorale en interdissiplinêre eienskappe beskik.[2431] Sodanige misdaad is in werklikheid nie net één misdaad is nie, maar eerder 'n aantal unieke misdade wat deur verskillende oortreders gepleeg word. Gevolglik word die ontwikkeling van 'n holistiese benadering tot die bekamping van wildmisdaad aangemoedig. Die ontwikkeling en node van 'n omvattende internasionale verdrag wat beste praktyk en wetgewende verwagtinge vir die bekamping van wildmisdaad op internasionale en nasionale vlak voorskryf, is debatteerbaar.[2432]

Die proefskrif het na vore gebring dat wildmisdaad optimaal op voetsoolvlak (vlak 1), waar wildstropery plaasvind, bekamp kan word. Indien wildmisdaad voor of tydens

---

[2429] Sien 1.1.1 van die proefskrif.
[2430] Sien 2.7, 3.2.1 en 3.2.2 van die proefskrif.
[2431] Sien 2.1 tot 2.6 en 5.1.2.1 van die proefskrif.
[2432] Sien 2.7 van die proefskrif.

wildstropery afgetakel word, ontwrig dit die uitvoering van enige ander handelinge (vlak 2 tot 4) wat daarop sou volg. Verskillende kenners en beleidmakers reken gemeenskappe is ideaal op voetsoolvlak geleë om die rol van waarnemer, verdediger, verspieder, informant, fluitjieblaser of konsultant te vervul, om wildmisdaad tydig te identifiseer, aan te meld en te voorkom.[2433] Weens dié raakpunte blyk dit dat gemeenskappe se deelname aan biodiversiteitsbestuur en natuurbewaring 'n werkbare alternatiewe oplossing vir die bekamping van wildmisdaad kan bied.

Tans bestaan daar beduidende struikelblokke en onsekerheid in die aanneming van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring as 'n alternatiewe oplossing in die bekamping van wildmisdaad in Suid-Afrika. Siende dat 'n definisie van "wildmisdaad" op beide internasionale sowel as nasionale vlak ontbreek,[2434] bestaan daar fundamentele konseptuele gapings in die beskrywing van die probleem sowel as die formulering van tersaaklike oplossings. Op dié stadium bestaan daar ernstige internasionale en nasionale konseptuele uitdagings om die alternatiewe oplossing wat gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring kan bied, op 'n prakties uitvoerbare wyse te versoen met die talle uitdagings wat wildmisdaad daarstel. Tans tref Suid-Afrikaanse wetgewing geen direkte verbintenisse tussen gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring en die bekamping van wildmisdaad nie. Daar is bevind dat wesenlike ruimte bestaan om die Suid-Afrikaanse konseptualisering van wildmisdaad te verfyn en om die konsep van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring in Suid-Afrikaanse omgewingswetgewing en beleid uit te bou. Sodanige uitbouing sal op verskillende maniere kan bydra tot die versterking van bestaande reguleringsmaatreëls wat Suid-Afrika tans gebruik om wildmisdaad te bekamp.[2435]

5.3 Aanbevelings

Die volgende aanbevelings is gebaseer op die teoretiese en wetgewende raamwerke:[2436]

[2433] Sien 2.7 en 3.4 van die proefskrif.
[2434] Sien 2.2 en 4.3 van die proefskrif.
[2435] Sien die aanbevelings in 5.3 van die proefskrif.
[2436] Verwys na die sekondêre doelwit (g) in 1.3 van die proefskrif.

5.3.1 Internasionale vlak

(a) Daar word aanbeveel dat bestaande verdrae of protokolle gewysig moet word, óf 'n nuwe verdrag op internasionale of streeksvlak beklink moet word om:

(i) "wildmisdaad" te definieer;[2437]

(ii) handelinge wat deel uitmaak van wildmisdaad te lys;[2438]

(iii) verwante ernstige misdade wat wildmisdaad te fasiliteer te lys;[2439]

(iv) riglyne vir die promulgering van nasionale wetgewing om wildmisdaad te bekamp op te stel;[2440]

(v) lidlande aan te spoor om genoemde riglyne in te span om nasionale wetgewing te promulgeer om wildmisdaad te bekamp en om bystand en leiding met betrekking tot dié uitdagende taak aan lande te verleen;[2441]

(vi) die ontwikkeling van alternatiewe oplossings vir wildmisdaad, onder andere gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring, aan te moedig, te lei en te monitor;[2442]

(vii) lande in staat te stel om addisionele samewerkende verbintenisse te smee in die transnasionale bekamping van wildmisdaad;[2443]

(viii) vervolgingsprosedures voor te skryf;[2444]

(ix) geskikte strawwe vir misdadigers voor te stel;[2445] en

[2437] Sien 2.2 van die proefskrif.
[2438] Sien 2.3 van die proefskrif.
[2439] Sien 2.3 van die proefskrif.
[2440] Sien 2.4 van die proefskrif.
[2441] Sien 2.4 van die proefskrif.
[2442] Sien 2.7 van die proefskrif.
[2443] Sien 2.7 van die proefskrif.
[2444] Sien 2.4 van die proefskrif.
[2445] Sien 2.4 van die proefskrif.

(x) ’n internasionale of streeksliggaam in die lewe te roep wat die nodige platform vir lande sal bied om saam te kom en betekenisvolle gesprekke oor wildmisdaad te voer en gesamentlik oplossings na te speur.

(b) Strenger vervolgingsprosedures en swaarder strawwe moet aan misdadigers wat wildmisdaad pleeg opgelê word. Sodoende sal die erns van wildmisdaad beklemtoon word en die stigma onder misdadigers verbreek dat wildmisdaad ’n laerisiko- en laestraf-misdaad is, waar oortreders ’n geringe kans het om aangekeer te word. Ten einde meer misdadigers vir die bekamping van wildmisdaad vas te trek, sal lande moet saamspan in hul vervolgingstrategieë. Lande moet ook doelbewuste pogings aanwend om enige skuiwergate vas te stel en te hanteer wat tot die vorming van die voorgenoemde stigma bydra.[2446]

(c) Die dryffaktore en negatiewe gevolge van wildmisdaad moet verder ondersoek en beskryf word. ’n Beter begrip daarvan sal bydra tot die formulering van alternatiewe oplossings vir die bekamping van wildmisdaad.[2447]

(d) Die raakpunte tussen wildmisdaad en georganiseerde misdaad moet met meer erns beklemtoon en hanteer word.[2448]

(e) Voorstelle dat gemeenskappe aan die bekamping van wildmisdaad moet deelneem, moet met meer omsigtigheid uitgespreek word, aangesien daar ’n groot hoeveelheid kompliserende faktore van historiese, politieke en sosio-ekonomiese aard by die praktiese implementering en handhawing van sodanige benadering betrokke is. Die reg kan nie alle oplossings aanbied nie. Gevolglik word ’n beroep op kundiges van ander vakrigtings gedoen om verdere bydraes in die uitbouing van sodanige benadering te maak.[2449]

(f) ’n Omvattende proses van regs- en institusionele hervorming word vereis om gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring as ’n alternatiewe oplossing tot

---

[2446] Sien 2.6 en 2.7 van die proefskrif.
[2447] Sien 2.5 van die proefskrif.
[2448] Sien 2.6 van die proefskrif.
[2449] Sien 3.2.2 en 3.4 van die proefskrif.

wildmisdaad te implementeer. Vir dié doel moet praktiese riglyne ontwikkel word om lande in die implementeringsproses by te staan.[2450]

(g) Te midde van die afwesigheid van beste praktyk of universele riglyne wat die implementering van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring in die bekamping van wildmisdaad lei, moet lande die vier kernkomponente van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring implementeer. 'n Ooreengekome definisie van "gemeenskap" (vanuit die perspektief van natuurbewaring en biodiversiteitsbestuur) en die uitbouing van konsepte soos "gemeenskapsdeelname", "kollektiewe aksie", "samewerkende bestuur" en "samewerkende ooreenkomste" sal leiding en diepte aan die verwesenliking van die vier kernkomponente van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring verleen.[2451]

5.3.2 Nasionale vlak

(a) Die gefragmenteerde regsraamwerk wat biodiversiteitsbestuur en natuurbewaring in Suid-Afrika reguleer, moet dringend 'n proses van regshervorming ondergaan aangesien dit in die bestaande vorm ernstige afbreuk aan die konseptualisering van wildmisdaad binne die Suid-Afrikaanse konteks doen.[2452] Daar word aanbeveel dat die NEMBA (of die NEMPAA) gewysig moet word, óf alternatiewelik dat 'n aparte omvattende regulasie ingevolge die NEMBA (of die NEMPAA) gepromulgeer moet word, wat alle verbandhoudende aspekte tot wildmisdaad amalgameer,[2453] naamlik:

(i) 'n definisie van "wildmisdaad";[2454]
(ii) 'n lys van handelinge wat deel uitmaak van wildmisdaad (verkieslik gedifferensieer ingevolge vlakke, soos in die proefskrif uiteengesit), vergesel van die bestaande lyste wat wildspesies, bewaringsgebiede,

---

[2450] Sien 3.3.4 van die proefskrif.
[2451] Sien 3.5 van die proefskrif.
[2452] Sien 4.5.1 van die proefskrif.
[2453] In sodanige geval sal die minister van omgewingsake se regulasiebevoegdheid in terme van a 97(1) van die NEMBA uitgebrei moet word om 'n regulasie betreffende wildmisdaad uit te vaardig.
[2454] Sien 4.3 van die proefskrif.

wapens en jagmetodes uitsonder; gekombineer met duidelike reguleringsmaatreëls en 'n gedetailleerde permit- en sertifikaatstelsel wat elke vlak van handelinge reguleer en strawwe vir oortreders uiteensit;[2455]

(iii) 'n lys van ernstige verwante misdade wat gebruik word om wildmisdaad te fasiliteer gekombineer met duidelike reguleringsmaatreëls en 'n uiteensetting van strawwe vir oortreders;[2456]

(iv) 'n strategie vir die totstandkoming van samewerkende regering binne die konteks van wildmisdaad;[2457]

(v) 'n strategie vir die belyning van nasionale en provinsiale wetgewing;[2458]

(vi) die raakpunte met Suid-Afrikaanse doeane- en wapenwetgewing;[2459] en

(vii) die ontwikkeling en implementering van alternatiewe oplossings in die bekamping van wildmisdaad om bevel- en beheermaatreëls te komplementeer en te versterk.[2460]

(b) Tans word gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring nie uitdruklik as 'n alternatiewe oplossing tot die bekamping van wildmisdaad in Suid-Afrikaanse reguleringsmaatreëls erken, aanbeveel of definieer nie. Weens ooglopende fragmentasie en leemtes in die bestaande wetgewende bepalings wat die implementering van gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring in Suid-Afrika onderskraag, word voorgestel dat 'n aparte omvattende regulasie uitgevaardig moet word om 'n breër stel reguleringsmaatreëls te beskryf en neer te lê (en terselfdertyd onnodige duplisering en verdere fragmentasie in die omgewingsregraamwerk te vermy), wat regsekerheid aan gemeenskapsgebaseerde natuurbewaringsinisiatiewe in die bekamping van wildmisdaad kan verleen. Dié stel regulasies sal idealisties kon deel uitmaak van die aanbeveling soos in (a)(vii) uiteengesit.[2461] Dié voorgestelde regulasie kan oor

---

[2455] Sien 2.3, 2.4 en 4.4 van die proefskrif.
[2456] Sien 2.3 van die proefskrif.
[2457] Sien 4.5 van die proefskrif.
[2458] Sien 4.5 van die proefskrif.
[2459] Sien 2.4 van die proefskrif.
[2460] Sien 2.7 van die proefskrif.
[2461] In sodanige geval sal die minister van omgewingsake se regulasiebevoegdheid in terme van a 97(1) van die NEMBA uitgebrei moet word om 'n regulasie betreffende die ontwikkeling en implementering van alternatiewe oplossings vir wildmisdaad uit te vaardig.

die potensiaal beskik om die bestaande reguleringsmaatreëls wat Suid-Afrika tans gebruik om wildmisdaad te bekamp, te versterk deur:[2462]

(i) gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring as 'n lewensvatbare alternatiewe oplossing vir wildmisdaad, in oorleg met die bestaande reguleringsmaatreëls, te erken, te bevorder en te definieer;[2463]

(ii) gemeenskappe as kernrolspelers, spesifiek op voetsoolvlak waar wildstropery plaasvind, in die bekamping wildmisdaad te erken;[2464]

(iii) duidelike riglyne en/of vereistes vir die implementering van inisiatiewe wat gemeenskapsgebaseerde natuurbewaring as 'n alternatiewe oplossing vir wildmisdaad wil gebruik neer te lê;[2465]

(iv) 'n prosedure te formaliseer om verteenwoordigende gemeenskapsinstellings tot stand te bring;[2466]

(v) die proses voor te skryf om formele samewerkende ooreenkomste tussen die regering, gemeenskapsinstellings, tradisionele leiers of kommunale eiendomsverenigings in die bekamping van wildmisdaad te smee en te handhaaf;[2467]

(vi) raakpunte of selfs verwysings na bestaande wetgewende bepalings of inisiatiewe te beklemtoon en as beginpunt te gebruik vir die fasilitering en ontwikkeling van die konsep van gemeenskapsdeelname in Suid-Afrika, die sluiting van samewerkende ooreenkomste en die totstandkoming van samewerkende bestuur spesifiek om wildmisdaad te bekamp;[2468]

(vii) die konsep van gemeenskapspolisieforums of buurtwagstelsels binne die konteks van biodiversiteitsbestuur, natuurbewaring en veral die bekamping

---

2462 Sien 4.6.7 van die proefskrif.
2463 Sien in die algemeen die besprekings in 2.7, 3.2.2, 4.6.1 en 4.6.7 van die proefskrif.
2464 Sien 2.8, 3.4, 4.6.7 van die proefskrif.
2465 Sien die implementeringsvoorstelle in 3.3.4 en 4.6.7 van die proefskrif.
2466 Sien 3.3.4 en 4.6.7 van die proefskrif.
2467 Sien 4.6.4, 4.6.5 en 4.6.7 van die proefskrif.
2468 Sien 3.3.3, 4.6.3, 4.6.4, 4.6.5 en 4.6.7 van die proefskrif.

van wildmisdaad verder uit te bou, ten einde magte en verantwoordelikhede aan gemeenskappe oor te dra wat hulle prakties en op 'n sinvolle manier in die bekamping van wildmisdaad kan uitvoer sonder om hul persoonlike veiligheid tydens die proses in gevaar te stel;[2469]

(viii) 'n voordeelstruktuur daar te stel of 'n prosedure voor te skryf om geskikte voordele binne 'n gegewe geval aan gemeenskappe te bied in ruil vir hul deelname aan die bekamping van wildmisdaad;[2470]

(ix) 'n permit- en sertifikaatstelsel soos bovermeld te implementeer wat presies uitstippel watter gemeenskapslede vir 'n sertifikaat of permit kan kwalifiseer, watter en hoeveel wildspesies, vir watter gebruike, tydens watter seisoene of tye, in watter gebiede en by wyse van watter jagmetodes hulle mag jag;[2471]

(x) afsonderlike prosedures vir interne geskilbeslegting en strafoplegging te ontwikkel om gemeenskappe wat nie hul magte en verantwoordelikhede nakom nie, of die voorwaardes van die permit- en sertifikaatstelselstelsel oortree, te hanteer en dienooreenkomstig te straf.[2472]

[2469] Sien 3.4, 4.6.6 en 4.6.7 van die proefskrif.
[2470] Sien riglyn 4 in 3.3.4 van die proefskrif.
[2471] Sien die voorstel soos vervat in tabel 6 en 3.4.2 van die proefskrif.
[2472] Sien riglyn 5 in 3.3.4 van die proefskrif.

AANHANGSEL A: Creighton se elementêre kontinuum van gemeenskaps-deelname in die besluitnemingsproses[2473]



[2473] Aanhangsel A is verwerk, aangepas en gebaseer op die bydraes van Creighton *The Public Participation Handbook: Making Better Decisions Through Citizen Involvement* 9; International Association for Public Participation *Spectrum of Public Participation* 1.

AANHANGSEL B: Picolotti se vier basiese modaliteite van gemeenskaps-deelname[2474]

Modaliteite	Beskrywing
(a) Informatiewe deelname	Behels die uitruil van inligting en kennis aangaande aspekte waarin die gemeenskap 'n belang het. Die regering bied inligting en kennis aan die gemeenskap en *vice versa*, wat beide in 'n posisie plaas om ingeligte besluite te neem en optimale bestuur van die omgewing te bewerkstellig. 'n Onderskeid word tussen informatiewe deelname en die reg op toegang tot inligting getref. Die regering inisieer die proses van informatiewe deelname terwyl die gemeenskap die passiewe ontvanger van die inligting is. Die gemeenskap (hetsy 'n individu of as 'n kollektief) dwing die reg op toegang tot inligting teenoor die regering af deur die regering op te neem op die verpligting om die inligting aan die gemeenskap op versoek te verskaf.
(b) Konsultatiewe deelname	Behels die uitdrukking van opinies, die uitruil van moontlike oplossings en 'n nasporing van betrokkenes se posisie ten opsigte van die betrokke aangeleentheid byvoorbeeld deur openbare verhore te hou. Die inligting wat in die proses tussen die gemeenskap en die regering uitgeruil word, bind nie die regering tot optrede nie.
(c) Deelname in besluitneming	Behels toewyding deur beide die regering en die gemeenskap aan die uitvoering van magte in die besluitnemingsproses. Die regering doen 'n beroep op gemeenskappe om knelpunte na vore te bring en aktief aan besluitneming deel te neem. Die besluite wat in die proses geneem word, bind die regering tot optrede.
(d) Deelname in bestuur	Ook bekend as samewerkende bestuur. Behels die gesamentlike uitvoer van magte deur beide die regering en gemeenskap om effektiewe implementering van beleide, projekte, inisiatiewe en dienste te verseker. Hierdie is die hoogste modaliteit van gemeenskapsdeelname aangesien die regering die gemeenskap bemagtig om selfstandig inisiatiewe uit te voer en te moniteer.

[2474] Aanhangsel B is verwerk, aangepas en gebaseer op die bydrae van Picolotti "Agenda 21 and Human Rights: The Right to Participate" 52, 56.

AANHANGSEL C: Arnstein se leer van gemeenskapsdeelname[2475]

Grade van gemeenskapsmag	8. Gemeenskapsbeheer	Die gemeenskap dring aan op 'n vlak van mag waar hulle alleen beheer uitoefen oor die besluitneming, onderhandeling, implementering, beleidmaking, voorwaardes en bestuur van 'n inisiatief.
	7. Gedelegeerde mag	Onderhandelinge tussen die regering en die gemeenskap lei daartoe dat die regering die primêre aanspreeklikheid en mag oor 'n inisiatief aan die gemeenskap oordra.
	6. Genootskap	Mag word herverdeel deur middel van deurlopende onderhandeling tussen die regering en die gemeenskap. Gemeenskapsmag is geleë in ooreenkomste wat gesluit word rakende samewerkende beplanning, besluitneming en verantwoordelikhede.
Grade van simboliese deelname	5. Paaiery	Die regering paai die gemeenskap deur uitgesoekte gemeenskapslede op komitees te laat dien. Deelname ontluik deur invloed uit te oefen op beplanning, maar die regering behou die mag om die wettigheid en uitvoerbaarheid van die gemeenskap se aanbevelings te toets en goedkeuring te verleen.
	4. Konsultasie	Verdere stap tot *de jure* deelname. Mees algemene metodes is opnames, vergaderings en verhore. Konsultasie hou minimale waarde vir die gemeenskap in as dit nie met ander soorte deelname gekombineer word nie. Slegs dan bied dit die verskering dat die gemeenskap se bekommernisse en opvattings in berekening gebring sal word.
	3. Verwittiging	Eerste stap tot *de jure* deelname. Die gemeenskap word verwittig van hul regte, verantwoordelikhede en moontlikhede. Dit behels die eenrigtingvloei van inligting vanaf die regering aan die gemeenskap. Geen voorsiening word gemaak vir enige onderhandelings met of terugvoer van die gemeenskap nie.
Nie-deelname	2. Beraadslaging	Die gemeenskap word deur regering betrek by 'n omslagtige proses van beraadslaging om die gemeenskap se oortuigings en gedrag te belyn met dié van die breër samelewing in stede daarvan om die situasie wat die spesifieke oortuigings en gedrag in die eerste instansie veroorsaak het te verbeter.
	1. Manipulasie	Die regering bied slegs *de facto* magte aan gemeenskap, geen *de jure* magte nie. Die doel van die gebaar is om ondersteuning op 'n breë skaal onder die gemeenskap vir die voorafbeplande inisiatief te werf. Inderwaarheid is hierdie 'n verdraaiing van ware gemeenskapsdeelname.

[2475] Aanhangsel C is verwerk, aangepas en gebaseer op die bydrae van Arnstein 1969 *Journal of American Institute of Planners* 217-223.

AANHANGSEL D: Pimbert en Pretty se tipologiese voorstelling van gemeenskapsdeelname[2476]

Kontinuum		Soort deelname	Voorgestelde komponente
Beperkte insette deur gemeenskap ↓	Regering inisieer inisiatief en beheer bestuur		
	Passief/Instruktief ↓	1. Passief	Inisiatief word uitsluitlik deur die regering beplan en beheer. Die regering stel die gemeenskap unilateraal in kennis van bestaande besluite, gebeure en implementering.
		2. Beskikbaarstelling van inligting	Die gemeenskap beantwoord vraelyste, het geen insette wat die formulering van vrae, die verwerking van resultate of die gebruik van inligting betref nie.
		3. Konsultasie	Die regering konsulteer en onderrig gemeenskap rakende uitdagings en oplossings wat ekstern geformuleer is. Die gemeenskap se beskouings word tydens besluitneming gebruik.
	Koöperatief ↓	4. Vrywillige deelname vir tasbare voordele	Die gemeenskap bied hulpbronne en dienste (bv. arbeid) aan in ruil vir bystand en tasbare voordele (bv. voedsel, lone, behuising). Die mate van vrywilligheid is egter betwisbaar. Deurlopendheid van die inisiatief word nie gewaarborg nie en voordele kan tydelik wees.
		5. Funksioneel	Gemeenskapsgroepe word gestig om doelwitte te bereik wat vooraf deur regering vasgestel is. Die gemeenskap is afhanklik van die insette van regering, maar stel die gemeenskap in staat om meer onafhanklik op te tree.
↑	Aktief ↕	6. Interaktief	Die gemeenskap neem deel aan die beplanningsproses en doelwitbepaling. Verteenwoordigende gemeenskapsgroepe word gestig of bestaandes word versterk. Interaktiewe metodes word ingespan om die gemeenskap te bemagtig om aktief aan bestuur, besluitneming, implementering en die handhawing van prosesse deel te neem.
Toereikende insette deur gemeenskap	↑	7. Self-mobilisering / organisering	Bemagtigde gemeenskappe neem onafhanklike besluite en stel die regering in kennis van die stappe wat gedoen is of gedoen gaan word.
	Gemeenskap inisieer inisiatief		

[2476] Aanhangsel D is verwerk, aangepas en gebaseer op die bydraes van Pimbert en Pretty *Parks, People and Professionals: Putting 'Participation' into Protected Area Management* 30-31; Pimbert en Pretty "Parks, People and Professionals: Putting 'Participation' into Protected Area Management" 309-310. Sien verder Rodríguez-Izquierdo, Gavin en Macedo-Bravo 2010 *Environmental Conservation* 239; Pomeroy en Berkes 1997 *Marine Policy* 466; Zeba *Community Wildlife Management in West Africa: A Regional Review* 70-71; Oakley *Projects with People: The Practice of Participation in Rural Development* 36-37.

AANHANGSEL E: White se tipologie: soorte, funksies en uiteenlopende belange in gemeenskapsdeelname[2477]

Soort deelname	Funksie van die deelname	Belang of verwagting van die regering	Belang of verwagting van die gemeenskap
1. Nominale deelname	Regering betrek bloot die gemeenskap met 'n skyn gebaar om die regmatige status van 'n voorafbeplande inisiatief voor te hou.	Regmatigheid van inisiatief	Om ingesluit te wees en betrek te word by inisiatief
2. Instrumentele deelname	Die gemeenskap se kennis en vaardighede word as 'n sogenaamde "instrument" of 'n middel tot 'n doel beskou in die implementering van 'n inisiatief.	Effektiwiteit van inisiatief	Onkoste (van tyd en vaardigheid), maar in belang van breë gemeenskap
3. Verteenwoordigende deelname	Gemeenskapsverteenwoordigers neem namens die gemeenskap aan die besluitneming- en implementeringsproses deel.	Volhoubaarheid van inisiatief	Gemeenskap is in gunstige posisie en gebruik dit om regering aanspreeklik te hou.
4. Transformatiewe deelname	Bemagtig gemeenskappe deur middel van die wysiging van bestaande strukture en die herverdeling van bestuursmagte.	Bemagtig gemeenskap	Bemagtig gemeenskap

[2477] Aanhangsel E is verwerk, aangepas en gebaseer op die bydrae van White 1996 *Development in Practice* 7-9.

BIBLIOGRAFIE

Literatuur

Abbot ea *Promoting Partnerships: Managing Wildlife Resources in Central and West Africa*

> Abbot J ea *Promoting Partnerships: Managing Wildlife Resources in Central and West Africa* (2000) beskikbaar by http://bit.ly/2SsXsdV besoek 29 Desember 2018

Abernethy ea "Extent and Ecological Consequences of Hunting in Central African Rainforests in the Twenty-First Century"

> Abernethy KA ea "Extent and Ecological Consequences of Hunting in Central African Rainforests in the Twenty-First Century" 2013 *Philosophical Transactions of the Royal Society* 1-11

Abrams ea "Integrating Top-Down with Bottom-Up Conservation Policy in Africa"

> Abrams RW ea "Integrating Top-Down with Bottom-Up Conservation Policy in Africa" 2009 *Conservation Biology* 799-804

Adams en Infield "Park Outreach and Gorilla Conservation: Mgahinga Gorilla National Park, Uganda"

> Adams W en Infield M "Park Outreach and Gorilla Conservation: Mgahinga Gorilla National Park, Uganda" in Hulme D en Murphree M (reds) *African Wildlife and Livelihoods: The Promise and Performance of Community Conservation* (James Currey Engeland 2001) 131-147

Adams *Against Extinction: The Story of Conservation*

> Adams WM *Against Extinction: The Story of Conservation* (Earthscan Publications Londen 2004)

Adams en Hulme "Conservation and Community: Changing Narratives, Policies and Practices in African Conservation"

Adams WM en Hulme D "Conservation and Community: Changing Narratives, Policies and Practices in African Conservation" in Hulme D en Murphree M (reds) *African Wildlife and Livelihoods: The Promise and Performance of Community Conservation* (James Currey Engeland 2001) 9-23

Adams en Hulme 2001 *Oryx*

Adams WM en Hulme D "If Community Conservation is the Answer in Africa, What is the Question?" 2001 *Oryx* 193-200

African Commission on Human and Peoples' Rights en International Work Group for Indigenous Affairs *Indigenous Peoples in Africa: The Forgotten Peoples? The African Commission's Work on Indigenous Peoples in Africa*

African Commission on Human and Peoples' Rights en International Work Group for Indigenous Affairs *Indigenous Peoples in Africa: The Forgotten Peoples? The African Commission's Work on Indigenous Peoples in Africa* (2006) beskikbaar by https://bit.ly/3pNw77c besoek 23 Julie 2018

Agger en Hutson *Kony's Ivory: How Elephant Poaching in Congo Helps Support the Lord's Resistance Army*

Agger K en Hutson J *Kony's Ivory: How Elephant Poaching in Congo Helps Support the Lord's Resistance Army* (2013) beskikbaar by http://bit.ly/2pMcZIL besoek 24 Oktober 2017

Agrawal *Community in Conservation: Beyond Enchantment and Disenchantment*

Agrawal A *Community in Conservation: Beyond Enchantment and Disenchantment* (1997) beskikbaar by http://bit.ly/2D388ef besoek 18 Augustus 2017

Agrawal 2001 *World Development*

Agrawal A "Common Property Intuitions and Sustainable Governance of Resources" 2001 *World Development* 1649-1672

Agrawal 2014 *Environmental Science and Policy*

Agrawal A "Studying the Commons, Governing Common-pool Resource Outcomes: Some Concluding Thoughts" 2014 *Environmental Science and Policy* 86-91

Agrawal en Benson 2011 *Environmental Conservation*

Agrawal A en Benson CS "Common Property Theory and Resource Governance Institutions: Strengthening Explanations of Multiple Outcomes" 2011 *Environmental Conservation* 199-210

Agrawal en Gibson 1999 *World Development*

Agrawal A en Gibson CC "Enchantment and Disenchantment: The Role of Community in Natural Resource Conservation" 1999 *World Development* 629-649

Agrawal en Gibson "Introduction: The Role of Community in Natural Resource Conservation"

Agrawal A en Gibson CC "Introduction: The Role of Community in Natural Resource Conservation" in Agrawal A en Gibson CC (reds) *Communities and the Environment: Ethnicity, Gender, and Community Based Conservation* (Rutgers University Press New Brunswick 2001) 1-31

Agrawal en Ostrom "Collective Action, Property Rights, and Devolution of Forest and Protected Area Management"

Agrawal A en Ostrom E "Collective Action, Property Rights, and Devolution of Forest and Protected Area Management" in Meinzen-Dick R, Knox A en Di Gregorio M (reds) *Collective Action, Property Rights and Devolution of Natural*

Resource Management: Exchange of Knowledge and Implications for Policy: Proceedings of the International Conference (Zentralstelle für Ernährung und Landwirtschaft Bonn 2001) 75-109

Aikman 2003 *International Forestry Review*

Aikman P "Using a 30 Year Old Treaty to Combat the Illegal Timber Trade" 2003 *International Forestry Review* 307-313

Akella en Allan *Dismantling Wildlife Crime: Executive Summary*

Akella A en Allan C *Dismantling Wildlife Crime: Executive Summary* (2012) beskikbaar by https://bit.ly/3lUexfu besoek 17 Julie 2017

Alacs en Georges 2008 *Australian Journal of Forensic Sciences*

Alacs E en Georges A "Wildlife Across Our Borders: A Review of the Illegal Trade in Australia" 2008 *Australian Journal of Forensic Sciences* 147-160

Albert, Luque en Courchamp 2018 *PLoS ONE*

Albert C, Luque GM en Courchamp F "The Twenty Most Charismatic Species" 2018 *PLoS ONE* 1-12

Alberts *Improving Community Involvement in Biodiversity Conservation in Southern and South Africa: A Legal Analysis*

Alberts R *Improving Community Involvement in Biodiversity Conservation in Southern and South Africa: A Legal Analysis* (LLM-skripsie Noordwes-Universiteit 2010)

Alcorn 1994 *Etnoecológica*

Alcorn JB "Noble Savage or Noble State? Northern Myths and Southern Realities in Biodiversity Conservation" 1994 *Etnoecológica* (hierdie is 'n elektroniese joernaalartikel sonder bladsynommers)

Alcorn "Dances Around the Fire: Conservation Organisations and Community-Based Natural Resource Management"

Alcorn JB "Dances Around the Fire: Conservation Organisations and Community-Based Natural Resource Management" in Brosius JP, Lowenhaupt-Tsing A en Zerner C (reds) *Communities and Conservation: Histories and Politics of Community-Based Natural Resource Management* (AltaMira Press Lanham 2005) 37-68

Alcorn *Indigenous Peoples and Conservation*

Alcorn JB *Indigenous Peoples and Conservation* (2010) beskikbaar by http://bit.ly/2qHky4e besoek 14 November 2018

Algotsson "Biological Diversity"

Algotsson E "Biological Diversity" in Strydom HA en King ND (reds) *Fuggle and Rabie's Environmental Management in South Africa* 2e uitg (Juta Kaapstad 2009) 97-125

Allaby (red) *A Dictionary of Plant Sciences*

Allaby M (red) *A Dictionary of Plant Sciences* 2e uitg (Oxford New York 1998)

Allaby (red) *A Dictionary of Ecology*

Allaby M (red) *A Dictionary of Ecology* 4e uitg (Oxford 2010)

Allaby en Park (reds) *A Dictionary of Environment and Conservation*

Allaby M en Park C (reds) *A Dictionary of Environment and Conservation* 2e uitg (Oxford 2013)

Anderies en Janssen *Sustaining the Commons*

Anderies JM en Janssen MA *Sustaining the Commons* (Centre for the Study of Institutional Diversity Tempe 2013)

Anderies, Janssen en Ostrom 2004 *Ecology and Society*

Anderies JM, Janssen MA en Ostrom E "A Framework to Analyze the Robustness of Social-Ecological Systems from an Institutional Perspective" 2004 *Ecology and Society* (hierdie is 'n elektroniese joernaalartikel wat nie oor bladsynommers beskik nie)

Araral 2014 *Environmental Science and Policy*

Araral E "Ostrom, Hardin and the Commons: A Critical Appreciation and a Revisionist View" 2014 *Environmental Science and Policy* 11-23

Armitage 2005 *Environmental Management*

Armitage D "Adaptive Capacity and Community-Based Natural Resource Management" 2005 *Environmental Management* 703-715

Arnstein 1969 *Journal of American Institute of Planners*

Arnstein SR "A Ladder of Citizen Participation" 1969 *Journal of American Institute of Planners* 216-224

Arntzen, Setlhogile en Barnes *Rural Livelihoods, Poverty Reduction, and Food Security in Southern Africa: Is CBNRM the Answer?*

Arntzen J, Setlhogile T en Barnes J *Rural Livelihoods, Poverty Reduction, and Food Security in Southern Africa: Is CBNRM the Answer?* (2007) beskikbaar by http://bit.ly/2PbYzxE besoek 16 April 2019

Ascher *Communities and Sustainable Forestry in Developing Countries*

Ascher W *Communities and Sustainable Forestry in Developing Countries* (Institute for Contemporary Studies Albanië 1995)

Asia Pacific Group on Money Laundering en United Nations Office on Drugs and Crime *Enhancing the Detection, Investigation and Disruption of Illicit Financial Flows from Wildlife Crime*

Asia Pacific Group on Money Laundering en United Nations Office on Drugs and Crime *Enhancing the Detection, Investigation and Disruption of Illicit Financial Flows from Wildlife Crime* (2017) beskikbaar by http://bit.ly/2BZx9Hr besoek 19 Oktober 2017

Aslett *Combatting Organised Crime in South Africa*

Aslett D *Combatting Organised Crime in South Africa* (LLD-proefskrif Noordwes-Universiteit 2018)

Aucamp, Retief en King "The Social Dimension of Environmental Management"

Aucamp I, Retief FP en King ND "The Social Dimension of Environmental Management" in King ND, Strydom HA en Retief FP (reds) *Fuggle and Rabie's Environmental Management in South Africa* 3e uitg (Juta Kaapstad 2018) 1177-1212

Aucoin en Donnenfeld *Guns, Poison and Horns: Organised Wildlife Crime in Southern Africa*

Aucoin C en Donnenfeld Z *Guns, Poison and Horns: Organised Wildlife Crime in Southern Africa* (2017) beskikbaar by http://bit.ly/2I5fs9p besoek 6 Maart 2018

Babcock 2010 *Colorado Journal of International Environmental Law and Policy*

Babcock KL "Keeping it Local: Improving the Incentive Structure in Community-Based Natural Resource Management Programs" 2010 *Colorado Journal of International Environmental Law and Policy* 201-230

Badenhorst, Pienaar en Mostert *Silberberg and Schoeman's The Law of Property*

Badenhorst PJ, Pienaar JM en Mostert H *Silberberg and Schoeman's The Law of Property* 5e uitg (LexisNexis Durban 2006)

Bailey (red) *The Facts on File Dictionary of Ecology and the Environment*

Bailey J (red) *The Facts on File Dictionary of Ecology and the Environment* (Market House Books New York 2004)

Bair-Brake ea 2014 *Zoonoses and Public Health*

Bair-Brake H ea "Is That a Rodent in Your Luggage? A Mixed Method Approach to Describe Bushmeat Importation into the United States" 2014 *Zoonoses and Public Health* 97-104

Baker ea 2013 *BioScience*

Baker SE ea "Rough Trade: Animal Welfare in the Global Wildlife Trade" 2013 *BioScience* 928-938

Balmford, Leader-Williams en Green 1995 *Biodiversity and Conservation*

Balmford A, Leader-Williams N en Green MJB "Parks or Arks: Where to Conserve Threatened Mammals?" 1995 *Biodiversity and Conservation* 595-607

Baloyi en Theron 2015 *Acta Criminologica*

Baloyi NJ en Theron F "Creating Sector Policing Synergy: Co-Producing Grassroots Police-Community Partnerships" 2015 *Acta Criminologica* 92-108

Barnard *Environmental Law for All: A Practical Guide for the Business Community, the Planning Professions, Environmentalists, and Lawyers*

Barnard D *Environmental Law for All: A Practical Guide for the Business Community, the Planning Professions, Environmentalists, and Lawyers* (Impact Books Pretoria 1999)

Barnett *Food for Thought: The Utilisation of Wild Meat in Eastern and Southern Africa*

Barnett R Food for Thought: The Utilisation of Wild Meat in Eastern and Southern Africa (1997) beskikbaar by http://bit.ly/2HRuHBQ besoek 22 Februarie 2018

Barnett en Patterson *Sport Hunting in the Southern African Development Community (SADC) Region: An Overview*

Barnett R en Patterson C S*port Hunting in the Southern African Development Community (SADC) Region: An Overview* beskikbaar by http://bit.ly/2EJYVJc besoek 3 Februarie 2018

Barrow, Gichohi en Infield "The Evolution of Community Conservation Policy and Practice in East Africa"

Barrow E, Gichohi H en Infield M "The Evolution of Community Conservation Policy and Practice in East Africa" in Hulme D en Murphree M (reds) *African Wildlife and Livelihoods: The Promise and Performance of Community Conservation* (James Currey Engeland 2001) 59-73

Barrow en Murphree *Community Conservation from Concept to Practice: A Practical Framework*

Barrow E en Murphree M *Community Conservation from Concept to Practice: A Practical Framework* (1999) beskikbaar by http://bit.ly/2NA9QcT besoek 12 September 2018

Barrow en Murphree "Community Conservation: From Concept to Practice"

Barrow E en Murphree M "Community Conservation: From Concept to Practice" in Hulme D en Murphree M (reds) *African Wildlife and Livelihoods: The Promise and Performance of Community Conservation* (James Currey Engeland 2001) 24-37

Basu, Jongerden en Ruivenkamp 2017 *International Journal of the Commons*

Basu S, Jongerden J en Ruivenkamp G "Development of the Drought Tolerant Variety Sahbhagi Dhan: Exploring the Concepts Commons and Community Building" 2017 *International Journal of the Commons* 144-170

Basurto en Ostrom 2009 *Journal of Natural Resources Policy Research*

Basurto X en Ostrom E "The Core Challenges of Moving Beyond Garrett Hardin" 2009 *Journal of Natural Resources Policy Research* 255-259

Beardsley 2006 *University of California Journal of Environmental Law and Policy*

Beardsley ER "Poachers with PCs: The United States' Potential Obligations and Ability to Enforce Endangered Wildlife Trading Prohibitions against Foreign Traders Who Advertise on eBay" 2006 *University of California Journal of Environmental Law and Policy* 1-40

Bekker en Boonzaaier "Tradisionele Leierskap en Bestuur"

Bekker JC en Boonzaaier CC "Tradisionele Leierskap en Bestuur" in Bekker JC, Rautenbach C en Goolam NMI (reds) *Inleiding tot Regspluralisme in Suid-Afrika* 2e uitg (LexisNexis Durban 2006) 119-153

Bekker en Maithufi "Eiendomsreg"

Bekker JC en Maithufi IP "Eiendomsreg" in Bekker JC, Rautenbach C en Goolam NMI (reds) *Inleiding tot Regspluralisme in Suid-Afrika* 2e uitg (LexisNexis Durban 2006) 57-71

Bekker, Hoffman en Jooste 2012 *Onderstepoort Journal of Veterinary Research*

Bekker JL, Hoffman LC en Jooste PJ "Wildlife-Associated Zoonotic Diseases in Some Southern African Countries in Relation to Game Meat Safety: A Review" 2012 *Onderstepoort Journal of Veterinary Research* 1-12

Bell "Conservation with a Human Face: Conflict and Reconciliation in African Land Use Planning"

Bell RHV "Conservation with a Human Face: Conflict and Reconciliation in African Land Use Planning" in Anderson D en Grove RH (reds) *Conservation in Africa: Peoples, Policies and Practice* (Cambridge University Press Cambridge 1989) 79-102

Beltrán *Indigenous and Traditional Peoples and Protected Areas: Principles, Guidelines and Case Studies*

Beltrán J *Indigenous and Traditional Peoples and Protected Areas: Principles, Guidelines and Case Studies* (2000) beskikbaar by http://bit.ly/2LvAOBl besoek 22 Julie 2018

Bengis ea 2004 *Scientific and Technical Review of the Office International des Epizooties*

Bengis RG ea "The Role of Wildlife in emerging and Re-Emerging Zoonoses" 2004 *Scientific and Technical Review of the Office International des Epizooties* 497-511

Bennett *Customary Law in South Africa*

Bennett TW *Customary Law in South Africa* (Juta Kaapstad 2004)

Bennett "Die Konflik Tussen Regstelsels"

Bennett TW "Die Konflik Tussen Regstelsels" in Bekker JC, Rautenbach C en Goolam NMI (reds) *Inleiding tot Regspluralisme in Suid-Afrika* 2e uitg (LexisNexis Durban 2006) 17-30

Bennett "'Official' vs 'Living' Customary Law: Dilemmas of Description and Recognition"

Bennett TW "'Official' vs 'Living' Customary Law: Dilemmas of Description and Recognition" in Claassens A en Cousins B (reds) *Land, Power and Custom: Controversies Generated by South Africa's Communal Land Rights Act* (UCT Press Kaapstad 2008) 138-153

Beresford en Phillips 2000 *The George Wright Forum*

Beresford M en Phillips A "Protected Landscapes: A Conservation Model for the 21st Century" 2000 *The George Wright Forum* 15-26

Berge 2006 *Norsk Geografisk Tidsskrift – Norwegian Journal of Geography*

Berge E "Protected Areas and Traditional Commons: Values and Institutions" 2006 *Norsk Geografisk Tidsskrift – Norwegian Journal of Geography* 65-76

Berge en Van Laerhoven 2011 *International Journal of the Commons*

Berge E en Van Laerhoven F "Editorial: Governing the Commons for Two Decades: A Complex Story" 2011 *International Journal of the Commons* 160-187

Berkes 1994 *Northern Perspectives*

Berkes F "Co-management: Bridging the Two Solitudes" 1994 *Northern Perspectives* 18-20

Berkes 2004 *Conservation Biology*

Berkes F "Rethinking Community-Based Conservation" 2004 *Conservation Biology* 621-630

Berkes 2007 *Proceedings of the National Academy of Sciences of the United States of America*

Berkes F "Community-Based Conservation in a Globalised World" 2007 *Proceedings of the National Academy of Sciences of the United States of America* 15188-15193

Berkes 2009 *Journal of Natural Resources Policy Research*

Berkes F "Revising the Commons Paradigm" 2009 *Journal of Natural Resources Policy Research* 261-264

Berkes ea 1989 *Nature*

Berkes F ea "The Benefits of the Commons" 1989 *Nature* 91-93

Berkes, George en Preston *Co-Management: The Evolution in Theory and Practice of the Joint Administration of Living Resources*

Berkes F, George P en Preston R *Co-Management: The Evolution in Theory and Practice of the Joint Administration of Living Resources* (1991) beskikbaar by http://bit.ly/2EkCx6Q besoek 28 Februarie 2019

Bernard *The Sociology of Community*

Bernard J *The Sociology of Community* (Scott Foresman Glenview 1973)

Berner, Amos en Morse 2011 *Public Administration Quarterly*

